# Ons leef ons roeping met oorgawe

## NG Kerk

### Wes-en Suid-Kaapland



Agenda

9-13 Mei 2011

46ste Sinodesitting

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

# NG Kerk in Suid-Afrika
# (Wes- en Suid-Kaapland)

## Agenda
## vir die
## ses en veertigste vergadering
## van die sinode
## wat gehou word van
## Maandag 9 Mei om 11:00 tot
## Vrydag 13 Mei 2011 om 13:00
## te Goudini Spa,
## Rawsonville.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**

**SKRIBA van Wes- en Suidkaap Sinode**

**Privaatsak x8, Bellville, 7535** **Tel 021-9577202 (k)**
**E-pos skriba@kaapkerk.co.za** **Faks 086 524 7117**

15 Maart 2011

# Brief aan elke afgevaardigde

Liewe afgevaardigde
Van 9-13 Mei hou ons weer sinode te Goudini. Baie dankie dat jy jouself beskikbaar gestel het om deel te wees van hierdie belangrike vergadering. Dit is baie belangrik dat jy goed voorbereid na die vergadering kom. Daarom bring ek die volgende inligting onder jou aandag.

**1. Ons soek na die wil en leiding van ons Hoof**
'n Sinode is 'n vergadering van gemeentes wat op grond van gedeelde oortuigings en roeping aan mekaar verbonde is en byeenkom om die wil van die Hoof van die kerk te onderskei. Daarom sien ons met groot afwagting uit na die komende sinode by Goudini, na die ontmoeting met mekaar en veral met ons Hoof, Jesus Christus.

**2. Die agenda**
Aangesien ons sinode 'n vergadering van gemeentes is, het die moderamen tot die oortuiging gekom dat gemeentes inspraak behoort te hê in die vorming van die agenda. Daarom het ons gedurende 2010 aan gemeentes gevra watter sake hulle dink op die agenda van die sinode behoort te wees. Ons het uitstekende terugvoer ontvang van die gemeentes en ringe wat verder onderskeidend daaroor gedink het. Die moderamen het na oorweging van die terugvoer en die verslae van die sinodale kommissies besluit om aan nege kwessies spesiale aandag te gee en ekstra tyd te wy nl. 1. armoede, barmhartigheid en restitusie, 2. toerusting en begeleiding van lidmate, 3. jeug, 4. getuienis, 5. kerkeenheid, 6. identiteit, 7. geslag en diversiteit, 8. die Belydenis van Belhar en 9. die doop.

**3. Formaat**
Die moderamen het besluit om by wyse van 'n proses van geloofsonderskeiding die nege bogenoemde temas te hanteer. Dit beteken dat ons doelbewus fokus op die teenwoordigheid van Jesus, Hom saam aanbid en loof, saam luister na Sy Woord, saam daaroor bid, saam soek na Sy wil ten aansien van die saak ter tafel. Hierdie aanpak behels dat ons nie ons liturgie en besluitnemingsprosesse skei nie, maar juis ons aanbidding en musiek betrek in die proses van soeke na die leiding van Jesus vir sy kerk.
***Dit is dus baie belangrik dat jy jou Bybel sal saambring (Liedboeke is nie nodig nie).***

**4. Wegstuur en getuienis geleenthede**
Die moderamen versoek gemeentes om op die Sondag voorfgaande tot die sinode, tydens die erediens, vir hulle afgevaardigdes voorbidding te doen en hulle weg te stuur met die opdrag om saam met die ander gemeentes van die sinode met fyn onderskeiding na die Here se wil te soek. Die moderamen versoek gemeentes ook om op die Sondag na afloop van die sinode aan afgevaardigdes geleentheid te bied om tydens die erediens te getuig oor hulle ervaring van die sinode en die ontmoeting van die afgevaardigdes met die Here. Gemeentes word ook versoek om ernstig voorbidding te doen vir die sinode en vir die besinning oor elke onderwerp.

**5. Voorleggings van sinodale kommissies**
Die meeste van die sinodale kommissies se voorleggings bevat geen voorstelle nie. Slegs die

noodsaaklikste voorstelle, wat nodig is om aan kommissies nuwe mandate te verleen met die oog op hulle funksionering in die komende vier jaar, is deur kommissies in hulle voorleggings opgeneem. Voorstelle sal volgens die normale kerkordelike prosedures ter tafel kom en hanteer word. Sinodegangers sal egter ook die geleentheid gebied word om die sinodale kommissies tydens aandbyeenkomste te ontmoet met die oog op die bespreking van die inhoud van verslae, die inwin van inligting en die lewer van bydraes. Afgevaardigdes kan kies by watter kommissies hulle wil gaan navrae doen of insette lewer.

**6. Wysigings aan voorgestelde bepalinge en reglemente**

Ons gaan in die groot vergadering minimum tyd gebruik vir gesprek en debattering oor wysigings aan die Kerkorde. Indien jy daaroor wil praat, amendamente indien, byvoegings maak ens. ***moet*** jy asseblief reeds die Maandagoggend en -aand die regskommissie ontmoet en jou voorstelle aan hulle voorlê. Jy kan gerus vooraf met hulle skakel en met hulle 'n ontmoeting reël op die Maandag.

**7. Registreer die Maandag asb betyds**

Die opening van die sinode begin Maandag 9 Mei om 11:00. Jy kan reeds vanaf 9:00 registreer by die registrasietafel. Jy kan ook tussen 12:30 en 14:30 registreer. Jy kan eers jou bagasie in jou voertuig laat indien jy net betyds kom vir die opening om 11:00.

**8. Verkiesing van die moderatuur**

Ons begin direk na die konstituering van die sinode met die verkiesing van die nuwe moderatuur. Ons gaan met stembriefies stem en nie meer per selfoon soos voorheen aangedui nie. Dit is net te duur. Nominasies word skriftelik ingedien op 'n amptelike nominasievorm. Jy kan slegs een nominasie per nominasievorm doen. Stembriefies is genommer en jy kan slegs op die nommer stem wat die voorsitter aandui. Persone wat wil onttrek vanaf die lys van genomineerdes, doen dit deur 'n ontrekkingsvormpie in te vul wat deur die stemopnemers ingeneem sal word.

**9. Losies en fasiliteite**

Volle losies wat beddegoed en handdoeke insluit, word vir alle afgevaardigdes voorsien. Dit is reeds winter en as jy bang is vir die koue moet jy asseblief ekstra komberse saambring. Daar is yskaste, breekgoed en fasiliteite vir koffiemaak ens in die eenhede. Jy bring net jou eie koffie, tee, melk ens saam. Alle etes word vir almal voorsien. Persone wat in karavane gaan bly, sal later meer inligting oor die beskikbare fasiliteite ontvang.

**10. Klere**

Ons trek gemaklik en informeel aan by ons vergaderings. Dit is maar 'n stywe ent se stap tussen die vergader- en eetsaal. Gemaklike skoene vir hierdie doel word aanbeveel. Jy moet ook asseblief voorsorg tref vir reënweer en koue. Dit kan egter ook lekker warm wees. Pak maar jou swemklere in. Netnou is jy spyt as die water geroer word en jy staan buite (Net 'n grappie!).

**11. Saamry en roete-aanwysings**

Jy moet asb met jou mede-afgevaardigdes reël dat julle kan saamry. Ons moet almal saamwerk om die kostes van die sinode nie hoër te maak as wat noodsaaklik is nie. Reiskoste sal daarom net vir 'n vaste aantal motors per gemeente betaal word, afhangende van die grootte van die gemeente se afvaardiging. Natuurlik sal dit in ag geneem word as afgevaardigdes vroeër moet kom ter wille van tydelike kommissies ens. Daar is 'n roetekaart na Goudini agter in die agenda.

**12. Telefoonnommer by Goudini Spa**

As jou huismense jou dringend wil skakel, kan hulle die oord se ontvangskantoor skakel by tel 023-349 8100 wat die boodskap vir jou sal aflewer.

Ons sien daarna uit om saam met jou sinode te hou. Bid asb dat die Here op 'n besondere wyse met ons sal praat en gemeenskap hou tydens hierdie besondere geleentheid. Mooi ry na Goudini!
In Christus

**Nelis van Rensburg**
**Skriba**

# Verbintenis 2007

God Drie-Enig is aan die werk.
Niemand kan dit keer nie.

Selfs deur óns werk God.
Ons verwonder ons hieroor,
want ons is kleipotte wat maklik breek.
Ons weet nie alles nie. Ons maak foute.
Ons is dikwels selfgerig en verdeeld.

Maar God lós ons nooit, en stuur ons
• om kerk-sáám-met-ander te wees
- ons sien die eenheid tussen gelowiges groei;
• om kerk-vír-ander te wees
- ons is nie daar vir onsself nie;
• om kerk-in-Afrika te wees
- ons is geseënd om hier te leef; en
• om kerk-vir-die-skepping te wees
- ons is verantwoordelik vir die omgewing.

**Kom ons doen dit!**

# Sinode 2011

Ons sien die sinodesitting as 'n byeenkoms
waar ons 'n ontmoeting met God en met mekaar sal hê,
waardeur ons God se roeping
vir ons as kerk en gemeentes opnuut sal ontdek,
sodat ons 'n nuwe verbintenis kan maak
om ons roeping met entoesiasme te gaan leef.

# DAGPROGRAM

## Maandag

OGGEND

| | |
|---|---|
| 09:00 | Regskommissie ontmoet afgevaardigdes wat oor wysigings ten opsigte van die Bepalinge en Reglemente wil praat. |
| 09:00-11:00 | Aankoms en registrasie. Koffie, tee en eetdingetjie is beskikbaar. |
| 11:00-12:30 | Openingseremonie |
| 12:30-14:30 | Middagete en registrasie |

MIDDAG

| | |
|---|---|
| 14h30-16:00 | Konstituering |
| | Voorlegging: Kommissie van Orde |
| | Verkiesing van moderatuur |
| | Kenmekaar |
| | Tafelleiers verduidelik geloofsonderskeiding |
| 16:00-16:30 | Verversings |
| 16:30-18:00 | Verkiesing van moderatuur |
| | Roepingsverklaring 2007 |
| | Demografie van samelewing en kerk |

AAND

| | |
|---|---|
| 19:15 | Tydelike kommissies vergader |
| | Ontmoeting met kommissie vir herstrukturering |

## Dinsdag

OGGEND

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-10:30 | Onderwerp: Armoede |
| 10:30-11:00 | Verversings |

| | |
|---|---|
| 11:00-13:00 | Groeteboodskap van VGK Kaapland |
| | Onderwerp: Belydenis van Belhar |

MIDDAG

| | |
|---|---|
| 13:00-14:30 | Middagete |
| 14:30-15:30 | Onderwerp: Eenheid |
| 15:30-16:00 | Verversings |
| 16:00-18:15 | Verslag van die moderamen |
| | Herstrukturering van die sinode |
| | Aanbevelings van kommissies |

AAND

| | |
|---|---|
| 18:15-19:30 | Aandete |
| 19:30 | Ontmoetings met kommissies |

## Woensdag

OGGEND

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-10:30 | Onderwerp: Getuienis |
| 10:30-11:00 | Verversings |
| 11:00-13:00 | Onderwerp: Geslag en Diversiteit |
| 13:00-14:30 | Middagete |

MIDDAG

| | |
|---|---|
| 14:30-15:30 | Onderwerp: Doop |
| 15:30-16:00 | Verversings |
| 16:00-17:00 | Onderwerp: Doop |
| 17:00-18:15 | Aanbevelings van kommissies |
| 18:15-19:15 | Aandete |

AAND

| | |
|---|---|
| 19:15 -21:00 | Ontmoetings met kommissies |

# Donderdag

OGGEND

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-10:30 | Onderwerp: Jeug |
| 10:30-11:00 | Verversings |
| 11:00-13:00 | Onderwerp: Toerusting van lidmate |
| 13:00-14:30 | Middagete |

MIDDAG

| | |
|---|---|
| 14:30-15:30 | Ringe Konstitueer |
| | Aanwys van ringsverteenwoordigers |
| 15:30-16:00 | Verversings |
| 16:00-18:00 | Mosies en tydelike kommissies |
| | Beskrywingspunte |
| | Aanbevelings van kommissies |
| 18:00-19:15 | Aandete |

AAND

| | |
|---|---|
| 19:15-21:00 | Besluitneming |
| | Sake uit ontmoetings met kommissies |
| | Verbintenis |
| | Kommissie vir kommissies |
| | Afvaardiging na Algemene Sinode |
| | Kommissies kies dagbesture |

# Vrydag

OGGEND

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-10:30 | Onderwerp: Identiteit |
| | Verbintenis |
| 10:30-11:00 | Verversings |
| 11:00 | Afsluiting |

# INHOUDSOPGAWE

Dagprogram ........ v

A. LYS VAN AFGEVAARDIGDES ........ ix

B. VOORLEGGINGS VAN SINODALE KOMMISSIES ........ 1

B1. Kommissie van Orde ........ 1

B2. Die moderamen ........ 5

Bylaag A: Herstrukturering van die sinode ........ 10

B3. Diens van Barmhartigheid (SKDB) ........ 21

B4. Getuienisaksie (KGA) ........ 56

B5. Leer en Aktuele Sake (SKLAS) ........ 79

B6. Jeug (SJK) ........ 104

B7. Gemeentebediening (SKG) ........ 106

B8. Raad vir Gemeente-Ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) ........ 109

B9. Predikantebegeleiding (SKP) ........ 116

B10. Vrouelidmate (SKV) ........ 117

B11. Kuratorium van die Kweekskool ........ 118

B12. Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) ........ 124

B13. Fondse (SFK) .......... 129

B14. Kommunikasie (SKK) .......... 147

B15. Diensverhoudinge (SKDV) .......... 154

B16. Argief en Bestuursinligting (SKABID) .......... 159

B17. Regskommissie (SRK) .......... 163

B18. Bybelgenootskap .......... 181

C. BESKRYWINGSPUNTE .......... 183

C1. Durbanville-Bergsig .......... 183

C2. Goudini .......... 184

C3. Ring van Knysna .......... 188

D. INLIGTING .......... 189

D1. Roetekaart na Goudini .......... 189

D2. Goudini oordplan .......... 190

D3. Erkenningslys .......... 191

# LYS VAN AFGEVAARDIGDES

Vroue-afgevaardigdes met * gemerk

| RING | GEMEENTE | PREDIKANT | KERKRAADSLID |
|---|---|---|---|
| **Beaufort** | Beaufort-Wes | Van Straaten J W J | Taylor * A J |
| | Fraserburg | Basson J F | Basson * C S |
| | Gamka Oos | Van Zyl A P | Burger B B |
| | Gamkavallei | Potgieter * R | Potgieter J A M |
| | Leeu-Gamka | Vakant | Bothma M |
| | Leeu-Gamka | | Le Grange G M |
| | Merweville | Burger H V | Blom I D |
| | Prins Albert | Briers C J | Viljoen P W |
| | Richmond | Botha F H | Ackermann H V |
| | Victoria-Wes | Duminy H J | Hickman L |
| **Bellville** | Bellville | Vakant | Faure N |
| | Bellville | Faure * M | |
| | Bellville-Noord | Esterhuizen S A | Van Wyk W J |
| | Bellville-Oos | Du Plessis B J | Alers L F |
| | Bellville-Riebeeck | Botha J J | Engelbrecht G J C |
| | Bellville-Vallei | Swarts J A | Malan J F |
| | Bellville-Wes | Els J P J | Van der Schyff T A P |
| | De La Bat | Hough R P | Pretorius BJ |
| | De La Bat | | Hough * J (tolk) |
| | La Belle | Vollgraaff P J | Steffen G C |
| | La Rochelle | Coetzee F R L | Foot * S F |
| | La Rochelle | Olivier D W | Jones R |
| | La Rochelle | Peasley A R | |
| | La Rochelle | Venter W A | |
| | Vredelust | Engelbrecht J S | Carstens * L |
| | Vredelust | Nieder-Heitmann J H | Cronje C P R |
| | Vredelust | Oosthuizen L B | |
| | Vredelust | Van den Berg T | |
| **Brackenfell** | Brackenfell | Denton * L M | Neethling * Y M |
| | Brackenfell | Mocke C J | Rust * C H S |
| | Brackenfell-Proteahoogte | Louw S W | De Wet * C M |
| | Brackenfell-Proteahoogte | Prins H F | Thirion * M |
| | Brackenfell-Wes | Klopper C C | Bester P J |
| | Brackenfell-Wes | Smit G H | Van Schalkwyk * A |
| | Heidekoppie | Janse van Vuuren R G | Duvenhage J J |
| | Heidekoppie | Preiss F J | Gouws P J |
| | Heidekoppie | Roux A | Karsten H H |
| **Caledon** | Bredasdorp | Coetzee A J | Daniels H M |
| | Bredasdorp | De Wet JW | Hough L |
| | Bredasdorp | Voges S | Joubert W A |
| | Caledon | Hougaard J H | Dixon F D |
| | Caledon-Wes | Brand A J A | Brand * J J |
| | Gansbaai | Joubert * L H | Botha J P M |
| | Gansbaai | Kotze W J | Cilliers J |
| | Gansbaai | Van Dyk D C | Lochner J H M |
| | Gansbaai | Van Zyl P J J | Victor A D W |
| | Grabouw | Lambrechts F C | Kriel A P |
| | Grabouw | | Maree R P |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Caledon** (vervolg) | Greyton | Snyders J F A | Pienaar R |
| | Hermanus | Bosman P J | Hanekom H H |
| | Hermanus | Kemp C | Theron C J |
| | Hermanus | Nel C C | Westraat H J J |
| | Kleinmond | Lordan B | Burger B F |
| | Kleinmond | Rabe N G | Burger * N |
| | Kleinmond | Van Wyk S W | Cilliers * C W |
| | Napier | Smit B F | Van Eck G J |
| | Onrusrivier | Burger J W | Opperman P D |
| | Onrusrivier | De Kock M | Van Zyl P J |
| | Riviersonderend | Pretorius J J | Stander P J |
| | Stanford | Vakant | Du Toit D C H |
| | Suidpunt | Andrag-Meyer * F | De Jongh D J J |
| | Suidpunt | Janse van Vuuren L J | Meyer J J |
| | Villiersdorp | Franken C | De Villiers J A |
| | Villiersdorp | Vakant | Visser A C E A F |
| **Calvinia** | Calvinia | Thorne R C | Van der Merwe C J |
| | Calvinia-Hantam | Archer E | Rootman F J |
| | Loeriesfontein | Vakant | Kearney H A |
| | Loeriesfontein | | Lock J J |
| | Nieuwoudtville | | Visagie J G M |
| | Nieuwoudtville | | Visagie * G M |
| | Sutherland | Vakant | Blom A C |
| | | | Du Plessis * C M W |
| **Clanwilliam** | Citrusdal | Du Plessis J C | Jonker * E |
| | Citrusdal | Van Zyl D | Roos * J |
| | Citrusdal | Wessels J B | Rosenleft J J |
| | Clanwilliam | Greyling J | Van Wyk P A M |
| | Graafwater | Lintvelt A J | Lintvelt * C |
| | Klawer | Vosloo M | Van der Westhuizen B J |
| | Lambertsbaai | Haasbroek A | Engelbrecht J A |
| | Leipoldtville | Basson G E | Van Zyl * M J H |
| | Lutzville | Burden H W | Huisamen * C W |
| | Lutzville | Lambrechts I S W | Mostert J M |
| | Nuwerus | Langeveldt P J | Pool C F |
| | Vanrhynsdorp | Koch C | De Kock M N |
| | Vredendal | Fourie J H | Engelbrecht * V M |
| | Vredendal | Verwey A J | Koegelenberg G F |
| | Vredendal-Wes | Viljoen N A L | Hoon J |
| | Vredendal-Wes | Viviers P | Van der Spuy A |
| **Durbanville** | Bellville-Uitsig | Minnaar L G | Hanekom L |
| | Bellville-Uitsig | Swart F J | Smit * E |
| | Bellville-Uitsig | Swart T | Van Rhyn A P |
| | Die Parke (Kraaifontein) | Heine Q E | Smit * T |
| | Die Parke (Kraaifontein) | Stander C J | Tesselaar J C P |
| | Durbanville | Le Roux M S D P | Blackaller * E C |
| | Durbanville | Theron P L | Cloete F P |
| | Durbanville | Van Schoor D G | Conradie * M |
| | Durbanville | Van Wyk A | Jordaan * S H |
| | Durbanville | Van Zyl M S | Thirion C |
| | Durbanville | Verster A A | |
| | Durbanville-Bergsig | Dreyer * C | Cronje * E C J |
| | Durbanville-Bergsig | Scholtz P G | Malherbe * J |
| | Durbanville-Bergsig | Smit T S | Olivier L P |
| | Durbanville-Bergsig | Swanepoel F J | Rossouw M F |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Durbanville** (vervolg) | Kenridge | Heyns I E | Bredenhann * Z |
| | Kenridge | Lötter W F A | Van Straaten * K |
| | Kraaifontein | Nel B J | Williams R |
| | Kraaifontein-Noord | Götze H K E | Botha F P |
| | Kraaifontein-Noord | Theron J | Jonker M F |
| | Sonstraal | Agenbag G A | Conradie * A |
| | Sonstraal | Cilliers A P | Groenewald C J |
| | Sonstraal | Schutte J J | Hanekom * C |
| | Sonstraal | Wait C M V | Van der Merwe A F |
| | Stellenberg | Breytenbach M E | Botha S E |
| | Stellenberg | De Ridder * A H E | Brits * A M |
| | Stellenberg | Duvenhage W L | Dietman P H |
| | Stellenberg | Gericke K B | Hattingh T J D |
| | Stellenberg | Hanekom A R | Ochse H D |
| | Stellenberg | Simpson N W | Pretorius H S |
| | Stellenberg | Visagie C T | Smit W A |
| | Welgemoed | Janse van Rensburg C | Du Toit D R |
| | Welgemoed | Steyn R | Fourie P S |
| | Welgemoed | Symington J C | Smit H J P |
| | Welgemoed | Van Niekerk H | Steenkamp * E M |
| | Welgemoed | Van Zyl D C | Van der Merwe J A P |
| George | Blanco | Mulder N F S | Coleman M |
| | Blanco | Pretorius C J | |
| | George | Louw J A | Esterhuizen P |
| | George | Van der Walt J S | Pienaar C C |
| | George-Suid | Meyer C F J | Holtzhausen L J |
| | George-Suid | Winterbach K J | McDonald * H J |
| | George-Tuinedal | Vakant | Fry W |
| | George-Tuinedal | | Muller S |
| | Herold | Nothnagel G J H | Geen |
| | Outeniqualand | Beyers J H | Vosloo H J |
| | Uniondale | Carstens P J | Coetzee D J G |
| Goodwood | Goodwood | Badenhorst T | Van der Merwe H G |
| | Goodwoodpark | Engelbrecht S P | Beukes M N |
| | Goodwoodpark | Reyneke A T | Griebenouw D J |
| | Goodwoodpark | Swanepoel J J | September * T E |
| | Ruyterwacht | Marais F E | Van der Berg D A |
| | Thornton | Vakant | Groenewald J A |
| | Vasco | Vakant | Roelofse T J |
| | Vasco | | Vos J |
| | Vrijzee | Janse van Rensburg J | Kempen * N |
| Kaapstad | Cape Peninsula Ref Cong | Wessels G F | Levin H L |
| | Drieankerbaai | Steyn M M | Barry * M H |
| | Drieankerbaai | Truter F | Kitshoff F P |
| | Kaapstad | De Wit G | De Villiers R |
| | Kaapstad | Van Rooyen J T | Swanepoel G B |
| | Maitland Gemeenskapskerk | Vakant | Viljoen * M |
| | Maitland Gemeenskapskerk | | Wileman * A |
| | Observatory | Vakant | Geen |
| | Sonnekus | Esterhuyse R | Tromp J A |
| | St Stephens | Naidoo D | Fester * G M N |
| | Tafelberg | Saayman C | Mulder G F |
| | Tamboerskloof | Scott H L | Serfontein L |
| | Ysterplaat | Steenkamp P J A | Van Niekerk * O |
| | Ysterplaat-Suid | Lotter A | Matthee J J |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Knysna | Die Vleie | Burger A J | Rossouw * N L |
| | George-Bergsig | Du Plessis C P | Nel T D |
| | George-Bergsig | Louw A F | Porter D C |
| | George-Bergsig | Pretorius | J M Stander M P J |
| | George-Denneoord | Volschenk G F | Van Niekerk S I |
| | Karatara | Coetzee M X | Gerber B |
| | Karatara | Fourie D M | Otto F |
| | Knysna | Landman J C | Landman * M E |
| | Knysna | Vakant | Theron P F |
| | Plettenbergbaai | Du Preez C J | Ebersohn A |
| | Plettenbergbaai | Smith W B | Roelofse * A |
| Koeberg | Bloubergstrand | Britz M C | Boonstra G |
| | Bloubergstrand | Wiesner * E | Truter D |
| | Bothasig | Meyer G A | Jacobs T |
| | Die Gemeenskapskerk | Botha P R | Botha A J |
| | Melkbosstrand | Falck M W | Hamman D T |
| | Melkbosstrand | Hanekom F | Kritzinger * H |
| | Melkbosstrand | Swanepoel H J | Slingers * C |
| | Monte Vista | Van Dyk S D | Esterhuyse C K |
| | Monte Vista | | Jones * M G |
| | Monte Vista | | Preuss L P |
| | Parow-Panorama | De Lange J C J | Bridge * A |
| | Parow-Panorama | Hay T van R | Kruger J |
| | Parow-Panorama | Nadel B A | Nieuwoudt * N E |
| Koeberg | Parow-Panorama | Van der Vyver J G | Verwey T J P |
| (vervolg) | Parow-Welgelegen | Carstens A J | Els * G |
| | Parow-Welgelegen | Kellerman G P | Slabbert J D |
| | Parow-Welgelegen | Strauss M U | Van Zyl W P |
| | Philadelphia | Louw F P | Herholdt D v N |
| | Tableview | Mouton J C | De Kock G F |
| Kuilsrivier | Kuilsrivier | Cilliers W J | Burger N D L |
| | Kuilsrivier | Strydom H J | Rossouw W F |
| | Kuilsrivier-De Eike | Barnardo C I | Jordaan * D E |
| | Kuilsrivier-De Eike | Burger J A | Ras N J |
| | Kuilsrivier-De Eike | Morkel J de V | Van Niekerk C J |
| | Kuilsrivier-Digtebij | Burger H C | Groenewald C J A |
| | Kuilsrivier-Suid | Du Pisanie B H J | Groenewald J H |
| | Kuilsrivier-Suid | Du Plessis J G | Jonas G Z |
| | Kuilsrivier-Suid | Du Toit B J | Nel J W |
| | Kuilsrivier-Suid | Le Roux J H | Van der Merwe * D S |
| Mosselbaai | Brandwacht | Conradie T | Muller S I |
| | Danabaai | Geldenhuys J W | Schutte J J |
| | Groot-Brakrivier | Louw P C | Jordaan D H |
| | Groot-Brakrivier | Roodt P J | Olsen * E |
| | Hartenbos | De Wet D H | Conradie C F |
| | Hartenbos | Engelbrecht G J | Olivier * P |
| | Hartenbos | Janse van Rensburg M S | Van der Merwe * C L |
| | Herbertsdale | Du Toit B W G | Janse van Rensburg M H |
| | Mosselbaai | Kies P | Coetzee L J |
| | Mosselbaai | Meyer H v E | Hough * M |
| | Mosselbaai | Van Deventer G J | Van Staden * G M |
| | Mosselbaai-Suid | Knobel R F | Dempsey P W |
| | Mosselbaai-Suid | Kritzinger A | Dempsey * A P |
| | Mosselbaai-Suid | Smit D J | Strydom G W |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mosselbaai (vervolg) | Reebok | De Wet T C | Bezuidenhout W J |
| | Reebok | Van Dyk G L | Bezuidenhout *C G |
| | Reebok | Van Zyl J | Van Zyl W J |
| Namakwa-land | Aggeneys | Vakant | Geen |
| | Alexanderbaai | Vakant | Schreuder F P A |
| | Boesmanland | Van den Heever H A H | Neetling A F |
| | Garies | Du Buisson C R | Van Wyk C |
| | Grootmist | Vakant | Mostert J |
| | Grootmist | | Mostert * J |
| | Kamieskroon | De Villiers J S | Van Wyk * J F |
| | Namakwaland | McCarthy S | Mostert E C |
| | Namakwaland | Smit N J L | |
| | Oranjemund | Vakant | Coetzer J |
| | Oranjemund | | Coetzer * A |
| | Pofadder | Vakant | Maass G J |
| | Pofadder | | Maass H E |
| | Port Nolloth | Badenhorst | Bester J P |
| | Simon van der Stel | Vakant | Geen |
| Oudtshoorn | Calitzdorp | Van Beek W J C | Potgieter H W F |
| | De Rust | Cronje C M | Van Wyk P B |
| | Kangovalleie | Smit W A | De Jager * A |
| Oudtshoorn (vervolg) | Oudtshoorn | Kotze S W | Smit F C |
| | Oudtshoorn | Van Schalkwyk G D | Strydom J D W |
| | Oudtshoorn-Noord | Matthee W | Van Niekerk J |
| | Oudtshoorn-Park | Classen J S | Adrianatos * H |
| | Oudtshoorn-Park | Fourie J M | Lindeque W |
| | Oudtshoorn-Park | Rossouw W J | Nel K |
| | Oudtshoorn-Suid | Uys J L | Olivier J J |
| | Oudtshoorn-Welgeluk | Potgieter A J | Viljoen A |
| | Oudtshoorn-Wes | Marais J G | Gerber R |
| | Oudtshoorn-Wes | Orffer A R | Terblanche * A M D S |
| | Volmoed | Smith E J | Olivier P L |
| Paarl | Agter-Paarl | Nortier J J | Marais D |
| | Die Paarl | Kriel D S | Bosman F W |
| | Die Paarl | Nieuwoudt J C P B | Malherbe * S S |
| | Drakenstein | Van Wyk C P | Wessels W |
| | Paarlberg | Biermann H H | Marais * F |
| | Paarlberg | Malherbe P B | Steyn J C |
| | Paarlberg | Van der Walt P J | Van Vuuren M J de K |
| | Paarlberg | Van Staden C A | Visser J E |
| | Paarl-Vallei | Bester H G | Carstens H |
| | Paarl-Vallei | Van Broekhuizen G H | Eksteen A W |
| | Simondium | Orsmond E C | Smit H |
| | Suider-Paarl | Van Wyk C P | Pienaar P J |
| | Toringkerk | Botha C | Erwee A J C |
| | Toringkerk | Thom J D | Viljoen-Louw * P |
| Parow | De Tyger | Van der Merwe J J | De Tyger Swart J J |
| | Oostersee | Olivier G S | Van Eyssen J A |
| | Parow | Bredenhann S J | Matthee * J M |
| | Parow | Van Eck A P | Van der Merwe W P |
| | Parow Noord | Rauch G van H | Van Niekerk * E M |
| | Parowvallei | Britz C F | Le Roux * E J |
| | Parowvallei-Oos | Venter L J | Smit J J |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Piketberg | Aurora | Jacobs A J | Olivier P S |
| | Eendekuil | Louw F J | Hanekom H |
| | Hopefield | James C | Cronje S W V |
| | Koringberg | Du Toit D | Theron A P |
| | Moorreesburg | Halgryn A J | Du Plessis J A |
| | Moorreesburg | Wium D P | Ras J F |
| | Piketberg | Goosen M R | Pretorius D |
| | Piketberg | Smit J D | |
| | Porterville | Theunissen A J | Fourie * A C |
| | Porterville | | Van der Merwe W J |
| | Redelinghuys | Van Schoor J C | Jordaan A H |
| Riversdal | Albertinia | Le Roux M H | Matthee * E M |
| | Heidelberg | Van Vuuren L E | Swart * J M |
| | Heidelberg | Vermeulen H J | Vermeulen * S M |
| | Ladismith | Nolte E B | Nel M |
| | Riversdal | Jordaan A | Joubert * M |
| | Riversdal | Van der Westhuizen J | Lamprecht S |
| | Riversdal-Wes | Beyers G J | Saayman C L |
| | Stilbaai | Gouws W J | Gouws * M L |
| | Stilbaai | Heenop J P N | Moller P |
| | Stilbaai | Taljaard J L F | Thompson V |
| | Van Wyksdorp | Vakant | Britz A J |
| | Van Wyksdorp | | Jordaan A S |
| Somerset-Wes | Die Strand | Roberts W | Mocke J |
| | Die Strand | Smit J | Rall J |
| | Die Strand | Steyn J D | Smith L |
| | Gordonsbaai | Bruwer J S | Dippenaar S E |
| | Gordonsbaai | Le Roux J G | Greeff * B J |
| | Helderberg | Barnard P J | Loots S W R |
| | Helderberg | Goosen H J | Morkel * E |
| | Helderberg | Ludik C B | Nel * S |
| | Helderberg | Möller D F | Schultz * T |
| | Helderberg | O'Kennedy D F | Van Loggerenberg H S |
| | Helderberg | Theron J P | Van Schalkwyk R |
| | Hottentots-Holland | Fouché H H | Stanley D C |
| | Hottentots-Holland | J van Rensburg E G | Visser H F |
| | Lourensrivier-Strand | De Villiers P J | Louw F |
| | Lourensrivier-Strand | Van Huyssteen I L | |
| | Somerset-Wes | Van Jaarsveld G J | Brits P D |
| | Somerset-Wes | Van Niekerk J H | Miles C A |
| | Strand-Noord | Mey M F | De Wet * M |
| | Strand-Noord | Schutte I C | Du Toit S F |
| | Strand-Noord | Van der Merwe A C | Pienaar * I |
| | Suider-Strand | Cilliers J L | Botha D E |
| | Suider-Strand | Le Roux A J | Van der Bergh * S |
| | Suider-Strand | Smith C | Van Greuning * A C M |
| | Suider-Strand | Stoffberg G P | Van Schalkwyk * M |
| Stellenbosch | Franschhoek | Minnaar A H | De Villiers P D |
| | Stellenbosch | Britz * M | Gey van Pittius N |
| | Stellenbosch | Marais F | Van der Merwe H |
| | Stellenbosch | Van Wyk R P | Van der Merwe * M |
| | Stellenbosch | Van Zyl J de W | Van Huyssteen * E |
| | Stellenbosch Noord | Jacobs L D | De Vries G P J |
| | Stellenbosch-Sentraal | De Leeuw G J | Lamprecht F H |
| | Stellenbosch-Welgelegen | Botha T J | Kistner * L |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stellenbosch (vervolg) | Stellenbosch-Welgelegen | Cronje L C | Kriel R |
| | Stellenbosch-Welgelegen | Fouché H L | Van Niekerk D |
| | Stellenbosch-Welgelegen | Sahd M P | Van Zyl * S L |
| | Stellenbosch-Wes | Dick R H | Liebenberg C R |
| | Stellenbosch-Wes | | Liebenberg * G I |
| | Stellenbosch Verenigde Ring | Bock DC | (gas) |
| | Stellenbosch Verenigde Ring | Coetsee JP | (gas) |
| Swartland | Darling | Le Roux N L | Loedolff * C |
| | Darling | Terblanche-Claassen * L M | Wentzel L A |
| | Riebeeck Valley Com Church | Vakant | Geen |
| | Riebeek-Kasteel | Du Plessis A C | Lombard A |
| | Riebeek-Wes | Duvenhage A S | Visser * M J |
| | Swartland | Claassen J F W | Bester J |
| | Swartland | O'Kennedy J N F | Hamman C |
| | Swartland | | Lourens * L |
| | Swartland-Noord | Prinsloo G D | De Jager U |
| | Swartland-Noord | Steyn J G L | Thompson * R |
| | Wellington | Bernardo E T | Botha W J |
| | Wellington | Buchner * L C | Mouton J F |
| | Wellington | Janse van Rensburg B D | Nel D J C |
| | Wellington | Marais S J | TheronD F |
| | Wellington | Thesnaar C H | Van der MerweD J |
| | Wellington | Van Wijk J H | Van Wijk A J |
| | Wellington | Vosloo C L | Viljoen J |
| | Wellington-Noord | Human F J | Crous J M |
| | Wellington-Oos | Grobbelaar J G | Coetzee L |
| | Wellington-Oos | Van As N J | Spamer D J |
| | Wellington-Oos | Van Deventer H J | Theart D J C |
| | Wellington-Oos | Van Velden R | Van der MerweI W |
| Swellendam | Ashton | Herselman F J | Breytenbach C F J |
| | Barrydale | Weeber N | Crafford J P A |
| | Buffeljagsrivier | Van Heerden J F | Hugo F |
| | McGregor | Redelinghuys W | Cloete J H |
| | Montagu | De Jager J J | De Wet P R |
| | Montagu | Van Rensburg C | Kriel J |
| | Robertson | Joubert M | Joubert * A M |
| | Robertson | Steyn P J | Swart * M E |
| | Robertson-Oos | Pritchard K J | Joubert G D |
| | Robertson-Oos | Zietsman A J | Van Heerden * W E |
| | Swellendam | Olivier W | Buchner * B M |
| | Swellendam | Van der Merwe C C | Cronje * R |
| | Swellendam | Van Wyk H C | Streicher * K |
| | Van der Merwe | Du Preez J J | Basson C A |
| | Van der Merwe | Liebenberg W C | Conradie F W |
| Tulbagh | Ceres | Marais A P | Cronje J I |
| | Ceresvallei | Gerber F A | Fourie L M |
| | Goudini | O'Kennedy A L | Du ToitI V D M |
| | Goudini | Verster B J | MurrayC |
| | Op-Die-Berg | Lombard J H | Van der MerweF J |
| | Op-Die-Berg | Muller W H B | Van der Merwe * M |
| | Prince Alfred's Hamlet | Bester P J | Van der Merwe * S M |
| | Tulbagh | Eksteen C G | Furniss * R J C |
| | Wolseley | Van Velden W de W | Esterhuizen J V |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vredenburg | Laaiplek | Kritzinger J N | Smit J P C |
| | Langebaan | De Kock J D | Boonzaaier J A |
| | Langebaan | Oosthuizen G J | Hamman M |
| | Saldanha | Barnard J | Benn * L J |
| | Saldanha | Theron M C | Potgieter H P |
| | St Helenabaai | Holloway R J | Jacobs P |
| | Velddrif | Smit * M | Hoon * J H S |
| | Velddrif | Van Schalkwyk C F | Vercuil D J |
| | Vredenburg | Basson F D J | Marais * G |
| | Vredenburg | | Novella * E |
| | Vredenburg | | Theart * S M |
| | Vredenburg-Akkerdyk | Greeff W J | Momberg C P |
| | Wesland Vereningde Ring | Botha DP | (gas) |
| | Wesland Vereningde Ring | Van Schalkwyk DJ | (gas) |
| Worcester | Laingsburg | Van Loggerenberg J H | Van der Vyver C J |
| | Murray | Koegelenberg J G E | Jordaan S |
| | Murray | Kruger J A | Joubert I J |
| | Murray | Smith L | Kok J J |
| | Touwsrivier | Grobler N J | Van Schalkwyk J P |
| | Worcester | Conradie J P | Neethling * J S |
| | Worcester | Wessels J H | Volschenk * S |
| | Worcester De La Bat | Doman * E C | Burger R |
| | Worcester De La Bat | Lintvelt * M | Laufs N |
| | Worcester De La Bat | Oberholzer J H | Salie A B |
| | Worcester De La Bat | | Van Heerden M H O |
| | Worcester De La Bat | | Van Wyk J |
| | Worcester-Audenberg | Hattingh J H | Hager S |
| | Worcester-Audenberg | Kriel J F | Pieterse H A |
| | Worcester-Audenberg | Oberholster C | Van Wyk J H |
| | Worcester-Brandwag | Le Roux D B | Welgemoed W H |
| | Worcester-Noord | Bester S C | Swart D J G |
| | Worcester-Noord | Muller * N E | Van der Merwe * J M |
| | Worcester-Noord | Nieuwenhuizen J J | Van Greunen J H |
| | Worcester-Oos | Cronje C A | Du Toit A M |
| | Worcester-Oos | Douglas D B | Eygelaar * A J |
| | Worcester-Vallei | Burden S | Bothma * S E C |
| | Worcester-Vallei | Malan J R | Neethling * L |
| | Worcester-Vallei | Steyn J J | Van Velden W |
| Wynberg | Constantia | Pietersen G M | Borchardt * E |
| | Constantia | Theron J U | Stander M J |
| | Ottery | Louw * E J | Erasmus * L J |
| | Pinelands | Bosman * T | Van Huyssteen H |
| | Plumstead | Koegelenberg J J A | Kline * A |
| | Rondebosch | Momsen J v S | Kluge * E |
| | Simonstad | Batt D U | Marais * M |
| | Vishoek | Barnard M | Terblanche F F |
| | Vishoek | Van Heerden J H | Van Zyl J J |
| | Wynberg | Nel D T | Nicholas * E C |
| | Zwaanswyk | Louw D | Rabe W |

# B. VOORLEGGINGS VAN SINODALE KOMMISSIES

# B1. VOORLEGGING VAN DIE KOMMISSIE VAN ORDE

Die sinode van 2011 beloof om op 'n besondere manier 'n ontmoeting te wees tussen die Hoof van die kerk en sy volgelinge. Die moderamen as kommissie van orde doen graag as volg verslag oor die reëlings wat met die oog hierop getref word:

## 1. Agenda

Die moderamen het besluit om die gemeentes en ringe te raadpleeg oor die inhoud van die agenda van die sinode. Gemeentes het gevolglik saam besin oor watter sake aandag moet geniet tydens die sinode. Terugvoer is aan die onderskeie ringe gegee wat vervolgens aanbevelings gemaak het aan die moderamen. Uiteindelik is 'n verslag saamgestel oor die sake wat ringe aangedui het. Die moderamen het daarna uit hierdie lys die sake gekies wat as prioriteit beskou word. Aan hierdie onderwerpe sal daar spesiale aandag geskenk word tydens die sinode. Die volgende sake word vanuit hierdie proses opgeneem in die agenda van die sinode: 1. Armoede, barmhartigheid en restitusie; 2. Toerusting en begeleiding van lidmate; 3. Jeug; 4. Getuienis; 5. Kerkeenheid en 6. Identiteit. Die moderamen het ook reeds vroeër besluit om die onderwerp van geslag en diversiteit op die agenda te plaas.

## 2. Formaat van die vergadering

Die moderamen het besluit dat ons in 2011 van 'n nuwe formaat vergadering gebruik gaan maak. Ons verwys daarna as 'n vergadering waar ons geloofsonderskeidend saam soek na die wil van die Here vir sy kerk. Die onderskeidingsproses begin met gebed en 'n fokus op die teenwoordigheid van die Hoof van die kerk. Daarna volg 'n bespreking aan die hand van 'n besprekingsvraag oor God se wil vir sy kerk ten aansien van die onderwerp ter sprake. Die onderskeidingsproses word dan verder gevoer met kontekstuele inligting. Hierna word biddend verder gevra en gesoek na die Here se wil. Die vergadering onderskei uiteindelik saam tot watter oortuiging of besluit die Here sy kerk lei.

## 3. Dagprogram en sittingsure

Die verloop van die dagprogram word elders volledig weergegee. Indien daarvan afgewyk word, sal dit duidelik in die groot vergadering aangekondig word. Die vaste tye sal min of meer as volg wees:

| | |
|---|---|
| 08:00 | Vergadering |
| 10:30 | Verversings |
| 11:00 | Vergadering |
| 13:00 | Middagete |
| 14:30 | Vergadering |
| 15:30 | Verversings |
| 16:00 | Vergadering |
| 18:15 | Aandete |
| 19:15 | Aandprogram |

## 4. Konstituering

Die registrasie van afgevaardigdes begin reeds Maandag 9 Mei om 09:00 by die registrasielokaal Die openingseremonie van die sinode begin stiptelik om 11:00 en duur tot 12:30. Daarna vind verdere registrasie en middagete plaas tot 14:30 wanneer die vergadering konstitueer. Afgevaardigdes wat kort voor 11:00 by die terrein opdaag, kan dus hulle bagasie in hulle voertuie laat tot na die openingseremonie en daarna gaan registreer. Afgevaardigdes wat laat kom, moet asseblief by Mev Marinda Schreuder aanmeld wat die registrasiegegewens aan die notule kommissie sal deurgee.

## 5. Verkiesing van die moderatuur

### 5.1 Tydstip van die verkiesing

Oorweging is gegee aan meervoudige voorstelle oor die tydstip wanneer die verkiesing van die moderatuur moet plaasvind. Die moderamen oordeel dat die verkiesing aan die begin van die vergadering moet geskied en so spoedig moontlik afgehandel word.

### 5.2 Wyse waarop verkiesing plaasvind

Ondersoek is gedoen na verskeie soorte stemstelsels. Dit het geblyk dat stemming per stembriefie steeds vir ons die voordeligste is.

### 5.3 Samestelling van die moderatuur

Die moderamen het die volgende besluite geneem ten opsigte van die samestelling van die moderatuur met die oog op goedkeuring deur die sinode:

**5.3.1** Lede (*Sien die verslag vir taakspan vir herstrukturering B2 Bylae A)*

Die moderatuur bestaan uit ses verkose lede wat aan die begin van die sinodesitting verkies word en twee nie-predikante wat aan die einde van die sitting verkies word, asook 'n sinodale koördineerder wat adviserend deel van die moderatuur vorm.

5.3.1.1 Moderator (voorsitter)
Assessor (onder-voorsitter)
Aktuarius (kerkregkundige)
Skriba (sekretaris)
2x Addisionele lede

Bogenoemde word aan die begin van die sinode verkies en gee leiding tydens die vergadering.

5.3.1.2 'n Gekoöpteerde lid (ampshalwe) Sinodale koördineerder (PSD) – adviserend

5.3.1.3 Aan die einde van die vergadering verkies die sinode twee nie-predikante uit 'n kortlys van minstens vier persone wat deur die kommissie vir kommissies benoem word, met behoud van die sinode se reg om name by te voeg.

5.3.1.4 Minstens twee verteenwoordigers van beide geslagte moet op die moderatuur dien. Indien dit nie met die verkiesing realiseer nie, koöpteer die moderamen nog persone om dit te bereik.

**5.3.2 Aanbevelings:**
**5.3.2.1 Die sinode wysig die samestelling van die moderatuur.**
**5.3.2.2 Die sinode keur die nuwe samestelling van die moderatuur goed.**
**5.3.2.3 Die sinode verkies die nuwe moderatuur dienooreenkomstig.**

### 5.4 PSD en voorsitterskap
Met die voorgenome herstrukturering van die sinode het die vraag of die verkiesing van 'n PSD as voorsitter van die moderatuur, kommissie of diensgroep nie dalk tot 'n konflik van belange kan lei nie, aan die orde gekom. Die moderamen het die aanbeveling van die sinodale regskommissie in die verband aanvaar (B 17).
**Aanbeveling:**
**Die sinode neem kennis van die moontlike botsing van belange wanneer PSD's in die moderatuur dien en besluit om in 'n "nie-voorskriftelike gees" dit aan elke afgevaardigde oor te laat om lede tot die moderatuur te verkies wat die sinode die beste sal lei.**

### 5 Nie liedboek nie

Dit is nie nodig om Liedboeke saam te bring nie, aangesien die liedere wat gesing word elektronies vertoon sal word.

### 6 Maar wel Bybels

Elke afgevaardigde moet asseblief 'n Bybel saambring. Die formaat van die vergadering vereis dat elke lid van die vergadering toegang het tot 'n eie Bybel.

### 7 Etes en daggelde

Alle etes word voorsien en daarom word daar uiteraard nie daggelde betaal nie. Daar is ook 'n kafeteria by Goudini Spa. Reëlings sal getref word dat dit op gerieflike tye oop is twv versnaperinge ens. Al die wooneenhede op Goudini Spa is met yskaste toegerus.

### 8 Kleredrag

Afgevaardigdes word aangemoedig om gemaklik aan te trek. Aan die begin van Mei kan die weer in die Wes-Kaap egter al wispelturig en koud wees. Maak dus asb voorsiening vir reënweer en koue. Hou egter ook in gedagte dat Goudini Spa 'n heerlike groot verhitte onderdak swembad het. Swemklere sal dus baie goed benut kan word.

### 9 Verlof vir afwesigheid

Daar mag geldige omstandighede ontstaan om u afwesigheid te regverdig. In sodanige geval moet u asb verskoning aanteken by Mev Marinda Schreuder. Elkeen se inset is belangrik in ons onderskeidingsprosesse. Afwesigheid moet dus so ver moontlik tot die minimum beperk word.

### 10 Aankondigings

Aankondigings word deur Mev Marinda Schreuder hanteer. Versoeke vir aankondigings moet by haar ingehandig word. Sy en die taakspan keur en behartig dit verder.

### 11 Betyds

Die terrein van Goudini Spa is groot en daar moet dikwels 'n taamlike entjie gestap word na en van die etes. Almal moet asb spesiale moeite doen om

betyds te wees sodat ons by ons tydskedules kan hou.

**12 Notule**

Die notule word in die vergadering aan afgevaardigdes beskikbaar gestel soos dit deur die notulekommissie vrygestel word. Voorstelle vir wysigings daarvan kan gedoen word deur 'n voorstel vir die wysiging van die notule by die notuletafel in te dien.

**13 Hantering van beskrywingspunte**

Gemeentes wat beskrywingspunte ingedien het, se afgevaardigdes sal die geleentheid kry om dit by die betrokke tydelike kommissie te motiveer. Die reëlings sal deur die betrokke kommissie getref word.

**14 Amendamente, spoedeisende en nuwe sake**

**14.1** Voorstelle of amendamente tov aanbevelings en beskrywingspunte in die agenda moet die skriba van die moderamen op die laaste een week voor die begin van die sinode bereik. (Sien Regl. 17.8.4.2.2).

**14.2** Spoedeisende sake van besondere en algemene belang en voorstelle oor ander sake as dié wat in die agenda behandel word, mag deur die vergadering in behandeling geneem word indien die vergadering daartoe besluit na raadpleging en aanbeveling van die moderatuur (Sien Regl. 17.8.4.2.3)

**14.3** Voorstele wat opdragte aan kommissies impliseer, word eers na 'n tydelike kommissie soos deur die moderatuur aangedui, vir advies verwys, voordat die sinode daaroor besluit (Besluit 1995).

**15 Reg van sitting met adviserende stem**

Aan predikante in sinodale diens, voorsitters van sinodale kommissies en dosente van die Kweekskool op Stellenbosch wat nie afgevaardigdes is nie, word reg van sitting met adviserende stem verleen, spesifiek tov voorleggings wat hulle werk raak en tov ander sake waartoe die vergadering toestemming verleen.

**16 Afsluiting van die sinode**

Die agenda is so gereël dat die sinode op Vrydag 13 Mei om 13:00 sal afsluit.

**17 Tydelike kommissies**

17.1 Tydelike kommissie vir die pers
Dr Ben du Toit
Ds Peet Bester

17.2 Tydelike kommissie vir Algemene Sake en Ekumene
Die nuwe moderatuur
Ds Tallie van den Heever
Ds Johan Basson
Dr Francois Wessels

17.3 Tydelike kommissie vir die Notule
Dr Jaco Thom (sameroeper)
Ds Kobus Swarts
Kobus de Kock
Ds Paul Roodt (proefleser)
Mev Maureen Armstrong

17.4 Tydelike regskommissie
Ds Charl Stander
Ds Smuts Janse van Rensburg
Ds Gert van Jaarsveld
Ds Hannes Theron
Ds Gideon Basson
Ds Tallie van den Heever
Dr Quintus Heine

17.5 Tydelike kommissie vir die samestelling van die permanenete kommissies
Die Assessor (Sameroeper)
Die skriba van elke ring.

17.6 Ander tydelike kommissie
In elke geval (bv Fondse, Leer en Aktuele Sake ens) vorm die dagbestuur van die betrokke permanente kommissie die tydelike kommissie.

17.7 Tydelike kommissie met die oog op die opstel van die verbintenis
Dr Breda Ludik
Dr Pieter van der Walt
Dr Nico Simpson
Dr Leon Venter
Mev Elize Morkel

17.8 Kontakpersoon (ook vir aankondigings en (verlof)
Mev Marinda Schreuder

17.9 Ds Smuts Janse van Rensburg (Sameroeper)
Een stemteller vir elke groep tafels wat later aangewys sal word.

## 18. Uitstuur- en getuienis geleenthede

Gemeentes word opgeroep om op Sondag 8 Mei tydens die erediens spesiale voorbidding te doen vir die sinode en afgevaardigdes van die gemeente na die vergadering. Gemeentes word ook versoek om aan afgevaardigdes 'n geleentheid te bied om tydens die erediens van Sondag 15 Mei te getuig oor hulle indrukke van die vergadering.

## 19. Voorbidding

Afgevaardigdes en lidmate word opgeroep om ernstig voorbidding te doen vir elke aspek van die vergadering. Voorbidding vir die vermoë om met fyn aanvoeling die wil van God vir sy kerk te onderskei, word spesiaal versoek. Laat ons met verwagting bid dat die Hoof van die kerk, Jesus Christus, self sy kerk sal lei in die waarheid. Mag Hy dan só gee dat ons almal van die sinode sal weggaan met diep oortuigings wat die Gees van die Here in ons harte geplant het waarmee ons die pad vorentoe saam kan loop.

## 20. Aanbeveling

**Die sinode aanvaar die voorlegging van die Kommissie van Orde as riglyn vir die inrigting van die sinodevergadering.**

**Ds Nelis van Rensburg**
**Skriba**

# B2. VOORLEGGING VAN DIE MODERAMEN AAN DIE SINODE VAN DIE NG KERK WES-EN-SUID-KAAPLAND IN SITTING VAN 9-13 MEI 2011

Die moderamen doen graag as volg verslag van sy belangrikste werksaamhede en besluite van die afgelope termyn.

## 1. Fokusareas

Die moderamen het sy werksaamhede gerig deur met die aanvang van sy termyn 8 fokusareas te identifiseer, nl.

- Gebed en aanbidding
- Die versorging van predikante
- Klein gemeentes
- Armoede
- Eenheid en versoening
- Evangelisasie en 'n nuwe geslag lidmate
- Ekologie
- Vigs, TB, Fetale Alkohol Sindroom, Misdaad

## 2. Ringsprojekte

Gemeentes en ringe is aangemoedig om op hierdie agt fokusareas van die sinode te fokus en 'n bedrag van R200 000 is jaarliks beskikbaar gestel vir ringsprojekte wat in die 8 fokusareas diens lewer. Verskeie ringsprojekte is voortvloeiend hieruit gefinansier. Hierdie was deel van die moderamen se inisiatief om so ver as moontlik lidmate en gemeentes te bemagtig en nie alle werksaamhede te sentraliseer nie. Ons hoop dat hierdie inisiatief in 'n nuwe termyn voortgesit kan word.

## 3. Kerkhereniging

Die moderamen het verskeie besluite geneem en stappe gedoen om uitdrukking te gee aan die sinode van 2007 se besluite oor hereniging met die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK). Daar is besluit om op die volgende areas te fokus:

- Gesamentlike moderatuursvergaderings
- Gesamentlike gebedsbyeenkomste
- Gesamentlike rings-streeksbyeenkomste
- 'n Gesamentlike sinode
- 'n Gesamentlike kommunikasiestrategie

Die besluit van die Algemene Sinode van die VGK om 'n moratorium te plaas op alle gesprek met die NG Kerk het egter die uitvoering hiervan onmoontlik gemaak. Die moderamen het nietemin voortgegaan om gemeentes aan te moedig om verhoudinge op plaaslike vlak uit te bou, terwyl die moderamen op sinodale vlak by talle geleenthede uitgereik het na die VGK. Die samewerking in die gesamentlike kommissies en werksaamhede van die twee kerke het steeds goed verloop. Daar was egter 'n hele aantal praktiese situasies wat die funksionaliteit van ons werksaamhede geaffekteer het en gevra het om gesprek tussen die moderature van die twee Kaaplandse sinodes, wat ongelukkig nie kon plaasvind nie. Hoewel die VGK se besluit gerespekteer word, is dit nie gesond dat die twee kerke se leiers nie met mekaar kan praat nie. Die moderamen was verteenwoordig in die gesprek op Algemene Sinodale vlak waar verteenwoordigers van die World Alliance of Reformed Churches as fasiliteerders tussen die NG Kerk en Verenigende Gereformeerde Kerk opgetree het. Die voortsetting van die moratorium op gesprek het egter enige vordering bemoeilik.

## 4. Zimbabwe

Die moderamen het gedurende 2008 betrokke geraak by die lyding van mense en die nood van die kerk in Zimbabwe. Drr Braam Hanekom en Allan Boesak het namens die NG en VG Kerke in Kaapland 'n besoek gebring aan Zimbabwe. Die rol wat KGA in die verhouding en interaksie met die kerk in Zimbabwe gespeel het, was deurslaggewend. Lidmate vanuit die kerk in Zimbabwe het ook 'n moderamenvergadering bygewoon en die vergadering ingelig oor die posisie van die kerk en individuele gelowiges in Zimbabwe. Groot waardering is uitgespreek vir die ondersteunende rol wat die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland gespeel het tydens die krisis in Zimbabwe.

## 5. Herstel van bevoegdheid

Die moderamen het die prosedures vir die hertoelating van persone tot die bediening van predikant in die NG Kerk verfyn en belyn met die toepaslike bepalings van die kerkorde. Die moderamen het vyf persone toegelaat tot colloquium doctum met die oog op hertoelating tot die bediening.

## 6. Argief

Die moderamen het deelgeneem aan uitgebreide onderhandelinge om die toekoms van die argief van die kerk in Stellenbosch te bepaal. 'n Ooreenkoms is nou aangegaan wat sal beteken dat die argief weer bestuur en beheer word deur die

NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland). Vloerruimte en argiefspasie sal aan ander sinodes verhuur word. `n Taakspan is reeds saamgestel om seker te maak dat alles gereed sal wees wanneer ons weer op 1 September 2011 die volledige bestuur van die argief oorneem. Intussen sal ooreenkomste met die ander deelnemende sinodes gesluit word. Een van die belangrikste uitkomste van die proses is dat ons hoop dat die nuwe bedeling meer koste-effektief sal wees.

## 7. Barmhartigheid en armoede

Die rol wat Badisa en die SKDB in die barmhartigheidswerk van ons kerk en veral ook die ontwikkeling van gemeente-diakonaat speel, is ook onder die soeklig geplaas. Die moderamen het uitvoering gegee aan die besluit van die sinode om aandag te gee aan die aanstelling van 'n predikant in sinodale diens vir die SKDB. Ds Hans Steyn van die gemeente Worcester-Vallei is vir 'n termyn van 1 jaar op 'n deeltydse basis aangestel. Hy het uitstekende werk gedoen, maar logistieke uitdagings het beperkinge op hom geplaas. Hierna het die moderamen dr Braam Hanekom aangewys om op 'n tussentydse basis die werk voort te sit. Een van die uitdagings was die daarstel van kapasiteit wat die werk van die SKDB kon voortsit in samewerking met die GKD. Die pos van netwerk-koördineerder is geskep en me Jackie Swart is in die pos aangestel. Vir 'n volledige verslag van werksaamhede sien die verslag van die GKD/SKDB.

'n Armoedekonferensie is deur GKD gehou op 15 en 16 Maart 2011. 'n Aantal openbare figure en leiers in die samelewing het as sprekers opgetree. Werkswinkels is gehou en die kwessie van armoede is uit vele hoeke belig. Van die belangrikste uitkomste van die konferensie is vervat in `n spesiale verslag oor armoede wat voor die sinode dien.

## 8. Gebedsbediening in die sinode

Die moderamen het die belang van gebed in die sinode benadruk deur maandeliks 'n gebedslys aan gemeentes te stuur met onderwerpe waarvoor daar gebid kan word. Terugvoer is ontvang van verskeie gemeentes wat hierdie gebedslys in gemeente-bulletins en nuusbriewe gepubliseer het. Terugvoer is ook van talle leraars en lidmate ontvang wat met groot toewyding meegedoen het aan die voorbidding wat versoek is. Die gebedskonferensie wat deur SKG gereël is, was ook 'n groot sukses en het grootliks bygedra tot die verdere ontwikkeling van 'n gebedskultuur in die sinode.

## 9. Landboutaakgroep

Deeglike bespreking van die kerk se rol en roeping ten opsigte van uitdagings in die landbou, grondhervorming en voedselsekuriteit is in die moderamen gevoer. Die moderamen het 'n taakgroep saamgestel om die kerk met advies te bedien oor sy rol in die landbou. Hierdie taakgroep het verskeie kere vergader, onder andere ook met adjunk- minister Pieter Mulder.

Ons taak is nie afgehandel nie, maar intussen wil ons ons landbougemeenskap van ons meelewing en voorbidding in hierdie komplekse en uitdagende tye verseker.

## 10. Predikantebegeleiding

Die moderamen het kennis geneem van die vordering wat gemaak is met die ondersteuning en begeleiding van predikante in ons sinodale gebied. Die moderamen is diep onder die indruk van die toewyding waarmee leraars hulle werk verrig, dikwels ten spyte van omstandighede wat uitdagend en veeleisend is. Daadwerklike ondersteuning is ook verleen aan inisiatiewe om predikante wat baie lank in dieselfde gemeente in diens is, te ondersteun.

## 11. Xenofobia

Die moderamen het met ontsteltenis en misnoeë kennis geneem van die verskynsel van xenofobia in ons land. Die wyse waarop vreemdelinge geteister is en met geweld verdryf is, stry teen alles wat die evangelie leer. Tydens die laaste rondte aanvalle in 2010 is daar van die moderatuur se kant groot moeite gedoen om in beide gesprekke met die regering, asook gemeentes, pro-aktiewe planne gereed te kry, sou daar weer 'n grootskaalse krisis uitbreek.

## 12. Belydenis van Belhar

Die moderamen het indringende gesprek gevoer oor die Belydenis van Belhar. Tydens die moderamen vergadering van 24 Maart 2009 is besluit om die Algemene Sinode te versoek om die Belydenis van Belhar te aanvaar as vierde belydenisskrif van die kerk. Die volledige besluit het as volg gelui:

"*Die moderamen*

1. *spreek sy dank uit teenoor die WBGK vir die tyd wat afgestaan is en die besondere positiewe, pastorale gesindheid wat deur lede van die afvaardiging openbaar is.*
2. *verstaan dat die volgende kwessies vir die VGK van uiterste belang is en sou dit graag met die grootste moontlike erns wil hanteer:*

- *die Belydenis van Belhar*
- *die gelykwaardigheid van alle lidmate*
- *geregtigheid;*

3. *versoek die Algemene Sinode om op sy volgende sitting, in lyn met 2004 se voorstelle en besluite van die Algemene Sinode, die Belydenis van Belhar as deel van die NG Kerk se belydenis te aanvaar;*
4. *bevestig sy oortuiging dat eenheid, versoening en geregtigheid tot die wese van die evangelie hoort en roep lidmate op om diepe selfondersoek hieroor te doen in die lig van die Skrif, en in navolging van Christus, sigbare gestalte daaraan te gee;*
5. *is oortuig dat 'n diepgaande studie en oop gesprek op alle vlakke intussen oor die Belydenis van Belhar gefasiliteer word;*
6. *aanvaar dat, terwyl die gesprek aan die gang is, lidmate wat reeds die Belydenis van Belhar aanvaar het, hul persoonlike standpunt hieroor kan stel, sonder die etikettering van lidmate wat anders voel;*
7. *is oortuig daarvan dat ook 'n ruimer gesprek oor ons belydenisgrondslag en belydende identiteit nou dringend noodsaaklik is. Die moderamen beveel daarom aan dat ook die ander belydenisskrifte deur middel van studie en gesprek op die tafel kom;*
8. *besluit dat ons die moratorium waarop die VGK besluit het, respekteer en verstaan as 'n moratorium op formele eenheidsgesprekke;*
9. *nooi die moderatuur van die VGK so gou as moontlik uit om verdere gesprekke te voer oor*
   - *versoening*
   - *gelykwaardigheid van alle lidmate*
   - *geregtigheid*
   - *samewerking by die aanbied en voortgaande gesprek van*
   - *die Belydenis van Belhar;*
10. *moedig alle gemeentes aan om met die grootste moontlike erns die bestaande plaaslike verhoudinge met die VGK uit te bou en te verstewig en besluit dat daar by die volgende moderamenvergadering 'n geleentheid geskep word om terugvoering hieroor te gee;*
11. *versoek die lede van die Algemene Sinode Moderamen dringend om hulle standpunte in te neem in ooreenstemming met die besluite van die Algemene Sinode van 2004."*

Die moderamen het ook besluit om inligtingskonferensies in die sinodale gebied te hou om lidmate se mening te hoor oor die Belydenis van Belhar en inligting te verskaf oor die voorstelle van die moderamen oor die aanvaarding van die belydenis. Gedurende November 2010 is konferensies gehou in Vanrhynsdorp, George, Caledon en Welgemoed. Die konferensies is goed bygewoon en waardevolle menings is gehoor en inligting uitgeruil.

Die moderamen stel nou voor dat die sinode van Wes-en-Suid-Kaapland die volgende besluit goedkeur:

12.1 Die sinode is oortuig dat die Bybelse eis vir geregtigheid vir alle mense, versoening tussen alle mense en die eenheid van die kerk tot die kern van die evangelie behoort. Die Belydenis van Belhar verwoord hierdie evangeliese eis om geregtigheid, versoening en eenheid op 'n ander wyse as die ander belydenisskrifte van die kerk. Die sinode aanvaar as kerkvergadering die Belydenis van Belhar en daarom versoek hierdie vergadering die Algemene Sinode om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak.

12.2 dat by die sinode aanbeveel word dat daar met geslote stembriewe oor die voorstel van die moderamen (in 12.1) gestem word sodat uit oortuiging gestem word en om as kontrole te dien vir die uitslag van die stemming.

## 13. Herstrukturering

Die moderamen het 'n kommissie vir herstrukturering aangewys met die oog op die optimale funksionering van ons sinodale kommissies en ander strukture. Die kommissie het gevolg gegee aan hulle opdrag deur 'n teologiese raamwerk daar te stel teen die agtergrond waarvan die herstrukturering moes plaasvind. Die teologiese raamwerk is deur die moderamen bespreek en as vertrekpunt aanvaar vir die proses van herstrukturering. Die kommissie vir herstrukturering het tydens die vergadering van die moderamen van 11 Augustus 2010 riglyne aan die moderamen voorgelê vir die herstrukturering van werksaamhede en poste wat voorlopig deur die moderamen goedgekeur is. Hierna is 'n uitgebreide konsultasieproses deur die kommissie begin waartydens PSD's, voorsitters en lede van kommissies ruim geleentheid gehad het om insette te lewer ten aansien van die herstruktureringsvoorstelle. Die finale voorstelle van die kommissie vir herstrukturering word nou deur die moderamen aan die sinode voorgelê vir goedkeuring (Bylae A).

## 14. Krediet-ineenstorting en resessie

Die moderamen het 'n noodfonds gestig met die oog op hulpverlening aan gemeentes wie se voortbestaan deur die globale krediet-ineenstorting van 2009 in gedrang gekom het. Die fonds bedra tans ongeveer R260 000. Dit was vir ons duidelik dat die resessie veral gedurende 2010 op gemeentes impakteer het. Sommige gemeentes sukkel steeds,

maar ons is veral dankbaar oor gemeentes wat rapporteer dat hul finansiële posisie algaande verbeter het.

## 15. Hugenote Kollege

Die moderamen het met groot kommer kennis geneem van die feit dat Hugenote Kollege se aanbod van graadkursusse in maatskaplike werk, gemeenskapsontwikkeling en spelterapie vanweë regeringsbeleid gestaak sal moet word teen die einde van 2012. Die moderamen het hom bereid verklaar om gedeeltes van die kollege-geboue aan 'n universiteit te verhuur met die oog op die voortsetting van die aanbod van kursusse in maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling in Wellington.

Die moderamen het ook bewus geword van die voorneme van die direksie van die Hugenote Kollege om die kollege te laat voortbestaan as 'n moontlike sogenaamde FET kollege waar 'n verskeidenheid van kursusse op N1 tot N4 vlak aangebied sal word. Hierdie opleiding sluit onder meer kursusse in maatskaplike hulpwerk en gemeenskapsontwikkeling in. Die direksie doen ook ondersoek na die vestiging van kerklike kursusse met die oog op die opleiding van hulppredikers, sendingwerkers en evangeliste, asook na kursusse gerig op die bemagtiging van lidmate.

Die moontlike verhuring van gedeeltes van die geboue aan 'n universiteit sal net gedoen word indien daar genoegsame ruimte oorbly vir die nuwe aanbod van kursusse aan die Hugenote Kollege.

## 16. Onderwys

Die moderamen het deeglik besin oor die rol van onderwys in die opbou van ons land. Die volgende besluit is tydens die moderamen vergadering van 11 Augustus 2009 geneem:

*"1. Die moderamen neem met waardering kennis van aspekte van die onderwys in Suid-Afrika waaroor ons opreg dankbaar kan wees. Hier dink ons veral aan leerkragte wat met groot ywer en opoffering hul roeping in die onderwys uitleef. Ons dink ook aan gemeentes en lidmate wat tans skole en onderwysers op baie maniere ondersteun bv. deur voedselvoorsiening, pastorale en maatskaplike bystand, ondersteuning vir leerders en onderwysers, binne en buite die klaskamer, asook die beskikbaarstelling van vaardighede aan skole;*
*2. die moderamen neem verder kennis van die groot potensiaal wat 'n goeie onderwysstelsel vir ons land inhou, asook die besondere probleme wat die onderwys tans in die gesig staar. Hoewel ons bewus is van die ingewikkeldheid van die probleme, is die moderamen oortuig daarvan dat dit vir ons 'n besondere uitdaging bied waarvoor ons nie nou mag terugdeins nie;*
*3. die moderamen moedig gemeentes en lidmate ten sterkste aan om met die ondersteuning van en bystand aan skole voort te gaan, veral aan skole wat met 'n groot agterstand op baie terreine te kampe het. Gemeentes sou dit selfs kon oorweeg om skole "aan te neem" met die oog op volgehoue ondersteuning;*
*4. die moderamen spreek sy kommer uit oor sekere fasette van die onderwys in die sinodale gebied en die land en spreek die hoop uit dat die volgende sake dringende aandag sal kry:*
- *die gebrek aan dissipline in skole;*
- *die gebrek aan kundigheid en bestuur;*
- *die lae vaardigheids- en geletterdheidsvlakke van skoliere in alle grade;*
- *die toekomstige voorsiening van vaardige onderwysers.*

*5. die moderamen versoek die moderatuur om na ander kerke uit te reik om van hierdie sake in vennootskap met hulle aan te pak (soos bv moontlike gesprekke met die departement van onderwys) en regeringsinstansies hieroor tot verantwoording te roep."*

## 17. Geslagsgelykheid

Die moderamen het by meer as een geleentheid indringend aandag gegee aan die kwessie van geslagsgelykheid in die kerk en samelewing. Deeglike teologiese besinning is gedoen. Die moderamen het vervolgens die volgende besluit geneem:

*"1. dat die moderamen van Wes-en-Suid-Kaapland die ASM versoek om erns te maak met 'n gesprek oor 'n teologies verantwoorde christelike antropologie (mensbeskouing) met die oog op die beplanning van die volgende vergadering van die Algemene Sinode – met spesifieke verwysing na die onderwerp van geslagsgelykheid en geregtigheid in die NG Kerk as een van die onderwerpe waaroor daar geloofsonderskeidend besin gaan word tydens die sinode van 2011;*
*2. die moderamen die tema van geslagsgelykheid en -geregtigheid op die agenda plaas van die Wes-en-Suid-Kaapland se sinode van 2011 as een van die onderwerpe waaroor daar met geloofsonderskeiding besin gaan word;*
*3. dat die Seisoen van Luister-bestuur gevra word om, in opvolg van die materiaal vir Groei oor Grense, soortgelyke materiaal gedurende 2011 vry te stel vir gebruik in gemeentes wat fokus op ons menswees in Christus met spesifieke verwysing na die rol wat magsverhoudinge tussen diverse gelowiges speel, maar ook ten opsigte van geslagsgelykheid en - geregtigheid."*

## 18. Sinode 2011

Die moderamen het besluit om gemeentes en ringe te raadpleeg met die oog op die vasstelling van die agenda van die 2011 sinode van die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland. Baie goeie samewerking en deelname is van gemeentes en ringe verkry. Die moderamen het ook besluit om op 'n geloofsonderskeidende wyse besprekings te voer tydens die sinode en gemeentes met behulp van 'n omvattende kommunikasieplan te betrek by die vergadering.

Die moderamen plaas nou, na die bestudering van die verslag van die terugvoer van gemeentes, die volgende sake op die agenda van die sinode:

18.1 Armoede: Barmhartigheid en restitusie
18.2 Toerusting en begeleiding van lidmate
18.3 Jeug
18.4 Getuienis: Om mense wat nie deel is nie te bereik of nader te trek
18.5 Kerkeenheid
18.6 Identiteit

Die moderamen het ook besluit dat daar geloofsonderskeidend met die volgende sake voortspruitend uit sy eie besluite en werksaamhede omgegaan moet word tydens die sinode, nl.

18.7 Geslag en diversiteit
18.8 Die Belydenis van Belhar
18.9 Die moderamen het ook besluit om die kwessie van die doop wat deur SKLAS na die sinode kom, geloofsonderskeidend te hanteer tydens die sinode.

## 19. Funksionering van ringe

Die moderamen het aandag gegee aan die funksionering van ringe. Ringe is versoek om op 'n geloofsonderskeidende wyse te besin oor die terugvoer van gemeentes oor die agenda van die sinode en die roeping van die kerkverband. Ringsvoorsitters en skribas is opgelei vir die doel. Die terugvoer van 'n beduidende aantal ringe was dat die gesprek oor roeping nuwe stukrag verleen aan ringe en dat die geloofsonderskeidende gesprekstyl 'n groot rol gespeel het om van ringsvergaderings 'n baie positiewe ervaring te maak. SKG het die ringe besoek en 'n konferensie gehou oor die funksionering van ringe. Die kommissie vir herstrukturering het aangedui dat ringe en netwerke van gemeentes 'n baie beduidende rol gaan speel in die voorgestelde sinodale struktuur.

## 20. Teologiese misleiding van lidmate

Die sinode het in 2007 besluit (Besluiteregister: Besluit 100, H57) dat die moderamen in gesprek met lidmate 'n sinvolle wyse moet soek om die teologiese misleiding deur die kerk van lidmate in die apartheidstyd, te hanteer. Die moderamen het besluit om die sinode te versoek om tydens sy vergadering verdere gesprek hieroor te voer.

## Slotopmerkings

Die moderamen het oor die afgelope termyn ontwikkel as 'n vergadering waar daar diepgaande oor teologiese kwessies besin word. Aktuele sake van die dag is ook met dringendheid aangepak. Bestuurstake is deeglik afgehandel. Die moderamen het toegesien dat sake glad verloop en dat daar nie vir jare gewag hoef te word om sinodale mandate te verkry om belangrike kommissiewerk af te handel nie. Die feit dat ringsverteenwoordigers in die moderamen dien, het verseker dat die kommunikasie van belangrike sake na ringe en gemeentes aansienlik verbeter het. Die positiewe verbintenis van die lede van die moderamen om deel te neem aan die vergaderings en werksaamhede van die moderamen was inspirerend. Die moderamen het inderdaad 'n onmisbare skakel geword om die sinode van Wes-en-Suid-Kaapland 'n getuigende en dienende kerk te laat wees.

Ten slotte wil ons met dankbare harte getuig van God se liefde en genadige onderhouding. Die kerk het in velerlei opsigte 'n moeilike tyd beleef. Ongelukkige persepsies oor die kerk het dikwels in die media verskyn. Tog het ons ervaar dat Christus inderdaad die Hoof van Sy kerk is en dit lei en in stand hou. Dit is ons diepste begeerte dat ons steeds 'n kerk sal wees wat in groeiende intimiteit, coram Deo met God en voor God lewe. Hierdie verslag is maar 'n onbeholpe uitdrukking daarvan.

**Met agting**

**Braam Hanekom** **Voorsitter**

**Nelis Janse van Rensburg** **Skriba**

# B2 BYLAAG A: VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR (STRUKTUURONTWIKKELING) HERSTRUKTURERING

## Inleiding:

In 1999 het die sinode van Wes-en-Suid-Kaapland 'n besluit geneem om met 'n proses van strategiese beplanning en besinning te begin. In 2003 het die sinode uitgangpunte geïdentifiseer vir die proses van herstrukturering nl.:
1) die sinode moet meer ruimte skep vir visionêre vergaderings(roepingsgesprek);
2) strukture moet effektief in wisselwerking met gemeentes werk;
3) proses van kerkhereniging is belangrik;
4) effektiewe tussentydse besluitnemingsprosesse moet aandag kry (tussen sinodes);
5) strukture moet gerig wees op gemeentes.

'n Taakspan het vanaf 2004 -2007 baie hard hieraan gewerk. Die proses kon met die vorige sinodesitting egter nie afgehandel word nie.

In 2008 het die moderamen die sinodale herstruktureringsproses hervat om 'n finale verslag aan die sinode van 2011 te kan voorlê. 'n Taakspan is saamgestel wat eers besin het oor goeie gereformeerde beginsels oor kerkwees. Dit is opgevolg deur 'n luisterfase waarin die moderatuur asook die Communitasspan tydens afsonderlike geleenthede na predikante, gemeentes en ringe gaan luister het sodat heersende menings oor kerkbegrip in ag geneem kon word.

Die huidige taakspan bestaan uit die volgende lede: Dr Quintus Heine (voorsitter); Di. Nelis Janse van Rensburg, Hannes Theron, Oudl. Drikus Greeff, Frik Bosman en Antoinette Muller (vrouediens).

**Luisterproses (2009/10)**
Vanuit gesprekke met die moderamen, ringe en predikante is die volgende behoeftes en bewegings gerapporteer (Hierdie was die menings van ringe en gemeentes)

- Die kerk moet 'n positiewe beweging wees, wat deur haar roeping gedryf word.
- Gemeentes of werksaamhede moet nie bestaan t.w.v. hulleself nie, maar t.w.v. ander (gestuurdheid).
- Gemeentes bestaan nie t.w.v. die sinode nie, maar die sinode is 'n vergadering van gemeentes en haar primêre funksie is om gemeentes te help met hul roeping, werksaamhede van en tussen gemeentes te koördineer en te fasiliteer.
- Die kerk het in praktyk reeds 'n nuwe rigting van gestuurdheid aangedui. Ons moet dit volg.
- Die kerk se strukture moet die roeping volg. Nie die roeping die struktuur nie. Daarom is herstrukturering noodsaaklik.
- Die kerk moet 'n beweging wees wat volgens netwerkbeginsels funksioneer.
- Die sinode moet die huidige positiewe dienslewering aan gemeentes so ver moontlik in stand hou.
- Die sinodale struktuur moet beweeg word dat hy optimaal kan funksioneer.
- Erkenning moet gegee word aan die wesenlike rol wat kerkverband binne ons tradisie speel.
- Die konkrete gestalte wat die verband aanneem moet telkens in 'n nuwe konteks en tydsgewrig opnuut gedefinieer en beskryf kan word.
- Die verkleining en stroombelyning van die sinodale struktuur en kostebesparing moet besondere oorweging geniet.
- Ringe en gemeentes moet begelei word om hul besondere roeping binne hul konteks te verstaan.
- Ringe moet in vennootskap met gemeentes toenemend uitdrukking gee aan hulle gemeenskaplike roeping binne hulle konteks. Dit beteken dat hulle in die toekoms meer werk sal doen wat tradisioneel deur die sinodale-struktuur gedoen is.

Die taakspan het opdrag ontvang om in die lig van bogenoemde 'n nuwe sinodale struktuur te ontwerp wat aan die sinode voorgelê kan word. Daar is besef dat daar nie maar slegs meubels rondgeskuif kan word nie, maar dat daar duidelik prinsipieel, vanuit ons roeping gedink moet word en substantiewe strukturele veranderings dienooreenkomstig gemaak moet word.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die verandering nie impliseer dat huidige kommissies en PSD's nie hulle werk gedoen of oneffektief is nie. Daar moet egter vanweë die tydsgewrig nuut gedink word oor die funksionering van die sinode. Daar is voordurend in die gesprekke waardering vir die huidige PSD's en die kommissies se werksaamhede uitgespreek.

***Dit is belangrik dat daarop gelet word dat die taakspan se voorstelle strukturele beslag gee aan 'n proses wat reeds op 'n teologiese vlak ver gevorder het in die denke van die sinode.***

'n Sinode is 'n uitdrukking van die verband. Art. 35.2 van die Kerkorde stel dit duidelik dat tot die taak van die sinode behoort om na 'n gesamentlike roeping te soek en om gesamentlike werksaamhede aan te pak.

**Kernredes vir herstrukturering:**
Na baie gesprekke is die volgende kernredes vir die herstrukturering geïdentifiseer:

- Die proses is reeds vanaf 1999 aan die gang en in 2003 is reeds die mening uitgespreek dat dit dringend is. Die sinode kan dit nie weer uitstel nie, die funksionering ly daaronder.
- Strukture is daar om Christus se regering in die kerk te beskerm en roeping van Sinode te dra dit is noodsaaklik dat ons die teologie van ons gereformeerde kerkverband herbesoek. (sien die studiestuk oor die teologie aangeheg)
- Die afstand tussen die werksaamhede van die gemeentes en die van die sinode is te groot.
- Die sinodebesluite oor roeping het in afgelope jare geen noemenswaardige verandering van sinodalewerksaamhede gemaak nie. Kommissies hou nie altyd rekening met sinodebesluite nie.
- Sinode het te veel institusioneel en te min organies(beweging) geword
- Die struktuur moet help dat die sinode, in 'n nuwe omgewing, effektief sy roeping kan uitleef.
- Die struktuur het te lomp geword. Nie altyd koste-effektief nie.
- Kontrole moet ingebou word dat sinodale werksaamhede nie met gemeente -en ringswerksaamhede oorvleuel nie. Die sinode moet net doen wat gemeentes nie op hul eie kan doen nie.
- Weens gebrek aan koördinering kan die struktuur van die sinode hand-uitruk. Die sinode moet duidelike langtermyn, mediumtermyn en korttermyn doelwitte stel en daarby hou.

## 1. Vertrekpunte vir die funksionering van sinode

In die besinning oor 'n funksionele sinodale struktuur is daar 'n paar begrippe wat as vertrekpunte dien nl. roeping, gestuurdheid, netwerk, vennootskappe en koördinering.

### 1.1 Roeping

*In die sakewêreld word met die woorde visie en strategie gewerk. Die kerk werk eerder met die woorde roeping en strategie. Dit beteken dit is 'n God- geïnspireerde strategie. As die kerk oor sy toekoms praat, dan word geglo dat hy optree volgens die visie wat God in sy midde geplaas het. God se plan vir die kerk word roeping genoem. God roep 'n spesifieke sinode om 'n opdrag uit te voer. Ons is 'n belydeniskerk met 'n roeping vir 'n spesifieke tyd.*

Die roeping van die sinode is die resultaat van 'n besinning wat vanaf 2003 tot 2007 deur die sinode bevestig is. In kort sou dit as volg formuleer word:

**Gemeentes saam deur God gestuur**

*(Die roeping moet kort en kragtig geformuleer kan word sodat elke lidmaat in die sinode dit kan ken en daarmee kan identifiseer.)* Dit word onderskryf deur die volgende teologiese besinning:

## 1.2 Teologie van gestuurdheid

### 1.2.1 Wat beteken gestuurdheid?

God stuur sy Seun en Sy Gees na die wêreld. God roep en stuur ook sy mense na die wêreld om die evangelie (goeie nuus) van sy ontfermende genade bekend te maak aan almal. Die kerk is dus 'n belangrike beweging van God na die wêreld. Die kerk is by wyse van spreke soos 'n rivier wat die genade van God laat deurvloei na diegene buite die kerk. Die kerk se fokus is dus nie op homself gerig nie, maar om draer te wees van die goeie nuus oor alle grense.

'n Teologie van gestuurdheid betrek alles wat die kerk doen en is (d.w.s. sy kerugmatiese koinonia, diakonia en leitourgia funksies). Hierdie teologie beteken dat die kerk voortdurend in die verwagting leef dat God telkens nuut sal roep en stuur na die immer-veranderende kontekste waarin gelowiges leef.

'n Teologie van gestuurdheid beteken dat onderskeidend na God se stem geluister word en dat die kontekste waarbinne gelowiges leef baie ernstig geneem word. In kerke met 'n teologie van gestuurdheid is daar klem op die toerusting van alle gelowiges as gestuurdes van God. Daar is egter ook ruimte om individue uit te stuur met 'n bepaalde opdrag wat verrig word namens die gemeentes (bv. sendelinge).

'n Teologie van gestuurdheid staan teenoor 'n kerkbegrip waarin daar 'n na-binne-gekeerdheid en 'n oordrewe klem op die instandhouding van die kerklike instituut geplaas word.

Ons vat ons kerkbegrip dus as volg saam:

**Die Drie-enige God red en roep ons, bring ons byeen as 'n geloofsgemeenskap, vorm ons deur Woord en Gees en stuur ons om die Koninkryk te beliggaam.**

### 1.2.2 'n Kerk as gestuurde in beweging

***Wat word bedoel met beweging?*** *Die koninkryk van die Here is altyd in beweging omdat die Gees beweeg. Die teenoorgestelde is stagnering en dood. Hierdie beweging vind plaas volgens die roeping van die kerk op 'n gegewe tyd. Beweging beteken verder dat daar voordurend 'n herwaardering plaasvind oor die huidige sake waarmee 'n gemeente, ring, sinode hom besig hou. Is dit waarmee 'n sinode besig is in lyn met God se roeping vir die tyd?*

'n Kerk wat voortdurend deur God geroep en gestuur word en wat deurlopend vanuit sy roeping en gestuurdheid leef, is 'n dinamiese kerk.

**Die klem op die kerk as gestuurde beweging, is nie 'n keuse teen die kerk as instituut nie.** Hier is hoogstens sprake van 'n klemverskuiwing. Daar bestaan altyd bepaalde polariteite in die kerkbegrip van gelowiges. "Instituut" staan teenoor "beweging" as twee pole. Die kerk posisioneer haarself altyd iewers op die as tussen hierdie pole. Vir die huidige is dit die oortuiging van die kerk om haarself meer na die kant van die "beweging" te posisioneer. Dit beteken nie dat die kerk daarmee sy institusionele rol laat vaar of minag nie. Die kerk sou baie maklik iewers in die nabye toekoms kon besluit om weer meer die klem op sy institusionele aard te plaas. Die uitdaging van ons tyd is juis om binne die kompleksiteit van polariteite te leef en beide pole vas te hou.

Wanneer die klem op die institusionele aard van die kerk val, is waardes soos orde, kontrole, eendersheid, kragdadigheid, sentralisering en instandhouding hoog op die prioriteitslys.

Wanneer die klem val op die kerk as beweging, word Goddelike roeping en gestuurdheid die aandrywing van sy besluite. Waardes soos leerbaarheid, openheid, omarming van verskeidenheid, ondersteuning en hulp word dan bo-aan die kerk se prioriteitslys gevind.

Die voorgestelde struktuur wil aan beide die kerk se institusionele aard, asook aan die bewegingskarakter van die kerk, laat reg geskied.

**Ons voorsien dus 'n klemverskuiwing vanaf: 'n instituut na 'n beweging!**

Daarom verskuif die klem <u>**nou**</u> van:

- **Instandhouding na gestuurdheid**

*Van 'n organisasie wat baie energie aan strukture spandeer, verskuif die klem nou na 'n gestuurde kerk in beweging.*

- **Mag na openheid en broosheid**

*Van 'n sinode wat alles vir almal probeer wees en oor al die antwoorde beskik verskuif die klem nou na 'n beweging wat leerbaar is en luister.*

- **Independentisme na eenheid**

*Van onafhanklike funksionering van sinodale kommissies waar min aksies gesamentlik gekoördineer is, skuif die klem <u>nou</u> na 'n meer samewerkende netwerk benadering en vennootskappe tussen sinodale werksaamhede en gemeentes.*

*Van gemeentes wat onafhanklike funksioneer, skuif die klem na interafhanklikheid van mekaar omdat hulle in kerkverband staan.*

- **Kontrole na ondersteuning**

*Van 'n nougesette reglementering van elke aspek van die kerklike lewe verskuif die klem nou na diensbaarheid en ondersteuning van gemeentes.*

- **Sentralisering na kontekstuele beliggaming**

*Van 'n sentralisering van kerklike werksaamhede by sinode, verskuif die klem na gemeentes en ringe wat hulle eie roeping in eie konteks verstaan.*

## 1.3 Netwerke en vennootskappe as werkswyse

### 1.3.1 Wat is 'n netwerk?

Die netwerkbenadering beteken dat gemeentes nie alleen funksioneer nie, maar saam met ander in 'n aaneengevlegte sisteem funksioneer. Gemeentes netwerk met mekaar m.b.t. 'n bepaalde taak (roeping). Die teenoorgestelde sou wees dat elkeen op sy eie funksioneer. Netwerke het geen formele struktuur nie, maar is 'n aaneengevlegte sisteem waar kundigheid en funksionaliteit opgelaai word tot voordeel van die saak waarmee almal saam besig is. Gemeentes wat saam in netwerk funksioneer werk in sinergie met mekaar. Hulle kom in voeling met mekaar en vul mekaar aan.

### 1.3.2 Wat is 'n vennootskap?

In netwerke word sinergie beklemtoon. In vennootskappe word samewerking beklemtoon. Een van die take van 'n sinode is dat gemeentes gesamentlike werksaamhede as vennote doen, wat hulle nie op hul eie kan doen nie. Gemeentes vorm vennootskappe met mekaar in rings- of sinodale verband om sekere werksaamhede van die sinode uit te voer.

### 1.3.3 Gesamentlike roeping

'n Plaaslike gemeente is volledig kerk maar kan ook nie volledig bestaan sonder ander gemeentes (kerkverband) nie. Independentistiese gemeentes is van oortuiging dat hulle sonder ander gelowiges se hulp, God se wil kan onderskei, alleen sy roeping kan uitleef en sonder hulp of ondersteuning kerk kan wees. Daarteenoor verstaan ons in die gereformeerde tradisie dat ons mekaar nodig het en moet ondersteun in die proses van onderskeiding van God se wil en roeping. Ons verstaan ook dat ons mekaar moet help met die uitvoering van daardie aspekte van ons roeping wat ons nie alleen kan verwesenlik nie.

Die uitdrukking van ons eenheid vind dikwels neerslag in statiese geografiese strukture in die kerk (bv. met samestelling van wyke en gemeentes en ringe en sinodes). In die voorgestelde struktuur word daar nou ook ruimte gemaak vir verband tussen gemeentes wat op grond van hierdie uitgangspunt gevorm word. Gemeentes kan netwerk met mekaar volgens die roeping wat hulle ontvang het. In die meeste sinodale kommissies funksioneer die beginsel van netwerk reeds baie lank. Heelwat gemeentes wat nie in dieselfde ring of sinode is nie netwerk reeds suksesvol met mekaar.

Die vorming van netwerke tussen gemeentes wat dieselfde roeping deel, gee beslag aan 'n kerkbegrip wat voorsiening maak vir die dinamiese invloed van roepingsbewustheid in kerklike strukture. Netwerke kan voortdurend gevorm en ontbind of aangepas word, namate gemeentes van tyd tot tyd hulle roeping nuut verstaan.

Die oogmerk is dat die kerk in al sy gestaltes ruimtes moet wees waarbinne die roeping van die kerk in sy kontekste telkens nuut ontdek en gehoorsaam uitgeleef kan word.

## 1.4 Koördinering

In die effektiewe funksionering van die sinodale sisteem moet daar effektiewe koördinering wees. Om te sorg dat die roeping en besluite van die sinode neerslag vind in die werksaamhede van kommissies moet daar 'n funksie in die sinodale struktuur wees waar alle werksaamhede gekoördineer word. Hierdie groot organisasie kan nie bly voortbestaan as 'n paar onafhanklike organisasie wat op hulle eie funksioneer nie. Om dit reg te stel moet daar nou goeie koördinering wees. Die netwerk van die sinode moet op een punt saamgeknoop word. Goeie koördinering verseker dat dienslewering aan gemeentes deur onderskeie diensgroepe en taakspanne met sinergie geskied. Gesamentlike beplanning, gedeelde visie en goeie samewerking kan alleen geskied indien daar 'n plek vir koördinering is. Met koördinering word nie verstaan dat daar outokraties regeer word nie. Koördinering bring die netwerk bymekaar.

## 1.5 Sinodale beleid

**In die lig van die genoemde vertrekpunte aanvaar die sinode dit as beleid dat:**

- Gemeentes hulle gesamentlike roeping uitleef binne gemeentenetwerke en vennootskappe in die groter sinodale gebied (sluit ook geografies saamgestelde ringe in);
- Gemeentes mekaar ondersteun om as gestuurdes te leef;
- Die sinode luisterend optree en ruimtes identifiseer waarbinne gemeentes se roeping beliggaam kan word.
- Die sinodale werksaamhede gekoördineerd saamwerk.

## 2. Funksionering van sinode:

*Dit is 'n oorbekende uitgangspunt in herstruktureringsprosesse dat struktuur strategie moet volg. Die vraag is: Hoe vind bogenoemde klemverskuiwing in die struktuur van die sinode beslag? Dit vind plaas deur die konsekwente uitvoering van sekere uitgangspunte. Uitgangspunte wat die grondslag vorm is:*

- die roeping van die sinode,
- netwerk van gemeentes,
- vennootskappe van gemeentes in die sinodale gebied,
- die gestuurdheid op alle vlakke,
- 'n gekoördineerde sinodale sisteem
- 'n koste effektiewe sisteem.

*Indien hierdie beginsels deurgaan toegepas word sal daar 'n kultuurverandering teweeggebring word.*

In die praktyk voorsien ons dat die sinode in die toekoms as volg kan funksioneer:
**Funksionering** (*sien volledige vloeidiagram bl 14*)

Die sinode se werksaamhede funksioneer volgens die beginsels van roeping, bestuur, dienswerk d.m.v. netwerke en vennootskappe.

**Roeping:** ⇨ *Besluite* (verkose verteenwoordigers) – *sinode en moderamen*

**Bestuur:** ⇨ *Uitvoering* (verkose verteenwoordigers asook gawes en roeping)- moderamen en *diensgroepe*

**Dienswerk:** ⇨ *Dienslewering* (uitvoering deur gawes/roeping)- *taakspanne*


***Werkswyse van almal:*** *Netwerke en vennootskappe (sien diagram op bl 14)*

## 3. Struktuur van die sinode *(sien organogram bl 15)*

Die sinode identifiseer ruimtes waar gemeentes se roeping beliggaam word.

## 3.1 Taakspanne

Taakspanne (*in meeste gevalle was dit voorheen kommissies*) doen die dienswerk van die sinodes . Taakspanne sal met gemeentes in sinodaleverband netwerke en vennootskappe bou.




Hier val die klem op die begrippe: gawes, roeping, dienswerk, netwerk en vennootskappe.

## 3.2 Diensgroepe:

Om aan die leemte van koördinering van taakspanne en werksaamhede aandag te gee word diensgroepe geskep. Diensgroepe se doel is om 'n koördineringsnetwerk te vorm van die verskillende taakspanne wat in een groep tuishoort. Omdat daar begrotings bestuur moet word en verantwoording gedoen moet word, is daar aan diensgroepe ook 'n bestuurs-en toesigfunksie toegeken.

Daar is vyf diensgroepe wat elke uit verskeie taakspanne bestaan nl.:
Diensgroep vir gemeentebegeleiding
Diensgroep vir getuienis
Diensgroep vir barmhartigheid
Diensgroep vir toerusting
Diensgroep vir ondersteuningsdienste

Hier val die klem op die begrippe: netwerke, koördinering , toesig en bestuur.

Die vyf diensgroepe word weer deur die moderamen gekoördineer.

## 3.3 Projekspanne:

Daar is ook **projekspanne** wat deur die sinode of moderamen saamgeroep kan word vir 'n spesifieke projek waaroor ooreengekom is. So 'n projekspan het altyd 'n tydshorison.

## 3.4 Ringe

*Paragraaf 3 handel oor ringe.*


# 4. Uiteensetting van die struktuur:

## 4.1 Moderamen

### 4.1.1 Samestelling:

Die (moderamen) bestaan uit die volgende lede:

- Moderatuur (6)
- Ringsverteenwoordigers (58)
- PSD's adviserend (13)
- Diensgroepvoorsitters (5)
- Taakspanleiers wat met bestuur van sinode te make het: Fondse, diensverhoudinge, regte en eiendomme (4)
- *Ander taakspanleiers word aangemoedig om vergadering adviserend by te woon indien hulle diensgroep se verslag dien*




### 4.1.2 Take

Na afloop van die vergadering van die sinode, gee die sinode aan die moderamen die volgende opdrag:

- **Leidinggewend**
- – Om op te tree as draers van die roeping van die sinode.
- – Na die eis van omstandighede, leiding te gee ten opsigte van die werksaamhede, vennootskappe en netwerk van sinodale aktiwiteite.
- – 'n Buitengewone sinode te belê wanneer die belange van die kerk in die algemeen of sake van groot gewig dit vereis.
- – In samewerking met gemeentes, die agenda van die volgende sinode saam te stel.
- – As kommissie van orde van die volgende sinode op te tree.

- **Bestuur en koördinering**
- – Om na die eis van omstandighede, die aktiwiteite van die sinode te bestuur, te beplan en te koördineer.
- – Om sorg te dra dat die roeping en beleid van die sinode op alle vlakke van die kerkverband uitgevoer word.
- – Toesighoudend en ondersteunend t.o.v. diensgroepe op te tree. Diensgroepe doen aan moderamen verslag.
- – Om uitvoering te gee aan alles wat deur sinode aan hom opgedra is.
- – Om alle dringende sake en sakebesluite in algemene belang van die kerk af te handel.
- – Om die aanstelling en bestuur van PSD's en senior amptenare van die sinode te behartig.
- – Die besluitneming oor die verkoop en aankoop van vaste- en ander bates van die sinode in samewerking met betrokke diensgroepe.
- – Die hantering van aansoeke om bevoegdheid van predikante en proponente.
- – Finaliseer die afgevaardigdes na die algemene sinode volgens besluite van die sinode.

- **Skakeling**
- – Ekumeniese skakeling.
- – Skakeling met owerheid te behartig.
- – Die kerkverband in alle gevalle waartoe geen voorsiening gemaak is nie te verteenwoordig.
- – Kommunikasie met ringe en gemeentes.

- **Verantwoordbaarheid**
- – Die moderamen doen by die eersvolgende sinode verslag.

- **Uitvoering**
- – Om sy take uit te voer vergader die moderamen ten minste een keer per jaar.

- Na afloop van elke vergadering word die besluite van die vergadering deur die skriba aan die gemeentes beskikbaar gestel.

## 4.2 Moderatuur:

### 4.2.1 Samestelling:

Die moderatuur bestaan uit 6 verkose lede wat aan die begin van die sinodesitting verkies word en twee nie-predikante wat aan die einde van die sitting verkies word, asook 'n sinodale koördineerder wat adviserend deel van die moderatuur vorm.

**Verkose lede:**

Moderator (voorsitter)
Assessor (onder voorsitter)
Aktuarius (kerkregkundige)
Skriba(sekretaris)
2x Addisionele lede
Sinodale koördineerder (PSD)- adviserend

*Bogenoemde word **aan die begin** van die sinode verkies en gee leiding tydens die vergadering.*
**Aan die einde** van die vergadering verkies die sinode twee nie-predikante uit 'n kortlys van minstens vier persone wat deur die kommissie vir kommissies benoem word, met behoud van die sinode se reg om name by te voeg.
***Minstens twee verteenwoordigers van beide geslagte moet op die moderatuur dien.* Indien dit nie met die verkiesing realiseer nie, koöpteer die moderamen nog persone om dit te bereik.**

### 4.2.2 Take van die moderatuur

- Tree as gevolmagtigde dagbestuur van die moderamen op en doen daaroor verslag aan die moderamen.
- Neem verantwoordelikheid vir die korporatiewe en eksterne kommunikasie van sinode.
- Doen verantwoording aan die moderamen.

### 4.2.3 Sinodale Koördineerder: Posbeskrywing:

- Die sinodale koördineerder is 'n voltydse PSD in diens van die sinodale struktuur.
- Hy/sy koördineer die sinodale struktuur namens die moderatuur met verslag aan die moderatuur. Die sinodale koördineerder staan onder toesig van die moderatuur en dien slegs adviserend op die moderatuur.

**Take:**

- Koördineer die werksaamhede van die sinodale struktuur en bestuur projekte van die sinode en moderamen.

**Koördineringstake:**

- Hy/sy hou kwartaalliks 'n koördineringsvergadering van alle PSD's en voorsitters van diensgroepe. Saam koördineer hulle die werksaamhede van die diensgroepe.
- Woon gereeld die vergaderings van die onderskeie diensgroepe by.
- Sorg dat alle werksaamhede van die diensgroepe belyn word met die roeping en besluite van die sinode.
- Gee ondersteuning aan *diensgroepe* met die vestiging van vennootskappe en netwerke met ringe en gemeentes.
- Gee ondersteuning aan *ringe* in hulle eie funksionering en transformasieprosesse.

**Die projektake behels die volgende:**

**Projektake:**

- Hy/sy bestuur al die projekte waarop die sinode/moderamen besluit
- Organiseer die sinode en moderamen vergaderings
- Organiseer alle sinodale konferensies van die moderamen en sinode.
- Behartig enige organiseertaak wat die moderatuur vir hom/haar mag opdra.

****( Aanvanklik kan hierdie pos gevul word deur 'n tydelike fasiliteerder wat die transformasie van die struktuur saam met die moderatuur begelei en implementeer. Die proses van transformasie en kultuurvestiging sal gereeld geevalueer word. Die opdrag van so fasiliteerder kan dan anders lyk as die posbeskrywing hierbo.)*

## 4.3 Diensgroepe:

**Omskrywing:** Die sinode het 5 diensgroepe wat die werksaamhede op die onderskeie afgebakende gebiede koördineer. Die 5 diensgroepe is:
Diensgroep vir gemeentebegeleiding
Diensgroep vir toerusting
Diensgroep vir getuienisaksie
Diensgroep vir barmhartigheid
Diensgroep vir ondersteuningsdienste

### 4.3.1 Take van diensgroepe

- Elke diensgroep fokus op sy spesialis gebied en funksioneer volgens roeping en beleidstandpunt van die sinode.
- Skepping van netwerke en vennootskappe in die sinodale gebied.
- Toerustings en ontwikkelingsfunksie.
- Hou toesig oor die werksaamhede van die taakspanne.
- Koördineer die werksaamhede van taakspanne.

- Bestuur die begroting van die diensgroep.
- Vergader minstens een keer per jaar.

#### 4.3.2 Samestelling van diensgroepe

- Word ringsgewys saamgestel tydens sinode. Elke ring benoem primarius en sekundes verteenwoordiger vir elke diensgroep.
- Die diensgroepvoorsitter, ondervoorsitter en skriba word tydens sinode verkies.
- Leiers van die taakspanne in die diensgroep
- PSD's aan diensgroep toegewys.
- *Verteenwoordigers van beide geslagte moet op die diensgroep dien.*

#### 4.3.3 Dagbestuur van diensgroep

- Voorsitter, onder voorsitter en skriba
- Taakspanleiers
- PSD's

**Take van dagbestuur:**

- Funksioneer as gevolmagtigde dagbestuur van diensgroep, met verslag aan diensgroep.
- Wys een van die PSD's aan om as koördineerder van diensgroep en sy PSD's te funksioneer.

### 4.4 Taakspanne

- **Omskrywing**: Taakspanne bestaan uit lidmate (dit sluit predikante in) wat 'n spesifieke roeping of gawe vir 'n saak het. Taakspanne fokus op die roeping waarvoor hulle verantwoordelik is.

#### 4.4.1 Take en funksionering:

- 'n Taakspan verrig sy werksaamhede volgens roeping en beleid van die sinode.
- Taakspanne word nie belas met administrasie of algemene bestuur van diensgroep nie.
- Taakspanne se werkswyse en samestelling sal afhang van hulle spesifieke taak.
- Taakspanne met 'n spesifieke fokus, waar die verteenwoordiging van die hele sinodale gebied noodsaaklik is, soos bv. taakspan vir leer en aktuele sake, asook fondse word saamgestel uit ringsverteenwoordigers.
- Elke taakspan kies sy eie leier, wat ook op die diensgroepdagbestuur dien.
- Taakspanne lewer verslag aan die diensgroep, maar behou ook die reg om direk aan die sinode verslag te doen.

#### 4.4.2 Samestelling

- Taakspanne bestaan uit 'n minimum van vyf lede en word deur die diensgroep aangewys. (*Hier kan ringsverteenwoordigers ook persone in die onderskeie ringe en gemeentes nomineer).*
- Taakspanne wat reglementêr deur die sinode saamgestel moet word, of deur ringsverteenwoordigers saamgestel word, word tydens die sinode gefinaliseer soos dit met diensgroepe die geval is.(Hierdie lys van taakspanne sal tydens sinode beskikbaar wees).
- Verteenwoordigers van beide geslagte moet op die taakspanne dien.

### 4.5 Projekspanne

**Omskrywing:** Projekspanne word deur 'n sinode /moderamen getaak om uitvoering te gee aan 'n spesifieke roepingsverklaring of besluit. Hierdie projek kan normaalweg nie deur 'n diensgroep gedoen word nie.

#### 4.5.1 Samestelling en funksionering

- Projekspanne word saamgestel volgens opdrag wat hulle ontvang.
- Projekspanne het 'n voorafbepaalde voltooiingsdatum om toegewysde take te voltooi, waarna hulle ontbind.
- Projekspanne doen verslag aan die vergadering van wie hulle die opdrag ontvang het.
- Verteenwoordigers van beide geslagte moet op die projekspanne dien.

### 4.6 Predikante in sinodale diens (PSD)

**Omskrywing:** 'n PSD is 'n predikant wat voltyds in diens van die sinode staan.

#### 4.6.1 Aanwysing en toesig

- 'n PSD word vir 'n spesifieke opdrag deur die moderamen *aangestel* in oorleg met die diensgroep aan wie hy/sy toegewys gaan word. Die moderamen kan die opdrag na gelang van omstandighede wysig.
- 'n PSD kan aan spesifieke diensgroepe toegewys word om hulle take uit te voer.
- Die moderamen bemagtig die taakspan vir diensverhoudinge om alle sake rondom die *diensverhoudinge* (diensvoorwaardes, salarisse en toesigfunksies) namens die moderamen te bestuur met verslag aan die moderamen.
- Die *toesig-en versorgingsfunksie* doen die moderamen in samewerking met die taakspan vir diensverhoudinge en die diensgroep aan wie die psd toegewys is.
- Indien 'n PSD of senior amptenaar se poste *vakant* raak, besluit die moderamen of die pos weer gevul moet word en op welke wyse. Indien 'n pos weer gevul word, doen die moderamen dit in oorleg met die betrokke diensgroep aan wie die persoon toegewys gaan word. (*Senior amptenaar is 'n nie-predikant wat in 'n soortgelyke salarisgleuf van 'n predikant verdien*)

- Geen PSD pos of 'n pos van senior amptenaar in die sinodale struktuur, kan geskep of gevul word sonder die moderamen se goedkeuring nie. Selfs al word fondse uit ander bron bekom.
- ***Die taakspan het tydens konsultasieprosesse vrae ontvang of dit wenslik is dat PSD's as voorsitter in enige van die sinodale strukturekan dien.*** *Volgens die King III verslag sou dit tot botsing van belange kan lei. Die taakspan het die saak na die aktuaris en sinodale regskommissie verwys om hieroor uitspraak te gee. Die uitspraak van die SRK is deur die*
- *Moderamen onderskryf. (Die detail verslag oor die ondersoek wat gedoen is, word in die regskommissie se verslag aan die sinode opgeneem).* ***Die moderamen het die volgende besluite geneem:***
- Die moderamen besluit om in die "nie-voorskriftelike gees" van die King III-verslag, dit aan elke afgevaardigde self oor te laat om lede tot die moderatuur te verkies wat die sinode die beste sal lei.
- Die moderamen besluit dat indien 'n PSD wel deur die sinode tot die moderatuur verkies word, daar maatreëls in plek gestel moet word om 'n botsing van belange te voorkom.
- Die moderamen besluit dat 'n PSD wat in diens van die sinode staan nie as voorsitter van die diensgroep/taakspan aan wie hy/sy diens verrig, kan dien nie. Dit sou op 'n konflik van belange kon afstuur.
- Die moderamen versoek die SRK om verder aan hierdie saak aandag te gee en om die sinode van advies te bedien.

4.6.2 Aanwending van huidige PSD's

- In 2010 bestaan daar 13 PSD poste (16 persone beman dit, want daar is heelwat 50% poste), waarvan een 50% pos vakant is.
- Daar is 4 Senior amptenare.
- Die poste sal oor die volgende jare effektief bestuur moet word volgens die maatstawwe van: effektiewe personeelbenutting en kostebesparing. Die moderamen sal deurlopend die effektiwiteit van poste moet evalueer en bestuur. Vir hierdie doel gaan van 'n buitekonsultant gebruik gemaak word sodat 'n professionele kundige vir die taakspan leiding kan gee oor die aanwending van poste, hulle infrastruktuur en funksionering.
- Die taakspan voorsien dat na 2015, die PSD poste verminder gaan word.
- Die taakspan tref die volgende reëlings oor die plasing van PSD's in die nuwe struktuur:
- Die taakspan wys 'n konsultant aan wat die poste saam met taakspan, by die nuwe struktuur moet aanpas met verslag aan sinode / moderamen.(kan ook spesiale moderamen verg wees indien nodig).
- Totdat die ondersoek afgehandel is en die moderamen/sinode dit goedgekeur het sal elke PSD oorskuif oor na diensgroep waar sy vorige kommissie in die nuwe struktuur sal tuiskom.
- Die taakspan respekteer alle besluite oor plasing van PSD's by kommissies tot by die sinode/ afhandeling van ondersoek.
- Om die oorgang tot by 'n nuwe bedeling te bestuur kan dit nodig word om 'n addisionele pos en 'n half te skep, met die veronderstelling dat dit opgehef sal word indien PSD's oor die volgende drie tot vier jaar aftree.

## 4.7 Algemene opmerkings oor die struktuur.

- Die struktuur volg die roeping van die sinode. Daarom voorsien ons 'n **verandering in kerklike kultuur.** Met kultuur word bedoel die wyse waarop die kerk funksioneer. Die verandering in kultuur wat in die voorgestelde struktuur veronderstel word, vereis dat daar nuut gedink word oor die verhouding tussen gemeentes en die sinode, die rolle van leierskap, die samestelling van agendas van vergaderings, die goedkeuring van projekte, ens.
- Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie herstrukturering die begin van 'n nuwe kultuur is en nie die finale antwoord nie. Die nuwe struktuur is so opgestel dat dit ruimte skep vir aanpassing en beweging. So is die taakspanne nie vir altyd in een diensgroep (netwerk) ingedeel nie en die diensgroepe (netwerke) nie in permanente afsonderlike dele gegiet nie. Die hele sisteem is so opgestel dat diensgroepe nader aan mekaar kan (eintlik moet) beweeg en taakspanne se betrokkenheid by spesifieke diensgroepe kan verskuif. Dit moet heeltyd gekoördineer en bestuur word. Diensgroepe soos barmhartigheid en getuienis sal nader aan mekaar kan beweeg en diengroepe soos gemeentes en toerusting sal nader aan mekaar kan beweeg. Diensgroepe moet voordurend in gesprek met mekaar bly en hande vat in 'n nuwe sisteem. *Ons sou graag wou praat van 'n sisteem wat bestaan uit taakspanne en diensgroepe met spesifieke fokuspunte, maar met sagte grense.*
- Daar moet voorsorg getref word dat daar **voordurende wisseling in leierskap** is. Daarom: kan geen persoon vir meer as twee termyne in dieselfde amp (in die moderatuur of diensgroep) dien nie. ('n Termyn is 4 jaar tussen gewone sinodesittings).
- Die voorgestelde struktuur spreek die belangrikste tekortkoming van die huidige bedeling aan nl.: Gebrek aan koördinering van die sinodale struktuur.

Dat daar toesig en koördinering plaasvind sodat die roeping van die sinode in die werksaamhede weerspieël word.
Dat besluite en werksaamhede tussen sinodes, in sinergie funksioneer.
Dat gemeentes die agenda van die sinode bepaal en dat sinode op vennootskappe met gemeentes en ondersteuning vir gemeentes gerig is.

- Ruimte word gelaat vir 'n dinamiese struktuur wat voordurend aangepas word, soos die eis van omstandighede dit mag vereis.
- Die sinodalestruktuur gee slegs aandag aan die sinode se taak. In die verlede was daar **gelyknamige kommissies** vir die sinode, ringe en gemeentes. Nou werk elkeen (sinode, ring en gemeente) volgens die opdrag wat hy het.
- **PSD's se diensverhoudinge** is nie meer by betrokke kommissies gesetel nie. Dit verseker eenvormigheid, koördinering van take en die beweeglikheid van die sisteem. Ter wille van die koördinering van die sisteem is alle personeel se aanstelling en diensverhoudinge nou by een plek gesetel.
- Sinodale verantwoordelikhede ten opsigte van barmhartigheid, getuienis en Communitas wat deur die geskiedenis gevestig is a.g.v. **spesifieke roeping wat die kerk op 'n** tydstip gehad het, word gerespekteer.
- Alle samewerkende verbintenisse met die **VGK Wes-Kaapland** gaan net so voort in die onderskeie werksaamhede/kommissies.
- **Finansiële impak van die herstruktureringsproses:**
  Dit is baie belangrik dat die hele sisteem van die sinode koste-effektief sal funksioneer. Dit beteken dat ons nie meer geld van die sinode moet vra nie, maar eerder minder en steeds voortgaanom gesamentlike aksies te onderhou. Die taakspan voorsien dat die voorgestelde werkswyse en struktuur nie die sinode meer sal kos nie, maar genoeg bestuur en koördinering inbou sodat werksaamhede van die sinode koste-effektief vir die gemeentes sal wees.

**Die volgende motivering word aangebied:**
Die sinode aandeel (begrote bedrag) word jaarliks op grond van die volgende beginsels tussen die gesamentlike werksaamhede van die sinode verdeel.

- Prioriteite wat die sinode ter vergadering bepaal.
- Geskiedkundige verantwoordelikhede t.o.v. gesamentlike werksaamhede en vennootskappe van die sinode, wat vierjaarliks geëvalueer word.
- Bedryfsbehoeftes waarop die moderamen besluit.

Die sinodale begroting word in 6 dele verdeel. Dit is die vyf diensgroepe asook die moderamen. Die begrote bedrag word jaarliks deur die SFK bepaal volgens normale maatstawwe. Elke diensgroep bestuur sy deel van die begroting wat aan hom toegeken is. Die funksionering van die diensgroepe en taakspanne aan die diensgroep gekoppel, moet binne die begroting bestuur word. Diensgroepe kry nie meer geld indien hulle meer taakspanne wil aanwend of meer wil vergader nie. Hulle moet koste-effektief met hulle begroting uitkom. Daar sal dus kreatief oor vergaderings besin moet word.

Die taakspan voorsien verder dat daar vanaf 2015 minder PSD poste sal wees.

## 5. Ringe

Volgens die kerkorde is daar 3 kerntake van ringe.

- Toesig (opsig en tug)
- Pastoraal (visitasie en hulp)
- Draers van roeping

### 5.1 Beweging van ringe is ook nodig:

*Ons verskuif die klem vanaf 'n kerklike-instituut na 'n koninkryksbeweging! Daarom verskuif die klem by ringe* <u>*nou*</u> *van:*

- Verslag na roeping:
  Ringe moet nie slegs gaan oor verslae van sinodale kommissies of eie kommissies nie. Verslae moet tot minimum beperk word.
- Mag na geloofsonderskeiding:
  Hoewel die ring steeds 'n toesigfunksie het (volgens kerkorde) moet dit nie al wees waarmee hy besig is nie. Ringe behoort geloofsonderskeidend visionerend op te tree vir die gemeentes in ringsgebied.
- Independentisme na interafhanklikheid:
  Gemeentes moet besef ons funksioneer saam in kerkverband en dat kerkverband 'n belangrike funksie het.
- Kontrole na ondersteuning:
  Ringe moet minder gemeentes probeer kontroleer en meer ondersteunend in netwerk verband optree.

## 5.2 Funksionering van ringsitting

- Konstitueer
- Verkies kommissies (ringskommissie, regskommissie en ander kommissies wat ring as noodsaaklik ag).
- Die ring moet 4 kerntake tydens die sitting hanteer:
  1. Alle <u>toesigfunksies wat aan hulle opgedra is volgens kerkorde.</u>
  2. Inisieer geloofsonderskeidende prosesse ten opsigte van <u>roeping in die plaaslike</u> konteks.
  3. Tree geloofsonderskeidend op ten opsigte van <u>onderlinge sorg.</u>

4. Beliggaam en netwerk die onderlinge verbondenheid.

- Ons voorsien dat sinodale verslae nie meer deel van ringsittings gaan wees nie.

### 5.3 Proses van transformasie van ringe

Die sinodale koördineerder ondersteun elke ring afsonderlik sodat elke ring gedurende 2011-2014 self kan besin oor sy grote, samestelling en funksionering in die lig van ringsgemeentes se gesamentlike roeping en interafhanklikheid.

## 6. Implementering van nuwe struktuur

- Die taakspan het baie wys met sinodale kommissies, PSD's, Ringe en gemeentes gekonsulteer om die proses te voltooi. Daar was voordurend uitnodigings om deel te neem aan die proses. Baie lidmate het van die geleentheid gebruik gemaak. Die konsultasieproses was baie positief en het verskeie veranderings tot gevolg gehad.
- Na die Februarie 2011 moderamen vergadering gaan die taakspan 'n konsultant aanwys om aan die taakspan raad te gee vir die plasing en aanwending van PSD's. Hierdie ondersoek sal die hele personeelinfrastruktuur insluit. Nadat die sinodale struktuur vir lank in afsonderlike eenhede gefunksioneer het, is dit nodig om 'n buite konsultant in te kry en raad te gee hoe die huidige personeel in die nuwe struktuur inpas. Die ondersoek moet voor die volgende sinode of moderamen vergadering af gehandel wees. Indien moontlik sal die taakspan met die volgende sinode/moderamen vergadering 'n verslag kan doen.
- Tydens die sinode van 2011 sal diensgroepe konstitueer. Die sinodale koördineerder (of taakspan herstrukturering) sal diensgroepe en taakspanne ondersteun en fasiliteer sodat hulle duidelikheid oor hulle werksaamhede en werkswyse kan hê. Die hele implementering van die nuwe struktuur sal deur die huidige taakspan tot Feb. 2012 begelei word. Die huidige taakspan kry opdrag om bogenoemde proses voor die eerste moderamen verg van 2012 te voltooi. Die pos van sinodale koördineerder(of tydelike fasiliteerder) moet so gou moontlik deur die moderatuur en die taakspan herstrukturering na afloop van die sinode gevul word.
- Tussen 2012 en 2015 kry die moderamen opdrag om transformasie te bestuur sodat die eindresultaat bereik word. Vir die doel word voor by die eerste moderamen vergadering van 2012 'n taakspan deur die moderamen aangewys om die proses te begelei en verder uit te bou in die lig van die sinode se roeping.
- Alle diensgroepe /taakspanne, PSD's sal in volgende vyf jaar deur die aangewese taakspan begelei word om die roeping en beleid van die sinode te implementeer. Daar sal ook ruimte vir aanpassings in die sisteem moontlik wees.

## 7. Aanbevelings

7.1 Die sinode keur die voorgestelde vertrekpunte en beleid goed.

7.2 Die sinode keur die voorgestelde struktuur en funksionering van die sinode soos in par. 2-4 uiteengesit, goed, met voorbehoud dat daar ruimte vir aanpassings in die sisteem moontlik sal wees.

7.3 Die sinode keur die proses om ringe te herstruktureer (par. 5) goed.

7.4 Die sinode keur 'n proses van implementering soos in paragraaf 6 voorgestel goed.

7.5 Die sinode spreek sy dank uit teenoor al die sinodale kommissies, PSD's en ander personeel vir die goeie en deeglike diens wat hulle vir die sinode en gemeentes verrig.

7.6 Die sinode gee opdrag aan die sinodale regskommissie om die nuwe struktuurkerkregtelik in die sinode se reglemente op te neem.

7.7 Die sinode wys die bestaande taakspan aan om die proses tot met volle implementering (Feb. 2012) te begelei. Lede van die taakspan is: Dr Quintus Heine (voorsitter); Di. Nelis Janse van Rensburg, Hannes Theron, Oudl. Drikus Greeff, Frik Bosman en Antoinette Muller (vrouediens).

# B3: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN BARMHARTIGHEID (SKDB)

Graag word die volgende verslag gelewer rakende die werksaamhede van die SKDB/GKD die afgelope vier jaar:

- Probleem rondom die vakature binne die SKDB
- Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat
- BADISA
- 'n Nuwe visie vir die kerk se diakonale werk
- Opdrag om herstrukturering
- Die pad vorentoe met spesifieke verwysing na Armoede en Alkohol en Dwelmmisbruik
- Bylaag 1 - Memorandum van Tussentydse Ooreenkoms (vir kennisname)
- Bylaag 2 - Ooreenkoms om Kommissie vir Diakonaat tot stand te bring (vir goedkeuring)
- Bylaag 3 - Reglement vir die Kommissie vir Diakonaat van die VGK Kaapland en die NGKSA (Wes- en Suid- Kaap) (vir goedkeuring)
- Bylaag 4 - Kliniese Pastorale Diens
- Bylaag 5 - Die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy
- Bylaag 6 – Alkohol, Dwelms en die Kerk – ds. P Theron (Laat stuk)
- Bylaag 7 - BADISA se beleidsdokument oor Middelafhanklikheid (Laat stuk)

## 1. Probleem rondom die vakature binne die SKDB

Dit is waarskynlik bekend dat daar sedert die vertrek van ds. Willie vd Merwe, nie meer voltydse kapasiteit binne die NGK was om aandag te gee aan die gemeente diakonaat van die kerk nie. Ds. Van der Merwe het na sy aanvaarding van die pos as bestuurshoof by BADISA weliswaar nog sy hand op dinge gehou, maar na sy vertrek is daar 'n besliste vakuum gelaat. Dit is tydelik hanteer deur die aanstelling van ds. Hans Steyn van Worcester, in 'n tydelike deeltydse pos en alhoewel ds. Steyn uitstekende diens gelewer het, was die reëling nie sonder sy eie logistieke uitdagings nie. Na ds. Steyn se vertrek einde 2009 is die tydelike pos weer geadverteer, maar na deeglike oorweging was die eenparige aanbeveling (SKDB DB en moderatuur), dat 'n aanstelling nie gemaak moet word nie. Steeds het die moderamen egter met die opdrag van die vorige sinode gesit dat die hele saak van die SKDB in die interim tyd hanteer moet word. Tydens die moderamenvergadering van Maart 2010 is daar toe 'n besluit geneem dat Dr. Braam Hanekom as *waarnemende PSD* die proses verder moet bestuur. Van die volgende sake moes dringend aandag kry:

- Die herstrukturering van die SKDB om in 'n goed funksionerende samewerkingsooreenkoms met die SKDD (VGK) binne die Gekombineerde kommissie vir diakonaat te funksioneer.
- Beter skakeling met BADISA.
- Beter kommunikasie met gemeentes.
- Die ontwikkeling van gemeente diakonaat en netwerke waar gemeentes saam kan werk.
- Die herposisionering van GHBM.
- Konsolidering van begrotings.
- Die vind van die nodige kapasiteit wat koste-effektief ook binne die nuwe herstruktureringsplan van die sinode kan funksioneer. Geen ekstra las moet nou op gemeentes geplaas word nie.

## 2. Opdrag om herstrukturering

Die Sinode van 2003 het in beginsel goedgekeur dat, 'n Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat deur die SKDB en SKDD gevorm word. Die afgelope sewe jaar funksioneer die SKDB binne hierdie ruimte omdat die Kommissie glo dat 'n eenheidsbediening noodsaaklik is vir die uitvoering van die opdrag aan die kerke om barmhartig te wees "soos julle Vader barmhartig is (Lukas 6:36). Die volle agendas van die kommissies word in die GKD hanteer, behalwe daar dit kerkordelik en gemeenregtelik nie moontlik is nie.

Met bogenoemde as agtergrond is daar aan die werk gespring om die herstrukturering van die SKDB, asook bogenoemde visie 'n werklikheid te maak.

Dit is aangenaam om die volgende bekend te maak:

2.1 Die SKDB het die afgelope reses saam met die SKDD van die VGK as GKD gefunksioneer met 'n ooreenkoms wat in 2010 hersien is. Dié samewerkingsooreenkoms (sien Bylaag 1) met die VGK is na onderhandelinge met die VGK en BADISA gefinaliseer. Dit bevestig 'n gesonde funksionering van die GKD. Die SKDB kan as regsentiteit tans nie ontbind nie, maar sal voortaan sy werksaamhede binne die GKD voortsit. Alle ringsverteenwoordigers dien op die GKD en die DB van die SKDB is deel van die DB van die GKD.

2.2 Die SKDB en SKDD het verder met mekaar onderhandel om na die voorbeeld van die KGA 'n eenheidsbediening te vestig. Bylaag 2 en 3 is die nuwe voorgestelde ooreenkoms en reglement vir die Kommissie vir Diako-

naat. Die dokumente is in September 2010 deur die VGK (Kaapland) goedgekeur en word nou by die Sinode aanbeveel.

2.3 Die konsolidering van fondse onder die diskresionêre bestuur van die SKDB is afgehandel. Kleiner bedrae word aan die begunstigdes uitbetaal en twee fondse is daargestel. Die eerste – 'n gekonsolideerde reserwefonds se opbrengs (na kapitaalgroei) behoort 50% van die begrote werksaamhede te dek, sodat eweredige bydraes slegs 50% van 'n gewone "PSD-pos" sal beslaan. Die tweede is 'n bestaande natuurrampfonds wat aan ons 'n jaarlikse opbrengs sal lewer waaruit gemeentes gehelp sal kan word om die nood rondom natuurrampe te verlig.

2.4 Daar is weer 'n kantoor gevestig met wat verantwoordelikheid sal neem vir behoorlike administrasie en kommunikasie na gemeentes en veral die energering van diakonale werksaamhede en die bou van gemeente netwerke rondom die saak. 'n Netwerk-koördineerder is aangestel wat administratiewe funksies sal verrig en verantwoordelik sal wees om skakeling en kommunikasie tussen die kantoor, gemeentes en van ons diakonale instellings te verhoog. Ons verwelkom graag Mev. Jackie Swart wat voorheen in die GKS kantoor werksaam was. Neem asseblief vrymoedigheid om met die sinodale kantoor te skakel as daar enige vrae is. (kontakbesonderhede: telefoonnommer 021 957 7113 of e-pos by omgee@kaapkerk.co.za)

## 3. Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD)

### 3.1 Opdrag van die GKD

**Die opdragte en werksaamhede van die GKD sluit o.a. die volgende in :**

(i) Ondersteun die kerke in hulle diakonale taak deur die gemeente diakonaat te bevorder.
(ii) Doen navorsing en besin oor maatskaplike- en sosiaal-etiese vraagstukke en adviseer die kerkverband hierin.
(iii) Hou namens die kerke toesig oor BADISA.
(iv) Organiseer en bestuur die kliniese pastoraat. (Sien bylaag 4)
(v) Voer opdragte van die kerke aan die kommissie uit.
(vi) Nood- en Rampverligting

In die sinodale gebied kom daar gereeld rampe voor soos oorstromings en brande wat gemeenskappe ontwortel. Wanneer die GKD daarvan kennis neem, word daar uitgereik na die naaste gemeente of plaaslike rampkomitee en hulp word aangebied. Beperkte finansiële hulp word uit 'n rampfonds verleen.

Die afgelope reses is daar in verskeie gemeenskappe in samewerking met plaaslike gemeentes hulp verleen. Die kommissie was ook in 2009 betrokke om kerklike kontak te bewerkstellig na die ramp wat Haïti getref het en het skenkings help kanaliseer.

(vii) Xenofobiese aanvalle

Met die xenofobiese aanvalle in Mei 2008 was daar onmiddellik skakeling met die staat en plaaslike owerheid in die Kaapse metropool. Gemeentes is genader om beraders beskikbaar te stel. Opgeleide hospitaalwerkers het ook as beraders hulp verleen.

Fondse is beskikbaar gestel vir die aankoop van melk en ander voorrade vir moeders met jong kinders.

Verskeie gesprekke is met die Kaapstad se noodsentrum gevoer oor die ontwikkeling van 'n webgebaseerde databasis om die verspreiding van kosvoorrade te koördineer. Die gedagte is ongelukkig nie verder gevoer nie. Heelwat gemeentes en enkele BADISA programme was betrokke met hulpverlening.

Met die aanvalle in die De Doorns omgewing in November 2009 is daar ook met die plaaslike VG- en NG gemeentes kontak gemaak en hulp is aangebied.

Met die evaluering van die kerke se betrokkenheid by hierdie menslike ramp, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar naas die behoefte aan onmiddellike kosvoorrade ook 'n groot behoefte aan traumaberading was. Die leraars betrokke by die Kliniese Pastoraat is versoek om 'n opleidingsprogram oor traumaberading in samewerking met Communitas te ontwikkel.

Tydens die 2010 aanvalle is daar baie ure se onderhandeling met die staat gevoer ten einde pro-aktief planne daar te stel. Daar is ook met enkele gemeentes gekontrakteer wat van hul geboue beskikbaar gestel het, sou die krisis daarom vra. Kontrakte met die oog op krisisse is ook beding.

## 4. BADISA

### 4.1 Agtergrond

BADISA is die gesamentlike barmhartigheidsbediening van die VGK Kaapland en die NGK Wes- en Suid-Kaap wat in 2003 tot stand gekom het en die kerke het die verantwoordelikheid om toesig te hou oor hierdie kerk- en geloofsgebaseerde welsynsorganisasie. BADISA bestaan uit die volgende programme: 50 Maatskaplike diensprogramme, 47 Tehuise vir Bejaardes, 24 Dienssentrums, 24 Voorskoolse programme, 6 Kinderhuise, 4 Sentrums vir Gestremdes, 6 Nasorgsentrums 2

programme vir Middelafhanklikheid, een vir aanneming, MIV/Vigs en een Straatkind program. BADISA werk in drie provinsies, naamlik die Wes-, Noord- en Oos-kaap en bereik meer as een miljoen begunstigdes per jaar. Vir meer informasie sien die Jaarverslag vir 2010.

BADISA se 167 programme bereik namens die kerke jaarliks meer as 1 miljoen begunstigdes met 'n wye reeks dienste en ondersteuning.

BADISA is wel 'n selfstandige regsentiteit wat beteken dat die organisasie selfstandige besluite kan neem en handel, maar bly behoorlik in die hart van die kerk geanker.

### 4.2 Missie, visie en waardes van BADISA

BADISA het in 2009 sy strategiese raamwerk heroorweeg en sy missie, visie en waardes aangepas en dit lui nou soos volg:

Visie: *Christelike Barmhartigheid – ons is 'n naaste van elkeen in nood.*

Missie: BADISA as die barmhartigheidsbediening van NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en VG Kerk (Kaapland) is waardegedrewe met Jesus Christus as voorbeeld.

BADISA is 'n Organisasie sonder Winsoogmerk wat in samewerking met gemeentes en ander rolspelers:

- Uitnemende professionele-, vakkundige- en ondersteuningsdiens aan mense en gemeenskappe in nood lewer.
- Ontwikkelingsprogramme daarstel wat ten doel het om verbruikers/kliënte in staat te stel om optimaal te funksioneer.

Waardes: Diensbaarheid, Geregtigheid, Uitnemendheid, Rentmeesterskap.

### 4.3 Verhouding BADISA en die gemeentes

Dit is belangrik dat daar goeie verhoudinge tussen BADISA en gemeentes moet wees. Daar het egter oor die jare in sommige dele van die sinodale gebied 'n groeiende verwydering tussen BADISA en van die gemeentes ontstaan. Daarom het BADISA die afgelope jaar ernstige pogings aangewend om die verhouding plaaslik en in die breë te versterk. BADISA se bestaan is gebou op die feit dat ons 'n kerkgebaseerde welsynorganisasie is. BADISA leef dus in die ruimte wat die kerke hom bied terwyl hy ook moet rekening hou met die regsruimte soos voorgeskryf deur die staat se wetgewing.

### 4.4 Wysiging van die Konstitusie

Gedurende 2009 is die konstitusie van BADISA gewysig om verteenwoordiging van die Vroue bedieninge van die kerke moontlik te maak. Die aantal lede van die Ledevergadering neem van 39 na 41 toe. Die VGK en NGK word steeds elk deur 10 lede verteenwoordig. Die SKDD en SKDB benoem die kerke se lede na die Ledevergadering.

### 4.5 Betrokkenheid by BADISA

BADISA is baie dankbaar vir die volgehoue betrokkenheid, ondersteuning en voorbidding deur gemeentes en lidmate vir die werk en wil lidmate en gemeentes verseker dat die werk daarsonder nie suksesvol sou wees nie. Daar is groot getalle lidmate wat ook hulle tyd afstaan om as vrywilligers betrokke te wees by beheerrade, komitees, as organiseerders van funksies, ens. en ook ander wat betrokke is by direkte dienste aan begunstigdes. 'n Opregte woord van dank aan elkeen hulle.

### 4.5 Uitdaging in die kerk se verhouding met BADISA

Die kerk gee byvoorbeeld ongeveer R2.8 miljoen ter ondersteuning van die volgende aksies aan BADISA:

- Bestuursfunksie ;
- Hulp aan programme;
- GHBM (artikel 21 maatskappy) wat hoofsaaklik daar is vir die diens en ondersteuning van BADISA-programme.

*Intussen het dit al duideliker geword dat daar in sommige dele van die sinodale gebied 'n groeiende verwydering tussen BADISA en van die gemeentes ontstaan het. Dit moet baie duidelike gestel word dat BADISA na ons mening uitstekende werk lewer, maar omdat daar nie kapasiteit in die sisteem was om behoorlike en deurlopende inligting te kommunikeer nie, het die spreekwoord wat sê: "Onbekend maak onbemind" waarskynlik 'n al groter werklikheid geword. BADISA ontvang verder ongeveer R90 miljoen per jaar van die staat wat beteken dat BADISA in baie opsigte 'n semi-staatsinstelling met groot statutêre verantwoordelikhede geword het. Die vraag is nou tweërlei. Waar laat dit die kerk en die kerk se diakonaat? En wat is die verhouding tussen BADISA en die kerk?*

## 5. Nuwe visie vir die kerk se diakonale werk

Op die vraag: Wat is die verhouding tussen BADISA en die kerk?, is die antwoord vir ons tans duidelik. Ons wil graag in 'n hegte verhouding met BADISA funksioneer. Ons meen dat BADISA baie aan gemeentes te bied het, maar dat gemeentes ook nog nie naastenby hul kapasiteit benut het oor dit wat hulle aan BADISA kan bied nie. Wat die diakonaat van die kerk self betref, is dit ons duidelike visie dat die kerk egter nooit haar roeping tot barmhartigheidswerk slegs aan een of ander "barmhartigheidsorganisasie" delegeer of uitkontrakteer nie, maar moet self daarvoor verantwoordelikheid neem. Dit moet veral op gemeentelike vlak gebeur. Dit is ook tans die visie van die sinode dat die sinodale struktuur niks moet doen wat nie op

gemeentelike vlak kan gebeur nie. Die struktuur se funksie is om gemeentes daartoe te bemagtig. Dit is vir ons verder duidelik dat armoede en van die ander maatskaplike uitdagings wat SA tans in die gesig staar, van die heel grootste uitdagings is wat ook op die kerk se tafel is. Dit is verder ook vir ons duidelik dat ons as kerk dit nie meer alleen kan hanteer nie, maar ten minste saam met ons mede-gelowiges binne die familie van NG-Kerke moet doen. Die konteks roep ons daartoe op.

### 6. Die pad vorentoe

Ons is baie oortuig daarvan dat die NGK deur die jare 'n wesenlike rol gespeel het in die aanspreek van maatskaplike uitdagings in SA. Die werklikhede van ons dag roep ons tot 'n volgende vlak van funksionering. Ons kan dit nie alleen doen nie en ook nie as sinodale kantoor doen nie. Om dit na behore te doen het ons ons lidmate en gemeentes nodig. Mag dit waarmee ons die laaste maande besig was in diens staan hiervan.

Drie sake het die afgelope tyd al hoe meer op die agenda van gemeentes en die kerk in die breë gekom, nl. Beter skakeling met gemeentes, Armoede en die misbruik van alkohol en dwelms.

#### 6.1 Beter skakeling tussen gemeentes en bestaande diakonale instellings

Gemeentes moet ook weet dat die GKD die opdrag het om toesig te hou oor bestaande instellings en tehuise van die kerk wat tans binne BADISA setel. Ons hoop egter dat, met die vestiging van nuwe netwerke tussen spesifieke gemeentes en van hierdie instellings, die toekoms van hierdie instellings verseker sal wees. Dit bly vir ons 'n prioriteit.

#### 6.2 Armoede (Moontlike uitbreiding op verslag Powerpoint: Sinode)

Daar is wye erkenning dat die bestryding van armoede in Suid-Afrika een van die grootste uitdagings van ons geslag is. Politici en ekonome soek antwoorde op die groeiende gaping tussen die armstes en rykstes in ons land en die negatiewe gevolge van armoede op die samelewing. Wêreldleiers soos die vorige sekretaris-generaal van die VN, Kofi Annan, het die volgende oor die rol van godsdiensleiers in die stryd teen armoede gesê: *'enlightened religious leaders and scholars of all faiths (need) to play a key role ... in defeating poverty and hunger, and in delivering the world's poorest and most marginalized people from despair.'*

Van die sentrale temas waarmee ons reeds binne die GKD worstel in die stryd teen armoede en wat hopelik as goed funksionerende taakspanne sal realiseer, is die volgende:

– **VIGS**

Die Vigs taakgroep funksioneer reeds verskeie jare in noue samewerking met CABSA. Hulle is jaarliks betrokke by die ontwikkeling van liturgiese en preekriglyne vir Wêreldvigsdag en Vigs herdenking Sondag saam met die VDDG. Verskeie pamflette, o.a. Ons Gemeente en MIV en Vigs, Leef Gevaarlik, en Veilig, is deur die taakgroep ontwikkel.

Die taakgroep fokus veral op die bemagtiging van leiers en het verskeie ringe en leraarsgroepe ontmoet. Gesprekke is ook met die leierskap van die kerke gevoer oor die pandemie en die kerk se betrokkenheid om mense wat daardeur geraak word, by te staan.

Verskeie geleenthede is gereël waar sprekers genooi is om die kerke toe te spreek oor die pandemie. Ongelukkig is hierdie byeenkomste nie goed bygewoon nie.

– **Werkverskaffing**

In 2009 het die taakgroep 'n opname gedoen by BADISA programme oor bestaande werkskeppingsprojekte. Ses projekte is gekies en persone wat daar betrokke is, is genooi om artikels te maak wat op Kersmarkte van NG gemeentes te koop aangebied is. Projekte wat betrokke was, sluit in: Immanuel Sentrum in Steinkopf, BADISA Aliwal-Noord, Sothemba, Alta du Toit Nasorg, Steinthal Skool en BADISA Kraaifontein.

Met die hulp van Alta du Toit Nasorg se personeel kan hierdie projek verder uitgebrei word aangesien daar beslis potensiaal is om produkte op hierdie wyse wyer te bemark.

– **Voorskoolse Opvoeding (ECD)**

Die National Religious Leaders Forum (NRLF) het met die vorige president 'n ooreenkoms bereik oor moontlike staatsbefonding aan die godsdienssektor vir ontwikkelingsprojekte. Een van die areas wat in aanmerking sou kom, is ECD. Tydens 'n konferensie oor ECD het die staat sy erns beklemtoon dat hulle graag die kerke as vennote wil gebruik. Opvolggesprekke is met die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling van die Wes- en Oos-Kaap gevoer.

BADISA het ook 'n sterk fokus op ECD met meer as 20 voorskoolse programme in verskillende gemeenskappe. BADISA bevorder ook twee verwante programme: Boksie vir Buksies (Brilliant Boxes) en 'n Program in Ouerskapvaardigheid.

– **Voedselsekuriteit**

Verskeie gesprekke is gevoer met verteenwoordigers van die Dept. van Landbou oor stedelike landbou en/of groenteproduksie. Interessante modelle is al ontwikkel wat moontlik ook in landelike gebiede geïmplementeer kan word.

Die Oos-Kaap komitee het befondsing beskik-

baar gestel vir verskeie voedselproduksie projekte. Die knellende droogte maak voedselproduksie in hierdie gebied op die oomblik baie kwesbaar.

– **Ekologie**

Die kerke se roeping om vir die omgewing om te gee, lê beide op die terrein van die KGA en die diakonaat. Eersgenoemde fokus meer op die teologiese nadenke terwyl die diakonaat gemeentes prakties wil help om betrokke te raak by omgewingsake soos bewaring van die natuur, besparing van elektrisiteit en water. Gesprekke is gevoer met kundiges op die terrein wat die kerk hierin wil bystaan. Enkele gemeentes neem reeds doelbewuste praktiese stappe om die impak op die omgewing te verminder deur omgewingsvriendelike gloeilampe te installeer.

### 6.3 Alkoholmisbruik, Middelafhanklikheid en die Kerk

Oor die uitdaging van middelafhanklikheid veral in die Wes-Kaap kan die kerk nie swyg nie. Die saak verdien dringende aandag. BADISA het reeds 'n beleidsraamwerk waarvolgens daar in die organisasie gewerk word. (Sien bylaag 7) Ds. P Theron van Ramot is genader om ook 'n dokument te skryf waarin hy 'n standpunt stel en voorstelle doen. (Sien Bylaag 6.)

Die GKD beveel die volgende by die sinode aan:

i) Dat die sinode aan GKD opdrag gee om die kerk se standpunt oor middelafhanklikheid te heroorweeg en in die lig van die huidige realiteit die standpunt te herformuleer.

ii) Dat die sinode aan GKD opdrag gee om 'n taakgroep daar te stel wat verskillende rolspelers sal betrek wat spesifiek fokus op die kerk se roeping ten opsigte van middelafhanklikheid

**Aanbeveling:** Dat die gekombineerde Kommissies van Daikonaat verander word na Bediening vir Armoede en Sorg.

### 7. Kliniese Pastorale Diens

Verwys na verslag van die Sentrum vir Kliniese Pastorale Diens. Sien Bylaag 4.

### 8. Die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy

Verwys na verslag van die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy. Sien Bylaag 5.

'n Laaste eenvoudige versoek. Bid asb. saam met ons vir die werk. Hier in die kantoor glo ons werklik dat ons nie daarsonder kan nie.

**Braam Hanekom (dr.)**
**nms SKDB**
**23 Februarie 2011**

**Verwysing:Sinode 2011\GKD Verslag 2011 (2)**

**Bylaag 1**

# MEMORANDUM VAN TUSSENTYDSE OOREENKOMS

aangegaan deur en tussen

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA, WES- EN SUID-KAAP**

hierin verteenwoordig deur

**SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA, WES- EN SUID-KAAP**

(hierna die "SKDB" genoem)

en

**VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, STREEKSINODE – KAAPLAND**

hierin verteenwoordig deur

**SINODALE KOMMISSIE VAN DIAKONALE DIENSTE VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, STREEKSINODE – KAAPLAND**

(hierna "SKDD" genoem)

**AANGESIEN** die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (SKDB) van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en die Sinodale Kommissie van Diakonale Dienste (SKDD) van die VGKSA, Kaapland die begeerte het om nie langer afsonderlik te funksioneer nie, maar as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die gemelde kerke en die ideaal van 'n kerkverband wat reeds deur die deelnemende kerke aanvaar is; begeer om een te wees.
**EN AANGESIEN** die Sinodale Kommissies ooreengekom het om 'n gekombineerde kommissie te vorm as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerk-familie;
**EN AANGESIEN** die Sinodale Kommissies begerig is om hulle regte en verpligtinge onderling en teenoor mekaar te reël;
**EN AANGESIEN** die Sinodale Kommissies voldoende magtiging hiervoor het kragtens Reglement 12 van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1999), Bylae 1 van E2 (2002) van die VGKSA en besluit 67 van die 3de Gewone Sinode van die VGKSA Kaapland.
**DERHALWE** kom die partye as volg ooreen:

## 1. WOORDOMSKRYWING:

Tensy uit die samehang anders blyk, dra die onderstaande woorde die volgende betekenis:

1.1 **die NG Kerk**
Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Wes- en Suid-Kaap

1.2 **die VGK**
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika, Streeksinode - Kaapland

1.3 **die Partye**
die NG Kerk en die VG Kerk

1.4 **die SKDD**
die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste van die VGKSA (Kaapland)

1.5 **die SKDB**
die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaap)

1.6 **die Sinodale Kommissies** die SKDB en die SKDD onderskeidelik, behoorlik daartoe gemagtig

1.7 **die Implementeringsdatum**
1 April 2004 (datum nog te bepaal)

## 2. DIE GEKOMBINEERDE KOMMISSIE

2.1 Die partye kom ooreen om 'n gekombineerde kommissie te vorm met die naam GEKOMBINEERDE KOMMISSIE VIR DIE DIAKONAAT VAN DIE NG KERK (WES- EN SUID-KAAP) EN DIE VGKSA (KAAPLAND) [GKD] / COMBINED COMMISSION FOR DIACONATE OF THE DR CHURCH (WESTERN AND SOUTHERN CAPE) AND URCSA (CAPE) [CCD] hierna genoem die kommissie.

## 3. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

3.1 Die SKDD en die SKDB vorm saam die kommissie. Ter wille van die getalsverhouding vorm 10 lede van elke kommissie die stemgeregtigde lede, terwyl ander lede waarnemers is.
3.2 Die kommissie kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba vanuit hulle lede.
3.3 Die kommissie verkies 'n uitvoerende komitee wat uit ag persone bestaan, drie van elk van die Sinodale Kommissies en die predikante in sinodale diens.

## 4. OPDRAG VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie se opdrag is om:

4.1 die betrokke kerke te ondersteun in hulle diakonale taak in die wêreld deur die gemeentelike diakonaat te bevorder.
4.2 navorsing te doen en te besin oor maatskaplike vraagstukke wat insluit sosiaal-etiese vraagstukke en sal gemeentes en die kerkverbande hierin adviseer.
4.3 namens die kerke toesig te hou en beheer uit te oefen oor BADISA, die gesamentlike barmhartigheidsaksie van die twee kerke. Dit behels die reg om:
  4.3.1 voorstelle aan die SKDB en SKDD te maak om die konstitusie te verander;
  4.3.2 'n voorstel aan die SKDB en SKDD te maak om die organisasie te ontbind;
  4.3.3 verslae aan te vra;
  4.3.4 en beleid aan BADISA te voorsien.
4.4 Om die hospitaalpastoraat van die kerke te organiseer.
4.5 Enige ander opdrag wat deur een of albei van die kerke of Sinodale Kommissies aan die kommissie gegee word.
4.6 Die diensverhoudinge van personeel bly die verantwoordelikheid van die onderskeie kommissies

## 5. FUNKSIONERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIES

Die bestaande kommissies van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap), naamlik die SKDB en van die VGKSA, Kaapland, naamlik die SKDD, bly voortbestaan vir alle sake wat op weg na kerkvereniging nie na 'n gekombineerde kommissie oorgedra/verwys kan word nie.

## 6. WERKSWYSE

6.1 Die kommissie vergader een keer per jaar en die uitvoerende komitee vergader ook minstens twee maal per jaar om die werksaamhede te koördineer.
6.2 Die Sinodale Kommissie van wie die skriba kom, is verantwoordelik vir die administrasie van die kommissie.
6.3 Die kommissie kan taakgroepe aanwys vir spesifieke opdragte.
6.4 Die kworum vir die kommissievergaderings en die vergaderings van die uitvoerende komitee is die meerderheid van die lede, mits daar 'n volstrekte meerderheid van elke kerk teenwoordig is.

## 7. FINANSIERING VAN DIE KOMMISSIE

Elke party begroot self vir die koste van sy afvaardiging om die vergaderings by te woon.

## 8. BATES EN GOEDERE

Bates en goedere van elk van die Sinodale Kommissies sal die eiendom van die betrokke kommissie bly.

Indien BADISA sou ontbind, word daar met die bates en goedere gehandel ooreenkomstig die konstitusie van BADISA.

## 9. PERSONEEL

Personeel in diens van 'n Sinodale Kommissie sal in diens van daardie kommissie bly.

## 10. VOLLE OOREENKOMS EN WYSIGINGS

10.1 Hierdie ooreenkoms is die volle ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die kommissie.
10.2 Geen wysiging van of byvoeging tot hierdie ooreenkoms sal van krag wees tensy dit op skrif is en deur of namens die partye onderteken is nie.
10.3 Geeneen van die partye tot hierdie ooreenkoms het enige waarborg of voorstelling gemaak teenoor die ander party, anders as waarborge en voorstellings wat uitdruklik in hierdie ooreenkoms vervat is nie.

**ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE** ______________________________

**OP HIERDIE** _____ **DAG VAN** ____________**20** ________

**AS GETUIES**:

1. ______________________ ______________________

2. ______________________ ______________________

namens **DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA, WES- EN SUID-KAAP,** behoorlik daartoe gemagtig

**ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE** ______________________________

**OP HIERDIE** _____ **DAG VAN** _____ **20** ________

**AS GETUIES**:

1. ______________________ ______________________

2. ______________________ ______________________

namens **DIE SINODALE KOMMISSIE VAN DIAKONALE DIENSTE VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, KAAPLAND,** behoorlik daartoe gemagtig.

---

**Bylaag 2**

## OOREENKOMS OM KOMMISSIE VIR DIAKONAAT TOT STAND TE BRING

**Ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaap) (NGKSA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (Kaapland) (VGKSA) rakende die bedryf van die barmhartigheidswerk/diakonaat kragtens Reglement 12 van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die NGKSA (1999) en Bylae 1 van E2 (2002) van die Addendum verslag van KGA aan en besluit 67 van die 3de gewone sitting van die sinode van die VGKSA.**

AANGESIEN die NGKSA en die VGKSA begeer om voortaan die diens van Barmhartigheid van die NGKSA en die Diakonale Dienste van die VGKSA as 'n eenheid te administreer en te bedryf en om so uitdrukking te gee aan die belydenis van eenheid van die kerke en die ideaal Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (SKDB) van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en die Sinodale Kommissie van Diakonale Dienste (SKDD) van die VGKSA, Kaapland die begeerte het om nie langer afsonderlik te funksioneer nie, maar as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die gemelde kerke en die ideaal van 'n kerkverband wat reeds deur die deelnemende kerke aanvaar is; begeer om een te wees.

EN AANGESIEN die kerke besluit het om vir hierdie doel 'n eenheidskommissie te vorm;

EN AANGESIEN dit nodig is dat die kerke hulle regte en verpligtinge in hierdie verband onderling reël;

EN AANGESIEN die Sinodale Kommissies voldoende magtiging hiervoor het kragtens Reglement 12 van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1999), Bylae 1 van E2 (2002) van die VGKSA en besluit 67 van die 3de Gewone Sinode van die VGKSA Kaapland.

DERHALWE kom die partye as volg ooreen:

**1. WOORDOMSKRYWING:**

Tensy uit die samehang anders blyk, dra die onderstaande woorde die volgende betekenis:

**1.1 die NGKSA**
Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, (Wes- en Suid-Kaap)
**1.2 die VGKSA**
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika, Streeksinode – Kaapland
**1.3 die partye**
die NGKSA en die VGKSA
**1.4 die SKDD**
die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste van die VGKSA (Kaapland)
**1.5 die SKDB**
die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaap)
**1.6 die Sinodale Kommissies**
die SKDB en die SKDD
1.7 die Implementeringsdatum: ___________

## 2. DIE KOMMISSIE

Die partye kom ooreen om 'n kommissie te vorm met die naam **KOMMISSIE VIR DIAKONAAT [KD]** hierna genoem Die Kommissie.

## 3. HOOFDOEL

Die doel van die KD is om as 'n eenheidsbediening in die krag van die Heilige Gees met integriteit, in gehoorsaamheid en in navolging van Jesus Christus:

- Met bewoënheid te luister na die wêreld wat smeek om uitkoms uit alle vorme van lyding, verslawing, siekte, pyn, geweld en ongeregtigheid;
- Profeties te getuig teen alle ongeregtigheid en
- deur priesterlike diens mense se nood te verlig en so te getuig van God se liefde vir die wêreld.

## 4. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie word as volg saamgestel:
4.1 Verteenwoordigers uit die ringe van en aangewys deur die onderskeie kerke.
4.2 Predikante in sinodale diens en persone in spesiale ampsdiens.
4.3 Deskundiges soos aanbeveel deur die kommissie en goedgekeur deur die betrokke kerklike vergaderings.
4.4 Persone uit ander kommissies van die kerke soos aanbeveel deur die KD en goedgekeur deur die betrokke kerkvergadering.
4.5 Kerklik aangestelde dosent(e) in Diakoniologie binne die bedieningsgebied van die partye.
4.6 Maksimum van vyf gekoöpteerde lede wat die kommissie na behoefte kan benoem.
4.7 Vir elkeen van die lede in 4.1, 4.3 en 4.4 word 'n sekundi benoem.

Die kommissie kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba vanuit sy lede.

Die skriba is verantwoordelik vir die administratiewe funksionering van die kommissie vir 'n bepaalde tyd.

Die kommissie kies 'n uitvoerende komitee wat uit nie meer as agt persone bestaan nie, te wete drie lede (en twee sekundi) van elk van die partye plus die predikant(e) in sinodale diens. Die voorsitter, ondervoorsitter en skriba is deel van hul kerk verteenwoordiging.

## 5. WERKWYSE EN VERGADERINGS

5.1 Die kommissie vergader een keer per jaar as 'n algemene vergadering en die uitvoerende komitee vergader minstens twee maal per jaar om die werksaamhede te koördineer.
5.2 Die kommissie kan taakgroepe aanwys vir spesifieke opdragte.
5.3 Die kworum vir die kommissievergaderings en die vergaderings van die uitvoerende komitee is die meerderheid van die lede, mits daar 'n volstrekte meerderheid van elke kerk teenwoordig is.

## 6. AANSPREEKLIKHEID

Die kerke is as partye tot die gesamentlike onderneming gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die verpligtinge wat deur die KD in die uitvoering van sy taak aangegaan word.

## 7. OPDRAG VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie se opdrag is om:
7.1 die betrokke kerke te ondersteun in hulle diakonale taak in die wêreld deur die gemeente diakonaat te bevorder;
7.2 navorsing te doen en te besin oor sosiaal etiese vraagstukke en adviseer gemeentes en die kerkverbande hierin;
7.3 namens die kerke toesig te hou oor BADISA, die gesamentlike barmhartigheidsbediening van die twee kerke. Dit behels die reg om onder andere:
7.3.2 verslae aan te vra;
7.3.3 die konstitusie te verander en
7.3.4 die organisasie te ontbind.
7.4 Om die kliniese pastoraat van die kerke te organiseer.
7.5 Enige opdrag deur een of albei van die kerke uit te voer.

## 8. VOLMAG

Die kerke verleen aan die KD volmag om namens die kerke alle funksies uit te oefen en alles te doen wat in die nastrewing van sy doel en vir die doeltreffende uitvoering van sy taak nodig is. In die besonder is die volgende bevoegdhede by die volmag inbegrepe sonder om daardeur die omvang van die volmag te beperk, naamlik:

8.1 om met inagname van die betrokke Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, gevestigde regte en onderworpe aan die eise en die reëls van die arbeidsreg gelykberegting ten opsigte van bestaande personeel toe te pas en hulle te vergoed en te bestuur op grondslag van die ooreengekome personeelbeleid, en desnoods te ontslaan;
8.2 om personeel in diens neem, te vergoed en te bestuur op grondslag van die ooreengekome personeelbeleid en desnoods te ontslaan;
8.3 om tydelike personeel in diens te neem;
8.4 om 'n tydelike pos te skep hetsy vir 'n predikant, hetsy vir 'n persoon in spesiale ampsdiens hetsy vir 'n administratiewe amptenaar waar omstandighede dit noodsaak of waar 'n persoon met besondere bekwaamhede beskikbaar is; poste word nie geskep suiwer om personeel wat om welke rede ook al oortollig raak te akkommodeer nie;
8.5 om predikante te beroep, in diens te stel en te besoldig;
8.6 om 'n geskilbeslegtings meganisme te vestig en om geskille wat in die uitvoering van sy opdrag ontstaan namens die kerke te besleg;
8.7 om na behoefte subkommissies aan te wys;
8.8 om namens die kerke kontrakte te sluit, binnelands en buitelands;
8.9 om namens die kerke roerende goed te bekom;
8.10 om 'n voorlegging aan die kerke te doen indien onroerende eiendom vir sy werksaamhede benodig word;
8.11 om 'n begroting van inkomste en uitgawe op te stel;
8.12 om binne die riglyne van die begroting fondse wat ingevolge 'n begroting ontvang is, te verdeel volgens die prioriteite wat die KD vir 'n betrokke finansiële jaar bepaal;
8.13 om tjekrekenings te open en te bedryf;
8.14 om geskenke te ontvang, en
8.15 om bevoegdhede te delegeer.

## 9. BEPERKING OP BEVOEGDHEDE

9.1 Die KD mag nie homself of die kerke of enigeen van hulle as borg verbind nie.
9.2 Die KD bekom nie onroerende goed, liggaamlik of onliggaamlik nie.
9.3 Die KD maak geen beleggings nie.

## 10. BESTAANDE PERSONEEL

Die bestaande personeelkorps in diens van die SKDB en die SKDD, synde predikante, persone in spesiale ampsdiens en administratiewe personeel, word met inagname van die betrokke Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, gevestigde regte en onderworpe aan die eise en die reëls van die arbeidsreg deur die KD oorgeneem en as eenheid namens die kerke vergoed en bestuur op grondslag van die ooreengekome personeelbeleid.

## 11. PREDIKANTE

11.1 Predikante in diens van die KD staan wat betref hulle leer en lewe onder die tug van die kerk waaraan hulle behoort en wat betref die uitvoering van hulle taak onder die dissipline van die KD volgens die personeelbeleid en algemene diensvoorwaardes van die KD.
11.2 Die beroeping van 'n persoon vir 'n predikante pos geskied volgens die Reglement van Orde van die kerk waarop die KD in oorleg met die predikant besluit.
11.3 Na aanvaarding van die beroep/verkiesing word die indiensstelling gedoen volgens die Bepalinge van die lidkerk waarvan die persoon 'n geordende of proponent is.
11.4 Nuwe poste vir predikante word deur die KD aan een van die lidkerke gekoppel.
11.5 'n Predikant wat deur die KD in diens gestel/geneem word, moet behoort aan een van die goedgekeurde kerklike pensioenfondse en 'n goedgekeurde mediese fonds.

## 12. VRAE OOR BELEID

Indien 'n vraag sou ontstaan oor die beleid wat deur die KD gevolg moet word, word die vraag na die moderamens van die kerke verwys om leiding te gee.

## 13. REKENINGKUNDIGE ADMINISTRASIE VAN KD

13.1 Die KD werk met 'n eenheidsbegroting wat deur die Sinodale Fondskommissie van die NGKSA behartig word wat die volledige die rekeningkundige administrasie van die KD hanteer.
13.2 Die KD stel jaarliks in oorleg met kommissies wat fondse van die kerke administreer, 'n begroting op vir al sy werksaamhede waartoe die kerke bydra op 'n wyse en in verhouding

volgens 'n formule soos van tyd tot tyd deur die kerke bepaal.

13.3 Die KD dra sorg dat sy finansiële state geoudit word so gou as moontlik na afloop van elke finansiële boekjaar.

## 14. VERSLAG

Die KD doen jaarliks aan die kerke verslag van sy werksaamhede en finansiële posisie (insluitende dié van die bedieninge en programme ingestel ingevolge sy doelstellings).

## 15. GOEDERE

15.1 Roerende goed tans deur die KD gebruik en onder sy beheer, word sonder verrekening tussen die kerke onderling deur die KD oorgeneem en vir die kerke in onverdeelde aandele gehou in die verhouding, van tyd tot tyd, tot die befondsing van die begroting indertyd.

15.2 Roerende goed wat namens die kerke deur die KD bekom word, word eweneens vir die kerke in onverdeelde aandele gehou in die verhouding, van tyd tot tyd, tot die befondsing van die begroting indertyd.

15.3 Waar die KD onroerende goed gebruik wat aan 'n kerk behoort, word 'n huurkontrak teen 'n markverwante huur, of sodanige mindere huur wat deur die kerk aanvaar mag word, vir die voortgesette gebruik van die goed tussen die KD en die kerk aangegaan.

15.4 Onroerende goed wat vir die uitvoering van sy opdrag en werksaamhede benodig word, word deur een van die kerke bekom en onder huurkontrak aan die KD beskikbaar gestel op die grondslag in 15.3 uiteengesit.

## 16. REGLEMENTE

Die KD sal 'n reglement ontwikkel wat uitdrukking gee aan die doel en opdrag van die KD. Hierdie reglement sal deur die kerke goedgekeur word. Die KD reglement sal die bestaande reglemente en ter saaklike bepalinge van die SKDB en die SKDD vervang wat deur die kerke herroep en/of heromskryf sal word.

## 17. REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die regte en verantwoordelikhede van die kerke word nie deur hierdie ooreenkoms opgehef of tot niet verklaar nie.

## 18. WYSIGING VAN OOREENKOMS

18.1 Hierdie ooreenkoms is die volle ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die kommissie.

18.2 Geen wysiging of kansellasie of vervanging van hierdie ooreenkoms of enige gedeelte daarvan is van krag tensy die wysiging, kansellasie of vervanging op skrif gestel en deur die partye hiertoe onderteken is nie.

18.3 Geeneen van die partye verlaat hom op enige voorstelling wat deur die ander party met betrekking tot die sake waarop hierdie ooreenkoms betrekking gemaak is nie; en geeneen van die partye is teenoor die ander aanspreeklik ten opsigte van enige versuim in goeie trou om die ander van enigiets aangaande die sake voormeld, mee te deel nie.

## 19. TERUGTREDE

Enige van die partye kan uit hierdie ooreenkoms terugtree deur kennis van terugtrede aan die ander partye en aan die sekretaris van die KD te gee vir 'n kennistermyn van minstens twaalf kalendermaande wat uitloop op die laaste dag van 'n finansiële jaar. By ontvangs van so 'n kennisgewing gee die sekretaris dadelik aan die rekenmeestersfirma wat die laaste oudit uitgevoer het opdrag om 'n paneel van drie kundige en gekwalifiseerde persone aan te stel om die likwidasie van die onderneming as deskundiges te behartig.

1. Geteken te............. op..................... deur die gevolmagtigdes van die ***VGKSA (Kaapland)***

| Gevolmagtigdes | Getuies |
|---|---|
| 1.____________________ (Volle Name) | 1. ____________________ (Volle Name) |
| 2. ____________________ (Volle Name) | 2. ____________________ (Volle Name) |

2. Geteken te.................. op .......................... deur die gevolmagtigdes van die ***NGK in SA***

| Gevolmagtigdes | Getuies |
|---|---|
| 1. ____________________ (Volle Name) | 1. ____________________ (Volle Name) |
| 2. ____________________ (Volle Name) | 2. ____________________ (Volle Name) |

**Bylaag 3**

# REGLEMENT vir die KOMMISSIE VIR DIAKONAAT VAN DIE VGK KAAPLAND EN DIE NGKSA (WES- EN SUID-KAAP)

## Uitgangspunt

Die kommissie word as een kommissie gestruktureer as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die gemelde kerke en die ideaal van 'n kerkverband wat reeds deur al die deelnemende kerke aanvaar is. Die reglement maak wel voorsiening vir die realiteit dat daar nog verskillende kerke bestaan. Dit word egter slegs as 'n tussentydse reëling gedoen tot tyd en wyl die gemelde kerke verenig het in een amptelike kerkstruktuur. In die uitvoering van die roeping tot die diakonaat, tree die kommissie egter op as 'n eenheid en word daar gesamentlik getuienis gelewer, gesamentlike aksies onderneem en met een stem na die lidkerke, ander kerke en na die wêreld gekommunikeer.

## 1. Naam en grondslag

1.1 Die Kommissie vir Diakonaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaap) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: Kaapland hierna die KD genoem.

1.2 Die KD onderneem al sy bedieninge met as uitgangspunt die klassieke ekumeniese simbole, die drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar. In dié lig is die ekklesiologiese raamwerk van die KD bediening 'n eenheidsmodel waarin die koinoniale verband tussen die verskillende rolspelers erken word.

## 2. Status

2.1 Die Kommissie vir Diakonaat is 'n kommissie wat uit die gemelde lidkerke saamgestel is en lewer 'n verslag aan die betrokke kerkvergaderinge.

2.2 Die KD word saamgestel en funksioneer kragtens hierdie reglement wat deur die lidkerke goedgekeur is.

2.3 Tot tyd en wyl die lidkerke in een amptelike kerkstruktuur verenig is, bly die verteenwoordigers van die lidkerke in die KD gebonde aan die besluite van hul eie sinodes.

2.4 Die gevolmagtigde verteenwoordigers van die onderskeie lidkerke, behartig namens die onderskeie regspersone die lidkerke se verenigde barmhartigheidsbediening deur middel van die KD se vergaderings en aksies.

2.5 Tot een kerkverband deur die kerke bereik is, sal, waar nodig, die KD in terme van 'n goedgekeurde reglement by wyse van ooreenkomste en tussentydse reëlings funksioneer.

2.6 Vergaderingsprosedures vind plaas volgens die reglement van orde van dié betrokke lidkerk waarop die KD (algemene vergadering) eenmalig besluit of telkens besluit. Opmerking: Hierdie besluit moet telkens genotuleer word.

## 3. Doel en Funksie

Die doel van die KD is:

3.1 om as 'n eenheidsbediening in die krag van die Heilige Gees met integriteit, in gehoorsaamheid en in navolging van Jesus Christus:

- Met bewoënheid te luister na die wêreld wat smeek om uitkoms uit alle vorme van lyding, verslawing, siekte, pyn, geweld en ongeregtigheid;
- Profeties te getuig teen alle ongeregtigheid en
- deur priesterlike diens mense se nood te verlig en so te getuig van God se liefde vir die wêreld.

3.2 Om alle projekte as gesamentlike en verenigde projekte te onderneem, koördineer en implementeer.

## 4. Samestelling

4.1 Die KD funksioneer deur 'n algemene vergadering, 'n uitvoerende komitee, 'n dagbestuur en taakgroepe.

### 4.2 Die Algemene Vergadering

4.2.1 Samestelling
Die algemene vergadering word as volg saamgestel:

4.2.1.1 Verteenwoordigers uit die ringe van en aangewys deur die onderskeie kerke;

4.2.1.2 Predikante in sinodale diens en persone in spesiale ampsdiens;

4.2.1.3 Deskundiges soos aanbeveel deur die kommissie en goedgekeur deur die betrokke kerklike vergaderings;

4.2.1.4 Persone uit ander kommissies van die kerke soos aanbeveel deur die KD en goedgekeur deur die betrokke kerkvergadering;

4.2.1.5 Kerklik aangestelde dosent(e) in Diakoniologie binne die bedieningsgebied van die partye;
4.2.1.6 'n Maksimum van vyf gekoöpteerde lede wat die kommissie na behoefte kan benoem;
4.2.1.7 Vir elkeen van die lede in 4.2.1.1, 4.2.1.3 en 4.2.1.4 word 'n sekundi benoem.
4.2.2 Vergaderings
Die algemene vergadering van die KD vergader minstens een maal per jaar.
4.2.3 Funksionarisse
4.3.2.1 Voorsitter
Die algemene vergadering van die KD wys 'n voorsitter en ondervoorsitter aan vir 'n termyn van vier (4) jaar om die jaarvergaderings en uitvoerende komiteevergaderings te lei.
4.3.2.2 Sekretaris
Die algemene vergadering wys 'n notulerende sekretaris vir die administratiewe funksionering van die kommissie vir 'n bepaalde tyd aan.

**4.3 Uitvoerende Komitee**

4.3.1 Samestelling
Die uitvoerende komitee (UK) word deur die algemene vergadering saamgestel en bestaan uit drie lede (en twee sekundilede) van elk van die kerke asook die predikante in sinodale diens (PSD). Die voorsitter en ondervoorsitter is deel van hulle kerk se verteenwoordiging. Die Algemene Vergadering verseker dat die onderskeie werksaamhede van die KD in die UK verteenwoordig word. Die UK het die reg tot die koöpsie van vyf addisionele lede terwille van hulle kundigheid en om diversiteit te verseker.
4.3.2 Vergaderings
Die uitvoerende komitee vergader minstens twee maal per jaar.
4.3.3 Opdrag
Die opdrag van die UK behels die volgende;
4.3.3.1 beplan die algemene vergadering.
4.3.3.2 behartig spoedeisende sake en sake spesiaal deur die algemene vergadering en die subkommissies aan hulle opgedra.
4.3.3.3 adviseer die algemene vergadering oor die wyse waarop die KD deur sy werksaamhede die proses van eenwording in die NG Kerk-familie kan bevorder.
4.3.3.4 doen oorhoofse finansiële beplanning en bestuur in oorleg met die saakgelastigdes van die betrokke kerke en met verslag aan die algemene vergadering.
4.3.3.5 skakel met interkerklike groepe, ander kerke, ekumeniese liggame en owerheidsinstansies.
4.3.3.6 verslag te doen aan die algemene vergadering van hulle werksaamhede.

**4.4 Dagbestuur**

4.4.1 Samestelling
Die dagbestuur (DB) word deur die uitvoerende komitee saamgestel en bestaan uit voorsitter, ondervoorsitter, die PSD's en ander senior personeel.
4.4.2 Vergaderings
Die dagbestuur vergader so dikwels soos nodig.
4.4.3 Opdrag
Die opdrag van die UK sluit in om:
4.4.3.1 Die dagbestuur is 'n subkomitee van die UK en handel alle sake af wat deur die UK na hom verwys word.
4.4.3.2 Hanteer spoedeisende sake wat tussen gereelde UK vergaderings op sy agenda mag kom en wat binne die bevoegdheid val wat die UK aan hom toeken om te hanteer.
4.4.3.3 Hanteer alle van dag tot dag sake en rapporteer sy bevindinge en aanbevelings aan die uitvoerende komitee.
4.5 Die algemene vergadering kan na behoefte taakgroepe aanwys.
4.6 Vakatures in die KD (algemene vergadering) word deur die betrokke lidkerk gevul. Vakatures in die uitvoerende komitee en die taakgroepe word deur die uitvoerende komitee uit die lede van die algemene vergadering gevul.

**5. Die kommissie se opdrag is om:**

5.1 die betrokke kerke te ondersteun in hulle diakonale taak in die wêreld deur die gemeente diakonaat te bevorder;
5.2 navorsing te doen en te besin oor sosiaal etiese vraagstukke en gemeentes en die kerkverbande hierin te adviseer;
5.3 namens die kerke toesig te hou oor BADISA, die gesamentlike barmhartigheidsaksie van die twee kerke. Dit behels die reg om:
5.3.1 verslae aan te vra;
5.3.2 om die konstitusie te wysig en dat die nodige aanbevelings hieromtrent deur BADISA gemaak is;
5.3.3 om die organisasie te ontbind nadat die nodige aanbevelings hieromtrent deur BADISA gemaak is;
5.4 Die kliniese pastoraat van die kerke te organiseer.
5.5 Navorsing, beplanning, inligting en voorligting oor die diakonale opdrag van die kerk te doen.
5.6 Die beleid ten opsigte van die diakonaat van die kerke te ontwikkel;

5.7 'n Begroting van inkomste en uitgawe op te stel.
5.8 Samewerking op ekumeniese vlak te bevorder en daaraan deel te neem;
5.9 Verteenwoordigers van die KD by ander sinodale kommissies te benoem.
5.10 Voorstelle vir kerkordelike bepalinge ten opsigte van die funksionering van kommissies vir diakonaat van ringe en kerkrade te maak.
5.11 Huishoudelike reglemente vir taakgroepe goed te keur.
5.12 Reëlings te tref vir die uitvoering van sy werksaamhede.
5.13 Die sinodes, ringe en gemeentes in verband met beleid ten opsigte van hul roeping tot diakonaat te adviseer.
5.14 Enige opdrag van of deur een of albei van die kerke uit te voer.
5.15 Verslag te doen aan die betrokke kerkvergaderinge van sy werksaamhede.

## 6. PERSONEEL

6.1 Indiensstelling, werksopdragte en vergoeding:
6.1.1 By die indiensstelling van nuwe personeel en die vulling van vakatures word gehandel ooreenkomstig die artikels wat hier volg en die geldende KD personeelbeleid soos van toepassing.
6.1.2 Die KD stel die werksopdrag van personeel vas in die lig van die KD reglement en soos van tyd tot tyd gewysig en ooreengekom in die lig van veranderende omstandighede en uitdagings.
6.1.3 Die bestuur en vergoeding van personeel word hanteer op basis van die KD personeelbeleid, vergoedingskale en byvoordele, wat van tyd tot tyd deur die KD na behoefte aangepas kan word.
6.2 Die predikante in sinodale diens, persone in spesiale ampsdiens en administratiewe personeel wat tans in diens is van die lidkerke, vorm die personeel van die KD. 'n Personeellid is onder die opsig en tug van die betrokke lidkerk waarvan hy/sy lidmaat is.

**6.3 Vakatures en aanstellings**

6.3.1 Vakatures in die sinodale en administratiewe poste van die lidkerke word deur die KD gevul volgens die ordereëls van die betrokke lidkerk (sien ook 6.2.3).
6.3.2 In die geval van administratiewe personeel word vakatures gevul en nuwe aanstellings gemaak deur die uitvoerende komitee.
6.3.3 Benoeming/beroeping in sinodale poste:
6.3.3.1 In die geval van predikante in sinodale diens en persone in spesiale ampsdiens word vakatures en nuwe poste gevul deur die algemene vergadering van die KD.
6.3.3.2 'n Groslys word gevorm en die beroeping/verkiesing gehou volgens die reglement van orde van die lidkerk waarin die vakature/nuwe pos is.
6.3.3.3 Ná aanvaarding van die beroep/verkiesing word die indiensstelling gedoen volgens die bepalinge van dié lidkerk waar die vakature is.
6.3.3.4 Nuwe poste vir PSD's en persone in spesiale ampsdiens moet goedgekeur word deur dié lidkerk se kerkvergadering waar die pos ressorteer.
6.3.3.5 PSD's en persone in spesiale ampsdiens wat in die betrokke pos benoem word, moet lid wees of word van die kerk waarin die vakature ontstaan het.
6.3.4 Die personeel van die KD word deur die lidkerke geakkrediteer en verkry die bevoegdheid om namens die KD by enige gemeente of kommissie van die lidkerke op te tree, inligting en toerusting te verskaf en te organiseer ter uitvoering van die doelstellings en werksaamhede van die KD.
6.3.5 Nuwe poste word aan een van die lidkerke gekoppel.

## 7. FINANSIES EN BATES

### 7.1 Finansies

7.1.1 Die uitvoerende komitee stel met die oog op voorlegging aan en goedkeuring deur die algemene vergadering 'n begroting vir al die werksaamhede, projekte en vergaderinge kragtens hierdie reglement op.
7.1.2 Die lidkerke dra by tot die KD begroting op 'n wyse en volgens 'n formule soos dit van tyd tot tyd bepaal word deur die lidkerke se kommissies wat fondse administreer.
7.1.3 Die algemene vergadering besit die bevoegdheid om binne die riglyne van die begroting fondse wat ingevolge 'n begroting ontvang is, te verdeel volgens die prioriteite wat die algemene vergadering vir 'n betrokke finansiële jaar bepaal.
7.1.4 Die KD se finansiële jaar begin op 1 Maart van elke jaar en eindig op 28 Februarie van elke jaar.
7.1.5 Die uitvoerende komitee wys van tyd tot tyd persone aan wat namens die KD tjeks en/of elektroniese betalings mag onderteken.

**7.2 Beheer en beskikking van bates**

7.2.1 Bestaande bates van die lidkerke is in die naam van die betrokke kerk geregistreer en die beheer en beskikking daaroor geskied volgens die bepalinge en reglemente van die betrokke kerke.
7.2.2 Aangesien die KD tans nog deur die twee kerke, elk 'n eie regspersoon, saamgestel word, sal die registrasie van bates wat die

KD na sy konstituering verkry, asook die beheer en beskikking daaroor, in een van die twee lidkerke wat die eiendom in trust hou, kragtens dié se bepalinge en reglemente setel. Die uitvoerende komitee besluit, met verslag aan die algemene vergadering, telkens in welke lidkerk die registrasie, beheer en beskikking van nuwe bates moet setel.

7.2.3 Die KD besit die bevoegdheid om eiendom, roerend en onroerend, te verkry, onderhewig aan die bepalinge van pt 7.2.2 hierbo.

7.2.4 Die KD kan slegs in ooreenstemming met die betrokke reglemente van die lidkerke lenings aangaan.

7.2.5 Alle besluite vir die koop en/of verkoop van onroerende bates en/of die aangaan van 'n lening ten opsigte van sodanige bates, word deur die uitvoerende komitee geneem. Die nodige dokumente word deur die bevoegde persone van die betrokke lidkerk, in wie die betrokke bate setel, onderteken in ooreenstemming met die reëlings van dié lidkerk in wie se naam die eiendom geregistreer is.

7.2.6 Alle besluite vir die koop en/of verkoop van roerende bates en/of die aangaan van lenings ten opsigte van sodanige bates, word deur die uitvoerende komitee geneem met verslag aan die algemene vergadering. Die nodige dokumente word deur die bevoegde persone van die betrokke lidkerk, in wie die betrokke bate setel, onderteken.

## 8. VERSLAGGEWING

Een kommissieverslag word opgestel wat aan die betrokke kerkvergaderinge voorgelê word.

## 9. WYSIGINGSKLOUSULE

Die reglement kan op voorlegging van die KD deur die betrokke kerkvergaderinge van die lidkerke gewysig word.

**Bylaag 4**

# VERSLAG VAN DIE SENTRUM VIR KLINIES-PASTORALE DIENSTE

### Van waaruit beplan die kommissie tans sy Klinies-Pastorale Dienste

In haar Verbintenis (2003) verklaar die Sinode van die NG Kerk in SA, Wes- en Suid-Kaap "om 'n kerk van ontferming te wees vir alle gebrokenes". Die Algemene Sinode van die NG Kerk het haarself daaraan verbind "om onsself oop te stel vir die deerniswekkende werking van die Gees van Christus sodat ons mense, wat worstel met die gevolge van die gebrokenheid van die skepping wat aan hulle toegekom het, in 'n gesindheid van pastorale ontferming kan vashou." In hierdie verbintenisse verklaar die NG Kerk in SA dat sy 'n omgee-en-dien kerk wil wees wat fokus op al die mense in die land.

In die Verbintenisse verklaar die kerk dat sy dit veral wil doen deur die gemeentes. Die Algemene Sinode (2004) verbind haarself daartoe om "'n gemeentedienste-netwerk te help uitbou van waaruit ons gemeentes prakties gehelp en ondersteun kan word om op konkrete maniere by die genesing van ons land betrokke te raak" en die Wes- en Suid-Kaapse Sinode (2003) verbind haarself om as gemeentes vir mekaar te sorg. Met hierdie verbintenisse verklaar die kerk dat die gemeente belangrik is en ondersteun moet word, maar impliseer ook die gemeentepredikante en hulle gesinne as 'n (belangrike) deel van die gemeenteleierskap. Gevolglik is die versorging van die gemeentepredikante en hulle gesinne een van die ses prioriteite van die Moderamen.

By haar sinode September 2010 het die VGKSA haar dank uitgespreek dat daar leraars, pastorale hulpberaders en hulpwerkers is wat mense in die hospitale en spreekkamers tydens hulle uur van nood en trauma versorg. Die gemeentes is weereens opgeroep om hulle lidmate wat dit nodig het na hierdie persone te verwys.

Die NG Kerk Wes- en Suid-Kaap is bevoorreg om oor die jare in die afdeling Hospitaalpastoraat en tans die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste 'n poel kundigheid en kundiges in die pastoraat te kon ontwikkel. Gevolglik het die kommissie geoordeel dat hierdie kundigheid en kundiges aangewend moet word om gestalte te help gee aan die Kerk se Verbintenisse.

### Doel van die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste

- Die doel van die Sentrum is, om in opdrag van Christus mense in die uur van hulle diepste lewensnood pastoraal te versorg.
- Die Sentrum is 'n diens wees waarheen predikante lidmate (wanneer gehosptaliseer of in krisistye) kan verwys en waardeur predikante en hulle gesinne, in samewerking met die SKP, pastoraal ondersteun word.

- Die Sentrum werk ook met die breë doel om 'n sentrum te wees van waaruit die gemeentepredikante ondersteun en toegerus word vir hulle pastoraat en lidmate toegerus word om pastoraal by mense in nood betrokke te raak.
- Die teikengroepe vir die Sentrum is die kerk, predikante en lidmate, maar natuurlik ook alle mense wat behoefte het aan pastorale bediening.

**Gestalte waarbinne uitdrukking aan hierdie doel gegee word**

**1. Versorging van mense in hospitale via die liggaamsmodel.**

Oor die afgelope aantal jare word lidmate van die NGK en VGK in die hospitale van die Kaapse Metropool en George onder leiding van die hospitaalleraars deur spanne pastorale hulpwerkers en hulpberaders pastoraal versorg. Die hospitaalleraars verskaf ook die spesialis dienste vir lidmate wat deur moeilike tye worstel, asook die noodroepdienste wanneer lidmate in krisisse beland. In die hospitale kom lidmate wanneer hulle met kankers en die behandeling daarvan, ernstige hartsiektes, na groot ongelukke, met ernstige brandwonde, groot maagoperasies, moeilike heup, knie en beenoperasies, stamseloorplantings, en ander orgaanoorplantings, groot kop en ander neurologie operasies, ensovoorts worstel. Aangesien daar uitsonderlike spesialis mediese dienste by sekere hospitale in die Kaapse Metropool aangebied word, bring dit mee dat lidmate van oor die hele land en self buite die landsgrense vir daardie behandelings Kaap toe kom. Hierdie lidmate gaan deur krisistye terwyl hulle ver van hulle eie gemeentes is, selfs vir baie lang tye, dit is dan dat die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste hulle namens hulle eie gemeentes pastoraal bedien. Hierdie diens word ook versterk deur die netwerke wat met sommige leraars en kerkrade gevorm is, om die pastorale versorging in hospitale in hulle gemeente en omgewing aan lidmate van ander gemeentes te lewer.

Hospitale in die Kaapse metropool: Die diens word gelewer in 17 hospitale.

Die aantal besoeke waartydens mense bygestaan word beloop jaarliks

- Hospitaalleraars 2904
- Pastorale hulpberaders en hulpwerkers 8042
- Studente 1850

Hospitale in George: Die diens word in 3 hospitale gelewer

Die aantal besoek waartydens mense bygestaan word beloop jaarliks

- Hospitaalleraars 424
- Pastorale hulpwerkers 450

**2. Pastorale versorging van leraars en hulle gesinne in oorleg met die SKP.**

Die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste bied pastorale berading en ondersteuning aan predikante en hulle gesinne wat deur die SKP daarheen verwys is of uit hulle eie om hulp kom aanklop. Die Sentrum is ook betrokke by die aanbied van retraites vir predikante.

- In die jaar Oktober 2009 tot September 2010 is aan predikante en gesinslede van predikante gedurende 246 sessies in die pastorale spreekkamer hulp verleen.
- Die hospitaalleraars het die afgelope jaar leiding geneem by 4 retraits.

**3. Klinies-Pastorale diens vir mense met pastorale nood.**

Die pastorale spreekkamer bedien mense in nood wat vir pastorale terapie verwys word deur predikante, medici en sielkundiges. Hierdie diens is meestal wanneer lidmate en mense van ander geloofsgroepe met buitengewone lewensomstandighede gekonfronteer word. Daar word gepoog om deur middel van multi-professionele samewerking die beste diens aan mense te lewer. Aangesien lidmate as gevolg van hulle nood dikwels ook met indringende geloofsvrae gekonfronteer word, benodig en soek hulle pastorale terapie, ten spyte van en in aanvulling tot die sielkundige en maatskaplike berading wat hulle ontvang. Hierdie lidmate soek dikwels juis 'n predikant wat los van hulle gemeente is en hulle besondere geloofskrisis verstaan, gevolglik is die kliniese pastor dan die aangewese pastorale terapeut. Dr Frederik Nel in George en dr Christa van den Berg in Mosselbaai bied ook pastorale beradings dienste namens die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste, op 'n konsultasie basis, aan.

- In die jaar Oktober 2009 tot September 2010 is aan lidmate en ander persone gedurende 1074 sessies in die pastorale spreekkamers hulp verleen.

**4. Opleiding.**

*Kursusse vir lidmate*: Die sentrum bied jaarliks 'n basiese pastorale hulpwerkkursus aan. Hierdie kursus word oopgestel vir lidmate van alle kerke en gelowe. So word daar voorsien aan 'n behoefte van baie gemeentes om lidmate met die basiese kennis en vaardighede om siekes te besoek toe te rus.

- Vir die afgelope 10 jaar het gemiddeld jaarliks 60 persone hierdie kursus bygewoon.
- Dr Nel bied ook jaarliks soortgelyke kursusse in George aan.
- Daar word ook maandeliks 'n studiegroep vir hierdie pastorale werkers gehou. Heelwat persone wat in hulle eie

gemeentes en gemeenskappe mense pastoraal bystaan woon ook hierdie sessies by.

Die sentrum het ook reeds verskeie kursusse vir lidmate, met die oog om gemeentes te ondersteun in onderlinge pastorale versorging, ontwikkel. Hierdie kursusse word weer eens deur die kliniese pastors op 'n interkerklike basis aangebied, maar daar word ook in samewerking met Communitas gewerk om predikante voor te berei om hierdie kursusse self in hulle gemeentes aan te bied en so hulle eie lidmate te skool.

*Kursusse vir Predikante*: Daar is vanuit die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste verskeie kursusse in samewerking met VBO uitgewerk en aangebied met die oog op die pastorale opleiding van predikante en bemagtiging van die predikante om hulle lidmate vir onderlinge omgee op te lei.

- Vir VBO is 7 kursusse in die jaar aangebied. (4 op Stellenbosch, 2 in Windhoek en 1 in Oos-London vir die VGKSA)
- Die Sentrum voorsien maandeliks 2 pastorale studiegroepe vir predikante oor hulle pastorale berading aan lidmate in hulle gemeentes.

*Kursusse vir student* (voor legitimasie): Die kliniese pastors van die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste word steeds jaarliks betrek by die reël, koordinering en aanbieding van die sieke pastoraatkursus van die M Div-klas van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Aangesien dit vir baie studente hulle enigste praktiese opleiding in pastorale gespreksvoering is, lewer die sentrum hier 'n onmisbare bydrae in toekomstige predikante se opleiding vir 'n aantal kerke. In hierdie opleiding word daar ook van netwerke gebruik gemaak, aangesien die sentrum se mannekrag te min is en gemeenteleraars betrek word by hierdie opleiding. (Met groot dank aan die kerkrade wat hulle predikante daarvoor beskikbaar stel.)

**5. Selfontwikkeling.**

Ten einde al hierdie bedieninge instand te hou en rekening te bly hou met die nuutste ontwikkelinge in die pastorale teorie is dit noodsaaklik dat die kliniese pastors aandag gee aan hulle eie ontwikkeling. Met groot dank aan die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste wat daarvoor begroot word daar op 'n verantwoordelike wyse daaraan gewerk. Daar word ook voortdurend aandag gegee aan die ontwikkeling van die pastorale hulpwerkers en hulpberaders, deur aan hulle in-diens-opleiding aan te bied en hulle ook toe te laat om ander relevante opleidings by te woon.

**6. Bestuur, Verslagdoening en Administrasie.**

Dr Van der Vyver is aangestel as die uitvoerende amptenaar en neem gevolglik die verantwoordelikheid vir die algemene bestuurstake van die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste, met verslagdoening aan die GKD. Hy en dr Bruwer werk ten nouste saam in die strategiese beplanning van die dienste en hulle neem verantwoordelikheid vir die volledige administrasie van die Sentrum.

**Vraag vir bespreking deur sinode**

Wat is die roeping van die Kerk/sinode vir die pastorale versorging van lidmate/mense in die uur van hulle diepste lewensnood?

Hoe gee die sinode gestalte aan hierdie roeping?

**Aanbeveling**

**1. Die sinode herbevestig dat God ons roep om mense in nood en tydens die belewing van traumatiese ervaringe in Sy Naam pastoraal by te staan.**

**2. Die sinode gee weereens opdrag aan die GKD om leiding aan die Sentrum vir Klinies-Pastorale Dienste te gee, om uitvoering te gee aan hierdie roepingstaak om lidmate/mense by te staan en pastoraal te begelei, sowel as om skoling aan te bied wat gemeentes en lidmate bemagtig om hierdie roepingstaak effektief in hulle omgewing uit te voer.**

Dr. Deon Bruwer en Dr. Koos van der Vyver
November 2010

## Bylaag 5

# DIE GOEIE HOOP BEHUISINGSMAATSKAPPY

Die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) is deur die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid op 14 Augustus 1944 uitsluitlik gestig met die doel om boulenings teen 'n lae rentekoers van die departement van behuising te bekom.

Die hoofrede vir die stigting van die maatskappy was omdat die staat nie boulenings aan kerke toegestaan het nie, maar wel vir 'n artikel 21-maatskappy (NPO).

Die GHBM is 'n artikel 21-maatskappy met sy eie lede en direksie. Die maatskappy is 'n geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk wat fasiliteite verskaf aan programme van BADISA.

Die hoofdoel van die maatskappy is om:

1. Wonings, woonstelle, tehuise vir bejaardes en enige ander soort van woon- en/of verblyfplek in stede/dorpe of op die platteland te verkry, op te rig, te verskaf en in stand te hou vir alle sorgbehoewendes, insluitende bejaardes, siekes, verswaktes, gestremdes, verwaarloosdes, laagbesoldigdes en alle jeugdiges of ander werkers en jongmense in die algemeen.
2. Die hoofdoelstelling van die maatskappy is om die belange van die gemeenskap te bevorder.

Sedert die vorige sinode het die GHBM buiten die gewone verbeteringe aan bestaande geboue, 'n hele aantal groot projekte voltooi, naamlik:

Huis Lafras Moolman/Rawsonville: In samewerking met die beheerraad is daar twaalf nuwe leefreg-eenhede opgerig waarvan vier tweeslaapkamer- en agt eenslaapkamer-eenhede is.

Huis Pam Brink/Strand: Die bestaande woonhuis op die terrein is omskep na ses eenslaapkamereenhede wat verhuur word. Die binnehof is toegebou wat as braaikamer dien.

Huis Wittekruin/Vredenburg: Daar is nege-en-twintig leefreg-eenhede gebou wat bestaan uit vier drieslaapkamer-eenhede en vyf-en-twintig tweeslaapkamer-eenhede.

Chrismar Villas/Bellville: Daar was 'n verdere uitbreiding by Chrismar Villas. Die bestaande sonkamer is omskep na vier bedsitter-eenhede wat deel uitmaak van die siekeboeg. 'n Nuwe sonkamer is ook gebou. Die ander twee eenslaapkamer-woonstelle is bo-op ses motorhuise gebou wat aansluit by die kamp wat deurloop na die kerk.

Daar is tans nege-en-veertig eiendomme in die naam van die GHBM geregistreer waarvan die waarde van R783,972,613 (in 2008) toegeneem het tot R1,536,860,300 (in 2010).

Die GHBM is tans in sy 67ste bestaansjaar.

**MJ WETHMAR**
**BESTURENDE DIREKTEUR: GHBM**

**November 2010**

## Bylaag 6

### ALKOHOL, DWELMS EN DIE KERK

**'n Verslag saamgestel deur ds. Petrus Theron van Ramot**

**OPSOMMING**

Daar kan geen twyfel oor bestaan dat die samelewing in die moeilikheid is met alkoholiese drank nie. Die ekonomiese voordele verbonde aan die produksie, verkoop en gebruik van alkoholiese drank kom teen 'n enorme koste vir die samelewing. Die negatiewe aspekte verbonde aan alkoholiese drank is reeds omvattend en duidelik gedokumenteer en word algemeen aanvaar.

'n Oorsig oor relevante navorsing, gerugsteun deur statistiek, toon dat alkoholiese drank in ongeveer 50% en meer van gevalle van moord, misdaad, interpersoonlike geweld, gesinsgeweld insluitend huweliksgeweld, kinderverwaarlosing, motorvoertuigongelukke, en onnatuurlike sterftes betrokke is. Verdere berekeninge wat dood, ongeskiktheid en lyding deur die lewensloop insluit sowel as die alkoholgebruiker se familie, woonbuurt en die groter samelewing, dui daarop dat alkohol een van die wêreld se mees skadelike middels is.

Tog bestaan die persepsie dat alkoholiese drank 'n gewone bemarkbare produk is soos brood en melk. Die inherente skadelike eienskappe van al-

kohol as synde **toksies, intoksikerende** en **verslawend** onderskei alkoholiese drank egter kwalitatief van ander gewone produkte en daag die heersende idee dat alkohol 'n gewone produk is fundamenteel uit. Slegs diegene met gevestigde belange by alkoholiese drank sal wil volhou dat alkoholiese drank inderdaad 'n gewone produk is. So 'n siening is egter wetenskaplik onverdedigbaar. Alkoholiese drank **self** is deel van die probleem, nie slegs die probleem gebruiker daarvan nie.

Die situasie stel die kerk voor formidabele uitdagings waarvan die grootste sekerlik is om die populêre siening van alkoholiese drank as "gawe van God" opnuut te bedink, nie slegs in die lig van Bybelse tekste nie maar ook in die lig van die jongste wetenskaplike getuienis oor die ware aard van alkoholiese drank en die inherente skadelike eienskappe daarvan. Die kerk mag nie toelaat dat sy eie gevestigde belange by alkoholiese drank sy profetiese getuienis daaroor in gedrang bring nie.

Die doel van die dokument met al die inligting oor alkoholiese drank is om as motivering te dien vir die konkrete voorstelle wat gemaak word as 'n wegspringplek om die probleem aan te pak. Die kritiese vraag wat gestel word, is of die kerk tans genoeg doen om hierdie aktuele probleem met geloofwaardigheid te takel. Die gevaar bestaan dat 'n tragedie voor ons oë afspeel, ons dit erken maar nie waarlik iets effektief daaromtrent doen nie en dat dit dus grootliks by ons verbygaan.

## 1. INLEIDING

Van al die psigo aktiewe middels beskikbaar vir menslike gebruik - en daar is genoeg om van te kies, wettige én onwettige middels - het alkoholiese drank die twyfelagtige voorreg om die media die meeste te haal.

Daar is goeie rede(s) vir die prominensie wat alkoholiese drank in die media geniet. Dit is die een middel, boonop wettig, wat die vermoë het om mense met normale gedrag binne twee ure tot mense met abnormale gedrag te transformeer. Juis omdat alkohol so 'n kragtige dwelmmiddel is reken geleerdes dat indien Noag vandag sy wyn sou maak, dit heel waarskynlik nóóit wettige status sou verkry het nie.

Die volgende bykans lukrake seleksie van alkoholverwante berigte in Die Burger gee blyke van dit waarmee ons te make het en vertolk in 'n sekere sin ook die doel van hierdie verslag.

- "Die vernietiging van menselewens deur verslawing is een van die moderne geskiedenis se grootste **tragedies** en elke mens moet inderdaad dankbaar wees dat dié erge lot hom of haar nie getref het nie". (Hoofartikel in Die Burger, 5 Maart 2005)
- Drankduiwel: "Jong Suid-Afrika word al hoe **dronker**." Dr. Louis Freed, 'n sosioloog het van Johannesburg het bevind dat "dranksug in die ouderdomsgroep 17 tot 21 jaar het in die afgelope 15 jaar in die Unie met 300% toegeneem". (Die Burger, 4 Januarie 1961)
- Talle **matrieks** het reeds op verskeie vakansie-oorde toegesak om die einde van hul skoolloopbane te vier. Die gevaar bestaan dat dinge by sulke **feesvieringe** handuit kan ruk. (Hoofberig, Die Burger 7/12/2010)
- Oorde sluit deure vir matrieks ná vorige jare se gefuif. "Drank is mos maar betrokke. Jy kan seker nie almal oor dieselfde kam skeer nie, maar dit ontaard gewoonlik in skade vir die kamp". (Berig in Die Burger, 3/12/2008)
- ANC-Jeugliga wil drankies op Sondae laat verbied. **Drankmisbruik** is 'n groot probleem onder Suid-Afrikaners, veral die jeug. (Opskrif in die Burger, ongedateer)
- Altesaam 41 van die 48 **moorde** wat verlede naweek in die Wes-Kaap gepleeg is, hou verband met alkoholgebruik. (*Die Burger,* 7/12/2010)
- Drankplanne nie die antwoord nie. Die regering moet versigtig wees om nie die drankbedryf (waarvan Die Burger talle advertensies dra), 'n ankerbedryf in die Wes-Kaap, met **drakoniese** maatreëls te knou nie. Talle gemeenskappe, ook die armes, sal daaronder ly. (Hoofartikel in *Die Burger,* 17/12/10)
- "Alkohol is **erger** as tik," sê De Lille by drankkonferensie. (Die Burger, 25/10/2010)
- "Los tog my **sjampanje** vir ontbyt uit!" (Willem Pretorius, Van alle kante, Die Burger, 7/09/2010)
- "Natuurlik gaan jy nie 'n baie geloofwaardige argument oor dagga teenoor jou **kind** hê nie as hy of sy jou gereeld of selfs nou en dan te veel sien drink". (Max du Preez, *Rapport,* 4/11/2001)
- "Wat veronderstel was om 'n wonderlike uitstappie saam met my 10-jarige **seun** na Nuweland te wees, eindig in 'n gemors. Wie se besluit dit ook al was om drank op die pawiljoene toe te laat, moes regtig self onder die invloed gewees het. Na 15 min in die tweede helfte is ek en my seun huis toe. Ek kon hom nie verder blootstel aan die onwelvoeglike taalgebruik nie". (Gerhard, briefskrywer in *Die Burger,* 09/09/2009)
- "Ek praat nou miskien my eie besigheid sleg hier, maar as jy die twee dranklisensies op die dorp wegneem, sal die **misdaad** seker halveer" (mnr. Leon Breedt, mede-eienaar van hotel en drankwinkel op Graafwater, in *Rapport,* 23/05/10)
- **Gee jou oor** aan kos en wyn uit die boonste

rakke by vanjaar se Stellenbosch wynfees. Daar sal 'n uitgebreide busstelsel wees om feesgangers te vervoer sodat jy kan **kuier** sonder om jou te bekommer oor die rit huiswaarts. (Promosie: Stellenbosch wynfees, in *Die Burger,* ongedateer)

- Liewe oud-Dagbreker, alkohol is nie net 'n probleem in Simonsberg nie. Daar lê nie net drankbottels en kitskoshouers op Simonsberg se grasperk voor die Withuis nie. **Alkohol** is ook 'n algemene probleem in ander koshuise. (Student in *Die Burger,* 09/05/08)
- **Deurnagdrinkers** volop in Matieland. 'n Besoek aan 'n paar gewilde kuierplekke in die middedorp wek die indruk dat oormatige **drankmisbruik** deel is van die leefwyse van baie **studente** – mans sowel as vroue. (Ondersoekende artikel in *Die Burger,* 21/05/1998)
- Suid-Afrikaners bestee die **meeste** van hul geld aan drank, gevolg deur kos en dienste. Vir elke R100 wat in die kleinhandelsektor bestee is, is R16 aan drank uitgegee (AC Nielson in *Rapport,* 23/04/06)
- Ja, ons het lekker **gekuier** en ons is gevra om die plek te verlaat, maar dit goed hanteer deur die uitsmyters. (Brian Habana, Springbok rugbyspeler in *Die Burger,* 31/08/2005)
- Rugby: SA **kuier** saam. Vroeg Saterdagoggend het dit op die Paddingtonstasie gewemel van mense in Springboktruie. Die trein het skaars uit Paddington vertrek of die eerste **bierdoppies** het geklap. Een groepie het 'n bottel Jack Daniels-**whiskey** uitgehaal en dit in hul bottels Coke gegooi. **Brandewyn** is mos skaars in dié deel van die wêreld. (Sarel van der Walt, verslaggewer, in *Die Burger,* 08/11/2004)
- Alle paaie het gister na Soweto gelei...en vir die ondersteuners van die Stormers en die Bulls was dit een groot **partytjie** (Rugbypartytjie in Soweto met foto's van bier en wors in *Die Burger,* 30/05/2010)
- My vriende sal my baie skeef aankyk as ek **niks meer as sappe** aanbied nie. Dit is mos net nie gepas nie. (Wyn Proe Rubriekskrywer in *Die Burger,* 21/05/2008)
- Kardinaal Richelieu het gevra of **God** wyn so wonderlik sou gemaak het as hy 'n verbod daarop wou plaas! (Wyn Rubriekskrywer in *Die Burger,* 20/01/2009)
- **Strooidak kerk** gaan eie wyn maak. "**Jesus was die groot wynmaker**. Vir hom het dit altyd gegaan oor die mense, hul behoeftes en om die wêreld se nood te verlig". (Ds. Fanie Kriel in *Die Burger,* 18/11/2004)
- Sjkat, jy sjal my sjeker nou nie glo nie....ek't gemaak nesj dominee sje....my nood verlig. (**Spotprent** in *Die Burger* van gehawende beskonke man wat by die huis ingewag word deur sy vrou na aanleiding van Strooidakkerk se voorneme om sy eie wyn te produseer, 19/11/2004)

Die berigte weerspieël duidelik die ambivalente, selfs dubbelslagtige posisie wat alkoholiese drank in die samelewing beklee.

**Enersyds** word alkoholiese drank as 'n absolute noodsaaklike bestanddeel van die lewe gesien. Die persepsie onder gewone mense is skynbaar dat dit ondenkbaar is om die lewe ten volle te leef en te geniet sonder die alomteenwoordigheid van alkohol. Die een lyn van beriggewing skep selfs die indruk dat alkohol verheerlik word as synde 'n goddelike gawe met goddelike sanksionering. Enkele jare gelede het 'n bier se naam selfs op die Springbokke se rugbytruie gepryk. Die misbruik van hierdie "goddelike gawe" word subtiel gesanksioneer.

Ons aptyt vir gemoedsveranderende middels, veral alkoholiese drank, blyk onversadigbaar te wees. Sommige kultuurgeskiedkundiges beweer op grond van oortuigende argeologiese getuienis dat psigo-aktiewe middels soos kokaïen, alkohol, tabak en opium 'n wesenlike deel uitmaak van ons kulturele ontwikkeling sedert die klassieke Grieks-Romeinse tydperk, tot solank terug as 8000vC (Goodwin, 2000; Walton, 2001). Die behoefte aan 'n narkotikum teen lewensbedruktheid, die soeke na 'n kunsmatige chemiese paradys waar daar geen trane, teleurstellings, angs en stres is nie of as hulpmiddel om fees te vier, is tot vandag toe deel van die geskiedenis van die mensdom.

**Andersyds** is die "steekproef" van berigte in Die Burger ook die draer van 'n ontstellende boodskap. En dit is dat die samelewing in die moeilikheid is met alkohol en ander dwelms. Maar veral met alkohol. Ons kan dit selfs die alkoholmonster noem. Uit die berigte wil dit voorkom of die samelewing uiters ambivalent voel oor hierdie "monster" in ons midde. Terwyl daar aan die een kant stemme opgaan dat die destruktiewe rol wat alkoholiese drank speel gestuit moet word, blyk dit aan die ander kant dat mense besonder sensitief daarvoor is dat hulle reg en vryheid – soos hulle dit sien – om alkoholiese drank "verantwoordelik" te gebruik nie aangetas moet word deur wat bestempel word as "drakoniese" maatreëls nie. In dieselfde asem word verwys na die "alkoholmonster" én die ekonomiese voordele van alkoholiese drank, met spesifieke verwysing na die voordeel vir die armes.

## 2. DOEL VAN VERSLAG

Die kerk is deel van die samelewing waarvan die koerante praat. En die kritiese vraag is hoe die kerk op hierdie situasie moet reageer en óf daar

hoegenaamd gereageer moet word? Die doel met hierdie verslag is nie in die eerste plek om 'n antwoord op hierdie vraag te probeer formuleer nie. Die mikpunt is om "**een van die moderne geskiedenis se grootste tragedies**" nader te beskryf en om die destruktiewe rol wat alkoholiese drank in die samelewing speel by wyse van onder meer statistiek te fundeer. Dit sal vir kerk 'n enorme verleentheid wees om iewers in die toekoms te moet verklaar: "ons het nie geweet hoe erg dit is nie" en wil die verslag bloot hierdie tragedie opnuut onder die kerk se aandag bring.

In die tweede plek is die doel om, in die lig hiervan en in alle beskeidenheid, 'n paar kritiese vrae gekoppel aan 'n paar voorstelle in ons as kerk se midde te lê vir verdere besinning en nadenke. Die strekking hiervan is dat die situasie tans die kerk voor formidabele uitdagings plaas en dat ons geloofwaardigheid op die spel mag wees.

## 3. ALKOHOL...'n WOLF IN SKAAPKLERE?

Moderne tye het die kriminalisering van die meeste middels te weeg gebring met die uitsondering van alkoholiese drank. Die sosiale aanvaarbaarheid van alkoholiese drank - onaantasbaar verskans in 'n magtige en invloedryke alkoholindustrie-dra daartoe by dat veel meer mense aan alkohol verslaaf is as aan al die onwettige middels saam, ingesluit voorskrifmedikasie (Warren, 2003). Onlangse beramings dui daarop dat die RSA bykans 2 miljoen alkoholiste teenoor 'n kwart miljoen dwelmverslaafdes het. (Rapport, 11/05/2010). Onwettige dwelms is verantwoordelik vir slegs 0,4% van verslaafdes wêreldwyd (WHR 2002, pp 67) en alhoewel die gebruik daarvan in die Republiek van Suid-Afrika drasties toegeneem het volgens SA-CENDU-verslae (South African Community Epidemiology Network on Drug Use) is hierdie toename vanaf 'n baie lae basislyn.

Navorsing toon oortuigend dat alkohol teenwoordig is in die bloed [bloed alkoholkonsentrasie (BAK) > 0,05g/100 ml] van 'n statisties betekenisvolle aantal mense wat betrokke raak in 'n wye reeks insidente wat wêreldwyd deur samelewings as uiters ongewens en voorkombaar beskou word.

Dit mag samelewings emosioneel goed laat voel om "oorlog" te verklaar teen onwettige dwelms en dwelmhandelaars terwyl die eintlike sondaar onaangeraak sy verwoestingswerk voortsit. Die kerk mag nie hieraan meedoen nie, al het hy ook gevestigde belange by alkoholiese drank.

## 4. HOEVEEL DRINK ONS?

Ons beleef tans 'n ongeëwenaarde globalisering van die alkoholiese drankindustrie wat 'n wye reeks produkte via gesofistikeerde bemarkingsveldtogte, gemik op jongmense, bevorder. (Addiction, Vol 105, nr. 5, pp 767, Mei, 2010).

- Alkohol is wêreldwyd verantwoordelik vir ongeveer 4% van alle sterftes en een van die top 10 voorkombare gesondheidsrisiko's (WHR, 2002, pp 66, 92; WGO, 2009). Alkohol is verder verantwoordelik vir 4,65% van die globale las van beserings en siekte en plaas 'n groter las op die samelewing as elk van die volgende: hoë cholesterol, liggaamsmassa indeks, lae vrugte en groente inname, fisiese onaktiwiteit en onwettige dwelmgebruik. Dit plaas alkohol langs tabak as een van die hoof voorkombare oorsake van dood, beserings en siekte. (Addiction, Volume 105 nr. 8, pp 1323 Augustus 2010; Addiction, Volume 105, nr. 5, pp 770, Mei 2010)
- Wêreldwye alkoholverbruik het in onlangse dekades verhoog met die oorwig van hierdie verhoogde gebruik in ontwikkelende lande In hoë inkomste lande is alkohol die derde skadelikste risikofaktor terwyl in opkomende ekonomieë soos China alkohol boaan die rangorde uit 26 is. Van die skadelikste patrone van alkoholverbruik word in die RSA aangetref (Addiction, Volume 105, nr. 5, pp 770, Mei 2010; World Health Report (WHR), 2001, pp 66)
- Suid-Afrika se beraamde 10,1 miljoen drinkers se alkoholinname tel onder die top tien ter wêreld. Dit kom neer op 20 liter suiwer alkohol per individu per jaar en is gelykstaande aan:
  - 1176 biere; of
  - 62 bottels sterk drank; of
  - 220 bottels wyn; of
  - 666 kartonne sorghumbier. (Sentrale Dwelm-owerheid, 2008)

- Die hoeveelheid wat per drinker gebruik word in die RSA is van die hoogste in die wêreld (Rehm et al., 2003). In die lig van die feit dat alkohol verbruik word deur tussen 66% (VSA) en 97% (Denemarke) van volwassenes in Westerse geïndustrialiseerde lande is dit 'n vraag of Suid-Afrika se beramings nie 'n totale onderskatting is nie. (Addiction, vol 5, nr. 10, pp 1691, Oktober 2010)
- Sowat 3,2 miljoen mense kan as gevaarlike drinkers beskou word en ongeveer 2 miljoen ouer as 15 jaar as alkoholiste. Sewe-en-dertig persent van die land se bevolking vergryp hulle oor naweke aan alkohol (Allan et al, 2001, SAMJ: 91(2): 145-150, WorldDrugreport en Mediese Navorsingsraad in Die Burger, 21/08/07). Gegewe navorsing in die VSA dat tot 14% van alle drinkers kwalifiseer vir die kliniese diagnose van alkoholverslawing (DSM IV, 1994) kan hierdie syfer 'n verdere onderskatting wees.
- Prof. Charles Parry, direkteur van alkohol-en

dwelmmisbruik by die Mediese Navorsingsraad sê drankmisbruik onder die jeug is op 'n onrusbarende vlak. Luidens navorsing van die Sentrale Dwelm-owerheid het 20% van veertienjarige seuns en byna 50% van sewentienjarige seuns die afgelope maand gedrink. Meisies is nie vêr agter nie: tot 18% van veertienjariges en sowat 35% van sewentienjariges het die afgelope maand alkohol gedrink. *(Rapport,* 11/05/2008). Gemiddeld het 25% van die land se kinders die afgelope maand alkohol gebruik. WorldDrugreport en Mediese Navorsingsraad in *Die Burger,* 21/08/07)

- 37,3% van pasiënte, spesifiek beseerde voetgangers en slagoffers van interpersoonlike geweld, sou as probleemdrinkers of potensieel kroniese alkoholiste bestempel kon word (Donson en Matzopoulos, Junie 2002).
- Die Suid-Afrikaanse Demografiese Gesondheidsondersoek (1998) het bevind dat bykans 'n derde van alle verbruikers van alkoholiese drank alkohol oor naweke teen riskante vlakke gebruik. Teen 2007 het die persentasie mense wat hulle oor naweke aan alkohol vergryp (onder meer sessiedrinkers) gestyg tot 37% *Die Burger,* 21/08/07). Riskante gebruik skyn veral in die ouderdomsgroep 35–44 vir mans en 45–54 vir vroue voor te kom (Alcohol Use in South Africa, Central Drug Authority)
- In nog 'n ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Demografiese Gesondheidsondersoek is bevind dat 28% van die manlike respondente en 10% van die vroulike respondente voldoen het aan die kriteria vir alkoholverslawing.(Parry et al., 2005)
- 'n Steekproef onder plaaswerkers in die Wes-Kaap klassifiseer 87% as probleemdrinkers met 50% wat alkohol teen riskante vlakke gebruik en 9% teen gevaarlike vlakke (London, 2000).

Empiriese navorsing toon konsekwent aan dat daar 'n kragtige dosis-respons verband bestaan tussen die hoeveelheid alkohol wat 'n individu verbruik en die risiko dat daardie individu probleme met alkohol sal ondervind. Terselfdertyd is daar 'n betekenisvolle verband tussen die hoeveelheid alkohol wat 'n bevolking verbruik en die omvang van alkoholverwante samelewingsproblematiek wat daardie bevolking sal ervaar (Edwards, 1995).

Een afleiding wat op grond van die genoemde statistiek oor die hoeveelhede wat verorber word gemaak kan word, is dat alkohol as 'n sogenaamde **normale produk** gesien word. Dit is waarskynlik te wyte aan onder meer die volgende faktore:

Die hoë voorkoms van drinkers in baie lande;

- Die publiek se persepsie van die sogenaamde gesondheidsvoordele van alkohol;
- Die normalisering van drinkery en die integrering van alkoholgebruik in baie situasies;
- Die gemaklike relasie tussen owerhede en die alkoholindustrie;
- Die aggressiewe bemarking van alkoholprodukte;
- Die wanopvattings oor die aard en omvang van die ontwrigting en skade wat geassosieer is met die teenwoordigheid van alkohol in die samelewing. (Addiction, Volume 105 nr. 8, pp 1323 Augustus 2010)

## 5. EN DIE ONWETTIGE DWELMS?

Dagga/Mandrax was vir lank die mees algemeen gebruikte onwettige dwelm maar is in die jongste tyd vervang deur methamphetamine (Tik). Ongeveer 59% van die pasiënte onder 20 jaar oud rapporteer MA (tik) as dwelm van eerste keuse. Adolessente in die ouderdomsgroep 15-19 vorm die grootste aantal gebruikers van tik, gevolg deur 20-24, 25-29 en dan 10-14 jaar. Die tipiese profiel van die tikgebruiker is gekleurd, enkel en werkloos.

Dit wil voorkom of alkohol toenemend as die sogenaamde hekwag dwelm gesien kan word wat mense inlei in verslawing aan onwettige middels *(The Cape Times,* 16/04/07). Die aanvraag vir die behandeling van Ecstasy en LSD as dwelms van eerste keuse is laag in Kaapstad. Die syfers vir kokaïen (14%) en heroïen (11%) is hoër. Negeen-veertig persent (49%) van pasiënte het al meer as een dwelm gebruik (poli-substansgebruik) (Sacendu, Phase 12, Junie 2002/Phase 18 Januarie tot Junie 2005).

Onwettige dwelms word dikwels in kombinasie met alkohol gebruik (Modern Pharmacy, Febr. 2001). Navorsing deur die Mediese Navorsingsraad (MNR) sedert 1996 toon dat die gebruik van onwettige dwelms sedert 1994 vanweë verhoogde beskikbaarheid toegeneem het toe die RSA deel geword het van die wêreldstad. Alkoholiese drank geniet egter die grootste beskikbaarheid en word by verre die meeste misbruik.

Met sy lewensvernietigende uitwerking is alkoholiese drank sonder twyfel die nommer een dwelm in Suid-Afrika.

## 6. VERSLAWING AAN BEIDE ALKOHOL EN DWELMS?

Navorsers op die gebied van verslawing weet lank reeds dat alkoholisme en dwelmverslawing 'n sterk verbintenis het. Navorsing gedurende die laaste dekade (sedert 1990) het die verstaan van die onderliggende, oorvleuelende neurobiologiese en gedragsmeganismes/faktore tussen die twee toestande verdiep.

Navorsing in Amerika toon dat in 2001 ongeveer 43% van die pasiënte in behandelingsentrums wat

onwettige dwelms gebruik ook alkohol misbruik. Hoe hewiger die persoon alkohol misbruik, hoe meer waarskynlik is dit dat hy/sy ook onwettige middels sal gebruik.

Ongeveer 66% van Amerikaanse tieners ouderdomme 12-17 wat gereeld in episodiese oormatige drinkery betrokke is, misbruik ook onwettige dwelms. **In teenstelling hiermee gebruik slegs 5% van jongmense wat glad nie drink nie onwettige dwelms. 'n Volle 95% van die jongmense gebruik dus beide!**

Alkoholmisbruik is selfs meer waarskynlik onder pasiënte wat sekere middels soos kokaïen, metamphetamine, en dagga gebruik. Meer as 50% van die kokaïen gebruikende pasiënte het ook alkohol gebruik. (Nida notes vol 18 nr 1)

## 7. HOEVEEL DRINK DIE KINDERS?

Volgens 'n verslag van die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO) is die jeug se gebruik van alkohol besig om die omvang van 'n internasionale epidemie aan te neem. Wêreldwyd is 5% van alle sterftes onder jongmense en kinders tussen ouderdom 15-29 te wyte aan die gebruik van alkohol (Jernigan in Global Status Report: Alcohol and Young People, WHO, 2001) .

Bogenoemde verslag vestig die aandag daarop dat vervaardigers van alkoholiese drank die afgelope jare bemarking aan die jeug geïntensiveer het met goedkoop nuwe produkte (alkoholiese koeldrank, alkohol "energie" drankies, voorafgemengde drankies). Die verpakking en geure is ontwerp om die smake van jongmense te bevredig. Die Valencia verklaring (Mei, 2002 in Spanje) uitgereik deur deskundiges van die WHO kom tot die gevolgtrekking dat jongmense leef regoor die wêreld in omgewings gekenmerk deur "aggressiewe en alomteenwoordige pogings om hulle oor te haal om te begin drink en swaar te drink".

'n Ondersoek deur die Georgetown University's Center on Alcohol Marketing en Youth het getoon dat kinders meer alkoholadvertensies sien as volwassenes. Kinders en jongmense tussen twaalf en twintig jaar sien 45% meer bier en 27% meer sterk drankadvertensies in tydskrifte as diegene oor een-en twintig jaar. Ouers behoort ontsteld te wees hieroor. Hul kinders sien die advertensies omdat die drankindustrie dit in die tydskrifte plaas wat die kinders lees.

Volgens die "Center for Science in the Public Interest" in Amerika formuleer die alkoholindustrie produkte en word etikette en verpakkings ontwerp om spesifiek aantreklik te wees vir mense wat nie hou van die smaak van alkohol nie, en dit sluit veral die kinders in.

Terwyl die drankvervaardigers beweer dat alkoholiese koeldranke op die volwasse mark gerig is, wys meningsopnames dat adolessente dit meer aantreklik vind as volwassenes en dit ook meer gebruik as die volwassenes. Alkoholiese koeldrank word beskou as "intree-dwelms" (gateway drugs) wat jong mense inlei in drinkgewoontes en die weg baan na meer die meer tradisionele dranksoorte soos bier, brandewyn(en coke), whiskey en so meer.

Drankmaatskappy beweer graag dat daar geen getuienis is dat advertensies tot alkoholmisbruik aanleiding gee nie, terwyl dit nie die punt is nie. Die punt is dat die kinders ingelei en bekendgestel word aan die alkoholmark met die doel dat die tradisionele alkoholiese produkte later deel van hulle lewenswyse sal word. Hulle verloor uit die oog dat die adolessente brein 'n brein "in oorgang" is wat onder andere beteken dat adolessente meer sensitief vir stressore is maar minder sensitief vir die effekte van alkohol ('n gewone dosis alkohol het dus nie die verwagte euforiese uitwerking op die brein nie). Saamgevoeg impliseer die bogenoemde dat tieners meer geneig sal wees om te veel te drink ten einde die stressore te hanteer en die versterkende effek van alkohol te ervaar.

Skoolondersoeke toon aan dat meer as 'n derde van manlike hoërskoolleerders in graad 11 en 14% laerskoolleerders alkohol problematies riskant gebruik. Diegene wat reeds blote kontak met alkohol gehad het, is so hoog as 66% vir manlike graad 11 leerders. Onwettige dwelms onder kinders is aan die toeneem, maar is steeds beduidend minder as alkohol en nikotien (Flisher et al 1998; Substance Use by South African Adolescents, Central Drug Authority; Morojele et al, SACENDU, fase 13, 2002).

Tieners is geneig om hulle dronk te drink. 'n Opname in die Kaap onder 841 tieners tussen 12 en 17 jaar het getoon 20% het al gedrink. Hierdie syfer het in 2006 tot 25% gestyg (Die Burger 21/08/07). Altesame 70% van dié drinkers het die vorige maand dronk geword (SACENDU, Vol 6. (1), 2003). Navorsing onder naskoolse studente het aan die lig gebring dat sommige studente (10% van die steekproef) selfs doelbewus "oefen" om toleransie vir alkohol te skep sodat hulle baie by partytjies kan drink sonder om té siek te word of té vroeg hul bewussyn te verloor. Dit word ook gedoen om die bewondering van maats te verkry deurdat meer gedrink kan word sonder om die effek te voel. (Addiction, vol 105, nr. 10, pp 1767,Oktober, 2010)

## 8. TEEN WATTER PRYS KOM "GOD SE GAWE" AAN ONS?

Alkoholiese drank is ekonomies gesproke 'n belangrike kommoditeit en integraal deel van die ekonomie. Alkohol voorsien onder meer werk vir

mense in kroeë, restourante, die landbousektor, talle verwante industrieë en genereer belasting vir die staat. Die ekonomiese voordele verbonde aan die produksie, verkoop en gebruik van alkoholiese drank in 'n samelewing kom egter teen 'n geweldige prys vir daardie samelewing (Babor et al., 2010).

Die koste vir die RSA uitgedruk in ekonomiese terme beloop na beraming jaarliks meer as R17 miljard en kan, afhangende van watter maatstawwe gebruik word, volgens Prof. Charles Parry (Direkteur Alkohol en Dwelmmisbruik Mediese Navorsingsraad) so hoog wees as R42,7 biljoen. Hierdie syfer sluit nie moeilik kwantifiseerbare negatiewe gevolge soos lyding as gevolg van alkoholmisbruik in nie (Cape Argus, 16/10/2010). Dit word verder beraam dat alkohol alleen die land ongeveer 1% van die Bruto Nasionale Produk kos (Weigh, 2006).

Alkoholiese drank word dikwels, gegrond op sekere Bybelse getuienis, gesien as "God se gawe" aan die mens. Sien Aanhangsel A vir 'n uiteensetting van die samelewingsproblematiek wat met die "gawe" geassosieer word. As dit waar is, is alkohol as gawe duidelik nie 'n onvermengde seën nie.

Die kerk word naamlik gekonfronteer met statistiese data waaruit met vrymoedigheid die gevolgtrekking gemaak kan word dat bloed alkohol vlakke van hoër as die wettige perk van 0,05 gram alkohol per 100 mℓ bloed gemiddeld in meer as 50% van die volgende tipe problematiek voorkom:

- Misdaad/Kriminaliteit
- Moord
- Onnatuurlike sterftes (byvoorbeeld selfmoord, voetgangersterftes, verdrinkings, messteek)
- Nie-fatale beserings (byvoorbeeld aanrandings, interpersoonlike geweld)
- Siektes en hospitaaltoelatings (byvoorbeeld koronêre hartsiektes, borskanker, tuberkulose, lewersirrose)
- Motorvoertuigongelukke. Die beraamde koste van motorvoertuigongelukke is R45 miljoen per dag en alkohol is teenwoordig in meer as 60% van die insidente.
- Verkragtings ingesluit kinderverkragtings
- Gesinsgeweld (Huweliksmaat-mishan deling, moord op intieme lewensmaats, kindermishandeling, kinderverwaarlo sing, broodgebrek)
- Fetale alkoholsindroom
- Vigs/Seksueeloordraagbare siektes/Prostitusie
- Werksverlies en produktiwiteitsverlies
- Armoede

'n Gewilde siening is dat probleme soos hierbo genoem veral en uitsluitlik aan alkoholisme toegeskryf kan word. Studies dui egter daarop dat die meeste alkoholverwante probleme te wyte is aan die relatiewe substansiële deel van die bevolking wat ten minste somtyds by geleentheid genoeg alkohol inneem dat uitgesproke intoksikasie voorkom. (Babor et al., 2004). Dit is dus nie die sogenaamde "klein" minderheid (in hierdie geval alkoholiste) wat vir die meeste probleme verantwoordelik is nie. Mense wat nie kwalifiseer vir 'n kliniese diagnose van alkoholisme nie, diegene wat hul "drank kan vat", maar ook nie matig drink nie is óók en miskien veral vir die las verantwoordelik.

## 9. ALKOHOL: DALK NIE 'N GEWONE PRODUK SOOS BROOD EN MELK NIE?

Die oorweldigende sosiale aanvaarbaarheid van alkoholiese drank gekoppel aan die gevestigde ekonomiese belange van 'n magtige alkoholindustrie, opereer met die idee dat alkohol slegs 'n gewone bemarkbare produk is soos enige ander kommoditeit. Die oorvloedige beskikbaarheid van alkohol en die koppeling daarvan in advertensies aan uiteenlopende gebeurtenisse soos sportwedstryde en braaivleis en kunstefeeste dra waarskynlik daartoe by dat alkoholiese drank as 'n noodsaaklike gewone produk gesien word.

Die feit dat daar 'n maklik toeganklike aanbod van alkoholiese drank is om in die ewe groot aanvraag daarna en globale gebruik daarvan te voorsien, kan baie maklik die ware aard van alkoholiese drank en sy **intrinsieke skadelike eienskappe** op die agtergrond skuif asof dit nie werklik van belang is nie of hoogstens vir die relatiewe klein minderheid van alkoholiste van belang sou wees. Die fout word gewoonlik uitsluitlik by die probleemdrinker gesoek en nie by die produk nie.

Die vraag is of alkoholiese drank inderdaad bloot 'n gewone produk is soos die spreekwoordelike brood en melk? Merkwaardige vooruitgang is in die twintigste eeu en veral die laaste 10 tot 25 jaar gemaak in die wetenskaplike verstaan van die skadelike effekte van alkohol. Wetenskaplikes het toenemend biologiese, chemiese en psigologiese verklarings gevind vir die mens se geneigdheid om alkoholiese drank te gebruik. Drie meganismes verklaar en verduidelik (ten minste gedeeltelik) die verband tussen die gebruik van alkoholiese drank en die statisties bewese skade wat deur daardie gebruik aangerig word.

Hierdie inherente skadelike eienskappe van alkohol as synde **toksies, intoksikerende** en **verslawend** onderskei alkoholiese drank kwalitatief van ander gewone produkte en daag die heersende idee dat alkohol 'n gewone produk soos brood en melk is fundamenteel uit. Sonder om op elkeen uit te brei kom die kernverstaan van elke konsep op die volgende neer:

Alkohol is 'n **toksiese** substans in terme van sy direkte en indirekte effekte op 'n wye reeks van liggaamsisteme en -organe. Dit het die potensiaal

om byna elke orgaan en sisteem in die liggaam te beskadig en te benadeel, selfs in persone wat nie 'n langdurige of deurlopende alkoholprobleme het nie. Duidelike getuienis bestaan vir 'n kousale verband tussen alkohol en onder meer verskeie kankersoorte, kardiovaskulêre siektes, lewersirrose en depressie. Geen ander kommoditeit wat vir menslike inname verkoop word, selfs nie eens tabak nie, het sulke wydlopende skadelike fisiese effekte nie.

Alkohol is 'n **intoksikerende** psigo aktiewe substans wat beteken dat die normale werking van die brein drastiese en fundamenteel verander word. Die chemiese uitwerking wat alkohol in die brein het manifesteer onder meer in psigomotoriese wanfunksionering (balans, koördinasie, beweging), verlengde reaksietyd, versteurde oordeel en emosionele veranderinge. Die oorsaaklike verband tussen intoksikasie en geweld, voertuigongelukke en ander ongelukke is bo alle twyfel vasgestel. Geen ander kommoditeit wat wettig oor die toonbank vir inname gekoop kan word, het die vermoë om 'n normale funksionerende persoon binne twee ure in 'n abnormaal funksionerende mens te verander nie. Die inname van alkohol tot die vlak van intoksikasie by geleentheid is redelik algemeen onder mense wat alkohol gebruik. Dit verklaar waarskynlik die omvang van die samelewingsproblematiek waarmee ons te make het.

**Alkoholverslawing** is die gevolg van langdurige alkoholinname en herhaaldelike intoksikasie. Die kerneienskap van verslawing is gebrek aan beheer oor die frekwensie en hoeveelheid van inname, met ander woorde kontroleverlies. Die feit dat alkohol self-versterkende potensiaal het, is belangrik om die relasie tussen 'n bevolking en inname van alkoholiese drank te verstaan. Alkoholiese drank is 'n dwelmmiddel met die potensiaal om mense te verslaaf.

Die enigste **konklusie** wat uit die bogenoemde feite gemaak kan word, is dat alkoholiese drank nie naastenby 'n gewone produk soos brood en melk nie is nie. Die heersende siening dat alkoholiese drank 'n noodsaaklike en aanvaarde bestanddeel is van die kulturele lewe, dat dit 'n normale produk is wat slegs maar sogenaamd "verantwoordelik" gebruik moet word deur die gebruikers daarvan en dat al die probleme daarmee inderdaad niks te make het met die inherente aard en eienskappe van alkoholiese drank self nie maar te wyte is aan 'n klein sogenaamde minderheid wat "hulself nie kan beheer nie", hou nie tred met die wetenskaplike kennis waaroor ons tans beskik nie.

Trouens, reeds in 1975 het 'n Finse studie in samewerking met die Wêreld Gesondheidsorganisasie op grond van die destyds beskikbare epidemiologiese navorsing tot die volgende radikale konklusie gekom:

"Changes in the overall consumption of alcoholic beverages have a bearing on the health of the people in any society. Alcohol control measures can be used to limit consumption: thus, control of **alcohol availability** becomes a public health issue". (Addiction, vol 105, nr. 8, pp 802, Mei 2010).

Hiermee is **alkohol self** as problematies verklaar eerder as om dit bloot te sien as 'n individuele siekte wat behandel moet word of as slegte morele gewoontes van individue wat tot orde geroep moet word. (Prof. Edwards in Addiction, vol 105, nr. 8, pp 802, Mei 2010).

Drie voorbeelde uit die geskiedenis verleen verdere steun dat alkohol self deel van die probleem is en behoort ons tot nadenke te stem:

- Pres. Gorbachev het in 1985 as deel van sy Perestroika en Glasnost hervormings 'n anti-alkohol veldtog van stapel gestuur met die doel om alkoholverbruik te verminder. Drastiese afnames in alkoholverwante mortaliteit het gevolg. Alkohol was minder beskikbaar en die pryse hoog. Nadat die veldtog laat vaar is was daar weer 'n drastiese toename in mortaliteit met 'n veel groter aanbod en beskikbaarheid van alkohol en aansienlike prysverlagings relatief tot basiese voedselpryse (Addiction, 1999, 94 (6), 857-866).
- Gedurende die eerste jare van Prohibisie in Kanada, Finland en die VSA het alle aanwysers van alkoholgebruik en alkoholprobleme die laagste vlakke bereikbaar vir enige tydperk waarvoor daar relevante data beskikbaar is. Prohibisie is dus nie 'n ongekwalifiseerde mislukking soos algemeen voorgehou word nie (Edwards et al. 1995).
- Navorsing onder christelike groepe soos die Mormone en die Sewende Daagse Adventiste, wat geen alkohol gebruik nie, het getoon dat hulle minder gevalle van ernstige siektes soos kanker en hartsiektes het vergeleke met die res van die bevolking (Hodgkinson, Alcoholism, 1995).

## 10. WAT STAAN DIE KERK TE DOEN?

Dit is duidelik dat onbetwisbare empiriese gegewens daarop dui dat 'n betekenisvolle aantal mense alkohol in Suid-Afrika misbruik (Parry en Bennetts, 1999) en dat hierdie mense verantwoordelik is vir die oorgrote meerderheid sosiale patologie. Volgens die statistiek gaan die samelewing gebuk onder een van die mees voorkombare gesondheidsrisiko's en die rol van alkoholiese drank as probleemskeppende samelewingsgegewe is sonder twyfel duidelik.

Die sosiale patologie wat die kerk haar geroepe voel om te probeer verlig is presies die genoemde sake. En dit is waarskynlik hierdie gestaltes van

nood wat die Sinode onder meer in gedagte gehad het toe hy hom in 2003 verbind het om 'n kerk te wees vir "alle gebrokenes".

Die Burger se hoofberig in 2005 kan slegs maar beaam word: ons is inderdaad tans besig om **een van die grootste tragedies van die moderne tyd** gade te slaan. Meer dramaties gestel:"ons het 'n monster in ons midde". Die vraag is hoe die kerk hierop behoort te reageer. Hoe behoort ons as die kerk, ons te posisioneer in hierdie tragedie?

## 11. DIE KERK DOEN NIE TANS NIKS NIE... MAAR IS DIT GENOEG?

Die NG Kerk het oor die afgelope ses dekades baie gedoen om middelmisbruik hok te slaan. Die fokus was hoofsaaklik op die behandeling van mense wat reeds 'n verslawing ontwikkel het soos blyk uit die oprigting van behandelingsentrums. Die Wes-Kaapse sinode was in 1964 instrumenteel in die oprigting van Ramot in Parow en die CAD, alhoewel nie meer deel van die kerk nie, het uit die aktiwiteite van die sentrum ontstaan. Voorkoming was altyd deel van die opdrag en word tans nog gedoen maar die fokus is steeds hoofsaaklik op die behandeling. Ramot is tans 'n program van BADISA. Die verskillende maatskaplike werkprogramme van BADISA kry uit die aard van hul werk baie met middelmisbruik te make en hanteer dit. Die organisasie het egter nie 'n spesifieke aksieplan om middelmisbruik op 'n gekoördineerde wyse te pak nie. Elkeen doen maar wat die hand spreekwoordelik vind om te doen.

Dieselfde geld waarskynlik die meerderheid gemeentes in die sinodale gebied. Sogenaamde probleemgevalle word hanteer of verwys na die een of ander sentrum maar dit is waar dit eindig. Hoogstens word daar op 'n ad. Hoc basis sprekers oor die onderwerp uitgenooi of die predikant van Ramot genooi om 'n erediens waar te neem.

### Onbeantwoorde vrae?

Die vraag is of dit genoeg is om die "**grootste tragedie**" te pak? Dit kan tog nie net daaroor gaan dat mense wat reeds deur die slang van Spreuke 23 gepik is deur byvoorbeeld Ramot gehelp word om uit die tronk van verslawing te ontsnap nie. Het die kerk 'n aktuele boodskap wat mense weerbaar kan maak teen die teenwoordigheid van alkoholiese drank (en die ander dwelmmiddels) wat as 'n normale produk gesien word en klaarblyklik as noodsaaklik vir 'n gelukkige en suksesvolle lewe? Hoe rus die kerk jongmense om toe om 'n opinie oor alkoholiese drank te vorm en te weet watter plek om daaraan in hulle lewens te gee? Hoe rus die kerk ouers toe om hul kinders tydens die kritiese vormingsjare ingelig te begelei om verantwoordelike keuses te maak ten opsigte van die plek van alkoholiese drank in hul lewens? Wat sou die kerk se profetiese getuienis wees oor alkoholiese drank? Hoe sal hierdie getuienis geformuleer en gekommunikeer word? Laat hoor die kerk 'n alternatiewe stem te midde van die oorweldigende stem van die alkoholindustrie in die media met vindingryke en oortuigende advertensieveldtogte wat alkoholiese drank as 'n absolute noodsaaklike kulturele bestanddeel posisioneer? Wat sou die kerk se strategie wees om alkohol- en dwelmmisbruik te voorkom of reken ons dit is nie voorkombaar nie?

Die Oktober 2002 **Algemene Sinode** het met die volgende besluite die koers begin aandui:

1. **Alkohol- en dwelmmisbruik**
   "Die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die skerp toename in alkohol- en veral dwelmmisbruik en versoek gemeentes om met hierdie vernietigende verskynsel erns te maak en om veral ons jongmense deurlopend van hierdie gevaar bewus te maak".
2. **Behandelingsprogramme**
   "Die Algemene Sinode versoek kerkrade om finansiële steun te voorsien aan behoeftige lidmate wat behandeling vir dwelm- en alkoholafhanklikheid nodig het. Gemeentes word versoek om in samewerking met behandelingsentra gemeenskapsgebaseerde behandelingsprogramme in gemeenskappe te vestig".

Dit is 'n vraag of daar in die agt jaar sedert die besluit genotuleer is enige sinvolle aksies daaruit voortgevloei het? Die realiteit is dat die N G Kerk tans nie 'n "plek" het in enige Sinodale en Algemene Sinodale struktuur wat verantwoordelikheid hiervoor kan neem nie en dit sal waarskynlik net mooi woorde bly.

Almal is dit waarskynlik eens dat middelmisbruik, veral alkoholiese drank, 'n besondere aktuele probleem van ons dag is. Eweneens sal almal saamstem dat, indien ons werklik erns maak met ons belydenis van die koningskap van Christus, ons ook wat alkoholiese drank en ander dwelmmiddels die sout van die aarde en die lig van die wêreld moet wees. Ons sal die moed moet hê om 'n getuienis, gerugsteun deur aksieplanne, te lewer al gaan hierdie getuienis teen die populêre siening in en al loop ons die gevaar om selfs by lidmate in onguns te kom.

### <u>Prioritiseer misbruik en verslawing</u>

In aansluiting by die algemeen erkende en goed gedokumenteerde getuienis dat middels 'n deurslaggewende rol in die heersende sosiale patologie speel, dis in baie gevalle 'n oorsaak en nie 'n

gevolg nie, word die Sinode gevra om die volgende besluite te neem:

Die samestelling van 'n kommissie bestaande uit kundiges om te besin oor onder meer die volgende:

**1. Die kerk se roeping ten opsigte van middelmisbruik in die samelewing.**

- Het die kerk 'n rol te speel wat middelmisbruik aan betref en indien wel, wat is hierdie rol in terme van verantwoordelikhede, doelstellings, doelwitte, strategieë, aksieplanne en aktiwiteite?
- Wat sou die kerk wou sien moet gebeur (visie), het ons 'n verantwoordbare idee van wat ons dink moet gebeur?
- Wat sien ons as ons kerntaak (missie) in hierdie verband?
- Kan ons byvoorbeeld 'n rol speel in voorkoming en hoe gaan ons dit aanpak?
- Raak hierdie situasie hoegenaamd die bestaansdoelwit (missie) van die kerk of is dit 'n saak op die periferie wat nie eintlik soveel saak maak soos die ander aktuele sake nie?
- Ondersoek te doen na die tot stand bringing van 'n sentrum vir Verslawings (Alkohol- en ander Dwelmverslawing, dobbel, internet, seks) om die kerk van gespesialiseerde, wetenskaplike gefundeerde kennis voorsien en om die deurlopende teenwoordigheid van die aktuele saak van verslawing en misbruik op die kerklike agenda te verseker?
- Ondersoek in te stel na die moontlikheid om kursusse in middelmisbruik en -verslawing via byvoorbeeld Communitas en die kweekskool vir predikante, gemeenteleiers en lidmate in te stel.
- Ondersoek in te stel na die moontlikhede om omvattende en geïntegreerde voorkomingsaksies op alle sistemiese vlakke te loots.

**2. Amptelike standpunt ten opsigte van Alkohol en ander Dwelmmiddels**

Die NG kerk het veertig jaar gelede in 1970 'n amptelike standpunt oor verslawing, toe hoofsaaklik alkohol, geformuleer. Die wêreld van Rom 12 waarin ons geroep word om Christene te wees het so grondig verander in die veertig jaar dat die kerk weer hieroor behoort te besin sodat ons werklik die lig van die wêreld kan wees. Daar is talle vrae wat roep om 'n nuwe besinning. Die kommissie word daarom versoek om hierdie standpunt nuut te formuleer aan die hand van 'n nuwe en resente bestudering van die Bybelse gegewens oor alkohol met inagneming van die wetenskaplik gefundeerde inligting wat tans daaroor beskikbaar is. Een kwessie wat aandag behoort te kry in so 'n studie is die posisie van alkohol vis-à-vis die onwettige middels. 'n Verdere vraag is of die kerk met sy interpretasie van die Bybelse gegewens oor alkoholiese drank nie onbewustelik en onbedoeld bygedra het tot die huidige kulturele siening dat dit 'n gewone kommoditeit is soos brood en melk nie.

**3. Oprigting van behandelingsentrum vir adolessente**

**Die sinode word gevra om:**

**'n Omvattende ondersoek te doen na die behoefte vir en oprigting van 'n sentrum vir adolessente (14-18 jaar) waar kinders met 'n verslawingsprobleem behandel kan word. Alle moontlike hulpbronne en rolspelers moet betrek word in die ondersoek, o.a. BADISA (NGK en VGK), PAWK, bestaande kerksentrums van behandeling asook gemeentes en alle moontlike belanghebbendes. Spesifiek moet met genoemde rolspelers in gesprek getree word oor hoe die oprigting van sodanige sentrum befonds kan word.**

## 12. SLOTSOM

Alkoholiese drank is so nou verweef met die meerderheid volwasse sosiale aktiwiteite dat dit as gewone produk soos alle ander op die rakke van die supermark gesien word. Deur die mite dat dit so gewoon is soos brood en melk is dit egter ook verantwoordelik vir betekenisvolle voorkombare leed en lyding. Die gevaar bestaan dat 'n tragedie voor ons oë afspeel maar terselfdertyd grootliks by ons verbygaan. Die situasie plaas die kerk tans in meer as een opsig voor formidabele uitdagings. Deel van die uitdaging is die vraag of ons as kerk bereid is om kritiese introspeksie te doen oor ons eie siening van en gebruik van alkoholiese drank. Is ons bereid om onbevange in die spieël te kyk?

## Bylaag 6: AANHANGSEL A

# ALKOHOL EN SAMELEWINGSPROBLEMATIEK

Die volgende navorsingsresultate/studies beskryf die negatiewe uitwerking wat die gebruik en misbruik van alkohol in die gemeenskap, op mans en vroue, kinders en ongebore kinders in die Wes-Kaap het. Let daarop dat, alhoewel die statistiese data in sommige gevalle verskil, die deurlopende tema 'n betekenisvolle teenwoordigheid van alkohol in die genoemde insidente is.

– ALKOHOL, SEKS, MIV en VIGS

Die voorkoming van infeksie met die dodelike virus is eenvoudig en haalbaar: **Geen kontak met bloed of enige ander liggaamsvloeistowwe waarbinne die MI-virus voorkom nie.**

Onveilige/hoë risiko seks is wêreldwyd verantwoordelik vir 5,2 % van alle sterftes met die oorgrote meerderheid in die Afrika-streek as gevolg van VIGS/MIV. Beramings dui daarop dat 99 % plus van MIV-infeksie te wyte is aan onveilige seks met vroue 'n groter risiko as mans (WHR, 2002 pp 62, 63).

Alkoholgebruik word deurlopend geassosieer met die voorkoms en algemeenheid van VIGS. In teenstelling met TB wat "passief" ontvang kan word deur mense wat nies en hoes, word mense nie passief geïnfekteer deur MIV nie. Ten einde geïnfekteer te word met die virus is daar 'n "aktiewe" gedragskomponent nodig. Mense moet aktief iets doen om geïnfekteer te word, dit behels in die meeste gevalle betrokkenheid in onbeskermde seks.

Alhoewel alkoholgebruik in die algemeen met onbeskermde seks geassosieer word, is daar ook navorsing wat daarop dui alkoholgebruik op sy eie nie kousaal verbind kan word met die aktiewe gedrag wat nodig is om die geïnfekteer te word nie. alkoholgebruik mag eerder dien as 'n "merker" vir ander veranderlikes wat potensieel die assosiasie tussen alkohol en onbeskermde seks onderlê soos byvoorbeeld persoonlikheidstrekke soos seksuele kompulsiwiteit, die soeke na sensasie en anti-sosiale persoonlikheidsversteuring. **Daar is egter genoeg getuienis om 'n kousale rol vir alkohol in die verloop van die siekte te bevestig.** Soos die geval met TB ontwrig alkoholgebruik MIV behandeling belemmer soos aangetoon deur merkbaar hoër behandelingsmislukkings en mense wat uitval uit die behandeling. Alkoholprobleme het 'n baie sterker invloed as die blote gebruik van alkohol. (Addiction,volume 105 nr. 5 Mei 2010 pp 827) 'n RGN studie het bevind dat ongeveer 5% van kinders tussen ouderdomme twee en agtien HIV positief is. Byna 32% van die kinders was blootgestel aan iemand in die huis wat ten minste een keer per maand dronk is (Business Report, 13/05/04).

Navorsing dui op 'n oorsaaklike verband tussen alkoholgebruik/intoksifikasie en onveilige seks (hoë risiko seks). Alkohol dien as 'n kragtige tussenganger tussen seks en MIV/Vigs met betrekking tot die besluit om seks te hê, en die besluit om veilige seks of onveilige seks te hê (Journal of Studies on Alcohol/Supplement No. 14, 2002 pp 101-117). Geïntoksikeerde breinselle stel nie in kondome belang nie!

Die slotsom is dus dat resente navorsing op 'n interafhanklikheid dui tussen MIV, substansgebruik, seksuele geweld en hoë-risiko seksuele praktyke. Die logiese konklusie hieruit is dat besmetting met die MIV voorkombaar is deur 'n afname in substansgebruik en word beaam deur navorsing in die VSA.

– **Nie-fatale Alkoholverwante beserings**

Beserings in Suid-Afrika toon 'n hoë korrelasie met alkoholintoksikasie.

- Slagoffers: 45% van 'n steekproef in 'n hospitaal in Kaapstad was betekenisvol (BAK 0,1 – 0,3 gm/100 ml) onder die invloed van alkohol ten tye van die insident (Marais in Sacendu Phase 11, 2001 p 77 e.v.).
- Tussen 52% tot 75% van bogenoemde slagoffers kon met sekerheid sê dat die oortreders ook onder die invloed van alkohol was (Ibid).
- 60% van die steekproef het 'n alkoholprobleem (Ibid).
- Ten minste 50% van alle motorvoertuig ongelukke is alkoholverwant met intoksikasie by óf die bestuurder en/óf die voetgangers betrokke (Ibid).
- Die Kaapse metropoolstudie (CMS) het getoon dat 64% van beserings as gevolg van geweld alkoholverwant kan wees (Van der Spuy in Modern Pharmacy, Febr, 2001).
- 'n Betekenisvolle minderheid van "ongelukke" in en om die huis en tydens ontspanning word hier en elders in die wêreld as alkoholverwant beskou (ibid).
- 50% van beseerde voetgangers bevredig die kriteria vir kroniese alkoholisme (ibid).

- 'n Studie deur die MNR onder 1935 traumapasiënte (1999-2000) het getoon dat 57% van skietwond-pasiënte gedrink het en meer as 50% 'n onwettige dwelmmiddel gebruik het. 70% van pasiënte met messteek-beserings het alkohol in hul bloed gehad. Meer as die helfte van die pasiënte is as "probleemdrinkers" geklassifiseer *(Die Burger,* 14/07/03; Aanbieding van navorsingsresultate op 9/10/03 deur H Donson).

- **Trauma**

- Ongeveer 38% van traumapasiënte van alle ouderdomme en rasse in Kaapstad het in 2000 'n BAK > 0,05g/100 ml gehad. Die ooreenstemmende syfers vir die platteland is 49%. Hierdie persentasies is waarskynlik konserwatief en 'n onderskatting van die ware toedrag van sake (Strydom in Parry en Bennets, 1998).
- Ongeveer 33% van alle hospitaaltoelatings hou direk of indirek verband met alkohol (Staatskoerant, Nr. 1025 van 1997).
- Byna 80% van alle aanranding-pasiënte by trauma-eenheid van die Tygerberg-hospitaal was óf onder die invloed van alkohol óf beseer as gevolg van alkoholverwante geweld (Steyn in Parry en Bennetts, 1998).
- Meer as 40% van alle traumapasiënte in 'n studie oor drie jaar onder 1935 deur die MNR was verslaaf aan alkohol (Die Burger, 14/07/03).
- Twee derdes (66%) van alle gevalle wat jaarliks by die trauma eenhede in drie stede tussen 1999 en 2001 getoets is het BAK van bo 0,05g/100 ml bloed gehad (Matzopoulos et al, 2003; Pluddemann et al., 2006)

- **Onnatuurlike sterftes**

- 61% van alle onnatuurlike sterftes toon 'n positiewe bloed alkoholkonsentrasie met 56% > 0,05g/100 ml (Donson in *Sacendu,* Phase 9, 2000, pp 78 e.v.).
- Ongeveer 50% van alle onnatuurlike sterftes in 2002 het BAK van of meer of gelyk aan 0,05g/100ml bloed gehad (Matzopoulos et al, 2003; Pluddemann et al., 2006)
- Moord (66% van gevalle is BAK positief).
- Selfmoord (44% van die gevalle is BAK positief).
- Voertuigongelukke (60% van die gevalle is BAK positief) (72% van voetgangersterftes is BAK positief).
- Ander "ongelukke" bv. verdrinkings. Vier-en-sestig persent van die gevalle is die BAK positief terwyl 50% se BAK > 0,10g/100ml en 38,6% is swaar geïntoksikeerd met BAK van 0,20g/100ml of hoër (Van der Spuy in *Modern Pharmacy,* Febr 2001).
- Verdrinkings: ongeveer 44% van verdrinkings bo ouderdom 10 jaar het alkohol gebruik terwyl 40% bo die wettige perk van 0,05gm/100ml bloed (alkohol vlak) was (Donson in Cape Argus 27/09/05)
- Moord as gevolg van 'n skerp voorwerp (79,7% van gevalle het verhoogde BAK) (Donson & Matzopoulos, Junie 2002).
- Volgens die Kaapse Metropoolstudie is 76% van sterftes as gevolg van geweld alkoholverwant (Van der Spuy in Modern Pharmacy, Febr 2001).
- In 58% van gevalle waar mense uit treine val of voor treine spring is die BAK positief (Lerer in Parry en Bennetts, 1998).
- In 'n omvattende studie deur die Instituut vir Sekerheidstudie is bevind die moordsyfer onder bruin mense is sedert 1938 ver bo dié vir enige ander bevolkingsgroep in Suid-Afrika. Drankmisbruik dra tot die probleem by. In 68% van die gevalle het bruines alkohol in hul bloed as hulle onnatuurlik sterf, vergeleke met die gemiddelde syfer van 50%. Luidens die verslag "leef mense op die rand van die samelewing en maak hulle hul eie reëls oor hoe om op te tree" *(Die Burger,* 25/04/04).

- **Mediese gevolge**

'n Oorsaaklike verband (alkohol as direkte oorsaak) bestaan tussen die volume alkoholverbruik en meer as 60 tipes siektes en beserings bv. kankers van die kolon, rektum, borskanker by vroue, diabetes mellitus, unipolêre gemoedsversteuring, hipertensiewe hartsiektes, iskemiese hartsiektes, iskemiese beroerte, tong, mond, keel, larinks, esophagus en die lewer, epileptici, onopsetlike beserings en lewersirrose, 'n verhoogde vatbaarheid vir siektes soos T.B. en longontsteking, voedingsgebreke, kardiovaskulêre abnormaliteite, sentrale senuweestelsel abnormaliteite. Hierdie negatiewe gevolge is ongeag alkoholverslawing. (Staatskoerant, nr. 1025 van 1997, WHR, 2002, pp 66; Addiction, volume 105 nr. 5 Mei 2010 pp 827). Hierdie navorsing toon duidelik dat die gemiddelde volume van alkoholgebruik geassosieer word met die verhoogde risiko vir baie siektes.

- **Psigiatriese gevolge**

In 'n studie wat oor twee jaar (2002-2004) oor die voorkoms van psigiatriese siektes in die RSA gedoen is, het die MNR bevind dat altesame 13,3% van alle mense ontwikkel sodanige siektes as gevolg van middelgebruik. Die ontwikkeling van psigiatriese siektes weens middels soos alkohol

en dwelms en/of mense wat middels gebruik omdat hulle aan die siektes ly, kom eweredig in die provinsies en by alle rassegroepe voor. Vergeleke met ander lande het die RSA die naashoogste voorkoms van psigiatriese siektes wat ontwikkel weens middelmisbuik. Die navorsers het beklemtoon dat die rol wat alkohol speel – mense gebruik dit óf omdat hulle siek is óf dit veroorsaak die psigiatriese siekte –veral van belang is. *(Die Burger,* 17 Oktober 2007)

- **Kriminaliteit**

- 'n Sterk verwantskap bestaan tussen alkohol en 'n wye spektrum van kriminele aktiwiteite. In sommige dele van die land word meer as 80 % van alle aanvalle en moorde met alkohol verbind in die sin dat óf die aanvaller óf die slagoffer óf beide onder die invloed van alkohol was (Staatskoerant, Nr. 1025 van 1997). Die "Government's Mid-term Report to the Nation" gee erkenning aan die feit dat alkohol en ander dwelms by aanrandings, verkragtings, huishoudelike geweld, kindermishandeling en moord betrokke is.
- 50 % of meer van persone gearresteer vir die volgende misdade toets positief vir ten minste een dwelm :
  - Alkohol en dwelm oortredings (75%)
  - Huisinbrake (66%)
  - Motorvoertuigdiefstal (59%)
  - Ander diefstalle (55%)
  - Verkragtings (50%) (Drugs and Crime in South Africa, 2001)

'n Studie deur die MNR bevind dat meer as 60% van misdaad (van huisbrake, verkragtings tot moord) gepleeg word deur kriminele onder die invloed van alkohol en/of dwelms ( Sunday Times 25/09/05).

Luidens 'n regeringsdokument oor makro-sosiale neigings in Suid-Afrika is daar 'n sterk verband tussen **verkragtings** en drankmisbruik. Dit vind plaas wanneer die slagoffer saam met kennisse drink wat bendelede is of betrokke is by misdaad. Volgens hierdie verslag toets 45% van verkragtingsverdagtes positief vir dwelms (Die Burger, 24/06/06).

- **Arbeidsisteem : Industrie en Werksmag**

- Alkoholgebruik het volgens verskeie studies (Rice et al. in Parry en Bennetts,1998) 'n negatiewe uitwerking op die sakegemeenskap deur:
  - afwesigheid
  - groter gebruik van mediese voordele en werknemerkompensasie eise
  - swak produktiwiteit
  - hoë personeelomset
  - interpersoonlike konflik
  - werkplekbeserings
  - skade aan werkplekeiendom

- 'n Belangrike en insiggewende bevinding deur 'n Finse studie is dat ligte tot matige drinkers (0-3 drankies per dag vir mans, 0-1 vir vroue) verantwoordelik is die grootste verlies van werksdae. Die eenvoudige rede hiervoor is dat hierdie groep die grootste deel van die werksmag uitmaak. Ligte drinkers is verantwoordelik vir 54 % van alle alkoholverwante probleme in die werkplek en 87% word veroorsaak deur ligte tot matige drinkers. Hou in gedagte dat 'n "babelas" werkprestasie beïnvloed selfs nadat alle alkohol uit die liggaam verwyder is (Wiese, Shlipak, and Brower, 1999).

- **<u>Gesinsgeweld (insluitend huweliksmaat mishandeling, kindermishandeling)</u>**

Alkoholgebruik word geassosieer met 'n verhoogde risiko vir alle vorme van interpersoonlike geweld; swaar alkoholverbruik deur mans (en dikwels vroue) word byna konsekwent verbind aan lewensmaatgeweld (Jewkes, R in Lancet, 4/20/2002, Vol. 359

Alkohol is 'n belangrike faktor in huislike geweld en kindermishandeling. Navorsing dui daarop dat alkohol en dwelms die primêre faktor is in gevalle waar vroue deur hul mans mishandel word (Staatskoerant, Nr. 1025 van 1997, WHR, 2002, p 66)

Studies deur die Mediese Navorsingsraad dui op 'n verband tussen selfgerapporteerde alkoholinname en gesinsgeweld. In een ondersoek het 49% van gearresteerdes vir oortredings wat as "gesinsgeweld" gekategoriseer is, alkohol ingeneem (Alcohol Use in South Africa, Central Drug Authority). Huislike geweld- verwante trauma in die Kaapse Metropool kan egter so hoog as 67% wees en op die Wes-Kaapse platteland meer as 75% (Parry en Bennetts, I998).

In die eerste verslag van sy soort oor vrouemoord in Suid-Afrika deur die Mediese Navorsingsraad se gender- en gesondheidsgroep, die Eenheid vir Forensiese Medisyne en Toksikologie aan die Universiteit van Kaapstad en die Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening is bekend gemaak dat een uit elke twee vroue vermoor word deur 'n persoon met wie hulle 'n intieme verhouding gehad het, hetsy 'n vriend, verloofde of man. 'n Derde van die moordenaars het probleme met alkoholmisbruik gehad *(Die Burger,* 09/06/04).

– **Fetale alkoholsindroom (FAS)**

Materne (moeder) alkoholinname lei tot Fetale Alkoholsindroom by ongeveer 12% kinders in die armer sosio-ekonomiese dele van die Wes-Kaap (Staatskoerant, nr. 1025 van 1997). FAS word gekenmerk deur breinskade, hiperaktiwiteit, fisieke gesigsmisvorming, fisiese en psigiese belemmerde ontwikkeling, swak motoriese koördinasie en belemmerde orgaanvorming.

May, Brooke, Gassage, et al (2000) rapporteer dat die voorkoms van FAS in 'n Wes-Kaapse gemeenskap gewissel het tussen 39 – 43 per 1 000 en veral so onder plattelandse mense. In 1999 was die voorkoms 7,5 % (Die Burger, 11/11/02). In die Wes-Kaap word die toestand by 88 uit elke 1000 graad 1 leerders aangetref terwyl die ooreenstemmende syfer vir die Noord-Kaap 67 is. (Die Burger 10/09/08)

'n Studie deur die "Foundation for Alcohol Related Research" (FARR) onder verwagtende moeders in Kaapstad, Saldanha-Vredenburg en Oudtshoorn-George het bevind dat 26,4% van moeders genoeg drink om hul ongebore babas betekenisvol bloot te stel aan FAS (Parry en Bennetts, 1998). Volgens Parry (2005) is FAS op sy hoogste vlak ooit in die RSA.

## GEVOLGTREKKING

Die opvallende verband tussen internasionale en RSA epidemiologiese gegewens dui op 'n gemeenskap wat gebuk gaan onder een van die mees voorkombare gesondheidsrisiko's en intervensies op primêre, sekondêre en tersiêre vlakke noodsaak. Onbetwisbare empiriese gegewens dui daarop dat 'n betekenisvolle aantal mense alkohol in Suid-Afrika misbruik (Parry en Bennetts, 1999) en dat hierdie mense verantwoordelik is vir die oorgrote meerderheid sosiale patologie.

Agter die statistiek lê daar veel voorkombare lyding en finansiële kostes en daadwerklike pogings om die probleem aan te pak is van kritiese belang.

## BRONNELYS


1. Addiction, 1997, 217-226; 1999, 94(6), 857-866; Vol 105, nr. 5, pp 767, Mei, 2010; Volume 105 nr. 8, pp 1323,802, Augustus 2010; Volume 105, nr. 5, pp 770, Mei 2010;Vol 105, nr. 10, pp 1767,Oktober, 2010;Vol 5, nr. 10, pp 1691, Oktober 2010
2. Allen et al, SAMJ : 91(2), 145-150, 2001
3. Babor T., Caetano R., Casswell S., Edwards G., Giesbrecht M., Graham K, et al. Alchol: No Ordinary Commodity-Research and Public Policy. Oxford. UK: Oxford University Press; 2010.
4. Business Report, 13/05/04
5. Cape Argus (verskeie uitgawes)
6. Die Burger (verskeie uitgawes)
7. Die Suid-Afrikaanse Mediese Joernaal, 07/03.
8. Donson en Matzopoulos, The Alcohol- injury Nexu, Medical Research Council Junie 2002.
9. Drugs and Crime in South Africa, 2001.
10. Edwards, G; Alcohol Policing and the Public Good: Oxford: Oxford University Press, 1995.
11. Flisher et al. Substance use by South African Adolescents, Central Drug Authority, 1998.
12. Global Status Report: Alcohol and Young People, WHO, 2001.
13. Goodwin, 2000. Alcoholism: The facts.
14. Government's Mid-term Report to the Nation, 2002.
15. Hazeldon Newsletter, 06/09/1999.
16. Health & Hygiene, vol 14 no 3 Mar 2003.
17. Hodgkinson, Alcoholism, 1995.
18. Jewkes, Rachel: Intimate Partner Violence: Causes and prevention. Lancet, 4/20/2002, Vol 359 Issue 9315, p 1423.
19. Journal of Studies on Alcohol. Supplement No. 14, pp 101-117, 2002.
20. London, L. Alcohol consumption amongst South African farm workers: A challenge for post-apartheid health sector transformation. Drug Alcohol Dependance, **59**: 199-206, 2000
21. Matzopoulos, R. Seedat, M. & Cassim, M. (2003). *A Profile of Fatal Injuries in South Africa.* Fourth annual report of the National Injury Mortality Surveillance System 2002. Parow: Medial Research Council.
22. May, P.A., Brooke, L., Gossage, J.P., Croxford, J., Adams, C., Jones, K.L., Robinson, L. and Viljoen, D. Epidemiology of fetal alcohol syndrome in a South African community in the Western Cape Province. American Journal Public Health **90**: 1905-1912, 2000.
23. Nida notes vol 18 nr 1
24. Parry, C., Pluddemann, A., Steyn, K., Bradshaw, D., Norman, R. & Laubscher, R. (2005). Alcohol use in South Africa: findings from the first demographic and health survey (1998). *Journal of Studies on Alcohol, 66,* 91-97.
25. Parry, C. (2005). South Africa: alcohol today. *Addiction, 100, 426-429.*
26. Parry, C.D.H. and Bennetts, A.L. Alcohol Policy and Public Health in South Africa, New York: Oxford Univ. Press, 1998.
27. Pluddemann, A., Parry, C., Donson, H. & Sukhai, A. (2006). Alcohol use and trauma in Cape Town, Durban and Port Elizabeth, South Africa: 1999-2001. *Injury Control and Safety Promotion.*
28. *Rehm, J., Rehn, N., Room, R., Monteiro, M., Gmel, G., Jernigan, J., & Frick, U. (2003). The global distribution of average volume of alcohol consumption and patterns of drinking. European Addiction Research, 9, 147-156.*
29. Rapport (08/12/2002).
30. Ronald in Die Burger (30/12/2002).
31. South African Community Epidemiology Network on Drug Use (Sacendu), Phase 9,11,12,13 en vol 6
32. Sentrale Dwelm-owerheid, 2008)
33. Staatskoerant. Drank: Beleidsdokument en Wetsontwerp, nr. 1025 van 1997.

34. Sunday Times (25/09/05)
35. The Lancet, 07/03.
36. The World Health Report, 2002.
37. Vukani, 20/6/2002.
38. Walton S, 2001. Out of It. A cultural history of Intoxication. Penguin Books. Londen.
39. Warren in: Health Promotion, March 2003. Alcohol abuse. pp19-23.
40. WorldDrugreport en Mediese Navorsingsraad in *Die Burger,* 21/08/07).
41. WHO kongres, Stockholm, 02/01.
42. Weigh, E. (2006). Substance Use Disorders. *CME, 24*(8), 436-440.
43. Wiese, Shlipak and Brower. The Alcohol Hangover. Annal of Internal medicine, Vol. 132, No. 11.

**Bylaag 7**

# MODEL VAN DIENSLEWERING: MIDDELAFHANKLIKHEID

**1. Visie:**

BADISA wil vanuit die Christelik Hoop:

- Die spiraal van middelafhanklikheid en die invloed wat dit op die lewens van kinders, gesinne en gemeenskappe het, voorkom.
- Individue, gesinne en gemeenskappe wat vasgevang is in middelafhanklikheid, bystaan om in en deur Christus te herstel.

**2. Waardes:**

- Christengesentreerdheid
- Diensbaarheid
- Gelykheid
- Uitnemendheid
- Rentmeesterskap
- Respek
- Regverdigheid
- Gesinsgesentreerdheid
- Doeltreffendheid

**3. Woordomskrywings:**

3.1 **Dwelmmiddel:**

Dit is 'n stof wat as medisyne, stimulant of verdowingsmiddel gebruik word. Dit word as wettig of onwettig geklassifiseer, is natuurlik of sinteties van aard en het 'n effek op die wyse waarop 'n persoon dink, voel of optree. Enige stof of middel wat, indien dit misbruik word, tot psigiese en/of fisiese afhanklikheid kan lei en gevolglik nadelig op die persoon self en die gemeenskap inwerk.

Hierdie omskrywing verwys nie na die mate, of watter middel die persoon gebruik nie.

3.2 **Met die gebruik van dwelmmiddels word onderskei tussen:**

**3.2.1 Gebruik/toevallig/geleentheids gebruik:**

Dit kom neer op ongereelde, toevallige, of sosiale gebruik met of sonder skadelike gevolge.

**3.2.2 Misbruik:**

Gekenmerk deur die voortgesette gebruik ongeag die besef dat die volgehoue of herhaaldelike gebruik sosiale -, beroeps-, psigiologiese - of fisieke probleme veroorsaak. Óf dat die substans herhaaldelik gebruik word in situasies waar dit fisiek gevaarlik is. Byvoorbeeld: Die afhanklike kom nie sy verantwoordelikhede by die werk, skool of huis na nie, die persoon bots met die gereg en het sosiale- en interpersoonlike probleme, ensovoorts.

**3.2.3 Afhanklikheid:**

(Slegs die term "*afhanklikheid*" word gebruik. Daar is reeds in sestigerjare wegbeweeg van die term verslawing.)

'n Wanaangepaste patroon van substansgebruik wat herken kan word deur die volgende tekens:

- Fisies (**toleransie, onttrekking**)
- Tekens van beheerverlies: Die substans word dikwels in groter hoeveelhede ingeneem of oor 'n langer periode as wat aanvanklik beoog is. (Met onsuksesvolle pogings om die gebruik van die middel te staak of te verminder.)
- En waar die substans die persoon se lewe oorneem (baie tyd word gebruik om die substans te bekom, te gebruik, of te herstel van die effek van die substans).

**3.2.3.1 Toleransie:**

Die term "*toleransie*" verwys na die eienskap van die liggaam om 'n weerstand teen sekere dwelmmiddels op te bou, met die gevolg dat steeds groter dosisse van die middel ingeneem moet word ten einde dieselfde uitwerking as die oorspronklike kleiner dosis te verkry.

**3.2.3.2 Onttrekking:**

Ontrekking word veroorsaak deur die staak of vermindering van 'n substans na die oormatige en langdurige gebruik van die spesifieke middel.

Onttrekkingsimptome ontstaan sodra die gereelde toediening van die middel gestaak word. Hierdie onttrekking word gekenmerk deur onaangename fisieke ongemak tot intense pyn, wat in sekere gevalle so vererger dat selfs die dood kan intree.

### 3.3 Terugval:


- Is die resultaat van die interaksie tussen hoë risikosituasies en die persoon se vermoë om dit te hanteer.
- Word beskou as 'n afbreek in 'n persoon se pogings om sy gedrag te verander.
- Is 'n proses wat uit fases bestaan en wat heel dikwels sy begin in die gedagtewêreld van die persoon het.

Die opeenvolging van probleme wat tot die terugval lei, word **die proses van terugval** genoem. In hierdie proses kan die probleme beskou word as terugvalwaarskuwingstekens, bv. hoë spanningsvlakke, eensaamheid, ledigheid.

'n Eenmalige gebruik van middels kan as 'n misstap (slip) beskou word.

> Bronne gebruik vir woordomskrywings:
> Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (2007). Sielkundewoordeboek (3de druk)
> DSM IV – TR, Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, ed 4 (2000)

**Kontinuum van dienslewering**




### 4. Probleme:

Die probleem van middelafhanklikheid impakteer volgens die Wêreld Gesondheidsorg op die volgende vyf (5) lewensterreine:

- Godsdiens
- Werk /Skool
- Gesondheid
- Gesin
- Huwelik

Spesifieke maatskaplike probleme wat veral met substansmisbruik voorkom, is:

- Armoede
- Gesondheidsrisiko's
- Fetale Alkohol Sindroom (FAS)
- Gesinsverbrokkeling
- Huwelikskonflikte
- Verhoudingsrisiko's
- Verlies van werksure
- Verlies van inkomste
- Werkloosheid
- Algemene verlaging van lewenstandaard
- Impak op besluitnemingsvermoë en neem van verantwoordelike keuses
- Vigs, TB
- Misdaad
- Vroeë skoolverlating, skolastiese funksionering

### 5. Fokus van die model:

Die model word ten uitvoer gebring op die volgende wyse:

### 5.1 Voorkoming:

Voorkoming het ten doel om individue en gemeenskappe oor te haal om 'n dwelmvrye lewe as die beter alternatief te kies. Dit word gedoen deur die verspreiding van inligting oor die gevare van alkohol, dwelms en ander middels, asook die aanleer van vaardighede om lewenseise te hanteer en verantwoordelike keuses te maak. Om 'n wesenlike impak te maak, moet voorkomingsinsette deurlopend herhaal word, en moet dit aangepas word by die behoeftes van die teikengroep/-gemeenskap.

<u>Die volgende voorkomingsprogramme sal op vermelde probleme fokus:</u>

5.1.1 Lewensvaardigheidsprojekte by skole en jeudiges, aangebied deur maatskaplike werkers in diens van BADISA maatskaplikewerkprogramme en vrywilligers van die Horisonprojek (CAB).

- Kennis omtrent dwelms en alkohol, en die gevare daaraan verbonde.
- Die ontwikkeling van lewensvaardighede, ten einde 'n gesonde oordeel te ontwikkel.
- Die aanleer van 'n gebalanseerde lewenstyl. Die Horison projek fokus veral hierop.

5.1.2 Motivering tot sober leefwyse. Hier is die insette van die maatskaplike werker, CAD en CAB groeplede, leraar en gemeente van kardinale belang.

5.1.3 Die verspreiding van inligting rakende alkohol en dwelms binne gemeenskappe.

5.1.4 Die ontwikkeling van verantwoordelike ouerskapsvaardighede.

5.1.5 Die ontwikkeling van werkgewersprogramme.

5.1.6 Fetale Alkohol Sindroom (FAS) program. Dié program fokus onder andere op:

- Die bewusmaking van swanger vroue, maar ook van hul gades/saamleefmaats.
- Gevare van alkoholgebruik tydens swangerskap.

### 5.2 Vroëe intervensie:

Vroeë intervensie programme is gerig op persone en families wat reeds by middelmisbruik betrokke is, maar nog nie vir behandeling kwalifiseer nie (is nog nie afhanklik nie). Vroeë intervensie sluit toetsing vir alkohol- en middelmisbruik in, asook terapeutiese sessies om verdere middelgebruik en die skadelike gevolge daarvan te voorkom.

### 5.3 Behandeling:

#### 5.3.1 Die rol van die maatskaplike werker

Die maatskaplike werker het 'n belangrike taak om die pasiënt en sy familie by terapeutiese dienslewering te betrek, te motiveer om by 'n binne- of buite-pasiënte rehabilitasieprogram in te skakel. Die maatskaplike werker het dikwels die taak om die pasiënt na 'n toepaslike behandelingsentrum te verwys en inskakeling van die pasiënt se familie by die program aan te moedig.

#### 5.3.2 Binne-pasiënt behandelingsprogram

Die binne-pasiënt program bestaan daaruit dat die afhanklike na 'n sentrum gaan vir 'n behandelingstydperk van 5 tot 6 weke. Die program bestaan uit aanvanklike onttrekking. Daarna neem pasiënte aan spesifiek geskeduleerde aktiwiteite deel wat aangebied word deur terapeute uit dissiplines maatskaplike werk, arbeidsterapie, sielkunde, medies/verpleging asook pastorale sorg. Voorsiening word gemaak vir die inskakeling in die program vir gesinne en persone van belang betrokke by die pasiënt.

BADISA het twee (2) rehabilitasiesentrums, te wete Toevlug en Ramot. Toevlug het 'n program vir volwassenes (gekommitteerde volwassenes word ook opgeneem), asook 'n afsonderlike jeugprogram. Seuns tussen die ouderdom van 13-18 jaar kan opgeneem word.

#### 5.3.3 Buitepasiënt behandeling/ Gemeenskapsgebaseerde programme

Buitepasiënt programme voorsien nie-residensiële, gespesialiseerde behandelingsdienste. Die program is minder gestruktureerd en intensief, en is geskik vir persone wat nie onttrekkingsimptome het nie en wat gemotiveerd is vir behandeling. Hierdie programme moet geregistreer wees en dienste word slegs gelewer deur toepaslik opgeleide personeel wat ook gereeld supervisie ontvang. 'n Kognitief-gedragsveranderingsmodel van dienslewering word geïmplementeer. 'n Ander kenmerk van hierdie programme is dat die behandelingsentrum dikwels in die teiken gemeenskap is en die diens daarom meer toeganklik en bekostigbaar is.

#### 5.3.4 Selfhelpgroepe/terapeutiese groepe binne behandeling

Binne hierdie selfhelpgroepe/terapeutiese groepe, byvoorbeeld, CAD/CAB/rehabilitasiesentrums kan die afhanklike gemotiveer word tot 'n sober lewe deur middel van interaksie met persone wat dieselfde probleem as hy/sy ervaar het, en dit oorkom het. Gesinne en persone van belang word betrek by hierdie groepe. Die Kerk kan 'n baie noodsaaklike bydrae maak in die inisiëring en ondersteuning van hierdie groepe.

#### 5.3.5 Benutting van hulpbronne

Ten einde 'n omvattende gemeenskapgebaseerde benadering te volg, is dit nodig om alle moontlike hulpbronne in die gemeenskap optimaal te benut, veral ook die betrekking van die plaaslike gemeente.

### 5.4 Nasorg/Voortgesette behandeling:

Nasorg is 'n intregrale deel van die rehabilitasieproses en is in wese voortgesette behandeling en kan geskied op individuele vlak, sowel as binne die gemeenskap. Maatskaplike werkers het veral 'n belangrike rol om na ontslag, die afhanklike en sy familie terapeuties te ondersteun en toepaslike ingrepe te doen ingeval van 'n terugval.

Die CAD en CAB as nasorgprogramme is georganiseer in **selfhelpgroepe** wat saamgestel is uit gerehabiliteerde middelafhanklikes, hul gesinne en ander belangstellendes. Persone wat nog vasgevang is binne afhanklikheid, sluit ook by hierdie groepe aan. 'n Junior CAB gee spesifiek aandag aan die nasorgbehoeftes van jeugdiges.

Die program fokus op:

- ondersteuning aan lede en hul gesinne
- voortgesette opleiding waardeur terapeutiese groei plaasvind
- motivering tot volgehoue soberheid

- motivering tot behandeling
- opbou van die geestelike lewe
- inligting/voorkoming binne gemeenskapsverband

Vakkundiges wat insluit maatskaplike werkers, predikante, medici, huweliksberaders, sielkundiges, en so meer, word deur die groepe betrek vir die aanbied van programme om lede en hul gesinne te versterk in hul poging tot 'n sobere leefwyse. Maatskaplike werkers en predikante vervul ook 'n ondersteunende rol ten einde suksesvolle funksionering te bevorder.

Die maatskaplike werker tree ook verder in 'n ondersteunende raadgewende hoedanigheid by groepe op ten einde groepfunksionering te bevorder. As vakkundige hulpbron tree die maatskaplike werker, asook ander vakkundiges (predikante, medici, huweliksberader, sielkundiges) op uitnodiging as spreker op. Die maatskaplike werker skakel ook by spesiale projekte en geslote byeenkomste in. Die predikant van die gemeentes waar 'n CAD of CAB groep funksioneer, sowel as kerkraadslede, vervul 'n belangrike ondersteunende rol aan die groepe. Die CAD en CAB dien terselfdertyd ook as 'n hulpbron vir die maatskaplike werker en gemeentes.

**5.5 <u>Navorsing:</u>**

BADISA en die programme van BADISA onderneem/neem deel aan relevante navorsing in die veld van middelafhanklikheid. Navorsingsinligting word deurlopend gebruik om nuwe beleid, prosedures, programme/dienste te ontwikkel, byvoorbeeld deurganghuise, sekondêre sorg, langtermyn behandeling.

**Datum: 23 Augustus 2007**
**BADISA**

# B4: VOORLEGGING AAN DIE KOMMISSIE VIR GETUIENISAKSIE (KGA)

"Saam *geroep tot diens en getuienis, in en vanuit Afrika*"

Inhoud:
"Ons" getuienis/ sending
1. 'n Historiese en Teologiese perspektief
2. Omvattend en Insluitend
3. In vennootskap met mekaar en met ander
4. KGA Bestuursake

(Nota: In die voorlegging is sending en getuienis dikwels sinoniem)

1. (Ons) ***Getuienis/ sending – 'n Historiese en Teologiese perspektief***

1.1. *Hoe praat die* ***Bybel*** *oor sending/ getuienis en oor ons?*

o Die Bybel beklemtoon God se inisiatief met ons (in bv Eks 3:7-8; Joh 3:16; Joh 20:21), ons nuwe identiteit (in bv Kol 1-3-4; Efes 1-3), en ons gevolglike lewe/ aksie/ getuienis (in bv Kol 3:5-4:6; Efes 4-5).

- Sending is eerstens 'n karaktereienskap van God drie-enig. Die Vader het Jesus Christus, die Here, uit liefde na ons toe gestuur, ons geroep en afgesonder om aan Hom te behoort
  (I Kor 1:1-2; Lied 168: Heilige Jesus, 542 Jesus, ons loof U!)
- Christus laat ons nuut lewe en stuur ons ook weer, in die krag van sy Gees, na ander mense en die wêreld toe met sy boodskap van liefde en omgee wat nuut maak en hoop gee
  (Vergelyk Paulus se logika in verband met ons nuwe identiteit in bv Kol 1-3:4 waarop dan riglyne volg vir ons openbare lewe, getuienis in 3:5-4:6; Lied 524: God roep ons…).
- Beide aspekte (identiteit en lewe, getuienis) is belangrik. Die volgorde ook. Die eerste begrond immers die tweede en gee daaraan geloofwaardigheid.
- Ons is almal in Christus, verander, nuut gemaak, versoen, een, Koningskinders, erfgename.
- En ons is/word ook saam geroep, verkies, opgeroep tot navolging, tot diens en getuienis in die wêreld.
- Só is en het ons 'n getuienis, die evangelie, wat lewe gee aan die wêreld. Daarvan en daarmee dien en getuig ons.

*"Die kerk se roeping tot diens en getuienis vloei voort uit die wese van die Drie-enige God. Die diepste wese van God word gekenmerk deur verbond, uitreik, selfopenbaring, wederkerigheid, verhouding - God is liefde en deernis (Deus caritas est), immer soekende na gemeenskap. Die handelinge van God, soos geopenbaar in die skepping, die Skrif en die geskiedenis, word gestempel deur God se liefde vir die wêreld. God rig 'n uitnodiging tot mense om toe te tree tot 'n nuwe wêreld - 'n Trinitêre ruimte, waarin die Drie-enige God van gemeenskap sy genade en sorg betoon en alles nuut- en heelmaak (Missio Trinitatis Dei)."*

*"Die sending van diens en getuienis is 'n uitdrukking van die Drie-enige God se liefde en deernis, waarin die omvattende heil (shalom) na alle mense en die hele skepping gebring word."*

1.2 Wat is *Getuienis,* sending nie vir KGA nie?

- Ons diens en getuieniswerk kan nie in afsondering van ander deur ons op ons eie, dalk met diegene wat soos ons is of lyk of praat of leef, onderneem word nie.
- Ons getuieniswerk slaan nie bloot op ons gaan (daar ver of hier naby) nie, maar ook op ons tuisbestaan (van volwasse gelowiges, van gemeentes en van bedieninge).
- Dit gaan daarom vir KGA in wese nie om afsonderlike of alleenstaande sinodale aksies nie. Ons is besig met die dienswerk wat deur gemeentes in breër verband (sinode) saam afgespreek is en wat in verskillende kontekste deur

verskeie partye, vennote oor tyd heen saam onderneem, gefasiliteer en bestuur word.

- Dit gaan ook nie alleen om die mondelinge oordrag van die evangelie nie. Dít is en bly besonder belangrik. Maar, die klem val vir KGA op die omvattende bediening van woord én daad, van woord én brood, en daarom dan ook van diens én getuienis.

1.3 Wat is *Getuienis* – en waar kom dit by ons vandaan?

1.3.1 Die begrip *getuienis / getuies*

- Getuienis ("marturia") is die Bybelse begrip (vgl Hand 1:8) wat op die *getuienis* slaan wat iemand, Christus se dissipels, die gemeente, kerk gee, op die *getuie* self of op die *bewyse* wat so iemand lewer.
- By die KGA sluit getuienis sedert 2002 (sien vooraf historiese ontwikkeling by volgende punt) al ons kerklike verbandswerk na buite in. Dit is daardie aksies, ondernemings, werk wat ons histories sendingwerk, getuieniswerk, bedieninge genoem het en steeds noem, na binne (eie konteks soos bv deur middel van Arbeidsbediening of teenoor ander geloofskulture soos bv Islam) en na buite (ander geografiese kontekste bv Malawi, Nigerië, Japan).

1.3.2 Die KGA se geskiedenis met *getuienis*

1.3.2.1 Ons kerkfamilie dink ernstig na

In die 1970's het die voormalige NGSK nagedink en in 1978 besluit dat die lewe, gemeenskap in gemeentes ("koinonia", gemeentebedieninge, evangelisasie) én die verkondiging na buite, uitreik aksies na ander, bv die aanhangers van die Islam ("kerugma", prediking, sending) in só 'n noue verband met mekaar staan, dat dit nie as twee sinodale of gemeenteaksies onderneem behoort te word nie, maar as een.

Die keuse is teologies gemaak vir getuienis ("marturia") wat al die genoemde bedieningsaspekte insluit en die NGSK se Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie (SKGA) is gestig.

By die NGSK se motivering hiervoor is daarop klem gelê dat die kerk sy getuienistaak (evangelisasie en sending) as 'n eenheid moet sien en dat die benadering van die NGK om evangelisasie (tov blankes) en sending (tov swartes) streng te skei, veral die werk onder die Moslems kortwiek en suspisie wek. Die NGSK was oortuig die bediening aan die Moslems moet veel eerder die verlengstuk van die kerk se evangelisasiewerk wees en daarom primêr die verantwoordelikheid van die gemeentes (vgl Robinson en Botha, 1986).

Gedurende die 1980's is ernstige herenigingsgesprekke binne NGK Familie verband gevoer, veral op sinodale vlak tussen die leierskappe van die SKGA van die NGSK, en die Sinodale Sendingkommissie (SSK) en Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (SKAE) van die NGKSA. In dié gesprek was die NGK se mensbeskouing, kerkbegrip en versoeningspraktyk in besonder onder die vergrootglas. Die voormalige NGKA in Kaapland en die RCA het mettertyd by hierdie gesprekke aangesluit.

1.3.2.2 Ons getuieniswerk/ sending kry nuwe perspektief

Die waterskeidende konferensie oor "*Wat is sending?*" te Bellville in April 1986, op inisiatief van die NGSK se SKGA en die Dept Missiologie aan die UWK, wat die hele NG Kerkfamilie se sendingwerk en -opleiding binne en buite Suid-Afrika betrek het, het ons daar saam laat besluit ons kan en mag nie langer sending of getuienis afsonderlik van mekaar bedryf nie (vgl Robinson en Botha, 1986).

Ons het ***krities saam gekyk*** na ons onderskeie kerke se geskiedenisse met sending, getuienis, evangelisasie en barmhartigheidswerk. Ons het oor die geldende vertrekpunte en definisies besin. Daarby het ons die NGK se sendingbeleid, die gevolglike mensbeskouinge, bedieningspraktyke en ons almal se verband daarmee in 'n eerlike en moeilike debat oorweeg.

Die raak uitspraak van Stanley Jones, kenner van die Asiatiese godsdienste: "The non-Christian faiths carry on reform as they move away from their base, the Christian faith as it moves towards its base" (S Jones 1928, "Christ at the round table") het ons help insien dat 'n belangrike deel van ons sending met die hart van ons eie kerkwees, juis met ons openbare bestaanswyse te doen het.

Wat die ***fokus van sending*** betref, is ons gemotiveer om tegelyk in te sien sending, evangelisasie en barmhartigheid lê saam, maar ook om breër te kyk en ons getuieniswerk in meer omvattende en insluitende kategorieë te verstaan. Die aanduiding van die kerk en bekende sendelinge spesifiek se betrokkenheid deur die eeue by publieke protesaksies, was in die verband merkwaardig en rigtinggewend [Protes teen bv suikerinvoere vanaf Wes-Indiese plantasies (William Carey), teen slawerny in Brittanje (Londense Sendinggenootskap saam met William Wilberforce), teen die kaste stelsel in Indië, teen verontregting van swart mense (Christian Blumhardt van die Baselse Sendinggenootskap), om tussen die verdrukkers en verdruktes te gaan staan (Henry Venn van die Church Missionary Society), en om sodoende vrede en geregtigheid te help bevorder, billikheid en versoening, God se shalom te help bewerk, die totale werklikheid na God se wil te help verander en sodoende deel te hê aan die uitbreiding van God se Koninkryk, was nie 'n wegbeweeg van die sentrum van die

Christelike geloof nie, maar juis 'n al duideliker beweging na die sentrum toe. So was dit immers ook met Jesus self (vgl Luk 4:18-19)].

Die verteenwoordigers is aangemoedig en opgeroep om ***in Jesus se voetspore*** te volg, om ons oor die Samaritane en heidene te ontferm, demone uit te dryf (vgl Matt 10:8 met uitfdruklike appél op die nabyheid van die koninkryk) en om sondaars en uitgeworpenes te ontvang. Dit beteken ons het die verantwoordelikheid ontvang om Jesus se werk van verkondiging, genesing, onderwys, ywer vir geregtigheid en vrede, en die afbreek van skeidsmure van vooroordeel en diskriminasie voort te sit (verwys Joh 20:21), in nuwe tye dalk op nuwe maniere, maar in wese dieselfde.

"Sending (getuienis) is dus baie meer as die red van siele, baie meer as die vertaling van die Bybel in nuwe tale, baie meer as die planting van jong kerke. Sending (getuienis) is al hierdie dinge – natuurlik – maar dit is ook baie meer as al hierdie dinge" (Bosch). Dit is in gegewe kontekste evangelisasie, of genesing, of ontwikkeling, of profetiese getuienis, of sosiale aksie, of projekte vir geregtigheid en vrede, of diakonale hulp, of kombinasies hiervan, én die een is nie meer of minder missionêr as die ander nie – is beklemtoon.

Sending (getuienis) het hierby *tegelyk* (nie die een of die ander, of die een voor die ander nie) te doen met die vernuwing van die kerk, met die bou van 'n gemeenskap op die beginsels van die evangelie, *én* met die oorsteek van grense (geografies, godsdienstig, kultureel, ideologies, sosiale klas, rassisme en tribalisme, denominasionalisme).

Daarvoor het ons oral eerstens mense nodig (kleipotte – 2 Kor 4:7, takke/ lote – Joh 15; ambasadeurs – 2 Kor 5:20), tweedens ook middele (geloof) en hulpmiddele (materieël, kommunikasiekanale, media-netwerke, finansies, toewyding, vindingrykheid), asook derdens insigte/ inligting om die samelewing (historiese en ideologiese magte) te verstaan en van mekaar te leer. Mense wat weet dat ons nie eerstens kerkmense is nie maar koninkryksmense (Matt 6:33) en die verskil verstaan.

Sending (getuienis) is "die Fees van die Epifanie (van Jesus se heerskappy) wat op 'n wêreldskaal gevier word" (Bosch) - van die Dienskneg wat heil, genesing, bevryding, versoening en geregtigheid bring waar ongeloof, uitbuiting, diskriminasie en geweld wil oorneem."

Die 1986 konferensie het dus in 'n nuwe *werksdefinisie vir sending (Bylaag 1)*

- die drie-enige God self as die outeur van die sending onderskei,
- ons eie diepe skuld aan die onenigheid en apartheid tussen ons saam bely, wat juis die Here se sending in ons konteks ongeloofwaardig maak
- en ook onderneem om op 'n nuwe pad saam met mekaar te begin loop, waarin ons die skeidsmure tussen ons in kerk en staat sal begin afbreek.

### 1.3.2.3 Die gerigtheid en bestuur van ons sinodale getuieniswerk word verander

In die verdere aanloop tot die geboorte van die KGA en die vereniging van ons evangelisasie, sending en getuienis werksaamhede as kerkfamilie in die Kaap het die NGKSA tussen 1987 en 1990 die SSK (sending) en die SKAE (ampsbediening en evangelisasie) se sinodale werksaamhede gekonsolideer. Dit is gedoen om duplisering van aksies, begripsverwarring uit te skakel en om die werksaamhede sinodaal te bly bekostig en om te herfokus. Die NGKA het toe alreeds hul gemeentebedieninge, diakonaat en getuieniswerk deur hul "Kommissie vir die Arbeid van die Kerk" in sinodale en gemeenteverband onderneem. Die RCA het slegs een "Kommissie vir evangelisasie" gehad om hulle getuieniswerk te onderneem.

Die vereniging van ons familie se getuieniswerk in die Kaapse konteks het uiteindelik in 1991 plaasgevind toe die verenigde Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) op sinodale vlak tot stand gebring is. Dit het vir ons 'n nuwe tydvak ingelui, waarin ons lewe en bedieningswerk saam onderneem kon word. Ons het destyds gekies om ons "by-mekaar- in-te-verklaar", in KGA verband, op 'n stadium van baie groot spanning, toe die kerk en samelewing in die 1980's gedreig het om letterlik uitmekaar te skeur.

Ons het toe reeds die beleidsgrondslag en reglement vir die KGA met mekaar as kerkfamilie op sinodale vlak afgespreek. Daarin het ons openlik bely dat ons die sigbare eenheid van die kerk glo, dit begeer, daarvoor werk en daarom teen die grense wat dit (wil) verhoed aandruk, met die duidelike voorneme om dit ook te oorkom, sodat "liefde en trou mekaar sal ontmoet, geregtigheid en vrede mekaar sal omhels" (Ps 85:11).

### 1.3.2.4 Ontwikkelinge in die 20 jaar sedert KGA se ontstaan

Vier ontwikkelinge verdien hierdie aandag.

#### 1.3.2.4.1 Ons snoer kragte saam

Die betrokke sinodes het die eerste reglement en die daaropvolgende aanpassings goedgekeur. Die KGA JV word deur ringsverteenwoordigers saamgestel. Dit is 'n groot vergadering. Maar ons wou en wil mekaar steeds graag so goed as moontlik leer ken. Daarom het by die begin ons ooreengekom om een oorkoepelende agenda te hanteer.

Ons wou graag sodoende saam groei in bloot-

stelling aan en begrip vir die wydvertakte en diverse bedieninge op ons verenigde tafel en om algaande groter mede-eienaarskap en mede-verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Ons was immers vir baie jare geskei en moes leer saam fokus en werk.

Om laasgenoemde te help bereik, het ons daarom die beskikbare werkkragte en middele van 1991 af toenemend saamgesnoer. Spesifieke taakterreine is bv deur die KGA aan die drie PSD's uit die meewerkende kerke toegesê. Na die eerste dekade is die aanvanklike drie KGA sataliet kantore (Kaapstad, Belhar en Stellenbosch) se agendas en personeel is einde 2002 saamgevoeg by die "Marturia" kantoorkompleks in Bellville. So is ons kragte saamgevoeg en gerig.

Sedert 2007 behartig een PSD die KGA se oorhoofse bestuur, saam met verskillende bestuurders wat vir spesifieke bedieningsfokusse verantwoordelik is. In dieselfde jaar het die NGKSA, VGK Kaapland en RCA 'n memorandum van ooreenkoms (MVO) onderteken wat sekere handelingsbevoegdhede namens die kerke aan die KGA gedelegeer het. Die KGA werk met een gekonsolideerde begroting.

### 1.3.2.4.2 Getuienis en gemeentebediening loop weer uiteen

Kerkkultuurverskille, mense se persoonlike aanslag en fokusverskille het wel KGA se aanvanklike koers en gang verander Daar het 'n skeiding van weë gekom, juis op die punt wat die NGSK in 1974 en die NGK in die laat 1980's uitgemaak het toe gemeentebediening (ampsbediening en evangelisasie) en sending met mekaar in getuienisaksie gekonsolideer is.

Vir sommige onder ons was die KGA se agenda gewoon te omvangryk. Hulle wou ander klemme lê en graag vinniger bepaalde aksies en uitkomste sien.

Vir ander weer was die verskeidenheid van ons aksies en take noodsaaklike informasie en ook verrykend met die oog op die aanspreek van onhoudbare onderskeidinge (evangelisasie en barmhartigheid vir blankes en sending vir swartes – soos bv in ons destydse Arbeidsbedieningspraktyk) en ter wille van die behoefte aan formasie en bedieningsintegrasie by plaaslike gemeentes.

Vir nog ander was die saambestuur van alle aspekte, ter wille van 'n groei en bevordering van groter eenheid by ons almal, eerder noodsaaklik.

Nie almal was dit dus met die nuwe ontwikkeling eens nie. Dit sou weliswaar altyd vir ons besonder uitdagend wees om bymekaar te bly, saam die groeipyne te beleef, die waarheid in eenheid te dien, en daarvan effektief te getuig met betrekking tot die praktiese uitdagings in die verskillende kontekste. Ons was immers voëls van verskillende vere wat mekaar aan die ontdek was.

### 1.3.2.4.3 Getuienis / sending is tegelyk in ons *bestaan en* ons *gaan*

Terwyl die KGA aanvanklik daarop gefokus het om gemeentebediening (die bestaan van die plaaslike kerk) met die sending (gaan van die plaaslike kerk) te verenig, is die punt juis weer duidelik belig, na die losmaak van Gemeentebediening vanuit die KGA in 2002.

Die klem wat in die konteks van Gemeentebediening, Communitas (voorheen BUVTON) deur middel van die SAVGG (Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Getuurde Gemeentes program) is tans op die gesamentlike gestuurdheid van plaaslike gemeentes. Dit sluit positief aan by die teologiese insigte van bv die missioloog, David Bosch, wat KGA se onstaan en gerigtheid help begrond het.

Hierdie gerigtheid by die SAVGG is ontwikkel uit ander inisiatiewe as die KGA se geskiedenis en sonder indringende gesprek of spesifieke interaksie met laasgenoemde. Die SAVGG fokus bevestig in beginsel die grondliggende geldigheid en waarde van die uitgangspunte vir die KGA se ontstaan en fokus nl: Geloofwaardige getuienis/ sending betrek ons lewe, ons bestaan hier asook ons gaan en lewe daar.

#### Belangrike implikasies

- Daar is 'n voortdurende, indringende oop gesprek, besinning, interaksie met Gemeentebediening/ Communitas nodig. Die vraag is immers waarnatoe met die energie van die gestuurde gemeentes en wat in hul ontwikkelingsproses loskom?
- Ons behoort steeds doelbewus en doelgerig 'n duidelike verband te bly lê met die belangrike historiese verbandsbedieninge van ons kerkfamilie.
  - Ons moet voortdurend daaraan herinner word dat ons en hulle by wie ons vantevore gaan tent opslaan het *mekaar se Bloedfamilie in Jesus* geword het.
  - So nie bevorder ons bes moontlik die korporatiewe geheuverlies wat reeds daaroor bestaan.
  - En skryf ons dalk "ikabod" oor die skat van roepingswerk wat ons voorgangers, moeders en vaders in die geloof in die verlede en ook onlangs met groot toewyding dwarsoor en ook buite Afrika onderneem het.
  - Dan sal ons gemeentes en lidmate dalk ook eerder al hoe meer nuwe uitdagings wil ontgin as om verantwoordelikheid te bly aanvaar vir en saam met hierdie historiese vennootskappe, verbandsbedieninge.

### 1.3.2.4.4 Ons fokus skuif na Diens en Getuienis

Op die vlak van die NG Kerkfamilie in die RSA se algemene sinodes het daar intussen 'n ander be-

tekenisvolle en rigtinggewende ontwikkeling plaasgevind.

- Sedert die vroeë 1990's het verskeie NGK Sinodes nuut besin oor die aard, die lewe, die diens en getuienis werk van die kerk.
- 'n Soortgelyke proses is sedert 1996 deur die Algemene en Streeksinodes van die VGK onderneem.
- Op Algemene sinode vlak is die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in 2001 gestig en deur die betrokke algemene sinodes (NGK, RCA en VGK) goedgekeur, met die NGKA as waarnemers daarby.
- Terselfdertyd het die Diakonale Bedieninge van die NGK en VGK ook hul voelers na mekaar uitgesteek, met die oog op die vereniging van hulle werksaamhede.
- Verkennende gesprekke met dieselfde oogmerk, tussen die diakonale en getuienis bedieninge van die Kerkfamilie, is terselfdertyd onderneem.
- Dit alles het tot 'n hoopgewende gesamentlike voorneme gelei van die NG kerkfamilie se diakonale en getuienisbedieninge, onmiddellik na afloop van die Esselenpark byeenkoms in Junie 2006.
- Die NG kerkfamilie se verteenwoordigers kon gevolglik gedurende Oktober 2006 net Noord van Pretoria saam kom om die nasionaal Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) te vorm.
- Daarin word die Diakonale en Getuienis Bedieninge van die NG Kerkfamilie sedertdien geïntegreerd bestuur.
- Die VDDG se *Bedieningsgrondslag* (sien Bylaag 1) sluit direk aan by die uitkomste van drie Afrika NG Kerkfamilie konferensies: Bellville (1986) (Sien Bylaag 2), Stellenbosch (2004) en Kemptonpark (2009).
- Dié gesamentlike Afrika besinning sedert 1986 beklemtoon: die kerk se diens en getuienis is verbind aan die sending van die drie-enige God (*Missio Trinitatis Dei*) (1986, 2004), ons is geroep tot diens en getuienis in en vanuit die konteks van Afrika met sy diverse uitdagings (2004), en ons onderneem hierdie bedieninge in eenheid, saam en in vennootskap met mekaar en ander rolspelers (2009).
- Dus is die huidige motto van die NG Kerkfamilie se verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis: "*Geroep tot diens en getuienis in en vanuit Afrika, in vennootskap met ander*".
- 'n *Reglement* is in 2006 saam met die *Bedieningsgrondslag* aanvaar wat die bestuur van die verenigde bedieninge reël. Sedertdien het die Algemene Sinodes NGK (2007) en VGK (2008) die proses en benodigde bestuursdokumente, wat 'n memorandum van ooreenkoms (MVO) insluit, formeel vir die VDDG goedgekeur. Die RCA en NGKA het dit ook reeds in beginsel onderskryf.
- So is die grondslag in familieverband uitgeklaar vir wat ons die afgelope dekade en langer as Diens en Getuienis (DG) leer ken het en toenemend saam beoefen.
- Tans onderneem die VDDG in dié verband 'n belangrike konseptualiseringsproses om die begrip en praktyk van Diens en Getuienis vir die kerk te verklaar en te omlyn, met die fokus hiervoor op die Historiese, Bybelse, Sistematiese en Praktiese aspekte daarvan.
- In 2007 het die NGKSA in hierdie verband 'n belangrike en rigtinggewende besluit geneem en waarop in die reses voortgebou kon word (vgl Handelinge 2007: H16, punt 3,4) Die besluit lui:

Diens en Getuienis

1 Besluit 28 (p115, §6.1.3.1) [Goedgekeur]: Die Sinode neem dankbaar kennis dat die Diens- en Getuienisbedieninge van die NG Kerkfamilie op nasionale vlak verenig het.

2 Besluit 29 (p115, §6.1.3.2) [Goedgekeur]: Die Sinode is dankbaar dat die Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) en die Gesamentlike Kommissie vir Diakonaat (GKD) binne hierdie sinodale gebied reeds verenigde werksaamhede van die NG Kerkfamilie is. Die Sinode ondersteun die groepering van die KGA en GKD se werksaamhede as die Sinodale Diensgroep vir Diens en Getuienis.

3 Besluit 30 (p115, §6.1.3.3) [Goedgekeur]: Die Sinode versoek die KGA en die GKD om die Algemene Diensgroep vir Diens en Getuienis se teologiese begronding vir diens en getuienis deel te help maak van die fokus en praktyk van diens en getuienis van gemeentes in hierdie sinodale gebied. (In die uitvoering van 6.1.3.3. werk die KGA en GKD nou saam met Gemeente-bediening, GO en SAVGG.)

**1.3.2.4.5 Hoe staan die KGA met D&G?**

- Ons begryp die 4 binnelandse NG Familie kerke het nasionaal saam en in oorleg met ons eie susterkerke in Afrika helderheid gekry oor die grondslag, struktuur en bestuur van die verenigde bediening van diens en getuienis (D&G).
- Ons neem in aanmerking hoe besonder positief hierdie verenigde D&G ontwikkeling in 2006 ontvang is by die Achterberg gesprek van die binnelandse NG Kerkfamilie.
- Ons word gelei deur die NGKSA sinodebesluit van 2007 in die toepassing van die saak in die betrokke sinodale verband.
- Ons neem hierby in ag dat die VGK Diens & Getuienis (D&G) as deel van die geïntegreerde bedieningsmodel (GB) hanteer vir die nasionale en streeksinodale kontekste asook in ring en gemeenteverband. By die Oktober 2010 sinode van die VGK Kaapland is daarom 'n geïntegreerde D&G verslag aan die vergadering voorgelê.
- In dié lig is ons in 'n voortgaande gesprek

met die Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD) in die Kaap streek, en ander vennote, oor die praktiese implikasies van ons gesamentlike fokus op D&G by ons bedieninge vorentoe. Die KGA het die GKD in die lig van die VGK sinode versoek om hul reeds bestaande gesprek voort te sit. Die ontwikkelinge in hierdie verband is ook aan die NGKSA se Moderamen vergadering voorgelê.

(Lees meer by Bylaag 3)

**Paneel diskussie: Kom ons praat oor die teologie en ons geskiedenis.**

**Paneellede: Russell Botman, Martin Pauw, Eddie Orsmond, Frederick Marais – olv Johan Botha**

Vir saamsing:

Op vaste fondamente (Liedboek 478:1-2)
Bring aan die volke (Liedboek 486:1-2)

## 2. Ons kyk na *die breë, omvattendeen insluitende verstaan van getuienis/ sending*

- *Hoe praat die **Bybel** hieroor?*

Matt 4:23-25, 9:35-38, Luk 4:18-30, Hand 2:1-11 en 4:42

- o Christus stel self die voorbeeld met woordverkondiging én genesing (Matt 4 en 9)
- o Christus se vertrekpunt is op die herstel en die insluiting van almal (armes, gevangenes, blindes, onderdruktes, afhanklikes) ook uit die nie-Joodse gemeenskap van Sidon en Sirië (Luk 4)
- o Die lede van die eerste gemeente was uit verskillende nasies, tale, kultuurgroepe en het hulle saam toegelê op die onderlinge verbondenheid (koinonia), gemeenskaplike maaltyd en gebede (Hand 2 en 4)
- o Die Evangelies en Handelinge beklemtoon die evangelie, verlossing, heerskappy van Christus gaan oor allerlei grense (vgl bv Mark 16:15, Matt 28:18-20; Luk 24:46-49; Joh 4:1-42, en 20:21)

### 2.1 Die geskiedenis en implikasie van ons familie se getuienisbedieninge

Die lewe en werk van die NG Kerkfamilie in die samelewing, in ons eie midde, hier naby ons woon en werkplekke, vertoon soortgelyke trekke as dié van ons werk na buite, verder weg van ons af. Verskeie bedieningsaspekte was en is is deurlopend in ons getuienisfokus.

Histories is die getuienistaak die afgelope eeu en meer op vier vlakke uitgevoer. In die bedieningsvelde waar ons familie met sendingwerk begin het, is en word dit verstaan as die oopmaak van 4 belangrike bokse. Die bedieninge in daardie gebiede en lande gaan steeds op hierdie vier vlakke voort. Hulle is:

o **Evangelisasie**

Die Woord van God is en word gereeld in kerkgeboue en boskerkies aan lidmate verkondig en die evangelie word oral heen versprei, dikwels ook deur iddle van evangelisasie veldtogte. Die Bybel en Bybelgedeeltes is oral in die inheemse tale vertaal. Ander literatuur vir toerusting en skoling word na behoefte ontwikkel deur rolspelers daar en hier.

(Vir huidige toepassings in en vanuit ons sinodale gebied lees meer Bylaag 4)

o **Medies, paramediese en ander sorgsentra**

Die praktyk van mediese klinieke is wyd gevestig, hospitale is opgerig en heelwat inrigtings is gebou vir die versorging van byvoorbeeld blindes, dowes, melaatses, en weeskinders.

o **Opvoeding**

Op die onderwys gebied is baie primêre en sekondêre skole gevestig waar duisende kinders onderrig word. Daarby is die opleiding van predikante, onderwysers en verpleegpersoneel ook oor die loop van baie jare onderneem. Heelwat leraars uit die bedieningsvelde is reeds en word ondersteun om nagraadse opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch te deurloop.

o **Ontwikkeling**

Vaardighede met die onderneming van die landbou (tans bv met "Farming God's way") en tegnologie vir die boubedryf asook die versorging van die omgewing (ekologie) was en is in die getuienisbedieninge beklemtoon met wisselende grade van sukses. 'n Nuwe tendens is dat Universiteite, wat veral op ontwikkeling en tegnologie fokus, met regeringsteun onder die sorg van sommige van ons susterkerke ontwikkel (bv by Villa Ulongue in Mosambiek en Mkar in Tivland, Nigerië.

### 2.2 Ons Publieke getuienis (tuis en daar vêr)

- Omgewingsorg
- o KGA ondersteun fokusse (bv "Farming God's way") en vat hande met ekumeniese inisiatiewe (bv NECCSA) om sensitiwiteit en aktiwiteite by gemeentes en lidmate te help kweek vir die verantwoordelike hantering van die ekologiese uitdagings in ons dag.
- Politiek, Ekonomie, Burgerlike Lewe, Media/ Meningsvorming
- o KGA fokus op hierdie bedieningsareas saam met die Beyers Naudé Sentrum en in die verband van die breë NG Kerkfamilie

(Lees meer hieroor by Bylaag 5)

**2.3 Die omvang en implikasies van ons getuieniswerk**

Ons getuieniswerk was en is omvattend van aard. In die proses is die volle lewe van mense (liggaam, siel en gees, met die omgewing) deur die volle evangelie belig.

Ons voorgangers en ons het nie altyd met alles hierin goed geslaag nie en soms is daar in die proses ernstige foute gemaak. Dit bely ons voor die Here en voor mekaar.

Tog is die oorweldigende indruk dat die Here ons diens en getuieniswerk oor baie jare ver en wyd geseën het. Oral leef en getuig daar vandag lewende en groeiende kerke, gemeentes en lidmate wat die evangelie op hulle beurt ook oor vele grense dra.

Daarom gedenk en vier ons die werk van ons voorgangers en van ons mede broers en susters vandag, in groot dankbaarheid en lof aan die Here wat ons as getuies van sy koninkryk roep, bekwaam maak en stuur.

Ons kyk na insetsels (Data projeksie) oor die NGK familie se verbandswerk, ontmoet van ons familielede en hoor getuienisse uit ons familie se historiese bedieningsgebiede - Makhathini, Msinga, Malawi, Zimbabwe, Mosambiek, Nigerië, Suid-Soedan, Kenia (Persoonlik, Teksboodskappe).
olv Donald Gantana

Vir Saamsing:
Blessed assurance (Liedboek / Engels 4)
Amazing grace (Liedboek/ Engels 2) / Genade onbeskryflik groot (Liedboek 510)

***3. Ons hanteer die uitdagings, verantwoordelikhede, take, projekte, verhoudingsbou en sorg in vennootskap met mekaar en met ander***

***3.1 Hoe praat die* Bybel *hieroor?***

Ps 133; 2 Kor 4:5-7, 15; Rom 12:3-8, 1 Kor 12:12-31, Efes 4:1-6, 23-24; 5:1-2, 21; 6:1, 4,5, 9, 11 en 18,

- o Ons is mekaar se broers en susters (Ps 133)
- o Ons dra die skat van die evangelie, sodat die genade van God meer mense kan bereik, máár is self soos kleipotte wat maklik breek (2 Kor 4:7)
- o Dit pas ons om beskeie te wees, as baie lede, met verskillende genadegawes en funksies (Rom 12:3-8)
- o Ons is onder die beheer van die een Gees, met een doop, as baie lede (voete, oë, ore, ens), wat saamwerk, ly en vreugde beleef, sommige met bepaalde, onderskeie take, maar saam in net een liggaam (1 Kor 12:12-31)
- o Ons roeping is van God, en vra dus beskeidenheid, nederigheid, vriendelikheid, geduld, verdraagsaamheid, liefde – om die eenheid te handhaaf deur in vrede te lewe te dien en te getuig as volwasse liggaam van Christus, in die publieke lewe, in die huwelik, die huisgesin, die werkplek, in die algemeen (Efes 4:1-6, 23-24; 5:1-2, 21; 6:1, 4,5, 9, 11 en 18).

**3.2 Onderskei *verskillende vorme van kerkwees***

- Hoe dink ons hieroor (teologies/ ekkelesiologies/ prakties)?

Ons onderskei 6 konkrete, sigbare, sosiale vorme v kerkwees, en almal is ewe belangrik by die hantering van die diens en getuienis uitdagings in ons veranderende kontekste. Sonder betrokkenheid / verbondenheid van die kerk – verstaan as die komplekse tussen-verhouding van al ses hierdie sosiale vorme van die kerk – is etiese betrokkenheid en sosiale verantwoordelikheid nie moontlik in die wêreld van ons dag nie. Omgekeerd is die aard en roeping van die kerk self op die spel wanneer ons nie eties betrokke en sosiaal verantwoordelik is by die die lyding en bedreiginge van ons dag nie (in aansluiting by DJ Smit se onderskeidinge in sy: Learning tot see? A reformed perspective on the church and the poor).

**1. Individuele gelowiges**

Tradisioneel word aan die rol van individuele gelowiges gedink as die van morele agente wat verantwoordelikheid neem vir die politieke, ekonomiese en sosiale konteks en daarin optree as getuies van die evangelie (vgl Efes 4:11). Daar is natuurlik 'n belangrike element van waarheid in die siening. Die vraag is wel hoe hierdie individue tot morele agente gevorm word? Hoe leer sien en reageer hulle op die baie gesigte van behoeftes en nood by en om hulle?

**2. Erediens**

Die hart van die kerk, in al sy sosiale vorme, bly die erediens / aanbidding. Hier word gefokus op ons leer en lewe, op die verhouding van liturgie en lewe, van erediens en etiek, op die vorming van lewens van aanbidding en toewyding aan dissipelskap, op die wesenlike aktiwiteite van 'n aanbiddende gemeenskap (doop, nagmaal, lering en prediking, viering en lof, klag en belydenis) en sy reaksie op die hulpgeroep in ons midde en om ons.

**3. Die plaaslike gemeente**

Die plaaslike gemeente as 'n saamleef-verband het hierby 'n belangrike rol om deur die ryk verskeidenheid van bedieningsaktiwiteite aan gelowiges geleenthede te bied en selfs af te sonder (vgl Hand 13:1), om die behoeftes en nood van mense raak te sien binne en buite die plaaslike konteks en om persoonlik, direk en kreatief daarop te leer reageer.

**4. Die denominasie (ringe / sinodes / kerkverband)**

Dit is hiernaas duidelik dat die breë kerkverband (bv die sinode van plaaslike gemeentes) met sy historiese verbande (dikwels oor baie jare gevorm), ontwikkelde en ontwikkelende vennootskapsbedieninge asook ander breër kerkstrukture (bv teologiese opleidingsinstansies), verder belangrike geleenthede bied, onderneminge maak, projekte ooreenkom om gemeentes en gelowiges die uitdagings en die vele gesigte van nood hier by ons en daar ver te leer raaksien en dit dienend en getuigend te help aanspreek.

**5. Die Ekumeniese kerk (lokaal / nasionaal / globaal)**

Die ekumeniese kerk speel ook 'n besonder belangrik rol om ons te help om die behoeftes en nood van ander saam met ander gelowiges raak te sien en gepas daarop te reageer. In ons dag word hier veral saam gefokus op die noue verband tussen ekklesiologie (kerkwees, leer) en etiek (lewe, sosiale agendas en betrokkenheid) en ernstig saam gesoek en gewerk om die tradisionele gapings, skeidinge en spanning tussen Christene en denominasies te oorbrug en saam Christus se evangelie aan die gemeenskap te bedien.

**6. Vrywilllige Inisiatiefgroepe (Fokus bedieninge)**

Inisiatiefgroepe is bewegings, projekte wat die ekumeniese kerk in die burgerlike, publieke samelewing verteenwoordig, en waardeur mense saam werk en die evangelie dienend en getuigend verteenwoordig in verskillende kontekste en met verskeie moontlike fokusse (bv Arbeidsbediening; Omgewingsorgaksies; Ander publieke getuienisaksies). Binne die ekumene word hierdie vorm van kerkwees, betrokkenheid en getuienis in ons dag as besonder belangrik beskou.

- o Daar is dus verskillende legitieme draers van die kerk se diens en getuienis.
- o Ons moenie hulle rolle teenoor mekaar stel, dit oorskat of onderskat nie. Die
- o Individuele gelowiges, of gemeentes of sinodes is nie afsonderlik van mekaar voertuie van diens en getuienis nie maar saam.
- o Ons moet elkeen se rol na waarde beoordeel en onderlinge samewerking en vennootskappe so goed as moontlik bevorder.
- o KGA is besorg daaroor dat die noodsaak en waarde van ons breër verbandsbedieninge onderskat word en dat ons in dié verband tans in die algemeen aan korporatiewe geheuverlies ly.
- o Ons is as die een liggaam vir en saam met mekaar vir ander mense en kontekste belangrik en mede-verantwoordelik.

**3.2.1 Verskillende fokusse, aksente wat vandag ons aandag vra:**

**3.3 Eenheid is vir ons 'n *wesenskenmerk* van die kerk en ook van die KGA. Ons neem daarom voortdurend in ag ons is deel van die geheel (breedweg ekumenies) en enger (NG kerkfamilie). Dit slaan op al die kerk se bedieninge wat ons begelei, help koördineer of bestuur.**

Ons is saam gekies, geroep en gestuur in ons *bestaan* en in ons *gaan*.

Ons almal is geroep om saam te dien en te getuig.

Ons is almal saam verantwoordelik vir en saam met mekaar, in ons kerkfamilie en vir ander, as die een kerk, die een begenadigde liggaam om die wonderdade te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet 2:9-11)

Eenheid beheers ook die KGA se *bedieningspraktyk en –strategie*

- o Daarom ontwikkel en versorg ons netwerke, alliansies, vennootskappe met bv:
- o gemeentes, ringe, kerke (binne en buiteland)
- o mede kerklike bedieninge (soos KD, GKS, SAVGG)
- o parakerklike bedieninge/ ondernemings/ diensorganisasies/ ekumene (WKPRK, CCC, Kingfisher)
- o Staat/ burgerlike instellings

(Lees meer oor die KGA se hantering van kerkeenheid uit die verslag aan die VGK Kaapland Sinode in Oktober 2010 en die voorlegging by die NGKSA Moderamen in Feb. 2011 in Bylaag 6)

**3.4 Ons houding, ingesteldheid, optrede/ daad/ aksie ontwikkel ons op die voetspoor van Christus, die Dienskneg.**

- o Ons luister, soek ons medewerkers se perspektief, ondersteun, bedien en bou verbande, hou venootskappe en netwerke formeel saam met ander in stand, versorg daarin en daardeur veral lank bestaande en nuut ontwikkelde onderlinge verhoudinge.
- o Koördineer interaksie, help gee rigting, stap saam, bou op, help kontinueer bedieninge
- o Dit is veral noodsaaklik met die oog op kort en langer termyn gemeente uitreike en betrokkenheid

**3.5 Missionêr of Missionaal?**

Die kerk se geroepenheid tot diens en getuienis word deur beide begrippe onderskryf. Albei beklemtoon die gestuurdheid van die kerk in sy veelvormige gestaltes. In die verlede asook tans is daar in die sendingwetenskap klem gelê daarop

dat dit inhou dat die plaaslike gemeente, en elke lidmaat se lewe, bestaanswyse in eie omgewing deur diens en getuienis gekenmerk sal wees. Dit hou terselfdertyd in dat lidmate en gemeentes oor grense heen sal uitreik om die behoeftes en nood van mense elders te gaan aanspreek. Ons bestaan en ons gaan is hier naby en daar ver. Dit is nie die een of die ander nie, of die een voor die ander nie, maar altyd albei.

3.6 Ons is interafhanklik van mekaar

Ons is toenemend onder die indruk van die werklikheid van en die noodsaak vir die sigbare eenheid van die liggaam van die Here. Ons is saam lede van hierdie een liggaam. Daar is nie wesenlik iets soos ons en hulle nie. Daar is net die ons saam as die liggaam van die die een, opgestane Jesus wat heerskappy voer. Daarom is en bly ons in langtermyn vennootskapsverhoudinge met ons susters en broers uit ons historiese en meer onlangse bedieninge. Ons is geroep om dié onderlinge verhoudinge met toewyding te handhaaf en te bly versorg binne die een liggaam. Ons groei eintlik al dieper in mekaar se lewe in, sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik, die dankgebede meer kan word en God die eer ontvang (2 Kor 4:15).

### 3.7. Ons bedieninge is in vennootskap met ander

3.7.1. Algemeen

KGA onderneem die onderskeie bedieninge doelbewus en toenemend in vennootskap met medewerkers. KGA is oortuig dat ons saam die uitdagings en geleenthede die beste aanspreek. Die KGA wil nie bestaande bedieninge of die organisasie daarvan dupliseer nie. Die KGA werk in vennootskap met mede sinodale bedieninge/ kommissies; met gemeentes en ringe; met bestaande en ontwikkelende ondersteuningsvennootskappe vir spesifieke bedieninge of bedieningsvelde; met ons susterkerke in en buite Afrika.

In KGA se huidige vennootskapsbedieninge

- ontwikkel ons doelbewus en doelgerig eenheid en gesamentlikheid
- kontrakteer ons met gemeentes en ringe en ander medewerkers
- help skep ons kapasiteit/ sonder om te wil beheer
- help onderhou en bevorder ons verskillende soorte vennootskappe (bv ondersteunend; formeel met kerke)
- werk ons saam met verskillende vennote met die oog op verskillende fokusse (bv met CLF, Netact, TIW, Sokhanya, Kingfisher)

### 3.7.2. Nood in Zimbabwe 2008 aangespreek

Die KGA bedieningsverband met ons susterkerke in Zimbabwe dateer reeds uit 1903. Gereelde besoeke deur die KGA amptenare, uitreike deur vennootskappe daarheen en finansiële ondersteuning vind deurlopend plaas.

Op die grondslag van die relevante 2007 sinodebesluite oor hereniging het die moderatuur van die VGK Kaapland gereelde vergaderings met die moderatuur van die NGKSA ooreengekom. Verteenwoordigers uit die moderatuur van die NGK Oos Kaap het ook hierby aangesluit. By die moderature se ontmoeting te Belhar in Februarie 2008 het die KGA PSD oor die kommissie se lesing van die hoogs gespanne politieke situasie en die menseregte vergrype in Zimbabwe berig gegee. Die moderature het biddend besluit om saam ter plaatse ondersoek te gaan doen en die twee destydse moderatore is hiertoe afgevaardig. KGA is versoek om die besoek te beplan en te fasiliteer/ begelei.

Die besoek en sy afloop is deurgaans met groot sensitiwiteit en 'n lae profiel hanteer en gekommunikeer. Deur hierdie handelswyse is ons broers en susters van die NGK Familie in Zimbabwe oor ons besorgdheid ingelig en kon ons hulle in hul baie uitdagende omstandighede eerstehands bystaan terwyl hul veiligheidsrisiko ook deeglik en deurgaans deur ons in ag geneem is.

'n Noodfonds vir *hulpverlening* aan ons lydende Zimbabwe broers en susters is op die been gebring. Gemeentes, individue en instansies het ruim bygedra en die fondse het baie groot verligting in verskeie kontekste help bring. Die fonds word gesamentlik deur KGA en GKD rolspelers bestuur. Hierby is ook 'n omvattende inligtingstuk oor die menseregte vergrype en die lyding van mense in Zimbabwe saamgestel op grond van kundiges se eerstehandse verslae. Dit is uiteindelik via die SARK aan binnelandse en buitelandse rolspelers (insluitend die voormalige SA Staatspresident) voorgelê om die skreiende *werklikheid te belig* en *'n dringende oplossing vir die Zimbabwe krisis te help bewerk.*

Vir hierdie gesamentlike uitreikaksie van die betrokke Moderature en die KGA en GKD bestaan daar steeds baie groot waardering.

Dié sensitiewe, *verenigde publieke getuienis inisiatief*, in belang van groter geregtigheid in ons substreek, is egter ongelukkig in die lig van die VGK SK 2008 en die VGK AS besluite op die opskorting van herenigingsgesprekke nie verder voortgesit nie.

### 3.7.3. Blootstellingsbesoeke gedurende reses 2007-2011

KGA help om deurgaans verskillende rolspelers bloot te stel aan die bedieninge wat ons saam met vennote in verskillende velde onderneem. In die afgelope reses is inisiatief geneem om die kerke

(NGK, VGK, RCA) aan die kontekste van ons susterkerke in Afrikalande bloot te stel. Dit is gedoen deur die fasilitering van blootstellingstoere en die ontwikkeling van bedieningsgeleenthede vir die lede van die betrokke Moderature, NG familiegemeentes. Daarby is die NGKSA Jeugbediening bv onlangs bygestaan met die ontwikkeling van die KIX kinderprojek by chreches rondom Malingunde in Malawi. Ons kon ook in 2010 met die inisiatief begin om geinteresseerde jongmense in hul "gap"jaar aan van die bedieningsvelde te help blootstel.

### 3.7.4. Nuwe uitdagings vra dikwels 'n nuwe aanpak

Ons beleef 'n nuwe era. By SAVGG word dikwels gepraat van die post-Christendom era. Hoe ons dit ook al benoem, ons beleef talle nuwe uitdagings. Franssprekende Christene uit Wes-Afrika is byvoorbeeld op ons voorstoep en soek ons gemeenskap, Christen Chinese hou reeds by ons gemeentes kerk, Somaliërs het reeds omtrent Bellville se stadskern oorgeneem, nie-Christene trek ons woonbuurte binne. Dit alles spel 'n nuwe konteks. Sekularisasie en materialisme rysmier hierby baie van ons lidmate se geloofsvertroue en kerkverband. Ons het voortdurend groot uitdagings op die vlak van die politiek, ekonomie, burgerlike gemeenskap en meningsvorming. Op vele vlakke beleef ons 'n verval in morele standaarde. Ons kan die soort uitdagings en brandpunte nie alleen aanpak nie, maar het mekaar hierin nodig.

Daarom is die hedendaagse klem op vennootskapsvorming en samewerking met mekaar vir KGA die vanselfsprekende fokus en geskikte werksmetode.

"So dien en getuig ons saam, in en vanuit Afrika, in vennootskap met mekaar"

**Afsluiting:** Ons loof die Here en wy ons opnuut toe aan sy liefdesdiens:

Vir saamsing:
1. Lied 547: Alle volke klap julle hande… Sing en sing en sing dan saam;
2. Ek wil kom stil word (Musiek: Tradisioneel (Ek wil sing van Jesus liefde); Lirieke: Ben du Toit/ Piet Smit).

| |
|---|
| Interaksie: saamdink, saampraat, tafelgesprek: Hier is ek/ons Here, stuur my/ons saam met ons broers en susters oraloor, die wêreld in. Oolv Eddie Orsmond |

**Ek Wil Kom Stil Word**

1. Ek wil kom stil word hier aan U voete;
ek wil kom hoor wat U vir my sê.
Ek wil kom oopmaak vir U Gees, Heer;
as ek my vrae voor U kom lê.
Want soveel mense sterf sonder Jesus -
soveel ontbeer die liefde van God;
daar's soveel oorvloed, selfsug en rykdom -
wyl ander ly in hongersnood.

2. Ek wil kom vra, Heer, wat van die kinders
wat nood en lyding glad nie verstaan?
Wat van die mens wat stukkend en seer is?
Wat van die een wat eensaam vergaan?
As ek dan vra, Heer, "waar is U liefde?"
Moet ek erken, dit lê nog by my!
Hier in my selfsug, stap ek gevoelloos
by nood en seer van mens verby!

3. Maak my 'n beeld van Jesus se liefde
om in die nood U hande te wees.
Ek gee myself aan U as 'n offer
onder beheer van die Heilige Gees.
Hier staan ek voor U, net soos Jesaja
raak my nou aan met U Heilige Vuur.
Sodat ek oral U liefde kan uitdra
Hier is ek Heer, U kan my stuur…

## 4. KGA Bestuursake

4.1. Bestuursgrondslae KO, Bepalinge, KGA Reglement en MVO

Die saak het die nodige aandag gedurende die reses gekry van KGA, die konstituerende kerke se verantwoordelike regkommissies en met die bystand van die kerk se prokureurs is die Ooreenkoms gedurende 2007 gefinaliseer met in ag neming van die bestaande Reglement (27 by die VGK en 13 by die NGKSA), toepaslike kerkreg en die ter sake gemenereg. Die onderskeie sinodes het dit goedgekeur. Daarmee is gedelegeerde bevoegdheid aan die KGA verleen om die personeel in getuienisdiens, die toegekende fondse en bedieninge binne en buitelands te bestuur, namens en in diens van die drie opdraggewende kerke. Die VGK sinode van 2010 het hierdie beleid en bestuursgrondslae vir KGA se bestaan en werk nou ook finaal gekondoneer vir opname in hul kerkorde en bepalinge.

4.2. KGA JV

Die KGA kommissie en bestuur hou jaarliks vergadering. By die geleentheid word verslag gedoen van alle werksaamhede maar veral gefokus op brandpunte, behoeftes, uitdagings en geleenthede waarby die KGA deurlopend betrokke is.

Die KGA JV en gepaardgaande konferensies van 2007-2010 het agtereenvolgens missiologies

teologies op die volgende belangrike bedieningsaspekte gefokus:
2007: Diversiteit in eenheid & In vennootskap met mekaar en met ander
2008: KGA ontwikkel Vennootskappe & Fokus op Diens en Getuienis
2009: Diversiteit en kultuur as uitdaging in ons getuienistaak
2010: Diens & Getuienis (Geskiedenis, Konseptualisering, Bybelse gronde, Praktyk)
Die UK vergader elke semester en die DB bestuur die dag tot dag sake deur middel van sy maandelikse vergaderings.

4.3. Personeelvoorsiening in KGA verband
KGA se personeelbestuur en aanstellings geskied deurgaans deursigtig en neem die diversiteit van ons kerkfamilie sover moontlik in ag, met behoud van die waardes van voorteflikheid en effektiwiteit. Ons is dankbaar vir die diversiteit van ons kantoorpersoneel. By ons susterkerke in buurlande stimuleer ons die indiensneming van werkkragte uit eie geledere.

Die verkryging van vrywilligers om bedieninge te help onderneem en die toerusting van gelowiges vir dienswerk waar hulle reeds daagliks besig is, bly 'n belangrike KGA fokus.

4.4. Finansiële bestuur
Ons is in die NGKSA en susterkerke voor baie groot rentmeesterskap uitdagings. KGA hou rekening met die werklikheid van 'n krimpende sinodale bydrae uit gemeentes.

Die kommisssie se sinodale inkomste uit die bron was in 2003 nog 43% van die totale sinodale inkomste. Tans vertaal dit na 24.8%, hoofsaaklik omdat ander sinodale bedieninge in die afgelope twee resesse sterker ondersteuning gegee is. Die impak hiervan op die KGA se vermoë om die bedieninge wat ons histories gevestig het en steeds ondersteun en finansieel help dra, is enorm.

Baie lidmate en gemeentes se bydraes deur die jare het trustfondse help skep, wat die werksaamhede tans nog help bekostig, maar die bronne het duidelik hul beperkinge.

KGA is en word gedwing om hierdie werklikheid aan te spreek en ander, nuwe bronne van ondersteuning te soek en te ontwikkel.

4.5. Kommunikasie & Reklame – Ontwikkelinge & Bestuur
Met die oog op goeie en inspirerende inligting aan gemeentes en lidmate is *Die Getuie/ The Witness* 'n nuwe baadjie gegee en ons kry goeie en konstruktief kritiese terugvoer daaroor.

Die webtuiste van KGA (www.kga.org.za) is onlangs heelwat verbruikersvriendeliker gemaak en word gereeld op datum gehou. 'n Nuwe webtuiste is hierby pas vir Arbeidsbediening ontwerp en bekendgestel by www.arbeidsbediening.co.za.

In die afgelope jaar en 'n half is nuwe bekendstellingsbrosjures ontwikkel vir ons vennootskapswerk in die Makhathini, in Msinga, Malawi, Mosambiek en Zimbabwe. Ons is tans besig met brosjures vir Sokhanya, Noord-Afrika, Japan en ook met 'n algemene een met die oog op voorbidding vir die werk waarby KGA namens die sinodes en gemeentes betrokke is.

In hierdie reklame en kommunikasieverband is dit vir KGA 'n groot uitdaging om aan die onderskeie bedieninge goeie en doelmatige reklame te bied en is die taaldiversiteit (Afrikaans, Engels en Xhosa) in die KGA konteks 'n werklikheid waarmee ons deurgaans rekening moet hou. Ons gee die reklamemateriaal daarom bv liefs tweetalig uit en waar nodig selfs drietalig. *Die Getuie* se artikels is tans bv ongeveer 50-50% in Afrikaans en Engels.

4.6. Voorstelle vir besluitneming
4.6.1 Verantwoordelike Omgewingsorg
*Die sinode neem kennis dat Diens en Getuienis in die komende reses gefokusde aandag sal gee aan die uitdagings wat verantwoordelike omgewingsorg aan die kerk stel. Gemeentes en ringe sal op die hoogte gehou word van ontwikkelinge in hierdie verband.*
4.6.2. KGA: Inligting vir gemeentes
*Die sinode neem kennis dat die KGA in die komende reses in besonder daarop gaan klem lê om gemeentes effektief in te lig oor die moontlike bedieningsgeleenthede en uitdagings binne en buite ons sinodale gebied, ter wille van hul groter aktiewe betrokkenheid en delname.*
4.6.3. KGA 20 jaar oud in 2011
Die sinode dank die Here vir die voorreg en verantwoordelikheid om deel te hê aan die diens en getuienisbedieninge waaroor die KGA as verenigde werksaamheid van die NGK Familie hier verslag doen. Die sinode bid dat die Here hierdie verenigde bedieningsaktiwiteite ryklik sal gebruik om sy koninkryk te laat kom in en buite ons sinodale gebied.
4.6.4. Gemeentes se roeping om in die wêreld om ons te dien en te getuig

Die sinode is onder die indruk daarvan dat ons roeping tot diens en getuienis as die liggaam van Jesus Christus in die wêreld, ons gefokusde aandag saam met ander vennote vra vir die uitdagings, behoeftes en nood van ons naaste hier naby en daar ver.

Daarom roep die sinode die gemeentes van die VGK Kaapland op om hiermee in gedagte met ywer en entoesiasme betrokke te raak by diens en getuienisbedieninge wat buite ons gemeentegrense en kultuurverbande tans ons almal se aandag vra.

4.6.5. KGA Waardes en Etos
Die sinode neem kennis van die werklik positiewe rol wat die KGA se afgesproke waardes en etos gedurende die afgelope 20 jaar speel by die fokus en bestuur van hierdie verenigde bediening. Die sinode moedig gemeentes, ringe en bedieninge aan om dit as 'n toepaslike prakktyk te oorweeg waar bedieninge ontwikkel word met rolspelers wat diverse agtergronde verteenwoordig.
(Bylaag 6, punt 2.3)

4. Ons vertrou dat die Sinode se vergadering aangenaam sal verloop en dat die Here se seën daarop sal rus.

Julle medewerkers in die Here, names die KGA,

(Bylaag 7 vir KGA lede)

*Eddie Orsmond (KGA Voorsitter)*
*Donald Gantana (KGA Onder-Voorsitter)*
*Johan Botha (PSD KGA)*

---

**Bylaag 1**

## VDDG BEDIENINGSGRONDSLAG
## ONS ROEPING TOT DIENS EN GETUIENIS IN EENHEID

*Die verstaan van ons roeping tot diens en getuienis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Reformed Church in Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika is gebou op 'n geskiedenis van samewerking in en gesamentlike besinning oor ons roeping. Belangrike bakens op hierdie weg was die volgende: die artikels en beleide oor sending en barhartigheidsdiens in die kerkordes van die onderskeie kerke, die Belydenis van Belhar (1986), die gesamentlike werksdefnisie van sending in die NG kerkfamilie (1986), die Laudium Verklaring van die RCA (1996), die Gesamentlike Verklaring van Intensie (AKDB/ ASKDD - 2003), die Verklaring oor sending en ons roeping tot getuienis in en vanuit Afrika (2004), die NG Kerk se roepingsverklarings (2002, 2004), ensovoorts.*
*In Augustus 2006 het die leierskap van hierdie familiekerke hul opnuut in 'n verbondsverbintenis verbind tot die hereniging van die familiekerke. Hierdie verbintenis hou ook 'n herverbintenis tot 'n eenheidsroeping van diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika in.*

**Ons getuig oor:**
**1. Die sending van God Drie-enig:**
1.1 Die kerk se roeping tot diens en getuienis in eenheid vloei voort uit die wese van die Drie-enige God. Die diepste wese van God word gekenmerk deur verbond, uitreik, selfopenbaring, wederkerigheid, verhouding, eenheid - God is liefde en deernis (*Deus caritas est*), immer soekende na gemeenskap. Die handelinge van God, soos geopenbaar in die skepping, die Skrif en die geskiedenis, word gestempel deur God se liefde vir die wêreld. God rig 'n uitnodiging tot mense om toe te tree tot 'n nuwe wêreld - 'n Trinitariese ruimte, waarin die Drie-enige God van gemeenskap se genade en sorg betoon en alles nuut- en heelgemaak word (*Missio Trinitatis Dei)*
1.2 Die sending van diens en getuienis is 'n uitdrukking van die Drie-enige God se liefde en deernis, waarin die omvattende heil (shalom) na alle mense en die hele skepping gebring word.
(Eks 3:7-8, Eks 5-6, Eks 34:6-9, Ps 146:6-10, Luk 4:18-19, Jn 17:11, 17, 20-23, Mt 28:18-20, Hd 1:8, 1 Jn 4:7-14, Ef 4:17, Open 21:5)

**2. Christus se sending:**
2.1 Die Vader het die Seun na die wêreld gestuur om God se kerk te versamel uit alle nasies en om ons in die krag van die Heilige Gees uit te stuur na die wêreld. (Jn 3:16-17, Jn 20:21-22)
2.2 Die heil wat Christus bewerk is alles-omvattend. Dit sluit in die vergewing van ons sondes, ons verlossing op alle lewensterreine, sowel as die bevryding van die skepping. God se verlossing van die wêreld kry gestalte in die koms (aanbreek) van God se koninkryk, hier en nou. Hierdie koninkryk sal egter eers volledig aanbreek met die wederkoms van Christus, wanneer alles nuutgemaak en alle nasies God sal verheerlik (Eseg 47:12, Openb 22:2, 21:1-5).

**3. In die krag van die Heilige Gees word die kerk gestuur:**
3.1 Dit is 'n wesenskenmerk van die kerk as die liggaam van Christus ons Here en Verlosser, om deel te wees van God se sending in die wêreld (*mission ecclesiae*). Die gemeente, as plaaslike gestalte van die kerk en primêre instrument van

God se sending, maar ook die kerk as geheel en elke lidmaat daarvan, is deur God gestuur. Afhanklik van en gelei deur die Heilige Gees, is ons as profete, priesters en konings geroep:

- tot 'n lewe in die teenwoordigheid van God (coram Dei), in gehoorsaamheid aan die Woord
- tot 'n bediening waarin ons God aanbid en intree vir die wêreld (*leitourgia*)
- om die evangelie van God se verlossing aan almal te bedien, deur woorde (*kerugma*), deur dade (*diakonia*) en in 'n verhouding van liefde en eenheid (*koinonia*).
- om te streef na geregtigheid, versoening en heling en te getuig van die hoop waarin ons lewe,
- en om die skepping te bewaar en te bewerk tot eer van God en terwille van almal en alles wat daarin lewe.

Ons doen dit met die diepste motief om God te verheerlik en diensbaar te wees in die koms van die koninkryk (Rom 12:1-2, Ef 1:10 ev).
(Mt 4:23-25, 5:13-16, 9:35-38, 10:7-8, 28:18-20, Lk 6:17-19, 9:1-6, 10:25 - 37 Jn 20:19-22, Hand 1:8, Heb 3;1, 1 Pet 2:9-10, 1 Pet 3:15)

3.2 Die sending van diens en getuienis vind plaas waar ons as kerk, deur die krag van die Heilige Gees, in geloofwaardigheid, gehoorsaamheid en in navolging van Christus, met deernis en in dienslewering, in nederigheid, maar ook met 'n vaste oortuiging, getuig van God se liefde vir die wêreld. In die uitreik na alle mense word telkens nuwe grense oorgesteek en is diens en getuienis nie van mekaar los te maak nie.
3.3 Ons is geroep tot diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika, om:

- dit waartoe God ons in en vanuit hierdie konteks roep, biddende en saam met ander te onderskei en te gehoorsaam.
- met deernis te luister na al die stemme wat uitroep om verlossing van sondes en bevryding van verslawing, vrees, honger, siekte, pyn, geweld, en onreg - lyding in alle dimensies,
- 'n profetiese stem te laat hoor en diensbaar in die verligting van die nood van mense in al ons gemeenskappe te wees.
- ons ryk en diverse erfenis - tale, kulture, gawes, bydraes en die groot potensiaal van al die mense in Suider Afrika - te respekteer, uit te bou en te vier.
- in betekenisvolle vennootskapsverhoudinge met ander kerke, ekumeniese liggame en regerings- en nie-regeringsinstansies te tree
- en deur middel van respekvolle dialoog met mense van ander gelowe en oortuigings oor ons geloof in die Drie-enige God te getuig.

3.4 As geloofwaardige draer van hierdie Goeie Nuus (Evangelie) is die kerk tot eenheid geroep - om in dieselfde eenheidsgestalte as die Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees, te leef en te werk: *"Ek druk dit julle op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal en in almal woon."* (Ef 4:1-6)

***(Geformuleer in 2006 en goedgekeur deur die bevoegde liggame van die NGK Fam in SA gedurende 2007-8)***

## Bylaag 2

## DIE WERKSDEFINISIE VIR SENDING (1986)

**A. Ons glo dat:**
1. Sending volgens die Bybel God se Sending is en dat Hy as Vader, Seun en Heilige Gees die Subjek daarvan is.
2. In die Sending God die heil (sjalom) van die wêreld op die oog het en dat Hy dit deur die realisering van sy Ryk wil bereik. Sending gee uitdrukking aan God se bewoënheid oor en heilsplan vir die wêreld in al sy dimensies.
3. Die Vader hiervoor sy Seun in die wêreld gestuur het om deur die Seun sy kerk te versamel en in die wêreld in te stuur in die krag van die Heilige Gees.
4. Die kerk as liggaam van Christus na sy wese missionêr in die wêreld leef. Die Kerk in sy geheel en elke gelowige afsonderlik staan onder die opdrag van God om in afhanklikheid van en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees:
4.1. die bediening van die voorbidding vir die wêreld te beoefen;
4.2. die evangelie van God se heil, deur woord en daad, aan die hele mensheid te bedien;

4.3. die aarde in God se Naam te bewerk en te bewaak ter wille van dié wat daarop woon.
5. Die heil wat deur Christus verwerf is, allesomvattend is en dus tesame met die vergewing van sondes ook die bevryding van die mens op alle lewensterreine sowel as die skepping wil bewerk. Sending vind plaas waar die kerk in gehoorsaamheid aan en in navolging van Christus bewoë is oor en dienend betrokke is by die mens en die wêreld in al die vorms van sy nood.
6. Dat die bediening van God se heil aan hierdie wêreld daarin tot uitdrukking kom dat God sy Ryk reeds hier en nou bou. Sy Ryk sal egter by die wederkoms van Christus ten volle verwerklik word.
7. Dat daar 'n onlosmaaklike verband is tussen die geloofwaardigheid van die een kerk as draer van die evangelie en die bediening van die heil in Christus (Joh 17:11).

**B. Dit beteken dat**
ten opsigte van die NG Kerk-familie in Suider-Afrika, en in hierdie tye veral in Suid-Afrika waar die liggaam van Christus deur haat, geweld en wedersydse vooroordeel uitmekaar gedryf word:

1. die eenheid van die kerk dié toetssteen vir die getuienis aangaande die Koninkryk van God is;
2. die kerk die beginsels van die Koninkryk van God in sy eie lewe moet beliggaam en in die samelewing moet bevorder;
3. hierdie eenheid impliseer dat eenwording binne die NGK Familie sowel op plaaslike as op breër vlak dringend gesoek moet word en dat dit sowel in die gemeenskapsbelewenis van gelowiges op gemeentelike vlak as in die breëre strukture van die Kerk bewerkstellig moet word om sodoende ook die bostaande isolasie te deurbreek;
4. hierdie eenheid ook daadwerklik met liefde vir die res van die liggaam van Chrsitus gesoek moet word.

**C. Ons bely dat**
in die lewe van die NG Kerkfamilie in die verlede en tans daar 'n sondige verskeurdheid is wat deur die geskiedenis loop en 'n gebrek aan bereidheid om mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het. Die eenheid van die kerk het op hierdie wyse in gedrang gekom. Hierdie skuld moet bely word in die diepe besef van die verskriklike moontlikheid dat as gevolg van ons optrede die Naam van God deur die heidene belaster word (Rom 2:24). Here wees ons genadig!

**D. Ons verklaar**
1. ons ootmoediglik bereid om in gehoorsaamheid aan Christus, te midde van die gebrokenheid op alle vlakke van die kerklike lewe, die weg na mekaar te soek, mekaar se laste te dra waar ons klagtes teen mekaar het (Gal 6) en mekaar te vergewe soos die Here ons ook vergewe het (Kol 3:13).
2. ons verder bereid om te werk vir die afskaffing van apartheid en die totstandkoming van 'n regverdige bestel vir Suid-Afrika.

**E. Ons gebed is**
dat op hierdie manier die wêreld die tekens van die Koninkryk van God sal sien en tot geloof kom en ons doen 'n dringende beroep op die NG Kerkfamilie om aan hierdie saak ernstig aandag te gee.

***(Goedgekeur tydens die NG Kerkfamilie uit Afrika konferensie oor "Wat is Sending?" - April 1986, Bellville.)***

---

## Bylaag 3

### DIE BESONDERE STORIE EN BETEKENIS VAN DIE NASIONAAL VERENIGDE DIENSGROEP VIR DIENS EN GETUIENIS (VDDG)

*(Hierdie is basies 'n uittreksel uit en samevoeging van die KGA se verslag aan die VGKSA Kaapland Sinode in Oktober 2010 en die voorlegging aan die NGKSA Moderamen op 16-17 Februarie 2011)*

1.1. Op nasionale vlak kon ons binnelandse NGK familie, deur die Here se genade en in oorleg met ons familie elders in Afrika, saam vorder tot die *prinsipiële en praktiese* daarstelling van die verenigde en gefokusde bedieninge vir *Diens en Getuienis*. Dit is gebaseer op *uitgangspunte* wat ons sedert die 1990's saam kon ooreenkom. Ons oorweeg die *implikasies* voortgaande met mekaar en ontwerp aan die hand daarvan deurlopend toepaslike beleidsriglyne vir streeksinodale en plaaslike gemeente toepassing.

Die VDDG is in die jaar voor die vorige NGKSA Kaapland sinode in 2007 gekonstitueer. Al vier binnelandse lede van die NG Kerkfamilie het die vestiging daarvan formeel goedgekeur. In die VDDG het die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) van die VGK en NGK Familie, die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) van die NGK, die ASKDD van die

VGKSA, die Kommissie vir die Arbeid van die Kerk van die NGKA asook die Kommissie vir Evangelisasie van die RCA verenig in Diens en Getuienis. Die verhaal van hierdie merkwaardige sinodale ontwikkeling onder die Here se genadige hand gedurende 2006-2008, is as bylaag aangeheg. Die ontwikkeling van die nodige ooreenkoms, reglement en die voorwoord/ "preamble" word hierby weergegee.

(Vergelyk bv Bylaes 1 en 2 elders in hierdie verslag aan die sinode)

In hierdie en ander belangrike en die mees onlangse dokumente wat die visie en missie van die VDDG van die NG Kerkfamilie begrond en wat deur die meewerkende kerke goedgekeur is *(nie hierby aangeheg is die Memorandum van Ooreenkoms asook die Reglement vir die VDDG)*, getuig ons saam met mekaar oor *die allesomvattende sending van ons drie-enige God, van die sending van Jesus Christus na hierdie wêreld en van die kerk wat leef en werk onder die beheer van die Heilige Gees, as die draer van en deelnemer aan God se sending na God se wêreld en skepping.*

Wat die kerk spesifiek betref, getuig ons:

"Die sending van diens en getuienis vind plaas waar ons as *kerk deur die krag van die Heilige Gees*, in geloofwaardigheid, in gehoorsaamheid en in *navolging van Christus*, met deernis en in dienslewering, in nederigheid, maar ook met 'n vaste oortuiging, getuig van God se liefde vir die wêreld. In hierdie roeping tot diens en getuienis word *telkens nuwe grense oorgesteek* en na alle mense uitgereik. (Mt 4:23-25, 9:35-38, 10:7-8, Lk 6:17-19, 9:1-6, 10:25 - 37).

Ons is *geroep tot diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika*, om:

- o dit waartoe God ons in en vanuit hierdie konteks roep, biddende en saam met ander te onderskei en te gehoorsaam.
- o met deernis te luister na al die stemme wat uitroep om verlossing van sondes en bevryding van verslawing, vrees, honger, siekte, pyn, geweld, en onreg - lyding in alle dimensies.
- o ons ryk en diverse erfinis - tale, kulture, gawes, bydraes en die groot potensiaal van al die mense in Suider Afrika te respekteer, uit te bou en te vier.
- o in betekenisvolle vennootskapsverhoudinge met ander kerke, ekumeniese liggame en regerings- en nie-regeringsinstansies te tree en deur middel van respekvolle dialoog met mense van ander gelowe en oortuigings oor ons geloof in die Drie-enige God te getuig.

As geloofwaardige draer van hierdie Goeie Nuus (Evangelie) is die kerk tot eenheid geroep - om in dieselfde eenheidsgestalte as die Drie-Enige God, Vader Seun en Heilige Gees te leef en te werk: *"Ek druk dit julle op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal en in almal woon."* (Ef 4:1-6)."

By die 2007 NGKSA sinode het KGA hieroor berig en die sinode het in dié lig 'n belangrike koersgewende besluit geneem, wat soos volg lui (vgl Handelinge 2007: H16, punt 3,4):

3.4 Diens en Getuienis

3.4.1 Besluit 28 (p115, §6.1.3.1) [Goedgekeur]: Die Sinode neem dankbaar kennis dat die Diens- en Getuienisbedieninge van die NG Kerkfamilie op nasionale vlak verenig het.

3.4.2 Besluit 29 (p115, §6.1.3.2) [Goedgekeur]: Die Sinode is dankbaar dat die Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) en die Gesamentlike Kommissie vir Diakonaat (GKD) binne hierdie sinodale gebied reeds verenigde werksaamhede van die NG Kerkfamilie is. Die Sinode ondersteun die groepering van die KGA en GKD se werksaamhede as die Sinodale Diensgroep vir Diens en Getuienis.

3.4.3 Besluit 30 (p115, §6.1.3.3) [Goedgekeur]: Die Sinode versoek die KGA en die GKD om die Algemene Diensgroep vir Diens en Getuienis se teologiese begronding vir diens en getuienis deel te help maak van die fokus en praktyk van diens en getuienis van gemeentes in hierdie sinodale gebied. (In die uitvoering van 6.1.3.3. werk die KGA en GKD nou saam met Gemeente-bediening, GO en SAVGG.)

1.2. Implikasies van die VDDG se vorming vir ons in Kaapland

- Die voorafgaande visie en fokus stellinge het duidelik implikasies vir ons eie streeksinodale werksaamhede wat betref die konseptualisering (verstaan) en die praktyk (bediening) van D&G.
- Gedurende Mei 2010 het die VDDG in samewerking met die KGA en GKD die eerste van meerdere sulke nasionale streekkonferensies begin onderneem, waardeur die verstaan en praktyk van D&G landwyd saam ontwikkel en toegepas word. Die konferensie het gefokus op die *geskiedenis*, die *verstaan* (konseptualisering), die *Bybelse fundering* en die *praktyk* van D&G. Hiernaas besin die VDDG tans ook saam oor Sending en oor ons Kerkwees in die konteks.
- Die KGA en GKD (binne VGK verband) is van voorneme om voortaan die streeksinodale bedieningsprosesse in ons sinodale gebied prakties in

tandem met hierdie algemene beginselaanpak van die VDDG te onderneem.

- Besinning en ondersoeke tussen die dagbesture van die Diakonale Dienste (GKD) en Getuienisaksie (KGA) word tans onderneem om die beste bestuursprosesse en bedieningspraktyke vir D&G in die betrokke sinodale kontekste te bepaal.
- Omdat die besture van GKD en KGA in beginsel saamstem dat D&G "saam hoort", kon ons geïntegreerd verslag doen by die jongste VGK Kaapland sinode. Ons besef wel die bestuur en praktyk van D&G bied in ons gebied eiesoortige uitdagings. Bedieninge, werksaamhede, praktyke en vennootskappe bestaan in vele gevalle reeds vir baie jare en verg op bykans alle vlakke spesialis bestuur en kundigheid.
- Daarom verstaan D&G se onderskeie besture ons taak om die D&G bedieninge met goeie onderlinge kommunikasie en groeiende begrip van mekaar se kontekste, uitdagings en geleenthede te bestuur en om ons gesigte toenemend na mekaar te draai en algaande die beste wyse van bestuur van D&G onderling uit te klaar.

1.3. Diens en Getuienis nasionaal in Vennootskap

- Die VDDG staan in diens van ons breë kerkfamilie. Tussen Februarie 2006 en Augustus 2008 is die kerkregtelike ooreenkoms, reglement, uitgangspunte en praktiese agenda van hierdie verenigde bediening tydens die opeenvolgende VDDG Jaarvergaderinge uitgeklaar.
- In September 2009 het VDDG tydens sy JV 'n belangrike konferensie aangebied met die tema: "*Called to Service and Witness in and from Africa in partnership*". Die konferensie is benewens verteenwoordigers van die verskillende NG Familie se RSA en Namibië streeksinodes ook bygewoon deur afgevaardigdes van die NG Kerkfamiliekerke elders in Afrika.
- Die fokus op vennootskaplike Diens & Getuienisbedieninge is 'n wêreldwye en toenemende verskynsel. Ons ontdek al hoe meer die waarheid, sin en waarde daarvan dat ons saam geroep is, in eenheid en versoening, in een familie in Afrika, met al ons diversiteit (bv van agtergrond, persoonlikheid, werkgebied en taak) en dat die evangelie se geloofwaardigheid en geregtigheid verseker verband hou met ons toewyding aan en ons verenigde bedieninge saam met mekaar. Die 2009 konferensie was 'n besondere sukses en ons het opnuut besef hoe nodig ons mekaar het in die uitvoering van ons Christelike roeping met diens en getuienis (D&G) in en vanuit Afrika.

1.4. VDDG en die praktyk van Diens & Getuienis

- Die nasionale VDDG funksioneer basies as beleidmakende diensfunksie van die algemene sinodes. Hierdie D&G funksie van die kerk is daarop ingestel om die streeksinodes en plaaslike gemeentekontekste met praktiese riglyne en die ontwikkeling van D&G projekte by te staan.
- In die verband word bv projekte mbt die bewusmaking en bekamping van HIV Vigs, die fokus op 'n ekonomie wat geregtigheid weerspieël in die lig van die ACCRA verklaring, die ontwikkeling van entrepeneurskap en die bewusmaking en verstaan (konseptualisering) van D&G, die bevordering van vrede en versoening, evangelisasie, ons profetiese rol in die samelewing en nog ander brandende kwessies deur VDDG onderneem.
- VDDG voorsien jaarliks reekse vir die Week v Gebed en Pinkster, in vennootskap met CLF.

1.5 Implikasies vir D&G bestuur in die Kaapse streek (opsommend)

Die uitdaging is voor ons om die visie en fokus van Diens en Getuienis (D&G) in die praktiese konteks van Kaapland in sinergie (met instemming) te ontwikkel met die beleid en riglyne wat ons saam in die nasionale konteks ooreengekom het.

In dié lig moet ons die herstruktureringsvoorstelle voor die moderamen en streeksinode beoordeel en verder hanteer.

As eenheidskommissie van drie lede van die NGK Familie is die KGA voortdurend blootgestel aan herstruktureringsgesprekke en -prosesse van die kerkfamilie wat ons konstitueer. Ons herinner sodanige gesprekke aan waar ons vandaan kom en wat ons gedeelde identiteit nou reeds is.

Op Algemene Sinodale vlak is belangrike en moeisame prosesse geloop wat die rigting sedert die laat 1990's, begin 2000's aangedui het. In dié lig is die Diakonale en die Getuienisbedieninge van die familie op beleidsvlak saamgevoeg. Hierdie proses is met die daarstelling van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Gertuienis (VDDG) vir die vier familiekerke (NGK, VGK, RCA, NGKA) tussen 2006 en 2008 afgehandel.

Vir die Kaapse konteks bring dit die uitdaging om 'n werkbare weg te vind om nou hier ook soortgelyke D&G verbande te lê. Die VGK ASK is bv geinteresserd in hoe ons hoe vorder hiermee in streeksinodale verbande.

- o Die KGA en GKD se geïntegreerde verslag van D&G aan die sinode van die VGK Kaapland in 2010 is daar baie positief ontvang (vgl skema VGK Kaapland 2010, bl 307-426). Die sinode se interaksie met die twee kante van ons gestuurdheid/ gestuurwees is sodoende belyn met die ontwikkelinge van die VDDG op algemene sinodevlak.
- o KGA en GKD voer verder gesprek om die "saam" te help belyn en te stuur. Aan die VGK Kaapland se 2010 sinode is soos volg hieroor gerapporteer:
    - Die KGA is daaraan toegewy dat die sino-

dale Diens en Getuienisbedieninge toenemend sal sáám fokus, dat duplisering uitgeskakel sal word, en dat die Woord en Brood behoeftes van mense in alle gevalle tegelyk ons bedieningsfokusse en aktiwiteite sal bepaal.

- Daarom sal KGA saam met die GKD voortaan daarop toespits dat die verstaan, begronding en praktyk van D&G die lewensaard en praktyk word van al die gemeentes en ringe waarby ons betrokke is.

Die gesprek hieroor tussen die GKD en KGA rolspelers vorder, hoewel stadig. Die werksaamhede van *Diens* enersyds en *Getuienis* andersyds het histories baie omvangryk ontwikkel. Ons moet dit egter saam maak, want brood en woord gaan teologies en ook in die praktyk van bedieninge saam. Die aanleiding tot die nasionale VDDG ontwikkeling kom juis op uit ons interaksie met mekaar in Kaapland verband. Ou uitgangspunte waarom ons barmhartigheid (vir witmense) en sending (vir ander as witmense) sou onderskei en inderdaad geskei het, is agterhaal en geld nie meer nie. Die uitdaging is dus vir ons in die Kaap om die beste werkbare en bestuurbare praktyk saam te vind, waardeur ons ten beste kan dien en getuig. Die grondslag hiervoor het ons reeds gelê.

As uitgangspunt het ons in hierdie konteks besluit om ons gesigte as diens en getuienis doelbewus en doelgerig na mekaar te draai om oorvleueling, dupliksie en gebrek aan kennis van mekaar uit te skakel en om sover moontlik saam te besin en die praktiese uitdagings saam te onderskei en doelmatig aan te spreek. Om dit te bereik, het ons reeds begin om saam te beraadslaag en neem dit eersdaags verder.

Van ons Gereformeerde susterkerke in ekumeniese verband wys ons ook op hierdie weg. Die PKN, ons susterkerk in Nederland bv, bedryf bv. die kerk daar se diens en getuienis enersyds deur hul gemeenteprogram/ gemeentebediening vir *Missionair werk en kerkgroei*, wat fokus op missionêre uitdagings/ bestaanswyse in eie kontrei (tuis) en ook verder weg in die samelewing (vgl bv hul nuwe "*30 kansrijke modellen voor de missionêre gemeente*" - Hul teorie, aanpak en praktiese opsies is per handleiding beskikbaar vir elke PKN gemeente en per internet) én andersyds deur hul program vir "*Kerk in Actie*", waarin hulle tegelyk op *Zending en Werelddiakonaat* konsentreer (sien by www.pkn.nl). Ook in die CRC van NA en die RCA in die VSA word diens en getuienis saam gefokus.

1.6. Die besluit van VGK Kaapland 2010 rakende D&G

Die volgende voorstel is by die 2010 VGK Kaapland sinode aanvaar rakende die VDDG:

*"Die sinode neem waarderend kennis van die vestiging van die nasionale VDDG. Die sinode versoek rolspelers in die Kaapland Streeksinodale verband en in plaaslike kontekste om die praktiese bedieninge van D&G in die lig van hierdie ontwikkeling uit te bou."*

1.7. KGA het so aan die Moderamen berig en voorgestel dat dit ook deur die NGKSA ondersteun word.

---

**Bylaag 4**

## EVANGELISASIE

Wat evangelisasie betref, ondersteun, bestuur, help onderneem KGA tans twee belangrike inisiatiewe:

### 1. Arbeidsbediening

Dit word sedert 1897 in die Wes en Suid-Kaap onderneem. Die bediening reik uit na mense in die werkplek en rus gelowiges toe vir hulle daaglikse getuienis oral waar hulle werk en met die werkplek te make het. Die bediening is ekumenies aktief en is in verskillende gebiede en dorpe binne ons sinodale verband en nasionaal ontplooi.

Dit sluit die organisering en bestuur van voltydse personeel in, wat Christene in hulle werkplekke bystaan om geloofgetrou te werk, en samewerking met plaaslike gemeentes en vennote (werknemers en werkgewers) in die markplek, om die bediening te ondersteun en te help stuur en uit te bou na gelang van plaaslike behoeftes.

In 2002 is dit gevestig as Art 21 maatskappy. Die huidige lede van die nasionale Direksie is: Mnr V de Beer (Voors - NGK – afgetrede Spoornet Hulpbron bestuurder), Eerw Phillip Mvunyiswa (Onder Voorsitter – afgetrede Metodiste leraar); dr Johan Botha (sekretaris – KGA PSD, Kaapland); Dr Jo Seoka (Anglikaanse Biskop, Pretoria; President SARK) dr Gideon van der Watt (PSD Getuienis, Vrystaat); Eerw Jacob Selwane (Lutherse Biskop, Botswana), dr Botha van Aarde (PSD Bedieninge, KZN), Mnr Skumbuza Zuma (Worker ministries/ programs, Univ KZN); dr Eddie Orsmond (Voorsitter Arbeidsbediening W/S Kaap), ds Malcolm Da-

mon (Direkteur Economic Justice Network, Rade van kerke in Suider-Afrika). Notulerende skriba Me Carin Brink (Bestuurder Arbeidsbediening , Wes en Suid-Kaap)

**2. Sport & Spelbediening**

Dit is 'n twee jaar evangelisasie projek saam met geinteresseerde gemeentes, wat rondom die Sokker Wêreldbeker ontstaan het. KGA ondersteun dit saam met die GKS en die Jeugkommissie van die NGKSA. Die doel is om sport en spel as evangelisasie metode in bepaalde gemeentes van die NG Kerkfamilie te vestig en om dit genoegsaam momentum te help gee om verder te kan ontwikkel as 'n toepaslike metode by gemeentes se evangelisasieaksies. Ben Marais (NGK) en Joseph Jacobs (VGK) vestig die metode saam met mekaar in gemeentes van die VGK en NGK.

---

**Bylaag 5**

## PUBLIEKE GETUIENIS

Die NGKSA sinode 2003 het 'n voorlegging van KGA goedgekeur as beleidsdokument vir die ontwikkeling van 'n verantwoordelike publieke getuienis. Die fokus in die dokument is gerig op die kerk se getuienis t.o.v. politiek, ekonomie, die burgerlike samelewing en die media. In dié verband het die KGA in die reses aan die volgende sake help aandag gee:

**Geregtigheid in Ekonomie en Ekologie**

**1. Kopenhagen - Aardverwarming**

Met die oog op die Konferensie oor Aardverwarming in Desember 2009 in Kopenhagen, het die SARK en ander ekumeniese rolspelers 'n belangrike publikasie voorberei wat die kerk se teologiese standpunte in dié verband uitspel. Die publikasie heet *Climate Change – a Challenge to the Churches in South Africa.*

Die KGA UK het die standpunt en ernstige oproep met die publikasie vir 'n eenvoudige leefstyl en 'n verantwoordelike omgaan met die aarde se natuurlike bronne saam met die VGK AS UK en die VDDG UK en ander in die ekumene onderskryf.

Die publikasie is elektronies verkrygbaar op die webblad van die SARK by www.sacc.org.za

**2. ACCRA – Globalisasie Projek**

Lede van die VDDG en die KGA het die afgelope reses die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie (BNS) aan die US bygestaan met die ontwikkeling van navorsingspublikasies, 'n omvattende verslag, preekriglyne, liturgiese materiaal en ander stof vir gemeentegebruik, wat fundamenteel fokus op ekonomiese geregtigheid in die Noord-Suid konteks.

Die BNS het die Globalisasieprojek op versoek van die VGKSA en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Duitsland (ERK) se leierskappe bestuur. Die VDDG is hierby verteenwoordig deur dr Johan Botha en ds Jimmy de Wet as primarius lede met prof Piet Meiring en ds Willie van der Merwe as hulle secundi.

Prof Nico Koopman, huidige dekaan van die Fakulteit Teologie aan die US is voorsitter van die Globalisasieprojek. Dr Allan Boesak is in 2007 deur die BNS as buitegewone professor aan die US in diens geneem om die Globalisasieprojek se navorsingsbeen te bestuur tot Junie 2010.

Verskeie publikasies het uit hierdie besondere werksverband tussen verskeie hoog aangeskrewe kundiges die lig gesien. Naas leidende artikels in teologiese vaktyskrifte is die volgende publikasies van die navorsingsgroep deur die BNS gefinaliseer:

*Globalization Volume 1 – The politics of empire, justice and the life of faith (Sun Press 2009)*

*Globalization Volume 2 – Global crisis, Global challenge, Global faith – An ongoing Response to the Accra Confession* (Sun Press 2010)

Die finale verslag van die Noord-Suid navorsingsgroep in boekvorm, *"Dreaming a different World"*, is in Mei 2010 gefinaliseer. Die VGK en ERK leierskappe kon dit uiteindelik amptelik in Junie 2010 aan die nuut gestigte "World Communion of Reformed Churches" WCRC in Junie 2010 oorhandig, te Grand Rapids in die VSA.

Die VDDG en die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die VGK Kaapland het saam met die Beyers Naude Sentrum vir Publieke Teologie aan die US 'n konferensie vir die beoordeling en resepsie van die preek en liturgiese materiaal op 1-3 Maart 2011 aangebied. Die stof wat in hierdie tweede been ontwikkel is, word nou gefinaliseer vir publikasie en verdere resepsie en gebruik deur die NG Familieverband en ander kerke in en buite ons konteks.

Die gesamentlike verklaring uit die Globalisasieprojek (aanvanklik opgestel deur die VGKSA en ERK in liturgiese formaat) en goedgekeur vir ge-

bruik in die lidkerke van die World Communion of Reformed Churches se gemeentes in eredienste en ander byeenkomste, volg hier:

**Die Gesamentlike Verklaring**:

*Saam, van die Noorde en die Suide, lees ons die tekens van ons tye, hoor ons die geroep van U skepsels en sien ons die wonde van U skepping.*

Ons is geskok deur verhale van ongeregtigheid wêreldwyd en verontrus deur verslae van ekologiese verwoesting. Ons word ontroer deur ervarings van onderdrukking, geweld en skending van skepsel en skepping; ervarings van uitsluiting en marginalisering, dikwels van minderhede; ervarings van mense-handel en hedendaagse slawerny; ervarings van weerloosheid en verwaarlosing, gebrek aan opvoeding, werk, beskerming, gesondheid, menswaardigheid, en wêreldwyd bly dit ellendig waar dat die slagoffers meestal, en selfs soms toenemend, vroue en kinders is. Ons luister na waarskuwings oor klimaatsverandering, voorspellings van plaaslike rampe, gevare vir lug en see; ons hoor verslae oor koraalriwwe wat verlore gaan en woestyne wat groei, van 'n besoedelde atmosfeer en sneeu wat verdwyn. Ons word vertel van bedreigings vir die toekoms van ons kinders en van ons kinders se kinders. Ons kry verslag van gebrek aan skoon water en die misbruik van natuurlike bronne. Ons sien die verwoesting van militarisme en geweld en oorlog. Ons lees studies oor onbillike sakepraktyke en onbeheerste geldhandel en toenemende armoede wat ons ontstel. Ons sien statistiek wat ons tyd en ons werklikhede beskryf, en dit beskaam ons.

Agter talle van dié tendense bespeur ons 'n samevloei van ekonomiese, kulturele, politieke en militêre mag in 'n gees van oorheersing wat lyk of dit alles en almal wil beheer. Ons ervaar dié teenwoordigheid in 'n alles-deurdringende gees van destruktiewe selfbelang, selfs gierigheid – die aanbidding van geld, goed en besit; in 'n gees sonder ontfermende geregtigheid wat die netwerk van alle lewe en die gawes van die skepping minagtend verontagsaam. Ons herken dié gees van ons tyd in 'n allesomvattende leefwyse wat die belange van magtige maatskappye, nasies, elite-groepe en bevoorregtes dien, beskerm en verdedig, en bereid is om mens en skepping in die proses op te offer. Ons hoor selfs vandag 'n evangelie van verbruikers-kultuur verkondig word, ondersteun deur kragtige propaganda, en deur talle geglo en nagevolg – dissipels wat dit gelowig verkondig en dié gees van ons tyd regverdig; aanhangers wat dié tydsgees versprei en goedpraat met godsdienstige ywer. Ons voel die verloklike mag van afgodery, die gevaar daarvan om ons siel te verloor.

Daarom weeklaag ons – saam met die krete van geteisterde mense en die sugte van U skepping.

*Saam, van die Noorde en die Suide, word ons getroos deur die evangelie, deur die gemeenskaplike geloof wat ons deel en die gemeenskaplike tradisie waarin ons staan, deur U Woord en Gees.*

Ons word getroos deur die wete dat ons wêreld aan God behoort; deur die versekering dat ons nie aan onsself behoort nie; deur die belofte dat Jesus Christus die Here is – en ons verkondig dié oortuigings as sentraal tot ons geloof en tradisie.

Ons onthou die stemme van ons moeders en vaders, wat ontken dat daar terreine in ons lewe sou wees waarin ons nie aan Jesus Christus behoort nie, maar aan ander here, terreine waarin ons nie regverdiging en heiligmaking deur Hom benodig nie. Ons roep hul getuienis in herinnering toe hulle gekonfronteer is deur die werklikhede en die gees van hul dag, deur die godlose magte en ideologieë van hul tyd, deur die uitdagings en versoekings van hul momente in die geskiedenis.

Ons bely saam met hulle dat God Godself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat God in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat God die kerk roep om hierin na te volg; dat God aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat God die gevangenes bevry en blindes laat sien; die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir God reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hul verdrukking te besoek; dat God die volk van God wil leer om goed te doen en die reg te soek;

Saam met hulle is ons oortuig dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; dat die kerk as eiendom van God moet staan waar God staan, naamlik teen die onregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hul eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Saam word ons geïnspireer deur hierdie oortuigings in ons gebroke wêreld vandag; saam weerstaan ons die ideologie wat beweer dat daar geen alternatief is nie; en saam verwerp ons die gees van afgodery, van minagting vir die netwerk van lewe en vir die gawes van die skepping.

*Saam, van die Noorde en die Suide, slaan ons ag op die oproep van U Woord en Gees, die aanspraak van hierdie evangelie op ons, vandag.*

Ons verklaar saam dat Jesus Christus God se versekering van vergifnis en God se magtige aanspraak op ons hele lewe is; dat ons deur Hom vreugdevolle verlossing van die goddelose magte van hierdie wêreld ontvang, tot vrye en dankbare diens aan God se skepsels in ons gemeenskaplike wêreld, vandag.

Ons onthou saam die onderrig van U wet, wat ons leer om geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid te soek; die stemme van U profete, wat ons waarsku om reg te laat geskied, genade lief te hê, en nederig met God te wandel; die visies in U lof en aanbidding, wat ons inspireer om te verlang na die dag wanneer reg en vrede mekaar omhels; die vele verhale van verlossing, eksodus, bevryding uit slawerny, vol beloftes van U reddende teenwoordigheid – ons onthou dit tot vandag toe.

Ons glo steeds dat, omdat ons nie aan onsself behoort nie, ons lewens daaraan gewy behoort te wees om geregtigheid te kweek, ook in ons gemeenskaplike wêreld, vandag.

Ons voel geïnspireer deur die stemme wat ons geleer het dat ware vroomheid en liefde vir geregtigheid byeen hoort; dat aanbidding en geregtigheid nie van mekaar geskei kan word nie; dat God waarlik geken word waar menslikheid gedy; dat ons, asof in 'n spieël, sowel U beeld as ons eie vlees herken in die armes, in diegene wat verag word en die verste vreemdelinge. Ons glo dat dit alles waar bly in ons diep verdeelde en onregverdige wêreld, vandag.

Ons herdenk ons voorgangers wat bely het dat U skepping die teater van U glorie is, wat ons beweeg tot oordenking en verwondering, tot dankbaarheid en respek, tot rentmeesterskap, roeping en verantwoordelikheid – ook in ons bedreigde wêreld, vandag.

Ons is diep bewus dat ons saam in gemeenskap leef – as lede van Christus wat deel in sy gawes, en daarom as lede van mekaar verplig is om ons gawes gewillig en met vreugde tot voordeel van ander te benut.

Ons erken steeds dat ons, wat in U naam en as lede van U liggaam gedoop is, geroep word tot U amp van priester, koning en profeet – om as priesters U regverdiging te ontvang en te verkondig en te deel in U diens, U sorg, U medelye en U voorbidding vir die wêreld; ons as konings te deel in U stryd teen die magte, in U heiligmaking van die wêreld en in U oorwinning oor alle vorms van sonde en verwoesting; om as profete in die openbaar U waarheid te verkondig, U waarheid van versoening en geregtigheid, U waarheid wat vry maak.

Saam word ons beweeg deur hierdie herinneringe en hierdie aanspraak op ons lewe.

**Bylaag 6**

## KGA SE HANTERING VAN EENHEID IN GETUIENIS

Die sinodes van die VGK Kaapland 2006 en NGKSA 2007 het hieroor duidelik besluit, na aanleiding van die KGA verslag.

*"Die sinode onderskryf die duidelike verbintenis tot die hereniging van die verband van ons kerkfamilie en moedig gemeentes en ringe aan om doelgerig uit te reik na ons broers en susters op plaaslike vlak en breër, sodat ons in verenigde getuienis die groot uitdagings in ons samelewing en die wye wêreld kan aanpak."*

Die besluit van die NGKSA sinode is gerugsteun deur vorige en ander besluite oor dieselfde saak. Die KGA het ook kennis geneem van die sterk besluit van die VGK sinode 2006 in die lig van al die positiewe verslae oor kerkhereniging by die vergadering. Vgl Sinodebesluit 98 wat lui:

- "Synod takes note of the register of important decisions of the General Synod in terms of Church Unity and endorses all addenda (1-6) with regards to the re-unification process.
- Synod accepts the covenant for re-unification of the family of DR churches as our own.
- Synod expresses its appreciation for the commitment and efforts of the Moderamen towards the re-unification of the Church. (refer agenda points 3&4 on p 26&27).
- Synod urgently longs and looks forward to the realization of organic unity in the very near future, in obedience to the Lord and as good news to the world.
- Synod fully supports the stand taken by the SC of General Synod regarding Church re-unification.
- The Synod mandates the Moderamen to continue with the process to implement true unity in

line with the decisions and guidelines of the General Synod with regards to the unity and the Confession of Belhar 1986.

- Synod encourages presbyteries and congregations to endorse the re-unification process of the DRC family by initiating and getting involved in processes and initiatives on their particular level of responsibility, which will further the re-unification process.
- Regional Synod decides to use the Regional conferences for congregations to address this issue of our internal unity in URCSA."

Die KGA het verder kennis geneem van die VGK Kaapland SK 2008 se besluit op die opskorting van verdere herenigingsgesprekke met die NGKSA en die direk daaropvolgende VGK AS 2008 besluit om 'n moratorium af te kondig rakende gesprekke oor hereniging.

Die formulering van die VGK AS 2008 se moratoriumbesluit 22 punt 6 was vir die KGA in verband met die hele aangeleentheid 'n rigtingwyser. Dit lui: *"That the faith, courage and work of regional synods, presbyteries, commissions of the church and local congregations be respected and honoured by encouraging them, where all efforts towards unification are done in faith and with integrity, in obedience to the call of Christ and on the basis of the acceptance of the Confession of Belhar, to continue with these efforts; to thereby remain signs of hope, reconciliation and love to the fulfilment of justice, the edification and witness of the church and the glory of God."*

Teen hierdie agtergrond, die 2006 VGK en 2007 NGK sinodes se insluiting van die Belydenis van Belhar in Reglemente 27 van die VGK en 13 van die NGKSA en omdat die KGA verslag self ook die meewerkende sinodes herhaaldelik in die verlede opgeroep het om die saak van *eenheid in getuienis* fundamenteel te beklemtoon en voorstelle in die verband goedgekeur is (vgl Sinodale Skemas en Actas sedert 1994-2007), het die KGA doelbewus en doelgerig voortgegaan om die bedieninge, uitreike en projekte op sy agenda gedurende die afgelope reses as verenigde werksaamhede te onderneem en verder te help uitbou.

Die 2010 VGK Kaapland sinode het KGA se positiewe interpretasie van die 2008 AS besluit onderskryf en die KGA se voorstel in die geïntegreerde D&G verslag goedgekeur wat lui:

*"Die sinode herbevestig die appél van die Belydenis van Belhar en die sinode se grondliggende oortuiging dat die eenheid van die kerk en die geloofwaardigheid van sy diens en getuienis in die wêreld wesenlik saamhang. Ter wille van die eer en navolging van ons Here, Jesus Christus, roep die sinode elke gemeente, ring, bediening en kommissie in sy resort op om in geloof en integriteit moedig voort te gaan om geleefde eenheid, ware versoening en ontfermende geregtigheid te help bewerk, in gehoorsaamheid aan die roeping wat Hy op ons lê."*

## 1. KGA klemme in die lig van die voorafgaande en die sinodes se fokusse en besluite

### 1.1 Sáám/ in eenheid

- "*Saam in die Here se sending*" was die tema van die 2010 sinode van die VGK Kaapland. Die KGA is deur die moderatuur en kommissie van orde versoek om die tema en subtemas vir die sinode se spiritualiteisoefeninge te help onwikkel aan die hand van die fokusteks Matt 28:18-20.
- Die afgevaardigdes is ge-energeer om wat ons eredienste, gemeentebedieninge, diens en getuieniswerk geintegreerd te fokus op God se sending.
- Die sinode is ook vir die eerste maal in die jongste tyd gehelp om daagliks te fokus op God se sending en ons aandeel daarin.

### 1.2 Saam in en vanuit Afrika

Afrika is in ons fokus, en is ons tuiste en werkplek. KGA ondersteun daarom verskeie, lank reeds bestaande, inisiatiewe, bedieninge, samewerkingverbande, uitreike, saam met ons vennootskapskerke, bv saam met die VGK in KZN by Makhathini en Msinga, in Malawi saam met die CCAP Nkhoma, in Mosambiek saam met die IRM, in Zimbabwe saam met die RCZ en die CCAP Harare, in Kenia saam met die RCEA, in Suid-Soedan saam met OM en die AIM en in Nigerië saam met die NKST.

### 1.3 KGA waardes en etos bevestig en bou ons onderlinge verbondenheid

KGA hou sy eie Jaarvergaderinge en onderneem sy bedieninge op die grondslag van 'n onderling uitgeklaarde etos en aanvaarde waardes. Omdat dit die debatvoering en bestuur van die KGA sedert ons onstaan in 1991 positief rig en stuur, deel KGA dit met die onderskeie sinodes en voortgaande met ander rolspelers wat by ons bedieningspraktyke betrokke raak:

**KGA Waardes**

Ons herinner mekaar gereeld aan die waardes wat ons by die begin van die KGA met mekaar ooreengekom het om ons verhoudinge te dra:

- Openhartigheid.
- Eerlikheid.
- Vertroue in en wedersydse aanvaarding van mekaar. Dit sluit aanvaarding van mekaar se bona fides in.
- Aanvaarding, verdraagsaamheid en sensitiwiteit.

- Inskiklikheid - om uit te reik na mekaar.
- Leersame gees; oop wees vir oortuiging.
- Respek vir mekaar.
- Verbintenis aan jou waardes.
- Ons besinning is deel van 'n visioneringsproses; hou vas aan ons droom.
- Bereidheid om saam te waag en teen die grense te druk.
- Ons loop nie van die gesprek weg nie.
- Liefde vir mekaar.
- Vergifnis

**KGA Etos**

Ons herinner onsself gereeld aan die volgende stellings wat die etos van die KGA uitdruk nl:

- Met die gesindheid van Christus wil ons dienend na mekaar uitreik.
- Ons doen alles in mekaar se teenwoordigheid.
- Om doelbewus teen grense aan te druk. Ons is besig met 'n transformasieproses en wil hierdie proses beïnvloed sover ons kan.
- Om die waarheid in liefde te betrag.
- Ons werkswyse is nie dié van blote samewerking tussen die kerke nie maar as 'n weg na kerkeenheid. Die status quo van die KGA is'n interim reëling. Ons werk met dringendheid aan kerkhereniging.
- Ons is op weg na die nood van die wêreld.
- Ons besef ons eie besinning geskied te midde van 'n wyer gemeenskap van gelowiges en wil besinning doen in wisselwerking met ander gelowiges.
- Om ons getuienistaak in nederigheid te verrig.
- Om sorgsaam te wees vir mekaar en onderlinge verhoudings te beïnvloed.
- Om aan mekaar te bou en in mekaar te belê.

---

**Bylaag 7**

## KGA KOMMISSIELEDE

(Die KGA JV konstitueer in Mei 2011 met nuwe VGK verteenwoordigers)

**<u>KGA UK</u>**
(** DB lede*)
Voorsitter: Dr Eddie Orsmond*
Onder-voorsitter: ds Donald Gantana*
Sekretaris: Dr JG Botha (PSD ex officio)*
Addisionele lede: **RCA**
Ds F Botes
Oudl F Renni
**VGKSA**
Ds Reggie Simpson*
Ds M Mbasa
**NGKSA**
Ds Floors Meyer
Ds Charl du Plessis
Sekunduslede (woon vergaderings by):
**NGKSA**
Ds Kobus de Kock
Ds Andre Peasly
**VGKSA**
Ds J Booysen
Ds Johan Louw
**Kundiges**
Dr Xolile Simon (Missiologie US)
Dr Danie van Zyl (Sokhanya)
Dr Francois Wessels (Jodebediening)
Dr Ryk van Velden (Toerusting Interkulturele Werk)
Ds Fourie Truter (Straatwerk)
Me Freda Hamman (VGKSA Vrouediens)
Me Cecile Perold (NGKSA Vrouediens)
**KGA bestuurders** (woon UK vergaderings by)
Arbeidsbed: Me Carin Brink
MMO: Ds Donald Gantana
ZMM: Dr Kobus Odendaal
Sakebestuurder: Mnr Kobie van Jaarsveld*

KGA Kommissie
**VGKSA Ringsverteenwoordigers:**
Caledon: Ds D Gantana
Clanwilliam: Ds D Plaatjies
Ebenezer: Ds DJ Wiese
George: Ds J Louw
Kraaifontein: Ds MC van Schalkwyk
Malmesbury: Ds LL Prins
Porterville: Ds Samson
SA Gestig: Ds SD Pedro
Sarepta: Ds J Booysen
Steinkopf: Ds PJ Burger
Stellenbosch: Ds JP Coetsee
Tulbagh: Ds RC Simpson
Wellington: Ds R Rickers
Worcester: LR Smith
Wynberg: D Oliphant
Zoar: Ds N Cloete
Zuurbraak: Ds Eugene Vaas
**VGK Sinode aanwysings**
Ds ZD Base
Ds MM Mbasa

Oudl BW Tame
Oudl FJ MacPhersen
Oudl W NewHoudt
Sus E Cornelissen

**NGKSA Ringsverteenwoordigers:**

Beaufort: Ds AP van Zyl
Bellville: Ds JPJ Els
Brackenfell: Ds HF Prins
Caledon: Ds M de Kock
Calvinia: Ds RC Thorne
Clanwilliam: Ds JB Wessels
Durbanville: Ds J du Plessis
George: Ds CFJ Meyer
Goodwood: Ds AT Reyneke
Kaapstad: Ds C Saayman
Knysna: Ds CP du Plessis
Koeberg: Ds P Botha
Kuilsrivier: Ds J Morkel
Mosselbaai: Ds G Pietersen
Namakwaland: Ds HV Burger
Oudtshoorn: Ds AR Orffer
Paarl: Dr EC Orsmond
Parow: Ds G v H Rauch
Piketberg: M Weyers
Riversdal: Ds F van Tonder
Somerset-Wes: Dr AJ le Roux
Stellenbosch: Ds JdeW van Zyl
Swartland: Ds JG Grobler
Swellendam: Ds KJ Pritchard
Tulbagh: Ds AL O'Kennedy
Vredenburg: Ds JD de Kock
Worcester: Ds L Smith
Wynberg: Dr U Theron

**Sinodale bedieninge**

Word na KGA JV genooi

# B5: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE (SKLAS)

## B5.1: DIE BEDIENING VAN BEVRYDING

### 1. Opdrag

#### 1.1 Sinode van Wes- en Suid-Kaap Oktober 2007

Enkele leraars en lidmate het in 2006, na besoeke aan Mosambiek, waar hulle in aanraking gekom het met die sogenaamde "bediening van bevryding", dr Pierre Goosen (Sinodale Kommissie vir Predikantebediening) genader om van sinodale kant leiding oor hierdie saak te gee. Daar is aan die versoek voldoen en 'n ad hoc-kommissie, met die hulp van Buvton (Buro vir verdere teologiese opleiding en navorsing- nou Communitas), is byeengebring om die saak te bespreek. SKLAS is ook genooi om betrokke te wees. By die sinode van 2007 het SKLAS gerapporteer: "Ds Heerden van Niekerk sal voortaan as sameroeper van die navorsingsgroep optree. Daar sal op SKLAS se begroting vir die werksaamhede van die navorsingsgroep plek ingeruim word" (Voorlegging 8.5.1).

**1.2 Algemene Sinode Junie 2007:** Die Algemene Sinode herhaal sy opdrag aan Taakspan Leer en Aktuele Sake om voort te gaan met die studie oor die bediening van bevryding. Beskikbare dokumentasie van die bevrydingsbediening moet oorweeg word.

**1.3. Algemene Sinodale Taakgroep vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS-verg 18 Mei 2009):** "Aangesien SKLAS Wes- en Suid-Kaapland besig is met hierdie studie, besluit ATLAS om nie tyd en energie te dupliseer nie, maar om die rapport en besluite van SKLAS Wes- en Suid-Kaapland af te wag en dan na bevind van sake op te tree."

### 2. Begripsverklaring

Die "bediening van bevryding" verwys na die praktyk om bose geeste of demone uit mense te dryf of hulle daarvan te bevry.

Meeste NG leraars wat pleit vir die erkenning van die bediening van bevryding verkies om nie te praat van "duiwel- of demoonbesetenheid" en daarom ook nie van "duiwel- of demoonuitdrywing" nie. "Hierdie uitdrukkings dui op heeltemal te veel beheer" (André O'Kennedy, 'n Getuienis, bl 5). Hy verkies die term "gedemoniseer wees". Dit is beslis te betwyfel of 'n gelowige Christen werklik deur die duiwel of 'n demoon beset of besit kan word. Die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 1 leer ons tog dat ons enigste troos ook daarin lê dat ons "aan Christus behoort" en dat Hy "met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het".

Aan die ander kant waarsku die Bybel dat selfs na Christus se oorwinning oor die Bose in sy dood en opstanding, die duiwel steeds soos 'n brullende leeu rondloop (1 Pet 5:8), dat hy strikke vir gelowiges stel (2 Tim 2:26), dat hy hom voordoen as die engel van die lig (2 Kor 11:14), dat die boodskapper van satan Paulus met die vuis slaan (2 Kor 12:7). In Efes 4:27 word gelowiges gewaarsku: "Moenie die duiwel vatkans gee nie". Dit is dus tog wel moontlik dat die Bose inderdaad 'n groot invloed selfs oor gelowiges kan kry – en in sommige gevalle selfs 'n houvas op 'n gelowige.

In hierdie dokument word dus ds André O'Kennedy se voorgestelde terminologie gebruik, deur te praat van mense wat "gedemoniseer" was of is, op spoor van die NT-se gebruik van die Griekse woord *daimonizomai*, om daarmee aan te dui mense – insluitende Christene - wat, om watter oorsaak ook al, in een of verskeie aspekte van hulle lewe, buitengewoon sterk onder die invloed van die Bose is – op wie die Bose 'n houvas het.

Die bediening van bevryding verwys dus na die praktyk om mense van die buitengewone invloed van die duiwel of demone te bevry. Dié demone word – deur die voorstanders van die bediening van bevryding - gesien as in diens van die duiwel. Dit is dus nodig om aan die begin uitsluitsel te kry oor die duiwel/satan.

### 3. Ou Testament

Die Hebreeuse woord *satan* word meestal vertaal met "teenstander". In die OT word *satan* dikwels gebruik as beskrywing van 'n mens wat bloot iemand se teenstander is, byvoorbeeld Hadad, Salomo se teenstander (1 Kon 11:14, 1 Sam 29:4), Haman die teenstander van die Jode (Ester 8:1). Vier keer verwys die OT na "satan" as 'n bo-menslike wese (Day 1999:727). In **Numeri 22** word Bileam voorgekeer deur 'n *malak JHWH*, 'n "engel van die Here", wat ook beskryf word as 'n *satan*. Bileam se donkie wil nie verder loop nie, maar Bileam sien eers die *satan* na die donkie begin praat. In hierdie vertelling is die *satan* nie die hoogste manifestasie van boosheid nie, trouens hy is 'n boodskapper van die Here.

In **Job 2** (waarskynlik geskryf in middel van 6de eeu vC) verskyn *ha-satan* (Job 1:6) by 'n vergadering van hemelwesens ("seuns van God"). Die lidwoord *"die"* maak dit byna seker dat satan hier nie 'n eienaam is nie – dus steeds "die teenstander" of "die *satan*", volgens Day (1999:727). Ander geleerdes meen dat "*satan*" hier verwys na 'n titel wat in die regspraak van die tyd gebruik is, iets soos "die aanklaer", maar hieroor is daar nie konsensus nie. Hoewel Van der Hoeven meen dat ons nie hier met die "eigenlijke Satan" te doen het nie ("hij is nog te dicht bij God en is veeleer tegenstander van mensen dan van God" (1998:152), en Day meen dat *ha-satan* hier nie "an independent, inimical force" is nie, erken Day self dit tog wel dat dit uit die vertelling duidelik is dat *ha-satan* hier 'n bo-menslike wese is wat die geldigheid van God se morele orde in twyfel trek en dit wil toets (1999:728) – dus op bo-menslike vlak God se uitdager of teenstander is.

In **Sagaria 3** (waarskynlik geskryf na herbou van die tempel in 520 vC, vgl Rogerson 2003:721) word 'n toneel beskryf waar twee opponerende partye voor "die engel van die Here" staan: aan die een kant Jesua, die hoëpriester, en aan die ander kant, *ha-satan*. Die engel van die Here tree op as God se boodskapper en bestraf *ha-satan*, wat duidelik hier optree as die Groot Teenstander. Die engel van die Here laat die hoëpriester sy vuil klere uittrek en skoon klere aanttrek – 'n simbool van reiniging. *Ha-satan* is hierteen gekant. In die Bileam-verhaal in Numeri 22 is God se boodskapper en *satan* een persoon, maar in Sagaria 3 is hulle twee opponerende partye. Sou dit dalk dui op 'n ontwikkeling by Israel oor die begrip van die bose en Satan?

**In 1 Kronieke 21:1** (finale redigering en te boekstelling volgens Day, 73, kort na 520 nC), lees ons "Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou" (volgens die parallelle gedeelte in 2 Sam 24:1: "Op 'n keer was die Here vertoorn op Israel. Hy het Dawid teen hulle aangehits...: 'Gaan tel die Israeliete en die Judeërs'.) Volgens meeste uitleggers wou die Kroniekskrywer misverstande wat uit 2 Samuel se weergawe voortgespruit het, korrigeer en duidelik maak: Dit was nie God wat Dawid aangehits het nie, maar sy teenstander, Satan.

Reflekteer dit 'n ontwikkeling in die denkwyse van die skrywers van die OT, en dus in Israel se verstaan, van die rol van die Bose en Satan? Peggy Day (1999:730) ontken dit omdat sy meen: 1) dwarsdeur die OT is *satan* nie 'n eienaam wat dui op 'n bomenslike persoon nie, 2) Numeri en Sagaria verskil oor of satan die engel van die Here is of sy teenstander – dus word hier nie van dieselfde persoon gepraat nie en 3) die finale te boekstelling van Numeri, Sagaria en 1 Kronieke almal waarskynlik in die sesde eeu vC plaasgevind het en dat daar nie genoeg tydsverloop vir ontwikkeling was nie.

Die argument teen Day is egter sterk, as aanvaar sou kon word, dat agter die finale te boekstellings tekste en tradisies lê wat uit verskillende tye dateer: eers word in Numeri van *satan* gepraat as 'n boodskapper van die Here, dan praat Job 2 van 'n teenstander, wat tog steeds afhanklik van God is. In Sagaria 3 is die *satan* 'n teenstander van die engel van die Here, en in 1 Kronieke werk *satan* duidelik teen God se bedoeling. Of dit 'n bewuste ontwikkeling was, is moeilik om te verklaar, maar 'n ontwikkeling word baie sterk gesuggereer.

## 4. Tydperk tussen Ou en Nuwe Testament

So 'n ontwikkeling word nog verder gesuggereer as 'n mens na die tydvak tussen die Ou en Nuwe Testament kyk. Die woord *satan* kom min voor in Joodse geskrifte uit die Tweede Tempel Periode (ongeveer 500 vC – 70 nC), maar hy verskyn tog wel, byvoorbeeld in 3 Henog 23:16 en in die Qumran-geskrif 4 Qber (Day 1999:730). In die Griekse vertaling van die OT, die LXX, word die Griekse woord *diabolos* (teenstander) verkies (Riley 1999:244), ook as 'n vertaling van *satan* in byvoorbeeld Job 1 en 2 en 1 Kronieke 21:1), en word so spesifiek gebruik dat dit wel soms die gewig dra van 'n eienaam, Die Teenstander. Riley is oortuig van 'n ontwikkeling, wat na sy mening versnel is in die tydperk tussen die twee testamente, deurdat die Jode in daardie tyd beïnvloed is deur die Zoroastrianisme-godsdiens, wat sy oorsprong in Iran gehad het. In daardie tyd was daar 'n sterk Joodse gemeenskap in Iran. Die uitruil van idees is vergemaklik deurdat Grieks sedert Alexander die Grote se suksesvolle militêre veldtogte in die jare 334-330 vC die *lingua franca* van daardie tyd geword het.

Die Zoroastrianisme-godsdiens was 'n half-monoteïstiese godsdiens. Dit het een groot kenmerk gehad: 'n skeppergod wat teengestaan is deur 'n duiwelfiguur (in Griekse geskrifte *diabolos*, die "teenstander" genoem). 'n Belangrike element in die Zoroastrianisme was die idee van 'n finale geveg tussen die skeppergod en die *diabolos*, waarin die *diabolos* in 'n hel van vuur gegooi sou word. Volgens Riley (1999:245) het hierdie idees vanuit die Zoroastrianisme invloed uitgeoefen op sommige Joodse denkers in die tussen-testamentêre tyd. In die Zoroastrianisme, byvoorbeeld, speel die mite van die oorsprong van die Geeste van Lig en Duisternis 'n belangrike rol, en dit kon aanleiding gegee tot soortgelyke taal en denke in die Judaïsme van dié tyd, miskien in sommige van die Qumrangeskrifte – in een van dié geskrifte, Die Oorlog tussen die Kinders van die Lig en die

Kinders van die Duisternis (in die geskrif beskryf as "die krygsmag van Belial").

Ander navorsers wys egter daarop dat die oorsprong van die gebruik van sulke terme soos die kontras tussen Lig/Duisternis, Belial, Beëlsebul nie noodwendig in die Zoroastrianisme te vind is nie. Dit is wel duidelik dat *die terminologie van die Zoroastrianisme soms gebruik is (bv Beëlsebul, Mk 3:22), maar dat intertestamenêre Judaïsme nooit gedink het in terme van die twee magte, God en Satan, wat ewe magtig is nie.* Die Ou Testament en in die Joodse geskrifte wat tussen die twee testamente geskryf is, is eenstemmig dat die mag by God gesetel is, wat op sy tyd, die magte van die Bose sal vernietig.

Die oorsprong van 'n meer uitgebreide Joodse denke oor die Satan en sy bose magte lê waarskynlik veral in die apokaliptiese geskrifte. Dié geskrifte, wat meestal dateer uit die tydperk 200 vC – 100 nC, is almal geskryf in 'n tyd toe Israel deur 'n ander land of ryk beheer is. Dikwels is die Jode deur die vreemde heersers onderdruk en is daar hard probeer om hulle godsdiens te verander of uit te delg, soos byvoorbeeld gebeur het onder Antiochus Epiphanes se inname van Jerusalem in 167 vC (en die Makkabese opstand wat daarop gevolg het). In dié tye van onderdrukking deur vreemde heersers het die apkaliptiese geskrifte ontstaan, dikwels as 'n openbaring (Grieks: *apokalips*) wat die skrywer gesien het van Israel se verdrukking en uiteindelike verlossing. In dié apokaliptiese geskrifte, is die vreemde oorheersers dikwels beskryf as bo-menslike bose figure of gevalle engele. (Vir Christene, vertroud met die boek Openbaring, is die bekendste voorbeeld hiervan die verwysing na die Romeinse keiser (waarskynlik Domitianus) van dié tyd as "die dier" en "die anti-Chris".) Van der Hoeven (1998:159) verwys na die Joods-apokaliptiese boek 1 Henog, waarin die name van die tien bose engele genoem word.

Volgens Meier (1999:89) het die lang tye van verdrukking die Jode as 't ware gedwing om onwillekeurig meer oor die bose na te dink, met die gevolg dat gevalle engele, heidense heersers as manifestasies van die bose (soos die Dier in Openbaring) al hoe meer profiel in die Joodse apokaliptiese literatuur vanaf 200 vC begin kry het. In die tweede deel van *1 Henog* (die sg. *Similitudines*) is daar byvoorbeeld reeds sprake van "de preëxistente hemelse 'zoon des mensen', die recht op aarde zal brengen en de bozen alsmede ook die gevalle engelen zal richten" (Van der Hoeven 1998:161), en in 1 Henog 53:3 word die bose engele gelys as "werktuie van Satan" In 'n ander apokaliptiese geskrif, *Jubileë*, is Mastema, *malak JHWH*, "die engel van die Here", die hoof van die bose engele. JB Russell (1977:204) skryf oor Mastema: "Jubilees set up Mastema as someone instantly recognisable to later generations of Christians, a force for evil whose power might not quite match that of Yahweh but who remains at least semidetached from the omnipotent God".

Dit is belangrik om te let dat hoewel hier ooreenkomste is met die Persiese Zoroastrisme, die Joodse apokaliptiek geensins die dualisme van die Zoroastrisme (naamlik dat die skeppergod en die bose ewe sterk is en voortdurend in 'n magstryd betrokke is) reflekteer nie. Russell stel so: "...for if the Lord created darkness and allows it to rule, for whatever length of time, He must have ultimate responsibility for it. Satan is still the *mal'ak Yahweh*, no matter how head strong, envious and hostile" (214).[1]

In die Qumran-geskrifte (waarskynlik geskryf in die 2de-1ste eeu vC), vind ons dieselfde beskouing: "geen absoluut dualisme (anders dan in het Zoroastrisme): die Vorst van de duisternis blijft een schepsel Gods" (Van der Hoeven 1998:163).

Die ontwikkeling van die konsep van Satan in die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament is dus dat die ondervinding van Israel van "wreedheid, ongelijkheid, pijn en lijden" op 'n geweldige skaal (Schillebeeckx 1975:101) – en daarby kan 'n mens voeg: ballingskap buite en binne Israel – die smeltkroes is wat lei tot die oortuiging dat die Bose groter en magtiger is as die boosheid in mense.

## 5. Die duiwel en demone in die Nuwe Testament

Die gevolg van die ontwikkeling in die konsep van die Bose in die tussentestamenêre tydperk, is duidelik in die NT. Die duiwel en bose geeste word baie meer in die NT as in die OT genoem. As ons Markus, waarskynlik die eerste evangelie, lees, is dit duidelik dat Jesus se stryd van die begin af nie net teen vlees en bloed is nie, maar teen die satan en sy trawante. Reg aan die begin van Jesus se bediening "het die Gees Hom weggevat die woestyn in, waar Hy veertig dae lank gebly en deur satan (nou 'n figuur) versoek is" (Mk 1:12). Onmiddelik na Jesus sy eerste dissipels by die meer geroep het, leer hy in Kapernaum, waar hy onderbreek word deur " 'n man wat van 'n onrein gees besete was' (Mk1:23). Jesus dryf die gees uit die man uit, tot groot verbasing van die omstanders: "Wat gaan hier aan? Dit is 'n nuwe leer, en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom" (Mk 1:27). Daarna volg daar talle genesings, maar ook spesifiek uitdrywing van duiwels en demone.

---

1 H Haag 1974:268: "Vor allem hat die jüdische Religion nie einem widergottlichen Prinzip irgendwelche schopferische Funktionene zugescrieben, wie die zarathustrische Religion dem Angra Manyu."

Prof Hermie van Zyl (2000:9) behandel in sy artikel, *Die duiwel ontmasker – 'n Nuwe-Testamentiese perspektief*, die gegewens uitvoerig. Hy verdeel die voorstellings van die Bose in die NT in drie kategorieë:

1. *Die aanvoerder van die bose magte*: Onder verskillende name – *diabolos* (Mt 4;1), *satan* (Mt 4:1), *Beëlsebul* (Mt 10:25), *Beliar*, die aanvoerder van die demone (Mt 9:34), die owerste van hierdie wêreld (Jh 12:31, 1 Kor 2:,6,8), die god van hierdie wêreld (2 Kor4:4), die vors van die onsigbare magte (Ef 2:2) verlei hy mense, veroorsaak siektes, kla en straf sondaars. Uiteindelik sal hy saam met al die demone en boosdoeners in die poel van vuur gewerp word (Mt 25:41; Op 20:9-10. "Tot dan kan hy egter baie skade aanrig (1 Pt 5:8; Op 12:12)" (Van Zyl 2000:12).

2. *Boosaardige demone*: Van Zyl wys daarop dat die NT onderskei tussen die "hoofduiwel" en "demone" (Grieks: *daimonia*)/bose geeste. In die Sinoptiese evangelies (Mt, Mk, Lk) lees ons veral van die demone wat as bose geeste deur Jesus uit mense gedryf word. In dié evangelies is die verband tussen demoon-uitdrywing en genesing van siekte baie sterk. Van Zyl beskryf demone as "nie-menslike, geestelike wesens" (2000:12). In Johannes lees ons nie van uitdrywings nie, maar word na satan as die "vader van die leuen" (Jh 8:44), die "owerste van die wêreld" (Jh 16:11). Die prentjie van satan in Johannes-evangelie geskilder word is nie soseer die oorsaak van siektes nie, maar die "argetipe van sondige opstand teen God en daarom as oorsaak en bewerker van sonde" (2000:15).

3. *Onpersoonlike magte*. Dit is veral in die Pauliniese briewe waarin ons lees van "bonatuurlike, onpersoonlike mag(te) waaraan die mens uitgelewer is" (2000:13). Die Griekse woorde in gebruik is woorde soos *aragai, eksousia*, of die begrip "antichris".

4. *Die duiwel magtig maar oorwonne*. Verder wys Van Zyl daarop, dat hoewel die NT, in vergelyking met die OT, meer oor die duiwel praat, daar tog in die NT, in vergelyking met buit-Bybelse geskrifte "weer 'n terughoudendheid is in die wyse waarop oor die duiwel geskryf word (2000:16). Daar word byvoorbeeld geen verklaring gebied vir die oorsprong van die Bose of die duiwel nie. Verder word daar duidelik gemaak dat die duiwel magtig is – magtiger as die mens – maar tog beperk deur God se mag; dat die duiwel 'n oorwonne vyand is – hy het soos 'n weerligstraal uit die hemel geval (Lk 10:18), en alle bose magte is aan die gekruisigde en opgestane Christus onderwerp (Ef 1:22, Flp 2:9-11, Kol 1:15-20, 2:10.)

## 6. <u>Mitologiese taal wat onmitologiseer moet word</u>?

By die lees van die Bybel ontstaan die vraag: in hoeverre is die taal van die Bybel mitologiese taal wat onmitologiseer moet word? Is dit nie 'n geval dat die mense van Jesus se tyd nie die kennis en begrippe gehad het om sekere siektetoestande te beskryf nie – en dus die logiese weg geneem het om van 'n siek persoon te sê dat 'n bose gees in hom gevaar het? Dit is tog 'n verskynsel wat ons in ander voorwetenskaplike kulture aantref. Mense – in verskillende kulture – wat nie die mediese kennis het om 'n epileptiese aanval te diagnoseer en so te beskryf nie, beskryf so 'n gebeurtenis gewoonlik as 'n bose gees wat iemand in besit neem. Dit is die voor die hand liggende verklaring binne 'n wêreldbeeld wat Van Peursen (1972:26) 'n mitologiese wêreldbeeld noem.

By die lees van die Sinoptiese evangelies – waar die uitdrywing van bose geeste by uitstek beskryf word – sien ons dat dit soms wel die geval is: daar is duidelike gevalle in die Sinoptiese evangelies waar ons gevalle kry van mense wat aan siektes ly wat ons vandag ken – maar wat die mense in Bybelse tye nie as siektes geken het nie, en waarvoor hulle dus die mees beskikbare beskrywing gebruik het – hulle is "van die duiwel besete". 'n Voorbeeld hiervan is die seun wat dikwels aanvalle gekry het wat hom laat val het, soms in die vuur (Matt 17:14-20). Dit lyk oënskynlik na 'n duidelike voorbeeld van wat ouer mense "vallende siekte" genoem het, en wat ons vandag epilepsie noem.

As ons dit erken (sê baie Bybelverklaarders), word nie Jesus se wondergenesing nie in twyfel getrek nie, net gesê dat hy die seun van epilepsie genees het, en dat die omstanders dit op die enigste manier waaroor hulle daaroor kon praat, beskryf het – deur te sê dat Jesus 'n demoon uit die seun gedryf het.

Nog 'n voorbeeld hiervan is die genesing van Petrus se skoonma. In Lukas 4:38 lees ons dat Jesus die koors bestraf het – en "dit het haar verlaat, en sy het onmiddellik opgestaan" (v 39). Hier word nie van 'n demoon gepraat nie, maar die ander elemente van bevryding is daar: die koors word as 'n "persoonlike" mag aangespreek en "bestraf" – waarop die koors (soos 'n gehoorsame demoon) die vrou verlaat. Die interessante is egter dat in Matteus se weergawe van dieselfde gebeure, die genesing nog altyd wonderlik is, maar die vertelling is sonder enige demoniese of bevrydingstaal:

"Toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy Petrus se skoonma siek lê met 'n hoë koors. Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan en Hom bedien (Matt 8:14-15)."

Dié voorbeelde bevestig die indruk dat baie van

die demoon-uitdrywings in wese genesings was, en dat die mense bloot van "demoon-uitdrywings" gepraat het omdat hulle nie ander taal en begrippe vir die verskynsels gehad het nie. As 'n mens die verwysing na die demone of die duiwel uitlaat, verloor die gebeure niks van sy trefkrag nie. Dalk was die verwysings na demone en duiwels en na bevryding slegs 'n tydsgebonde manier van praat oor genesing – en is die bose geeste wat "uitgedryf word", nie wesenlik deel van die wonder nie. Dit is slegs die taalgebruik waarin die genesing beskryf word.

### 6.1 Maar is alles mitologiese taalgebruik?

Die probleem is egter dat daar in NT ander materiaal is wat nie so maklik as 'n tydsgebonde "manier van praat" verklaar kan word nie. Daar is gevalle in die evangelies wat die omstanders beleef het dat iemand nie alleen genees is nie, maar dat een of ander bose mag in die persoon verbreek is. Gebeure waarin die bose geeste klaarblyklik nie net 'n tydsgebonde wese van praat oor epilepsie is nie, maar wesenlik deel is van die gebeure.

Neem byvoorbeeld die verhaal van die besetene van Gerasa (Mk 5:1). Die man tussen die grafte "het Jesus al van ver af gesien het nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval en hard geskreeu: 'Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste?' " – en toe Jesus hom na sy naam vra, antwoord hy "Legio", waarop die man Jesus "ernstig gesoebat het om hulle (die bose geeste) nie uit die landstreek weg te stuur nie". Jesus het die versoek toegelaat, en die bose geeste het in 'n trop varke ingevaar.

Dan is daar die uitspraak van Jesus in Lukas 11:20: "Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels (*daimoniai*) uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom" – wat die indruk gee dat Jesus se demone-uitdrywing gesiens as direkte oorwinning oor Satan en sy magte.

Die indruk by die lees van hierdie tekste is nie dat "die uitdryf van demone" bloot 'n tydsgebonde manier is om 'n genesing van 'n onbekende siekte te beskryf nie. Dié uitspraak van Jesus in Lukas 11:20 kom juis voor in 'n twisgespek met die Fariseërs wat beweer dat Jesus "met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels (*daimoniai*)" die duiwels uitdryf. Jesus se optrede en woorde hier klink eerder as 'n teregwysing van die Fariseërs oor die oorsprong van sy mag.

Die verwysing na bose geeste is in hierdie gedeeltes is nie net 'n manier van praat oor 'n diagnoseerbare siektetoestand nie. In hierdie gedeelte is dit duidelik dat Jesus se woorde en optrede, soos neergeskryf deur Lukas, in hierdie stuk intensioneel van aard is – Jesus dryf *met opset* die bose geeste uit – om so duidelik te maak dat Hy sterker as die bose is, en dat sy koninkryk groter is as die mag van die bose (Adrio Konig in sy boek, *Een wat sterker is*[2].)

Dit is ook duidelik dat 'n mens nie die optrede teen die bose magte in ander dele van die NT buite die Sinoptiese evangelies as genesings kan verklaar nie. Wanneer Paulus in Kol 2:15 skryf: "Hy (God) het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer", is dit duidelik dat dit vir hom en sy lesers nie gaan om genesing van een of ander siekte nie, maar om bomenslike magte en kragte wat deur Christus oorwin is (so ook Ef 1:21, Filip 2:9-11, Kol 1:15-20). In Openb 12 lees ons van die kwaad wat veroorsaak word deur die die vrou en die draak – dus boosheid wat nie 'n projeksie is van die mens se gees nie, maar sy oorsprong het buite die mens.

## 7. <u>Bestaan die duiwel regtig? Die posisie van die klassieke teologie</u>

Wie oor die bediening van bevryding wil praat, moet duidelikheid kry of daar wel 'n duiwel bestaan – in die sin van Jaap Durand se omskrywing: " 'n Godvyandige, bose mag wat bo die individueel menslike uitgaan en ten slotte gestalte kry in die persoon van die duiwel" (1978:89). In die klassieke ortodokse teologiese tradisie was daar tot en met die Verligting[3] in die 18de eeu min of meer eenstemmigheid dat die duiwel wel bestaan het. Volgens H-M Barth (1974:124) is die eerste teologiese verhandeling oor die *Non-Existenz des Teufels* in 1778 geskryf.

Hierbo is probeer aantoon dat wat die skrywers van die OT betref, maar veral van die NT, daar wel 'n Godvyandige bose mag bestaan het. Die vraag is nou: kan ons dié oortuiging van die Bybelskrywers deel, of is dit nodig dat ons dit moet erken as hulle tydsgebonde mitologiese taalgebruik, wat ons as verantwoordelike Christene nie in die 21ste eeu kan herhaal nie?

Daar is ten minste twee argumente wat aangevoer word waarom ons vandag nie meer van die duiwel kan praat nie.

7.1 Die duiwel en bose magte is pre-moderne taalgebruik wat die ware boodskap van die evangelie verduister

2 Konig skryf (1972:27): "Dit is dus volkome duidelik waarom die duiwelsuitdrywing so 'n oorheersende plek in Jesus se optrede inneem: so kom die koninkryk van God, so word openbaar dat God (Jesus) die herstel en sy skeppingsdoel deurvoer: om die mens in sy gemeenskap op aarde te laat woon en sy vreugde en geluk te laat smaak."

3 Volgens H-M Barth (1974:124) is die eerste teologiese verhandeling oor die *Non-Existenz des Teufels* in 1778 geskryf.

Die begrippe van 'n "duiwel", "Satan", bose geeste of demone was inherent deel van die premoderne wêreldbeeld. CA van Peursen (1972:26) noem dit 'n "mitologiese wêreldbeeld" – 'n perspektief op die omgewing rondom jou waarin alle voorwerpe wat met oog waargeneem kan word (mense, bome, huise) deur onsigbare magte beweeg of beset is. In elke rivier wat jy moes oorsteek, was daar 'n riviergees, wat besweer of oorwin moes word vir 'n veilige oortog. Die Bybelse wêreldbeeld van, gelowiges het hulle van meeste sulke vrese bevry, omdat hulle geglo het die aarde met al sy riviere, bosse, huise en mense) behoort aan en is ondergeskik aan die God van Abraham. Tog het die bevryding nie nie gelowiges 'n ander taal laat praat nie – hulle het, soos hulle heidense gedink en gepraat in terme van voorwerpe en mense wat deur geeste beïnvloed of beset is, hoewel hulle oortuig was dat God dié geeste oorwin het en hulle daarom nie die "bose geeste" hoef te vrees nie.

Vandag, met ons wetenskaplike kennis vir natuurverskynsels, weet ons ook dat dit wat mense beweeg nie "bose geeste" is nie, maar hulle eie sielkundige samestelling en hulle sosiologiese verbinding (of gebrek daaraan) met ander mense. Derhalwe is dit nie net onnodig om in "die duiwel" of "bose geeste" te glo nie, maar ook onwys – want so vervreem ons onsself en ons Goeie Boodskap van ons moderne medemense, wat moontlik nog in ons boodskap van en oor Jesus belangstel, maar afgesit word deur ons pre-moderne, vreemde en mitologiese gepraat oor "die duiwel" en "bose geeste" – wat nog te sê, bose geeste uit mense te dryf.

In antwoord op hierdie argument sou 'n mens die volgende kan sê:

Ons kan nie ontken nie dat ook die NT-se skrywers kinders van hulle tyd was, en dus tuis was in 'n wêreldbeeld waarin verskynsels wat hulleself nie kon verklaar nie, toegeskryf is aan die werking van die bo-natuurlike. Dié besef maan ons om ons eie oordele krities te oorweeg – sou dit dalk wees dat ons dieselfde doen: dat ons verskynsels (bv. sielkundige toestande waarmee ons onbekend is) toeskryf aan die werking van 'n bose gees of demoon? Dit is op grond van hierdie argument dat sommige Christene oortuig is dat iets soos die bediening van bevryding nie 'n Christelike pastorale opsie is nie, want die bestaan van iets soos bose geeste of die duiwel is 'n denkwyse wat vasgevang is in 'n pre-moderne denkskema.

Maar die teenoorgestelde is natuurlik ook waar: dat ons ons nadenke oor wat vir God moontlik is, laat indruk in 'n keurslyf van 'n empiries aanwysbare oorsaak-en-gevolg-skema, en dat ons God slegs beweegruimte toelaat binne dit wat na ons mening, binne die beperkinge van oorsaak en gevolg, moontlik is. Dit is juis een van die punte van kritiek van diegene wat 'n bediening van bevryding beoefen op hulle kritici – naamlik dat dié kritici vasgevang is in 'n positivistiese wêreldbeskouing waarin rasionalisme en empirisme die laaste woord het.

Tussen dié Scylla en Charibdis moet ons deurvaar. As moderne mense kan ons nie anders om te erken dat dit juis die kritiek van die Verligting sedert die 18de eeu is wat ons samelewing vandag vrygemaak het van bygelowe en vrese, waarvan baie godsdienstig van aard was. Aan die ander kant is dit ook so dat, as ons die empiriese kriteria van die aanduibare oorsaak-en-gevolg sou aanvaar as die grense van ons teologiese nadenke en praktyk, ons nie in Jesus se wonders, sy opstanding uit die dood glo nie en sou ons ook nie met vrymoedigheid vir die genesing van siekes kon bid nie.

7.2 Dit is eties onverantwoordelik om die oorsake vir mense se optrede buite hulleself te lokaliseer

Die tweede argument teen die herhaling van Bybelse "pre-moderne taalgebruik" rakende die duiwel en bose geeste, lui so:

As ons die duiwel en bose magte aanwys as die oorsake vir mense se asosiale gedrag, geneigdheid tot perverse seks, wreedheid of wat ook al, verskuif ons ons eie en hulle verantwoordelikheid. Dit is soos 'n drankverslaafde wat verduidelik dat hy drink "omdat die duiwel my laat drink". Solank hy so dink, aanvaar hy nie verantwoordelikheid vir sy gedrag nie, en ook nie vir die moontlike verandering in sy gedrag nie – met die gevolg dat hy in meeste gevalle voortgaan om te veel te drink. 'n Bediening aan bevryding (so word geargumenteer) doen – onbedoeld, maar nogtans – dieselfde: in plaas daarvan om mense met sielkundige probleme te begelei om hulle persoonlikheidstekorte en gebrek aan sosiale vaardighede te erken en, saam met ander ondersteuners, daaraan te begin werk – word die oorsaak van hulle probleme as 'n eksterne demoon geïdentifiseer en dan uitgedryf. Die katarsis wat in so 'n geval veroorsaak word deur die emosionele uitdrywingsessie (en die voorbereiding wat dit voorafgaan) bring 'n verligting, wat in meeste gevalle egter kortstondig van aard is. Wanneer die persoon dan weer later dieselfde gedrag begin openbaar, is sy nog verder van genesing af, want nou is sy oortuig dat die demoon haar weer in besit geneem het.

In antwoord op hierdie argument moet die waarskuwing teen die verskuiwing van verantwoordelikheid ernstig geneem word. Dit geld nie net vir diegene wat pleit vir 'n goedkeuring van 'n bediening van bevryding nie, maar ook diegene wat in die algemeen geneig is om die oorsaak vir sonde buite die mens te soek. So word die Bybelse les

dikwels vergeet: die mens self is die grootste oorsaak van sy eie sonde. "So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte" (Rom 7:21). CS Lewis het beroemd geword vir sy *Screwtape Letters*, waarin die duiwel se raad aan sy vakleerling-duiwel is om nie sy prooi te probeer mislei met 'n tromp-op versoeking nie, maar eerder die mens se eie selfsugtige neigings bloot aan te wakker. Maar NP van Wyk Louw het dit miskien die raakste gesê in sy *Ballade van die bose*: "*Ken jy my nou?/ Het jy die spieël gesien/ en ken jy jou?... Die veles meen/ hulle ken my gesig,/ maar ek skuil te glansryk,/ te na aan die lig, / en as jul wil waarsku/ en wysheid gee, / dan praat ek reeds / in die woordklank mee...*"

## 8. Die 20ste eeu: die duiwel kom weer

Maar hoewel dit waar is dat die bose dikwels binne ons self skuil, is daarmee nie genoeg gesê oor die reikwydte van die bose nie.

### 8.1 In die Gereformeerde teologie

Dit was 'n kenmerk van die hoofstroom Gereformeerde tradisie dat die mens se sondigheid as oorsaak van sy selfsug en sondige optrede nooit onderskat moet word nie. Daarom was daar 'n sekere terughoudendheid om te veel oor die duiwel te spekuleer, ingeval dit ons aandag van ons eie sondige neigings sou aflei. Desnieteenstaande was daar in dié tradisie in die verlede min twyfel dat daar wel 'n duiwel/satan bestaan het. Vir Karl Barth is die bose die moeilik vertaalbare "das Nichtige" (die Nietige, the Nothingness) – want "das Nichtige" is beslis nie niks, "Nichts" (Weber 1975:145) nie. *Das Nichtige* is die bose wat nie deur God geskep is nie, en tog deel van God se skepping is, en verkry sy "ontiese samehang" deurdat dit teen God handel – 'n "genadevreemde, genade-ontkennende, genadelose bestaan" (Weber 1975:145). 'n Mens sou miskien kon sê die Bose kry en maak sy bestaan slegs deurdat hy/ dit teen God handel. Dit sou verkeerd wees om hiervan af te lei dat Barth meen die duiwel bestaan nie. Dit is eerder dat hy so duidelik as moontlik wil sê dat die duiwel as die groot Negatief slegs bestaan omdat hy teen God optree.

Otto Weber wys daarop dat ons nie "in" die duiwel glo nie, maar "teen" die duiwel – maar die mag teen wie ons glo, is 'n realiteit (Weber 1959:539). Die bose in onsself sluit aan by die Bose, maar die Bose kan nie gelykgestel word met die boosheid in onsself nie. "Niemand kan die bestaan van die duiwel 'bewys' nie. Maar die gelowige ken sy Vyand" (Weber 1959:539). Dieselfde argument vind ons by Berkouwer (1958:90-119, "het bijbels getuigenis deze 'macht' self reken met een *Ander*",106) en Johan Heyns (1978:166). Beide Berkouwer en Heyns beklemtoon dat, ten spyte van die Bose se mag, dit nie 'n outonome mag is nie, maar funksioneer binne "ruimte wat God in sy Raad aan Satan afgestaan het... nie 'n ruimte om in te lewe nie, maar om in te sterwe" (Heyns 1978:168. In sy boek *Die Sonde* (1978:99) praat Jaap Durand goedkeurend van die Gereformeerde tradisie van "'n Godvyandige, bose mag wat bo die individueel menslike uitgaan en ten slotte gestalte kry in die persoon van die duiwel".

Maar iemand sou kon sê dat dit is wat 'n mens van Gereformeerde teoloë verwag. Maar wat van ander denkers?

### 8.2 By charismate en ateïste

Aan die een kant is dit waar dat vir 'n groot deel van die 20ste eeu die modernistiese denkwyse geweldig invloedryk geraak het en dat daar al hoe minder ruimte gegun is vir wat beskou is as enige "bo-natuurlike" denkpatrone. In die hoofstroomteologie is daar 'n geregverdige reaksie teen 'n prediking uit vorige tye waar die duiwel dikwels gebruik is as bangmaker om mense na God toe te laat vlug. Die gevolg is dat dit waar is dat al hoe minder oor die duiwel en demone gepraat word.

Aan die ander kant is dit ook waar dat, vanaf ongeveer 1970, daar veral deur die groeiende invloed van die charismatiese beweging, al hoe groter aandag vir die stryd teen die duiwel en demone, vir duiweluitdrywing en "geestelike oorlogvoering" gevra word.

Maar selfs voor die charismatiese belangstelling in die duiwel en demone, was daar vroeër in die 20ste eeu 'n groeiende belangstelling in die werking van die "demoniese".

### 8.3 Die 20ste eeu: die duiwel in die strukture van die samelewing

Nadat die rol van die bose in die 19de eeuse Protestantse hoofstroom-teologie geneig was om al hoe 'n kleiner rol aan die bose toe te ken, het die oortuiging in die tweede helfte van die 20ste eeu verander – hoofsaaklik weens hulle ontnugtering dat, eerstens, ten spyte van 'n ryk kultuur die Weste in die 20ste eeu twee wêreldoorloë beleef het, en tweedens, die ontdekking dat die Weste se eie proses van kolonisasie nie deur die ontvangers daarvan as 'n beskawing ervaar is nie, maar as 'n daad van magsmisbruik en lyding. Nie net teoloë nie, maar ook filosowe en geskiedkundiges het 'n nuwe ontsag gekry vir die omvang van menslike lyding – en die boosheid wat daaragter lê. Durand (1974:81) skryf hieroor:

"Die openbaring van die kwaad in die moderne samelewing, veral in en na die tyd van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, het sulke afmetings aangeneem en sulke afgronde van ongeregtigheid het oopgegaan, dat die mens van hierdie eeu vir

homself moes rekenskap gee van die vraag of ons hier met verskynsels te doen het waarvoor 'n uitsluitende menslike verklaring gegee kan word. Gevolglik klink meer en meer stemme op waarin blyke geee word van 'n erkenning dat die kwaad oor 'n *mag* is wat bopersoonlike trekke kan aanneem. Juis rondom die verskrikkinge wat hierdie eeu beleef het, hoor ons weer begrippe soos "demonies" en "satanies", wel hoofsaaklik as byvoeglike naamwoorde om die handelinge van mense daarmee aan te dui, maar dan tog ook om uitdrukking te gee aan die oortuiging dat die bose ook iets buite die mens is wat van hom besit neem."

Voorbeelde hiervan is die Hervormde teoloog Hendrikus Berkhof se boek *Christus en de machten* en die sendingwetenskaplike Johannes Verkuyl (1992:270) wat praat van "stromingen, ideologieën en religiueze bewegingen... (waardeur) worden hele volkeren a.h.w. met blindheid geslagen... door demonische machten die sterker zijn dan individuele mensen".

'n Tweede, baie interessante voorbeeld is die sonderlinge essays deur Ernst Bloch, Joods-gebore, neo-Marxistiese filosoof oor die demoniese in die Duitse samelewing van die 1920s (aangehaal deur Berger 2000:24). Sonderling omdat Bloch, 'n ateïs, self nie in die persoonlike bestaan van God of die duiwel geglo nie, maar nogtans oortuig was dat daar 'n onverklaarbare boosheid in die struktuur van die samelewing van sy tyd gesetel was. Dieselfde punt maak 'n ander ateïs, die neo-Marxis Leszek Kolakowski in 1970s, wat meen die moderne mens se slaafse navolging van die modernistiese patroon wat geen plek vir enige bo-natuurlike gegewe soos die duiwel maak nie, is insigself demonies van aard omdat dit so magtig is (aangehaal deur Thielicke 1982:448).

Die feit dat kultuurkritici en filosowe in die 20ste eeu ons aandag vestig op wat hulle "die demoniese" in ons samelewings noem, is natuurlik nie 'n bevestiging van die tradisionele geloof in die duiwel en in duiweluitdrywing nie. Wanneer baie van hierdie denkers – soos die neo-Marxiste Bloch en Kolakowski, en die Hervormde teoloog Berkhof[4] – van die demoniese in die samelewing praat, dink hulle nie aan die duiwel en sy demone nie, maar gebruik dit as metafore vir wat hulle beskou as strukture van boosheid in die samelewing (bv in die 1970s en 1980s die wapenwedloop). Aan die ander kant weer, skryf ander denkers in dieselfde tyd soortgelyke boeke, waarin hulle wel van die duiwel as 'n metafoor te praat, maar tog ook van die duiwel en demone as werklikhede praat - soos voorbeeld die bekende Franse skrywer Denis Rougemont in sy *The Devil's Share*, geskryf net na die Tweede Wêreldoorlog.

Nog 'n stap verder gaan Walter Wink, professor in die teologie aan die Auburn Teologiese Seminarium in New York, in sy boeke *Naming the Powers* (1982), en *Unmasking the powers* (1986). Wink identifiseer drie tipes van "demoniese manifestasies": a) *kollektiewe besetenheid* – waarin hy soos die skrywers hierbo waarsku oor die strukture van boosheid in die samelewings (ideologieë, konstellasies van magsgroepe ens), b) *innerlik-persoonlike besetenheid*, waarmee hy eintlik nie besetenheid deur demone bedoel nie – maar eerder die "demone" in die sin van sielkundige wanaanpassings en c) *uiterlik-persoonlike besetenheid*, waarin hy skryf oor gevalle in sy bediening wat, na sy mening, inderdaad op geen ander manier verklaar kan word nie as dat hulle van demone besete was. Enkele kenmerke van van hierdie gevalle is: 'n "evil presence or personality" wat in die betrokke persoon aanwesig is, die persoon wat in stemme of tale praat wat aan homself onbekend is, 'n ongebreidelde sug om teen "God and everything sacred" te laster en "onmoontlike kontorsies" in die liggaam van die persoon. Die bekende sielkundige en skrywer, M Scott Peck bepleit in sy *People of the Lie* (1983) 'n instituut om sulke derglike gevalle (met wie hy oor jare in sy praktyk te doen gehad het) te dokumenteer en bestudeer.

## 9. 'n Persoonlike duiwel?

Sou dit dan beteken dat daar tog 'n duiwel as 'n persoonlike wese bestaan?

Helmut Thielicke, Lutheraanse teoloog, meen (in sy *Evangelical Theology vol 1*, 1982:) daar is net een rede waarom ons nie in die werklikheid van die duiwel kan glo nie – en dit is dat ons tydsgees ons dit nie toelaat nie. Hy meen dit sou oneerlik wees om die *mag* van die duiwel en die demoniese in die samelewing ter herken (soos baie teoloë na die Tweede Wêreldoorlog gedoen het), maar die persoonlike karakter van die demoniese te ontken. Hy skryf: "If we speak decidly only of a power of the demonic without emphasizing its personal character, the question necessarily remains whether we are not innocent victims of usurpation of their own personality" (1982:450).

Klaus Berger, professor in NT aan die Universiteit van Heidelberg, skaar hom in sy boek *Zit de duivel achter alle kwaad?* by die neo-Marxis Ernst Bloch se pleidooi om die demoniese trekke in die moderne samelewing te erken, en om nie, onder die invloed van "die rasionalisme of sosiologie of psigologie" die mag van die bose in ons samelewing te onderskat nie (2000:23). Dit is vir Berger "onbewist dat het bij de duivel (= de boze) gaat om een verschrikkelijke, onzichtbare werkelijkheid" (2000:153).

4 H Berkhof, *Christelijk Geloof* (1973:214) verstaan die duiwel as "ideeënmateriaal van een cultuur of periode" waartoe ons nie vandag gebind is nie.

Vir Berger is die duiwel "een vorm van intelligentie" – maar hy is huiwerig om van die duiwel as "persoon" te praat, nie omdat hy die werklikheid van die Bose wil geringskat nie, maar omdat hy meen die term "persoon" –"in onzer zeer beperkte, westerse betekenis van indvidualiteit" (2000:153) – is 'n moderne begrip wat nie van toepassing is op die duiwel en demone nie. Daarom verkies hy om nie te praat van die duiwel as 'n persoon nie, maar dit moet nie misverstaan word nie – asof hy daarmee die werklikheid van die duiwel bevraagteken: "De duivel van de Bijbel is dus machtig en intelligent, fassinerend en via taal te bereiken, maar hij is geen persoon in onze betekenis" (Berger 2000:154).

Jaap Durand erken die werking van die duiwel in die bose strukture van die samelewing – so sterk beklemtoon na die Tweede Wêreldoorlog – en wys daarop dat veral in die Pauliniese taalgebruik hierdie werking van die Bose erken word, byvoorbeeld wanneer in Ef 1:21 Christus se oorwinning van "elke mag en gesag, elke krag en heerskappy" in sy opstanding 'n werklikheid word (vgl ook Kol 1:13, Ef 2:2, Ef 6:12, Gal 1:4, Rom 3:16, 2 Kor 5:19). Maar, vervolg Durand, dit beteken nie dat dit *al* manier is waarop die Bose sy mag uitoefen nie. Die duiwel is ook "'n reële mag wat personale gestalte kry in die persoon van satan en sy ryk van demone" (Durand 1978:90).

Die Suid-Afrikaanse Lutherse teoloog Klaus Nürnberger verkies om nie van die duiwel as persoon te praat nie, maar wel van die duiwel as 'n "mitologiese gestalte" maar dit beteken "geensins dat die krag van boosheid, waarvoor hierdie figuur staan, nie werklik is nie!" (1975:267).

Selfs Michael Green, bekend as 'n evangeliese en behoudende Britse skrywer, wat geen twyfel het dat daar 'n duiwel is nie, meen in sy *I believe in Satan's downfall* (1981) dat 'n mens in Christelike kringe nie moet praat van die duiwel as persoon nie: "But what do we mean by saying that Satan is a personal devil? What most people mean by that is to claim that Satan is an organising intellect, a single focus and fount of evil inspiration. That seems to me to be a very proper inference to draw from the teaching of the Bible. But it is doubtful if we can call him 'personal' in any other sense".

Die probleem met die begrip "die duiwel as persoon" is dat dit 'n mens byna onwillekeurig daartoe bring om te dink aan 'n rooi wese met 'n mens se lyf, 'n bok se pote, 'n vampier se vlerke en 'n pylstert wat sy slagoffers in 'n poel van vuur gooi. Dit is egter die Middeleeuse beeld van die duiwel, maar nie die Bybel s'n nie – en sal op baie ewewigtige mense in die 21ste eeu nie groot indruk maar nie.

Miskien help dit ons om te onthou dat daar nie 'n Bybelse leer is dat die duiwel soos 'n mens lyk of soos 'n mens 'n figuur is nie. Dit is so dat die duiwel wel moontlik in 'n menslike gestalte aan Jesus verskyn het by sy versoeking in die woestyn, maar dit is belangrik om te onthou dat die versoeking net sowel 'n visioen kon gewees het. Dié ervaring word nie beskryf asof dit 'n ontmoeting in gewone tyd en ruimte plaasgevind het nie. By die eerste versoeking is Jesus in die woestyn, by die tweede versoeking bring die duiwel Hom "in 'n oogwink" op 'n hoogte en net daarna staan hulle altwee skielik "op die hoogste punt van die tempel" (Lk 4:5-9). Die gegewens dui daarop dat hier 'n visioen of droom beskryf word. Dit sou verkeerd wees om uit hierdie gegewens af te lei dat die duiwel 'n figuur soos dié van 'n mens was, omdat hy hier praat soos 'n mens praat.

## 10. "Glo jy aan 'n persoonlike duiwel?" is nie die regte vraag nie

Hierdie bespreking van verskillende standpunte oor "die persoonlike duiwel" het 'n belangrike punt na vore gebring – naamlik dat die vraag: "Glo jy aan die duiwel as persoon?" nie geskik is om mense se geloofsoortuigings oor die Bose te toets nie. Die rede daarvoor is dat die term "as persoon" baie meer onduidelik is as wat ons vermoed. Dit is heel moontlik dat twee teoloë wat dieselfde standpunt oor die duiwel huldig, verskillend op die vraag sal antwoord. Jaap Durand en Michael Green glo albei dat daar iets soos die duiwel bestaan. Altwee glo dat die mens se eie sondige neigings die groot rede is waarom ons sondig – maar albei meen dat die werking van die Bose speel ook hierin 'n belangrike rol speel. Albei glo die Bose het hom tuisgemaak in die bose strukture van die samelewing, en albei glo dat die duiwel net so fluks werksaam is in ons as individue. Albei glo dat die Bose manifesteer as 'n mag is soos in 'n valse en gevaarlike ideologie, maar albei glo ook dat die Bose 'n "single focus and fount of evil inspiration" (Green:266) is. Maar waar Durand praat van 'n "reële mag wat 'n personale gestalte kry", wil Green nie praat van 'n "devil as a person" nie.

Die verskil lê egter nie daarin dat Durand en Green verskillend oor die Bose dink nie, eerder dat hulle verskillende opvattings oor die term "persoon" het. Durand gebruik die woord "personale" om te beklemtoon dat die Bose 'n werklike mag is, maar Green vermy die woord "persoon", omdat hy meen dit bring ons onwillekeurig daartoe om aan die Bose te dink as 'n persoon in menslike terme – 'n bose persoon met 'n menslike liggaam.

Dikwels word die vraag gestel, "Glo jy in die duiwel as 'n persoon?". Dit is egter te betwyfel of dit die regte vraag is. Die kwessie waarom dit gaan is nie of ons glo die Bose het 'n kop, hande, voete en dalk 'n pylstert nie, maar of ons glo dat die Bose 'n werklike wese is.

Dit is belangrik om te onthou dat Christene wel bely dat God in Jesus mens geword het, maar hulle bely nie dat die duiwel mens geword het nie. Die geloofsartikel dat God in Jesus van Nasaret 'n menslike persoon geword het, is vir die Christen ononderhandelbaar – maar daar is nie so 'n geloofsartikel oor die Bose se vleeswording nie. Christene glo wel dat die Bose 'n werklikheid is, maar dit is verwarrend om daarop te staan dat die duiwel 'n persoon is – want dan klink dit asof ons sê dit is 'n wesenlike geloofsartikel van die die Christelike geloof dat die Bose hom as 'n menslike figuur manifesteer – wat nie die geval is nie. Christene glo in die werklikheid van die Bose, en dat die Bose in Christus oorwin is maar dat ons nog nie volkome van hom verlos is nie – maar nie noodwendig dat die Bose hom as persoon manifesteer nie.

Dit sal dus beter wees om nie aan te dring op die term "'n persoonlike duiwel" nie, maar eerder te beklemtoon dat ons hier praat van 'n selfstandige wese, wat werklik bestaan.

Maar wat dan van demone en hulle demonisering van mense?

## 11. Demone en die demonisering van mense: 'n werklikheid?

As die werklikheid van die Bose erken word, wat oor bomenslike mag beskik, is dit waarskynlik dat die Bose ook oor die mag beskik om individue op 'n buitengewone manier onder sy invloed te kry.

Daar is in die Bybel getuienis dat Jesus se stryd teen die Bose nie met sy kruisiging en opstanding afgehandel is nie. Dié getuienis is duidelik: met Jesus se kruisiging en opstanding is "die owerste van hierdie wêreld uitgegooi... buitentoe" (Joh 12:31). 'n Deurslaggewende oorwinning is behaal, maar die Bose is nie finaal vernietig nie. Hy loop steeds rond soos 'n brullende leeu (1 Pet 5:8), soos die engel van die lig (2 Kor 11:14); daarom is sommige se "verstand deur die god van hierdie wêreld verblind" (2 Kor 4:4), daarom waarsku Johannes teen "die werk van die duiwel" (1 Joh 3:8); en Paulus: "Moenie die duiwel vatkans gee nie" (Ef 4:27). Die mens is voortdurend in stryd met sy eie sondige vlees, maar daarby is daar ook nog 'n stryd teen "aanslae van die duiwel" (Ef 6:12); en dié "stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug" (Ef 6:12). Daarom moedig Paulus sy lesers aan om "die volle wapenrusting... wat God julle gee" aan te trek en so as Christene teen die duiwel en sy magte op "julle pos kan bly staan" (Ef 6:13).

Dit is duidelik: die Bose sal al sy magte aanwend om die gelowiges te keer om ootmoedig met God te wandel. Dit sal dwaas wees om sy mag te onderskat en te meen dat hy nie al sy magte sal inspan om 'n wig tussen gelowiges en God in te dryf nie.

Die Bose sal beslis dié destruktiewe werk probeer doen – en dit sou naïef wees om te dink hy sou nie bose geeste gebruik nie. Die Bose sal doen wat ook al moontlik is om mense van God te vervreem – en dit is heel moontlik dat hy soms selfs gelowiges stewig in sy magsgreep sal kry. Die Bybel erken die moontlikheid – maar dan is dit steeds belangrik om te onthou dat die Bybel dit nie as die gewone gang van sake sien nie.

Die Bybel laat blyk wel dat dit moontlik is dat die Bose – miskien aangehelp deur 'n reeks donker gebeurtenisse – wel 'n gelowige so in sy mag toegespin kan kry dat ons kan praat van iemand wat onder die mag van die Bose is, wat "gedemoniseer" is. Al is dit iets wat selde gebeur en daarom vir baie gelowiges vreemd, kan ons nie die Bybelse getuienis oor die moontlikheid daarvan en die getuienis van gelowiges dat hulle dit ervaar het, ontken nie. Alhoewel dit buite die ervaringsveld van meeste van sy lidmate en leraars lê, behoort die NG Kerk dit nie te ontken dat, as gevolg van buitengewone omstandighede, sommige mense, ook gelowiges, so in die mag van die Bose toegespin kan word dat ons wel van hulle kan praat as mense wat gedemoniseer is.

Wanneer dit toegegee word, is dit egter van belang om te onthou dat ons hier van uitsonderlike gevalle praat. Juis in dié gedeelte van sy briewe waarin Paulus die duidelikste oor die mag van die bose praat – Efes 6:10-20 – is Paulus vas oortuig dat die gelowiges, bemagtig deur die Gees, die aanvegting van die Bose sal kan weerstaan. Hulle *het* tog die "volle wapenrusting" van God ontvang. Paulus verwag 'n felle aanslag, maar ook dat die gelowiges "die brandpyle van die Bose (sal) kan afweer" (Ef 6:16). Met Paulus se waarskuwing teen die Bose, "gaan ook gepaard die troosryke versekering dat Satan al reeds oorwin is, en dat daar grense aan sy verwoestingswerk gestel is" (Heyns 1978:168).

Dit is van die grootste belang dat dié klem in die nadenke oor die stryd teen die Bose in gedagte gehou word. Ons enigste troos in lewe en in sterwe (verseker die Heidelbergse Kategismus vr 1 ons) is dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan ons Verlosser, Jesus Christus wat vir ons sonde met sy bloed betaal het en ons "uit alle heerskappy van die duiwel verlos het".

Dié geloofsartikel waarsku ons, dat, indien 'n bediening van bevryding toegelaat sou word, dit nie die gewone, roetine bediening van die leraar en kerkraad sou kon wees nie. Dit sou slegs by uitsondering kan geskied – as 'n buitengewone maatreël, vir die gelowige wat deur buitengewone omstandighede uit die oog verloor het dat die duiwel oorwin is.

Voor 'n besluit oor die bediening aan bevryding geneem sal word, is dit belangrik om die konteks waarin die NG Kerk die besluit sal neem, in gedagte te hou. Daar is veral twee aspekte wat ons aandag vra: die konteks van diversiteit onder ons lidmate en die konteks van Afrika, waarbinne die NG Kerk die evangelie wil verkondig.

## 12. <u>Die konteks van dié gesprek in ons kerk</u>

Vir die gesprek is dit belangrik om die konteks van ons gesprek te onthou. Ten minste drie kontekste is hier van van belang: 1) Die diversiteit van opvattinge onder NG lidmate, 2) die konteks van kerk van Afrika en 3) die nadenke van sekulêre geesteswetenskaplikes oor die verskynsel van geesuitdrywing.

12.1 Diversiteit onder NG lidmate

Die ondersteuning wat die betrokke Ring van Tulbagh-gemeentes van NG lidmate gekry het (nadat hulle 'n bediening van bevryding begin beoefen het) is 'n aanduiding dat hulle nie alleen is in hulle simpatieke oordeel oor 'n bediening van bevryding nie. Pieter en Helene Theron, 'n egpaar met 'n soortgelyke landswye bediening het hulle ondersteun, en leraars en lidmate uit een gemeente (in die Ring van Tulbagh) het 'n seminaar oor die bediening aan bevryding by die NG Kerk Moreleta Park bygewoon. Dit kom dus voor dat daar heelwat ander NG lidmate wat soortgelyke ondervindinge gehad het, of wat glo in die bestaansreg van 'n bediening van bevryding. Ds André O'Kennedy gee inligting oor verskillende mense wat landswyd verskillende soort bedieninge van bevryding beoefen, ook onder NG lidmate (*Navorsingsgroep*, bl 5).

Vir die meerderheid van NG lidmate is die bediening van bevryding waarskynlik nie iets wat 'n groot rol in hulle lewens speel nie. Meeste van hierdie lidmate glo in die bestaan van die duiwel, maar is onseker tot skepties oor die bediening van bevryding aan gedemoniseerdes. Hulle het in hulle geloofslewe nog nooit daarmee te doen gehad nie, en het ook nie die begeerte om daarby betrokke te raak nie. Hulle glo in die bestaan van die duiwel, dat hy soos 'n brullende leeu op soek is na sy prooi en dat hy hom soms soos 'n engel van die lig voordoen. Juis daarom is baie lidmate skepties oor die bohaai wat meestal met die uitdrywing van demone gepaard gaan. Sommige van hulle wonder of dit nie dalk 'n slim set van die duiwel self is nie – om Christene om die bos te lei om hulle tyd en energie te mors op die opspoor van watter demoon vir watter sonde verantwoordelik is nie, eerder as om hulle sonde te bely, vergifnis van God en hul naaste te vra, reg te doen, liefde te bewys en ootmoedig met God te wandel nie (Miga 6:8).

Maar dan is daar 'n derde groepering lidmate, wat sterk daaroor voel dat enige geloof in demone en selfs die duiwel nie in pas is met hulle moderne lewensbeskouing nie. Wat hulle betref, is die oorsaak van abnormale menslike gedrag gesetel in die brein of psige van die individu, hoewel sy abormale gedrag deur die sosiale konteks beïnvloed kan word. Derhalwe moet die oplossing vir die abnormale gedrag en genesing van die individu kom uit 'n korrekte diagnose en 'n korrekte mediese of sielkundige behandeling van die individu. Een lid van die besprekingsgroep oor bevryding, 'n psigiater, het dié benadering so opgesom:

"Reën is afkomstig van waterdamp wat styg, kondenseer en reën vorm – depressie word veroorsaak deur 'n tekort aan seretonien in die brein, skisofrenie is 'n neurodegeneratiewe siekte, suikersiekte is 'n tekort aan insulien, epilepsie 'n versteuring van breingolwe ensovoorts..." Geen abormale gedrag kan toegeskryf word aan die invloed van die duiwel of sy demone nie – dit is "psigiatriese siektes soos skisofrenie, depressie, middel-intoksikasie, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, byvoorbeeld Tourettesindroom of epilepsie." Daarom is dié persoon gekant teenoor die "premoderne praktyk van bevryding", en was hy van mening dat dit nie toegelaat moet word voordat daar 1) psigiatries diagnostiese vaardighede, 2) bewysde kriteria vir besetenheid en 3) langtermyn positiewe resultate beskikbaar was nie.

Vanuit hierdie perspektief is daar dus die oortuiging dat geestesbesetenheid niks anders as 'n psigotiese steurnis is nie, meestal gevalle van meervoudige persoonlikheidsteurnis ("multiple personality disorder").

'n Mens sou verder kon noem dat daar oor die kwessie van bevryding waarskynlik ook drie reaksies onder predikante is: Een groep wys die bediening van bevryding ten sterkste af. Hulle wys op die gevaar van die bediening. Hoewel goed bedoel, mag verkeerde diagnoses gedoen word met katastrofale gevolge vir die "gedemoniseerde pasiënt" en pastor. Die groot gevaar van suggestie tydens bevrydingsessies is ook 'n bron van kommer. Hierdie groep steun in hulle beoordeling van 'n bediening van bevryding sterk op die lig wat die mediese wetenskap op sodanige verskynsels gee.

'n Tweede groep lê groot klem op die verlossing van Christus en die implikasies daarvan vir 'n bediening van bevryding. Hulle glo in die bestaan van die duiwel as 'n selfstandige wese en sluit nie die moontlikheid uit nie dat die duiwel ook demone kan aanwend in sy aanslag op die mens – maar is bekommerd oor die gevare vir beide pastor en gedemoniseerde wanneer verkeerde diagnoses gemaak word in 'n bediening van bevryding.

'n Derde groep is positief oor die bediening van

bevryding – dit is vir hulle God se oorwinningsantwoord vir almal wat gedemoniseerd is. Hulle is bekommerd dat die mag van die duiwel en demone uit die Bybel "wegverklaar" word en is bekommerd dat die destruktiewe rol wat die duiwel en bose demone speel, as deel van 'n tydgebonde wêreldbeeld wegverklaar word. Hulle wys nie mediese en sielkundige diagnoses af nie, maar meen dat daar mense is wie se abnormale gedrag nie bloot die gevolg van sielkundige of sosiale faktore is nie, maar dat hulle onder die buitengewone invloed van Satan en sy magte gekom het, waarvan hulle bevry moet word.

12.2 Kerk in Afrika

Die NG Kerk is steeds hoofsaaklik 'n wit kerk. Lidmate van kleur kom meestal uit die bruin gemeenskap. NG lidmate wat in 'n swart Afrika-kultuur grootgeword het, is 'n klein groep lidmate, meestal lidmate van die agt Engelssprekende NG gemeentes. Dit neem egter nie weg dat die NG Kerk haar voortdurend daaraan moet herinner dat sy in die eerste plek kerk in Afrika is nie. Daarby moet onthou word dat die situasie dramaties sal verander na die hereniging van die NG Kerk-familie. Dit is dis belangrik by die besluitneming hoe daar in 'n tradisionele swart kultuur en swart kerke oor die kwessie van die duiwel en sy bose geeste gedink word.

Prof Gerrie ter Haar is professor in godsdienswetenskap en menseregte aan die Instituut voor Sociale Studie in Den Haag, Nederland. Sy is 'n deskundige oor veral die Christelike godsdiens in Afrika. Sy beklemtoon in haar boek, *How God became African* (2009), dat vir die meeste mense in tradisionele Afrika-kulture, die interaksie van die geesteswêreld vanselfsprekend is, en dat Afrikakulture nie die materiële en geestelike sfere van die lewe skei nie, soos dikwels in die intellektuele tradisies in die Weste gebeur nie. Sy skryf:

"African traditions of thought tend to view reality not in terms of binary oppositions and mutually exclusive categories – in other words, in terms of either/or. Rather, they tend to view reality in categories that are inclusive – in terms of and/and. Hence, in African discourses, a person can be considered as being dead while physically alive, like a zombie, a living person who is spiritually dead. Vice versa, a person can be physically dead, but considered to be spritually alive, like an ancestor... The same logic applies in African Christianity, in which the invisible world is perceived to have a real existence and to interact with humans in the visible, material world" (2009:19).

Die gevolg van hierdie wêreldbeskouing is dat in meeste Afrika-kulture die slegte invloed vanuit die geesteswêreld as 'n vanselfsprekende moontlikheid aanvaar word. Dit kan met bykans enigeen gebeur – en dus word diegene wat slegte invloede uit die geesteswêreld kan keer of beheer soveel meer waardeer. In die inheemse Afrika-kerke is die stryd teen die bose invloed uit die geesteswêreld 'n baie belangrike deel van hulle bediening, terwyl dit in die historiese hoofstroom-kerkgenootskappe met dikwels deur die kerkleierskap met wantroue bejeën word. Hierdie verskil in hulle bedieningstyle is, na die mening van Ter Haar, die hoofrede waarom die inheemse kerke soveel vinniger groei as die historiese kerkgenootskappe. Sy illustreer die gevolge van die hoofstroom-kerke se gebrek aan 'n bediening wat die invloede uit die geesteswêreld aanspreek, deur te verwys na die voorbeeld van Emmanuel Milingo, voormalige aartsbiskop van die Rooms-Katolieke Kerk in Zambië, wat in die jare 1970-1980, ten spyte van teenkanting van Rome, 'n baie suksesvolle bediening van genesing en eksorsisme in Zambië beoefen het, maar uiteindelik die Katolieke Kerk verlaat het.

Sonder om in detail hierop in te gaan, kan hier slegs gemeld word dat in die kultuur waarbinne ons susterskerk, die VG Kerk funksioneer, die werklikheid van die nadelige mag en invloed van bose geeste op die lewens van mense, deur baie algemeen aanvaar word. Leraars in die Reformed Church in Africa, is deur hulle eie ervaring van die bediening aan mense wat veral uit 'n Hindoeagtergrond kom, sterk oortuig van die noodsaaklikheid om die dié (vermeende en werklike) invloed uit die geesteswêreld met 'n kerklike bediening die hoof te bied.

Hoewel die NG Kerk hoofsaaklik 'n wit kerk is, is dit belangrik om hierdie konteks te onthou, veral waar ons op 'n pad van kerkhereniging is. Verder is belangrik om te onthou hoe die saak van 'n bediening aan bevryding op SKLAS se agenda gekom het:

'n Groep lidmate en leraars uit verskillende gemeentes in die Ring van Tulbagh het by verskeie besoeke aan Mosambiek (ongeveer in die jare 2000-2004) en die noorde van Kwazulu-Natal te doen gekry met gelowiges wat mense wat na hulle mening gedemoniseer was, en wat van hierdie toestand bevry is deur 'n bediening van bevryding. By hulle terugkeer in Suid-Afrika het hulle hieroor nagedink en toe hulle in hulle pastorale bediening met erge probleemgevalle te doen gekry het, het hulle gewonder of dié persone nie dalk gedemoniseer was nie. Hulle het in verbinding gekom met ander mense in die NG Kerk wat wel so 'n bediening beoefen het en uiteindelik het al dié ervaringe gely tot 'n beoefening van die bediening van bevryding in veral die Goudini-gemeente.

Dit is dus belangrik dat die Afrika-element as 'n integrale deel van ons kultuurkonteks onthou moet word wanneer ons oor 'n bediening van bevryding nadink.

12.3 Die perspektiewe van die psigologie, psigiatrie en antropologie

Die psigiater in die besprekingsgroep was oortuig dat die meerderheid van sy kollegas nooit abormale gedrag sou toeskryf aan die invloed van die duiwel nie – dit is "psigiatriese siektes soos skisofrenie, depressie, middel-intoksikasie, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, byvoorbeeld Tourette-sindroom of epilepsie" (Pienaar 2008:3).

Ons moet aanvaar dat dié siening deur die meeste van sy kollegas gedeel word. Tog is dit nodig om daarop te let dat daar sielkundiges en antropoloë is wat 'n so 'n rigiede rasionalistiese interpretasie en beoordeling van die geesteswêreld bevraagteken. Twee sulke voorbeelde is die Suid-Afrikaanse sielkundige Gavin Ivey (Univ Witwatersrand), en die Amerikaanse antropoloog Felicitas Goodman. Hoewel beide Ivey en Goodman 'n duiwel en demone as "mitologiese" (en dus nie werklike) wesens beskou, glo hulle tog dat 'n bediening van bevryding (of soos hulle dit noem: eksorsisme) wel terapeuties en helend kan werk.

**Gavin Ivey, sielkundige**

Gavin Ivey is 'n psigo-analitiese sielkundige en professor aan die Departement Sielkunde van die Universiteit van Witwatersrand. Een van sy navorsingsgebiede is die psigodinamiese aspekte van demoon-besetenheid. As sekulêre sielkundige is die duiwel en demone vir hom mitologiese verskynsels, maar die duiwel en demone is vir hom belangrike "metafore" wat help om die rol van die bose te beskryf. Dit is vir hom belangrik, want, in ons huidige Westerse samelewing is die normale taalgebruik van die sielkunde nie in staat om al die dimensies van die bose te beskryf nie. In 'n artikel, *Diabolical discourses: demonic possession and evil in modern psychopathology* (2002), skryf hy: "Evil... implies not simply the absence or the diminution of good, but an active principle seemingly bent on the negation or destruction of goodness, and ultimately, life itself" (Ivey 2002:54). Hy sê verder, "If, as I believe, evil and its demonic personifications are a supernatural portrayal of human otherness, then this otherness has to be claimed and reclaimed as an aspect of our identities" (2002:54).

Ivey is van mening dat die taalgebruik van demone en besetenheid die psigologie kan help om die omvang van die bose te beskryf. Gewone taal is nie hiervoor voldoende nie, soos hy dan ook in die beskrywing van twee gevallestudies aantoon (2002:56-58)[5]. Hy erken dat hy dié taalgebruik net in 'n metaforiese sin gebruik, en nie as beskrywing van "literal spiritual entities" (2002:58) nie. Maar, vra Ivey, is dit nie ook waar van die kernbegrippe van die psigoanalitiese sielkunde nie? Hy argumenteer dan dat sekere kernbegrippe in die psigoanalise, soos instinkte, fiksasie op objekte en "introjects" self niks anders as metafore is nie. Sy artikel vra dus of die begrippe waarmee die psigoanalitiese sielkunde ontologies (dus: werklik, in hul wese) anders is as die "mitologiese" begrippe soos "demone", "besetenheid" en "demoon-uitdrywing". Hy skryf: "I raise this point to question the ontological status of the psychoanalytic concepts employed" (2002:58).

Ivey vra 'n belangrike vraag: is dit werklik so eenvoudig om te onderskei tussen taalgebruik wat iets beskryf wat "werklik" is en dit wat "metafories" is? En laat sy lesers met die volgende suggestie: Die vraag na die ontologiese werklikheid van "metafore" (soos hy dit sien) soos gebruik deur sekere behandelingsprosedures, is nie al belangrike vraag wat gevra moet word nie. 'n Belangriker vraag is dalk of die begrippe en behandelinge (soos gebruik en toegepas deur psigoanalise of eksorsisme) uiteindelik 'n positiewe genesingsuitkoms lewer of nie. Volgens Ivey is die vraag ten opsigte van eksorsisme dat dit wel kan gebeur[6].

5 Ivey 2002:57: "It is interesting to note that in both of the case studies mentioned, the individuals concerned experienced the presence of an evil demon, controlling their thoughts and actions from within their own minds. We could say that the mythological figure of Satan is this evil part of the mind, split off and projected, which offers omnipotence, omniscience, sensual gratification, and freedom from all moral authority..."

6 Dit is insiggewend wat Gys du Plessis, mediese dokter en verantwoordelik vir hoofstukke oor verband tussen besetenheid en psigiatriese versteurings in die boek *Bestaan die duiwel regtig?* oor hierdie saak skryf. In die grootste deel van sy stuk bepleit Du Plessis dat psigiatriese versteurings nie met besetenheid verwar moet word nie. Die teologie moet die psigiatrie respekteer. Maar in die laaste deel van sy boek wys hy daarop dat die teenoorgestelde ook waar is: "Hoewel baie deskundiges in die psigiatrie en sielkunde die bestaan van demone afskiet, is dit interessant dat die DSM IV-TR se hersiene uitgawe (Diagnostic Statistical Manual of Mental Disorders) nie totaal daarvan wegskram nie. Trouens, dié uitgawe beskryf 'n versteuring genaamd *Dissosiatiewe transversteuring*. Die beskrywing daarvan is baie tipies wat... Christengelowiges sou beskou as duiwelbesetenheid: Enkel- of episodiese versteurings in die bewussynstaat van die person, of die person se identiteit of geheue, wat kenmerkend van enige persoon in 'n bepaald plek of kultuur is. Dit wil sê, die veranderde bewussynstaat is in stryd met wat as normaal gesien word in enige bepaalde kultuurgroep... Dit behels onder andere die vervanging van 'n person se gewone belewenis van persoonlike identiteit deur 'n nuwe identiteit wat toegeskryf word aan die invloed van 'n gees, krag of goddelike wese of ander persoon. Hierdie is die algemeenste dissosiatiewe versteuring in byvoorbeeld Asië. Voorbeeld sluit in *amok* (Indonesië), *bebainan* (Indonesië)... Hierdie transversteuring verskil, wat die diagnosering daarvan betref, van die veelvuldige persoonlikheidsteuring (multiple personality disorder). Mense met dié patologiese

Dieselfde vraag word van 'n ander hoek gevra deur Gerrie ter Haar, professor in godsdienswetenskap in haar boek *How God became African* (2009) en deur Felicitas Goodman, 'n Amerikaanse antropoloog. Ons het alreeds na Ter Haar verwys; Goodman vra ons aandag.

**Felicitas Goodman, antropoloog**

Maar is geestesbesetenheid nie bloot meervoudige persoonlikheidsteurnis ("multiple personality disorder") nie? Is dit nie soortgelyk aan epilepsie, wat in kulture wat daarmee onbekend is, ook as geestesbesetenheid beskou word nie?

Ter Haar verwys na Felicitas Goodman (1992), 'n Amerikaanse antropoloog, wat op hierdie vraag 'n interessante antwoord gee. In haar navorsing vergelyk sy meervoudige persoonlikheidsteurnis met geestesbesetenheid.

Volgens Goodman vertoon die twee verskynsels op oppervlak dieselfde kenmerke (die persoon neem, soms blitssnel, verskillende personasies aan), en dit is ook so dat die neurofisologiese veranderinge in die brein tydens die toestande van besetenheid en meervoudige persoonlikheidssteurnis baie dieselfde is[7].

Daar is egter een belangrike verskil: "societies that culturally approve of spirit possession submit it to ritual control, which is not the case with behaviour seen as psychiatric" (Ter Haar 2009:40). Dié "ritual control" word meestal uitgeoefen deur "spirit mediums" wat deur die gemeenskap erken word. In die geval van inheemse Afrika-kerk en sommige hoofstroomkerke (soos biskop Milingo se bediening) funksioneer die bevrydingsessie onder leiding van kerklike ampsdraers binne die gekontroleerde ruimte van die kerk as 'n instrument van kontrole – en bring dit dikwels genesing, nie in die sin dat die persoon vir altyd van die steurnis verlos is nie, maar wel 'n tydelike verligting.

Dié tydelike verligting is nie net 'n geval dat die persoon deur 'n katarsis emosioneel ontlaai het, ontspanne is en dus beter in staat om stres te hanteer nie. Daar is, volgens Ter Haar, sterk aanduidings dat die trans-toestand waarin die persoon verkeer gedurende die uitdrywingsessie, neurofisiologiese veranderinge kan aanbring ( "a change in the brain map of the sufferer", 2009:41) – soortgelyk aan die verandering wat die toepaslike medikasie sou aanbring. Goodman (1992:14) verwys na die duiweluitdrywer (die "spirit medium") as "the 'turner', the one who is called on to wipe the injurious map off the slate, so that health may be restored". *Met ander woorde, die bevrydingsessie, toegepas in 'n situasie van kontrole (deur kerklike ampsdraers, in die ruimte van 'n genesings-erediens) kan soortgelyke genesing bring wat medikasie sou bring.*

Dié bewering klop met die indruk wat selfs lede van die besprekingsgroep wat skepties teenoor die bediening van bevryding staan, gekry het: dat dit nie ontken word dat die toepassing van bevryding ten minste soms terapeuties werk nie.

Om dus die gesigspunte van dié afdeling saam te vat: in hulle beoordeling van duiwelbesetenheid en godsdienstige uitdrywingsrituele deel drie internasionale wetenskaplikes ('n Suid-Afrikaanse sielkundige, 'n Nederlandse godsdienskundige en 'n Amerikaanse antropoloog) die volgende gevolgtrekkings: Nie een van hulle glo dat daar ontologies wesens soos 'n duiwel of demone bestaan nie. Nogtans is hulle van mening dat sommige bevrydingsessies (onderwerp aan kontrole van gemeenskapsgroep) terapeutiese resultate mag voortbring, soortgelyk soos die terapeutiese resultate voortbring deur sielkundige of mediese behandeling.

**12.4 Samevatting: Beoordeling te midde van diversiteit**

Uit die paragrawe hierbo blyk duidelik die wye diversiteit van opvattings oor die duiwel en 'n bediening van bevryding, ook onder NG lidmate. By die beoordeling van dié verskynsel wil die kerk sover moontlik ruimte wil skep vir verskillende skakerings van spritualiteite sonder om sy belydenis en roeping te ondermyn. Dit is hier belangrik om in gedagte te hou dat *ons by die bediening van bevryding nie te doen het met 'n geloofsartikel of 'n sakrament nie*. Dit gaan hier om 'n interpretasie van hoe gelowiges die oorwinning in Christus oor die Bose in hulle lewens moet toepas en aan ander moet bedien. Ons is dus op 'n terrein waar daar meer ruimte vir verskillende interpretasie en toepassing van die Bybelse boodskap toegelaat behoort te word as waar geloofsartikels ter sprake is. Daarom kan ons nie hier argumenteer dat, net soos die kerk nie twee doopbeskouinge kan toelaat nie, sy ook moet kies tussen of 'n toelating of verbod op die bediening van bevryding. Hier is dit nodig en moontlik dat ruimte gegee word aan verskillende vorme van bediening. Ons het hier te doen met 'n kwessie wat sterk beïnvloed word deur die tipe spiritualiteit wat by sekere gelowiges of in 'n bepaalde gemeente die botoon voer.

Met ander woorde, die kerk behoort by sy beoordeling van 'n bediening van bevryding groter vryheid van interpretasie te gee as byvoorbeeld by die beoordeling van 'n duidelike leerkwessie. Daarom behoort daar eenheid te wees in die

besetenheidstransversteuring meld meestal dat dit geeste of entiteite van buite is wat in hulle liggame inkom en beheer van hulle oorneem' (Du Plessis 2009:111).

7 Ter Haar 2009:40: "It has been established that observable changes take place in the brains of persons with a multiple personality syndrome. A similar type of neurophysiological change of the brain is believed to take place during spirit possession.."

handhawing van dit wat almal in die kerk saam bely, naamlik, dat "ons nie aan onsself nie, maar aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus behoort, Hy wat met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal het en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het" (Heid Kategismus vr 1) - maar groter vryheid oor die konkrete bediening van hierdie belydenis.

Toegepas op die bediening van bevryding beteken dit dat riglyne van sinodale kant aan gemeentes moet fokus, eerder op grense waarbinne so 'n bediening moet bly, as op die voorskryf van 'n formaat waarby almal moet inpas. Sinodale riglyne moet wys op slaggate wat vermy moet word, eerder as op stappe wat gedoen moet word om so 'n bediening te beoefen.

### 12.5 Gevare wat vermy moet word, grense wat nie oorskry moet word nie

Wat is dan die gevare wat vermy moet word, grense wat nie oorskrei moet word nie? Ons noem die belangrikstes:

**Dat psigiatriese versteurings as demoniese besetenheid verstaan sou word**.

Die psigiater in die besprekingsgroep het 'n lys versteurings genoem wat dikwels met "besetenheid" verwar word: "skisofrenie, gemoedsteurings – depressie en manie, dwelm- of middel-intoksikasie en onttrekking, somatovorme steurings, dissosiatiewe steurings, impulskontrole-steurings, neuropsigiatriese siektes, bv Tourette-sindroom, epilepsie" (Pienaar 2007:2). Gys du Plessis, mediese dokter en medeleraar van Mosaïek-gemeente, skryf 'n hele hoofstuk hieroor in *Bestaan die duiwel regtig?* Hy wys daarop dat die mediese wetenskap in die laaste 30 jaar so groot vordering gemaak het op die gebied van kontrolering van psigiatriese versteurings dat epilepsie en endogene depressie, byvoorbeeld, baie goed deur medikasie beheer kan word. Selfs "skisofrenie is nou 'n "beheerbare toestand... waar hospitalisasie slegs nodig is vir minder as twee weke per aanval" (2009:96).

'n Persoon kan groot skade berokken word deurdat gelowiges hom probeer genees deur demone uit te dryf, en die persoon so die geleentheid ontneem word om die regte behandeling en medikasie te kry.

Sou daar 'n bediening van bevryding toegepas word, rus daar 'n swaar verantwoordelikheid op die berader om seker te maak dat die persoon nie aan enige vorm van psigiatriese versteuring ly nie.

**Dat die Christen se vryheid haar ontneem word.**

Vir iemand wat baie maak van die bediening van bevryding, sal dit 'n groot versoeking bly om in alles wat rondom hom gebeur, die duiwel se hand te sien. As pa nie kan slaap nie, is dit die Japanese skets teen sy muur wat die duiwel 'n vasstrapplek gee. Is die kind opstandig, is die oorsaak die "demoniese" strokiesprente of speelgoed se skuld. Breek ma se kar, wonder sy of dit nie 'n demoon is wat deur die "heidense" nekhangertjie haarself besoedel het nie. Daarom moet die huis gereinig word, en alles wat in die Ooste gemaak is, mee weggedoen word (behalwe die Sony dvd-speler). Is daar moeilikheid in die familie, is dit omdat oupa 'n Vrymesselaar was en en die familie langs die bloedlyn vervloek is. Is Ouboet in seksuele versoeking, is dit 'n demoon van wellus wat hom beheers.

Die gevolg van so 'n denkwyse is dat Christene eerstens vrygestel word van verantwoordelikheid vir hulle eie optrede ("dis die duiwel wat my maak drink het") en tweedens vasgevang word in 'n heidense vrees vir die die Bose en vir die wêreld rondom hulle – in plaas daarvan om as vrygemaakte en vry sondaars met dankbaarheid te leef, om as "verloste mense te lewe... as ligdraers te midde van ontaarde en korrupte mense" (Filip 2:12,16)... "uit genade... gered... saam met Christus Jesus opgewek" (Efes 2:5,6)... In al ons swaarkry steeds "meer as oorwinners deur Hom wat vir ons liefhet" (Rom 8:37,39).

Daar moet dus 'n waaksaamheid en maatreëls wees wat Christene sal help om hierdie gevare te vermy. In hierdie verband is dit goed om te verneem van hoe ander kerke vorme van die bediening van bevryding reguleer.

## 13. <u>Posisie van ander kerke</u>

### 13.1 Die Rooms-Katolieke Kerk

In die Katolieke Kerk word 'n bediening van bevryding ("eksorsisme") in sekere buitengewone omstandighede, en onderhewig aan streng reëls, toegelaat. Volgens die Katolieke dogma is eksorsisme 'n ritueel en nie 'n sakrament nie (*The Original Catholic Encyclopedia, art exorcism by PT Toner*). 'n Eksorsisme verkry dus nie sy legitimiteit deur die gebruik van 'n voorgeskrewe rite nie, maar van twee ander elemente, naamlik: a) toestemming van die regte kerklike strukture en b) die geloof en posisie van die eksorsis. Eksorismes word vandag selde gedoen. Daar is ten minste drie voorwaardes vir 'n eksorsisme: a) slegs 'n priester mag dit doen, en slegs na b) 'n mediese ondersoek en c) na die plaaslike biskop toestemming gegee het.

In geval van 'n eksorsisme word 'n voorgeskrewe rite gebruik. Die nuutste weergawe, *De Exorcismus et supplicationibus quibusdam (Aangaande eksorsismes en sekere gebede)*, is in Oktober 1998 deur Pous Johannes Paulus goedgekeur. Die rite bestaan uit 'n inleidende lang litanie (wat insluit die Onse Vader, Ps 53 en nog lofgebede), wat dan uitloop op die eksorsisme-bevel:

I command you, unclean spirit, whoever you are,

along with all your minions now attacking this servant of God, by the mysteries of the incarnation, passion, resurrection, and ascension of our Lord Jesus Christ, by the descent of the Holy Spirit, by the coming of our Lord for judgment, that you tell me by some sign your name, and the day and hour of your departure. I command you, moreover, to obey me to the letter, I who am a minister of God despite my unworthiness; nor shall you be emboldened to harm in any way this creature of God, or the bystanders, or any of their possessions. Amen.

### 13.2 Die Anglikaanse Kerk

Eksorsismes vind selde plaas, maar die Church of England het 'n voorgeskrewe prosedure ingeval dit nodig is: "The ministry of exorcism and deliverance may only be exercised by priests authorized by the bishop, who normally requires that permission be obtained from him for each specific exercise of such a ministry." Inligting verkry van Church of England se webblad: *(http://www.cofe.anglican.org/worship/liturgy/commonworship/texts/healing/protection.peace.html)*

Volgens die "diocesan manual" wat deur die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika gebruik word, mag 'n priester 'n eksorsisme doen, maar net met sy biskop se toestemming (e-pos aan ds Roy Thorne, lid van die SKLAS-gespreksgroep oor die bediening van bevryding, April 2010). Die formulier wat by dié geleentheid gebruik kan word, is die volgende:

"In the name of Jesus Christ our Lord, I command you, evil spirit, to come out of this person (or N), and to harm no one but to depart to the place appointed you and remain there for ever. Amen!"

### 13.3 Die Apostoliese Geloofsending (AGS)

Volgens prof Jan Hattingh, prinsipaal van die Auckland Park Teologiese Seminarie, vind die "bevryding van bose geeste" wel in die AGS plaas, hoewel dit baie minder voorkom as genesings. Hy verkies om nie te praat van 'n "bediening van bevryding" nie, maar eerder 'n "bediening van evangelisasie waartydens genesing deur bevryding plaasvind" (e-pos aan ds Daan Wium, 16 April 2010). In die AGS is daar geen voorgeskrewe formule vir bevryding nie, want "situasies verskil", maar 'n mens kan tog praat van 'n "tipiese gebed" wat die gedemoniseerde persoon gevra word om te bid:

"Here, ek bely my sonde van... Ek breek nou daarmee. Ek vra dat U my sal vergewe. Ek bestraf enige bose gees/geeste wat op grond van hierdie sonde in my lewe werk, en ek beveel julle om onmiddellik en heeltemal te gaan, in die naam van Jesus! Amen!"

## 14. Bakens vir die pad vorentoe

Die besprekingsgroep het die volgende bakens vir verdere nadenke geformuleer. SKLAS het hiervan kennis geneem.

- Die fokus moet deurlopend op God se openbaring in Christus en die Gees wees.
- Die werklikheid daarvan dat ons reeds in Christus verlos is, maar dat Gods koninkryk nog in sy volheid moet aanbreek, moet in gedagte gehou word.
- Die mediese wetenskap en perspektief moet ernstig in gedagte gehou word.
- Die kultuur en konteks van Afrika moet ernstig geneem word.
- Bediening van bevryding behoort 'n verlengstuk van die normale bediening te wees.
- Bediening van bevryding behoort slegs in buitengewone situasies toegepas te word.

## 15. Aanbevelings

1. Die Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.
2. Die Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.
3. Die Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.
4. Die Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.
5. Daarom meen die Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie, en ook geen vryheid bring nie.
6. Die Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê, deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus, sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.
7. Die Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demo-

ne binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, sowel as vir lidmate wat nie aan die bestaan van die duiwel en demone glo nie maar die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

8. Die Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk, dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat 'n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

9. In die lig daarvan is dit die oordeel van die Sinode dat 'n bediening van bevryding, as 'n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word, eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so 'n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:

9.1 die bediening van bevryding as 'n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van 'n roetine-pastoraat nie;

9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;

9.3 moeite gedoen sal word om eers vas te stel of die betrokke person nie mediese of sielkundige behandeling nodig het nie. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatriese versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;

9.4 daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte en afgestorwenes, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;

9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.

*10. Die Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee, met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.*

## Bibliografie (onvolledig)


Barth, H-M (& H Flügel, R Riess) 1974: *Der emanzipierte Teufel.* München: Claudius Verlag.

Barth, K 1957: Church dogmatics, vol 3, part 3.

Berger, K 2000: *Zit de duivel achter alle kwaad?* Kampen: Kok.

Berkhof, H 1973: *Christelijk Geloof.* Nijkerk: Callenbach.

Berkhof, H 1952: *Christus en de machten.* Nijkerk.

Berkouwer, GC 1958: *Dogmatische studiën, De Zonde vol 1.* Kampen: Kok.

Day, Peggy L 1988: *An adversary in heaven. Satan in the Hebrew Bible.* (Ph D Harvard University). Atlanta: Scholars Press.

Durand, JJF 1978: *Die sonde. Wegwysers in die dogmatiek vol 3.* Pretoria: NG Kerk-boekhandel.

Erickson, Millard J 1992: *Christian Theology.* Grand Rapids: Baker.

Goodman, Felicitas D 1992: *How about demons? Possession and alternate reality: religion in a pluralistic world.* Bloomington: Indiania University Press.

Green, Michael 1981: *I believe in Satan's downfall.* Grand Rapids: Eerdmans.

Haag, H 1974: *Teufelsglaube.* Tübingen: Katzmann.

Heyns, JA 1978: *Dogmatiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Ivey, Gavin 1993: Psychodynamic aspects of demonic possession and satanic worship, in *South African Journal of Psychology* 23, 186-194.

Ivey, Gavin 2002. Diabolical discourses: demonic possession and evil in modern psycopathology, in *South African Journal of Psychology* 32 (4), 54-59.

Joubert, Stephan en Jan van der Watt en Gys du Plessis 2009: *Bestaan die duiwel regtig?* Vereeniging: CUM

Konig, Adrio 1972: *Een wat sterker is.* Pretoria: NG Kerk-boekhandel.

Meier, SA 1999: Angel, in *Dictionary of deities and demons in the Bible (DDD)*, ed K van der Toorn, B Becking, PW van der Horst. 2nd existensively revised edition. Leiden: Brill. 89-93.

Nürnberger, K 1975: *Sistematiese teologie.* Genadendal.

O'Kennedy, André 2008: *'n Getuienis. Voorlegging aan SKLAS-gespreksgroep oor die Bediening van Bevryding*, 2008.

O'Kennedy, André 2007: *Navorsingsgroep*
Peck, M Scott1983: *People of the lie*. New York: Simon & Schuster.
Pienaar, Willie 2007: *Die beoefening van bevryding – 'n psigiatriese perspektief*, Voorlegging by SKLAS-besprekingsgroep oor die Bediening van Bevryding.
Riley, GJ 1999: Devil, in *Dictionary of deities and demons in the Bible (DDD)*, ed K van der Toorn, B Becking, PW van der Horst. 2nd existensively revised edition. Leiden: Brill. 244-249.
Rogerson, JW 2003: Zechariah. In *Commentary on the Bible* (JDG Dunn & JW Rogerson, ed). Grand Rapids: Eerdmans.
Russell, JB 1977: *The Devil, perceptions of evil from antiquity to primitive Christianity*. Ithaca: London.
Russell, JB 1981: *Satan, the early Christian tradition*. Ithaca/London.
Schillebeeckx, E 1975: *Jezus, het verhaal van het levende*. Baarn.
Ter Haar, Gerrie 2009: *How God became African. African spirituality and Western secular thought.* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
Thielicke, H 1982: The evangelical faith, vol 3. Grand Rapids: Eerdmans.
Toner, PT 1904: *Art. Exorcism* in The Original Catholic Encyclopedia.
Van der Hoeven, TH 1998: *Het imago van Satan. Een cultuur-theologisch onderzoek oor een duivels tegenbeeld.* (DTh-dissertasie). Kampen: Kok.
Van Peursen, CA 1972: *Strategie van de cultuur. Een beeld van de veranderingen in de hedendaagse denk- en leefwêreld.* Elsevier: Amsterdam
Van Zyl, HC 2000: Die duiwel ontmasker – 'n Nuwe-Testamentiese perspektief, in *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* (red JH Smit). Universiteit van die Vrystaat Teologiese studies no 6, 9-22.
Verkuyl, Johannes 1992: *De kern van het Christelijke geloof.* Kampen: Kok.
Weber, Otto 1959: *Grundlagen der Dogmatik vol 1.* Neukirchen: Buchhandlung des Erziehungsvereins.
Weber, Otto 1975: *Karl Barths Kirchliche Dogmatik. Ein einführender Bericht.* Neukirchen: Neukirchener Verlag.

## B5.2: VOORLEGGING OOR DOOP

**Inhoud**

1. Opdrag
2. Begripsverklaring
3. Verskillende soorte kritiek vanaf belydenisdoop-voorstanders.
3.1. Beswaar 1: Die NT tekste wys vir ons die doop is bedien na belydenis van geloof.
3.1.1 Respons
3.2 Beswaar 2: Ons stem saam dat God se trou die grondslag van ons verhouding met Hom is, maar ons is nie oortuig dat die doop 'n teken hiervan is nie.
3.2.1 Respons
• Pasga se dieper betekenis in nagmaal, besnydenis in doop
• Kolossense 2:11
• Gevolgtrekking
4. Maar ons probleem is steeds daar.
5. Moontlike opsies om ruimte te maak vir NG lidmate wat belydenisdoop voorstaan.
5.1 Opsie 1: "Ons stem nie saam met julle nie, maar ons sien julle punt".
5.2 Opsie 2: "Niemand sal verplig word om hulle kinders te laat doop nie".
5.3 Opsie 3: "Die kerk gaan julle nie onder tug plaas nie".
5.4 Opsie 4: Spesiale kategorie-gemeentes.
5.5 Opsie 5: Lidmate word by wyse van uitsondering spesiale verlof gegee om die belydenisdoop te ondergaan.
5.6 Opsie 6: "Julle het 'n keuse".

### 1. Opdrag

Die besluit om weer na die doop te kyk is deur SKLAS geneem nadat by een van die SKLAS-vergaderings 'n leraar versoek het dat daar opnuut geluister word na die redes waarom sekere gelowiges (in die NG Kerk) oortuig is dat die belydenisdoop die enigste Bybelse vorm van doop is. Die saak het ook op Moderatuursergaderings ter sprake gekom, en die noodsaak vir 'n gesprek het noodsaaklik geword nadat daar in sekere ringe van die sinode leraars hulleself laat oordoop het.

### 2. Begripsverklaring: "verbondsdoop" en "belydenisdoop"

In hierdie dokument word die term "verbondsdoop" gebruik vir die doop wat aan kinders van gelowiges en aan ongedoopte volwassenes wat tot geloof gekom het, bedien word, en die term "belydenisdoop" vir die doop wat slegs na belydenis van geloof aan volwassenes bedien word.

Dit is inderdaad moeilik om terme te kry wat deur albei groepe aanvaar word. Sommige voor-

standers van die volwasse doop verkies dat hulle doop die "verbondsdoop" genoem word, terwyl voorstanders van die kinderdoop ook die "belydenisdoop" bedien aan ongedoopte volwasse persone wat tot geloof gekom het.

Daar word dus erken dat dié terme nie 'n volmaakte beskrywing vir een van die twee vorme van doop is nie, maar dit word voorgestel dat, terwille van duidelikheid, ten minste in hierdie gesprek by dié twee terme gebly word.

**3. Verskillende soorte kritiek vanaf belydenisdoop-voorstanders**

Ons begin nie met die Gereformeerde gronde vir die verbondsdoop (kinderdoop) nie. Dit is alreeds in vorige sinodale verslae, pamplette en boeke uiteengesit – maar omdat hierdie voorlegging die produk is van 'n aantal gesprekke met mense binne die NG Kerk wat probleme het met die verbondsdoop (m.a.w. die kinderdoop, soos hierbo verduidelik), word begin deur die kritiek vanaf belydenisdoop-voorstanders op die verbondsdoop te ondersoek.

Dit word gedoen in die lig van die beswaar (van sommige belydenisdoop-voorstanders) dat NG Kerk in die verlede geneig was om net die argumente vir die belydenisdoop te gee, sonder om te luister na die argumente vir die belydenisdoop. Dus begin dié voorlegging met die kritiek van belydenisdoop-voorstanders in die NG Kerk teen die verbondsdoop en hulle argumente vir die belydenisdoop.

Ons meen dit is belangrik om te sien dat daar ten minste twee hoeke is vanwaar die kritiek van belydenisdoop-voorstanders op die verbondsdoop gelewer word.

**3.1. Beswaar 1: Die NT tekste wys vir ons die doop is bedien na belydenis van geloof**

Hierdie argument is hoofsaaklik geïnspireer deur die lees van NT-se tekste. Na die mening van belydenisdoop-voorstanders behoort dit duidelik te wees vir enigiemand wat die NT sonder die lens van sy dogmatiese tradisie lees, dat die skrywers van die NT oortuig was dat doop bedien moet word aan diegene wat tot geloof kom en hulle geloof bely – vandaar die naam belydenisdoop.

Die tekste wat dié interpretasie steun, is bekend. Byvoorbeeld:

Matteus 28:19 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels; doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Gees."

Handelinge 2:38 "Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in the Naam van Jesus Christus"

Handelinge 8:12 "Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop.".

Handelinge 16:30b, 31 & 33b "Menere, wat moet ek doen om gered te word? Hulle antwoord hom: 'Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.'... Hy en al sy mense is daar en dan gedoop."

Hieruit blyk dit tog duidelik (word geargumenteer): die patroon wat ons in die NT kry, is duidelik: na Jesus se opstanding en die Gees se uitstorting, word daar begin om die evangelie te verkondig. Diegene wat tot geloof in Christus kom, word gedoop *nadat* hulle tot bekering kom en bely dat Christus die Here is. Dit is tog duidelik: Die doop was 'n bevestiging van hulle geloof.

**3.2 Respons**

Die antwoord van die verbondsdoop-voorstanders hierop is gewoonlik tweeledig:

*Eerstens,* die aanhaling van dié tekste *praat nie oor die saak waaroor belydenisdoop- en verbondsdoop-voorstanders verskil nie.* Albei groepe stem saam dat wanneer *ongelowige volwassenes* tot geloof kom, hulle gedoop moet word – *na belydenis van geloof.* Bogenoemde tekste – meeste uit Handelinge – het almal betrekking op mense wat die evangelie hoor en tot geloof kom. Dié tekste het *egter nie betrekking op die kinders van gelowige ouers* nie.

Die kwessie waaroor verbondsdoop- en belydenisdoop-voorstanders egter verskil, is iets anders - naamlik oor *die kwessie van kinders van gelowige ouers* wat nog nie 'n geloofsbesluit kan maak nie. Verbondsdoop-voorstanders glo die kinders kan en moet gedoop word, as teken en seël van God se belofte dat sy Gees geloof in hulle harte sal werk.

As ons dus hieroor leiding wil soek uit relevante NT-se tekste, moet ons luister wat die Bybel sê oor die kinders van gelowige kinders. Daar is min sulke tekste; Handelinge 16:30 kom die naaste daaraan – die tronkbewaarder se vraag aan Paulus: "Menere, wat moet ek doen om gered te word? Hulle antwoord hom: 'Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.'... Hy en al sy mense is daar en dan gedoop." Hierdie teks maak dit duidelik: die gelowige tronkbewaarder se kinders is gedoop, nie omdat *hulle* tot geloof gekom het nie, maar omdat *hulle pa geglo* en gedoop is. (Dit is irrelevant hoeveel kinders daar was of nie was nie. Paulus het ook nie geweet of daar kinders was nie. Hy gee die reël ingeval daar kinders sou wees.) As 'n mens dié teks wil gebruik in 'n argument oor die doop, sal dit eerder wees om die verbondsdoop te regverdig.

*Tweedens*, sê verbondsdoop-voorstanders, om *net na die NT te luister, is 'n verskraling van die evangelie*. God openbaar Hom in en deur die *hele Bybel* – en dit is veral in die OT waar ons leer van God se reddingsdade wat uitgevoer word nog *voordat God* se mense na God toe gedraai het, en waar ons lees van God se getrouheid wat oneindig meer is as sy volk getrouheid. Dit is juis hierdie getrouheid van God wat die grondslag van sy verbond is, en dit is van hierdie getrouheid dat die doop 'n teken is.

Dit is wel so dat daar 'n ou en en 'n nuwe verbond is, maar dit is nie twee verbonde nie – dit is eintlik 'n ouer en 'n nuwer verbond. Die eenheid tussen die ouer en die nuwer verbond kan ons nie verlore laat gaan nie – dit sou wees soos om die Ou Testament uit die Bybel te sny. Die Ou Testament is ook nie die donker agtergrond van die Wet waarteen die lig van die evangelie in die Nuwe Testament gesien kan word nie. In die Ou Testament (en in die Wet) kry ons ook die evangelie, en in die Nuwe Testament (en die evangelie) het die Wet ook 'n belangrike plek. WD Jonker stel dit so in *Uit vrye guns alleen* (1988:81):

"Ou en nuwe verbond is twee bedelings van dieselfde verbond, al word Christus in die ou bedeling nog slegs belowe en het Hy in die nuwe reeds gekom... Soos die teken van die besnydenis in die ou bedeling aan die kinders gegee is, hoewel hulle nog nie kon glo nie, geld dit ook in die nuwe bedeling. Die doop, is ewe min as die besnydenis, 'n bevestiging van 'n mens se geloof. Dit is inteendeel 'n bevestiging van Gods verkiesende genade en die reiniging deur die bloed van Christus wat deur die Heilige Gees aan die mens voltrek word."

Christene mag die boodskap van die Ou Testament nie ignoreer nie. Net soos in die Ou Testament die volk Israel verseker is van God se getrouheid aan sy verbondsvolk, net so word in die NT-se tydvak, die Christene verseker van God se getrouheid aan sy nuwe verbondsvolk.

Dit is dieselfde God wat sy getrouheid aan ons bewys met sy beloftes. Daarom is die fondament van die verhouding van God met sy kinders dieselfde in die Ou en NT-se tydvakke – die verhouding is in beide gevalle gebou, nie op die Godsvolk se gelowigheid of getrouheid of gelowige keuses nie, maar op die fondament van God se getrouheid en betroubaarheid.

In die ouer verbond word God se volk herinner aan hierdie fondament deur die besnydenis, wat toegepas is lank voor die ontvanger enige gelowige respons kon lewer. Net so word, in die nuwer verbond, God se kinders daaraan herinner dat die fondament van hulle verhouding met die Here niks anders is as God se getrouheid nie. Hiervan is die doop wat aan kinders van gelowige ouers bedien word, 'n fisiese teken van God aan sy kinders dat Hy aan sy beloftes getrou sal bly.

In praktyk beteken dit dat die ouers van die gedoopte kind verseker word dat God deur sy Gees in die hart van die kind sal werk om hom of haar tot geloof sal bring. Wat die ouers moet doen, is om die kind groot te maak in die vrees van die Here. As hulle in hierdie moeilike proses van kinders grootmaak soms ontmoedig word, en dit vir hulle voel hulle pogings werp geen vrugte af nie, verseker God se doopbelofte hulle deurentyd dat hulle nie alleen hulle kinders grootmaak nie – God se Gees werk saam met hulle, en soms ten spyte van hulle eie brouwerk.

### 3.3 Beswaar 2: Ons stem saam dat God se trou die grondslag van ons verhouding met Hom is, maar ons is nie oortuig dat die doop 'n teken hiervan is nie

Die tweede beswaar van die voorstanders van die belydenisdoop is 'n sterker argument. In hierdie argument gaan hulle akkoord met alles wat in die laaste paragrawe hierbo gesê is oor God se getrouheid en betroubaarheid – dat dit die fondament van die gelowige se verhouding met God is, dat dit eerder God is wat ons in sy genade nader aan Hom getrek het as dat ons Hom gekies het – hiermee stem hulle heelhartig saam, maar sê dat die *doop nie hiervan 'n teken en seël is nie.* Die doop is in die vroeë kerk ingestel, nie primêr as 'n teken en seël van God se getrouheid aan ons nie, maar as 'n teken van die gelowige se belydenis van sy of haar geloof en bereidheid om die opgestane Christus te volg.

Dit is so, sê hierdie standpunt, dat die twee verbonde – ou en nuwe – substansieel een is, maar daar is tog verskille. Die ou verbond is tussen God en sy uitverkore volk, Israel. Wie aan Israel behoort, word bepaal deur geboorte. As Israeliet is jy by geboorte ingesluit in die verbond en jy bly daarbinne, behalwe as jy deur jou volgehoue ongelowige gedrag jouself van God en dus van God se volk afsny.

Die nuwe verbond is tussen God en sy uitverkore volk, dit wil sê, diegene wat glo in God se reddingsdaad in Jesus. Hoewel die fondament van die nuwe verbond dieselfde is as die fondament van die ou verbond (naamlik God se trou), word die grense van die nuwer verbond nie langs lyne van bloed en afstammeling getrek nie, maar langs die grense van geloof.

Wanneer Jesus sy bediening begin, begin Hy deur te sê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie" (Mk 1:15). Nie almal in Israel glo Hom nie en nie almal in Israel bekeer hulle tot Hom en begin Jesus volg nie.

Dit – volgens voorstanders van die belydenisdoop – is die groot verskil tussen die ou en die nuwe verbond. Die oproep tot bekering en die antwoord daarop. Diegene wat ja sê en Jesus volg, word gedoop. Hulle doop is 'n teken van hulle gehoorsaamheid – 'n teken wat hulleself gee, nie (soos die besnydenis) 'n teken van wat God doen nie. Die gedagte dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, is (volgens hierdie argument) 'n teologiese konstruksie van die verbondsdoop-voorstanders. Dit kom nie duidelik uit die Bybel nie. Aldus voorstanders van die belydenisdoop.

### 3.4 Respons van die verbondsdoop-voorstanders:

Dit is moeiliker om op hierdie beswaar te antwoord as die vorige een. Die rede hiervoor is dit: daar is oorvloedige getuienis in die Bybel – Ou en Nuwe Testament – dat God se verbond met sy volk – ouer en nuwe – gegrond is daarop dat Gods genade groter is as ons geloof, dat sy trou groter as ons ontrou. Die eerlike leser kan dié geloofswaarheid eintlik nie mislees nie. Dus is die antwoord op die eerste beswaar van belydenisdoop-voorstanders voor die hand liggend.

Wat egter nie so glashelder duidelik is nie, is dat *die doop* hiervan *'n teken en seël* is. Daarom sal dit nie veel baat om Gereformeerde/Calvinistiese Baptiste (waarvan daar nie baie in Suid-Afrika is nie, maar wel in ander lande, bv die VSA en Brittanje) te probeer oortuig van God se verkiesende genade en soewereiniteit nie. Dit sou onnodig wees want – hulle glo dit reeds! Maar – sê hulle – die doop is nie hiervan 'n teken en seël nie. Die doop is 'n teken en seël van die gelowige se belydenis van geloof, volgens hulle. Alhoewel Gereformeerde Baptiste dus saamstem met alles wat ons sê oor God se groter getrouheid en genade, dink hulle die doop moet bedien word aan mense wat 'n openbare belydenis van geloof aflê.

Lidmate in die NG Kerk wat aangetrokke voel tot die belydenisdoop, het dikwels dieselfde standpunt oor die doop as dié van Gereformeerde Baptiste, soos hierbo beskryf.

Dit is moeiliker om sulke gelowiges met die Bybel te oortuig dat die doop in die eerste plek 'n teken en seël van God se verkiesende genade is. Enige argument wat God se genade en getrouheid beklemtoon, oortuig dié voorstanders van die geloofsdoop nie – hulle stem volmondig daarmee saam! Maar, sê hulle, die doop is nie hiervan 'n teken en seël nie. Die doop (sê hulle) is 'n teken van openbare belydenis van geloof. Wys (sê hulle) vir ons waar die Bybel sê dat die doop in die besnydenis se plek as 'n teken en seël van God se genade gekom het.

Dit is nie so maklik om hierop te antwoord nie. Dit is inderdaad so dat die NT nie uitdruklik sê dat die besnydenis in plek van die doop gekom het nie – dat dit so is, is 'n afgeleide gevolgtrekking (dit wil sê, 'n gevolgtrekking wat iemand maak op grond van sekere waarnemings en argumente).

Maar dat dit 'n afgeleide gevolgtrekking is, is natuurlik ook waar van die belydenisdoop-voorstanders se eie argument (dat die doop nie in die plek van die besnydenis gekom het nie, en dat die doop 'n nuwe teken na Christus is wat net een saak simboliseer: die gelowige se belydenis van sy geloof). Ook dit is 'n afleiding op grond van sekere inligting in die Nuwe Testament.

En hoewel daar nie 'n teksvers is wat sê die doop het in die plek van die besnydenis gekom (en is dus in die eerste plek 'n teken en seël van God se getrouheid) nie, is daar tog baie Bybelse getuienis wat daarop dui dat dit wel die geval is. Ons glo in baie Bybelse waarhede sonder dat ons daarvoor 'n vir elke waarheid 'n spesifieke teksvers het. Hoewel daar nie 'n teksvers is wat uitdruklik sê die doop het in die plek van die besnydenis gekom nie, is daar tog getuienis in die Bybel dat dit dit wel die geval was – byvoorbeeld:

#### 3.4.1 Pasga se dieper betekenis in nagmaal, besnydenis in doop

Neem byvoordeeld die oortuiging van omtrent alle kerke dat die Joodse pasga-fees na Christus 'n dieper betekenis in die nagmaal gekry het. Nêrens sê Jesus voor sy dood: die pasga gaan nou 'n dieper betekenis kry nie, maar dit is tog duidelik: die pasga kry na Jesus se dood in die nagmaal 'n dieper betekenis. Let wel: nie 'n volledige nuwe betekenis nie, maar wel 'n uitgebreide betekenis – dit herinner ons steeds daaraan dat die Here sy volk se Verlosser is, maar nou nie net van slawerny in Egipte nie, maar ook van sonde en dood.

Dieselfde, sou 'n mens redelikerwyse verwag, geld vir die ander groot teken van God se groot genade in die ou verbond – die besnydenis. Dit is logies dat die besnydenis, soos die pasga, nie 'n gans ander betekenis sou kry nie, maar 'n uitgebreide betekenis sou kry: na God se openbaring in Jesus herinner die doop ons dat God van Abraham steeds sy kinders kies voor hulle Hom kies – maar nou is die "kinders van Abraham" nie net die kinders van Israel na die vlees nie, maar "dié wat glo" (Gal 3:7).

As die besnydenis nie so verstaan word dat dit 'n uitgebreide betekenis verkry het nie, is die vraag wat ons na Jesus van die besnydenis moet maak. Moet ons dit eenvoudig ignoreer? (Is dit nie wat die belydenisdoop-voorstanders by implikasie doen nie?) Net so min kan die besnydenis vandag net funksioneer as 'n teken vir Israel – sonder dat dit iets vir Christene beteken. Dit is net logies dat

die besnydenis, soos die pasga, deur die Christusgebeure, 'n uitgebreide betekenis verkry het – soos die God van Abraham in die ou verbond die kinders van Israel deur die besnydenis herinner het dat Hy sy trou groter is as hulle ontrou, so herinner dieselfde God van Abraham in die nuwe verbond sy kinders ("dié wat glo", Gal 3:7) dat sy trou groter is as hulle ontrou.

### 3.4.2 Kolossense 2:11

Hoewel daar geen teksvers is wat uitdruklik sê dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie, is daar tog Skrifgedeeltes wat dit wel baie sterk suggereer. Kolossense 2:11 is 'n voorbeeld hiervan.

In vers 12 herinner Paulus sy lesers in Kolosse wat die doop vir hulle gedoen het – of om dit beter te stel: Paulus herinner sy lesers aan wat God *in die doop* vir hulle gedoen het:

"Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Julle was dood deurdat julle gesondig het... God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het..."

Dit alles het met gelowiges gebeur deurdat hulle met Christus verbind is. Twee verse vroeër skryf Paulus in vers 10 oor dieselfde "verbondenheid met Hom (Christus)". Paulus vervolg: "Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny (!)" .... maar die leser besef dadelik Paulus praat nie hier van die besnydenis na die vlees nie. Hy skryf tog aan die gelowiges in Kolosse, hoofsaaklik nie-Joodse (en dus onbesnede) Christene. En net om seker te maak niemand verstaan hom verkeerd nie, vervolg Paulus dan self:

"...nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens..."

En dan sê Paulus in vers 12:

"Dit het by die doop gebeur...."

Met ander woorde – hoewel Paulus nie uitdruklik sê nie – suggereer hy vir sy hoofsaaklik nie-Joodse (onbesnede) Christen-lesers dat die doop vir hulle werk soos die besnydenis vir Israel gewerk het – dit is 'n teken en seël van God wat hulle sonde wegneem en deel van sy volk maak. Hy sê wel nie "die doop het in plek van die besnydenis gekom nie", maar hy kom baie naby daaraan.

### 3.4.3 Gevolgtrekking

Maar goed – kom ons aanvaar argumentshalwe daar is geen teksvers in die Nuwe Testament wat sê, "die doop het in die plek van die besnydenis gekom" nie – dan is die boodskap tog duidelik vir diegene wat insien dat die *aard* van die ou verbond en die nuwe verbond dieselfde is. Dit is 'n verbond wat, na Christus, hersien en uitgebrei is om ook nie-Israeliete in te sluit, maar die *aard, die DNA en die karakter* van die twee verbonde is dieselfde – beide getuig dat God se genade en trou die fondament is waarop ons verhouding met Hom gebou is.

Daarmee vel ons nie 'n respeklose oordeel oor die voorstanders van die belydenisdoop uit nie. Ons verstaan wat hulle daarmee bedoel: dit is 'n belydenisdoop – daarmee sê die gedoopte persoon aan die wêreld: Ek glo in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Maar ons sê aan die belydenisdoop-voorstanders: nee, die doop is nie 'n teken wat gelowiges aan wêreld gee nie – dit is 'n teken wat God aan sy kinders gee.

Ons (voorstanders van die belydenisdoop) verstaan die behoefte aan 'n ritueel/seremonie waardeur mense wat tot geloof in Christus gekom het, hulle geloof in die openbaar kan bely en bevestig. Daarom het ons self 'n openbare belydenis van geloof vir jong gelowiges, maar ons sê: die belydenis van geloof is nie die boodskap wat deur die teken en seël van doop gekommunikeer word nie. Die verbonds(kinder-)doop kommunikeer dat God se trou aan ons ouers en derhalwe aan ons kinders groter is as ons eie geloofsgetrouheid en dit voorafgaan. Die verbondsdoop is dus 'n teken en seël van God se genade en getrouheid.

Ons kan nie van dié teken en seël afstand doen nie. Ons bely graag ons geloof in God se openbaring en redding deur die Vader, Seun en Gees – maar daar is ander rituele wat dié geloof en belydenis uitdruk. Miskien kommunikeer dié bestaande rituele in ons kerk ons geloof en belydenis nie kragtig genoeg nie. As dit so is, moet ons ons rituele vernuwe, of ander rituele kry om ons belydenis van geloof te kommunikeer – maar ons kan nie die teken en seël van die doop gebruik om dit te kommunikeer nie. Die Here self het die besnydenis – en ook die doop, glo ons – gekies om van sy trou te getuig. Dit is wat ons ook moet doen. Ons meen ons sal faal om van God se getrouheid te getuig as ons die verbondsdoop, teken van sy getrouheid, laat vaar.

## 4. Maar ons probleem is steeds daar

Die probleem is egter dit: die argument in die laaste paragrawe onder 3.4.3 oortuig baie mense dat die verbondsdoop 'n teken en seël van God

se genadeverbond is, maar dikwels word voorstanders van die geloofsdoop in die NG Kerk selfs nie deur bogenoemde argumente oortuig nie. Dit weet baie predikante en kerkraadslede uit lang maar dikwels vrugtelose gesprekke met lidmate wat tot die oortuiging gekom het dat die doop 'n teken van belydenis van geloof is en wat derhalwe gedring voel om hulle te laat doop.

Wat moet ons nou met hierdie mense maak? – ons mede-broers en susters in die NG Kerk, maar wat ten spyte van ons argumente om die seën van die verbondsdoop te verduidelik, nie deur ons argumente oortuig word nie?

Dit is in die eerste plek belangrik om te onthou wie diegene is wat, as lidmate van die NG Kerk, vir ruimte vir die belydenisdoop pleit.

Sommige van hulle is diegene wat oortuig is dat die belydenisdoop nie alleen die regte doop is nie, maar dat verbondsdoop 'n verkeerde doop is – 'n stuk kerklike tradisie wat teen die duidelik lering van die Bybel indruis. Sulke mense beskou dit dikwels as hulle roeping om hulle mede-lidmate in die NG Kerk wat oor die doop nog nie die lig gesien het nie, te oortuig dat hulle verbonds(kinder-) doop nie 'n geldige doop was nie en dat hulle hul dus moet laat oordoop. Dit is moeilik om te sien hoe mense met so 'n oortuiging op die lang termyn lidmate van die kerk kan bly. Dikwels verlaat hulle uiteindelik die kerk.

In meeste gevalle egter, is dit nie hoe die geloofsdoop-voorstanders in die NG Kerk optree nie. Meestal is hulle meelewende lidmate wat die nie NG Kerk wil verlaat nie e*n wat ook nie aktief probeer om ander lidmate tot hulle eie doopbeskouing te oortuig* nie. Hulle soek hoofsaaklik *ruimte vir mense soos hulleself – ruimte vir diegene wat oortuig is die geloofsdoop is die regte doop*. Hulle is meestal nie daarop uit om ander NG-lidmate tot hulle eie standpunte oor te haal nie. Hulle verlange is egter om te weet dat hulle volkome in die NG Kerk aanvaar word, al is dit feitelik so dat hulle nie met die kerk se amptelike doopleer saam stem nie.

Die vraag is nou: kan daar vir hierdie lidmate ruimte in die kerk gemaak word, sonder dat die NG Kerk sy eie integriteit ondermyn? Watter moontlikhede is daar? Verskeie moontlike opsies word hieronder beskryf en geëvalueer.

## 5. Moontlike opsies om ruimte te maak vir NG lidmate wat belydenisdoop voorstaan

Hier volg verskillende opsies, met elk se voor- en nadele.

### 5.1 Opsie 1: Erken: "Ons stem nie saam met julle siening nie, maar ons sien julle punt"

Kommentaar: Die kerk erken aan lidmate wat pleit vir belydenisdoop dat hulle argument vir hulle eie verstaan op die Bybel gegrond is. Eweneens is die NG Kerk oortuig dat haar argument ten gunste ten gunste van die verbondsdoop van kinders op die Skrif gegrond is. Albei groepe moet afleiding uit die Skrifgegewens maak om hulle standpunt te begrond. Ons bly oortuig dat die kerk se standpunt groter reg aan die boodskap van die hele Bybel, Ou en Nuwe Testament, laat geskied, maar laat 'n sekere vryheid van gewete in die kerk toe vir diegene wat met die amptelike doopleer verskil.

Ten gunste van opsie 1: Geen konkrete veranderings in die huidige bediening word voorgestel nie, maar tog geskied die gesprek met diegene wat pleit vir die geloofsdoop, in 'n gans ander atmosfeer waarin. Die kerk erken dat haar eie uitleg van die doop as 'n verbondsteken – waarvan sy oortuig is dat die regte uitleg is - tog wel 'n afgeleide argument is. Dit het eerstens die voordeel dat dit 'n meer beskeie toonaard is en tweedens lig dit die las van 'n beskuldiging van die geloofsdoopvoorstanders se skouers: daar word erken dat hulle nie bloot moeilikheidmakers of twisstokers is maar mede-gelowiges wat na waarheid soek. Volgens die oortuiging van die NG Kerk maak dié lidmate 'n verkeerde uitleg van die Bybel, maar ons verstaan hoe dit gebeur het dat lidmate tot dié gevolgtrekking gekom het.

Aanbeveling:
Opsie 1 word aanbeveel.

### 5.2 Opsie 2: "Niemand sal nie verplig word om hulle kinders te laat doop nie"

Kommentaar: Met alle lidmate wat kinders het wat doop-ouderdom bereik het, word daar 'n gesprek gevoer met die oog op doopbediening. As die ouers besware teen die doop van hulle eie kind het, word opvolggesprekke met die ouers gevoer. As hulle nie van standpunt wil verander nie, word die kinders toegelaat om later gedoop te word met belydenis van geloof. Geen verdere tugstappe word teen ouers gedoen nie. In praktyk gebeur dit waarskynlik alreeds in heelwat gemeentes.

Ten gunste van opsie 1:
a) Die lidmate bly in die gemeente.
b) Die kerk se verstaan van die verbondsdoop word duidelik aan die ouers verduidelik, en duidelik gekommunikeer as die kerk se uitleg van die Bybel, maar daar word geen dwang uitgeoefen op gelowiges om dié uitleg te aanvaar nie.

Aanbeveling:
Opsie 2 word aanbeveel.

### 5.3 Opsie 3: "Die kerk gaan julle nie onder tug plaas nie"

Kommentaar: Die lidmate word nie gedwing om hulle kinders te laat doop nie (opsie 1 en 2), en daar word ook nie teen hulleself opgetree as hulle hulleself laat oordoop nie.

Voordele ten gunste van opsie 3:
a) Die lidmate bly waarskynlik in die gemeente.
b) Die kerk se verstaan van die verbondsdoop word duidelik aan ouers gekommunikeer, en per implikasie word hulle ingelig dat hulle verstaan van die doop (en dus van die verbondsgenade van God) 'n baie verskraalde verstaan is – maar hulle word nie onder dwang geplaas om voor te gee dat hulle dit glo nie.

Aanbeveling:
Opsie 3 word aanbeveel.

### 5.4 Opsie 4: Spesiale kategorie-gemeentes (bv. "pioniersgemeentes", "sendinggemeentes")

Voorstel: Na gesprekke in die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) is SKLAS deur die GKS genader met die versoek dat die volgende ter wille van gemeente-ontwikkeling oorweeg moet word:
1) Die sinode identifiseer "pioniersgemeentes" wat in sendingsituasies in byvoorbeeld nuwe woonbuurte onstaan het. Hierdie gemeentes, wat nie van 'n ander NG gemeente afgestig het nie, se lidmate is dikwels baie divers: voormalige buitekerklikes, mense wat in ander kerke was en toe die kerk verlaat het ensovoorts. Hierdie gemeentes (bv die Gemeenskapskerk in Parklands, Kaapstad) het 'n sterk gerigtheid op buitekerklikes.

2) In hierdie spesiale "sendingsituasie" is dit nodig dat "pioniersgemeentes" so inklusief as moontlik moet wees, en dus ruimte in hulle gemeente wil maak vir mense wat nie 'n NG Kerk-agtergrond het nie, en onder andere die belydenisdoop verkies.

GKS stel dus voor dat dié "pioniersgemeentes", by wyse van spesiale uitsondering, toegelaat sal word om die belydenisdoop én die verbondsdoop te bedien. Volgens GKS se voorstel sal die ring toesig hou dat dié spesiale vergunning nie misbruik sal word nie.

Voordeel ten gunste van Opsie 4: Opsie 4 vra net 'n spesiale vergunning in sendingsituasies – nie 'n goedkeuring van 'n ander belydenisdoopstandpunt nie.

Daarteen:
1. Dit sal moeilik wees om so 'n pragmatiese grenslyn tussen "pionier/sendinggemeentes" en "gewone" gemeentes te handhaaf. Wanneer word 'n "pionier/sendinggemeente" 'n "gewone gemeente"? Watter gemeentes is "gewone gemeentes"? Die NG Gemeente Tafelberg het in hulle ring 'n soortgelyke voorstel gemaak – dat hulle as 'n gemeente in 'n sendingsituasie, toegelaat word om 'n eie "dooppraktyk" toe te pas. 'n Soortgelyke versoek is van die NG Gemeente Goudini ontvang. Tafelberg se argument is baie dieselfde as GKS s'n: hulle is in 'n spesiale uitreiksituasie. Maar dit is tog eintlik waar van alle gemeentes – dit is net dat sommige gemeentes hulleself nog nie as gestuurde, dus gemeentes-in-sending verstaan nie.

2. So 'n praktyk sal die deur oopmaak vir die herdoop van sommige lidmate. Oor die kwessie van herdoop skaar SKLAS hom by die *Baptism, Eucharist, Ministry* (BEM)-ooreenkoms wat in 1982 deur die Wêreldraad van Kerke tussen 349 Baptiste en historiese kerke bemiddel is (paragraaf 13): "Die doop is 'n onherhaalbare daad. Enige praktyk wat as 'n "herdoop" verstaan kan word, moet eerder vermy word."

Aanbeveling: Opsie 4 word nie aanbeveel nie.

### 5.5 Opsie 5: Lidmate word by wyse van uitsondering spesiale verlof gegee om die belydenisdoop te ondergaan

Kommentaar: Gelowiges wat vroeër as babas gedoop was, en wat – ten spyte van hul eie verbonds(kinder)-doop – buite 'n verbondsopvoeding grootgeword het, maar later tot bekering gekom het en nou as gelowige gedoop wil word, word – na aansoek en oorweging deur die kerkraad – wel in die gemeente as volwassenes gedoop.

Dié keuse hou in dat lidmate 'n verklaring aan kerkraad maak: 1) dat hulle aanvaar dat die NG Kerk die verbondsdoop huldig en dat hulle onderneem om dit te respekteer, 2) dat hulle graag lidmate van die NG Kerk wil bly, 3) dat hulle in 'n huis grootgeword het waarin daar, volgens hulle oordeel, nie 'n verbondsopvoeding ontvang het nie, al is hulle as kinders gedoop, en daarom 4) versoek hulle die kerkraad om spesiale toestemming gee dat hulle (nou as gelowiges) die belydenisdoop mag ondergaan.

Voordele ten gunste hiervan:

1) Met so 'n stap kan die NG Kerk hopelik die groot meerderheid van geloofsdoop-voorstanders in die NG Kerk tegemoet gekom, sonder om sy eie standpunt prys te gee.

2) So 'n spesiale toestemming behoort die groot meerderheid van geloofs-voorstanders in eie ge-

ledere tevrede te stel. Hulle sal dus nie gedwing word om die kerk te verlaat nie maar sal hopelik des te meer lojaal aan die kerk word.

Daarteen:

1. So 'n besluit sou beteken dat die NG Kerk nie meer prinsipieel dink nie, maar bereid is om 'n kompromis aan te gaan ten einde lidmate te behou.

2. 'n Praktiese probleem is, dat as die kerkraad die toestemming sou gee vir 'n belydenisdoop – wie gaan die doop bedien? Drie scenarios is hier moontlik:

Scenario 1: Die kerk besluit die plaaslike gemeente bedien die doop.

Dit sou beteken dat tenminste sommige leraars verplig sou voel om 'n doop te bedien wat vir hulle gevoel op 'n "herdoop" sou neerkom. Sou hierdie leraars verplig word om die doop te bedien? Sou beswaarde leraars 'n ander leraar vra om die doop te bedien? Nie een van dié twee moontlikhede bevredig nie.

Scenario 2: Die kerk besluit die doop (wat hulle as "herdoop" beskou) moet elders, in 'n ander gemeente of kerkgenootskap plaasvind. Die probleem is dan: die kerkraad gee toestemming vir 'n doopsbediening, maar neem nie die verantwoordelikheid en deel nie die vreugde om die doop self te bedien nie. Die persone sal as 't ware weggestuur word om hulle op 'n ander plek te laat doop, nie in hulle eie kerk nie – dit sou vir baie onbevredigend wees.

Scenario 3: Die kerk neem nie op sinodale vlak 'n besluit waar die bediening van die doop sal plaasvind nie. Die saak word oorgelaat aan die plaaslike gemeente. Dié roete word nie as 'n laaste uitweg geneem nie, maar as 'n wilsbesluit om te vertrou dat die Heilige Gees leiding sal gee waar leraar, kerkraad en lidmate in gesprek 'n gesamentlike besluit sou neem. Die probleem hiermee is dat die kerk dan in werklikheid die kwessie van doopsbediening 'n *kwessie van keuse* vir gemeentes maak. Dit sou uiteindelik daartoe lei dat daar in die NG Kerk twee soorte gemeentes is: gemeentes wat die verbondsdoop bedien en ander wat die belydenisdoop bedien. Dit sou neerkom op 'n toestemming dat die kerk in werklikheid verdeel word.

Aanbeveling:

Opsie 5 word nie aanbeveel nie.

### 5.6 Opsie 6: "Julle het 'n keuse"

Kommentaar: Gelowiges wat vroeër as babas gedoop was, en wat – ten spyte van hul kinderdoop – buite 'n verbondsopvoeding grootgeword het, later tot bekering gekom het en nou as gelowige gedoop wil word, word - na aansoek en oorweging deur die kerkraad – wel in die gemeente as volwassenes gedoop. Die voorstel is dieselfde as die vorige een, behalwe dat die lidmate nie spesiale verlof hiervoor hoef te vra nie. Dit is gewoon 'n opsie wat hulle as lidmate kan uitoefen.

Ten gunste van:

a) Dit, en niks meer nie, is wat die meeste van geloofsdoop-voorstanders in die NG Kerk vra. Meeste van hulle vra nie dat die kerk die kinderdoop moet verwerp nie – net dat sommige wat nie in 'n verbondskring grootgeword het nie, toegelaat word om gedoop te word.

b) Hieruit volg dat, as die NG Kerk dié stap sou neem, dit die meeste van geloofs-voorstanders in eie geledere waarskynlik tevrede sal stel. Hulle sal dus nie gedwing word om die kerk te verlaat nie maar sal hopelik des te meer lojaal aan die kerk word.

Daarteen:

Dit is sou niks anders wees nie as 'n pragmatiese besluit wat sekere lidmate sou paai, maar in werklikheid is dit 'n afswakking van die kerk se belydenis van God se getrouheid soos uitgedruk deur die verbondsdoop.

Aanbeveling:

Opsie 6 word nie aanbeveel nie.

# B6: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE JEUGKOMMISSIE (SKLAS)

Graag vra ons dat u sal kennis neem van die volgende bedieninge van die Jeugkantoor en waar nodig dit aan gemeentes deurgee

**KiX-Kinder in Christus**

*Kix bied regtig baie vir kerke se kinderbedienings en wil graag die idee afskud van kinders wat vir projekte moet geld insamel om deel van KIX te wees. Die kinderbedieningsgemeenskap doen baie moeite om nuwe materiaal te ontwikkel en probeer juis verskillende kontekste en ouderdomsgroepe in gedagte hou met die materiaal ontwikkeling. Die volgende is reëlings hoekom dit goed is om jou kinderbedining deel van KiX te maak:*

1: Ons kwartaalblad bied baie meer en wyer lesse aan as wat net in die touleiertjie was.

Ons besef daar is baie bedienings wat nie meer net met NG kindertjies in kerksale vergader nie. Ons lesse help daarom wyer. Baie dominees sê hulle gebruik dit in kinderdienste en ons het die tipe lesse ook uitgebrei na pre-teen.

2. Ons bou aan ons webwerf wat baie lesmateriaal gaan bevat www.kix-kom.co.za

Al die vorige jare se lesmateriaal wat nog bruikbaar is, is deurgegaan en wil ons weer beskikbaar maak. Ons vermoed min van julle het nogal die jare se touleiertjies. Die webwerf gaan enige moedelose kinderbedienaar baie hoop gee.

3. Ons gaan volgende jaar 'n kinderbedienings werkswinkel in 'n streek nie vêr van jou af hou nie. Ons het vanjaar weer Kinderbiediening- Sinode gehou en ons Sinode is, is 8 splinternuwe streke ingedeel. Elke streek het 'n verteenwoordiger en sy sal jou kontak iewers aand die begin van volgende jaar en jou uitnooi na 'n toerustingsgeleentheid nie vêr van jou af nie.

4. Ons bied geleentheid om uit te reik oor grense vêr buite jou wêreld.

Ons is nogsteeds oortuig dat dit goed is vir kinders om bewus te raak van ander kinders in nood. Die waarheid is nog dat as almal saamwerk ons 'n groot verskil kan maak. Ons fokus volgendejaar op Kusamala – 'n skool vir blinde kinders in Mosambiek

5. Julle raak deel van 'n groter familie van kinderbedienings

As ons mekaar help kan jou gawes ander help en hulle weer jou help.

**Sportbediening**

Primêr sal daar die volgende twee fokusse wees:

- een om sportafrigters te bemagtig om te bedien saam met die afrigting (Om afrigting te verstaan as mentorskap geleentheid, asook holistiese lewens afrigting geleentheid)
- twee om jeugleiers (waarvan party ook goeie sportmanne is) toe te rus om sportbediening te doen.

Dit speel in die volgende drie scenario's uit. Scenario een: rus geestelike leiers toe om bestaande afrigters by skole op te lei om sportbediening te doen. Scenario twee rus gemeente lidmate toe om sport afrigters te word en sportbediening te doen. Scenario drie rus jeugleiers toe om te bedien onder hulle "peers".

Die proses het dan ten doel om paradigmas in mense se koppe te swaai.

Paradigma een van instandhoudings bediening tot koninkryk uitbreidings bediening

Paradigma twee van bestaande jeugbedienings na sport en spel bediening as aanvulling en uitbreiding van die Jeugbediening

**Projek Sosiale Geregtigheid**

Die SJK vat hande saam met JONK en 'n organisasie OASIS om 6 jongmense vanuit die NG Kerk vir 9 maande lank 'n ervaring te gee in Sosiale gergtigeheid. Hulle gaan vir die volle termyn in **Cosmo City woonagtig wees. Cosmo City** is 'n opwindende nuwe ekonomies geïntegreerde gemeenskap in die noordweste van Johannesburg.

Ons droom is dat die 6 jongmense 'n nuwe beweging onder die Afrikaanse blanke gemeenskap begin wat soos 'n diensjaar kan werk. Die tweede jaar wil die SJK graag ook 6 jongmense in Kaapstad mobiliseer.

**Kontak Kategese**

Verskeie gemeentes gee die boodskap deur dat hulle bekommerd is ook hulle Kategese bediening. Nadat verskeie materiaal en programme gebruik en getoets is, het die SJK met NOUS hande gevat en die proses van geloofsvorming weer evalueer.

Die probleem is nie die materiaal nie, maar hoe die materiaal aangewend word. Verskeie geloofsvormings teorieë is ingedagte gehou saam met die fasilitering prosesse uit die avontuur ervaringsleer om die proses van Kontak Kategese te kon ontwikkel.

Die proses is ten doel om die Bybelse se storie met die deelnemer se storie te laat kontak maak sodat daar 'n nuwe storie vir die toekoms moontlik raak. Die naam Kontak Kategese suggereer die intensie om kontak te maak. Kontak met God, jouself ander en die aarde.

Indien gemeentes sou belangstel om hulle kategete te laat op lei in die metodiek kan hulle 'n epos stuur aan info@kontak.org.za

**Materiaal**

Die SJK het die volgende materiaal beskikbaar vir die Jeugbediening:

Kinderbediening:
Boeke: Eerste treetjies na God; Woeker met waardes; Speel- speel tot sy eer; Poppe en programme; Lekker besig met die Bybel; Bybelpret; Op pad met Jesus; Wenke wat werk; Jaarprogramme vir die Jongspan asook verskeie plakkers en kaartjies.

Pre-Teen:
God se Incredibles; Pre-Tiener lesse

Tieners:
Fuel 1.1 en 1.2

Matrieks:
Brightstar kursus wat ideaal as "gapjaar-kategese" kan dien

Jongvolwassenes:
Nous- video clips (dinamiese gespreksgeleenthede oor God, geloof en kerkwees) ideaal om gesprekke te begin en te stimuleer oor die teologie van die Post-moderne mens.

Ouers:
Positiewe Ouerskap kursus
Familie-kamp materiaal
Familie-pakkette (studie gids met video clips)

Geestelike Leiers:
ACT 5: Maklik oordraagbare hermeneutiese sleutels vir verantwoordelike skrifgebruik by jeug en volwassenes
Pospar - VBO kursus
Preek-voorstelle en PowerPoints en vir intergeneratiewe eredienste - www.nous.org.za

**Herstruktering**

Met die uitdaging van herstrukturering en die konstante uitdaging om te sorg dat die Jeugbediening nie eenkant as 'n aparte bediening van die gemeente bedryf word nie het die SJK dit goedgekeur dat die Jeugkantoor deel raak van die diensgroep Gemeentes en om te werk na sinergie gereken dat dit beter sal wees dat die kantoor skuif na die Communitas kompleks in Stellenbosch. Reeds van 1 Maart 2011 lewer die Jeugkantoor diens vanuit Stellenbosch en is Sharon Naude aangestel as die Jeug se sekretaresse.

# B7: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING (SKG)

## 1. Inleiding:

Die kernwerksaamheid van hierdie kommissie van die sinode is om gemeentes so te begelei sodat elke gemeente sy roeping in eie konteks kan uitleef. Die afgelope 4 jaar het hierdie kommissie saam met die SKP, SJK, GKS, VBO en Kuratorium deel van die Communitas-netwerk gevorm. Om goeie rekenskap te gee van die afgelope 4 jaar se werksaamhede en ook 'n blik op die toekoms te rig, is dit nodig om in die voorlegging 'n terugskouing te gee oor die belangrikste werksaamhede waarmee die kommissie hom besig gehou het.

## 2. Personeel:

Hierdie kommissie is 'n gesamentlike werksaamheid van die NGK, sowel as die VGK sinode in Kaapland. Die reglemente is belyn en die dagbesture vergader saam. Die voorsitter van die NGK die afgelope 4 jaar is Dr Q E Heine en voorsitter van die VGK was Di. A du Plessis en D Botha. Die voorsitterskap is om die beurt waargeneem. Vanweë 'n vakature die afgelope twee jaar by die VGK was die voorsitterskap grootliks by die NGK geleë.

Dr J F Marais is die psd wat aan die kommissie toegewys is. Aanvanklik was sy posbeskrywing die van gemeentekonsultant, maar dit is later verander na Psd: Gemeentebegeleiding. Saam met hom het Divine Robertson en Sharon Naude die afgelope tyd die kantoor met onderskeiding beman. Dit is met dankbaarheid dat die kommissie kan rapporteer dat Frederick die afgelope jare sy werk met baie besondere toewyding verrig het.

## 3. Uitgangspunt:

Ons gaan van die standpunt af uit dat SKG 'n kommissie van die sinode is wat fokus op gemeentebegeleiding. Die SKG se vise is ***" Gemeentes is God se geskenk aan die wêreld***" Leslie Newbigin het gesê *" Gemeentes is die eerste vertolkers van die evangelie"*

SKG is nie daar om namens gemeentes sekere projekte te doen nie, maar is daar om gemeentes te help sodat hulle self die volle potensiaal van God se plan met hulle kan ontdek. Die beginsel is dus*:* ***"Nie namens gemeentes nie, maar vir en saam met gemeentes****"* SKG wil ook nie van *"bo"* af met gemeentes werk nie, maar wil saam met gemeentes 'n pad stap. In die begeleidingsproses wil ons na gemeentes luister en by hulle leer oor gemeentewees. SKG is baie bewus van die feit dat die kern en funksionaliteit van kerkwees by gemeentes gesetel is, en nie by sinodes nie. Dit is op gemeentevlak waar die kerk in 'n gemeenskap 'n verskil maak. Dit is ook waar gemeentes gesamentlik "netwerk" waar hulle 'n verband vorm en 'n groter verskil maak. Die SKG is daar om gemeentes in hierdie proses te begelei en saam met hulle te groei! Ons is ook deeglik daarvan bewus dat elke gemeente se funksionering verskil van die ander. Dit maak die uitdaging om gemeentes te begelei meer uitdagend.

SKG was die afgelope 4 jaar by **248 enkelgemeentes betrokke**. Die dienste wat SKG aan gemeentes bied, het werklik 'n verskil gemaak aan die beter funksionering en transformering van gemeentes. Hierdie intense betrokkenheid van SKG by gemeentes het baie energie, tyd en diens geverg van 'n hele span mense.

## 4. Kernwerksaamhede:

Die Kernwerksaamhede van die kommissie het die volgende dienste aan gemeentes en ringe behels:

### 4.1 Fasiliterings en begeleidingsdienste

SKG het 'n span van fasiliteerders wat die afgelope jare vrugbare koninkrykswerk in gemeentes gedoen het. Hulle is baie goed opgelei en kom twee keer per jaar bymekaar vir opleiding en saamdink oor die praktyk van gemeentes. Fasiliteerders werk in spanverband met gemeentes en betrek al die verskillende dissiplines van SKG se dienste by elke gemeente waar nodig. Soms werk SKP, SKG en SJK tegelyk om gemeentes by te staan.

### 4.2 Konflikhantering

Die veranderende wêreld het heelwat konflik situasies tot gevolg. Soms is daar konflik tussen leraars en hul kerkraad. Soms is dit net interne gemeentekonflik. Saam met die SKP, aktuaris van die sinode en GKS van beide – die NGK en – die VGK, is die AKN tot stand gebring (Advies en Koördineringsnetwerk) Dit is 'n netwerk waar die betrokke PSD's en ander kundiges elke ses weke bymekaar kom om saam te besin oor 'n eenvormige en professionele wyse van konflikhantering vir spesifieke gemeentes. 'n Opgeleide span mediators en fasiliteerders word normaalweg vir die doeleindes aangewend.

Ons is dankbaar om te rapporteer dat die baie goeie werk van die kerklike mediators, fasiliteerders, aktuaris van die sinode en predikantebegeleidingsdienste uitstaande resultate opgelewer het. Die feit dat daar so min sake voor die Sinodale Appèlliggaam die afgelope vier jaar was, is een bewys van goeie mediatorskap van die bogenoemde span.

### 4.3 Program ontwikkeling.

Indien gemeentes begelei moet word tot positiewe groei is dit belangrik dat daar voortdurend nuwe

materiaal ontwikkel word. Heelwat tyd en inligting is daarin gespandeer en ons is Bybel-Media dankbaar om as vennote saam met ons, nuwe materiaal te ontwikkel. Heelwat kleingroep en ander toerustingsmateriaal het die afgelope jare verskyn.

4.4 **Toerusting en Spesialisdienste**

Verskeie spesialisdienste is ontwikkel om lidmate en leraars toe te rus:

- **Verantwoordelike Vernuwing**:

Die Verantwoordelike Vernuwingskonferensie is die afgelope jare in samewerking met Stellenberg gemeente gehou. Met groot sukses en goeie bywoning het dit 'n baie belangrike projek op die kalender vir gemeenteleiers geword. Die afgelope paar jaar is dit uitgebrei na die Suid Kaap, asook na die platteland –(Cederberg-konferensie). Kleiner en streekskonferensies is positief evalueer en in die toekoms sal ons meer in laasgenoemde rigting beweeg.

- Spiritualiteitsontwikkeling:

Gebed en spiritualiteit was die afgelope 4 jaar vir SKG 'n groot prioriteit. Februarie 2009 het die SKG 'n konferensie oor spiritualiteit gehou wat goeie kleiner gesprekke en uitkomste in ons sinodale gebied gehad het. Gesprek oor gebed is aangemoedig en heelwat materiaal daaroor is vir gemeentes beskikbaar gestel.

- Kleingroepe:

Na ons groot kleingroepkonferensie het daar 'n kleiner span uit voortgevloei wat gemeentes begelei in die ontwikkeling van kleingroepe.

- Gestuurde Gemeentes:

SKG het 'n vennootskap met Gestuurde gemeentes (SAVGG) om gemeentes te help om hulle roeping op plaaslike vlak as gestuurdes van die Here te ontdek. Gestuurde gemeentes het met baie gemeentes 'n pad gestap en goeie transformasie het plaasgevind.

- Kerkhereniging

Dit was deurgaans vir SKG belangrik om die kerkherenigingsproses te bevorder. Konferensies is gereël en gemeentes is aangemoedig om deel te word van die proses. SKG het sy bes gedoen om alles saam met die VGK te doen.

**4.5 Communitas Webtuiste**:

'n Ontwikkeling wat baie vir gemeentes se begeleiding beteken, is die webtuiste van Communitas. Hierdie is 'n eenstopdiens vir alle gemeente behoeftes. By die webtuiste is artikels en blog's oor bykans enige onderwerp oor gemeentes en predikante te kry.

**5. Ander sake:**

**5.1 Gesprekke met gemeentes.**

Bo en behalwe die indiwiduele gesprekke wat met gemeentes en predikante plaasvind, het SKG in 2009 in die plek van jaarvergaderings besluit om na die ringe te gaan en 'n luisterproses oor gemeentebediening aan die gang te sit. Die dagbestuur van SKG het saam met die dagbesture van SKP, VBO al die ringe te besoek om te luister wat die Here besig is om in gemeentes te doen.(NGK en VGK). VGK ringe is ook uitgenooi na die besoeke. Twee vrae is hoofsaaklik gevra: Wat het groei in gemeentes tot gevolg gehad en wat sou gemeentes as knelpunte van groei sien.

**Dit is goed dat die sinode kennis neem watter waarnemings ons tydens die luister-besoeke gemaak het:**

<u>Gemeentes wat groei het o.a. die volgende kenmerke:</u>

- is gemeentes wat hul roeping verstaan
- lidmate bemagtig
- het 'n gebedskultuur
- die Bybel word hanteer
- leef as gestuurdes na buite
- gee aandag aan randfigure in die gemeenskap
- maak voorsiening vir diversiteit bv. verskillende spiritualiteitstipes.
- lewende eredienste
- bied 'n verskeidenheid programme en projekte aan soos: Gestuurde gemeentes, Seisoen van Luister, Willow Creek programme, die 40dae projek van Rick Warren en ander 40dae programme.

**Ander waarnemings**

- Formele strukture (kerkrade, ringe, sinode) gee nie meer vir gemeentes energie nie.
- Lidmate (en predikante) steur hulle nie aan strukture nie.
- Die Kerk is gereed vir 'n dieper geestelike- en lewenstransformasie.
- Lidmate het behoefte aan die belewing van dieper spiritualiteit en geestelike ervarings (bv. Angus). Loop weg na kerke waar hulle dit kry.
- Konflik in gemeentes het toegeneem.
- Konflik in gemeentes het ook meegebring dat predikante persoonlik met prosesse van transformasie besig geword het.
- Die Kerk is besig om sagter te word. Sagtheid nie ver van moedeloosheid nie.
- Lidmate sien meer prosesse van transformasie raak as predikante.
- Predikante wat mag afgee, bemagtig lidmate.
- Dominees is onseker. Die potensiaal van ringe as plek waar teologiese gesprekvoering kan plaasvind, moet ontwikkel word.
- Daar is 'n dieper besef van roeping en roepingsherstel.
- Predikante en lidmate ervaar 'n vasgelooptheid en sukkel om te groei.
- Die predikant se persoonlikheid bepaal in 'n groot mate die sukses van 'n gemeente se bediening.
- Waar dit goed gaan tussen medeleraars gaan dit goed met die gemeente. Die teenoorgestelde is ook waar.

- DVK's: Sommige dominees kry baie seer. Daar is nie altyd goeie verhoudinge met DVK's nie.
- Predikante soek sterk leiding by kerkleierskap oor aktuele sake.

**Die SKG het bogenoemde inligting deeglik gebruik in die ontwikkeling van dienste vir gemeentes. Hierdie waarnemings is ook aan die taakspan vir herstrukturering gegee.**

**1.2 Gesprek oor die funksionering van ringe**

In opdrag van die moderamen het SKG 'n ondersoek oor die funksionering van ringe gedoen. Byeenkomste om met 'n klomp ringe gesprek te voer het die volgende konsensuspunte opgelewer:

**1.** Daar is tans 'n té **groot gaping tussen die realiteit en die voorskrifte vir ringe in die Kerkorde en bepalings.** Daar moet eerlikheid kom oor die feit dat daar min energie en baie apatie is tov ringe. Daar is wel tekens van innovering by sommige ringe maar dit is sporadies en is dikwels nie in sinergie met die realiteit in baie ringe nie.

**2.** Daar sal besin moet word oor die onderliggende ekklesiologie vertrekpunte, insluitende die verstaan van kerkverband en die belydenisskrifte.

**3.** Daar moet onderskeid getref word **tussen 'n hiërargiese organisasie en netwerke.** Dit is duidelik dat die breë persepsie tans is dat ringe inpas in 'n hiërargies kerklike organisatoriese struktuur. Groot dele van die kerkorde en bepalings soos wat dit tans geskryf is bevestig daardie persepsie. In gesprekke is gevind dat baie van die innovering wat tans in ringe gebeur, eerder deur ringe gesien word as 'n netwerk met 'n platter struktuur wat platvorms skep waar daar besinning en ondersteuning kan plaasvind.

**4.** Ons dink dit sal goed wees indien daar 'n duidelike uitgangspunt kan kom dat ringe **bestaan ter wille van gemeentes en nie andersom** nie.

**5.** Informele gesprekke en **netwerke binne ringe** is noodsaaklik. Daar was in die breë ooreenstemming dat daar 'n groot behoefte bestaan onder veral ringspredikante aan onderlinge kontak.

**6. Die funksies van die ring** soos beskryf in die Kerkorde Art 31 is o.a.:

a. Pastorale versorging en omsien na mekaar (visitasie)

b. Visionering (advies, hulp en roeping aan gemeentes)

c. Toesighoudende (gemeentes en ampte)

In ons gesprekke het ons bevestig dat die visionering en pastorale funksies sentraal behoort te staan in ringe.

Toesighoudende funksie van die ring werk soms inhiberend in op die ander twee funksies Ringe moet 'n veilige plek wees vir pastorale versorging en ontwikkeling.

**7. Eksperimentering:** In die oorgangsfase is, moet ringe toegelaat word om te eksperimenteer tov bg. sake, sodat ander by hulle kan leer oor die toepassing daarvan in die praktyk.

**SKG het die bogenoemde resultate aan die moderamen en die taakspan vir herstrukturering deurgegee.**

## 6. Toekoms van SKG

SKG het homself onderskei as 'n kommissie wat werklik die gemeentes van ons sinodale gebied gedien het. Bogenoemde sake is maar die spits van die berg van wat alles deur die SKG span in gemeentes gedoen word. SKG besef dat daar nog baie terreine is waar verdere ontwikkeling nodig is. Van die belangrikste sake wat in die toekoms aandag moet kry is die opleiding en toerusting, asook bemagtiging van lidmate. Ons besef terdeë dat die SKG met lidmate moet werk, terwyl SKP en VBO meer met predikante se ontwikkeling werk.

In die afgelope vier jaar het ons baie geleer:

**Wat het ons geleer in die hede en vir die toekoms ?**

- Dat die sinode nie oor strukture gaan nie. Gemeentes is nie daar ter wille van die sinode of breër kerk nie. Sinodes en strukture is daar ter wille van gemeentes. Die hele sinode is daarop gefokus om gemeentes te dien. Dit is in gemeentes waar die kerk tot sy reg kom. Tog het gemeentes mekaar nodig in die breër kerkverband.
- Dat ons, saam met gemeentes in 'n leerproses is en beslis nie kundiges is nie.
- Dat gemeentes en predikante alle ondersteuning van die kerk moet kry en dat gemeentes die roeping van die kerk moet uitleef.
- Dat die verskillende kommissies wat op gemeentes gerig is in 'n netwerk in sinergie moet wees en nie op hulle eie moet probeer werk nie. Saam is ons sterker. (Sinergie is nie dieselfde as samewerking nie)
- Dat ons die hele funsioneringsisteem op 'n plat struktuur moet bedryf en nie hiërargies nie.
- Dat ons lidmate se selfstandigheid moet respekteer en ondersteun (bemagtig). Die kerk se energie is by lidmate.
- Dat ons met deernis na mekaar moet luister

SKG sal voortgaan (*al is dit in nuwe struktuur as: Taakspan vir gemeentebegeleiding*) om begeleidingsdienste aan gemeente te lewer. In die **nuwe strukturele bedeling** sal die kommissie se werksaamhede binne die diensgroep: ***Communitas: Gemeentebegeleiding*** voortgesit word. Ons sien uit om in sinergie, binne die nuwe gemeentenetwerk met die ander taakspanne saam te werk.

*Ons bid en vertrou dat die goeie gesindheid van die Sinode van Wes en Suid Kaap asook die belegging van fondse en tyd wat aan hierdie kommissie toevertrou is, die afgelope 4 jaar werklik 'n verskil in gemeentes gemaak het.*

**Dr Quintus Heine**
Voorsitter

# B8: VOORLEGGING VAN RAAD VIR GEMEENTE-ONTWIKKELING EN KERKLIKE SAMEWERKING (GKS)

## 1. INLEIDING EN AGTERGROND VAN GKS

Die kantoor vir Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (GO) van die sinode van Wes- en Suid-Kaapland en die Skiereilandse Raad vir Kerklike Samewerking (SRKS) het einde 2007 deur middel van 'n samewerkingsooreenkoms tussen die NGK en VGK besluit om hul werksaamhede voortaan gesamentlik te hanteer. Die SRKS, wat reeds 'n gesamentlike aksie van die NGK en die VGK is, is reeds vyftig jaar besig met kerkplanting in die voormalige Sendingkerk en NGKA en later VGK. In die Skiereiland is in die tyd 26 gemeentes geplant en enkeles is gehelp met hervestiging. Die GO kantoor het in 2005 tot stand gekom en is nou betrokke by die ontwikkeling van nuwe bedieningspunte binne die NGK, die herontwikkeling van kwynende gemeentes, asook die vestiging van multikulturele bedieningspunte, veral in areas waar die demografie dramaties verander het. Die nuut gevormde liggaam staan bekend as die Raad vir Gemeente-Ontwikkeling en Kerklike Samewerking. (GKS).

Beide die VGK en NGK het by 'n punt gekom, waar besef word dat die werk eintlik nie meer alleen en in bestaande vorme voortgesit kan word nie. Suid-Afrika is onherroeplik aan die verander en die kerk benodig dringend voertuie, wat hierdie werklikhede op bedieningsvlak kan aanspreek. Terselfdertyd is daar bepaalde uitdagings, wat ons bedieningswyse aan 'n nuwe geslag uitdaag. Die nuwe liggaam sal binne die VGK ook die werksaamhede kan uitbrei na die hele sinodale gebied, wat die hele Kaapland insluit. Op die oomblik is daar besondere uitdagings in die Oos-Kaap wat aangespreek moet word. Dit word egter in noue samewerking met ander rolspelers soos Badisa, KGA en die sinode van NGK Oos-Kaapland gedoen. Voorheen was die SRKS se werksaamhede net tot die Skiereiland beperk.

Die GKS het op 27 November 2007 formeel gekonstitueer. Dit het die vorige kantoor vir Gemeente-Ontwikkeling (GO) en die Skiereilandse Raad vir Kerklike Samewerking (SRKS) na 'n formele pad van goedkeuring by die verskillende sinodes in een liggaam verenig. Die SRKS het die sinode van die VGK in SA in September/Oktober 2006 met aanbevelings bedien wat tot die volgende besluite deur die sinode gelei het:

- Die Sinode gee goedkeuring aan die SRKS- en GO-bestuur om met volmag voort te gaan met die voorgestelde vereniging soos in die konsepvoorstel beskryf.
- Die Sinode verklaar dat hulle met so 'n besluit alle reglementêre vereistes nakom om so 'n verenigingsproses moontlik te maak.
- 'n Voorgestelde Reglement sal aan die moderamen van die NGK en die Sinodale Kommissie van die VGK (asook die onderskeie regskommissies) voorgelê word vir goedkeuring.

Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om in die reses die hele aangeleentheid af te handel soos die proses vorder.

In die verlede het die werksaamhede van die SRKS binne die VGK geval onder die vaandel van Kommissie vir Getuienisaksie, maar tydens die laaste Sinode is die werk van SRKS geplaas onder Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening (SKG). SRKS het egter nog al die jare gefunksioneer as aparte kommissie en is nie meer onder die vaandel van SKG nie. Ons vorm wel saam met ander kommissies soos SKG, SKP, Jeug en Vroue deel van die Communitas netwerk.

## 2. SAMESTELLING VAN GKS

GKS bestaan uit lede van die NGK, VGK en die RCA binne die Streeksinode. Die Raad het in die afgelope termyn bestaan uit die volgende lede wat deur hul onderskeie Sinodes aangewys is:

| VGKSA | NGK |
|---|---|
| Ds. LL Plaatjie | Ds. P Botha (Voorsitter) |
| Ds. D van Huffel | Ds. F Kriel |
| Ds. N Philander | Ds. A le Roux |
| Ds. J Booysen | Ds. A Peasley |
| Ds. A Ijzerman | Ds. D Koegelenberg |

**RCA**
Ds. F Botes

**Vrouebediening**
M Brummer (VGK)
M Gerber (NGK)

**Kundige Lede**
Prof. J Durand
Dr. R van Velden
Ds. B Lemboe
Ds. T Smit
Ds. P Grove

## 3. GKS KERNFOKUS

- Om die Koninkryk van God te help uitbou.
- Die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe, wat ons eenheid in Christus op konkrete wyse sal beliggaam.

Die vestiging van nuwe relevante geloofsgemeenskappe.

Die skep van ruimtes vir aanbidding, waar dit nie bestaan nie of gebrekkig is

Die herontwikkeling van ou kwynende geloofsgemeenskappe in nuwe dinamiese en volhoubare geloofsgemeenskappe binne die visie van GKS.

- Navorsing wat die spiritualiteit, teologie en ekklesiologie van hierdie gemeenskappe sal beskryf.
- Die ontwikkeling van die nodige kapasiteit wat bogenoemde sal waarmaak.

## 4. ALGEMENE DOELWITTE:

1. Navorsing wat:
- Sal besin oor relevante teologie, spiritualiteit, ekklesiologie
- Sal besin oor die praktiese implementering van GO
- Sal besin oor resente kwessies wat met GO verband hou bv. evangelisasie, doop, leierskap.

2. Die organisering en fasilitering van die volgende taakgroepe:

1.1 Taakspan Projekte
1.2 Taakspan Finansies
1.3 Taakspan Kommunikasie
1.4 Taakspan Toerusting, Navorsing en Dialoog

Sake vir ondersoek:
- Evangelisasie
- Leierskap
- GO en KO
- Nuwe tendense

3. Die daarstel van mentors, voorsien van riglyne wat gekoppel word aan spesifieke bedieningspunte.
4. Die ondersteuning van bestaande projekte.
5. Die vestiging van 3 nuwe bedieningspunte insluitende 'n internet bediening.
6. Die herontwikkeling van 3 ou bedieningspunte.
7. Die ondersteuning van 3 nuwe bouprojekte.
8. Fondswerwing :
- Gholfdag
- Druk van 3000 brosjures en skakeling met gemeentes deur deurkollektes

9. Uitbou van kommunikasiestrukture en veral met webblaaie en nuusblaaie.
10. Die bou van ekumeniese vennootskappe om gesamentlike doelwitte vir gemeenskappe te bereik. Dit sluit gesamentlike blootstellingsoefeninge van VGK en NGK leraars in.

## 5. PROJEKTE VAN GKS

Onder die vaandel van GKS is daar die afgelope termyn verskeie projekte ondersteun. Die volgende projekte tel daaronder:

- Braaikerk (Suiderstrand)
- Maitland Gemeenskapskerk
- Franse bediening te NGK Goodwood
- Iconnect-Durbanville
- Onder-die-brug-gemeente Stellenbosch
- Zwaanswyk – New Life Ministry
- Bothasig – De Grendel/Burgundy
- La Rochelle – LCF
- Parklands – Doornbacht plakkerskamp
- Ysterplaat-Suid
- Eendekuil/Koringberg VGK
- Veritas opleiding binne VGK Niewoudtville, Thembalethu en Loeriesfontein
- Omdraaistraat (De Doorns)
- Parklands – die Gemeenskapkerk
- Riebeeck Valley Community Church
- Langgebou George
- Silversands (VGK Sarepta)
- VGK Belhar-Oos
- VGK Seyisi
- VGK Lwandle
- Kraaifontein Multikultureel
- Gamkavallei Beaufort-Wes
- Ruyterwacht
- Philadelphia – VGK Robinvale
- VGK Khayelitsha
- VGK Langa
- VGK Nyanga
- VGK Mfuleni
- VGK Phillippi
- VGK Scottsdene
- VGK Lentegeur
- VGK Mfuleni
- VGK Lwandle
- VGK Motherwell
- VGK Goodwood
- GENEX
- Strooidak
- Calitzdorp Community Project

**<u>Enkele opmerkings oor van die NGK projekte</u>**

**<u>Braaikerk (Suiderstrand)</u>**

Die Braaikerk van Suider-Strand het 'n interessante wending in 2010 beleef. Die Braaikerk het hoofsaaklik begin met 'n klomp "Juppies". Dit was gewoonlik mense wat daarvan hou om eerder op Donderdae aande na 'n informele kerkbyeenkoms te kom. Daar is 'n groot wisseling in die Braaikerk. Daar is 'n klomp woonstelblokke vir eerste huiskopers wat nogal baie gewild is. Sodra die mense

beter inkomstes verdien, verhuis hulle gewoonlik na meer gevestigde gebiede. Van die mense het ook oggenddienste begin bywoon. Dit is so asof die Braaikerk 'n voorbereiding of kontakoorgang geword het tussen die informele byeenkoms en die meer formele byeenkomste op Sondagoggende. Maar daar is ook gewone lidmate wat hulle meer tuis voel by 'n meer informele diens en wat dan vanuit die Sondagbyeenkomste ook by die Braaikerk op Donderdagaande kom inloer.

**Iconnect-Durbanville**

iConnect het onstaan in 'n gebied waar daar die afgelope aantal jare geweldige residensiële uitbreidings plaasgevind het. Die ontwikkelaars het slegs twee kommersiële persele vrygestel, een klein perseel vir 'n kerkgebou en geen ruimte vir die oprigting vir skole nie. Die kerkperseel is deur 'n Baptiste gemeente ontwikkel wat slegs 180 mense kan huisves. Toestemming is van 'n boer in die omgewing gekry om onbepaald op 'n onbenutte deel van sy plaas 'n aluminiumraam tent op te rig. Die tent en die plaas speel ook 'n groot rol om 'n gemaklike, soeker-sensitiewe atmosfeer te skep. Vir die eerste jaar is eers 'n oggend erediens gevestig. Die eerste diens het op Sondag 7 Maart 2010 plaasgevind.

Gemiddelde bywoning: Maart tot Junie: 117 Julie tot September: 129, Oktober tot 5 Desember: 176 (Die meeste mense op een dag was 255)
Sondag, 5 Desember, was die 40ste erediens.

iConnect bestaan uit 'n kerngroep van ongeveer 240 mense – almal woon nie elke Sondag die erediens by nie, maar hulle woon ten minste twee maal per maand by. Daar is 'n sterk gevoel van "belonging" wat geskep word deur gereelde gemeente-etes aan die einde van reekse, twee oggend geleenthede vir vrouens en dan is daar elke oggend gratis koffie/tee/hot chocolate/sap voor en na die dienste.

In Januarie 2011 sal begin word met KONNECT vir kinders en gesinne as alternatief vir Sondagskool. Daar word geglo dat dit die mense in die omgewing in groot getalle sal trek. Wanneer dit gevestig is sal daar waarskynlik in die tweede kwartaal begin met "teaching" geleenthede waarvoor daar op die oomblik 'n baie groot behoefte is. Gedurende die tweede helfte van 2012 sal gefokus word op die vestiging van 'n Tienerbediening.

iConnect is wat op 7 Desember, presies 9 maande oud en die woorde van Paulus in 1Kor.15:10 word stamelend, maar dankbaar na verwys : "Deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie."

**Zwaanswyk – New Life Ministry**

In hierdie bediening heers daar baie opgewondenheid omdat die Gees op wonderbaarlike maniere werk!

Verskeie lede van New Life het aangemeld om deel te vorm van 'n nuwe orkes wat gestig is, waarvan meer as die helfte van die lede nuut opgelei is. Verder is lede ook opgelei om die rekenaar te hanteer asook om die klank te behartig.

Verdere gemeentlike aktiwiteite is 'n heerlike gemeente-kamp wat te Leentjiesklip gehou is, 'n groot Kerssangdiens, waarin mense vanuit die oggend-groep en aand-groep (New Life Ministry) deelgeneem het, uitreike na Westlake en 'n heerlike kuieraand waar die Oesfees gevier is. Selgroepe is o.a. besig met 'n dissipelskap-kursus, terwyl 'n ander groep weer begin het om Bybelstudie te doen vanuit die boek Prediker!

**Bothasig – De Grendel/Burgundy**

Hierdie bedieningspunt en "Fellowship" vorm deel van die NG Gemeente Bothasig (Liefde in Aksie) se uitreik na mense in die Burgundy Estate naby Kaapstad. Met insette van die korporatiewe omgewing en 'n leierskapspan word probeer om op Donderdae 19h00 'n geestelike tuiste skep vir mense. Dis 'n veeltalige bediening aan mense wat 'n plek soek om met ander mense te "connect" maar ook die stem van God die Vader te hoor. Baie van die mense wat hier inskakel kan nie meer Sondae formele kerk bywoon nie. Die bediening is uitdagend en die bedieningsbehoeftes van die mense vra nuwe en ander vrae aan die kerk in die breë.

**Ysterplaat-Suid**

Hierdie klein gemeente kon met die hulp van die GKS goed funksioneer tot groot seën van almal.

Die orrel is verskuif en her-indiens gestel, en 'n tuin gevestig. Dit dra by tot 'n gevoel van trots en respek vir die huis van die Here. T.w.v. fondse is méér spesiale funksies aangebied. Die beter benutting van die geboue en terrein geniet hoë prioriteit.

Die gemeente is gerig op verhoudingsvorming en openheid. Op die medium en langer termyn beteken dit ook daadwerklike ondersoek na strukture, samewerking en ooreenkomste met ander gemeentes in veral ringsverband en wyer tot voordeel van almal.

**Die Gemeenskapkerk / The Community Church**

Die Gemeenskapkerk / The Community Church is 'n bediening wat in 2003 met 13 lidmate vanuit die NG Gemeente Table View begin is.

In 2006 is 'n nuwe Multi-kulturele gemeente amptelik gestig en het tans ± 270 lidmate. 'n Afrikaanse, Engelse en Xhosa bediening is ontwikkel wat deur eredienste, kursusse en omgeegroepe, alle generasies bemagtig om uit te reik na mense in nood, naby en ver.

In 'n naby-geleë plakkerskamp (10 000 inwoners), is 'n gemeenskapsentrum opgerig nadat daar vir 4 jaar fondse gegenereer is. Die sentrum huisves 2 kleuterskole, weeklikse eredienste en verskeie ander dienste.

'n Hoogtepunt vir hierdie jong gemeente was dat daar in 2010, ses skoolverlaters vir 'n jaar en langer voltyds bediening toe is.

Die groot uitdaging vir die gemeente is die oprigting van 'n multi-funksionele gemeentesentrum wat in 2011 gebou word.

**NGK Gamkavallei in 2010**

Dit wat hier onder geskryf word is beslis nie mense werk nie maar alles God se genade. Al die eer en lof kom Hom toe. Hierdie bedieningspunt is maar net instrumente in Sy hand. Met Sy genade die afgelope jaar is Sy koninkryk help bou op die volgende gebiede:

✝ Maandae word kinderkrans vir ongeveer 160-200 kindertjies gehou. Dit is meesal kindertjies wie se ouers werkloos is. Daarom word daar ook vir hulle elke keer iets gegee om te eet na die Kinderkrans. Die jaar is afgesluit met 'n lekker Kerspartytjie waar elke kind klere en ook 'n klein geskenkie gekry het. In 2011 word beoog om met 'n skooltjie te begin vir van hierdie kindertjies wat juis as gevolg van hulle omstandighede geen stimulasie ontvang.

✝ Daar is ook 'n sopkombuis waar mense elke Maandag kom sop en broodjies haal. Die doenwerk is om dit volgende jaar uit te brei deur ook vir hierdie mense 'n kort Bybelstudie aan te bied voor hulle die sop kry.

✝ Hierdie jaar is die EE iii kursus aangebied. Dit was 'n wonderlike belewenis. Die gevolg daarvan is dat daar weekliks uitreike gehou is om mense die evangelie te deel. Dit was absoluut wonderlik hoe die Here mense gebruik en hoe mense hulle harte oopmaak vir Sy liefde.

✝ Die gemeente het ook betrokke geraak by die ouetehuis in die bruin woongebied. Op Woensdae aande word biduur gehou en Sondae 'n kort erediens. Gesprekke vind plaas met elkeen van hulle en die evangelie van Jesus gedeel.

✝ Die jeug is ook baie bedrywig. Elke Vrydag aand kom hulle bymekaar. Twee pragtige mense uit die gemeente stap 'n wonderlike pad met hierdie jongmense.

✝ Hierdie jaar is ook baie tyd spandeer aan 'n projek om die kerk te herstel. Dit vorder goed en dienste behoort in April 2011 weer in die kerkgebou gehou te kan word.

**Maitland Gemeenskapskerk**

Aktiwiteite en byeenkomste is deurlopend deur 2010 gehou, onder andere weeklikse belydenisklasse, jeugbyeenkomste in die vorm van musiekbediening en speletjieaande wat afgesluit word met bybelstudie.

Daar is ook begin met "Lief Cochin" sessie vir volwassenes waar aktuele sake aangespreek word en bespreek word. Die idee van die gesprekke is om met 'n wetenskaplike en/of sielkundige insig oor temas na te slaan en met 'n basiese teologiese aanslag te bespreek. Dit bring die wêreld en die kerk bymekaar ene leer diegene wat dit bywoon handige vaardighede en benaderings vir daaglikse uitdagings.

Eenmalige projekte wat ook deur 2010 aangepak is, was die Hemelvaartweek op 13 Mei 2010 saam met Kenridge se jeugbediening; 'n sokkertoernooi op 28 Mei en 4 Junie 2010. Die fokus van die toernooi was om die sokkergees in die deelnemers, met die kerk te vereenselwig.

'n Uitgespan, bestaande uit die belydenisklas het na Rituele in Transkei uitgereik. Daar was onder andere 'n bouprojek, 'n winterskool en 'n naaldwerkprojek. Dit was 'n besonderse, geestelike verreikende ervaring.

Maitland as kerk is betrokke by meeste gemeentes in haar omtrek en die gemeentes bied almal verskeie vorme van hup aan Maitland self.

**La Rochelle Community Fellowship**

La Rochelle Community Fellowship (LCF) is die Engelse bedieningspunt van La Rochelle NG gemeente. LCF reik uit en bedien die kerkvervreemde multi-kulturele Engelse gemeenskap van La Rochelle (Bellville) en omliggende dele. Hierdie Engelse gemeenskapskerk funksioneer volledig met eredienste, kleingroepe, kinderbediening en 'n jeugbediening. Die effektiewe bestuur van verskillende kulture en spiritualiteite asook die wisseling van mense bly 'n groot uitdaging. Ons dank egter die Here dat LCF besig is om 'n gesonde en groeiende kerngroep te ontwikkel wat eienaarskap van die bediening neem. LCF is geplant, gevestig en betree nou 'n fase waar ons aspireer om selfstandig te begin funksioneer. Die hartklop van LCF is om Jesus se liefde met alle mense te deel.

**GEMEENSKAPSKERK RUYTERWACHT 2010**

Hierdie was vir die gemeente 'n jaar van gebedsafhanklikheid en belewenis van God in ak-

sie in hul binnekring. Ds Ferdi se seun, Eben, het 'n beenmurgoorplanting moes ondergaan en die gemeente het die pad deurgaans saam gestap. Dit was vir almal 'n intense en moeilike groeiproses. Die gemeente het verder begin om saam met Communitas die pad van gestuurde gemeentewees te begin stap o.l.v. Johan Kotzé. Die algemene toerustingsbedieninge het voortgegaan baie lidmate verder toegerus. Die kospakkieprojek het tweeweekliks kos en klere verskaf aan 25-30 gesinne wat hulle in nood bevind het. Die tema vir die jaar was "Liefde". Dit is deur die jaar binne en buite gemeente gegee en ontvang.

**Enkele opmerkings oor van die VGK projekte**

**VGK Uitsig**

Die gemeente Uitsig gaan hewig gebuk onder bendegeweld. Die kerk word weekliks geplunder. Die leraar bedien 'n kleiner wordende gemeente.

**Eendekuil/Koringberg VGK**

Genoemde twee gemeentes is vir onderskeidelik 15 jaar (Eendekuil) en seker vir meer as 20 jaar (Koringberg) vakant, omdat beide gemeentes nie finansieel in staat is om 'n leraar te kan beroep nie. Die Ring van Porterville het 4 jaar gelede op hul Ringsitting met groot besorgdheid en kommer oor die geestelike welstand van die gemeentes besluit dat daar iets daadwerkliks aan die situasie gedoen moet word. Die Ring het GKS versoek om maandelikse bydrae te maak t.o.v. Ds John Links se honorarium.

**Veritas opleiding binne VGK**

Ds. T. Henn is gekontrakteer om opleiding in Bybelvaardighede te gee aan lidmate in VGK gemeentes waar leraars nie meer bekostig kan word nie. Dit sal in 2010 in o.a. die volgende gemeentes plaasvind: VGK Nieuwoudtville, VGK Suidwestelike Distrikte (Thembalethu) en VGK Loeriesfontein. GKS is dankbaar dat ons op hierdie manier die kroniese tekort aan Leraars kan help beveg. Die projek maak werklik verskil in leiers se lewens wat weer oorspoel na die lidmate.

**VGK Khayelitsha**

Die bediening te Khayelitsha brei geweldig uit. Khayelitsha is een van grootste woongebiede in Kaapstad en toenemend neem meer mense intrek in die gebied. Hulle is steeds besig om kerk te plant in alle areas van Khayelitsha en as kantoor speel ons 'n baie belangrike rol. Makhaza is die nuutste uitbreiding waar 'n kompleks opgerig word. Die kantoor het ook met die bedieningsbehoeftes in die gemeente begin.

**VGK Lwandle**

Die bediening te Lwandle brei geweldig uit en is geleë in die Helderberg kom. N.a.v. versoeke is besluit om R2000 per maand vir die leraar te gee. Die Kerkgebou het ook te klein geword vir die behoeftes van die gemeenskap. Verskeie projekte word hier van stapel gestuur. Die Ring van Somerset-Wes NGK het ook hulself bereid verklaar om die projekte te ondersteun.

**VGK Philippi**

Die gemeente te Philippi het 'n bedieningspunt te New Woodlands. Die Kerkgebou se buitemure is klaar gebou asook die dak, maar fondse sal benodig word om die binnekant van die Kerk klaar te maak. Die bedieningspunt is eintlik 'n volwaardige gemeente en sodra die kerkgebou gefinaliseer is, sal daar sekerlik gedink word aan afstigting.

**VGK Zoar (Van Wyksdorp)**

Die VGK Zoar het 'n bedieningspunt te Van Wyksdorp maar het gepoog om 'n plek vir aanbidding te bekom. Ons gee R90 000 lening om 'n kerkgebou op Van Wyksdorp te koop! Groot opgewondenheid heers hieroor.

**VGK Scottsdene**

Die VGK Scottsdene is volledig multi-kultureel deurdat hulle die Wallacedene plakkerskamp ook bedien. Hulle het die afgelope jare die mooiste kerksentrum begin bou en die projek is byna voltooi.

**VGK Motherwell**

Soos vele ander Xhosa sprekende gemeentes sukkel die VGK Motherwell om 'n plek van aanbidding in die onderskeie uitbreidings te vestig. Die gemeente het wel 'n Kerkgebou, maar met die hulp van GKS en ander vennote is hulle besig om 'n pastorie en kerkkompleks op te rig in een van die ander uitbreidings.

**VGK Philadelphia**

GKS is al die afgelope paar jare baie betrokke by die bediening te Philadelphia. Ons kyk na moontlike hulp om 'n leraar daar te vestig in samewerking met NGK. Ons neem kennis dat Klipheuwel en Philadelphia afstig van Robinvale en van die vele uitdagings daar.

## 6. BESTUUR

Die Kantoor word tans beman deur Dr. Braam Hanekom (NGK) en Ds. Peter Adams (VGK), wie elkeen in 'n 50%-hoedanigheid diens doen. Die sekretaresse is me. Marinda Finnemore. Tydens die reses het ds. Johnny Hartney na die bedanking van ds Andrew Esterhuizen 'n tyd afgelos en het kosbare diens die afgelope tyd in die kantoor gelewer.

GKS word verder gelei deur 'n raad van 12 lede, wat saamgestel is deur verteenwoordigers wat deur die onderskeie sinodes benoem is. Daar vind ook gereelde dagbestuur en PSD-vergaderings plaas. Daar vind gewoonlik 3 Raadsvergadering per jaar plaas. Die Raad is egter ook verdeel in Taakspanne:

- Finansies
- Navorsing en Toerusting
- Projekte
- Kommunikasie

## 7. KOMMUNIKASIE

Deel van ons visie is om d.m.v. van gereelde kommunikasie die saak van kerkplanting en gemeente-ontwikkeling voortdurend op die agenda van gemeentes te hou. Graag verwys ons in die verband weer na ons **webblad,** www.gks.org.za (ook 'n skakel via Communitas), en ons **Nuusblad** wat elke semester uitgaan. Groot dank aan ***Bybel Media*** wat ons ruim finansieel ondersteun om dit moontlik te maak.

Daar gaan ook maandeliks 'n **gebedsbrief** na al die Ringsverteenwoordigers en 'n lysie gebedsondersteuners. Persone wat dit graag wil ontvang moet asseblief met ons kantoor in verbinding tree of stuur u epos na go@kaapkerk.co.za met u versoek om die gebedsbrief te ontvang.

GKS het ook probeer om gemeentes te help met rekenaars en internet fasiliteite vir 'n jaar. Verskeie gemeentes, soos Fraserburg, Sutherland, Mqanduli, Dikeni, Kwanjoli en Mfuleni is met hierdie fasiliteite gehelp.

## 8. FINANSIES

By GKS word dit al duideliker dat ons, in lyn met ons sinodale uitgangspunt, nie self werk wil doen wat deur gemeentes gedoen kan en moet word nie. Die rol van GKS, soos met alle kommissies, moet dus veel eerder bemagtiging en energerend van aard wees. Daarvoor wil ons graag kapasiteit skep wat aan gemeentes deurgegee kan word. Hiervoor is fondse nodig en speel ons begroting 'n belangrike rol.

Ons is dankbaar om te sê dat ons in die boekjaar 2010/2011 begroot het vir die uitbetaling van **R1,365,000 aan 22 projekte.**

Die fondse kom deur middel van fondsinsamelings, bydraes van gemeentes en donateurs en rente-opbrengs uit reserwefondse wat ons oor die jare opgebou het. Dit voel steeds soos 'n druppel in die emmer, maar ons wens ons kon al die stories deel van klein, arm gemeentes aan wie se bestaan dit werklik 'n verskil kon maak. Soms is dit so eenvoudig soos 'n tuin en 'n paar bome in Ysterplaat of dalk so groot soos 'n nuwe kerk kompleks in Scottsdene.

Dit is egter ook belangrik om te verstaan dat GKS multi-kultureel werk en 'n diens aan alle geloofsgemeenskappe lewer. Ons vertrou dat die Here ons sal help om te voorsien in hierdie behoeftes en ook sal help om die evangelie op 'n waardige wyse te kan bedien.

Dat kinders van die Here op mekaar aangewese is vir materiële balans, is vir Paulus ononderhandelbaar. Om die punt te beklemtoon haal hy aan uit die geskiedenis van die Israeliete wat manna in die woestyn versamel het (2 Kor 8:12-15): "Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie nie te min nie." Hy skryf na aanleiding van die oortuiging dat die Here van sy kinders verwag om tasbaar vir mekaar om te gee: "As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie. Ek bedoel nie dat julle gebrek moet lei om ander te help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek lei. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek lei, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig." Ons is op u, ons vennote se welwillendheid aangewese.

'n Groot, groot dank aan elke deurkollekte en almal wat bygedra het.

***Dit is belangrik om te verstaan dat in al hierdie gevalle daar ook deurlopende konsultasie en begeleiding van die projekte plaasvind en dat daar nie net bloot geld oorbetaal word nie.***

## 9. NAVORSING, KONFERENSIES EN GESPREKSGELEENTHEDE

GKS is tans besig met 'n hele aantal navorsingsonderwerpe wat verband hou met ons kernbesigheid, naamlik **Kerkplanting, evangelisasie en leierskap**. Verwante onderwerpe word ook hanteer. Die volgende kwessies is in gespreks-/ navorsingsgroepe hanteer:

- Kerkplanting en die doop in gereformeerde konteks.
- DCPI kerkplantingskursus in samewerking met die CPA – Church Planting Alliance. Waarom evangelisasie vandag?
- Evangelisasie/ die Kerk en die moderne elektroniese media (Beplan vir Oktober/November).

- Kerkplanting in my eie konteks – gespreksgroepe.
- Bediening aan Franssprekendes.

## 10. EENHEID EN SAMEWERKING

Dit is vir ons lekker om te rapporteer dat die GKS-raad as eenheidskommissie goed funksioneer en dat daar 'n hartlike gees van samewerking en ondersteuning heers. Ons werk ook hard aan die verdere uitbou van eenheid deur o.a. kanselruilings tussen die VGK en NGK te fasiliteer, asook om vir predikante van die verskillende kerke betrokke, gesamentlike blootstellingsoefeninge, met die oog op Kerkplanting te reël. Persone wat ook hierin belangstel kan gerus met die kantoor kontak maak.

## 11. UITDAGINGS WAARVOOR DIE GKS KANTOOR TE STAAN KOM

*1. Gebrek aan vaardighede en opgeleide leierskap wat die dinamika en uitdagings van Kerkplanting verstaan. Wie stel ons aan, al het ons die geld of sou ons dit in die hande kry?*
*2. Gemeentegrense en hoe dit die proses van Kerkplanting soms negatief strem.*
*3. Hoe "ontwikkel" jy in 'n tyd waar die kerk "krimp"? Vir baie maak dit nie sin nie. Talle verstaan nie die noodsaak van Gemeente-Ontwikkeling nie.*
*4. Gebrek aan kontekstuele-relevante navorsing binne SA en die VGK/NGK konteks.*

## 12. MOONTLIKE AKSIES VIR DIE PAD VORENTOE

- *Opleiding van Leraars(studente) en verdere navorsing behoort aandag te kry*
- *Vestiging van netwerke tussen gemeentes*
- *Fondswerwing*
- *Uitbou van ons kommunikasie strukture*

## 13. AANBEVELINGS:

*13.1 Die Sinode neem kennis van die werk wat deur GKS gedoen word veral t.o.v. projekte binne die NGK Streeksinode en keur die permanente voortbestaan van GKS goed.*

*13.2 Die Streeksinode moedig gemeentes en ringe aan om in die lig van die veranderde konteks groot erns met die saak van GO te maak. Dit sluit in die bediening aan kerklos lidmate/ evangelisasie; netwerkvorming en die vestiging van nuwe bedieningspunte in.*

## VRAE VIR MOONTLIKE BESPREKING BY SINODE:

**Belangriker as die verslag self, is dit vir ons belangrik dat daar tydens die Streeksinode tyd gemaak word om oor die stand van die kerk self en die pad vorentoe gepraat word. Natuurlik bring dit die saak van Nuwe Gemeente-Ontwikkeling op die tafel:**

**1. Laat die Sinode praat oor die 3-5 belangrike redes waarom ons NIE kan bly waar ons is nie.**
**2. Is ons eerlik as ons sê dat ons buitekerklike mense en/of kerklos mense bereik? Hoekom sê ons so – hoekom nie?**
**3. Alan Klaas het gesê dat die kerk onsigbare mure om ons bou wat mense effektief van ons af weghou. Wat sou dit wees? Uitdaging: Kry iemand buite die kerk en laat hy/sy vir ons kom vertel.**
**4. Soms beteken vernuwing en ontwikkeling teruggaan na die ou basiese waarhede. Wat sou dit vir ons in ons dag en konteks beteken?**
**5. Stelling: Die kerk is te behep met "evangelisasie" en het die woord "dissipelskap" verloor. Dissipelskap was Jesus Christus se opdrag en plan vir die wêreld: bespreek.**

## 14. BEDANKINGS

GKS wil graag die Streeksinode bedank dat ons die afgelope 3 jaar die Here en sy Kerk op die wyse kon dien. Ons wil ook graag alle donateurs bedank en almal wat vir die werk van GKS bid dankie sê.

Ons wil bid dat die Streeksinode 'n Geesvervulde moment sal wees in die teenwoordigheid van God. Ons wil bid dat al u besprekings onder leiding van God se Heilige Gees sal geskied.

**Ds Peter Adams**
**Dr Braam Hanekom**

# B9: VOORLEGGING VAN DIE KOMMISSIE VIR PREDIKANTEBEGELEIDING (SKP)

* Doel

– Om Predikante op veler wyse te ondersteun sodat hulle hul Roeping, Rol en Taak verstaan / identifiseer en met vreugde kan uitleef binne die konteks waarbinne hulle hul bevind.

**Sinode van Wes- en Suid-Kaap**

– Aantal gemeentes 229
– Aantal lidmate 21 6217
– Aantal dominees 409
– Di uit diens 1/7/09-1/7/10 10
– Toetredes 1/7/09-1/7/10 14
– Brugpredikante in bediening 7

**Bediening**

A * Meeste dominees kan hul roeping uitleef

* Meeste gemeentes wil 'n verskil maak in die konteks en wêreld

* In sommige gemeentes is daar onduidelikheid oor die rol en taak van die dominee

* In sommige gemeentes is die kerkbegrip ongesond en die gerigtheid is na binne

B * Kompetisie tussen gemeentes en verskillende kerke plaas baie druk op dominees

* Sommige dominees worstel met teologiese onsekerhede

* Daar is sommige dominees vir wie die volgende geld:

- Lone ranger
- Cowboys don't cry

C * Daar is dominees wat hulleself nie versorg nie, deurdat hulle nie tyd maak vir stilte en kontemplasie nie

* Daar is dominees wat verleer het om te speel en met God-Drie-Enig saam te 'dans'

* Daar is dominees wat onderskeidend leef en vreugde vind in die lewe en bediening

**Vraag om te vra**

- Hoe goed ken jy jouself om eerlik op bogenoemde vrae te antwoord?
- Het jy 'n persoon, mentor, groep met wie jy kan klankbord?

**Wyse van Dienslewering deur SKP**

- SKP-Ringsverteenwoordiger in elke Ring
- Werksaamhede word deur SKP-Ringsverteenwoordiger aan gemeentes bekend gestel
- SKP as deel van Communitas wat aan gemeentes en dominees diens lewer
- Kommunikasie tussen PSD en Dominees / Gemeentes

**Begeleidingsmoontlikhede**

- Persoonlike gesprekke
- Retraites
- Kursusse
- Wegbreek-geleenthede
- Mentorskap
- Brugpastoraat
- Induksie-proses
- Ondersteuningsgroepe
- Standplaasverwisseling
- Zebra uitruil-geleentheid

**DVK / Predikante-Gesprekke**

- Gespreksgeleenthede tussen DVK's, Predikante en verteenwoordigers van SKP en die Diensteverhoudingskommissie
- Tot hede is alle ringe, op drie na, besoek
- Uitkoms:

– Baie positiewe terugvoer
– Goeie kommunikasie-geleentheid
– Onduidelikhede kon gehoor en gepraat word
– Nuwe waardering vir onderskeie rolle

**Inligting**

- Vir meer inligting kontak:

– Pierre Goosen (PSD)
- pmgoosen@sun.ac.za Sel 083 630 5676

– Wilhelm Burger, Theunis Botha, Theo Swart (Dagbestuur SKP)
- wb@ngkonrusrivier.co.za; tj.botha@mweb.co.za; theo@uitsigkerk.co.za

– Joanie Batt (Sekr)
- jcab@sun.ac.za
- Communitas-webwerf
- A-Z Handleiding

# B10: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR VROUELIDMATE (SKV)

INLEIDING

Die kommissie vir Vrouelidmate verstaan haar rol as 'n roeping om tot God se eer, vroue te inspireer te ondersteun en te begelei in hulle unieke bediening in gemeentes van die Wes-en Suid-Kaapse sinodale gebied. Vrouebedieninge word aangemoedig om vroue se spesiale gawes te ontsluit en hulle potensiaal te ontwikkel om die plaaslike gemeente te bou en getuies in plaaslike gemeenskappe te wees.

FOKUS

Die kommissie het die afgelope termyn op die volgende gefokus

1. Deurlopende inspirering, ondersteuning en begeleiding van vrouebedieninge in die streek. Dit is gedoen deur kontak op verskeie vlakke, die beskikbaarstelling van hulpmiddels, voorsiening van inligting oor kerklike aangeleenthede/behoeftes en die skep van 'n netwerk tussen vrouebedieninge.
2. 'n Behoeftebepaling is onder vrouebedieninge gedoen tov die dienste/rol van die sinodale kommissie vir vrouelidmate. 'n Vraelys is gebruik en ringe en gemeentes is besoek om kennis te neem van hulle mening.
3. Die herposisionering van die kommissie. Baie tyd is bestee aan visioneringsgesprekke waarby verskeie fasiliteerders betrokke was om oor die rol van die sinodale kommissie te herbesin.

**SPESIALE VERMELDINGS**

Die kommissie kan getuig van die volgende

1. God seën gemeentes en gemeenskappe deur die betrokkenheid van vrouelidmate by plaaslike barmhartigheidswerk, getuienisaksies en die versorging van vrouelidmate deur ondersteunigsnetwerke en geestelike verryking.
2. Daar is tans 140 gemeentes in die Wes-Kaapse sinode wat vrouebedieninge het. Hierdie vrouebedieninge het elk 'n eiesoortige karakter en lewer 'n unieke bydrae en getuienis in die Koninkryk.
3. 'n Geletterdheidsprojek, **Projek ABC leer LEEF** is met die ondersteuning van vrouebedieninge en geloofsgemeenskappe met groot sukses oor die afgelope 5 jaar geïmplimenteer. **ABC** staan vir **Armoede ... Bemagtiging in Christus**. Ons droom was om gemeentes bewus te maak van die nood waarin armes verkeer en dat ons die liefde van God en die omgee van die liggaaam van Christus kan LEEF deur uit te reik. Die fokus van die projek was onderrig en opleiding van kleuters en ongeletterde/ onopgeleide volwassenes.

Oor die afgelope vyf jaar is

- **Bokse vir Buksies** as 'n praktiese instrument ontwikkel om voorskoolse stimulering te bevorder. 'n Boks word gevul met 10x2*l* roomysbakke vol apparaat wat in voorskoolse klasse en veral in agtergeblewe gemeenskappe en landelike gebiede gebruik kan word.
- Ongeveer **500 Bokse vir Buksies** is deur gemeentes gemaak en plaaslik versprei. Gemeentes het op die wyse betrokke geraak by voorskoolse opleiding, toerusting van persone wat die Bokse gebruik en die ondersteuning van kleuterskole.
- **Badisa** het in 2010 begin om die eerste gemeenskaps ontwikkelingsbeamptes, maatskaplike werkers en mammas op te lei in die gebruik van die Bokse vir Buksies in die Skiereiland en die Suid-Kaap as deel van hulle ontwikkelingsprogram wat gerig is op die vroeë kinderjare ontwikkeling.
- 'n **Geletterdheidspakket** om ongeskoolde volwassenes te leer lees en skryf, is deur Hilde Liebenberg van Bonnievale geskryf en getoets. Die kommissie het die pakket laat druk en het reeds ongeveer 40 daarvan landswyd versprei.

Daar is getuienisse van oor die hele sinodale gebied van volwasse tuinwerkers, huishulpe en plaasarbeiders wat nou self kan lees en hulle eie dokumente kan onderteken. Ons dank gaan aan vroue wat bereid is om die ekstra myl te loop en te belê in die ontwikkeling van mense.

4. Toerusting asook persoonlike- en geestelike verryking het plaasgevind deur vrouekampe (drie per jaar) wat gereël is in die Skiereiland, Suid-Kaap en aan die Weskus.
5. Gemeentes se vrouebedieninge het deur 'n vrywillige bydrae ,die kommissie in staat gestel om haar finansieël verpligtinge na te kom. Daar word voorsien dat die Spesiale Deurkollekte wat in 2009 deur die SFK aan die kommissie toegestaan is in die toekoms 'n beduidende bydrae kan maak tot 'n gesonder balansstaat.

**SLOT**

Al ons dank aan God wat vroue uniek geskep het en daagliks deur sy Gees vul en inspireer tot praktiese kerkwees. Dankie vir Kerkrade, predikante en 'n sinodale struktuur wat vir vroue die ruimte gee om hulleself volgens behoefte in bedieninge te organiseer.

**AANBEVELING**

**Die Sinode neem kennis**

# B11: VOORLEGGING VAN DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE KWEEKSKOOL, STELLENBOSCH

**Die Kuratorium doen verslag oor Teologiese Opleiding, terwyl die Kommissie vir VBO verslag sal doen oor die Voortgesette Teologiese Opleiding**

## 1 INLEIDING

### ONDERSKEID TUSSEN FAKULTEIT EN KWEEKSKOOL

Dit is belangrik om met die lees van hierdie verslag en ook in die algemeen duidelik te onderskei tussen die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch en die Teologiese Kweekskool van die NG Kerk.

Daar het die afgelope paar jaar 'n belangrike verskuiwing plaasgevind weg van 'n enkel-denominasionele inrigting na 'n ekumeniese fakulteit. Anders as in die verlede toe daar op Stellenbosch byna uitsluitlik NG Kerk-studente deur NG Kerk-dosente vir die bediening opgelei is, bestaan die fakulteit tans ook uit dosente en studente van ander kerke.

Die belange van die NGKerk is duidelik in 'n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch verskans. Die NG Kerk het steeds inspraak in alle aanstellings in die fakulteit, asook in die kurrikulering en die bepaling van programme. Hierdie inspraak word veral via die Kerklike Skakelraad in samewerking met ander deelnemende kerke uitgeoefen.

Die benaming "Kweekskool" verwys nie net na die gebou van die NG Kerk waarin die fakulteit van die Universiteit kragtens ooreenkoms gehuisves word nie, maar ook na die kerklike tuiste wat op verskeie maniere vir die NG Kerk-studente geskep word. Reeds hier moet melding gemaak word van samewerking met die VG Kerk op alle vlakke vanuit die droom van een herenigde kerk.

## 2. INLIGTING

### 2.1 SAMESTELLING

Die Kuratorium word saamgestel uit 10 lede van die sinode van die NGK in SA en een verteenwoordiger uit elk van die ander sinodale gebiede. Die Voorsitter van die NG Kerk Dosenteraad dien ampshalwe op die Kuratorium terwyl die Dekaan van die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch met adviserende stem dien .

Die Kuratorium verrig sy take en dienste deur middel van die volgende subkommissies: Dagbestuur, Begeleidings-, Beurse- en Proponentskommissie.

### 2.2 KANTOORPERSONEEL

Die voltydse personeel in die kantoor van die Kuratorium is soos volg:

#### 2.2.1 Predikant in Sinodale Diens: Teologiese Opleiding

Ná die aftrede van dr MDJ Smith einde 2005, neem ds MP Sahd [mpsahd@sun.ac.za; tel 021 887 6819] waar t.o.v. die volgende verpligtinge: die koördinering en skribaat van al die werksaamhede van die Kuratorium, die Dagbestuur en sub-kommissies, skakeling met die Dosenteraad en die Universiteit in verband met teologiese opleiding, die hantering van studenterekords, die opbou van 'n inligtingspunt oor proponente met die oog op beroepe en deeltydse poste; ds M Britz (marie@moederkerk.co.za; tel 021 887 5020) sien om na die pastorale begeleiding van studente; dr L Joubert [lisel@kingsley.co.za; 028 388 0185] was in 2010 verantwoordelik vir die hantering van Aanvullende Kerklike Opleiding.

#### 2.2.2 Sekretaresse en Boekhoudster

Mev DA du Plessis [dadp@sun.ac.za; 021 887 6819] is die voltydse sekretaresse en mev E van der Merwe [021 887 6819] die boekhoudster en die persoon verantwoordelik vir die beurs/lenings.

#### 2.2.3 Assistentpos

Die Kuratorium en die Universiteit deel die dienste en besoldiging van 'n assistent, mnr Joseph Fillies (021 808 3435).

### 2.3 Pastorale Begeleiding en Versorging

Die Begeleidingskommisie kyk deurlopend na effektiwiteit van die begeleiding van studente en die werk van die Begeleidingskommisie. Die besef dat begeleiding nie altyd so geslaagd was nie, het gelei tot 'n indringende evaluering van die hele begeleidingsproses. Die begeleiding en pastorale versorging van studente in 2010 het soos volg verloop:

2.3.1 Ds Britz was die primêre versorger en begeleier van die studente. Die primêre versorging het individuele gesprekke met elke student behels asook opvolggesprekke en verdere pastorale versorging soos benodig. Indien van die studente reeds by 'n mentor is, in sy/haar tuisgemeente of die gemeente waar die betrokke student inskakel, het ds Britz van die bepaalde predikant 'n verslag aangaande die student verwag.

2.3.2 Ds Britz dien op die spiritualiteitskomitee van die fakulteit wat werksaam is rakende die spiritualiteitsbegeleiding en spiritualiteitsvorming van studente.

2.3.3 Ds Britz het ook sitting op die Fakulteit se Dosenteraad vir aangeleenthede wat studente se begeleiding en vordering raak.

2.3.4 'n Keuringskomitee is gevorm wat twee keer per jaar vergader om die keuring van studente te hanteer. Die komitee bestaan uit 'n voorsitter (dr BWG du Toit), die verteenwoordiger van administrasie en finansies van die Kuratorium (ds M Sahd), verteenwoordiger van die NGKerk-Dosenteraad (dr Robert Vosloo), pastorale versorger (ds M Britz).

Keuring geskied rondom die volgende aspekte:

* Akademiese vereistes soos bepaal deur die US, asook die voltooiing van Grieks en Hebreeus (akademiese rekord deur die US)
* Bybelkenniseksamen – al ses modules slaag (Kuratorium)
* Aktiewe betrokkenheid in 'n NGKerk-gemeente op Stellenbosch of in die omgewing (verslag van die spesifieke gemeente)
* Observasie in 'n gemeente aan die einde van die eerste akademiese jaar (verslag van die spesifieke gemeente)
* Emosionele en geestelike gesondheid (verslag van gemeente waar die student inskakel en van die studente-pastor/begeleier)
* Handhawing van 'n hoë sedelike lewe en morele waardes
* Gebruik "die profiel van die afgestudeerde student" as hulpmiddel

2.3.4.1 Gereelde klasgesprekke word gereël waar studente en pastorale versorger op informele wyse kan kuier. Dit bied studente ook die geleentheid om vrae en onsekerhede te kan lig. Hierdie geleenthede word ook gebruik as inligtingsgesprekke waar ander Kuratoriumlede inligting rakende sake in die kerk kan deel.

2.3.4.2 Alle studente het ook tydens hulle studies twee evalueringsgesprekke wat plaasvind met die pastorale sielkundige dr George Roux.

2.3.4.3 Daar vind tans ook gesprekke plaas met die Kuratorium van die VGKerk rondom die begeleiding en keuring van hulle studente in 'n poging die twee kerke se werk voortaan saam te voeg.

Studentegetalle NGK en VGK 2008-1010:

| **NGK** | **2008** | **2009** | **2010** |
|---|---|---|---|
| BTH I | 18 | 14 | 12 |
| BTH II | 19 | 18 | 14 |
| BTH III | 10 | 19 | 18 |
| BTH IV | 14 | 10 | 19 |
| MDIV | 5 | 14 | 10 |
| LISENSIAAT | 12 | 5 | 14 |
| **Totaal** | **78** | **80** | **87** |
| **VGK** | **2008** | **2009** | **2010** |
| BTH I | 5 | 9 | 2 |
| BTH II | 4 | 5 | 9 |
| BTH III | 4 | 4 | 5 |
| BTH IV | 9 | 4 | 4 |
| MDIV | 4 | 9 | 4 |
| LISENSIAAT | 0 | 4 | 9 |
| **Totaal** | **26** | **35** | **33** |
| **NGK + VGK** | **104** | **115** | **120** |

## 2.4 FAKULTEIT

Die Dekaan het by die Gesamentlike Kuratoria van 2010 soos volg verslag gedoen:

Dit is 'n eer en 'n voorreg om verslag te doen aan die Gesamentlike Kuratoria van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA). Die Universiteit van Stellenbosch (US), en hierdie fakulteit, koester die amptelike vennootskappe met hierdie kerke.

Inderwaarheid vier ons vanjaar tien jaar van die VGKSA by die US! Ek kyk eerstens graag 'n bietjie nader na hierdie besonderse verhouding.

### VGKSA en die Universiteit van Stellenbosch

Die VGKSA het aan kerke, die akademie en die wyer Suid-Afrikaanse gemeenskap, die res van Afrika en wyer 'n groot geskenk gegee. Dié gawe is die Belydenis van Belhar 1986. Met dié belydenis bely die VGKSA die boodskap van die God wat mense saamroep en vir hulle sorg; van die God wat aan sy diversiteit van mense eenheid in nabyheid, eenheid in verskeidenheid, eenheid in vryheid skenk; van die God wat hulle versoen te midde van soveel vorme van vyandskap, of dit nou rassisme, seksisme, homofobie, xenofobie, gestremd-isme of ouderdom-isme is; 'n God wat medelydende geregtigheid bring vir sy hele skepping en alle skepsels, veral die mees weerloses; van die God wat Homself openbaar in Jesus Christus, wat Heer is aan wie ons alle eer bring.

Gedurende die afgelope tien jaar is die US

verryk deur die mense van die VGKSA wat streef om hierdie reddende evangelie-waarhede te bely en beliggaam. Dit sluit in VGKSA studente en dosente, lidmate en Kuratoriumlede. Hierdie VGKSA-lede op Stellenbosch staan in die tradisie van Belhar en impakteer positief op die US en die Fakulteit Teologie.

**Stellenbosch as die NGK en die VGKSA se kennisvennoot**

In 1999-2000 het die US die Oorhoofse Strategiese Raamwerk (OSR) opgestel, waarin die universiteit homself daartoe verbind het om 'n uitnemende kennisvennoot te wees vir al die gemeenskappe van Suid-Afrika en die res van Afrika, en waarin die universiteit die ongeregtighede van die verlede bely het, en hom verbind het tot 'n toekoms met geregtigheid vir almal.

Ingevolge dié Raamwerk is die universiteit verbind tot die najaag van wetenskap vir die samelewing; om 'n baken van hoop op die vasteland Afrika te wees deur ons drie kern-funksies van navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie; om te beweeg van 'n geskiedenis van eksklusiwiteit na inklusiwiteit; om deel te neem aan prosesse van aequitas, i.e. prosesse van regtrekking, soos Calvyn dit beskryf het: doen restitusie, verwyder die onregte en ongelykhede, en skep 'n nuwe gemeenskap met meer ewewig. Dit universiteit wil bydrae tot die verwesenliking van die Millennium-Ontwikkelingsdoelwitte van die Verenigde Nasies, en het besluit om te fokus op vyf sentrale tema's, naamlik die bestrying van armoede en verwante kondisies; bevordering van menswaardigheid en publieke gesondheid; demokrasie en menseregte; tegnologie en ekologiese volhoubaarheid; vrede en omvattende veiligheid. Die Fakulteit Teologie het gekies om, as uitdrukking van ons eer aan God, van ons strewe om te lewe soli Deo gloria, te fokus op die bevordering van menswaardigheid en die bestryding van armoede.

**Die Fakulteit Teologie en die NGK en VGKSA**

Verlede jaar het ons 150 jaar van teologiese opleiding in Stellenbosch gevier. As fakulteit streef ons om teologie te beoefen wat die kerk, die akademie en die breër gemeenskap in Suid-Afrika, die res van Afrika en globale gemeenskappe dien. Ons beoefen ekklesiale teologie, met ander woorde, ons beoefen teologie as mense wat deel is van die kerk, ons beoefen teologie met die kerk en vir die kerk.

**Personeel en studente**

Ons personeel het die afgelope paar jaar dramaties gegroei. Ons het nou 20 akademiese en 17 steunpersoneellede. Vanjaar het prof Julie Claassens (mede-professor in Ou Testament en navorsingsleier van die fakulteit se Menswaardigheidsprogramme), dr Mary-Ann Plaatjies van Huffel (senior lektor in Ekklesiologie), me Shantelle Weber (junior lektor in Praktiese Teologie – Jeugwerk) en me Bonita Robyn (administratiewe beampte) by ons aangesluit. Ons hoop om in die nuwe jaar nog twee aanstellings te doen – in Missiologie en Nuwe Testament, onderskeidelik. Daarmee sal ons die behoeftes aanspreek wat uitgewys is deur ons eksterne evalueringsproses van 2008, asook deur die gesprekke met kerklike vennote. Professore Louis Jonker en Johan Cilliers is bevorder tot vol professor. Me Elmé Bosman se pos is opgegradeer van 'n vyf-agstes tot 'n vol pos. As spraakdosent in die vakgebied homiletiek en liturgiek bied sy unieke kundigheid in teologiese opleiding in Suid-Afrika.

Volgens registrasiesyfers het ons in Junie 2010 483 studente gehad, waarvan 70 persent nagraads is. Ons voorgraadse student is hoofsaaklik van die NGK en die VGKSA, hoewel daar ook al meer studente is van ander denominasies, veral die Anglican Church of Southern Africa (ACSA). Ons nagraadse studente kom van 'n wyer verskeidenheid kerke in Suid-Afrika, die res van Afrika, Suid-Korea en ander wêrelddele. Ons is veral opgewonde oor ons Nagraadse Diploma in Teologie wat vir mense met grade in ander dissiplines die geleentheid bied om nagraadse teologiese studies te volg.

Drie van ons studente het vanjaar die rektor se toekenning ontvang: vir uitnemende akademiese prestasie sowel as die universiteitsmedalje vir die beste magisterstudent (Manitza Kotzé), vir uitnemende akademiese prestasie (Nina Müller) en vir uitnemende leierskap (Nadia Marais).

**Navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie (vgl. verslae van dissiplinegroepe)**

Die drie kernfunksies van die fakulteit, naamlik navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie, is twee jaar gelede ekstern geëvalueer, met baie positiewe verslae.

Die navorsings-uitsette van die fakulteit bly die hoogste per capita aan die universiteit. Ons is geseën met 'n toegewyde, bekwame en diverse personeel. Die gehalte van navorsing geniet internasionale erkenning. 'n Groeiende getal voltydse personeellede (tans vyf) is Nasionale Navorsingstigting-geakkrediteerde navorsers. Verlede jaar is proff Johan Cilliers en Nico Koopman, asook dr Robert Vosloo tot hierdie lys toegevoeg. Die koers van die suksesvolle afhandeling van meesters- en doktorale grade is gunstig. Die goeie navorsingsuitsette en die sukseskoers van voor- en nagraadse studente maak die fakulteit finansieel volhoubaar in terme van die huidige staatsubsidie-formule.

Wat onderrig betref is ons verbind tot die sogenaamde toelating met sukses benadering. Ons wil dus studente suksesvol toelaat en verseker dat hulle hul studies suksesvol voltooi. Die Universiteit het daarom 'n Eerstejaars-Akademie gestig, mentoren tutor-stelsels ingestel en streef om 'n vriendelike en verrykende institusionele kultuur te vestig. Die studentesukseskoers van ons universiteit en fakulteit is van die hoogste in die land. Ons belê tans in die navorsingskapasiteitsontwikkeling van nagraadse studente met die doel om die voltooiing en sukseskoers van nagraadse studente te verhoog.

Deur navorsing en onderrig streef die fakulteit om 'n impak te maak op die breër gemeenskap. In daardie sin is die fakulteit deurlopend gefokus op diens aan ons gemeenskappe. Ons is ook betrokke by gemeenskapsinteraksie deur die werk van ons sentra. Die afgelope drie jaar het die BNS, byvoorbeeld, 'n gesamentlike navorsingsprojek oor globalisasie gedoen op versoek en finansiering van die VGKSA en die Evangelisch Reformierte Kirche in Duitsland. Hierdie navorsing was namens die kerke gelei deur dr Johan Botha (kerklike praktykebeen), prof Allan Boesak (navorsingsbeen) en prof Nico Koopman (voorsitter van die koördineringskomitee). Prof Boesak se driejarige rol as buitengewone professor en navorsingsleier van die globalisasie-projek het met die voltooiing van hierdie projek aan die einde van Junie 2010 ten einde geloop.

**Nuwe curriculae**

Die fakulteit, in noue samewerking met vennootskapskerke, hersien tans ons curriculae. Die nuwe curriculae wil die behoeftes van ons ekklesiale en sosiale kontekste beter aanspreek, en ook voldoen aan die mees onlangse vereistes van die Departement van Hoër Onderwys. 'n Nuwe graadstruktuur sal in 2012 geïmplementeer word met 'n drie jaar BDiv-, 'n een jaar BDiv- Honneurs en 'n een jaar MDiv-graad. Die Lisensiaatprogram (vir die kerke wat dit vereis) sal vervang word deur 'n Nagraadse Diploma in Kerklike Bediening. Die huidige DTh maak plek vir 'n PhD. Drie-jarige -BTh-grade in jeugwerk aanvanklik, en later ook pastorale sorg en gemeenskapsontwikkeling, sal ook aangebied word.

**Gesamentlike uitdagings**

Ons neem graag die hande van ons kerklike vennote, die NGK, die VGKSA en die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, op die Kerklike Skakelraad van die Universiteit Stellenbosch, om gesamentlike uitdagings aan te spreek. Die Anglican Church of Southern Africa het waarnemer-status op die Skakelraad en onderhandel tans met die Universiteit om 'n volle vennoot te word.

Sommige van ons gesamentlike uitdagings as fakulteit en kerklike vennote het reeds ter sprake gekom:

- Toepaslike teologiese opleiding vir ons uitdagende kerklike en sosiale konteks.
- Die vorming van predikante wat die prosesse van eenheid, versoening en geregtigheid dien.
- 'n Herlewing van die wonderlike roeping van verbi divini minister in 'n konteks waar die Christelike geloof groei, en die rolle van predikante geherdefinieer word. Ons moet saam mense opgewonde maak oor kerklike bediening, en dit vir hulle moontlik maak om hierdie roeping uit te leef.
- Gereformeerde teologiese opleiding in die konteks van ekumenisiteit.
- Getroue teologiese arbeid in die konteks van inter-dissiplinariteit en die druk van korporatiewe modelle op akademiese instellings.
- Hoër vlakke van universiteitstoeganklikheid vir studente.
- Bekostigbare teologiese opleiding – ons moet meer mense en instansies uitnooi om teologiese opleiding te help borg.
- Die voorsiening van bekostigbare leraars in die konteks van talle vakante gemeentes wat nie leraars kan bekostig nie.
- Die deurlopende kommunikering van ontwikkelinge by die Fakulteit aan verskillende rolspelers.
- Die harmonisering van sogenaamde akademiese teologie en kerklike teologie.
- Die omvattende welwees van ons studente.

**Opsomming**

Ons dank die NGK en die VGKSA, en spesifiek die Kuratoria, vir 'n gekoesterde vennootskap en hul noodsaaklike rol in die welwees van ons studente. Die fakulteit, universiteit, kuratoria en toenemend gemeentes werk saam om die verskeie behoeftes en uitdagings van ons studente aan te spreek en hul welwees te verhoog. Ons sien uit na steeds dieper en sterker bande met ons kosbare vennote.

## 3. ENKELE WESENLIKE SAKE RAKENDE TEOLOGIESE OPLEIDING

### 3.1 DEURLOPENDE BESINNING

Die Kuratorium is daarvan oortuig dat 'n grondige praktykgerigte teologiese opleiding onontbeerlik is vir 'n predikant in die NG Kerk. Die Kuratorium werk daarom aktief mee aan teologiese opleiding wat beantwoord aan die eietydse behoeftes van die NG Kerk, en wat voornemende predikante so goed as moontlik toerus vir die uiteenlopende eise en uitdagings van die gemeentebediening. Daarby is die Kuratorium daarvan oortuig dat spesifiek teologiese opleiding een van dié terreine is waar die NGKerk vandag 'n belangrike bydrae in breër verband kan lewer. Ons glo met beskeidenheid

dat die NGKerk oor die teologiese kundigheid beskik wat, as dit verbeeldingryk aangewend word, 'n verskil kan maak oor denominasionele en geografiese grense heen.

Met die oog op die realisering van hierdie visie –toerusting vir eie behoeftes en dienslewering na buite - is daar die afgelope termyn herbesin oor die aard en effektiwiteit van teologiese opleiding. Die Kuratorium het veral nagedink oor die Aanvullende Kerklike Opleiding waarvoor die Kuratorium verantwoordelikheid aanvaar en wat studente beter sal toerus en blootstel aan die praktyk van kerklike bediening. Op Algemene Sinodale vlak het die aanvaarding van die A-Z Beleid Aangaande Predikante verder ook implikasies vir die teologiese opleiding ingehou.

## 3.2.BETROKKENHEID BY GEMEENTES

Een aspek van die diens wat die Kuratorium wil lewer is om toe te sien dat die opleiding van predikante so ver moontlik aan die behoeftes en verwagtinge van die kerk voldoen.

Dit is daarom wesenlik belangrik dat teologiese opleiding deurgaans in voeling sal bly met die praktyk van gemeentebediening. Met die oog daarop is die band tussen die Kweekskool en gemeentes op verskeie maniere versterk. Van teologiese studente word byvoorbeeld verwag om gedurende hulle studiejare aktief by gemeentes betrokke te wees. Hierdie aspek geniet nog verdere aandag binne die Aanvullende Kerklike Opleiding waar die oogmerk is om die studente tydens hulle studiejare aan bepaalde gemeentes te koppel. Die inkleding van die finale jaar (Lisensiaat) as 'n Gemeente- of Praktykjaar blyk ook 'n groot sukses te wees.

Voortgesette Bedieningsopleiding kyk verder daarna om op praktiese maniere die band tussen teologiese opleiding en voortgesette opleiding te versterk. Dit kan net tot wins vir teologiese studente wees om op hierdie manier, as deel van hulle kursus, groter blootstelling te kry aan die ervaringe en behoeftes van gemeentes en predikante in die bediening, asook aan die kursusse wat deel sal uitmaak van VBO.

## 3.3 AANVULLENDE KERKLIKE OPLEIDING

### 3.3.1.Agtergrond:

Die afgelope paar jaar het dit al hoe duideliker geword dat daar naas die formele akademiese aanbod deur die Fakulteit aangebied, ook 'n behoefte ontstaan het vir aanvulle kerklike opleiding. Dr Danie O'Kennedy was in 2009 verantwoordelik vir verdere besinning en beplanning rondom hierdie behoefte en het saam met 'n ad hoc-kommissie 'n beoogde program vir 2010 ontwerp. Dr Lisel Joubert het by hom oorgeneem in 2010.

### 3.3.2. Motivering

Die volgende voorstel het reeds in November 2009 voor die NGK- en VGK-Kuratoria gedien en is so aanvaar:

* Dat die beginsel aanvaar word dat Aanvullende Kerklike Opleiding naas die formele akademiese opleiding van die Fakulteit moet plaasvind (d.w.s. dat daar naas die formele akademiese baan 'n gelyklopende aanvullende kerklike baan sal wees).
* Dat beide die VGK en NGK daarna strewe om so ver as moontlik, Aanvullende Kerklike Opleiding saam aan te bied.
* Dat die kerke 'n groter teenwoordigheid by die Fakulteit sal hê en ingestel sal wees om verhoudinge met die studente te bou. Aanvullende Kerklike Opleiding kan nie slegs op 'n ad hoc basis aangebied word nie.
* Die ideaal is dat daar vanaf 2010 twee voltydse verteenwoordigers van die kerk by die Fakulteit sal wees (een elk van die NGK VGK). Die gawes van die twee persone sal waarskynlik verskil en die volgende twee fasette van die werk moet aandag geniet: (a) Bestuur, administrasie en fondswerwing; (b) Pastorale begeleiding, verhoudingsbou en kerklik-teologiese opleiding.

### 3.3.3. Terugvoer 2010:

i) Die opdrag aangaande implementering van Aanvullende Kerklike Opleiding vir studente van beide die VGK en NGK is as volg verstaan:

a) Dat daar so ver moontlik vir al die jaargroepe 'n kerkweek sowel as twee naweke gereël moet word wat verpligtend is vir studente.

b) Dat daar meer fokus sal wees vanaf kerklike kant rondom spiritualiteitsvorming en blootstelling aan gemeentes. Die ideaal is om elke student aan 'n predikant in 'n spesifieke gemeente te koppel sodat blootstelling deurlopend kan plaasvind.

ii) Implementering:

Elke jaargroep het 'n ander fokus gehad en daar is een VGK en een NGK persoon geïdentifiseer wat die program opgestel en persone gereël het om hulle daarmee te help:

BTh 1: Jeug en gesinsbediening (Gielie Loubser en Ronnie Noemdoe)

BTh II: Kleingroepe/koinonia (Danie O'Kennedy en Paul de Wet)

BTh III: Uitreik (Frederick Marais en Johan Botha)

BTh IV: Pastoraat (Koos van der Vyfer en Andrew Esterhuizen)

MDiv: Homiletiek en liturgie (Shaun Burrows en Coenie Burger/Andries Cilliers)

Lisensiaat: Leierskap (Braam Hanekom en Peter Adams)

iii) Samewerking VGK en NGK
Vanweë die feit dat die VGK nie op die oomblik 'n persoon het wat die aanvullende opleiding van hulle kant af fasiliteer nie, het beide drr Mary-Anne Plaatjies-van Huffel en Natie Philander dr Joubert gevra om albei kerke se reëlings te hanteer. Die geleenthede was verpligtend vir VGK- en NGK-studente. Goeie samewerking is ervaar. Die Algemene Sinode van die VGK het dan ook hulle betrokkenheid by die proses bevestig.

iv) 'n Kerkweek is tydens 12-16/18 Julie 2010 gehou waar die meeste jaargroepe hulle toegespitse opleiding ontvang het. Die Lisensiaat-studente het in Augustus 2010 hulle kerklike week deurloop. Die kerklike week en ander geleenthede rondom die Aanvullende Kerklike Opleiding is oorwegend positief beleef. Bepaalde groeipyne rondom die organisasie van die kerklike week en die gesindheid van die studente sal aandag moet geniet.

### 3.4 SAMEWERKING MET DIE VGK

Die verskuiwing van die teologiese opleiding van die Verenigende Gereformeerde Kerk in 2000 vanaf die Universiteit van Wes-Kaap na Stellenbosch was vir die Fakulteit Teologie en die Kweekskool in alle opsigte 'n wins.

Die gesamentlike teologiese opleiding by die Kweekskool is vir die studente van beide kerke 'n verrykende ervaring, en in verskeie opsigte 'n waardevolle belegging vir die toekoms. Die studente leer mekaar ken, vorm vriendskapsverhoudinge, slyp mekaar binne die klassituasie en word spontaan deel van die dinamika van die herenigingsproses.

'n Samewerkingsooreenkoms tussen die twee Kuratoria is opgestel en die twee dagbesture is gevra om verder aan die ooreenkoms te werk en te implementeer. Hierdie ooreenkoms is in 2010 beide deur die Moderamen van die NGK en die sinode van die VGK aanvaar. Die onderskeie dagbesture vergader maandeliks gesamentlik en afsonderlik en die subkommissies van die onderskeie kuratoria is besig om hulle werksaamhede gesamentlik nader aan mekaar te bring. 'n Gesamentlike legitimasieplegtigheid word jaarliks in November gehou.

### 3.5 TEOLOGIESE OPLEIDING IN BREËR VERBAND

Die Fakulteit lewer reeds diens aan verskeie ander denominasies, en talle nagraadse studente uit veral Afrika-lande is die afgelope paar jaar op Stellenbosch opgelei.

Die Kuratorium bied beurse aan en help met die finansiële en administratiewe aangeleenthede van talle studente wat uit verskillende Afrika-lande hulle studies aan die Fakulteit voortsit.

### 3.6 HEREVALUERING VAN DIE HUIDIGE GEÏNTEGREERDE KURSUS

Die Algemene Sinode het versoek dat 'n diepgaande evaluering gedoen moet word van die voor- en nadele van die huidige geïntegreerde teologiese kursus (Stellenbosch: BTh/MDiv/Lisensiaat). Hoewel die kursus bepaalde voordele inhou, is daar 'n groeiende besorgdheid oor sekere nadele.

Die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO) is die afgelope paar jaar gereeld op hoogte gehou met die vordering vordering aan die gradestruktuur soos wat dit voorgestel is deur die Standardarized Generating Body vir teologiese opleiding. Hieraan het verskillende rolspelers meegewerk soos die South African Council for Theological Education en die Forum for University Theological Education. Die uitkoms van hierdie proses is reeds onder 2.4 genoem. Verder word daar by die verskillende opleidingsentra aandag aan herkurrikulering gegee. Die kerklike vennote is ten nouste by die hele proses betrokke.

### 3.7 TWEEDE LOOPBAANSTUDENTE EN ALTERNATIEWE BANE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

AKTO gee tans ook aandag aan die toeganklikheid van die opleiding vir persone wat in 'n later stadium van hulle loopbaan verdere teologiese opleiding verlang met die oog op groter diensbaarheid in gemeentes.

Daar is ook aandag gegee aan alternatiewe bane van opleiding soos byvoorbeeld die opleiding en bevoegdheid van jeugwerkers en dowe lidmate as predikante. Die Algemene Taakgroep Regte is versoek om die alternatiewe bane van opleiding te ondersoek en daaroor met die Familie van NG Kerke in gesprek te bly.

**Namens Kommissie**
**MP Sahd**
**Waarnemende PSD: Teologiese Opleiding**

# B12: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)

## 1. Waar kom VBO vandaan?

Dit is deel van die NG Kerk se amptelike A-Z BELEID AANGAANDE PREDIKANTE en neem as uitgangspunt dat predikante by lewenslange leer betrokke is. Die Algemene Sinode het in Junie 2007 'n sterk besluit oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling geneem. Die besluit het twee wesenlike punte: dit maak VBO verpligtend en afdwingbaar vir alle predikante, maar bepaal ook dat die sisteem en inhoud van VBO voortdurend met predikante onderhandel moet word.

## 2. VBO se Kernwaardes

VBO gaan oor die verdieping van ons kennis en insig in die **waarheid van die evangelie**, ons ingesteldheid teenoor ons **roeping** en ons werk en oor die slyping van ons **bedieningsvaardighede**. Maar dit gaan veral ook oor ***konstante leerbaarheid*** en oor die ***moed*** om in nuwe situasies in te gaan met die vertroue dat die Here ons kan leer en 'n weg kan wys wat ons nie vooraf helder gesien het nie. Die kernwaardes van VBO kan dus as volg opgesom word:

- Die voortgesette verdieping van ons kennis, insig en geloof in die evangelie.
- Die bevordering van geestelike groei, roepingsverdieping en persoonsontwikkeling.
- Slyping van bedieningsvaardighede vir missionêre gemeentes in diens van die koninkryk vandag.
- Om getrou aan ons gereformeerde tradisie te bly slyp aan ons vermoë om teologies te onderskei.
- Die behoud en bevordering van bedieningsvreugde en bedieningsmoed.

## 3. Hoe gaan dit met VBO?

Met vrymoedigheid kan gesê word dat dit goed gaan met VBO in ons sinodale gebied en ook wyer in die NG Kerk. Ons is nou drie jaar aan die gang en in die tyd het 392 van die 401 leraars in ons streek VBO-geleenthede van een of ander aard bygewoon.

Wat die driedagkursusse betref (waarop ons tans fokus) het ongeveer 77% van die NGK predikante in ons streek reeds 'n driedagkursus bygewoon.

In 2010 is 18 kursusse aangebied met 'n totale bywoning van 361 persone: 218 Wes-Kaap NGK predikante (waarvan 88 meer as een kursus bygewoon het) & 22 lidmate; 10 VGK predikante & lidmate – sommige meer as een kursus); 8 predikante van ander sinodale gebiede en 20 van ander denominasies.

Ons kan ook dankbaar byvoeg dat die terugvoer oor die kursusse baie, baie positief is. Ons weet van haakplekke hier en daar, maar is oor die algemeen oorstelp oor die positiewe en waarderende respons.

Ons dink dat die goeie terugvoer veral met vier faktore te doen het:

- Daar is 'n redelike groot variasie van kursusse - iets vir die meeste smake! Vanjaar se program werk met ten minste drie soorte kursusse: kursusse wat fokus op praktiese bedieningsvaardighede, kursusse wat fokus op teologiese inhoud en kursusse wat fokus op geestelike groei.
- Die kursusse is nie bloot lesings nie – daar is heelwat tyd vir gesprek en vrae.
- Die inhoud van die kursusse is gewoonlik goed – met 'n goeie balans tussen teoretiese kennis en praktiese kennis en planne.
- Die kleiner getalle (optimaal tussen 12-20) maak gesprek en goeie kontak moontlik. As ons nie meer as 20 mense by 'n kursus wil hê nie, moet ons ten minste 25 kursusse hê vir die meer as 500 leraars (NG en VG) in ons streek!

Ons plan is om van vanjaar af harder te druk dat deelnemers 'n kort praktiese verslaggie oor die kursus moet skryf wat ideaalgesproke met die kerkraad of 'n kommissie bespreek kan word. Dit is redelike algemene praktyk in ander werkkringe. Dit help mense om wat hulle gehoor en bespreek het, te internaliseer en dit gee tegelyk ook geleentheid vir 'n vernuwingsgesprek in die gemeente.

## 4. Hoe word punte verwerf? (volgende bladsy)

| Aard van Bediening | Totale verwagting | Aanbevole aantal ure (VBO punte) per jaar<br>(Deelname van 1 uur = 1 VBO punt) |
|---|---|---|
| Voltydse Bediening | 350 (per 7 jaar gleuf ) | 50 |
| Kapelane, tentmakers en predikante met bevoegdheid in ander beroepe | 210 (per 7 jaar gleuf) | 30 |

2 **Op watter maniere verwerf ek erkenning vir deelname aan VBO?**

| **Aard van deelname aan Voortgesette Bedieningsontwikkeling** | **Erkenning vir deelname (VBO punte) per jaar** | **Prosedure** |
|---|---|---|
| A:<br>**Kursusse/Studiegroepe** by Algemene Sinode se drie VBO-diensverskaffers (minstens 30 punte moet langs hierdie weg verwerf word: 20 punte vir bywoning; 10 vir terugvoering in terme van evaluering/werkstuk) | 30 minimum pj (gewoonlik 'n drie dag kursus) | Hierdie kursusse word deur die VBO-forum ontwikkel. Sinodale verteenwoordigers dien in hierdie Forum. |
| B<br>**Konferensies en/of eendag kursusse/werkswinkels** by Algemene Sinode se VBO-diensverskaffers | 10 maksimum pj | Voorbeeld: 'n Sinodale konferensie wat volgens die sinodale leiers kwalifiseer word in oorleg met een van die Sentra van die NG kerk (twv koördinering) geakkrediteer |
| C<br>Vol VBO- **Geakkrediteerde kursusse** | 30 (maksimum) pj | Ander instansies wat relevante kursusse aanbied, kan vir akkreditering aansoek doen. |
| D:<br>**Mentoraat** | 10 maksimum pj | Volgens besluit van die Alg Sinode en word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee. |

| | | |
|---|---|---|
| E:<br>**Verdere Studie (akademies)** | **Vir Magister**: volle erkenning vir 2 jaar; **Vir Doktoraal**: volle erkenning vir 4 jaar; **Vir Bedienings/ praktyk gerigte Magister**: volle erkenning vir 4 jaar. | Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deur gegee |
| F:<br>**Aanbieding en/of ontwikkeling van VBO Kursusse** (op versoek van of na voorlegging aan VBO-forum.) | 30 pj (maksimum 3 jaar) | Word deur die VBO-forum goedgekeur en na aanbieding deur die Sentrum, waar die kursus aangebied word, administreer |
| G:<br>**Wetenskaplike Artikels/Amptelike studie stukke vir Sinodes/Bywoning en deelname aan Akademiese Vak Werkgemeenskappe** | 10 maksimum | Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deur gegee ('n proses is aan die gang om hierdie aanmelding te vergemaklik) |

| | | |
|---|---|---|
| H:<br>**Rings, Sinodale kursusse/werkswinkels/ seminare OF ander relevante kursusse/werkswinkels en seminare (sien ook C hierbo)** | 10 (met 20 as maksimum) | Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee. |
| I:<br>**Selfstudie**: Lees van teologiese boeke en artikels | 5 per boek, 2 per akademiese artikel, 2 per **uitgawe** van Kruisgewys (met 20 as maksimum) | Via die webblad met verslagvorm en/of veelvuldige keusevraelys.<br>Word deur Ringe via sinodale kantore aan VBO-sentra deurgegee |

## 5. Nuwe registrasiesisteem

Ons het na lang oorweging van Wes Kaap se kant besluit om in te skakel by die registrasiesisteem wat tans deur die meeste ander sinodes gebruik word. Die afspraak was aanvanklik dat die Algemene Sinode 'n nasionale register by die Argief sou aanlê, maar dit lyk nou of dit nie gaan realiseer nie. Dan is die SMS-sisteem, CPD Solutions waarskynlik die beste opsie om nasionaal rekord te hou van die punte.

Daarvolgens word krediete en punte vir VBO elektronies per sms geboekstaaf. Predikante registreer as CPD Solution-gebruiker vir VBO en voer direk self die inligting in by die kursus wat bygewoon word. Die inligting vir registrasie sal aan alle kursusgangers voorsien word en by kursusse verduidelik word.

## 6. Aanvullende opsies vir VBO

By die VBO-kommissie en die VBO-Forum dink en praat ons heelwat oor meer opsies oor hoe mense VBO-punte kan kry. Ons is baie bewus van die feit dat ons nie almal op dieselfde manier leer nie. Ons sou graag wou sien dat die VBO optimaal benut kan word deur mense met verskille leerstyle. Aan die anderkant moet 'n mens 'n behoorlike kontrolesisteem hê wat omseiling van die bedoeling nie te maklik maak nie.

Heelwat leraars het 'n behoefte uitgespreek aan groter kontinuiteit tussen die kursusse wat hulle doen. Ons het ook van die VBO Kommissie se kant begin sien dat dit nodig is. Daarom het ons begin met 'n **Heroriënteringsbaan** bestaande uit agt kursusse, wat min of meer die veld van die bediening dek. Die idée is dat mense oor 'n periode van agt jaar (of ses jaar of vier jaar!) al die kursusse doen. Ons aanbevelings is dat hierdie ons hoofstroomkursusse word en dat leraars wat enigsins wonder oor wat hulle moet doen vir VBO inval by die hoofstroom.

Ons werk lankal aan 'n kursus wat leraars kan help om 'n dieper assessering te maak van waar hulle tans staan met hulle roeping en bediening. Ons is baie opgewonde oor die program wat ons besig is om uit te werk. Ons praat voorlopig van die "Poortkursus" – omdat dit jou 'n sinvolle toegang tot 'n eie doelgerigte VBO-program kan gee. Die kursus gaan leraars help om die verhaal van hulle roepings- en bedieningsverstaan vir mekaar te vertel – sodat hulle kan beplan vir vorentoe. Deel van die bedoeling van die kursus is dat mense aan die einde 'n eie VBO-plan vir hulself gaan uitwerk nav van 'n herbesoek van hul roeping, hulle persoonlike geskiedenis en gawes, en hulle verstaan van die bediening.

Verdere alternatiewe opsies wat ons gouer sal kan implementeer (sommige is eintlik reeds in werking) is die volgende:

- studie- of werkgroepe (dat 'n aantal mense rondom 'n tema gereeld saam vergader, saamlees en saam planne maak)
- verdere studie (formule reeds goedgekeur)
- formele studie in aspekte van bedieningspraktyk. Ons onderhandel tans met die Fakulteit oor die instelling van 'n aantal nagraadse diplomas en 'n MTh wat baie sterk op praktiese bediening toegespits is.
- rings- of groeps"toere"wat ingestel is op 'n leerervaring (vgl die "toer" van die twee ringe in Ceres).

Ons werk ook aan 'n paar verdere opsies wat ons aanbod baie gaan help, maar waar 'n praktiese werkbare plan nie so eenvoudig is nie:

- ons werk daaraan om eie leeswerk deel te maak van die sisteem (kontroleringswyse nie so maklik om sinvol te doen nie)
- ons kyk ook na e-leer opsies.

## 7. Werk saam met ander kerke

Van ons kursusse word ook in Engels aangebied. Daar is twee redes hiervoor. Sommige van die VGK leraars (veral Xhosasprekendes) verkies Engels; en verder het ons ook versoeke gekry van leraars van ander kerke oor die kursusse wat ons aanbied. Hoewel van hulle Afrikaans kan verstaan is dit so dat Engels die voertaal van meeste van dié kerke is.

Dit het ons laat besluit om die proefneming te maak. Van ons kant weet ons dat ons leraars waarskynlik veel meer gaan leer oor 'n onderwerp uit 'n divers saamgestelde groep as wanneer dit 'n baie homogene groep is.

## 8. VBO verpligtend?

Daar is ook heelwat mense wat ons van tyd tot tyd vra hoe ons voel oor die feit dat VBO verpligtend is? Hulle wil ook gereeld weet hoe (en wanneer?) ons dit gaan begin afdwing.

Ons sal dit baie oordeelkundig en wys moet hanteer – anders sou ons baie skade aan die VBO-projek kan doen.

Enkele opmerkings hieroor, wat ons saamdink mag stimuleer:

- Daar is in beginsel nie 'n probleem is met die feit dat VBO verpligtend is nie. Dit is nie so 'n vreemde gedagte as wat ons sou dink nie. Ons het in ons kerk (anders as sommige ander kerke) baie vaste reëlings en vereistes wat gevolg moet word as iemand predikant wil word en toetree tot die bediening (bv 'n vaste aantal jare opleiding op spesifieke plek-

ke met spesifieke vakke, ens). Om dan vaste vereistes te hê oor die behoud van predikantsbevoegdheid lê in beginsel op dieselfde lyn. Ons sal gou gewoond raak aan die gedagte en sal bly wees as dit 'n vaste instelling geword het.

- Die feit dat die breër gemeenskap en ander beroepe al hoe meer die sin van voortgaande opleiding sien (en implementeer) help ons baie. Ons kry baie, baie positiewe terugvoer van kerkrade en lidmate (wat klaarblyklik gewoond is aan die gedagte!) wat vir ons sê dat hulle bly is oor die sisteem en meen dat hulle plek-plek alreeds 'n verbetering sien.
- Dat VBO verpligtend is, is nie problematies nie; die moeiliker een is die "afdwingbaarheid" wat daarmee saamgaan. Die probleme rondom dit is tweërlei. Jy wil nie graag mense dwing nie. Niemand hou daarvan nie. Die tweede probleem: mense wat gedwonge 'n kursus bywoon leer self nie veel nie en beïnvloed dikwels die "gees" van 'n groep. Dus: ons sal hard moet werk om gesindhede te verander! En solank as moontlik wag voordat ons by 'n punt kom om vir mense ultimatums te stel oor VBO.
- Twee faktore kan ons help. Daar gaan mettertyd indirekte druk kom op alle leraars om kursusse by te woon. Daar gaan gereeld vanuit ringe gerapporteer word oor VBO-bywoning en ons is noual by die punt waar predikante wat geen VBO-punte het nie, deel van 'n baie klein groepie word. Tweedens, is daar ook 'n indikasie dat al hoe meer gemeentes by beroeping kyk of 'n predikante se VBO-punte op datum is.

Vir die huidige wil ons as kommissie alles in ons vermoë doen om die leerervaring wat saam met VBO gaan, vir mense positief te maak. As mense voel dat dit hulle help, sal hulle dankbaar en positief daaroor wees om te kom.

## 9. Besoek Ringe

Dit is met die oog hierop dat ons in die afgelope jaar probeer uitkom het by Ringe om te gesels oor die VBO-program.

Ons wil die program en planne verduidelik, maar wil ook hoor wat die knelpunte en probleme is, en wil saamdink oor maniere waarop ons dalk nog meer kan doen om van VBO 'n goeie opbouende ervaring te maak.

Ons skakel met die Ringe met die oog op 'n afspraak. Ringe wat weet van spesifieke geleenthede wat baie geskik is vir so 'n gesprek kan ons ook skakel.

## 10. 'n Ingesteldheid van leerbaarheid

Ons het in die afgelope drie jaar bewus geword van 'n groeiende ingesteldheid van leerbaarheid by predikante in ons Sinodale gebied. Daaroor is ons baie dankbaar. Predikante besef en erken meer en meer dat hulle nie al die antwoorde het of hoef te hê nie, maar ons het die roeping om met ***moed*** in nuwe situasies in te gaan met die vertroue dat die Here ons kan leer en 'n weg kan wys wat ons nie vooraf helder gesien het nie. Natuurlik is so 'n ingesteldheid van leerbaarheid in die hele kerk en by alle lidmate nodig, maar predikante behoort dit te modelleer. Die Sinodale Kommissie vir VBO sien dit as ons roeping om by te dra tot 'n openheid in ons kerk vir 'n beter verstaan van die tyd waarin ons leef en om toegerus te wees om God se Woord in so 'n tyd te hoor en te bedien. Ons vra die Sinode om saam met ons hieroor te besin en duidelike leiding van ons Here te soek oor die vraag: Wat kan ons doen om 'n gesindheid van leerbaarheid in die kerk en veral by predikante uit te bou.

**Aanbeveling:**

i. **Die Sinode neem kennis van die goeie samewerking van gemeentes en predikante in die vestiging van 'n program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling in ons sinodale gebied.**
ii. **Die Sinode doen 'n beroep op predikante om steeds moeite te doen om 'n gees van leerbaarheid in hulle persoonlike en beroepslewe te demonstreer en te modelleer.**
iii. **Die Sinode vra gemeentes om hulle predikante te steun en dit vir hulle moontlik te maak om gereelde VBO-geleenthede by te woon.**

**Sinodale Kommissie vir VBO**

# B13: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE FONDSE KOMMISSIE (SFK)

**5,8%**

Die persentasie wat Wes- en Suid-Kaap se gemeentes van hulle inkomste gemiddeld vir Sinodale Aandeel gee, teenoor

**6,5%**

Wat gemeentes van die hele NG Kerk as Sinodale bydraes gemiddeld vir hulle streeksinodes gee.

(Sien punt 2.2)

**1,7%**

Die styging in inkomste van gemeentes in die jaar 2009/10 teenoor die vorige jaar.

(Sien punt 2.11.1)

$$\frac{208}{229} = 91\%$$

Die getal gemeentes wat hulle Sinodale Aandeel volgens die formule maandeliks aansuiwer.

(Sien punt 2.2)

**58,9%**

Die gemiddelde persentasie wat die vergoedingskomponent van gemeentes se uitgawes is.

(Sien punt 2.11.2)

**10%**

Die persentasie waarmee die Sinodale Begroting tussen 2010/11 en 2011/12 moes verminder.

(Sien punt 2.3)

**R1 319**

Gemeentes se gemiddelde inkomste per lidmaat in 2009/10 in die Wes- en Suid-Kaap teenoor

**R1 611**

Van die hele NG Kerk

(Sien punt 2.11.3)

**5,3%**

Die deel van ons begroting wat vir die werksaamhede van die Algemene Sinode gegee word.

(Sien punt 2.5.4)

**52%**

Is die benaderde persentasie van die vergoedingspakket van leraars se pensioen by aftrede op 65 volgens die huidige standaard bydraekoers, terwyl die marknorm

**70%** is.

(Sien Bylae C punt 10)

# SINODALE FONDSE KOMMISSIE (SFK)

## 1. INLEIDING

### 1.1 Opdragte van die SFK

Volgens Reglement 8 het die SFK die volgende opdragte t.o.v. Sinodevergaderings:

**1.1.1** Om aan die vergadering verslag te doen hoe die SFK rentmeesterskap in die sinodale gebied bevorder het.
**1.1.2** Om aan die vergadering verslag te doen oor die verskillende fondse wat onder beheer van die Saakgelastigde in die kerkkantoor is.
**1.1.3** Om verslag te doen oor die geouditeerde finansiële verslae van die sinodale fondse.
**1.1.4** Om die sinodale begroting aan die vergadering voor te lê.
**1.1.5** Om die sinode met advies te bedien ten opsigte van beskrywingspunte en voorstelle met finansiële implikasies, asook voorstelle wat die begroting affekteer.
**1.1.6** Om enige lid van die vergadering die geleentheid te gee om op aanvraag insae in die state van die verskillende fondse te verkry.

### 1.2 Belangrike Tendense

Tydens die vorige vergadering van die SFK waar al die Ringsverteenwoordigers was, is die tendense wat vanuit 'n finansiële hoek duidelik is, bespreek.

Uit ongeveer al die Ringe is berig dat finansiële druk ervaar word. Hierdie knelling is meestal die simptome van ander uitdagings binne die konteks. Onder andere is genoem:

- ***Demografiese skuiwe***

- Tradisionele Afrikaner gebiede verengels en mense van ander kleur trek in
- Buitelanders en stadsmense koop plase op.
- Kinder/Jeug wat nie terug kom platteland toe nie

- ***Post – Moderne tydsgees***

- Ons bereik nie meer ons jongmense nie.

- ***Interne – konteks van die gemeentes***

- Rooi ligte oor finansies. (Dit is 'n simptoom van mense wat nie meer dissipels is nie en ook nie die Here baie lief het nie )
- Getalle neem af, veral jonger mense. Gevolglik minder dooplidmate
- Gemeentes is ouerwordend. Pensioenarisse leef van pensioen en beleggings. Neem af
- Minder leraars in ringe. Gemeentes kan ook nie meer leraars op skaal betaal nie.
- Leraarsposte word gesluit

Daarom die uitdaging:
Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om weer te vra na die wese van Kerk-wees. Enkele mooi stories is gehoor oor die gestuurdheid van die kerk, waar gesigte gekoppel is aan projekte.

Ons hoef nie negatief te wees nie. Hierdie is 'n tyd waar God besig om Sy kerk te hervorm na 'n Gestuurde Kerk. Hier is nie vinnige oplossings nie, maar dit is 'n geloofsonderskeidende proses om aan te sluit waar God werk. Wat 'n heerlike reis.

## 2. INLIGTING

### 2.1 Kerkkantoor en sy personeel

**2.1.1** Die kerkkantoor o.l.v. die Saakgelastigde is verantwoordelik vir die volgende:

**2.1.1.1** Die roeping om die kerk te lei op 'n pad van verantwoordelike Bybelse rentmeesterskap.
**2.1.1.2** Die administrasie en beheer van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die Saakgelastigde.
**2.1.1.3** Die uitvoering van die bepalinge van reglemente 8, 9 en 22.
**2.1.1.4** Die verteenwoordiging van die Sinode in die Trustees van die Predikante Pensioenfonds (PPF) wat beheer word volgens die reëls van die PPF.
**2.1.1.5** Die finansiële beplanning en strategie van die Sinode.

### 2.1.2 Personeel in die Kerkkantoor

Oor die afgelope 8 jaar het die personeellede verminder van 16 na 8 plus 2 deeltydse poste. Dit het 'n groot besparing bewerkstellig.

Terselfdertyd word effektiewe diens aan die gemeentes behou, mede as gevolg van die effektiewe benutting van tegnologie.

### 2.2 Sinodale Aandeel

By die Sinode van 2007 is die formule waarvolgens gemeentes se aandeel in die Kerkverband se werksaamhede bepaal word, aangepas. Dit is 'n glyskaal wat volgens gemeentes se inkomste bepaal word.

Die persentasie van gemeentes se gesamentlike inkomste wat vir SA gegee word was 20 jaar gelede 8,8%, 10 jaar gelede was dit 6,4% en tans is dit 5,8%. Hierdie syfer vergelyk met die 6,5%

| Naam | Verantwoordelikheid | Telefoon | E-pos |
|---|---|---|---|
| Francois Cillié | Saakgelastigde + Hoofbeampte (PPF) | (021) 957-7104 | francois@kaapkerk.co.za |
| Kenny Raats | Bestuurder: Hulpbronne/Pensioen + PPF | (021) 957-7104 | kraats@kaapkerk.co.za |
| Annerina Viljoen | Finansiële Bestuurder | (021) 957-7108 | aviljoen@kaapkerk.co.za |
| Elmien Theron | Persoonlike Assistent | (021) 957-7104 | ngkadmin@kaapkerk.co.za |
| Elodie van der Walt | Administratiewe Beampte: PPF **(5/8 pos)** | (021) 957-7115 | pensioen@kaapkerk.co.za |
| Christine Lombard | Administratiewe Beampte: Medies | (021) 957-7106 | medies@kaapkerk.co.za |
| Louise Viljoen | Rekenkundige Beampte | (021) 957-7110 | lviljoen@kaapkerk.co.za |
| Hannelie Strydom | Rekenkundige Beampte: SA's + Verbandlenings | (021) 957-7111 | hstrydom@kaapkerk.co.za |
| Ingrid van Eck | Rekenmeester: Salarisse + Studiebeurse | (021) 957-7107 | ivaneck@kaapkerk.co.za |
| Stephanie v/d Merwe | Rekenmeester: PPF (Kontroles, Huweliks-bevestigers, Versekering, ens.) **(6/8 pos)** | (021) 957-7116 | svdmerwe@kaapkerk.co.za |

wat gemeentes gemiddeld in die ander 9 sinodes van ons kerk gee.

Die oorgrote meerderheid gemeentes is by ywerig om hulle finansiële vennootskap teenoor die werksaamhede van die kerkverband na te kom. Baie dankie daarvoor!

Van die 229 gemeentes het minder as 10% (21) gedurende 2010 gevra vir verligting of hulp t.o.v. hulle berekende SA.

### 2.3 Begroting

Met die koms van 'n nuwe SA-formule het die uitgangspunt van die Sinode se begroting verander. Voorheen was dit 'n "uitgawe-bepaalde" begroting. Elke kommissie/afdeling het sy behoeftes gestel en die Sinode het die begroting daarvoor goedgekeur. Die geldwaarde is dan "eweredig" volgens die vorige formule tussen gemeentes verdeel.

Die begroting het nou verander na 'n "inkomste-bepaalde" begroting. Die inkomste uit gemeentes volgens die SA-formule word in goedgekeurde verhoudings aan kommissies/afdelings beskikbaar gestel. Die uitgawes moet dan binne die beskikbare bedrag hanteer word.

Weens die verwagte laer inkomste uit SA vir die huidige finansiële jaar, moes al die Kommissies/ Taakspanne se begroting met 10% ingekort word. Die begroting is ook hersaamgestel om in te pas by die Diensgroepe binne die herstruktureringsvoorstel. **Sien Bylae A.**

### 2.4 Finansiële State

**2.4.1** Die finansiële state van alle sinodale fondse en die pensioenfondse beslaan ongeveer 150 bladsye en word nie in die agenda opgeneem nie. Die state is deur die SFK goedgekeur en is beskikbaar vir enige afgevaardigde wat daarin insae wil hê.

**2.4.2** Die ouditeure kon in die reses elke jaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitreik oor die finansiële toestand en die bestuur van die onderskeie fondse onder beheer van die Saakgelastigde se kantoor. Samewerking met die ouditeure is goed en ouditkostes word beperk deurdat alle state op ons eie rekenaarstelsel bygehou en opgestel word.

**2.4.3** Die Gekonsolideerde Finansiële State word gegee in **Bylae B**. Omtrent al die Fondse onder die kerk se beheer het bepaalde reëls waarvolgens dit aangewend moet word. Daar is dus min fondse waarvan die opbrengs volgens eie diskresie aangewend kan word.

**2.4.4** Finansiële state van kommissies en inrigtings. Ooreenkomstig Reglement 8:4.1 en 22:6.4 ontvang die Saakgelastigde jaarliks geouditeerde state van die sinodale kommissies en inrigtings, wat deur die kantoor nagegaan word.

### 2.5 Sinodale vergadering aangeleenthede

**2.5.1** Die Sinode vergadering van 1999 in Kaapstad het R1 013 180 gekos. Die Sinode te Goudini in 2003 het R1 309 920 gekos, en in 2007 R1 198 595. Die beraming vir die 2011 Sinode se koste is ongeveer R2 miljoen. Dit word befonds uit die Sinodale Reserwe wat oor jare opgebou is uit die begroting en donasies of borge van buite (instansies).

**2.5.2** Vir hierdie Sinode vergadering word geen daggeld bereken nie, aangesien verblyf en maaltye verskaf word. Reiskoste word vir een heen en terug reis bereken volgens die standaard reiskoste toelae. Waar daar vier of meer afgevaardigdes per gemeente is, word reiskoste vir een motor per vier afgevaardigdes betaal.

### 2.5.4 Algemene Sinode-begroting

Die Algemene Sinode se begroting is ook "inkomste-bepaald". Elke Sinode se deel beloop 0,3% van die totaal van die gemeentes se lopende inkomste. Ons sinode se vennootskap met die Algemene Sinode (ons Kerkverband) beloop vanjaar R965 337 uit 'n begroting van R6,6 miljoen. ('n Groot deel van die Algemene Sinode se begroting word uit die opbrengs van reserwes befonds.)

## 2.6 Beleggings

Vir die afgelope 5 jaar word al die fondse onder SFK beheer, volgens 'n goedgekeurde beleggingsbeleid belê. Hierdie beleid word van tyd tot tyd hersien.

Die beleggingsportefeulje bestaan grootliks uit Testamentêre nalatenskappe van lidmate waarvan die opbrengs vir 'n spesifieke doel aangewend moet word; die opbrengs van die balans van die kerksentrum nadat die koste van die nuwe argief te Stellenbosch betaal is en algemene reserwes wat deur al die jare opgebou is.

### 2.6.1 Beleggingsportefeuljes

Die opbrengste van die verskillende portefeuljes vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 was soos volg:

#### 2.6.1.1 Geldmark Portefeulje

Hierdie portefeulje is op 1 Oktober 2009 uit die Gebalanseerde portefeulje geskep, en 'n jaar later beëindig omdat die ander portefeuljes beter opbrengste lewer.

Die opbrengs was 3,16% vir die vyf maande, 1 Oktober 2009 tot 28 Februarie 2010.

#### 2.6.1.2 Gebalanseerde Portefeulje

Hierdie portefeulje is gestruktureer om 'n opbrengs, oor 3 jaar rollende periodes, van inflasie plus 3% op te lewer. Die gemiddelde opbrengs van hierdie fonds was oor die afgelope 5 jaar 11,1% per jaar. Dit sluit die negatiewe opbrengs van -4,7% vir die 2008/9 finansiële jaar in.

Die portefeulje het 'n 45% aandele-markblootstelling en daar is dus 'n kans dat dit oor die kort termyn negatiewe opbrengste kan lewer, soos in 2008/9 die geval was. Die portefeulje word aktief bestuur om die doelwit van inflasie plus 3% te behaal.

Die opbrengs op hierdie portefeulje vanaf 1 Maart 2009 tot 28 Februarie 2010 was 17,71%.

Hierdie portefeulje is bedoel vir kapitaal groei en 'n deel van die groei kan in die bedryfsbegroting aangewend word.

#### 2.6.1.3 Groei Portefeulje

Die portefeulje is gestruktureer om oor rollende termyne van 6 jaar inflasie plus 6% op te lewer.

Die opbrengs op hierdie portefeulje oor die afgelope 5 jaar was 8,9%. Dit sluit 'n negatiewe opbrengs van -25,8% vir die 2008/9 finansiële jaar en 'n positiewe opbrengs van 32,06% vir die 2009/10 finansiële jaar in.

Die doel van hierdie portefeulje is om kapitaal op 'n lang termyn te laat groei. Dit is nie bedoel vir gereelde onttrekkings nie. Die portefeulje kan op kort termyn baie fluktueer en negatiewe groei toon.

### 2.6.2 Fondse van instansies buite die Sinode

Die NG Kerk in SA het in die verlede fondse ontvang (behalwe eie geld) van kerke en kerklike instansies (slegs verbonde partye) en het dit namens die betrokke partye belê in 'n poel. Die wyse waarop die geld belê is, is bepaal deur aanbevelings van die beleggingskommissie en bekragtiging deur die SFK.

Opbrengs op bogenoemde beleggings is een maal per jaar na die Februarie syfers bekend was, bereken en aan die onderskeie instansies oorbetaal of gekapitaliseer, minus 'n 2,5% (van die opbrengs) adminfooi. Die doel was glad nie dat die NG Kerk in SA 'n wins maak uit fondse wat by hom belê is nie.

Soos u bewus mag wees, het die **regulering van die finansiële dienste bedryf die afgelope paar jaar dramaties verskerp**. Na aanleiding van verskillende nuwe finansiële beheerwette wat deur die parlement goedgekeur en alreeds geïmplementeer is, het die Sinodale Fondse Kommissie (SFK) in 2007 besluit om regsadvies in te win aangaande beleggings wat gemeentes en ander geassosieerde entiteite oor die afgelope jare by die NG Kerk geplaas het.

Soos ons verwag het, was die regsadvies dat die wyse waarop genoemde beleggings tans deur die SFK hanteer word, **strydig is met die nuwe finansiële beheerwette**.

Byvoorbeeld: Die skema wat ons tans bedryf is waarskynlik 'n **kollektiewe beleggingskema** in terme van die "*Collective Investment Schemes Act, 2002*" en die NG Kerk is nie as 'n kollektiewe beleggingskema onder hierdie Wet geregistreer nie.

Die SKF het derhalwe besluit dat ons **die skemas moet staak**.

Al die buitefondse is teen 28 Februarie 2008 aan die onderskeie instansies uitbetaal.

### 2.6.3 Kapitaalgroei

Die SFK moet toesien dat trust- en reserwefondse voldoende kapitaalgroei toon, sodat die bedoeling van die oorspronklike skenking of insameling ten spyte van inflasie, nagekom kan word.

Die SFK/Begrotingskomitee het besluit dat:

**2.6.3.1** Reserwes moet groei met gemiddelde inflasie oor 'n rollende drie jaar periode

**2.6.3.2** Reserwes nie negatief mag groei nie

Elke kommissie moet verantwoordelikheid neem om reserwes te laat groei soos bepaal. Dit sluit in om in die jare wat die opbrengs hoër is, nie die volle opbrengs te gebruik nie, maar deel daarvan te spaar vir die jare wat die opbrengs dalk nie so goed is nie.

Die SFK wil egter groter selfstandigheid aan kommissies verleen rakende die bestuur van hul fondse. Kommissies en trustees van trustfondse het voortaan die keuse om self te besluit in watter portefeuljes hul fondse belê moet word.

Elke kommissie het skriftelik gekies in watter portefeulje hulle fondse belê is.

## 2.7 Sinodale Eiendomme

### 2.7.1 Registrasie en Beheer

Alle eiendomme van die Sinode en verwante instansies (soos die Institute vir Dowes, Blindes, Jan Kriel, Hugenote Kollege, ens.) is in die naam van die NG Kerk in SA geregistreer. Vir hierdie instansies soos Hugenote Kollege word dit volgens die regsbeginsel van "*herroepbare vergunning (prekaris)*" beskikbaar gestel. *"'n Prekaris is iemand wat 'n saak verniet okkupeer tot wederopsegging toe. Die reg en beheer oor die saak word hom goedgunstelik toegestaan deur die grondeienaar en kan hom deur willekeurige optrede weer ontneem word. Hy oefen fisieke beheer oor die saak uit met die bedoeling om voordeel daaruit te trek."*

### 2.7.2 Cummingsgebou by Hugenote Kollege

In 2008 is die Cummingsgebou deur 'n brand verwoes. Volgens bogenoemde regsbeginsel is dit Hugenote Kollege se verantwoordelikheid om die gebou in sy oorspronklike toestand te herstel. Op hierdie stadium was daar net genoeg geld beskikbaar om die dak, deure en vensters te herstel. Planne word beraam om die binnewerk na behoefte te herstel.

### 2.7.3 Eiendomsbestuursondersoek

Die SFK het besluit om 'n deeglike ondersoek na al die eiendomme wat in die NG Kerk in SA se naam geregistreer is te doen. Daarvoor is mnr Dirkie van Niekerk van Stellenbosch op konsultasie basis aangestel. Uit hierdie ondersoek het onder andere voortgevloei:

**2.7.3.1** 'n Behoorlike waardasie van al die eiendomme om die vervangingswaarde vir versekering te bepaal.

**2.7.3.2** Die ontrafel van die posisie van sekere eiendomme met 'n geskiedkundige agtergrond waarvan geen kennis gedra is nie (bv. strate en eilande by Kakamas).

**2.7.3.3** 'n Bestuursplan vir die NG Kerk in SA se eiendomme.

**2.7.3.4** Uitklaring van die toekomstige verhouding tussen die NG Kerk in SA en die GHBM wat eiendomme betref.

## 2.8 Vergoeding van leraars

**2.8.1** Die Algemene Sinode se Taakspan Fondse doen jaarliks navorsing oor die ekonomiese gegewens, marktendense, asook finansiële gegewens en vermoë van al die gemeentes in die NG Kerk. Op grond hiervan word 'n persentasie verhoging as riglyn aan die Sinodes aanbeveel waarmee leraars se vergoedingspakket aangepas kan word.

**2.8.2** Die Sinodale Fondse Kommissie (SFK) besorg die riglyne jaarliks in November aan gemeentes vir implementering in die daaropvolgende Maart-maand, om ooreen te stem met die kerklike boekjaar.

**2.8.3** Die Ring is verantwoordelik om jaarliks enige afwykings (veral waar vergoeding laer as die riglyn is) te kontroleer en met die betrokke kerkrade uit te klaar (Bep. 13). Hierdie bly 'n belangrike funksie van die RFK.

**2.8.4** Gemeentes by wie daar onsekerheid bestaan oor die toepassing van die riglyne is welkom om met Kenny Raats (kraats@kaapkerk.co.za) te skakel.

**2.8.5** Die jaarlikse verhoging in die salaris op die topkerf (sedert die vorige sinodesitting) was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| **2008/9** | = | 7% |
| **2009/10** | = | 8,5% |
| **2010/11** | = | 8,5% |
| **2011/12** | = | 4% |

**2.8.6** Die belasting wetgewing rakende motortoelaes het met ingang 1 Maart 2010 verander. Die

byhou van 'n <u>ritboek</u> is met ingang van bovermelde datum 'n voorvereiste vir die terugeis vir bediening/werk kilometers. Die vorige 14 000 km perk waarvoor geëis kon word, het weggeval en voortaan kan slegs eise vir werklike ritte volgens die ritboek vir belastingkorting in oorweging geneem word.

**2.8.7** Die ATF het onlangs ondersoek ingestel om met 'n traktementskaal (huidige 8 kerwe) aanbeveling, asook 'n Peromnes TKVI-benadering (Totale Koste van Indiensneming) na Sinodes te gaan. By laasgenoemde benadering besluit die werkgewer dan op 'n <u>waarde</u> van 'n pos, gebaseer op die evaluering van die <u>posinhoud</u>, wat aangebied word as 'n vergoedingspakket. Die uitkoms van die ondersoek het geblyk om nie gewens te wees om die werkswyse te volg nie en is daar besluit om vir die 2011/12 boekjaar te volstaan met die status quo. Gemeentes wat reeds 'n TKVI-benadering volg, gaan egter onverpoos voort.

### 2.9 Mediese Fonds

#### 2.9.1 Lidmaatskap

Die NG Kerkgroep se mediese fonds lidmaatskap is sedert 1 Januarie 2000 by die Discovery Mediese Skema. Die NG Kerk het tans 613 lede wat aan Discovery Mediese Skema deelneem, waarvan 369 indiens- en 244 voorgesette lede (pensioentrekkers) is.

In die voordeelplanne is daar 19 opsies aan lede beskikbaar. Hiervan behoort 247 lede aan die Kusstreek Spaarder Plan, 86 lede aan die Kusstreek Kern Plan en 81 lede aan die Klassiek Omvattende Plan en die res is versprei tussen die ander 16 planne.

Die gemiddelde ouderdom van die groep se lede is <u>58,2</u> jaar, wat heelwat hoër as die Discovery Health gemiddelde van 41,9 jaar is. 34% van die NG Kerk se lede is tans vir 'n chroniese toestand geregistreer.

#### 2.9.2 Bydrae wysigings

Die Discovery Mediese Skema slaag daarin om die gemiddelde premieverhoging, danksy die benutting van bestuurde gesondheidsorg tot onder die die mediese inflasiekoers asook die gemiddeld vir die mark te beperk.

**Gemiddelde Discovery Mediese Skema verhogings vir:**

| | | |
|---|---|---|
| **2008** | = | 9.8% |
| **2009** | = | 12.8% |
| **2010** | = | 9.8% |
| **2011** | = | 7.9% |

#### 2.9.3 Markvergelykingsoefening

In 2008 is 'n volledige markvergelykingsoefening gedoen deur vyf (5) mediese skemas met mekaar te vergelyk. Die volgende kernfaktore is destyds geïdentifiseer:

- Die NG Kerk in SA se gemiddelde ouderdom van 57,3 jaar (destyds) is hoog in vergelyking met 'n industrie norm van 41,2 jaar.
- Die groep se pensioentrekker ratio van 31% is aansienlik hoër as die industrie norm van 10%.
- Die demografiese ledeprofiel sal gevolglik hoër eispatrone tot gevolg hê.
- Moontlike onderskrywingsimplikasies kan volg indien besluit sou word om na 'n ander skema te migreer.
- Die hoë chroniese medisyne profiel van die NG Kerk lede en hul afhanklikes.

**Die volgende besluite is deur die volle SFK op 8 Augustus 2008 op aanbeveling van die Mediese Komitee goedgekeur:**

*"Nadat die finansiële posisie en algemene administrasie van die gekose skemas objektief met mekaar t.o.v. mediese voordele en kostes vergelyk is, is dit die komitee se opinie dat daar nie een "perfekte" oplossing as alternatief vir Discovery Health Mediese Skema bestaan nie. Die koste- en voordeelvergelykings het bewys dat die Discovery Health Mediese Skema nog steeds kompeterend is en aan die behoeftes van die NG Kerk en sy werknemers voldoen. Dit is dus die aanbeveling van die NG Kerk in SA se Mediese Komitee dat die* ***Discovery Health Mediese Skema die voorkeur/ genomineerde skema*** *van die NG Kerk in SA bly."*

#### 2.9.4 Spyskaart van mediese fondse

Tydens bovermelde vergadering het enkele SFK-lede gemeld dat 'n behoefte bestaan dat meer as een Mediese Fonds beskikbaar moet wees om van te kies en nie net een mediese fonds (Discovery Health) nie.

**Die Mediese Komitee in oorleg met Alexander Forbes Gesondheidsorg konsultante het intussen die geleentheid ondersoek en 'n volledige verslag en aanbieding op <u>21 Augustus 2009</u> tydens die volle SFK-vergadering in dié verband gedoen.**

Kwessies wat verreken is indien meer as een keuse beskikbaar sou wees, is onder andere die volgende:

- Die onderskrywingsvoordeel vir die NG Kerk in SA, as werkgewergroep, wat kan verval en dat alle nuwe lede vorentoe volledig onderskryf sal word.

- Nuwe lede en hul afhanklikes sal dan aan 'n 3 maande algehele wagperiode (m.a.w. betaal vir 3 maande, maar mag geen eise vir die tydperk indien), 12 maande kondisie spesifieke wagperiode en aan laat aansluitingsboetes onderwerp word.

### 2.9.5 Status C onderskrywing

Die NG Kerk in Suid-Afrika as werkgewergroep het 'n Status C onderskrywingskorting by die Discovery Mediese Skema. Die voordele van 'n Status C korting is dat werknemers van die groep nie met wagperiodes (geen dekking binne 3 maande of alternatiewelik uitsluiting van dekking vir 'n spesifieke siektetoestand/tipe behandeling vir 12 maande) of laat-aansluitingsboetes belas sal word nie. Die korting is alleen geldig as 'n werknemer binne 3 maande van sy datum van indiensname vir lidmaatskap aansoek doen.

**Gemeentes word versoek om veral by die beroep/aanstelling van 'n leraar hiervan kennis te neem, veral as die leraar vanaf 'n ander sinode beroep word.**

### 2.9.6 AdmedGap: Gapingsdekking versekering

Die produk is met ingang 1 Januarie 2010 ingefasseer. AdmedGap is 'n korttermyn versekeringsplan wat die verskil tussen die bedrag wat die mediese praktisyns (bv. narkotiseurs, chirurge, ander spesialiste en algemene praktisyns) tydens hospitalisasie hef en die medies se vergoedingstariewe vir gelewerde dienste dek. Dit befonds ook die tekorte wat by sommige buite-pasiënt prosedures mag ontstaan.

### 2.9.7 Mediese Komitee

'n Mediese Komitee bestaande uit ds M Sahd (voorsitter), ds J Steyn, mnr J Swart (SKDV), mnr K Raats en mev C Lombard vergader minstens 3 maal per jaar saam met die Gesondheidsorg Konsultante.

## 2.10 Pensioenfondse

Verslag oor die Pensioenfondse word in **Bylae C** gedoen.

## 2.11 Finansiële stand van gemeentes

### 2.11.1 Totale inkomste

Die totale inkomste van al die gemeentes die afgelope jare was soos volg:

| Boekjaar | Totaal | %-Groei | Inflasiekoers |
|---|---|---|---|
| 1991/1992 | R80 350 492 | 11,1 % | 15,7 % |
| 1992/1993 | R89 558 156 | 11,5 % | 9,0 % |
| 1993/1994 | R96 215 173 | 7,4 % | 9,9 % |
| 1994/1995 | R105 449 500 | 9,7 % | 8,9 % |
| 1995/1996 | R114 651 400 | 9,0 % | 7,6 % |
| 1996/1997 | R127 256 200 | 11,0 % | 8,6 % |
| 1997/1998 | R139 462 300 | 9,6 % | 6,7 % |
| 1998/1999 | R154 018 400 | 10,4 % | 7,2 % |
| 1999/2000 | R165 244 400 | 7,3 % | 7,4 % |
| 2000/2001 | R172 077 400 | 4,1 % | 7,5 % |
| 2001/2002 | R189 671 100 | 10,2 % | 8,0 % |
| 2002/2003 | R212 420 289 | 11,9% | 5,0% |
| 2003/2004 | R225 427 238 | 6,1% | 4,0% |
| 2004/2005 | R249 811 031 | 10,8% | 3,6% |
| 2005/2006 | R264 291 668 | 5,8% | 5,1% |
| 2006/2007 | R286 099 943 | 7,6% | 8,9% |
| 2007/2008 | R321 320 044 | 10,9% | 9,5% |
| 2008/2009 | R345 911 754 | 7,1% | 6,3% |
| 2009/2010 | R356 646 537 | 1,7% | 3,4% |

Die groei in inkomste is die meeste jare hoër as inflasie. Die lae styging in 2009/10 dui onder andere op die effek van die ekonomiese resessie.

### 2.11.2 Belangrike items op gemeentes se finansiële state

Die volgende items word weergegee as 'n persentasie van die totale inkomste van gemeentes:

| Boekjaar | Alle dankoffers | Vergoedingkoste |
|---|---|---|
| 1991/1992 | 59,4 % | 52,7% |
| 1992/1993 | 59,9 % | 53,9 % |
| 1993/1994 | 58,2 % | 52,6 % |
| 1994/1995 | 58,9 % | 52,7 % |
| 1995/1996 | 58,5 % | 53,5 % |
| 1996/1997 | 57,5 % | 54,3 % |
| 1997/1998 | 56,8 % | 55,3 % |
| 1998/1999 | 55,4 % | 54,8 % |
| 1999/2000 | 55,7 % | 56,2 % |
| 2000/2001 | 56,6 % | 59,2 % |
| 2001/2002 | 55,6 % | 57,8 % |
| 2002/2003 | 55,2% | 55,6% |
| 2003/2004 | 55,4% | 54,9% |
| 2004/2005 | 55,2% | 55,0% |
| 2005/2006 | 55,1% | 54,6% |
| 2006/2007 | 58,4% | 53,1% |
| 2007/2008 | 57,0% | 53,0% |
| 2008/2009 | 55,9% | 54,1% |
| 2009/2010 | 58,2% | 58,9% |

Die vergoedingskoste het relatief tot die inkomste gestyg, terwyl die dankoffers as persentasie van inkomste ongeveer konstant gebly het oor die afgelope 20 jaar.

### 2.11.3 Gemiddelde inkomste per lidmaat

Onderstaande tabel toon die groei in totale gemeentelike inkomste (met uitsluiting van groot kapitale ontvangste) per lidmaat oor die vorige jaar:

| Ring | 2009 | 2010 |
|---|---|---|
| Beaufort | 1 753 | 1 874 |
| Bellville | 1 188 | 1 300 |
| Brackenfell | 706 | 771 |
| Caledon | 1 229 | 1 312 |
| Calvinia | 1 778 | 2 021 |
| Clanwilliam | 1 232 | 1 320 |
| Durbanville | 1 341 | 1 490 |
| George | 1 125 | 1 336 |
| Goodwood | 854 | 980 |
| Kaapstad | 1 894 | 2 249 |
| Knysna | 1 323 | 1 304 |
| Koeberg | 1 170 | 1 093 |
| Kuilsrivier | 1 081 | 1 106 |
| Mosselbaai | 1 228 | 1 314 |
| Namakwaland | 1 579 | 1 525 |
| Oudtshoorn | 1 422 | 1 438 |
| Paarl | 1 377 | 1 427 |
| Parow | 968 | 1 083 |
| Piketberg | 1 230 | 1 259 |
| Riversdal | 1 335 | 1 368 |
| Somerset-Wes | 1 270 | 1 329 |
| Stellenbosch | 1 673 | 1 849 |
| Swartland | 1 255 | 1 470 |
| Swellendam | 1 396 | 1 551 |
| Tulbagh | 1 777 | 1 609 |
| Vredenburg | 916 | 942 |
| Worcester | 1 331 | 1 339 |
| Wynberg | 1 791 | 2 335 |

Gem Ink/Lidm W-Kaap

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2003** | **2004** | **2005** | **2006** |
| 711 | 743 | 815 | 895 |
| **2007** | **2008** | **2009** | **2010** |
| 1 008 | 1 157 | 1 255 | 1 319 |

Gem Ink/Lidm hele NGK

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2003** | **2004** | **2005** | **2006** |
| 779 | 831 | 921 | 1 065 |
| **2007** | **2008** | **2009** | **2010** |
| 1 131 | 1 274 | 1 408 | 1 611 |

### 2.11.4 Vergelyking met die res van NG Kerk

**1.** In slegs 4 van die 11 sinodes is die inkomstegroei van gemeentes beter as in die Wes-Kaap.
**2.** In die Wes-Kaap is daar 763 lidmate per voltydse predikant, teenoor 675 vir die hele NG Kerk.
**3.** Die totale jaarlikse inkomste per lidmaat (R1 319) is heelwat laer as die gemiddelde van die ander sinodes (R1 611).

### 2.12 JC Coetzee Fonds

Die NGK in SA ontvang elke jaar 'n deel van die opbrengs van die JC Coetzee Trust. Dr Coetzee was 'n ginekoloog in Kaapstad wat die grootste deel van sy nalatenskap tot beskikking van die Here se werk deur die kerk, beskikbaar gestel het. Ons is die Here baie dankbaar vir hierdie navolgenswaardige voorbeeld!

Hierdie inkomste is ongeveer die enigste geld waaroor die SFK diskresie het. Ander fondse het spesifieke bepalings. In die jaar 2009/10 is R4 070 680 van die JC Coetzee Trust ontvang. Die geld word verdeel volgens die besluit van die SFK-Dagbestuur.

| | |
|---|---|
| Subsidie vir Pensioenarisse Medies | 15% |
| Hoopfonds | 5% |
| Administrasieheffing | 5% |
| Gebeurlikheidsfonds | 10% |
| Algemene hulp | 20% |

| | |
|---|---|
| Kerklike projekte | 15% |
| Gemeente ondersteuningsfonds | 20% |
| Arbeidsbediening | 10% |

## 3. TAAK VAN DIE SFK

Die SFK se droom (visie) is dat Bybelse Rentmeesterskap en Offervaardigheid meer tot sy reg sal kom in alle fassette van die kerklike lewe, lidmate, gemeentes en in die kerkverband.

Die Bevordering van Bybelse Rentmeesterskap en Offervaardigheid is baie belangrik.

Ons almal moet verstaan dat:

- Dankoffertyd in die **Erediens** belangrike geloofsbetekenis het;
- Gereelde dankoffers volgens elkeen se vermoë, 'n toonbeeld van ons **verhouding met die Here** is;
- Gemeentes se **administrasie** so sinvol moet wees dat alle lidmate getrou "aan die Here" kan gee;
- Elke gelowige moet in biddende afhanklikheid **"begroot"** vir dankoffer en (jaarliks) daarna streef om 'n groter persentasie van inkomste vir die Here se werk te gee;
- Elke gemeente behoort 'n program te volg waarin lidmate jaarliks hulle **dankofferverbintenis** biddend voor die Here kan heroorweeg;
- Testamentêre **bemakings** vir die Here se werk kan goedskiks weer 'n reël vir gelowiges word (soos dit in vroeër dae was).

## 4. AANBEVELINGS

### 4.1 Begroting (Bylae A)

**Die Sinode keur die begroting, soos deur die SFK en Moderamen bepaal, goed.**

### 4.2 Honoraria

**4.2.1 Die Sinode besluit om 'n honorarium van R500 per verkose lid per maand aan die verkose lede van die Moderatuur toe te staan.**

**4.2.2 Die Sinode besluit om 'n honorarium van R2 500 elk aan die Moderator, Skriba en Assistent-Skriba tydens die Sinode vergadering, te gee. Aan die ander verkose lede van die Moderatuur word R1 000 gegee.**

**4.2.3 Die Sinode besluit dat 'n honorarium van R500 (plus 5% verhoging per jaar) jaarliks aan Ringskriba's op versoek toegestaan word, in gevalle waar die Ringskriba nie reeds deur die betrokke Ring vergoed word nie.**

### 4.3 Pensioenbydraes

**Die SFK-Dagbestuur het op 17-09-2010 dit goedgekeur dat die 19,2% bydraevlak voortaan as die nuwe standaard vir pensioenbydraes by gemeentes/deelhebbers aanbeveel gaan word. Die Sinode word versoek om die besluit te bekragtig. Die 19,3% bydraevlak word dan die Sinode se aanbeveling aan Kerkrade.**

### 4.4 Vrywillige VBO-bydrae


**Die Sinode herbevestig die besluit van 2007 waarvolgens gemeentes versoek word om R1 000 p.j. per leraarspos vir VBO kostes by te dra.**

BYLAE A = Begroting
BYLAE B = Finansiële Staat
BYLAE C = PPF

Callie Visagie (Voorsitter)
Francois Cillié (Saakgelastigde)

# Bylaag A

## SINODALE BEGROTING 2011/12




Die toekennings aan die verskillende taakspanne vir 2011/12 is voorlopig as volg vasgestel:

| | Begroting 2009/10 | | Begroting 2010/11 | | Begroting 2011/12 na aanpassings deur kommissies | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bestaande verbintenisse** | **Bedrag 2009/10** | **% 2009/10** | **Bedrag 2010/11** | **% 2010/11** | **Bedrag 2011/12** | **% 2010/11** |
| ***DIENSGROEPE*** | | | | | | |
| **GEMEENTES** | **3,950,856** | **21.00%** | **4,291,950** | **21.30%** | **3,882,600** | **21.57%** |
| Communitas vestiging | | | 60,450 | 0.30% | 54,000 | 0.30% |
| Konsultasie en Gemeentebediening | 837,205 | 4.45% | 896,675 | 4.45% | 810,000 | 4.50% |
| Predikantebediening | 931,273 | 4.95% | 997,425 | 4.95% | 900,000 | 5.00% |
| VGK: SKP | 150,509 | 0.80% | 161,200 | 0.80% | 144,000 | 0.80% |
| Jeug | 502,323 | 2.67% | 538,005 | 2.67% | 480,600 | 2.67% |
| Studente | 720,561 | 3.83% | 771,745 | 3.83% | 702,000 | 3.90% |
| Gemeente-ontwikkeling (GKS) | 808,985 | 4.30% | 866,450 | 4.30% | 792,000 | 4.40% |
| **BARMHARTIGHEID:** | **3,762,720** | **20.00%** | **4,291,950** | **21.29%** | **4,032,000** | **22.40%** |
| SKDB | 284,771 | 1.51% | 305,000 | 1.50% | 414,000 | 2.30% |
| Badisa | 2,184,805 | 11.61% | 2,340,000 | 11.61% | 2,070,000 | 11.50% |
| GHBM | 898,058 | 4.77% | 961,850 | 4.77% | 828,000 | 4.60% |
| Kliniese Pastorale Dienste (Hospitaal) | 395,086 | 2.10% | 685,100 | 3.40% | 720,000 | 4.00% |
| **GETUIENIS** | **5,644,080** | **30.00%** | **5,843,500** | **29.00%** | **5,418,000** | **30.10%** |
| Getuienis (KGA) | 4,872,722 | 25.90% | 5,017,350 | 24.90% | 4,608,000 | 25.60% |
| Hulp aan VGK | 564,408 | 3.00% | 604,500 | 3.00% | 540,000 | 3.00% |
| Jode/Anderstaliges | 206,950 | 1.10% | 221,650 | 1.10% | 270,000 | 1.50% |
| **TOERUSTING** | **940,680** | **5.00%** | **1,007,500** | **5.00%** | **900,000** | **5.00%** |
| Navorsing en VBO | 583,222 | 3.10% | 624,650 | 3.10% | 558,000 | 3.10% |
| Teologiese Opleiding | 357,458 | 1.90% | 382,850 | 1.90% | 342,000 | 1.90% |
| **ONDERSTEUNINGSDIENSTE** | **1,936,223** | **10.29%** | **2,077,465** | **10.31%** | **1,980,000** | **11.00%** |
| Argief | 600,458 | 3.19% | 646,815 | 3.21% | 630,000 | 3.50% |
| Administrasie | 1,335,765 | 7.10% | 1,430,650 | 7.10% | 1,350,000 | 7.50% |
| **MODERATUUR** | **1,901,752** | **10.11%** | **2,012,985** | **10.00%** | **1,697,400** | **9.43%** |
| Sinode (Algemeen) | 1,241,698 | 6.60% | 1,329,900 | 6.60% | 977,400 | 5.43% |
| Moderatuur/Moderamen | 282,204 | 1.50% | 302,250 | 1.50% | 270,000 | 1.50% |
| Kommunikasie | 377,850 | 2.01% | 380,835 | 1.90% | 450,000 | 2.50% |
| ***Subtotaal*** | **18,136,310** | **96.40%** | **19,525,350** | **96.90%** | **17,910,000** | **99.50%** |
| **PROJEKTE (Ad hoc)** | **677,290** | **3.60%** | **624,650** | **3.10%** | **90,000** | **0.50%** |
| Moderatuursdiskresie | 677,290 | 3.60% | 624,650 | 3.10% | 90,000 | 0.50% |
| ***Totaal (Inkomste uit SA's)*** | **18,813,600** | **100.00%** | **20,150,000** | **100.00%** | **18,000,000** | **100.00%** |

**Bylaag B**

## NG KERK IN SUID-AFRIKA

## INKOMSTESTAAT VIR KOMMISSIES SE BEDRYFSREKENINGE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010

| | 2010<br>R | 2009<br>R |
|---|---|---|
| **Inkomste** | **33,657,974** | **30,434,939** |
| **Totale bydraes en kollektes** | 24,591,476 | 22,128,266 |
| Sinodale aandeelbydraes | 19,340,386 | 17,405,764 |
| Bydraes en kollektes | 4,068,531 | 3,779,731 |
| Bydraes - Nie-kwota | 40,295 | 42,827 |
| Bydraes - CPRC Gemeente | 9,000 | 8,600 |
| Bydraes - Vrouediens | 321,396 | 307,764 |
| Bydraes - Algemene Sinode | 301,492 | 200,000 |
| Bydraes - Noord-Kaap | 256,663 | 233,580 |
| Bydraes - Oos-Kaap | 253,713 | 150,000 |
| **Ander inkomste** | 5,953,160 | 4,987,924 |
| Administrasiegelde ontvang | 1,596,136 | 1,304,646 |
| Hanteringsfooie en makelaarskommissie | 180,862 | 146,961 |
| Boekverkope | 363,540 | - |
| Communitas - Kursusgelde | 91,178 | 128,585 |
| Diverse inkomste | 1,501,796 | 1,400,431 |
| Huur - Woonstelle, strandwoonstelle, pastorieë | 1,412,148 | 1,308,499 |
| Resepteboeke en ander spesiale projekte - Vrouediens | 1,150 | 1,436 |
| Vrywillige bydraes - VBO | 285,000 | 201,464 |
| F Kirsten Trust | 521,350 | 495,903 |
| **Rente ontvang** | 312,130 | 466,266 |
| **Oorplasings van Testamentêre bepaling** (verwys bladsy15) | 401,483 | 482,824 |
| Dr J C Coetzee Trust | 401,483 | 482,824 |
| **Oorplasings vanaf/(na) Reserwes** (verwys bladsye 9 tot12) | 2,399,725 | 2,369,659 |
| Sinodale Aandeel Hulpfonds Reserwe | (526,786) | 1,819,236 |
| Vervanging van bate reserwe | 191,287 | 149,139 |
| Hospitaalbearbeidingsreserwe | 564,317 | 507,882 |
| PABX Reserwe | (40,348) | (40,348) |
| Sinode Vergadering Reserwe | (240,000) | (300,000) |
| Weskus Sending Reserwe | 45,000 | 45,000 |
| Transnet Bedienings Reserwe | 34,925 | 18,750 |
| Handel- en Nywerheidsbediening | 18,900 | - |
| Seelui Reserwe | 39,367 | - |
| Vrouelidmate | 94,065 | - |
| Diens van Barmhartigheid | 334,790 | 170,000 |
| Getuieniskommissie | 1,884,206 | - |

| | | |
|---|---|---|
| **Uitgawes** | **31,614,265** | **31,231,818** |
| **Totale personeeluitgawes** | 16,471,569 | 14,232,498 |
| Communitas - Salaris bydraes | 515,945 | 306,773 |
| Pensioen- en mediese-aanvulling Sendelinge | 375,769 | 338,110 |
| Salarisbydraes | - | 130,245 |
| Vergoeding en honoraria | 15,579,855 | 13,457,371 |
| **Totale Administrasie-uitgawes** | 4,360,980 | 6,599,912 |
| Versekering | 144,042 | 136,132 |
| Advertensie- en bemarkingskoste | 6,636 | 20,487 |
| Bankkoste | 73,245 | 71,150 |
| Belasting en munisipalegelde | 23,905 | 16,010 |
| Boeke, tydskrifte, bindery en oudivisionele hulpmiddels | 138,056 | 117,881 |
| Communitas - Kantooruitgawes | 143,831 | 180,465 |
| Ledegelde, jaargelde en subskripsies | 42,456 | 33,897 |
| Communitas - Konsultasies en navorsing | 31,480 | 16,113 |
| Diverse uitgawes | 134,858 | 280,448 |
| Interaksie koste | (21,698) | (24,356) |
| Huur betaal | 149,987 | 144,648 |
| Kantoorhuur | 1,097,631 | 811,996 |
| Motorvoertuigonkostes | 58,727 | 97,671 |
| Kantooruitgawes | 89,208 | 50,764 |
| Slegte skuld | (989,695) | 1,430,418 |
| Onthaalkoste | 74,605 | 134,332 |
| Ouditeursgelde | 185,782 | 156,028 |
| Instandhouding van geboue en uitrusting | 428,159 | 365,948 |
| Reis, verblyf en vergaderingskostes | 1,184,446 | 1,259,551 |
| Rekenaarprogrammatuur, -lisensies en -onderhoud | 109,274 | 106,771 |
| Menslike hulpbrondienste en personeelopleiding | 50,218 | 85,448 |
| Konvent van Susterskerke, ringsuitgawes, streekkonferensies | 93,821 | 81,360 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | 309,387 | 326,931 |
| Telefoon en posgeld | 496,674 | 497,996 |
| Vroue-kampe kostes | (7,718) | (4,278) |
| Water en elektrisiteit | 109,230 | 82,121 |
| Verlies met verkoop/skrapping van bates | - | (36,499) |
| Depresiasie | 204,434 | 160,477 |
| **Toelaes en oorbetalings** | 10,781,716 | 10,399,408 |
| Noordelike Sinode | - | 25,000 |
| Communitas | - | 4,612 |
| Kerkhereniging | 92,000 | - |
| Argief | 1,301,104 | 1,156,660 |
| Malawi | 1,917,305 | 1,732,843 |
| Msinga | 783,306 | 760,693 |
| Mosambiek | 937,968 | 886,862 |
| Toelaes Studentebearbeiding | 887,089 | 759,435 |
| NGK in Afrika | 55,348 | 51,727 |
| Algemene Sinode Salarisse | 933,474 | 881,634 |
| Vrouelidmate - ABC Projek | 18,299 | (14,682) |
| VGK | 203,461 | 249,384 |
| Spesiale werkswinkels en projekte | 224,940 | 378,554 |
| Badisa - Bydrae (SKDB) | 2,300,000 | 2,450,000 |
| Zimbabwe | 1,127,422 | 1,076,686 |
| **Netto oorskot/(tekort) vir die jaar** | **2,043,709** | **(796,879)** |

**Bylaag C**

# DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA (PPF)

## 1. INLEIDING

Die Predikante- en Weduweepensioenfonds van die NG Kerk in SA is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestig. Met ingang vanaf 1 September 2004 is die naam van die Fonds gewysig na die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA. Die geregistreerde kantoor van die Fonds is geleë te De Langestraat 5, Bellville, 7530.

## 2. BEHEERLIGGAAM

Die Beheerliggaam word as volg saamgestel:

### 2.1 Sinode van NG Kerk in SA

Elf (11) verteenwoordigers van die Sinode waarvan ses (6) van die Beheerliggaam deur die lede uit hulle eie geledere per meerderheidstem op die Sinodale Vergadering verkies word en waarvan vyf (5) lede van die Beheerliggaam deur die Sinode aangewys word. Die Sinode wys ook sekundi vir die persone deur hulle aangewys, aan.

### 2.2 Sinodes van Natal, Noord-Kaapland en Oos-Kaapland

Twee (2) verteenwoordigers elk van die onderskeie sinodes, waarvan een persoon (lid) deur die lede verbonde aan die betrokke Sinode uit hul eie geledere per meerderheidstem op die Sinodale Vergadering verkies word en die ander lid deur die onderskeie Sinodes aangewys word. Die Sinodes wys ook sekundi vir die persone deur hulle aangewys, aan.

### 2.3 Pensioenarisverteenwoordigers

Drie (3) lede (en hul sekundi) word deur die pensioenarisse uit hul eie geledere per stembrief verkies. Die getal lede word met die volgende verkiesing verminder na twee (2) lede.

## 3. VASTE BYDRAE BEDELING EN OMSKAKELING

### 3.1 Aktiewe lede

Die Trustees van die PPF het op 20-07-2007 besluit om 'n proses te fasiliteer waardeur aan die aktiewe lede van die PPF 'n keuse tussen 'n Vaste Voordeel Fonds en 'n Vaste Bydrae Fonds gegee word.

Die aktuariële waardering van die PPF het getoon dat daar op 01-01-2007 'n surplus van minstens 30% in die Fonds was.

Al 680 lede het hul keusevorms ingedien en 100% het gekies om na 'n Vaste Bydrae Bedeling, met ingang 01-01-2008 oor te gaan.

Die gespesialiseerde administrasie van die Vaste Bydrae Fonds is aan Alexander Forbes Finansiële Dienste uitgekontrakteer. Die Sinodale Kantoor het steeds 'n voorkantoor beskikbaar vir premie invorderings, ander administrasie dienste en vir enige navrae wat die deelhebbers en lede mag hê.

Op 01-01-2008 is die surplus in die PPF toegedeel en al die aktiewe lede het 'n verhoogde fondswaarde van 37,5% ontvang.

### 3.2 Pensioentrekkers

Nadat die omskakeling vir die aktiewe lede afgehandel is en die aktuariële waardering van die PPF op 01-01-2008 voltooi was, het die Trustees besluit dat die pensioentrekkerlede drie keuses aangebied word, waaruit hul kan kies.

Die keuses was as volg:

- Bestaande Predikante Pensioenfonds (PPF)
- Platinum Pensioen van Old Mutual
- Lewende Annuïteit by finansiële instelling van lid se keuse

Die finale keuse keuses van die pensioentrekkers op 01-02-2009 (datum van implementering) was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| PPF | = | 461 |
| Old Mutual | = | 55 |
| Lewende Annuïteit | = | 120 |
| **Totaal** | **=** | **636 (uitgesluit 15 kinderafhanklikes)** |

'n Eenmalige verhoging van 20,5% is op 01-02-2009 aan die PPF pensioentrekkers gegee. Dit het geskied uit die surplus van die Fonds wat ook tot voordeel van die pensioentrekkers aangewend is, nadat voldoende voorsiening vir solvensie en ander reserwes gemaak is.

Nadat die oordragte en oorbetalings aan Old

Mutual en die verskillende lewende annuïteite gefinaliseer en die kommunikasie proses voltooi was, is die omskakeling na die PPF vir beide aktiewe lede sowel as pensioentrekkers as afgehandel beskou.

**4. PENSIOENVERHOGINGS TYDENS DIE RESES**

Pensioenverhoging aan pensioentrekkers afgelope 4 jaar was soos volg:

1 Maart 2007 = 7%
1 Maart 2008 = 7%
1 Maart 2009 = 6% (plus 20,5% eenmalige verhoging op 01-02-2009)
1 Maart 2010 = 3,4%

Pensioenverhogings is afhanklik van die opbrengste wat die pensioenfonds op sy beleggings behaal. Die pensioenverhogingsbeleid is onlangs gewysig om verhogings van 45% van VPI te teiken.

**5. FONDSREëLS**

**5.1** Die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika het op 16-11-2007 besluit dat met ingang 01-01-2008 die Reëls van die PPF deur hersiene Reëls vervang word.

Die redes vir die hersiene Reëls was soos volg:
1. Om aan te dui dat die Fonds omskakel vanaf 'n vastevoordeel-struktuur na 'n vastebydrae-struktuur;
2. Om aan te dui dat versekerde sterftevoordele nie meer deur die Fonds voorsien word nie, maar by wyse van 'n vrystaande nie-goedgekeurde groeplewensversekeringskema;
3. Om 'n persoon wat in ontvangs van 'n pensioen uit die Fonds is, toe te laat om die opsie uit te oefen dat sy pensioen in sy eie naam as 'n annuïteit of annuïteite van 'n Geregistreerde Versekeraar aangekoop word.
4. Om die Reëls van die Fonds te herskryf in die formaat wat deur die nuwe Administrateur van die Fonds gebruik word.

Die veranderings in Reëls van die Fonds sedert bovermelde wysigings in 2008 is die volgende:

**5.2 Wysiging Nr. 1**

**5.2.1** Fondssalaris

Die term "Fondssalaris" en die bepalings van toepassing op bydraes deur Deelhebbers is duideliker omskryf.

**5.2.2** Uitgestelde Voordele

Die bepalings van toepassing op lede wat ingevolge die Reëls soos dit voor 01-01-2008 van toepassing was op uitgestelde voordele geregtig geword het en wat per abuis uitgelaat is met die hersiening van die Reëls, in die Reëls te vervat en voorsiening te maak vir oordragte na Goedgekeurde Uittredingsannuïteitsfondse.

**5.2.3** Pensioenwaarborg

Die pensioenwaarborg, wat per abuis uitgelaat is met die hersiening van die Reëls, in die Reëls te vervat.

**5.3 Wysiging Nr. 2**

**5.3.1** Normale Aftreedatum

Die normale aftree-ouderdom vir sekere lede wat in ontvangs van 'n voordeel uit die Ongeskiktheidskema is, in ooreenstemming met die versekeringspolis ingevolge waarvan sodanige voordeel voorsien word, 60 jaar is.

**5.4 Wysiging Nr. 3**

**5.4.1** Data- en Solvensierekening

Om in die Reëls vir 'n data- en solvensierekening voorsiening te maak.

**5.4.2** Onopgeëiste voordele

Die oordrag van onopgeëiste voordele na 'n nasionale Fonds onopgeëiste voordele óf na 'n Fonds wat deur 'n administrateur vir sodanige doel gestig is, voorsiening te maak.

**5.5** Die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds het in 2009/10 die Reëls geëvalueer en besluit om met ingang 01-05-2010 die Reëls met hierdie hersiene Reëls te vervang asook om die vorige wysigings te konsolideer.

Die redes vir die hersiene Reëls was soos volg:
1. om duideliker te omskryf watter kerke toegang tot die Fonds gegee is;
2. om sekere bepalings wat verband hou met
(i) die doelstellings van die Fonds;
(ii) die kworum by vergaderings van die Beheerliggaam;
(iii) die dagbestuur van die Beheerliggaam; en
(iv) die Sinode se betrokkenheid by die goedkeuring van wysigings tot die Reëls;
en nie prakties uitvoerbaar is nie, te skrap;

3. om die terme "Aanneembare Persoon" en "Fondssalaris" met die meer gepaste terme "Kwalifiserende Persoon" en "Pensioengewende Inkomste" te vervang;
4. om voorsiening in die Reëls vir 'n Ledesurplusrekening te maak;
5. om voorsiening te maak vir wetgewende bepalings met betrekking tot die aftrekking van enige bedrag betaalbaar aan die gade van 'n Lid kragtens 'n hofbevel ingevolge die Wet op Egskeidings, 1979;
6. om aan te dui dat fondse wat voorheen as bewaringsfondse ingevolge die praktyknota RF1/98 erken is nou in die Inkomstebelastingwet, 1962, gedefinieer is;
7. om 'n verwysing na die NG Kerk-familie in die omskrywings "Groeplewensversekeringskema" en "Ongeskiktheidsskema" in te sluit;
8. om te spesifiseer dat 'n leraar in die permanente Diens van 'n Deelhebber moet wees om vir lidmaatskap van die Fonds te kwalifiseer;
9. om die duidelik te stel dat Maksimum Traktement en Pensioengewende Inkomste, vir die doeleindes van die Fonds, 'n jaarlikse bedrag is;
10. om die omskrywing "Sinodale Pensioenfondse" te korrigeer;
11. om aan te dui dat 'n Lid, met die Deelhebber se toestemming, vir 'n maksimum periode van ses maande na sy Normale Aftreedatum in Diens mag aanbly en dat bydraes en lidmaatskap sal voortgaan totdat die Lid die Diens verlaat;
12. om die vereiste dat die Beheerliggaam die aankoop van 'n annuïteit by aftrede moet goedkeur, te skrap;
13. om voorsiening te maak vir die kommutasie van klein Pensioene by aftrede;
14. om 'n begunstigde toe te laat om 'n annuïteit betaalbaar by 'n Lid se sterfte, of 'n gedeelte daarvan, in kontant om te sit;
15. om aan te dui dat, te wyte aan wysigings aan wetgewing, sekere van die vereistes van die algemene nota GN18 nie meer van toepassing is op sekere annuïteite aangekoop van 'n Geregistreerde Versekeraar nie;
16. om die bepaling dat 'n kontantvoordeel betaalbaar is indien 'n Lid versuim om binne 3 maande na diensbeëindiging 'n opsie met betrekking tot die wyse van betaling uit te oefen, te skrap;
17. om voorsiening te maak vir die oordrag van onopgeëiste voordele na 'n Fonds vir onopgeëiste voordele by die likwidasie van die Fonds;
18. om met ingang van die volgende verkiesing, die aantal Pensioentrekker Lede op die Beheerliggaam te verminder;
19. om die verwysing na die Maatskappywet op te dateer;
20. om die partye wat aanbevelings met betrekking tot die Fonds mag maak korrek weer te gee in die Reëls;
21. om aan te dui dat die beskikbaarheid van 'n opsie aan 'n Pensioentrekker, Kwalifiserende Gade of Kwalifiserende Kind om sy Pensioen as 'n annuïteit of annuïteite in sy naam van 'n Geregistreede Versekeraar aan te koop, by die Beheerliggaam berus;
22. om 'n Pensioentrekker in ontvangs van 'n Pensioen uit die Fonds, waarvan die totale waarde laer is as sodanige bedrag soos van tyd tot tyd deur die Belastingowerhede gespesifiseer, toe te laat om die totale waarde van sodanige Pensioen in kontant om te sit, onderworpe aan sodanige voorwaardes soos wat deur die Belastingowerhede ingestel mag word;
23. om die verwysing na die Belhar Pensioenfonds vir Leraars van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, in die spesiale bepalings van toepassing op Kategorie A Lede, te skrap aangesien oordragte na sodanige fonds nie meer 'n moontlikheid is nie; en
24. om die Reëls te konsolideer deur die bepaling van Wysigings 1 tot 3 in te sluit.

## 6. AANSTELLING VAN KONSULTANTE VAN DIE FONDS

Die Fonds maak gebruik van 'n aantal diensverskaffers om bepaalde funksies te verrig. Die aanstelling van die diensverskaffers word van tyd tot tyd heroorweeg. In die tweede semester van 2009 het die Trustees tenders ingewin vir die rol van die Fonds se konsultant. Dit het daartoe gelei dat mnr Faffa Knoetze van Alexander Forbes Finansiële Dienste as konsultant van die PPF aangestel is.

<u>Die volgende instansies lewer ook tans dienste aan die Fonds</u>:

Aktuaris: Simeka Konsultante en Aktuarisse
Administrateur: Alexander Forbes Finansiële Dienste en NG Kerk in SA
Beleggingskonsultante: Fifth Quadrant
Ouditeure: PriceWaterhouseCoopers

## 7. WAARDERING VAN DIE FONDS

Die vorige statutêre Aktuariële Waardering van die Fonds is soos op 01-01-2008 gedoen:

Simeka Konsultante en Aktuarisse is tans (Mei 2011) besig met die volgende waardering van die Fonds soos op 01-01-2011.

## 8. BELEGGINGS VAN DIE FONDS

In 2008 en tot die begin van 2009 het ons geweldige skommelinge in die wêreld se finansiële markte gesien en 'n finansiële krisis soos wat die

meeste lede nog nie in hul lewens ervaar het nie. Ten spyte van hierdie ekonomiese omstandighede het die Fonds se beleggingsportefeuljes beter as die maatstaf gevaar.

Ooreenkomstig die beleggingsbeleid is die Fonds se bates soos op 30-09-2010 as volg in die verskillende portefeuljes belê:

| | | R'm |
|---|---|---|
| Langtermyn Portefeulje | | 651,2 |
| Konserwatiewe Portefeulje | | 88,4 |
| Inkomstebeskerming Portefeulje | | 33,2 |
| Pensioentrekkers | = Aktiewe beleggings | 129,1 |
| | = Gestruktureerde deposito | 241,6 |
| Artikel 14 en Gebeurlikheidsreserwes | | 13,7 |
| | | 1 157,1 |

Die beleggingskonsultant doen maandeliks verslag aan die Beleggingskommissie. Laasgenoemde doen weer verslag aan die Beheerliggaam tydens die kwartaallikse vergaderings.

## 9. BELEGGINGSKEUSES

'n Lewensfase beleggingstrategie is vanaf 01-01-2008 geïmplementeer. Intussen het die Trustees die implementering van individuele beleggingskeuses goedgekeur. 'n Alternatiewe lewensfasemodel die "Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit" is ook in middel 2010 aan lede as 'n aktiewe beleggingskeuse aangebied.

## 10. VERANDERING VAN BYDRAEKOERSE

Die Trustees van die PPF het die afgelope jaar of twee 'n ondersoek geloods om die huidige pensioengewende inkomste te verbeter, in 'n poging om predikante se aftreevoordele te verbeter. Die 16,8% bydraevlak word bereken op ongeveer 52% van die leraar se vergoedingspakket, wat byvoordele insluit. Daarteenoor maak die 19,2% bydraevlak voorsiening dat die leraar se pensioen by aftrede baie nader aan die 70% (wat die aanvaarde standaard in die mark is) van die vergoedingspakket is.

Gedurende November 2009 is skrywes aan lede en gemeentes versprei waarin betrokkenes aangemoedig is om op 'n hoër bydraevlak, by te dra. Sedertdien was die reaksie op die versoek uitstekend en het bykans **45%** van die aktiewe lede na 'n hoër bydraevlak geskuif. Opwaartse verandering van bydraekoerse geskied sedertdien deurlopend.

**Die SFK-Dagbestuur het op 17-09-2010 dit goedgekeur dat die 19,2% bydraevlak voortaan as die nuwe standaard vir pensioenbydraes by gemeentes/deelhebbers aanbeveel gaan word.**

**Die Sinode word versoek om die besluit te bekragtig.**

## 11. AFTREE BEPLANNING – FINANSIëLE ADVISEUR

In 'n Vaste Bydrae bedeling is dit 'n belangrike vereiste dat PPF lede 'n finansiële adviseur moet hê. Elke lid moet by aftrede self besluit oor 'n toepaslike pensioenproduk (volgens sy/haar behoeftes, ens.) en daarvoor is 'n finansiële adviseur noodsaaklik.


**Onthou 'n verhouding met 'n finansiële adviseur word nie oornag gebou nie!**


## 12. LIDMAATSKAP

### 12.1 Aktiewe lede

Die PPF het op 01-10-2010 621 lede (2008 = 680 lede) gehad.


Lidmaatskap Profiel




### 12.2 Pensioentrekkers

Die PPF het op 01-10-2010 435 pensioentrekkers (14 kinders uitgesluit) gehad. Met die omskakelingsproses het 461 pensioentrekkerlede op 01-02-2009 by die PPF gebly.




## DIE AMPTENARE AFTREEFONDSE VAN DIE NG KERK IN SA

Die Pensioenfonds vir Leke-amptenare van die NG Kerk in SA is op 1 Januarie 1950 gestig vir die kerk se nie-geordende personeel. Die Fonds se naam is op 1 Januarie 1987 verander na die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in SA. Gedurende 1998 is daar aan die lede van die Amptenare Pensioenfonds die geleentheid gegee om 'n keuse uit te oefen om oor te skakel na 'n vaste bydrae pensioenfonds of 'n voorsorgfonds. Lede kon destyds ook kies om by die bestaande Fonds [Vaste Voordeel] te bly. Die besonderhede van die verskillende aftreefondse is soos volg:

### 1. VASTE VOORDEEL PENSIOENFONDS

| | |
|---|---|
| Aktiewe lede: | Nul |
| Pensioenarisse: | Nul |
| Kapitaal op 31 Desember 2009: | Nul |

Die uitkontraktering van die 326 pensioentrekkers na Old Mutual het op 1 Mei 2007 plaasgevind. Die 14 oorblywende aktiewe lede is per Artikel 14 Oordrag na die Amptenare Vaste Bydrae Fonds (13) en Amptenare Voorsorgfonds (1) oorgedra.

Nadat alle verpligtinge nagekom is, was die banksaldo R3 611 333-75 gewees. Die fondse is aan Old Mutual oorbetaal om 'n verdere 5,28% verhoging met ingang 01-11-2009 aan al die pensioentrekkers toe te staan. Dit nadat 'n voorlopige 10% verhoging vroeër op 01-11-2007 uit die surplus van die Fonds reeds aan die pensioentrekkers beskikbaar gestel is.

Die boeke het met 'n nul saldo afgesluit. Die ouditeure het 'n finale oudit soos op 31-12-2009 gedoen.

Die finale transaksies met Old Mutual is tans onderhewig aan goedkeuring van die Raad op Finansiële Dienste. Sodra die goedkeuring verkry word, sal die finale Finansiële Staat met 'n gepaste dekbrief aan die Registrateur gerig word, met die versoek om die Amptenare Pensioenfonds (Vaste Voordeel) te deregistreer.

Die finale ontbinding en deregistrasieproses sal vir toekomstige rekorddoeleindes in die SFK se notule opgeneem word.

### 2. VASTE BYDRAE PENSIOENFONDS

| | |
|---|---|
| Aktiewe lede: | 1 496 |
| Kapitaal op 31 Julie 2010: | R222 867 499 |

Hierdie Fonds is op 1 Julie 1998 gestig en word deur ABSA Konsultante en Aktuarisse geadministreer. Aftreevoordele word by aftrede aangekoop by 'n goedgekeurde finansiële instansie van die lid se keuse, met die lid se regmatige aandeel (opgelope kapitaal) in die Fonds.

Die beleggingsopbrengs op die Fonds se bates vir die jaar eindigend 31 Maart 2010 was as volg:

| | |
|---|---|
| Langtermyn portefeulje: | 28,4% |
| Konserwatiewe portefeulje: | 8,6% |
| Kapitaalbeskermingsportefeulje: | 5,7% |
| Geldmark portefeulje: | 9,1% |

'n Beleggingsbeleid met 'n lewensfase beleggingstrategie is vir die Fonds opgestel en word deurlopend hersien.

Die Raad op Finansiële Dienste (RFD) het op 04-03-2010 'n nakomingsbesoek aan die Fonds gebring. Die RFD was hoogs tevrede met die wyse waarop die Fonds funksioneer. Die aktuariële waardering soos op 31-03-2010 is in proses.

### 3. AMPTENARE VOORSORGFONDS

| | |
|---|---|
| Aktiewe lede: | 924 lede |
| Kapitaal op 31 Januarie 2007: | R62 161 340 |

Hierdie Fonds is op 1 Julie 1998 gestig en word deur ABSA Konsultante en Aktuarisse geadministreer. By aftrede word die lid se regmatige aandeel (opgelope kapitaal) in die Fonds aan die lid uitbetaal.

Die beleggingsopbrengs op die Fonds se bates vir die jaar eindigend 31 Maart 2010 was as volg:

| | |
|---|---|
| Langtermyn portefeulje: | 21,1% |
| Konserwatiewe portefeulje: | 8,6% |
| Kapitaalbeskermingsportefeulje: | 5,7% |
| Geldmark portefeulje: | 9,1% |

'n Beleggingsbeleid met 'n lewensfase beleggingstrategie is vir die Fonds opgestel en word deurlopend hersien.

Die aktuariële waardering soos op 31-03-2010 is in proses.

## 4. BEHEER VAN DIE AFTREE-FONDSE VIR AMPTENARE

Elkeen van die drie aftreefondse het 'n Raad van Trustees wat bestaan uit 4 verkose werknemerverteenwoordigers en 4 werkgewerverteenwoordigers. Die Saakgelastigde dien as voorsitter op aldrie Rade van Trustees en mnr Raats is die Hoofbeampte van die Fondse.

## 5. KWALIFISERINGSVEREISTE EN LIDMAATSKAP

Dit blyk dat slegs 23% van gemeentes 'n deelhebbende werkgewer van die aftreefondse vir amptenare is. Moontlike redes vir die lae persentasie is dalk onkunde, selfs onbekendheid ensovoorts. Alle maandelikse besoldigde werknemers wat permanent aangestel is, kwalifiseer vir lidmaatskap. Wanneer 'n kerkraad as werkgewer inskakel, is lidmaatskap van alle nuwe aanstellings verpligtend. 'n Orrelis wat op 'n permanente basis aangestel is kwalifiseer vir lidmaatskap, so ook 'n skriba of koster wat byvoorbeeld halfdag of sekere vaste ure werk. By aanstelling kan die werknemer 'n keuse tussen die pensioenfonds of die voorsorgfonds uitoefen.

## 6. DEELNEMENDE WERKGEWERS

Die deelnemende werkgewers van die aftreefondse vir amptenare bestaan uit al die instellings van die Kerk, programme van BADISA, Sinodale Kommissies, 52 gemeentes van die NG Kerk in SA, die administratiewe kantore van die NG Kerk in Oos-Kaap en Bybelmedia.

## 7. VOORDELE BESKIKBAAR

Behalwe die onderskeie voordele betaalbaar by aftrede geniet lede die volgende voordele:

Sterftedekking: 2 x jaarlikse salaris
Groepversekering: 1 x jaarlikse salaris
Gadepensioen: 50% van pensioengewende salaris
Kinderpensioen: 10% van pensioengewende salaris per kind
Ongeskiktheidsvoordele: 67,5% van pensioengewende salaris
Bedankingsvoordeel: Volle regmatige aandeel in Fonds word uitbetaal

## 8. INSKAKELINGSPROSEDURE

Wanneer 'n gemeente as deelhebbende werkgewer inskakel, voorsien die administrateur van die Fonds, ABSA Konsultante en Aktuarisse, die gemeente van 'n volledige Administrasie-handleiding. Navrae kan aan die Hoofbeampte by (021) 957-7104 of aan ABSA Konsultante en Aktuarisse by (021) 941-8900 (mev J Lubbe) gerig word.

# B14: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (SKK)

## INLEIDING

Die *Sentrum vir Kommunikasie* van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland is die versamelpunt van 'n hele aantal opwindende en uitdagende werksaamhede van die NG Kerk. Dit geld vir sowel die werk wat in streeksverband gedoen word, as in nasionale verband. Dit strek ook veel wyer as die NG Kerk-grense en bedien as sodanig ook die hele NG Kerkfamilie – en selfs die breër ekumeniese gemeenskap van kerke van Gereformeerde belydenis in die *Conventus van Gereformeerde Kerke* (wat die *Tussen Kerklike Raad* ook insluit). In die vorige aantal jare kon ons telkens verslag doen van interessante verdere ontwikkelinge in die funksionering van hierdie sentrum.

Met die fokus op die verbetering van kommunikasie op gemeentelike vlak, het 2010 byvoorbeeld begin met 'n VBO-geakkrediteerde kursus oor kommunikasie (gedurende Februarie) op Stellenbosch. Ons was ook gelukkig om met die aanbied hiervan onder andere gebruik te kon maak van die kundigheid van die lede van die SKK self, terwyl die evaluasie van die kursus oorweldigend positief was. Vir hierdie kursus kon die sentrum ook staatmaak op navorsing wat voortgevloei het uit 'n ondersoek na kommunikasie in die NG Kerk, soos deur die Taalsentrum van die Universiteit van Stellenbosch gedoen. Ook in die inisiëring van hierdie akademiese projek was die *Sentrum vir Kommunikasie* instrumenteel. Dit het dan ook daartoe gelei dat 'n kommunikasiebeleid en – strategie vir die Kaapse sowel as die Algemene Sinode deur beide moderamens aanvaar is, waarin die klem val op doeltreffende, proaktiewe kommunikasie na die lidmate van die NG Kerk, maar ook die breër Suid-Afrikaanse publiek.

Die jongste ontwikkeling in hierdie verband is die verdere uitbou van die *Parlementêre Lessenaar* (as een van die komponente van die sentrum) na 'n *Lessenaar vir Publieke Getuienis,* waarmee die kerk ten doel het om duideliker 'n verantwoorde en verantwoordelike stem in die openbare sfeer van ons samelewing te wees.

Intussen is die *Sentrum vir Kommunikasie* steeds nou betrokke is by die koördinering van sake op die agenda van die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS), en hanteer as sodanig alle navrae aan die NG Kerk met betrekking tot hierdie funksie. Die PSD is ook lid van die Kaapse Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS).

Verder volg dit vanselfsprekend dat hierdie sentrum se werk goeie en gesonde ekumeniese verhoudinge veronderstel. Baie van die werk waarin die verhouding kerk/staat ter sprake is, word dan ook in noue samewerking met soortgelyke kerklike strukture van ekumeniese vennote gedoen. As sodanig geniet die NG Kerk 'n groot mate van kredietwaardigheid en is daar groot dankbaarheid en waardering vir die betekenisvolle rol van die kerk in ons Suider-Afrikaanse samelewing.

## KOMMUNIKASIE

<u>Algemene Sinode Kommunikasiebeleid en – strategie</u>

Nadat die Algemene Sinode (AS) se Taakspan vir Kerklike Media (ATKM) – by wie se werksaamhede die Sentrum ook betrokke is – verlede jaar 'n omvattende navorsingsverslag van die Universiteit van Stellenbosch se Taalsentrum aangevra het, is die AS se Kommunikasiebeleid en –strategie, wat hieruit voortgevloei het, deur die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) goedgekeur, ook met die oog daarop om dit in te dien by die Algemene Sinode se sitting later vanjaar (Oktober 2011).

<u>Kommunikasie in gemeentes</u>

Dit is steeds so dat sommige lidmate gefrustreerd (en somtyds selfs erg omgekrap) is dat hulle oor die kerk en die kerk se standpunte deur middel van die openbare media moet verneem – heel dikwels in 'n sensasionele formaat – en nie via die kerk self nie. Die saak van proaktiewe kommunikasie, tesame met die uitdagings van kommunikasie op plaaslike (gemeentelike) vlak, bly daarom ons grootste uitdaging as *Sentrum vir Kommunikasie*.

Soos hierbo genoem, was die Sinodale Kommissie vir Kommunikasie (SKK) en daarom ook die *Sentrum vir Kommunikasie* instrumenteel in die eerste (VBO-) kommunikasie-kursus wat deur Communitas op Stellenbosch aangebied is. Behalwe die SKK-lede wat as aanbieders opgetree het, was ons ook bevoorreg genoeg om kundiges soos Francois Groepe, Hoof Uitvoerende Beampte van *Media24*, by hierdie kursus te betrek. Dit was 'n baie aangename en uiters leersame ervaring vir almal wat betrokke was – selfs drie kollegas uit die Vrystaat en een uit Namibië het ons help dink oor kommunikasie in die kerk. Die spoed en reikwydte van elektroniese kommunikasie verbyster 'n mens – daarom dat kommunikasie so 'n dinamiese werksomgewing is. Verdere kursusse van hierdie aard word beslis in die vooruitsig gestel.

Tydens hierdie kommunikasie-kursus is dit

weereens beklemtoon dat ons sover moontlik oral en na almal sal luister. Daarom het ons in *VrydagNuus* begin om sporadies *Pryslied-* en *Kerm-Skerm*-dienste beskikbaar te stel, waarmee lesers vir ons kan laat weet waarvan hulle hou en wat hulle pla rakende ons kommunikasie.

Kommunikasie tussen sinodes

Die *Sentrum vir Kommunikasie* het intussen voortgebou op 2009 se totstandkoming van die *€-kom Werkgroep*, wat bestaan uit die redakteurs van die tien sinodale nuusbriewe (asook die ander publikasies van die NG Kerk in terme van hulle webwerwe (*Kerkbode* en *LIG*) in 'n geïntegreerde elektroniese kommunikasie-netwerk in die NG Kerk. Dit vind plaas onder leiding van die Redakteur Elektroniese Kommunikasie as sameroeper. Tot op daardie stadium is die intra-sinodale elektroniese kommunikasie op 'n *ad hoc* basis tussen die redaksies van die nuusbriewe gedoen. Die *€-kom Werkgroep* het intussen begin om gereeld aan die begin van elke jaar gedurende Maart in Gauteng byeen te kom om mekaar te help en te ondersteun in terme van die elektroniese kommunikasie en inligting wat deurlopend as diens aan die sinodes gelewer word.

Elektroniese Kommunikasie: NG Kerk webblad

Ook die onderskeie sinodes se webmeesters, wat 'n integrale deel van die NG Kerk se amptelike webblad is (en waarvoor die Redakteur: Elektroniese Kommunikasie verantwoordelik is), is deel van die inisiatief rakende kommunikasie tussen sinodes en word as sodanig gekoördineer deur die *Sentrum vir Kommunikasie*. Hierdie funksionarisse word ook jaarliks uitgenooi na die *€-kom Werkgroep* se byeenkomste. Ons is in 'n deurlopende proses om die NG Kerk se webblad (www.ngkerk.org.za) op te dateer en te vernuwe wat voorkoms en inhoud betref. Die beplanning is dat die nuwe voorkoms van hierdie webblad teen Februarie 2011 bekendgestel sal word.

## *PARLEMENTÊRE LESSENAAR*

Toekomstige ontwikkeling

Tot dusver was die karakter van die *Parlementêre Lessenaar* se betrokkenheid by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement hoofsaaklik deelnemend van aard ten opsigte van nuwe wetgewing. Hierdie funksie is in ooreenstemming met die gedagte van positiewe burgerlike samewerking. 'n Verdere ontwikkeling hiervan het gelei tot die ontstaan van 'n *Lessenaar vir Publieke Getuienis*.

Die verklaarde verantwoordelikheid van die Algemene Sinode (art 43.1.2 – die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband) vra naamlik na bepaalde meganismes om hierdie taak van die kerk tot uitvoering te bring.

Dit beteken dat die karakter van 'n *Lessenaar vir Publieke Getuienis* (*Desk for Public Witness*) een sal wees van kritiese betrokkenheid (*critical engagement*) ten opsigte van die staatsbestel in Suid-Afrika. Die werksaamhede van 'n meer formele konsultasie-netwerk, bestaande uit sleutelpersone op die gebied van die onderwys, grondhervorming, sosiaal-maatskaplike sake, eties-morele sake, kommunikasie en media, die regulering van inligting en kerkordelike aangeleenthede, sal voortaan saamgetrek word vanuit die *Sentrum vir Kommunikasie* (in die naam van *Publieke Getuienis – LPG*).

Sien in hierdie verband **Addendum A**: *Die Publieke Getuienis van die NG Kerk* onderaan.

Monitering van parlementêre en staatsfunksies

In ooreenstemming met die kerk se verbintenis daartoe om 'n konstruktiewe verskil te maak in ons Suid-Afrikaanse gemeenskap deur ons getuienis-taak in die Suid-Afrikaanse samelewing, gaan die *Parlementêre Lessenaar* steeds voort met ons positiewe deelname aan die proses van wetskrywing.

Ons ekumeniese betrekkinge is hier van groot waarde, onder meer die skakeling met die *Catholic Parliamentary Liaison Office*. So kon die Wes-en-Suid-Kaap se Landbou Taakgroep, waarvan die PSD: Kommunikasie as sameroeper benoem is, gedurende September 2009 in die konferensielokaal van die Katolieke Parlementêre Kantoor in Kaapstad vergader. Dit was 'n unieke geleentheid van ekumeniese samewerking, waartydens onder andere dr Pieter Mulder, Adjunkminister van Landbou, Bosbou en Visserye, ook insette gelewer het oor sy beskouing van die pad vorentoe.

Die werk van die *Parlementêre Lessenaar* het ook onder meer tot praktiese uitvoering gekom in ons betrokkenheid by die volgende geleenthede:

- 'n werkswinkel oor die dekriminalisering van prostitusie gedurende Oktober 2009 in Pretoria. Tydens hierdie geleentheid het me Carien Pienaar van die *SA Law Reform Commission* haar perspektiewe met die vergadering gedeel.
- 'n gesprek met die tema *Grondhervorming in die lig van die Grondwet*, wat gedurende Mei 2010 in Pretoria deur die AS Taakspan Landbou aangebied is. Hierdie geleentheid is bygewoon deur verteenwoordigers vanuit al die verskillende sinodes en is onder meer toegespreek deur verteenwoordigers van Agri SA en die Transvaalse Landbou-unie.

Die *Parlementêre Lessenaar* se betrokkenheid by die Departement van Binnelandse Sake se hantering van die registrasie van huwelike strek al oor die afgelope twaalf maande – en word ook voortdurend vanuit die *Sentrum vir Kommunikasie* gemonitor.

**LEER EN AKTUELE SAKE**

Soos vroeër genoem, hanteer die *Sentrum vir Kommunikasie* nog steeds sake wat op die tafel van Leer en Aktuele Sake beland: dit behels onder meer navrae wat aan ons kantoor gerig word vanaf die NG Kerk se webblad (onder andere via die *Sê Jou Sê*-funksie), SKLAS (Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake) of ATLAS (die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer en Aktuele Sake), sowel as projekte as opdragte vanuit die sinode (of die ASM as dagbestuur van die Algemene Sinode).

**BETROKKENHEID OP GEMEENTELIKE VLAK**

In ooreenstemming met die Sinodale Kommissie vir Kommunikasie (SKK) se reglement, wat bepaal dat die SKK aan gemeentes leiding ten opsigte van effektiewe kommunikasie binne en buite gemeenteverband moet gee, is die *Sentrum vir Kommunikasie* tot die beskikking van gemeentes. So was die SKK en ons kantoor ook betrokke by die totstandkoming van 'n Kommunikasieforum vir Makrogemeentes, 'n ondersteuningsforum wat fokus op die behoeftes van makro-gemeentes – en wat uit die aard van die saak uitgebrei sou kon word na gemeentes met 'n ander samestelling/ grootte ook.

Dit staan ringe, gemeentes en ander kerklike byeenkomste vry om die predikant in sinodale diens (PSD: Kommunikasie) te nooi vir 'n optrede na behoefte. Ons visie is om die kerk (gemeentes) en sinodale strukture (deur middel van hulle funksionarisse) nader aan mekaar te bring deur persoonlike blootstelling aan mekaar se kontekste en uitdagings.

**TEN SLOTTE**

Die *Sentrum vir Kommunikasie* behoort aan die kerk – en daarom aan gemeentes. Ons sou daarom nie ons taak as uitgevoer kon beskou as ons nie ook, al is dit ook op 'n klein skaal, daarin kon slaag om gemeentes te ondersteun in hulle taak om hul roeping met inagneming van hulle eie konteks te ontdek nie.

My dank aan die Wes-en-Suid-Kaap Sinode vir die besondere ondersteuning van die werk wat vanuit die *Sentrum vir Kommunikasie* plaasvind. Ek beklemtoon graag dat ek bevoorreg is dat my twee werkgewers (die Algemene Sinode, sowel as die Wes-en-Suid-Kaap Sinode) mekaar op 'n besondere manier aanvul en dit gevolglik vir my maklik maak om my uiteenlopende pligte uit te voer. Dit sal waardeer word as hierdie dank oorgedra sal word aan alle betrokkenes.

**Vriendelike groete**
**Dr Ben du Toit (PSD: Kommunikasie)**

---

## Bylaag A

### DIE PUBLIEKE GETUIENIS
### (*Public Witness*)
### Van Ned Geref Kerk

1. **Inleiding**

Die *Parlementêre Lessenaar* (PL) van die Ned Geref Kerk het sedert die ontstaan daarvan in die Wes-Kaap in 2000 verskeie ontwikkelinge ondergaan. Aanvanklik was die rol van hierdie funksie in die kerk (weens die nuutheid daarvan) nie baie duidelik nie. Intussen het die Algemene Sinode van die NG Kerk hierdie funksie volledig as 'n 50%-pos oorgeneem – en was die fokus hiervan hoofsaaklik die monitering van die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement, met die oog daarop dat die kerk moontlike insette sal lewer in terme van nuwe wetgewing.

Hierdie wetskrywende proses van die Parlement het 'n nuwe dringendheid en fokus gekry met die totstandkoming van die nuwe konstitusionele demokrasie in Suid-Afrika sedert 1994 (en veral sedert die aanvaarding van die nuwe Grondwet van die land in 1996). In terme van hierdie nuwe staatkundige bestel, moes al die oorblywende "apartheidswette" uit die wetboek verwyder word, terwyl alle ander bestaande wette deur middel van amendering, asook die ontwerp van nuwe wette uitdrukking moes gee aan die waardes van die Grondwet.

Die PL moniteer hierdie proses saam met ander ekumeniese rolspelers en burgerlike organisasies

en kommunikeer dit dan na 'n netwerk van (kerklike) kundiges in bepaalde sektore binne die kerklike gemeenskap. Die besluit om prakties deel te wees rondom die formulering van wetgewing berus by hierdie sektore, wel in samewerking en ondersteuning van die PL. Mettertyd is hierdie inligtingsnetwerk ook uitgebrei na die hele NG Kerkfamilie, asook ander kerke van Gereformeerde belydenis (TKR en Conventus van Gereformeerde Kerke).

## 2. Die ontwikkeling van 'n interne konsultasie-netwerk

Wat die NG Kerk betref het daar gaandeweg 'n konsultasie-netwerk ontwikkel. Bepaalde sleutelpersone, wie se werksaamhede binne 'n groepering (cluster) van wetgewing funksioneer, is geïdentifiseer, met wie dan gekonsulteer is/word rondom wetgewing (of die implikasies daarvan) wat daardie betrokke cluster betrek. Die volgende sleutelpersone is tans deel hiervan:
Wetgewing rondom sosiaal-maatskaplike sake: Willie van der Merwe (ADD)
Wetgewing rondom eties-morele sake: James Kirkpatrick (ATLAS)
Wetgewing rondom onderwys: Gustav Claassen (Jeug)
Wetgewing rondom grondhervorming: Thys Smith (Taakspan Grondhervorming)
Wetgewing rondom kommunikasie en media: Pieter Fourie (Bybel-Media)
Wetgewing rondom die regulering van inligting: Johan Froneman (ABID)
Wetgewing rondom kerkordelike aangeleenthede: Johann Ernst (ATR)

Wanneer daar wel op skriftelike voorleggings aan 'n bepaalde portefeulje-komitee besluit word, was/is die PL verantwoordelik vir die finale voorbereiding daarvan, asook, in konsultasie met die Algemene Sekretaris, die mondelinge verdediging/lewering daarvan voor die komitee by die Parlement.

Ander sake van algemene belang vir die kerk is/word direk deur die PL met verteenwoordigers van staatsdepartemente gedoen – nie noodwendig op ministeriële vlak nie, maar wel op bestuursvlak ter wille van funksionaliteit. Onlangse voorbeeld hiervan is die kwessie rondom huweliksbevestigers met die Departement van Binnelandse Sake. Origens is/was die PL betrokke by die reël van besoeke tussen senior kerklike amptenare (lede van die moderatuur) met die senior leierskap van politieke partye.

BELANGRIK: Hierdie karakter van die *Parlementêre Lessenaar* se betrokkenheid by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement, is hoofsaaklik deelnemend van aard. Met die totstandkoming van die nuwe konstitusionele demokratiese bestel is die geleentheid is aan alle burgerlike instansies aangebied (dis ons konstitusionele reg) om deel te wees van die proses rondom die ontwikkeling van wetgewing.

## 3. Van *Parlementêre Lessenaar*, na *Lessenaar vir Publieke Getuienis*

Na tien jaar van funksionering van die PL (en na 14 jaar van ons konstitusionele demokrasie) bestaan daar tans goeie redes vir die oorweging van 'n volgende ontwikkeling van hierdie funksie van die Algemene Sinode. Die redes is hoofsaaklik die volgende:

a. Dit is belangrik vir die NG Kerk, kragtens die verbintenisse geformuleer by die Algemene Sinode se sittings van die afgelope jare (2002, 2004, 2007), dat hierdie kerk, as 'n kerk in/van Afrika, 'n konstruktiewe verskil wil maak in ons Suid-Afrikaanse gemeenskap.
b. Die verklaarde verantwoordelikheid van die Algemene Sinode (art 43.1.2 – die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband) vra nou na bepaalde meganismes om hierdie taak van die kerk tot uitvoering te bring.
c. Die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap waarin 'n regverdige bedeling tot almal se beskikking is, moet ondersteun word deur 'n holistiese program van gemeenskapsontwikkeling. Wetenskaplik gesproke is dit die enigste volhoubare oplossing vir die kritieke stand van armoede en sosiale inploffing in Suid-Afrika. Hierin behoort al die sektore van die samelewing op plaaslike vlak betrek te word en doeltreffend bestuur word.
d. Die huidige stand van sake in Suid-Afrika in terme van verskeie sleutelaspekte (volgehoue/groeiende armoede; verswakte gesondheidsorg; terugsny van begroting van maatskaplike sorg/dienste; haglike toestand van onderwys; gebrekkige dienslewering op plaaslike vlak; toename aan korrupsie en enorme wanbesteding op staatsvlak; die onbehoorlike verryking van 'n minderheid elite ten koste van miljoene armes; toenemende uitdaging van die integriteit van die Grondwet deur die regerende party; die feitlik totale mislukking van Grondhervorming, gevolglike verlies aan werk deur duisende mense en dramatiese/rampspoedige ineenstorting van landbou-aktiwiteite en voedselproduksie, ensovoorts), bring 'n nuwe situasie mee waar ons nou te doen het met 'n disfunksionele staat. Die kerk sal sy roeping versaak as oor hierdie onreg geswyg word.
e. Die radikale interpretasie van die konsep van 'n Nasionale Demokratiese Revolusie, as 'n verdere stadium in die staatkundige ontwikkeling van

'n Suid-Afrikaanse samelewing, deur prominente lede van die ANC, laat gevaarligte flikker. Die ondersteuning hiervan deur prominente leiers, soos Mathews Phosa en Cyril Ramaphosa (Phosa wat ook in die tugverhoor aan die kant van Julius Malema opgetree het), voorspel niks goeds nie. Die siening van die Grondwet as (slegs) 'n vertrekpunt om die onderhandelde skikking (1994) te laat werk, maar nie die eindpunt van konstitusionele ontwikkeling is nie, voorspel niks goed as die ANC 'n volstrekte meerderheid met die volgende verkiesing behaal nie. (ADDENDUM 1 hieronder)

In die lig hiervan, word nou gevra na 'n verdere ontwikkeling van die PL tot 'n *Lessenaar vir Publieke Getuienis* (*Public Witness*). Nie alleen is dit in terme van die Kerkorde (art 43) 'n duidelik taak waaraan die Algemene Sinode uitvoering moet gee nie, maar is dit binne die ekumeniese kerk 'n bekende term vir die roeping van die kerk om 'n verskil te maak aan die konteks waarbinne daardie deel van die Liggaam van Christus leef en werk. Daar is tans 'n kritiese behoefte aan so 'n funksie van/deur die kerk.

Terwyl die karakter van die *Parlementêre Lessenaar* een was van burgerlike samewerking, van 'n positiewe deelname aan 'n proses van wetskrywing (en daardie funksie in die nuwe struktuur voortgesit sal word), sal die karakter van 'n *Lessenaar vir Publieke Getuienis* (*Desk for Public Witness*) een wees van kritiese betrokkenheid (*critical engagement*) ten opsigte van die staatsbestel in Suid-Afrika.

4. **Die Kerk kan/mag nie stilbly nie**

Dit is vir die NG Kerk belangrik om 'n roepinggedrewe kerk te wees. Sien hierdie verband die Roepingsverklaring van 2007 (ADDENDUM 2 hieronder), soos wat dit verwerk is vir die formulering van 'n Kommunikasiebeleid en strategie vir die Algemene Sinode se Moderamen (ASM). Vanuit ons verbintenis tot hierdie roeping, kan ons nie stilbly nie. Ons integriteit as kerk van Christus is op die spel, wanneer ons nie tot die openbare gesprek toetree as die menswaardigheid van mense aangetas word en geregtigheid en versoening ten opsigte van alle mense misken word nie.

5. **Konsultasie-netwerk formaliseer**

Tans is die genoemde konsultasie-netwerk by punt 2 genoem 'n informele, losse groepering wat totaal en al sonder bewussyn van mekaar die werksaamheid van die PL komplimenteer. Die vraag is egter of hierdie netwerk nie 'n meer formele beslag behoort te kry nie. In so 'n geval sal die netwerk as geheel ook 'n adviserende rol kan speel ten opsigte van die publieke getuienis van die kerk. Om dit moontlik te maak, sal dit noodsaaklik wees vir die rolspelers in hierdie netwerk om per geleentheid byeengeroep te word om in mekaar se teenwoordigheid hierdie konsep te bespreek en van daaruit voorstelle te formuleer vir voorlegging aan die ASM vir verdere hantering – maar om uiteindelik die volgende Algemene Sinode te adviseer oor die amptelike totstandkoming van sodanige netwerk.

6. **DIE PROSES**

a. Die ASM het versoek dat die sleutel-persone van die genoemde netwerk sal vergader vir die oorweging van hierdie meer formele struktuur. Hierdie vergadering (gedeeltelik elektronies) het plaasgevind op 23 Augustus 2010 in Pretoria en Wellington.

Tydens die verloop van vergadering het elke persoon afsonderlik ingestem tot die ontwikkeling van hierdie netwerk in 'n *Lessenaar vir Publieke Getuienis* (*Desk for Public Witness*). Daar is verder besluit op die totstandkoming van 'n formele netwerk van inligting, waartoe die lede met mekaar moet kontrakteer. Onder meer is die volgende genoem:

- Gereelde telefoon-konferensies (veral soos behoefte van omstandighede bepaal)
- Ten minste twee maal per jaar formele vergadering hou (moderatuur sal gevra word om te help met begroting).
- Insette van buite (van kundiges soos byvoorbeeld Johannes Froneman), asook evaluasie van funksionaliteit sal deel vorm van agenda.
- Dit behoort oor meer te gaan as net *ad hoc*-reaksies. Ook pro-aktiewe optrede en betrokkenheid, kontinue betrokkenheid by prosesse van staatkundige aard.
- Die voorbeeld van Solidariteit is genoem. Konstruktiewe deeglik navorsing is belangrik sodat mens met integriteit 'n bydrae kan maak tot die openbare gesprek.
- 'n Mate van goeie navorsing is alreeds aanwesig in die netwerk soos dit tans funksioneer. Dit moet meer doeltreffend en geïntegreerd bestuur word – en kan desnoods verder uitgebrei word.
- KO Art 43 sit hierdie funksie van die kerk volledig uiteen in die fokus van die Algemene Sinode (met die ASM as die uitvoerende liggaam van die sinode).
- Hierdie *Lessenaar vir Publieke Getuienis* kan die ASM adviseer tot openbare getuienis en kapasiteit vir vinnige behoorlike navorsing is baie belangrik.
- Alhoewel opdragte vanuit ASM kom, kan daar

ook in terme van brandende openbare kwessies waarop reageer behoort te word, na die ASM gekommunikeer word.

- Daar word ook besluit dat die ontstaan van hierdie lessenaar aan die kerk bekendgestel moet word.
- Die fokus is hier die staat/owerheid en openbare sfeer, maar nie uitsluitend nie. Daarom sal die aanbieding/funksionering daarvan met groot verantwoordelikheid hanteer moet word.
- Daar is in sommige kringe 'n groeiende weerstand teen die feit dat slegs die ASM namens die kerk kan praat, daarom moet hierdie inisiatief gesien word as 'n *demokratisering* van die stem van die ASM. Die bedoeling is uiteindelik om lidmate hierdeur te help om hulle eie publieke getuienis te lewer in hulle eie lewensomstandighede, dus: die bemagtiging van die lidmate tot getuienis is 'n belangrike fokus.
- 'n Protokol vir die funksionering van die netwerk is in die vooruitsig gestel en is deur die ASM goedgekeur op sy vergadering in November 2010 by Achterbergh.

**b. Die PROTOKOL** soos goedgekeur, lui soos volg.

**Publieke Getuienis**
**Protokol vir Funksionering**

'n Saak van openbare belang, wat die funksionering en/of getuienis van die lidmate van die NG Kerk in so 'n mate raak, dat dit die belydenis en lewe van Christene op 'n bepaalde manier uitdaag, kan van meer as een bron op die tafel van die *Lessenaar vir Publieke Getuienis* (LPG) beland.

- Dit kan kom as opdrag van die Algemene Sinode self, of sy dagbestuur (moderamen).
- Dit kan kom vanuit die proses van wetgewing in die Suid-Afrikaanse parlementêre sisteem.
- Die kan kom vanuit die openbare aandrang as gevolg van bepaalde sosial-maatskaplike omstandighede en uitdagings.
- Dit kan kom vanuit bepaalde staatkundige ontwikkelinge en/of regerings-uitsprake en/of optrede.

Die volgende proses bestuur die funksionering van die LPG:

1. Die LPG neem die betrokke saak as netwerk van kundiges* ter tafel en bespreek 'n spesifieke *modus operandi* om die bepaalde uitdaging te hanteer.
2. Hierdie vergaderings sal sover as moontlik spoedig plaasvind met behulp van elektroniese kommunikasie (e-pos-netwerk; telefoonvergadering; *Skype*-gesprek, ens)
3. Die lid van die netwerk op wie se terrein hierdie saak lê, formuleer in samewerking met die uitvoerende beampte 'n skriftelike reaksie wat deur die netwerk oorweeg en onderskryf (of gewysig) word.
4. Die moderatuur ontvang namens die moderamen hierdie skriftelike verklaring/reaksie vir goedkeuring en oorweging.
5. Vir hierdie doeleinde is die uitvoerende amptenaar van die LPG teenwoordig in die vergadering van die moderatuur.
6. Die moderatuur bly altyd die eerste lyn van kommunikasie, tensy daar grondige redes bestaan waarom dit nie so moet wees nie. Alle verklarings gaan dus in die naam van die moderatuur.
7. Die Algemene Sekretaris en die uitvoerende beampte van die LPG besluit saam op die beste wyse van openbare blootstelling van hierdie saak, indien moderatuur daartoe instem.
8. Die uitkoms van hierdie proses word weer aan die LPG-netwerk gekommunikeer, waaruit dan bepaalde reaksie sou kon voortspruit (tevredenheid, of ontevredenheid) wat dan weer aan die moderatuur gekommunikeer sal word.

Die proses word voortdurend in terme van uitvoerbaarheid, sinvolheid en funksionaliteit (uitkoms) ge-evalueer deur die LPG en samewerking met die moderamen – aan wie hierdie lessenaar verantwoordelik is.

* Die netwerk van kundiges ontstaan op 'n organiese wyse in terme van die ontwikkeling van bepaalde behoeftes aan kundigheid op verskeie staatkundige terreine, wie se deelname deur die ASM goedgekeur word.

Die ASM het hierdie program goedgekeur vir voorlegging aan die Algemene Sinode van 2011.

**Bylaag B**

# KOMMUNIKASIE IN DIE NG KERK

(In die lig van die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode van 2007)

A. Die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode van 2007 as uitgangspunt:

"Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) Om met leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.

Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.

Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) Om in deernis met ander saam te leef.
Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.
Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk.
Ons is gestuurdes.
Aan God al die eer.

B. Die manier waarop die ASM in terme van kommunikasie hieraan uitdrukking gee, is om in 'n gees van vernuwing – en nuwe moontlikhede wat die Gees skep – te fokus op:

- die getuienis oor Jesus Christus in die hele wêreld
- die kerk as 'n luisterende, onderskeidende geloofsgemeenskap wat God se wil in die wêreld uitleef
- die Kerk se Gereformeerde identiteit
- diensbaarheid in die wêreld deur betrokke te wees in ons gemeenskappe
- toerusting en bemagtiging van ons lidmate
- publieke getuienis teenoor die owerheid, burgerlike samelewing en populêre kultuur
- doelgerigte meewerking aan kerkeenheid binne die gereformeerde kerke, veral kerkeenheid binne die NG Kerk-familie
- uitreiking na en gesprek met ander kerke en godsdienste
- verbeterde kommunikasie met die oog op die vestiging en uitbou van 'n dinamiese geloofwaardige beeld.

# B15: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIENSVERHOUDINGE (SKDV)

## 1. INLEIDING

In die tydperk voor 1998 is diensverhoudinge volgens Die Kerkorde en sinodale besluite gereël. Toesig oor die beroeping van predikante, tug en vergoeding is deur die ringe en sinodale kommissies hanteer. Sake is dikwels op reaktiewe wyse bedryf en het tot baie dispute en vertroebelde verhoudings gelei. Gemeentes se inspraak was beperk en kundigheid met betrekking tot kerkreg was dun gesaai.

Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse arbeidsomgewing ook drasties verander. Veral die wysiging van belangrike wetgewing soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997) en die Wet op Diensgelykheid (1998) was groot invloede in die arbeidsomgewing. Die veranderde arbeidsomgewing, nuwe wetgewing en belangrike rigtinggewende hofsake waarby die kerk betrokke was, was inderdaad belangrike invloede wat gelei het tot die sinode se besluite rondom diensverhoudinge. Aangesien dit 'n regsaangeleentheid is, is pionierswerk deur die ARK gedoen (met die koöptering van kundiges uit die arbeidsreg-omgewing).

Die totstandkoming van diensverhoudinge kommissies (DVK's) op sinodale vlak en in gemeentes het ook aanvanklik 'n sterk kerkreg en arbeidsreg onderbou gehad. Beide die samestelling van kommissies (mense uit regsprofessie) en sake op die agendas van diensverhoudinge kommissies het 'n regsoriëntasie beklemtoon. Daar is ten tye van die vestiging van DVK's veral klem gelê op sake soos aanstellingsooreenkomste, posbeskrywings en personeelbeleid.

As 'n nuwe saak op die agenda van die kerk het diensverhoudinge aanvanklik baie aandag gekry. Sekere gemeentes het ook 'n belangrike rol gespeel om ander gemeentes op 'n praktiese vlak te help. Verskeie oriëntasie- en opleidingsgeleenthede is deur sinodale kommissies gereël. Die daarstelling van 'n handleiding (bestuursgids – 1999) deur die AKDV op inisiatief van die Wes-Kaap het ook 'n groot bydrae gelewer.

Op gemeentevlak het die DVK's verskillende gestaltes aangeneem. In sommige gemeentes is die DVK gesien as 'n tipe regskommissie, by ander weer as 'n tipe dagbestuur aan wie alle personeellede rapporteer. Daar is vermoedelik ook 'n groot aantal kommissies wat onaktief is of glad nie funksioneer nie.

Vanaf 'n werknemer oogpunt beskou was daar baie predikante wat bedreig en blootgestel gevoel het. Die ring en die sinode is in die verlede as 'n beskermingsmeganisme beskou. Vir baie ander het DVK's 'n bron van ondersteuning geword en 'n "omgee-groep" met wie oop gesprekke gevoer kan word oor sake wat in die verlede dikwels nagelaat is. Met die wysiging van die Kerkorde in 2002 het die ring weereens die verantwoordelikheid gekry om beroepe goed te keur en om 'n toesighoudende rol te vervul by die uitdiensstelling van predikante (Artikel 12b - Kerkorde 2002).

Daarmee is 'n beter balans gevind tussen die noodsaaklike verwikkelinge op die DVK terrein en die unieke roepingsverhouding tussen 'n leraar en 'n bepaalde kerklike werkkring.

## 2. INLIGTING

### 2.1 Kerkordelike plasing

Die diensverhouding tussen 'n leraar en 'n gemeente of die kerkverband word in Artikel 12 van Die Kerkorde bepaal:

***Artikel 12***

**12.1** Predikante word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.
**12.2** 'n Predikant is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.
**12.3** Die kerkvergadering gee aan die predikante die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en Sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effektief uit te voer.
**12.4** Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering soos bepaal deur die Kerkorde en ander geldende besluite.
**12.5** Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vgl. KO art. 6) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as predikant dien (vgl. voetnoot 1 by KO art. 3 en ook Reglement 3).
**12.6** 'n Predikant se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente.
**12.7** Die betrokke kerkvergadering, soos bepaal deur die Kerkorde en ander geldende besluite, kan die dienste van 'n predikant in die volgende gevalle beëindig:
**12.7.1** op grond van wangedrag (vgl. Kerkorde, hoofstuk 5);
**12.7.2** op grond van onbekwaamheid of ongeskiktheid (vgl. 12b 2.2);
**12.7.3** op grond van die gemeente of kerkverband se finansiële vermoë (vgl. 12b 2.3).

### 2.2 'n Dubbele verantwoordelikheid

Kerkorde Art. 12 gee 'n besondere perspektief op 'n leraar se ampswerk. Hy/sy is naamlik deur God geroep, maar die ampswerk kry eers 'n ruimte wanneer hy beroep en in 'n gemeente bevestig word (vgl. KO art. 4). Omdat hy deur God geroep is, moet hy/sy, sy/haar roeping so uitleef dat die Een wat roep met hom tevrede is; maar hy moet terselfdertyd ook verantwoording doen aan die instansie (kerkraad[1]) wat hom in diens gestel het en sy/haar lewensonderhoud voorsien.

### 2.3 Die diensverhouding tussen die Kerkraad en die Leraar

Al is 'n leraar se ampswerk grootliks geestelik van aard en gerig op die uitbouing van 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie, is die omgewing

1 Wanneer hier van 'n kerkraad as werkgewer gepraat word, word predikante in diens van die kerkverband ook bedoel.

waarin hy/sy, sy/haar werk doen wel deeglik 'n deel van hierdie wêreld. Die gevolg daarvan is dat 'n leraar se diensverhoudinge, soos die geval van die diensverhoudinge van elke ander burger van die land, deur die betrokke statutêre vereistes bepaal word.

**6. Riglyne vir arbeidsverhoudinge**

1. Die beginsel van vryheid van godsdiens staan as *a priori* vas.
2. Die staat se reg om die burgerlike samelewing deur middel van wette te reguleer, word erken.
3. Die kerk aanvaar dat hy hom aan al die landswette onderwerp – maar dat hy 'n eie, Bybelsbepaalde inhoud gee vir die uitlewing van die sake wat in die wette gereguleer word.
4. Ten opsigte van diensverhoudinge het die kerk die reg om sy eie interne reëlings op te stel.
5. Hierdie reëlings, wat in die Kerkorde opgeneem word, moet die Bybelse beginsels as primêre vertrekpunt hê.
6. Praktiese riglyne vir die toepassing van diensverhoudinge word in die Bestuursgids vir diensverhoudinge opgeneem.
7. Die Kerkorde en Bestuursgids moet met arbeidswetgewing resoneer en minstens die minimum standaarde van die wetgewing reflekteer.
8. Waar die kerk spesifieke behoeftes het waaroor die arbeidswetgewing se bepalings nie genoegsame duidelikheid of beskerming gee nie, kan hy sy eie reëlings bepaal.
9. Alhoewel kerkrade en ander kerkvergaderings as selfstandige werkgewers selfstandige besluite rakende diensverhoudinge kan neem, moet hulle steeds besef dat elke gemeente in die kerkverband ingebed is en dat hulle besluite nie die kerkverband in die verleentheid moet stel nie.

*Opmerking: Die Algemene Sinode het in 2004 die verhouding tussen die kerk en die staat op die terrein van arbeidsverhoudinge beskryf. Hierdie formulering gee die agtergrond waarteen 'n leraar se diensverhoudinge hanteer moet word.

## 2.4 Dokumente in die Diensverhouding

'n Leraar se diensverhouding word uiteengesit in sy/haar beroepsbrief (wat 'n voorlopige aanduiding van die diensverhouding gee, KO art. 7.4), en in sy diensooreenkoms[2] wat na onderhandeling tot stand kom (KO art. 7.6). Die diensooreenkoms moet saam met die gemeente se personeelbeleid gelees word, en al hierdie dokumente moet teen die agtergrond van die wetlike bepalings gelees word. Die belangrikste wetlike bepalings is in die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 95 van 1997.

## 2.5 Begeleiding in die leraar se diens

Die kerkraad moet toesien dat 'n leraar se werk behoorlik gefokus is en dat hy/sy 'n duidelike beeld van die kerkraad se verwagtings het. Die kerkraad se kommissie vir diensverhoudinge behoort gereeld (minstens jaarliks) saam met die leraar die leraar se betrokke rol in die gemeente te bespreek en dan die leraar se take in kort-, medium- en langtermynaksies opdeel. Daar moet ook saam oor die realistiese uitkomste[3] (d.w.s. die werk wat wel verrig moet word) afgespreek word. Hierdie uitkomste moet gereeld (verkieslik ongeveer kwartaalliks) gemoniteer word. Indien 'n kerkraad so 'n stelsel gebruik, bied dit aan die leraar baie sekuriteit aangesien hy nie met vae verwagtings werk nie, maar met duidelik bepaalde aksieplanne. Dit gee ook aan die kerkraad 'n geleentheid om verwagtinge te kommunikeer en om diensuitsette te moniteer. Enige probleme (bv. uitbranding) kan met so 'n gereelde kommunikasie oor verwagtings en uitsette op 'n vroeë stadium raakgesien word.

## 2.6 Dissipline / Tug

Die leraar staan ook hier in 'n dubbele verhouding[4].

**1.** Dit is die kerkraad wat hom/haar in diens stel en aan wie hy/sy verantwoordbaar is, en dit is dus ook die kerkraad wat die bepalings van die diensooreenkoms moet bestuur. Die kerkraad moet gevolglik ook self met sake soos onbevredigende werkuitsette handel en hy/sy kan dit volgens die gewone bepalings van die kerkraad se personeelbeleid doen.

**2.** Aan die ander kant het die leraar 'n spesifieke bedieningsbevoegdheid wat deur die kerkverband aan hom/haar toegeken word en waaroor die kerkverband moet oordeel. Die kerkraad kan nie self besluite neem wat die predikant se bedieningsbevoegdheid raak sonder die betrokkenheid van die kerkverband nie. By name word enige ondersoek na die leer of lewe van 'n leraar glad nie deur die kerkraad nie, maar deur die betrokke ring hanteer (KO art. 62.2).

# 3. TAAK VAN DVK's

Daar is beslis diegene wat sou wou terugbeweeg na hoe sake voor 1998 bedryf is. Daar is ook die moontlikheid dat DVK's maar net in onbruik kan verval. Daar is egter geen twyfel dat indien diensverhoudinge verantwoordelik bestuur word dit 'n enorme bydrae kan maak tot die doeltreffende bestuur van gemeentes waarbinne personeellede geborge voel en hulle volle potensiaal kan verwesenlik.

Dit is egter baie belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm is vir die kerkraad (dagbestuur) wat 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het. DVK's is dus 'n staffunksie en nie 'n lynfunksie nie. Die kerkraad, deur sy kommissies, bestuur die programme en aktiwiteite van die gemeente.

## 3.1 Kritiese fokusareas van DVK's

Binne hierdie konteks sou DVK's se funksies en take soos volg gesien kan word (onthou dat besluitneming steeds by die kerkraad gesetel is):

2 Voorbeelde van diensooreenkomste vir leraars is opgeneem in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge, hoofstuk 4.

3 Voorbeelde van diensuitsetooreenkomste is opgeneem in Hoofstuk 6 van die Bestuursgids vir Diensverhoudinge.

4 Die begeleidende besluite by Kerkorde Art. 12 bepaal die prosedures optredes rakende wangedrag, onbekwaamheid of moontlike uitdiensstelling weens finansiële vermoë. Volgens hierdie prosedures word beweerde wangedrag van 'n leraar sonder meer na die ring verwys. Ondersoeke na moontlike onbekwaamheid of bedryfsvereistes word deur die kerkraad, in oorleg met die ring, gedoen. 'n Tugondersoek teen beweerde sondige optrede van 'n leraar word hanteer volgens die bepalings van Kerkorde Artikels 59 – 66.

### 3.1.1 Personeelvoorsiening

**1.** Die bepaling van personeelbehoeftes (taakontleding) en aanbeveling aan kerkraad.
**2.** Die werwing en keuring van personeel (voorlegging van kortlys met aanbeveling).
**3.** Kommunikasie met aansoekers en onderhandeling van diensooreenkomste.
**4.** Die DVK sien ook toe dat kerkordelike bepalings volledig en korrek nagekom word.
**5.** Met betrekking tot predikante tree die DVK op as deel van die pre-advies kommissie.

### 3.1.2 Organisasiestruktuur

**1.** Deurlopende evaluering van verdeling en koördinering van werk en verseker dat opdatum posbeskrywings bygehou word. Die kommissie sien toe dat alle prosesse doeltreffend funksioneer en dat voldoende infrastruktuur bestaan.

### 3.1.3 Personeelvergoeding

**1.** Die kommissie kom vergoeding met personeellede ooreen binne die raamwerk van sinodale riglyne en sien toe dat alle voordele binne beleid bestuur word (die kerkraad en finansiële kommissie keur egter steeds aanbevelings goed).

### 3.1.4 Personeeladministrasie

**1.** Verseker dat alle personeellede se sake professioneel geadministreer word (aanstellingsooreenkomste, verlofrekords, pensioen, mediese fonds administrasie, ens.).
**2.** Die hantering van salarisse word gewoonlik met hulp van finansiële kundiges gedoen. Die burodiens wat deur die Bestuurder: Menslike Hulpbronne by die sinodale kantoor gelewer word, kan ook met groot vrug gebruik word aangesien die jongste marksyfers daar beskikbaar is.

### 3.1.5 Personeelbeleid

**1.** Daarstelling van personeelbeleid (goedkeuring deur kerkraad) en toesig oor korrekte en billike toepassing.
**2.** Verseker dat Kerkorde en toepaslike wetgewing korrek nagevolg word.
**3.** Interpretasie van beleid en besluite ten opsigte van toepassing.

### 3.1.6 Personeelopleiding en –Ontwikkeling

**1.** Bepaal kritiese behoeftes, strukturering van programme en opvolg met betrekking tot implementering.
**2.** Ten opsigte van predikante se voortgesette bedienings opleiding (VBO) sien die DVK toe dat sinodale besluite uitgevoer word.

### 3.1.7 Personeel Ondersteuning

**1.** Aanvullend tot die kerkraad se toesig word omgesien na die welsyn van personeel deur middel van gereelde roetine besoeke / gesprekke. Indien nood bestaan, doen die DVK die nodige aanbevelings of verwys die aangeleentheid na spesialis-kundiges.
**2.** Met betrekking tot die versorging van predikante, word ’n belangrike bydrae en diens deur die Kommissie vir Predikantebegeleiding (SKP) by Communitas gelewer. Hierdie kommissie stel dit ten doel om na die unieke behoeftes van die predikante beroep om te sien.

### 3.1.8 Dissiplinêre en Griewe aangeleenthede

**1.** Hantering van alle dissiplinêre aangeleenthede en griewe binne die raamwerk van die Kerkorde en personeelbeleid (**fasiliteer die proses** – dissiplinêre optrede word deur die ring / kerkraad gedoen).

**Die DVK tree nie as werkgewer op nie en poog om enige geskille op die vroegste moontlike stadium op te los. Die DVK tree dus nie as besluitnemer op nie maar begelei beide die Kerkraad en werknemer tydens die dissiplinêre proses. Kerkrade behoort die nodige strukture (bv. dagbestuur, kundiges en sinodale struktuur, ens.) vooraf in plek te stel om met gesag namens die kerkraad dissiplinêre sake af te handel.**

### 3.1.9 Doeltreffende bestuursprosesse

**1.** Sien toe dat alle bestuursprosesse en -stelsels doeltreffend funksioneer.
**2.** Tree as fasiliteerders op vir prestasiebestuur (uitsetkontraktering, terugvoergesprekke, ens.).
**3.** Verseker doeltreffende kommunikasie (deelnemende bestuur), spanfunksionering en uitlewing van gemeenskaplike waardes.

### 3.1.10 Menslike Hulpbronbestuur Strategie

Lewer strategies insette tot die funksionering van die gemeente en toekomstige beplanning met fokus op Menslike Hulpbronbestuur aangeleenthede.

## 3.2 Samestelling en funksionering

Gegewe die taak van DVK’s is dit belangrik om te besef dat die kommissie ’n deurlopende rol het om

te vervul. Gereelde vergaderings (minstens 1 keer per kwartaal) behoort gehou te word en spoedeisende sake moet so gou moontlik afgehandel word.

Die samestelling van die kommissie vereis beslis persone met goeie kommunikasie- en mensvaardighede. Persoon(e) met praktiese kennis en ervaring van personeelbestuur (of ten minste algemene bestuur) is noodsaaklik. Spesialis kennis (bv. opleiding, arbeidsreg, ens.) sou as aanbeveling dien. Hierdie kennis kan egter van konsultante, opleidingsinrigtings en sinodale kantore (buro-diens) bekom word, soos en wanneer nodig. **Persone met wysheid, met die gawe om verhoudings te bou en om met liefde om te sien na die personeel is nodig.**

Predikante en ander personeellede kan in DVK dien maar moet onttrek wanneer sake van persoonlike aard van personeel, bespreek word.

### 3.3 Die toekoms van DVK's

Indien daar aanvaar word dat gemeentes meer verantwoordelikheid neem vir hul eie funksionering, sal die professionele bedryf van diensverhoudinge 'n al hoe belangriker element van gemeentebestuur word.

Die rol van ringe en sinodes as adviseurs en diensverskaffers aan gemeentes, sal ook waarskynlik 'n realiteit word. Sinodale strukture (sinode/ring) sal al hoe belangriker dienssentrums word wat kundigheid (spesialis dienste) voorsien aan gemeentelike kommissies wat nie altyd toegang het tot kundigheid nie. Sodoende sal SKDV se droom (visie) om ondersteuning aan die breër kerk en gemeentes te gee, meer tot sy reg kom en dienste ooreenkomstig lewer.

## 4. VISIE, VERBINTENIS EN PRIORITEITE VAN DIE SKDV

Die SKDV het in dié termyn baie sterk gefokus om hulp en advies aan sinodale kommissies, ringe en veral gemeentes ten opsigte van diensverhoudinge te verskaf. Enkele aspekte teen die agtergrond van die Sinode se roeping, word kortliks uitgelig.

### 4.1 Opdrag

Die opdrag en taak van die Kommissie is soos volg:

4.1.1 Die SKDV bestuur die diensverhouding tussen die Sinode en sy werknemers.

4.1.2 Gee aandag aan die personeelbeleid en dienskontrakte van werknemers in diens van die Sinode.

4.1.3 Skakel met die Algemene Sinode se Kommissie vir Diensverhoudinge.

4.1.4 Gee advies aan sinodale kommissies, ringe en gemeentes ten opsigte van diensverhoudinge.

### 4.2 Menslike Hulpbron Diensburo

In die kantoor van die Saakgelastigde is 'n adviesburo ten opsigte van Diensverhoudinge gevestig. Die funksie van die Diensburo is om gemeentes en ringe van advies te voorsien, hetsy dit oor posbeskrywings, dienskontrakte, personeelbeleid, diensbeëindigings handel of enige aspek van menslike hulpbronbestuur en al die kritiese prestasie areas soos in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge uiteengesit.

Die Diensburo lewer 'n omvattende diens aan gemeentes en veral aan die plaaslike DVK's. Die fokus is en bly om by meer gemeentes betrokke te raak en nog meer ondersteunend (pro-aktief) by gemeentes op te tree.

### 4.3 Hersiene Bestuursgids vir Diensverhoudinge

Die Hersiene Bestuursgids vir Diensverhoudinge is in April 2010 op die Kerk se webwerf geplubiseer.

Kerkrade word daagliks gekonfronteer met allerlei praktiese en statutêre reëlings wat uit die diensverhoudinge spruit. Met die hersiene bestuursgids vir diensverhoudinge word gepoog om hulp aan te bied om die diensverhoudings meer effektief te maak.

Die bestuursgids is beskikbaar by: www.ngkerk.org.za/so lyk ons.asp **óf** www.kaapkerk.co.za

### 4.4 Riglyn vergoedingskaal vir personeel in diens by Kerkkantore

Daar word jaarliks 'n vergoedingskaal vir kerkkantoor personeel by gemeentes beskikbaar gestel. Heelwat navrae hiervoor is ook van ander sinodes ontvang. Die Oos-Kaap Sinode is nou ook belanghebber sowel as 'n bydraer hierby, wat minstens die kostes van die markondersoeke meer bekostigbaar maak. Gesprekke met ander streeksinodes is ook aan die gang.

### 4.5 Toerusting en Begeleiding van Gemeente DVK's

Inligting oor samestelling, taak en opdrag van DVK's is aan gemeentes beskikbaar gestel en is op verdere aanvraag beskikbaar. Besoeke aan gemeentes is op hul versoek uitgevoer. Dit bied die geleentheid om goeie toeligting oor diensverhoudinge te doen. Die belangrikheid van pro-aktiewe hulp/ondersteuning en toeligting aan gemeentes/ringe word beklemtoon.

### 4.6 Personeelbeleid

'n Personeelbeleid van die Sinode is in 1999 goedgekeur en word van tyd tot tyd hersien na gelang van omstandighede en wysigings in die Kerkorde en Arbeidswetgewing.

### 4.7 Eksterne Kundige Lede

Die SKDV is dankbaar en bevoorreg om die kundigheid en tyd van eksterne kundige lede, as vrywilligers binne die sinode gebied te gebruik.

Die volgende lidmate van ons kerk, met spesialis kennis op die menslike hulpbron terrein, het hul kundigheid beskikbaar gestel om die kerk te ondersteun in toepaslike dissiplines:

**4.7.1** Mnr Jurie Swart
**4.7.2** Mnr Johan Benade
**4.7.3** Mnr Chris Zietsman
**4.7.4** Mnr Marius Basson

Al die persone speel 'n belangrike rol om die Diensburo saam met die restant van die lede van die taakspan ook meer toeganklik te maak.

### 4.8 Bestuur van verlof

Die Diensburo het kennis geneem dat daar verskeie gemeentes is wat toelaat dat hul leraars en amptenare se verlof akkumuleer tot meer as die maksimum toelaatbaar. Hierdie praktyk kan groot finansiële uitgawes vir die kerkraad inhou. Die aspek moet deurlopend aangespreek word deur kerkrade en ander kerklike werkgewers.

### 4.9 Bestuur van Personeeluitgawes

Elke moontlike geleentheid wat by wyse van natuurlike bedankings ontstaan word benut om die personeelstrukture van die betrokke kommissie te ondersoek. Waar poste weer gevul is, is dit gedoen dienooreenkomstig die strategie van die betrokke kommissie. Herstrukturering van werksaamhede vind deurlopend plaas wat aanpas by die veranderde operasionele vereistes. By die SFK het die personeellede die afgelope 8 jaar vanaf 16 verminder na 10, waarvan 2 poste, deeltydse poste is. Aansienlike besparings is bewerkstellig. Dieselfde werkswyse word by al die kommissies nagestreef en gemonitor.

### 4.10 Streeksessies: SKDV en SKP

Verskeie inligtingsessies is in samewerking met SKP waar daar saam met lede van DKV's en predikante besin is oor die rol, verwagtinge en samestelling van Diensverhoudinge Kommissies. Die roeping van leraars is ook bespreek.

### 4.11 Uitdagings

Die uitdaging vir die SKDV is om plaaslike DVK's verder te bemagtig om hul rol te verstaan en sodanig uit te leef. Dit is en bly belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm is vir die Kerkraad en dat slegs laasgenoemde 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het.

NAMENS DIE KOMMISSIE
**Dr AR Olivier**
**VOORSITTER**

# B16: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGS-DIENSTE (SKABID)

## 1. Oordrag van die Argief (Argief en Bestuursinligtingsdienste) vanaf die Algemene Sinode

Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) het op 17.03.2009 besluit dat die Algemene Sinode uit die "driehoekige ooreenkoms" rakende die "Eenheidsargief" tree. Hierna het verteenwoordigers van Kaapland en Transvaal mekaar by 'n paar geleenthede ontmoet om oor die toekoms van hulle vennootskap in ABID te besin. Die moderamen van ons sinode het op 11.08.2010 besluit om nie op die stadium die beginselbesluite en die prosesbesluite van die ASM te aanvaar nie, omdat die moderamen van mening was dat daar bepaalde regstegniese probleme wass wat die aanvaarding van die aanbevelings deur die NGK in SA onmoontlik maak. Die moderamen het dit wel goedgekeur dat 'n versoek aan al die sinodes, wat tans as vennote in die eenheidsargief betrokke is, gerig word om twee afgevaardigdes uit die leierskap van die betrokke sinode aan te wys vir 'n vergadering oor die argief onder leiding van die ASM/ ATR. Die moderamen het ook sekere voorstelle oor die toekoms van die argief voorgelê en ook volmag aan die moderatuur verleen om, indien nodig besluite rakende die argief te neem voor die volgende vergadering van die moderamen.

Op 12-13.10.2010 het 'n Werkgroep wat deur afgevaardigdes van die sinodes, die ATR en die ASM besluit om die volgende besluite vir gelykluidende goedkeuring by die Algemene Sinodale Moderamen, die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal en die Moderamen van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) aan te beveel:

1. dat die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) 'n veilige en doelmatige argiefbewaarplek voorsien, beheer en laat bestuur, waarby ander sinodes dienste per ooreenkoms kan inkoop.

2. dat sinodes wat dienste by die Kaapse Argiefbewaarplek inkoop, die keuse sal hê om benewens die basiese argiefdiens wat gelewer word, teen bykomende betaling 'n gevorderde en gespesialiseerde argiefdiens te ontvang.

2.1 dat die basiese argiefdiens sal insluit:
(i) die veilige bewaring van gemeentes, ringe en sinodes se ingehandigde argivalia;
(ii) die indeksering en/of katalogisering van die ingehandigde argivalia;
(iii) die beskikbaarstelling van die inhoud van die ingehandigde argivalia aan die betrokke kerkvergaderinge en navorsers; en
(iv) die bekendstelling van die historiese skat van die kerk op 'n toeganklike wyse aan die breë publiek.

2.2 dat die gevorderde argiefdiens sal insluit:
(i) die verdere ontsluiting van die argivalia sodat kerkvergaderinge nie nodig het om die oorspronklike te raadpleeg nie, maar elektronies of andersins toegang daartoe sal hê;
(ii) die gedrukte en/of elektroniese publisering van die argivalia waartoe meer dikwels toegang gevra word; en
(iii) die voorsiening van die In Memoriam-verslag aan die sinodale vergadering.

2.3 dat die gespesialiseerde argiefdiens sal insluit:
(i) die besoek aan gemeentes, ringe en/of sinodes om die nodige opleiding in argiefbewaring te gee en om argivalia vir bewaring in die Kaapse Argiefbewaarplek te ontvang; en
(ii) die publisering van artikels en boeke waarin die storie van gemeentes, die kerkverband en kerklike instansies vertel en visueel uitgebeeld word.

3. dat die ooreenkomste tussen die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) en die deelnemende sinodes aanvanklik vir 'n tydperk van 5 (vyf) jaar sal wees, waarna dit vir 'n onbepaalde of bepaalde tyd hernu sal kan word.

4. dat die versekering aan al die deelnemende sinodes gegee word dat die huidige standaard van dienslewering voortgesit word en dat daar steeds na uitnemendheid gestreef word.

5. dat die oordrag van die ABID aan die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) op 1 September 2011 plaasvind en dat die huidige driehoekige vennootskap op 31 Augustus 2011 ontbind.

6. dat die Assistent-direkteur na bereiking van die verpligte aftree-ouderdom op 28 Februarie 2011 uit diens tree en dat die pos nie weer gevul word nie.

7. dat die Direkteur op 30 September 2011 emeriteer en dat die Transvaalse Sinodes verseker dat die kontraktuele verpligting ten opsigte van die voorsiening van 'n bykomende behuisingsrentesubsidie op hierdie datum nagekom is.

8. dat die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) 'n interim bestuurskomitee aanstel om die oordrag van die ABID te beplan en met die deelhebbende sinodes te onderhandel.

9. dat die oorblywende argiefpersoneel op 1 Sep-

tember 2011 in terme van Artikel 189 van die Wet op Arbeidsverhoudinge vanaf die Algemene Sinode na die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) oorgedra word.
10. dat die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) met die ander deelnemende sinodes afsonderlike ooreenkomste beding vir implementering op 1 September 2011.
11. dat die ATABID 'n nuwe reglement vir die Algemene Sinode se Taakspan Argief voorberei vir voorlegging aan die Algemene Sinode in Oktober 2011.
12. dat die huidige drie vennote 'n ses maande begroting vir die boekjaar 2011/12, wat reeds die nuwe bedeling weergee, opstel en vóór 28 Februarie 2011 goedkeur.
13. dat die ATABID versoek word om die huidige 2010/11-begroting in die lig van die nuwe bedeling te hersien en slegs noodsaaklike uitgawes aan te gaan.
14. dat die Algemene Sinode tot 31 Augustus 2011 sy finansiële verpligting ten opsigte van die ABID nakom en dat die Algemene Sinode se voortgesette deelname per nuwe ooreenkoms met die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) bepaal word.

Hierdie besluit is deur die Algemene Sinodale Moderamen, die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal en die Moderamen van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) goedgekeur. Die moderatuur het in die lig daarvan op 17.01.2011 soos volg besluit:

**"4.1.1 Ds Bossie Minnaar te versoek om 'n taakspan saam te stel wat 'n omvattende en uitvoerbare plan vir die Argief vanaf 1 September 2011 kan opstel. Die huidige lede van die SKA (Albé Theunissen, voorsitter, Kobus Kriel en Jacques Steenkamp) moet deel van die taakspan wees. Die taakspan kan nog lede koöpteer ter wille van die uitbreiding van kundigheid;**

**4.1.2 die nuwe taakspan se doel en begrensing aanvanklik te vind in die besluite van die werkgroep van die rolspelers soos hierbo uiteengesit.**

**4.1.3 die reiskostes vir die lede van die taakspan uit fondse van die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland te vergoed;**

**4.1.4 bykomende kompensasie aan die kerkraad van die NG Kerk Franschhoek te betaal namate die kommissie vorder met die uitvoering van sy opdrag en die sinode in 'n meerdere mate van Ds Minnaar se dienste gebruik maak."**

Hierdie Taakspan het reeds op 25.01.2011 die eerste keer saam met lede van die Algemene Sinode se Taakspan vir ABID vergader om aan hierdie besluite uitvoering te gee.

**VIR KENNISNAME EN BEKRAGTIGING**

**2. Sentralisering van Gemeentelike Registers**
Die Algemene Sinode het in 2007 besluite oor die sentralisering van gemeentelike registers geneem en dit aan sy Taakspan vir ABID opgedra om dit uit te voer. Tot in 2009 is daar goed met die projek gevorder totdat die vraag ontstaan het of in welke mate die NG Kerk reeds kontraktueel verbind was én of ATABID self besluite oor dié saak kon neem. Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) het by verskeie geleenthede gedurende 2009 die saak op sy agenda gehad en daar is telkens advies ingewin oor hoe die saak hanteer behoort te word. In Junie 2009 is besluit om met die hulp van 'n onafhanklike IT- en regsadviseur uitsluitsel te kry oor die eiendomsreg en gebruik van bestaande sagteware en wat die moontlike implikasies vir die kerk en die Sentraliserinsproses kan wees. In Januarie 2010 is 'n regskundige - kundige op die gebied van ooreenkomste in die IT en IE omgewing - aangewys om ooreenkomste voor te berei. Die vraag het ontstaan of "Sentralisering" as diens vanaf 'n diensverskaffer ingekoop moet word of dat die Algemene Sinode eerder die volle program vir die Sentrale Register - met bronkode - moes aankoop.

Op 14.07.2010 het die ASM die volgende besluit geneem ná verslag deur verteenwoordigers van ATABID, ATF en die ATR:
1. Die besluit van die Algemene Sinode van 2007 in verband met die Sentralisering van Gemeentelike Registers bepaal dat dit 'n besluit van die Algemene Sinode is dat die Algemene Sinode al die ooreenkomste met die diensverskaffers moet aangaan en onderteken.
2. ATBID verkry uitstaande tegniese spesifikasies vir die betrokke sagteware en versoek mnr Botha Ernst om die ooreenkomste daarmee uit te brei. Hierdie ooreenkomste word aan die ATF oorhandig vir die uiteindelike bedinging van kostes.
3. ATBID stel 'n ad hoc-kommissie saam, uitgebrei met kundiges en 'n lid van ATF, om die programme te evalueer ten einde die beste werkswyse/produk daar te stel.
4. ATABID se ad hoc-kommissie lê die tegniese spesifikasies aan nog twee IT spesialiste/ maatskappye voor vir kwotasies.
5. ATABID lê hierdie kwotasies saam met die van Infokerk aan ATF voor vir hulle onderhandelinge om die beste prys te beding.
6. ATF en ATABID lê 'n gesamentlike aanbeveling

aan die ASM voor oor die aanwys van 'n (sagteware-ontwikkelaar en -instandhouer) diensverskaffer vir die Sentraliserings- proses.

7. Die ATR sal die ooreenkomste wat in samewerking met die aanbevole diensverskaffer (sagteware-ontwikkelaar en -instandhouer) opgestel is, nagaan en gereed maak vir ondertekening deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde.

Die ad hoc-kommissie het mnr Ralph Pina, Direkteur, eBesigheid, Informasietegnologie, Universiteit van Stellenbosch (B Eng, MBA, M Phil) in Stellenbosch ontmoet en n Pretoria is gesprek gevoer met mnre Raymond Wright (Network Alliance) en Chris Krause (WNNR). Ná die gesprekke met die drie IT-kundiges, was die ad hoc-kommissie in die algemeen tevrede dat die program, die programmerings-databasis en die -taal wat Infokerk onderneem het om te gebruik en te skep, voldoen aan die vereistes soos deur die kundiges voorgestel is.

Ook die koste het geblyk in lyn te wees met wat die mark bepaal. Die ad hoc-kommissie was van mening dat dit nie nodig was om die nog twee IT-spesialiste/ maatskappye om kwotasies te nader nie, omdat die deskundiges van mening was dat 'n beter kwotasie nie wesenlik van die Infokerk-kwotasie sou verskil nie. Dit sou ook nie nodig wees om die bronkode aan te koop nie, omdat die kerk kontraktueel beskerm kon word. Die koste, wat reeds tydens 'n vorige vergadering voorgelê is, was ongeveer R617,220 per jaar met jaarlikse eskalering. Die ad hoc-kommissie het geoordeel dat hierdie koste te duur vir die gemeentes is en dat die uiteindelike koste in die jare wat kom, nie voorsien kan word nie. Ook die logistieke reëlings om die projek uit te voer, het problematies geblyk, omdat drie Sinodes aangedui het dat hulle nie die insameling van die fondse van die gemeentes gaan onderneem nie. 'n Aantal gemeentes het ook aangedui dat die verkryging van die ID-nommers problematies is. Die ad hoc-kommissie was van mening dat indien die grootste motivering vir sentralisering was om die oorplasing van lidmaatskap te vergemaklik, die huidige diensverskaffers self die diens aan hulle kliente kan lewer.

Op 01-03.11.2010 het die ASM die volgende besluit oor die Sentralisering van Gemeentelike Register geneem:

"***6.2 SENTRALISERING VAN REGISTERS***

***6.2.1 Die Moderamen besluit dat ATABID die opdrag uitgevoer het, maar dat daar nie met Sentralisering van Gemeentelikeregisters voortgegaan word nie.***

***6.2.2 Die ASM beëindig die onderhandelinge met Infokerk.***

***6.2.3 Die ASM versoek Infokerk en die ander diensverskaffers om te oorweeg om hulle programme uit te brei om dit vir hulle kliënte moontlik te maak om lidmaatskapbewyse te kan oorplaas. In dié proses moet aan die kerkordelike vereistes vir die registerstelsel van die NG Kerk voldoen word.***

***6.2.4 Die ASM besluit dat sinodes en gemeentes 'n eie reg het om inligting te beskerm.***"

**VIR KENNISNAME**

**3. Digitalisering van argivalia volgens ooreenkomste met GISA en die GSU**

**3.1 Argivalia by ABID reeds gedigitaliseer-** Die digitering van alle registers en registerafskrifte in bewaring by ABID is afgehandel. Die beraamde waarde van dié projek wat gratis vir die kerk gedoen is, is reeds meer R60 miljoen. Die indeksering van hierdie digitale registers deur die GSU nader ook voltooiing, wat elektroniese soektogte daarin moontlik maak.

**3.2 Argivalia by ABID in proses van digitalisering-** Die GSU het hul bereid verklaar om voort te gaan met die gratis digitering van alle handgeskrewe brieweboeke (oudste 1670 onder die slawe-tema) en kerkraadsnotules van voor 1915 wat ABID sou wou digiteer. Hulle het hul ook bereid verklaar om alle betrokke dokumente/acta ten opsigte van "*Die NG Kerk en die Apartheidstydperk*" vir die tydperk 1910-1994, te digiteer.

**3.3 Alle lidmaat- en huweliksregisters tans nog by gemeentes-** Daar is 'n baie groot aantal registers nog in besit van gemeentes wat gedigiteer behoort te word. Die GSU is gereed om, volgens die bestaande ooreenkoms, ook dié lidmaat- en huweliksregisters te digiteer. Die GSU is bereid om alle registers in gemeentes van Wes- en Suid-Kaapland volgens 'n program vanaf gemeente te laat koerier (in brand bestande houers) na ABID in Stellenbosch waar dit deur hulle gedigiteer sal word. Ná verfilming word dit weer na die gemeentes teruggeneem. Waar gemeentes te ver van Stellenbosch geleë is, sal met die gemeentes gereël word om dit by die gemeente self te digiteer.

**3.4 Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF)-** Net ná ABID in Oktober 2004 in die Kerkargiefgebou ingetrek het, het die NG Gemeente Stellenbosch se *Historiese Kommissie* met ABID begin saamwerk ten opsigte van die digitering van die gemeente se registers. Een van hulle lede het in Mei 2005 'n skenking van R35,000.00 bemiddel by die HJMNF as sogenaamde "Saadgeld" vir 'n digiteringsprojek by ABID, om gemeentelike/ kerklike argivalia wat gevaar staan om verlore te gaan, te digiteer. Deeltydse personeel is hiermee vir hulle dienste vergoed. Op grond van die besonderse werk aan die betrokke digiteringsprojek, het proff Andreas

van Wyk en Robbie Reinecke teen die einde van 2008 weer bemiddel om fondse vanaf dieselfde instansie te bekom en 'n bedrag van R100,000.00 is geskenk vir die digitering van oudiovisuele stukke en van gemeentelike/ kerklike argivalia wat gevaar staan om verlore te gaan. Prof Reinecke is steeds die nie-amptelike "toesighouer" oor die projek en werk nou saam met die direkteur van ABID.

**3.5 AANBEVELING** - Vir Goedkeuring

**3.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die digitering van gemeentelike argivalia en van die ouer gemeentes deur beide die GSU en deur ABID met ondersteuning van die HJMNF.**

**3.5.2 Die Sinode ondersteun die beplande digiteringsprojek by ABID waarvolgens die GSU alle lidmaat- en huweliksregisters wat nog by gemeentes in die sinodale gebied van die Sinode Wes- en Suid-Kaapland is, volgens 'n program vanaf gemeente laat koerier (in brand bestande houers) na ABID in Stellenbosch waar dit deur hulle gedigiteer sal word. Ná verfilming word dit weer na die gemeentes teruggeneem. Waar gemeentes te ver van Stellenbosch geleë is, sal met die gemeentes gereël word om dit by die gemeente self te digiteer.**

# B17: VOORLEGGING VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE (SRK)

## 1. Inleiding

Die sinodale regskommissie (SRK) is opgewonde oor gemeenteverhale wat getuig van erns, toewyding, gehoorsaamheid en geloofsmoed om in veranderende tye en te midde van verskillende kontekste getrou te wees aan die roeping van die Here. Die SRK beskou dit dan ook as een van sy primêre take om gemeentes hierin tot diens te wees.

In die lig van voortdurend veranderende situasies waarin gemeentes hulle bevind, word daar toenemend aan die kerkorde nuwe vrae gevra en uitdagings gestel. Die SRK wil dus graag die sinode, ringe en gemeentes behulpsaam wees om hierdie roeping van die Here op 'n volhoubare en ordelike wyse uit te leef.

Terwyl die kerk getrou wil wees aan die Woord en belydenisskrifte, wil die ordereëlings tegelykertyd die kerk behulpsaam wees vir die praktyk van kerkwees in sy verskillende gestaltes. Hierin moet die unieke aard van kerkwees, teenoor ander instellings in die samelewing, duidelik na vore kom. Maar daarmee saam is die kerk ook onderworpe aan die burgerlike reg en moet die kerk se ordereëlings as regsdokument hieraan erkenning gee.

Met bogenoemde in gedagte, wil die SRK deur hierdie voorlegging die sinode behulpsaam wees.

## 2. Onderskeidende begrippe

Om die voorlegging van die SRK te verstaan, is dit nodig om die onderskeie afdelings van die kerkordelike reëlings te omskryf:

*2.1 Die Kerkorde* is saamgestel uit artikels en reglemente. Die artikels van Die Kerkorde word vasgestel op grond van die Woord en belydenisskrifte. Die Kerkorde is die eiendom van die Algemene Sinode en word deur die algemene taakspan regte (ATR) in stand gehou. Die artikels en reglemente van Die Kerkorde is van toepassing op al die streeksinodes en kan nie deur die streeksinodes verander word nie.

2.2 Elke streeksinode het die bevoegdheid om die beginsels van Die Kerkorde, soos verwoord in die artikels, uit te brei en toepaslik te maak vir die plaaslike omstandighede. Hierdie uitbreiding op die artikels en reglemente van die Algemene Sinode, mag nie in stryd daarmee wees nie en is te alle tye ondergeskik aan Die Kerkorde. Die sinode van Wes-Kaap het tot hiertoe die artikels uitgebrei in *bepalinge en reglemente* (wat te onderskei is van die reglemente van die Algemene Sinode). Bepalinge en reglemente van die sinode moet deur ten minste 'n tweederde meerderheidstem van die sinode gewysig word.

## 3. 'n Nuwe tydvak

Die SRK is van mening dat die sinode se bepalinge en reglemente by Die Kerkorde ingrypende hersiening vra om die volgende redes:

3.1 Deur die jare het die bepalinge so vervleg en uitgebreid geraak, dat daar soms onduidelikhede en selfs weersprekings voorkom en dat dit daarom as naslaanbron nie vriendelik en maklik hanteerbaar is nie en selfs verwarring kan veroorsaak;

3.2 In die lig van die voortdurend veranderende konteks waarin die kerk funksioneer, asook in die lig van die diversiteit van gemeentes in ons sinodale gebied, is die rakleeftyd van baie van die bepalinge en reglemente verby;

3.3 Van die reglemente en bepalinge is in verouderde taal geskryf en word as gevolg van byvoegings oor jare deur lang en lomp formulerings gekenmerk, wat die interpretasie daarvan bemoeilik;

3.4 Die herstrukturering van die sinode se werksaamhede gaan meebring dat nuwe reglemente geskryf moet word.

## 4. 'n Nuwe benadering

Die SRK is daarvan bewus dat Die Kerkorde en bepalinge en reglemente deur die meeste mense as 'n naslaandokument gebruik word. Dit veroorsaak geweldige frustrasies omdat alle inligting of antwoorde oor 'n bepaalde saak nie noodwendig op een plek aangeteken is nie. Daarom het die SRK besluit om die huidige bepalinge en reglemente van die Wes-Kaap te vervang met 'n nuwe stel reglemente. Hierdie reglemente wil veral 'n praktykgerigte en maklik toeganklike naslaanbron wees met die bedoeling om verhoudinge, vergaderings en werksaamhede van die kerk ordelik te reël.

Met die samestelling van die nuwe reglemente poog die SRK om deur akkurate maar ook maklik leesbare formulering, eenvormige styl, kontemporêre taalgebruik, voor-die-hand-liggende interpretasie en logiese vloei 'n gebruikersvriendelike dokument daar te stel.

Met bogenoemde lê die SRK die volgende aanbeveling aan die sinode voor:

## 5. Aanbeveling

5.1 Die sinode verleen goedkeuring vir die hersiening en verandering van die formaat van die bestaande bepalinge na reglemente.

5.2 Die sinode verleen goedkeuring vir die her-

roeping van al die bestaande bepalinge van die sinode van Wes-Kaap, met dien verstande dat die relevante dele daarvan in 'n nuwe stel reglemente vervat word.
5.3 Die sinode dra dit aan die SRK op om, in oorleg met die moderamen, toe te sien dat al die huidige reglemente (1-26) in die lig van die sinode se nuutste struktuur, asook alle vorms (1-16) van die sinode van Wes-Kaap, hersien word.
5.4 Die sinode verleen volmag aan die moderamen om, in oorleg met die SRK, alle nuwe reglemente te finaliseer en publiseer.
5.5 Die sinode neem die voorgestelde reglemente in behandeling vir goedkeuring. (Sien aangehegde reglemente.)

**6. Afskeid**

Gedurende die reses het twee gewaardeerde lede van die SRK van ons afskeid geneem.
6.1 Prof Pieter Coertzen het as dosent in kerkreg en as jarelange lid van die SRK asook van die regskommissie van die Algemene Sinode, 'n leidende rol gespeel en 'n onmeetbare positiewe bydrae gelewer tot die kerkreg in Suid-Afrika en tot die ontwikkeling van kerkreg in die NG Kerk. Sy leiding gedurende sy termyne as aktuarius en voorsitter van die SRK tesame met die bydraes wat hy as lid van die SRK gemaak het, was van onskatbare waarde. Prof Coertzen is steeds beskikbaar om die SRK van raad te bedien.
6.2 Ds Johan Botes het vir baie jare op die SRK gedien. Hy het gedurende sy laaste termyn as voorsitter gedien. Ds Botes se insig in sake van kerkordelike aard was nie net vir die SRK nie, maar ook vir die sinode van onskatbare waarde. Ds Botes het gedurende die reses geëmeriteer.
6.3 <u>Aanbeveling</u>: Die sinode spreek sy waardering en dank uit teenoor prof Coertzen en ds Botes vir die bydrae wat hulle oor baie jare, spesifiek as lede van die SRK, tot die werksaamhede van die sinode gemaak het.

Charl Stander (Voorsitter)
Hannes Theron (Aktuarius)
Smuts van Rensburg (Skriba)
Gideon Basson
Pieter Coertzen
Quintus Heine
Rita Theron
Tallie van den Heever
Gert van Jaarsveld

---

**Bylaag A**

# REGLEMENT VIR DIE RING

**Inleiding**

**Hierdie reglement is aanvullend tot Die Kerkorde met die spesifieke doel om die kerkordelike artikels in die ringe van Wes-Kaap toe te pas.**

**1. Samestelling van die ring**

1.1 Sien artikel 29 en 30 van Die Kerkorde.

**2. Werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring**

2.1 <u>Algemeen</u>
2.1.1 Sien artikel 31 van Die Kerkorde.
2.2 <u>Pastorale-, toerustings- en toesigfunksie</u>
2.2.1 Die ring het 'n pastorale-, toerustings- en toesigfunksie ten opsigte van elke ringsgemeente. Die ring bepaal self hoe hierdie verantwoordelikhede nagekom word, onder andere deur die benoeming van kommissies/taakspanne/bedieninge.
2.2.2 Die pastorale funksie behels die geestelike en materiële ondersteuning van elke gemeente.
2.2.3 Die toerustingsfunksie behels die toerusting van die besondere ampte en lidmate vir hulle dienswerk.
2.2.4 Die toesigfunksie behels om toe te sien dat alles in die ringsgemeentes ordelik geskied.
2.3 <u>Stigting, samesmelting, grenslyne en naamsverandering van gemeentes</u>
2.3.1 Die ring het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die stigting, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes in die ring. Sien *Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes* (reglement 6) van die Algemene Sinode.
2.3.2 Die verandering van grenslyne van bestaande gemeentes is die verantwoordelikheid van die ring. Kostes hieraan verbonde word deur die betrokke gemeentes gedra.
2.3.3 Die naamsverandering van 'n bestaande gemeente geskied met goedkeuring van die ring, waarna dit deur die moderamen bekragtig en in die *Kerkbode* bekend gemaak word. Alle koste in dié verband is vir die rekening van die betrokke gemeente.
2.4 <u>Kerkraad wat bedank of nie langer kan funksioneer nie</u>
2.4.1 In gevalle waar 'n kerkraad bedank of nie langer kan funksioneer nie, het 'n ring/ringskommis-

sie die bevoegdheid om sake van die kerkraad in behandeling te neem. (Sien artikel 22.2 van Die Kerkorde. Sien ook pligte en verantwoordelikhede van die ringskommissie by punt 4.2 van hierdie reglement.)

2.5 Predikantspos-vakature in gemeente
2.5.1 Die ring/ringskommissie het 'n verantwoordelikheid om in samewerking met 'n kerkraad toe te sien dat 'n vakature so spoedig moontlik gevul word. Sien:
2.5.1.1 artikel 7 van Die Kerkorde;
2.5.1.2 *Reglement van skriba van die ringskommissie* van die sinode van Wes-Kaap;
2.5.1.3 punt 7.21-7.26 van *Reglement van die kerkraad* van die sinode van Wes-Kaap en
2.5.1.4 *Reglement vir predikante* van die sinode van Wes-Kaap by punt i.s. beroeping en bevestiging van predikante.

2.6 Beroeping en bevestiging van 'n predikant
2.6.1 By die beroeping en bevestiging van 'n predikant, moet die ring toesien dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is. Sien:
2.6.1.1 artikel 7 en 8 van Die Kerkorde;
2.6.1.2 *Reglement vir predikante* van die sinode van Wes-Kaap by punt in sake beroeping en bevestiging van predikante;
2.6.1.3 *Reglement van skriba van die ringskommissie* van die sinode van Wes-Kaap.

2.7 Uitdienstreding van 'n predikant – siekte, bedanking, aftrede en diens-beëindiging
2.7.1 By die uitdienstreding van 'n predikant moet die ring/ringskommissie toesien dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is. Sien:
2.7.1.1 artikel 11 en 12 asook besluite by artikel 11 en 12 van Die Kerkorde.
2.7.2 Die ring/ringskommissie sien toe dat predikante, binne ses maande na die bereiking van ouderdom 65, aftree. Sien:
2.7.2.1 *Reglement vir predikante* van die sinode van Wes-Kaap by die punt in sake aftree-ouderdom.

2.8 Herstel van bevoegdheid van 'n voormalige predikant/proponent
2.8.1 Die rol van die ring in die hantering van 'n aansoek om herstel van bevoegdheid word deur *Reglement vir die reëling van bevoegdheid van predikante en proponente* van die Algemene Sinode by punt 3:7 uiteengesit.
2.8.2 Die ringskommissie of die ringsregskommissie ondersoek die aangeleentheid met inagneming van artikel 66.4.5 asook reglement 3:7.2 van Die Kerkorde en lê 'n verslag aan die volle ringsvergadering voor. 'n Volledige verslag met 'n duidelike aanbeveling van die ring moet die skriba van die sinode berei, nie later nie as 31 Januarie (of 30 April in geval 'n tweede moderamenvergadering in daardie bepaalde jaar plaasvind).

2.9 Nuwe gemeente-ontwikkeling
2.9.1 Die ontwikkeling van 'n nuwe gemeente in die ringsgebied word deur die ring begelei en gekoördineer. Die ontwikkeling van 'n nuwe gemeente in die ringsgebied kan ook deur die ring geïnisieer word.
2.9.2 Vir 'n volledige uiteensetting sien *Reglement vir nuwe gemeente-ontwikkeling* van die sinode van Wes-Kaap.

2.10 Ontbinding van 'n gemeente
2.10.1 Die rol van die ring in die ontbinding van 'n gemeente word volledig uiteengesit in die *Reglement vir die ontbinding van 'n gemeente sonder inlywing* van die sinode van Wes-Kaap.

2.11 Verskillende kerkverbande – kombinasie van werksaamhede
2.11.1 Die rol van die ring in die kombinasie van werksaamhede van gemeentes en ringe uit verskillende kerkverbande, word volledig uiteengesit in die *Reglement vir kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes/kommissies van sinodes uit verskillende kerkverbande* van die sinode van Wes-Kaap.

2.12 Kerklike geskille en tugsake
2.12.1 Kerklike geskille en tugsake word deur die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer. Sien artikel 59-66 van Die Kerkorde.
2.12.2 Kerklike geskille en tugsake kan ook deur die ring na 'n ondersoekliggaam as gevolmagtigde kommissie verwys word (sien punt 4.2.4 van hierdie reglement) om volgens kerkordelike riglyne te hanteer. Sien artikel 59-66 van Die Kerkorde.

2.13 Kerklike appèlle
2.13.1 Kerklike appèlle word deur die ring na 'n appèlligaam as gevolmagtigde kommissie verwys om volgens kerkordelike riglyne te hanteer. Sien artikel 23 van Die Kerkorde asook punt 6.2 van hierdie reglement.

**3. Vergadering van die ring (ringsitting)**
3.1 Samestelling van die ringsvergadering
3.1.1 Die ringsvergadering word saamgestel uit afgevaardigdes van die ringsgemeentes.
3.1.2 Die samestelling van die afvaardiging is soos volg:
3.1.2.1 al die predikante (amptelike predikantsposte) van 'n gemeente, of in geval van 'n predikantspos wat vakant is 'n ouderling of diaken in die plek van die vakante predikantspos;
3.1.2.2 een ouderling of diaken vir elke predikantspos.

3.1.3 Vir elke afgevaardigde predikant/ouderling/diaken word 'n sekundus aangewys.
3.1.4 'n Afgevaardigde of sekundus ouderling/diaken kan uit die korpus van alle ouderlinge en diakens in die gemeente gekies word.
3.1.5 Die primarius en die sekundus ouderling/diaken kan mekaar tydens die ringsitting vervang, behalwe wanneer 'n amptelike ondersoek aan die gang is. Waar vervanging plaasvind, moet die afvaardigende kerkraad self vir die ekstra koste instaan.

3.2 Geloofsbriewe vir ringsvergadering
3.2.1 Kerkrade voorsien die ringsvergadering by elke vergadering van die geloofsbriewe van die afvaardiging met hul sekundi.
3.2.2 Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet volgens die reëling van die skriba van die ring by hom/haar ingelewer word.

3.3 Konstituering van die ringsvergadering
3.3.1 Om te konstitueer moet die helfte plus een (volstrekte meerderheid) van die vereiste aantal afgevaardigdes (sien punt 3.1 van hierdie reglement) teenwoordig wees.
3.3.2 Vir gewone werksaamhede is die helfte van die getal lede op die presensielys 'n kworum.
3.3.3 Vir tugsake is 'n volstrekte meerderheid (helfte plus een) van die vereiste aantal afgevaardigdes (sien punt 3.1 van hierdie reglement) 'n kworum.

3.4 Konstituering van ringsvergadering tydens 'n sinodesitting
3.4.1 Afgevaardigdes na die sinode dien as personeel van 'n ringsvergadering wat tydens die sinode konstitueer om sake af te handel.
3.4.2 'n Nuwe ring word deur die sinode goedgekeur en konstitueer met die afgevaardigdes van die betrokke gemeentes tydens die sinode.

3.5 Ordereëlings en prosedures vir vergaderinge van die ring
3.5.1 Sien *Reglement van orde* van die sinode van Wes-Kaap.

3.6 Gewone vergadering
Die ringsvergadering word:
3.6.1 saamgeroep deur 'n kennisgewing van die skriba van die ringskommissie minstens vier weke voor die tyd;
3.6.2 sover moontlik om die beurt in die verskillende ringsgemeentes gehou op 'n datum soos deur elke ring bepaal.

3.7 Buitengewone vergadering
Ringsvergaderinge bo en behalwe die gewone ringsvergadering, word deur die ringskommissie belê:
3.7.1 volgens eie diskresie;
3.7.2 op versoek van 'n kerkraad van 'n gemeente van die ring.

3.8 Vergadering tydens sinodesitting
Ringe konstitueer tydens die sinodesitting en handel die volgende af:
3.8.1 nomineer een predikant met sekundus asook een ouderling of diaken met sekundus as afgevaardigdes na die Algemene Sinode;
3.8.2 nomineer een predikant met sekundus asook een ouderling of diaken met sekundus (verkieslik nie-predikante) as verteenwoordigers op die moderamen;
3.8.3 nomineer predikante, ouderlinge, diakens en lidmate vir ander sinodale strukture en werksaamhede soos wat die sinode van ringe mag vereis;
3.8.4 verkies predikante, ouderlinge, diakens en lidmate om op die onderskeie kommissies van die ring te dien.

## 4. Ringskommissie

By elke jaarlikse vergadering van die ring word 'n ringskommissie verkies wat funksioneer tot die volgende jaarlikse vergadering.

4.1 Samestelling
4.1.1 Die ringskommissie bestaan uit:
4.1.1.1 'n voorsitter en ondervoorsitter (gekies deur die ringsvergadering) wat jaarliks vir 'n termyn van een jaar verkies word;
4.1.1.2 die skriba van die ring wat vir 'n termyn waarop die ring besluit (verkieslik van sinode tot sinode) verkies word;
4.1.1.3 drie lede van die ringsvergadering wat jaarliks vir 'n termyn van een jaar as sekundi verkies word en wat, indien nodig, in volgorde deur die skriba opgeroep kan word.
4.1.2 Die ringskommissie kan na behoefte ander lidmate op ad hoc basis in adviserende hoedanigheid betrek.
4.2 Pligte en verantwoordelikhede
Die ringskommissie
4.2.1 verskaf kontinuïteit aan die werksaamhede van die ring wanneer die ring nie in sitting is nie en vergader so dikwels as wat nodig mag wees;
4.2.2 gee uitvoering aan alle opdragte, take en funksies soos deur Die Kerkorde en reglemente voorgeskryf;
4.2.3 neem alle spoedeisende sake in behandeling;
4.2.4 sien toe dat kerklike geskille, opsig en tug volgens kerkordelike riglyne hanteer word; (Sien artikel 63 van Die Kerkorde asook punt 2.12.2, 5 en 6 van hierdie reglement.)
4.2.5 hou noukeurig notule van sy vergaderings en lewer tydens 'n ringsvergadering verslag van al sy werksaamhede;

4.2.6 het die bevoegdheid en verantwoordelikheid om ringsveragderings byeen te roep;
4.2.7 stel die agenda van 'n ringsvergadering saam en tref alle reëlings met die oog op die vergadering.
4.2.8 Die notules van die ringsvergadering word deur die voorsitter en skriba onderteken nadat die vergadering dit goedgekeur het. Die laaste deel van die notule wat nie deur die ring self hanteer kan word nie, kan na die ringskommissie verwys word vir goedkeuring en ondertekening.
4.3 Pligte en verantwoordelikhede van die skriba van die ring/ringskommissie
4.3.1 Die rol en taak van die skriba word uiteen gesit in die *Reglement vir skriba van die ring/ringskommissie*.

## 5. Ringsregskommissie

5.1 Die ring benoem 'n permanente regskommissie wat bestaan uit drie lede met twee sekundi.
5.2 Die ringsregskommissie het die taak om:
5.2.1 die ring en gemeentes met advies in sake van kerkordelike aard te bedien;
5.2.2 sake van kerkordelike aard, wat deur die ring verwys is of deur gemeentes verwys is, te ondersoek;
5.2.3 as taakspan vir konflikhantering, versoening en fasilitering in kerkordelike sake (wat diensverhoudinge insluit) te funksioneer. Indien hierdie kommissie vanweë prejudisering nie self binne ringsverband betrokke kan of wil wees nie, kan'n ander ring se regskommissie versoek word om aan artikel 63.3.1.3 van Die Kerkorde uitvoering te gee;
5.2.4 kerklike geskille en tugsake in opdrag van die ring of ringskommissie volgens kerkordelike riglyne te hanteer. (Sien artikel 59-66 van Die Kerkorde.)
5.3 Indien die ring besluit om van 'n ondersoekliggaam gebruik te maak om 'n ondersoek te doen volgens artikel 63 van Die Kerkorde, tree die ringsregskommissie saam met die sekundilede van die ringsregskommissie as gevolmagtigde ondersoekliggaam op. Indien nodig kan twee deskundige lede met volle stemreg deur die ondersoekliggaam gekoöpteer word.
5.4 Indien die ringsregskommissie regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig. (Sien artikel 63.8.10 van Die Kerkorde vir koste van 'n tugondersoek.)

## 6. Ringsappèlliggaam

6.1 Die ringsregskommisie tree saam met die sekundilede van die ringsregskommissie op as gevolmagtigde appèlliggaam. Indien nodig kan twee deskundige lede met volle stemreg deur die ringsappèlliggaam gekoöpteer word.
6.2 Die ringsappèlliggaam hanteer alle appèlle teen kerkrade of hulle gevolmagtigde kommissies.
6.3 Indien die ringsappèlliggaam regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig. (Sien besluit 23b 6.6 by artikel 23 van Die Kerkorde vir koste van 'n tugondersoek.)
6.4 Sien artikel 23 van Die Kerkorde vir volledige uiteensetting insake die hantering van 'n appèl.

## 7. Ringsfonds

7.1 'n Ring kan 'n ringsfonds skep deur bydraes van elke gemeente in sy gebied te vorder.
7.2 Die ringsfonds word aangewend vir die koste van administrasie of enige onderneming van ringsbelang.
7.3 Koste wat deur kommissies van die ring aangegaan word, moet vooraf deur die ring of ringskommissie goedgekeur word en word betaal:
7.3.1 uit die ringsfonds
7.3.2 of, indien die ring nie oor sodanige fonds beskik nie, deur die saakgelastigde van die sinode nadat vooraf goedkeuring van die dagbestuur van die SFK verkry is.
7.4 Die skriba van die ring beheer en administreer die fonds volgens opdrag van en met verslag aan die ringsvergadering.
7.5 Die skriba van die ring moet jaarliks 'n finansiële staat van die fonds opstel en dit deur 'n geregistreerde rekenmeester of ouditeur laat ouditeer.

## 8. Konsulent

8.1 Die ringsvergadering benoem 'n konsulent vir elke gemeente binne sy gebied. 'n Predikant mag nie konsulent wees van die gemeente waar hy/sy in diens staan nie.
8.2 Vir pligte en verantwoordelikhede van konsulent, sien *Reglement vir konsulent* van die sinode van Wes-Kaap.

## 9. Die ring as regspersoon

9.1 Elke ring van die Nederduidtse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is as outonome regpersoon onafhanklik van die gemeentes waaruit die ring saamgestel is.
9.2 Sien *Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse* van die Algemene Sinode punt 3 vir meer besonderhede oor die ring as regpersoon.

Bylaag B

# REGLEMENT VIR KERKLIKE LIDMAATSKAP

**Inleiding**

**Ons glo dat elkeen van ons 'n lewende lid is van die gemeente van die Here wat Hy vir Hom uitverkies, vergader en onderhou. Ons glo dat ons gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik met die Here gemeenskap het en aan al sy gawes deel het en dat elkeen verplig is om sy/haar gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend. (Uit Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus.)**

**1. Uitgangspunt t.o.v. lidmaatskap**

1.1 Die term *kerklidmaat* of *lidmaat* is

1.2 'n aanduiding van die band tussen 'n gemeente en 'n individu waarvolgens die gemeente die individu as deel van die gemeente se verbondsverhouding met God aanvaar

1.3 en waarvolgens die individu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping.

1.2 'n **Dooplidmaat** is 'n lidmaat wat gedoop is maar nog nie belydenis van geloof afgelê het nie.
1.3 'n **Belydende lidmaat** is 'n lidmaat wat belydenis van geloof volgens die reëling van die kerk afgelê het.
1.4 Insluiting in die verbond (soos deur die doop bekragtig) is die grond vir volledige lidmaatskap. Daarom is beide doop- en belydende lidmate volwaardige lidmate van die kerk.
1.5 Die onderskeid tussen doop- en belydende lidmaatskap dui nie op dubbele lidmaatskap nie. Dit is slegs 'n onderskeid in die proses van lidmaatskapontwikkeling en is 'n aanduiding van 'n lidmaat se gereedheid tot aanvaarding van groter verantwoordleikheid in 'n gemeente.
1.6 Niemand kan lid van die NG Kerk wees sonder om aan 'n plaaslike gemeente te behoort nie. Daarom kom dit op afskeiding van die kerk neer as 'n lidmaat weier om sy/haar attestaat by 'n gemeente in te dien.

**2. Lidmaatskapvoorregte en regte**

2.1 Die voorreg van lidmaatskap behels:
2.1.1 die verantwoordelikheid om in die gemeente diensbaar te wees;
2.1.2 die reg om belydenis van geloof af te lê;
2.1.3 die reg om tot die besondere amp verkies te word;
2.1.4 die reg om as doopgetuie te staan;
2.1.4 die reg om 'n attestaat te ontvang;
2.1.5 die reg om onderrig te gee in die gemeente;
2.1.6 die reg op pastorale versorging;
2.1.7 die reg om na 'n meerdere vergadering te appelleer teen die bindende besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigde kommissies met inagneming van artikel 23.2 van Die Kerkorde.
2.2 Die uitoefening van hierdie regte is onderworpe aan artikel 64 van Die Kerkorde.

**3. Dooplidmate**

3.1 Die naam van 'n lidmaat wat gedoop is, word saam met dié van sy/haar ouer(s) op die attestaat vermeld.
3.2 Alternatiewelik word 'n doopattestaat uitgereik as getuienis dat die lidmaat gedoop is en om, indien moontlik, te getuig oor die lewe en leer van die lidmaat.

**4. Belydenisaflegging deur dooplidmate**

4.1 Die ondersoek met die oog op die belydenisaflegging:
4.1.1 handel oor die geloofslewe en lewenswandel van die katkisant;
4.1.2 vind plaas namens die kerkraad deur die predikant, die konsulent of 'n ander predikant deur die kerkraad gevra, saam met een of meer ouderlinge;
4.1.3 vind plaas nadat die bewys van doop in die register van die gemeente aageteken is;
4.1.4 vind plaas nadat die normale kategetiese leerplan ten volle deurloop is; (In uitsondelike gevalle – bv. in geval van verstandelike gestremdheid – mag die kerkraad hiervan vrystelling verleen.)
4.1.5 vind plaas na die ouderdom van sestien jaar, tensy die ring kwytskelding van die reëling verleen.
4.2 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis behels:
4.2.1 'n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus;
4.2.2 onderskrywing van die Bybel as die Woord van God;
4.2.3 onderskrywing van die gereformeerde leer soos vervat in die belydenisskrifte van die Christelike geloof;
4.2.4 'n verklaring van gereedheid en bereidheid om in die gemeente te dien.
4.3 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis vind plaas:
4.3.1 aan die hand van die voorgeskrewe formulier;
4.3.2 by die openbare erediens;
4.3.3 of by hoë uitsondering, bv. in geval van verstandelike gestremdheid, met die toestemming

van die kerkraad in die teenwoordigheid van 'n kommissie uit die kerkraad, met bekendmaking aan die gemeente.
4.4 Dooplidmate wat in 'n ander gemeente as dié waartoe hulle behoort, wil katkiseer en/of belydenis aflê, moet verlof verkry van beide kerkrade.
4.5 Ongeag waar die ondersoek en belydenisaflegging geskied, behoort die lidmaat tot die gemeente waar hy woon met inagneming van punt 6 wat hieronder volg.

## 5. Belydenisaflegging deur ongedooptes ouer as sestien jaar

5.1 Die ondersoek van ongedooptes met die oog op die belydenisaflegging:
5.1.1 handel oor die geloofslewe en lewenswandel van die ongedoopte;
5.1.2 vind plaas namens die kerkraad deur die predikant, die konsulent of 'n ander predikant deur die kerkraad gevra, saam met een of meer ouderlinge;
5.1.3 vind plaas nadat die normale kategetiese leerplan ten volle deurloop is;
5.1.5 vind plaas na die ouderdom van sestien jaar, tensy die ring kwytskelding van die reëling verleen.
5.2 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis behels:
5.2.1 'n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus;
5.2.2 onderskrywing van die Bybel as die Woord van God;
5.2.3 onderskrywing van die gereformeerde leer soos vervat in die belydenisskrifte van die Christelike geloof;
5.2.4 'n verklaring van gereedheid en bereidheid om in die gemeente te dien.
5.3 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis vind plaas:
5.3.1 by die openbare erediens;
5.3.2 aan die hand van die voorgeskrewe formulier;
5.4 Die ongedoopte word by dieselfde erediens waar belydenisaflegging plaasvind gedoop. Die doop vind plaas na belydenisaflegging.

## 6. Lidmaatskap oor gemeentegrense heen

6.1 Lidmaatskap veronderstel dat 'n persoon aan 'n bepaalde gemeente van sy/haar keuse behoort. Die volgende moet egter in ag geneem word:
6.1.1 dit moet in ooreenstemming wees met die voorgeskrewe prosedure t.o.v. lidmaatskap en gemeentegrense soos hieronder uiteengesit;
6.1.2 gemeentes en kerkrade mag nie lidmate van ander gemeentes werf nie;
6.1.3 kerkrade behoort nie sonder meer lidmate te verwelkom, as die rede vir hulle aansoek verband hou met slegte verhoudings nie; (In geval van slegte verhoudings moet die kerkraad deur pastorale begeleiding die saak hanteer en in die reine bring.)
6.1.4 by oorweging van so 'n aansoek bepaal die kerkraad wat die aansoek ontvang of dit prakties moontlik is om lidmate wat elders woon te bedien en of dit vir sulke lidmate moontlik is om as aktiewe lidmate van die gemeente in te skakel.
6.2 Die volgende situasies kan onderskei word:
6.2.1 Lidmate wat binne die geografiese grense van gemeente A intrek maar verkies om lidmate te bly van gemeente B waar hulle voorheen gewoon het. Dit word soos volg hanteer:
6.2.1.1 die kerkraad van gemeente B gee kennis aan gemeente A van die lidmaat se keuse.
6.2.2 Lidmate wat al 'n tyd lank inskakel by gemeente C en verkies om lidmate van 'n ander gemeente te word. Dit word soos volg hanteer:
6.2.2.1 lidmate moet die kerkraad van C met opgaaf van redes in kennis stel. Indien die kerkraad bevind dat die redes vir verandering van lidmaatskap nie kwaadwillig is nie, kan 'n attestaat uitgereik word.
6.2.3 Lidmate wat binne die geografiese grense van gemeente D intrek en lidmaatskap van gemeente E verlang. Dit word soos volg hanteer:
6.2.3.1 lidmate versoek gemeente E skriftelik om as lidmate aanvaar te word;
6.2.3.2 lidmate verskaf die nodige bewys van lidmaatskap nl. Attestate en doopbewyse aan gemeente E (gemeente E kan die lidmate help met die verkryging van hierdie dokumente);
6.2.3.3 die kerkraad van gemeente E gee daarvan kennis aan gemeente D.
6.2.4 Lidmate wat binne die grense van 'n nuutgestigde gemeente F woon, behoort tot gemeente F, tensy hulle reeds by 'n ander gemeente ingeskakel is.
6.3 Waar lidmate of 'n hele gemeente aan 'n grens van 'n sinodale gebied wens om tot 'n ander sinodale gebied te behoort, moet hulle aansoek deur hulle kerkraad, ring en sinode goedgekeur word en verwys word na die aangrensende sinode. Daarna kan die aansoek aan die Algemene Sinode voorgelê word vir finale afhandeling.

## 7. Oordrag van lidmaatskap tussen NG-gemeentes

7.1 Belydende lidmate
7.1.1 Die oordrag van lidmaatskap van een gemeente na 'n ander geskied deur 'n bewys van lidmaatskap of 'n attestaat.
7.1.2 Lidmate is verantwoordelik om self te reël vir die oordrag van hulle lidmaatskap. Hierin kan die nuwe gemeente se kerkraad of administratiewe beampte behulpsaam wees.
7.1.3 Sodra die bewys van lidmaatskap/attestaat deur die nuwe gemeente ontvang is, word die lid-

maat die pastorale verantwoordelikheid van daardie gemeente.

7.1.4 In gevalle waar lidmate langer as ses maande nie meer inskakel by 'n gemeente nie, word net 'n bewys van lidmaatskap en nie 'n attestaat nie, uitgereik.

7.1.5 Persone bly lidmate van die gemeente waarby hulle ingeskakel het totdat 'n bewys van lidmaatskap of attestaat na die nuwe gemeente oorgeplaas is, of hulle vrywillig van die kerk afgeskei het.

7.1.6 Indien lidmate langdurig weier om 'n bewys van lidmaatskap of attestaat by die gemeente in te dien, kom dit neer op afskeiding van die kerk.

7.2 Tuggevalle

7.2.1 By die uitreiking van bewys van lidmaatskap in tuggevalle, moet 'n begeleidende brief direk aan die betrokke kerkraad gestuur word.

**8. Oorkoms van lidmate uit ander kerke na 'n NG-gemeente**

8.1 Vir reëlings in verband met die oorkoms van lidmate van ander kerke na 'n NG-gemeente, sien punt 2,5 en 6 van *Reglement vir ekumene en samewerking met ander Christelike kerke en groepe* van die sinode van Wes-Kaap.

**9. Kerklike lidmaatskap en tug**

9.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente staan onder die opsig en tug van die kerkraad. (Ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, staan onder opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit.)

9.2 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van die lidmate.

9.3 Belydende lidmaatskap kan as uiterste stap van tug beëindig word.

9.4 'n Persoon wie se lidmaatskap deur 'n tughandeling beëindig is, kan slegs deur belydenis van geloof weer 'n belydende lidmaat word.

9.5 Vir reëlings in verband met kerklike opsig en tug, sien artikel 59-66 van Die Kerkorde.

**10. Verlies van lidmaatskap**

10.1 Lidmate verloor lidmaatskap deur bedanking:

10.1.1 deur skriftelike/elektroniese kennisgewing aan die kerkraad;

10.1.2 deur mondelinge mededeling voor die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad.

10.2 Die kerkraad verklaar vervolgens hulle lidmaatskap nietig, notuleer dit, teken dit in die registers aan en maak dit aan die gemeente bekend.

10.3 Waar iemand hom/haar nie formeel van die gemeente afskei nie, maar tog skuldig is aan godsdienstige bedrywighede of ander gedrag wat volgens die oordeel van die kerkraad 'n verbreking van die lidmaatbelofte is, word volgens die voorskrifte van die kerklike tug gehandel.

---

**Bylaag C**

# REGLEMENT VIR DIE KERKRAAD

**Inleiding**

- **Hierdie reglement moet in samehang met artikels 26-28 van Die Kerkorde gelees word.**
- **Volgens artikel 26.2 van Die Kerkorde mag daar leraars, ouderlinge en diakens wees wat nie op 'n kerkraad dien nie. Vir reëlings in dié verband sien *Reglement vir ouderlinge en diakens wat nie lede van 'n kerkraad is nie* van die sinode van Wes-Kaap.**

**1. Samestelling van kerkraad**

1.1 'n Kerkraad word saamgestel uit predikant(e) asook ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is.

1.2 Vir elke predikantspos moet daar ten minste een ouderlingspos en een diakenspos wees. Die minimum aantal lede vir 'n kerkraad is 'n predikant, twee ouderlinge en twee diakens.

1.3 Elke kerkraad het die reg om na die eis van omstandighede sy ledetal vas te stel.

**2. Wykskerkraad**

2.1 'n Kerkraad mag besluit om die gemeente in twee of meer wyksgemeentes te organiseer. 'n Wyksgemeente bestaan uit lidmate wat deur een of meer predikante bearbei word en het 'n eie wykskerkraad.

2.2 'n Kerkraad besluit self watter sake na die wykskerkrade gedelegeer word en watter bevoegdheid aan hulle toegeken word. Hierdie reëlings word in 'n huishoudelike reglement bepaal.

2.3 Vergaderings van die wykskerkraad geskied na bekendmaking by die erediens en in skriftelike/elektroniese kennisgewing aan die lede.

2.4 Wykskerkrade kan kerkraadslede vir die betrokke wyksgemeente kies. Vir die verkiesing geld die gewone verkiesingsprosedures.

2.5 Tugondersoeke en die beroeping van predikante kan nie aan wykskerkrade gedelegeer word nie.

## 3. Verkiesing van kerkraad

3.1 'n Kerkraad word verkies uit kundige lidmate wat voldoen aan die Bybelse eise vir gemeenteleiers soos o.a. in 1 Tim 3:1-13 beskryf.

3.2 Alle vakatures op die kerkraad moet so spoedig moontlik gevul word.

3.3 'n Kerkraad het die reg om by die verkiesing van ampsdraers 'n kommissie van pre-advies te benoem. Die kommissie moet uit minstens vyf lede saamgestel word, waarvan drie lede ouderlinge en diakens is. Lidmate kan ook op die kommissie dien. (Sien punt 7.3.3 van *Reglement van orde* van die sinode van Wes-Kaap.)

3.4 Kerkraadslede word op 'n kerkraadsvergadering verkies.

3.5 Verkose kerkraadslede word so spoedig moontlik skriftelik/elektronies van hulle verkiesing in kennis gestel.

3.6 Verkose kerkraadslede se name word op die twee agtereenvolgende Sondae na die verkiesing aan die gemeente vir approbasie bekend gemaak.

3.7 Indien 'n beswaar teen enige verkose kerkraadslid ontvang word, belê die voorsitter sonder versuim 'n kerkraadsvergadering (nie wykskerkraadvergadering nie) om die beswaar te oorweeg.

3.7.1 Tydens die oorweging kan die beswaarmaker en die persoon oor wie die beswaar gaan, aangehoor word;

3.7.2 Indien nodig word 'n tugondersoek in terme van artikel 59-66 van Die Kerkorde gedoen.

3.7.3 Indien 'n beswaar grondig bevind word, word die verkiesing nietig en word 'n ander persoon as kerkraadslid verkies.

3.8 Die bevestiging van verkose kerkraadslede aan wie approbasie verleen is, vind so spoedig moontlik plaas. Die bevestiging word waargeneem deur enige van:

3.8.1 'n gemeentpredikant;

3.8.2 'n konsulent;

3.8.3 'n ander predikant op versoek van die kerkraad.

3.9 Ouderlinge of diakens kan nie in die amp bevestig word alvorens hulle bewys van lidmaatskap ontvang en in die lidmaatregister aangeteken is nie.

## 4. Dienstermyn van kerkraadslede

4.1 Elke kerkraad bepaal die dienstermyn van kerkraadslede.

4.2 Kerkrade moet toesien dat daar sover moontlik gereelde wisseling van kerkraadslede is.

## 5. Vergadering van kerkraad

5.1 'n Kerkraad vergader minstens vier keer per jaar.

5.2 'n Kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die leraar(s) en ouderlinge.

5.3 Christus regeer die kerk deur sy Woord en Gees, daarom moet 'n predikant kragtens sy/haar diens in die gemeente as bedienaar van die Woord altyd saam met die kerkraad vergader.

5.4 Indien 'n plaaslike predikant(e) nie by 'n kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of 'n ander predikant deur die ring/ringskommissie daartoe gemagtig, die vergadering adviserend namens die ring bywoon, met verslag aan die ring/ringskommissie. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

5.5 'n Kerkraad het 'n skriba wat deur die vergadering aangewys word. Indien die skriba nie lid van die vergadering is nie, moet die kerkraad toestemming gee dat die vergadering bygewoon mag word. Sodanige goedkeuring kan eenmalig geskied. (Sien *Reglement vir skriba van die kerkraad* van die sinode van Wes-Kaap.)

5.6 Die notule van 'n kerkraadsvergadering word deur die voorsitter en skriba onderteken nadat dit deur die vergadering goedgekeur is.

5.7 Gewone vergaderings van die kerkraad geskied na bekendmaking by die erediens en skriftelike/elektroniese kennisgewing aan die lede.

5.8 Buitengewone vergadering van die kerkraad:

5.8.1 Die voorsitter is verplig om 'n buitengewone vergadering te belê sodra drie of meer lede van die kerkraad, met opgaaf van redes, hom/haar daartoe versoek.

5.8.2 Die byeenroep van 'n buitengewone vergadering geskied met opgaaf van redes en met kennisgewing aan al die kerkraadslede.

5.8.3 'n Buitengewone vergadering mag slegs dié sake bespreek waarvoor dit belê is.

## 6. Funksionering van kerkraad

6.1 'n Kerkraad het die reg om huishoudelike reglemente op te stel mits dit nie in stryd met Die Kerkorde, reglemente en besluite van die ring en sinode is nie.

6.2 'n Kerkraad bly verantwoordelik vir die regering, opsig en tug in die gemeente.

6.3 'n Kerkraad stel 'n finansiële beampte aan. (Sien punt 2 van *Reglement vir kerklike fondse en die praktiese hantering daarvan* van die sinode van Wes-Kaap.)

6.4 'n Kerkraad kan kommissies, diensgroepe of taakspanne vir die uitvoering van besluite en take benoem.

6.5 'n Kerkraad moet kommissies, diensgroepe en taakspanne se opdrag en bevoegdheid duidelik omskryf en moet toesien dat daar binne hierdie mandaat opgetree word. Toestemming tot volmag kan ook verleen word. 'n Kerkraad kan ook gevolmagtigde kommissies/taakspanne aanwys.

## 7. Taak van kerkraad

Die kerkraad se primêre taak is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Ef 4:12).

Die kerkraad se taak behels:

Bediening

7.1 reël van eredienste (waaronder doop en nagmaal) asook ander geestelike byeenkomste; (Sien Die Kerkorde artikel 48 en 49.)

7.2 reël van 'n byeenkoms, op eie inisiatief of op versoek van lidmate, om die gemeente in te lig of met hulle in gesprek te tree;

7.3 toesig oor die belydenis en wandel van lidmate en die besondere ampte van die gemeente asook die handhawing van kerklike orde en tug; (Sien Die Kerkorde artikel 59-66.)

7.4 bevordering van toesig oor en toerusting vir die kerklike dienswerk van gelowiges;

7.5 toerusting en toelating van nuwe lidmate wat belydenis van geloof aflê; (Sien punt 4 van *Reglement vir kerklike lidmaatskap* van die sinode van Wes-Kaap asook Die Kerkorde artikel 50.)

7.6 bestudering van die kerk se leer en ander aktuele sake vir voorligting aan die gemeente;

Lidmate en registers

7.7 ordelike hantering van lidmate wat wissel van gemeentes; (Sien punt 5 en 6 van *Reglement vir kerklike lidmaatskap* van die sinode van Wes-Kaap.)

7.8 ordelike hantering van lidmate wat van ander kerke wil oorkom; (Sien punt 2,5 en 6 van *Reglement vir ekumene en samewerking met ander Christelike kerke en groepe* van die sinode van Wes-Kaap.)

7.9 hou van behoorlike registers van doop- en belydende lidmate; (Sien *Reglement vir argief- en bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk* van die Algemene Sinode.)

Ekumene

7.10 behartiging van skakeling met gemeentes van die familie van NG Kerke en ander Christelike kerke om uitdrukking te gee aan die soeke tot groter eenheid; (Sien Die Kerkorde artikel 70 en besluite by artikel 70.)

Huwelike

7.11 reëling en bevordering van die kerklike bevestiging van huwelike en die bepaling van huweliksfooie;

Eiendom en fondse

7.12 beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente; (Sien *Reglement vir kerklike fondse* en *Reglement vir die beheer van kerklike goedere en vir regsverteenwoordiging* van die sinode van Wes-Kaap.)

7.13 insameling van dankoffers;

7.14 verslag aan die saakgelastigde van die sinode; (Sien *Reglement vir kerklike fondse* en die *Vorm vir finansies* van die sinode van Wes-Kaap.)

Personeel

7.15 samestelling van 'n diensverhoudingskommissie wat na die belange van alle werknemers in diens van die kerkraad omsien; (Sien Die Kerkorde artikel *12b1* asook Bestuursgids vir diensverhoudinge in die NG Kerk.)

7.16 voorsiening van salarisse, pensioen en ander voordele aan predikant(e); (Sien *Reglement vir predikante* van die sinode van Wes-Kaap) asook toereikende besoldiging en ander voordele (waar van toepassing) aan ander amptenare en werknemers in diens van die kerkraad;

Argief

7.17 instandhouding van die gemeentelike argief; (Sien *Reglement vir argief- en bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk* van die Algemene Sinode.);

Ring en sinode

7.18 voorsiening van geloofsbriewe van afgevaardigdes en sekundi by elke vergadering van die ring of sinode;

7.19 voorsiening van twee eksemplare van die vorm vir finansies asook die geouditeerde finansiële state wat jaarliks voor 31 Mei aan die ringsfondsekommissie asook die saakgelastigde van die sinode gestuur moet word;

7.20 beskikbaarstelling van alle informasie wat van tyd tot tyd deur die ring of sinode aangevra mag word;

Predikantspos-vakature en beroeping

7.21 by ontstaan van 'n vakature en by beroeping, sien *Reglement vir predikante* van die sinode van Wes-Kaap asook artikel 7 en 8 van Die Kerkorde vir volledige uiteensetting;

7.22 'n vakature van 'n predikantspos in 'n gemeente ontstaan wanneer:

7.22.1 'n bestaande pos ontruim word;

7.22.2 'n nuwe pos geskep word;

7.23 'n nuwe permanente predikantspos of 'n nuwe tentmakerspos of 'n nuwe termynbepaalde pos (kontrakpos) kan slegs geskep word en 'n bestaande vakature slegs gevul word, indien die ringskommissie betrek is;

7.24 by ontstaan van 'n vakature gee 'n kerkraad deur die voorsitter of konsulent dadelik aan die skriba van die ringskommissie en die saakgelastigde van die sinode kennis van die ontstaan van die vakature, met vermelding van die besonderhede;

7.25 die saakgelastigde van die sinode stel vas of die gemeente se kontribusieverpligtinge (waaronder mediese- en pensioenfondsbydraes) in orde is. Indien nie, word die besonderhede aan die skriba van die ringskommissie verstrek. Die skriba van die ringskommissie stel die kerkraad in kennis dat 'n beroep nie uitgebring mag word voordat die

kontribusieverpligtinge in orde is nie, aangesien dit moontlik regsimplikasies vir mediese en pensioenaangeleenthede mag hê;
7.26 by die ontstaan van 'n vakature moet die kerkraad so spoedig moontlik 'n beroep uitbring. Dit geskied onder toesig van en met verantwoording aan die ring of ringskommissie;

Uitdienstreding van 'n predikant (siekte, bedanking, aftrede en diensbeëindiging)
7.27 by uitdienstreding van 'n predikant, moet die kerkraad in samewerking met die ring of ringskommissie toesien dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is; (Sien artikel 11 en 12 asook besluite by artikel 11 en 12 van Die Kerkorde.)
7.28 die kerkraad sien toe dat 'n predikant binne ses maande na bereiking van die ouderdom van 65, aftree; (Sien *Reglement vir predikante* van die sinode van Wes-Kaap.)
7.29 die uitdienstreding van 'n predikant word op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak;
7.30 die kerkraad verleen, met kennisgewing aan die ring of ringskommissie en die Kerkbode, by 'n behoorlik gekonstitueerde kerkraadsvergadering, waar 'n aangewese verteenwoordiger van die ring teenwoordig is, demissie aan die predikant wat hulle diens verlaat; (Sien *Reglement vir predikante* asook *vorm 14 en 15* van die sinode van Wes-Kaap.)

Afsterwe van 'n predikant
7.31 wanneer 'n predikant wat in diens van 'n gemeente is te sterwe kom, is sy/haar huweliksmaat en kinders geregtig op die volgende:
7.31.1 drie maande vergoedingspakket soos voor afsterwe;
7.31.2 drie maande behuisingsvoordele soos voor afterwe;
7.32 wanneer 'n predikant wat in diens van 'n gemeente is te sterwe kom en geen huweliksmaat of minderjarige kinders nalaat nie, is bloedverwante en meerderjarige kinders wat van die predikant afhanklik was, geregtig op die volgende:
7.32.1 twee maande vergoedingspakket soos voor afsterwe;
7.32.2 twee maande behuisingsvoordele soos voor afsterwe.

**8. Kerkraad wat bedank of disfunksioneel geraak het**
8.1 Wanneer 'n hele kerkraad bedank of nie langer kan funksioneer nie, moet die voorsitter van die kerkraad onmiddellik die skriba van die ringskommissie skriftelik/elektronies daarvan kennis gee – met opgaaf van redes.
8.2 Die ringskommissie moet sonder versuim 'n vergadering van die kerkraad belê waarop gepoog moet word om die redes vir die toedrag van sake uit die weg te ruim.
8.3 Indien die ringskommissie nie daarin slaag om die kerkraad te oorreed om hul bedanking terug te trek nie, word aan die voorsitter van die kerkraad opdrag gegee om so spoedig moontlik 'n vergadering van die gemeente te belê om in ooreenstemming met die *Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes* (reglement 6) van die Algemene Sinode 'n ander kerkraad te verkies.
8.4 Intussen tree die ringskommissie, indien nodig, in die plek van die kerkraad op. (Sien punt 2.4.1 van *Reglement van die ring* van die sinode van Wes-Kaap.)
8.5 Die koste van die ringskommissie in verband met die aangeleentheid, word deur die betrokke gemeente gedra.

**9. Konsulent**
9.1 Die ring benoem vir elke gemeente 'n konsulent om tydens vakatures of langdurige afwesigheid van predikant(e) die noodsaaklike ampspligte (sien Die Kerkorde artikel 9) in oorleg met die kerkraad waar te neem. Kerkrade kry skriftelik/elektronies kennis van hierdie benoeming.
9.2 Slegs die reis- en verblyfkostes (volgens sinodale riglyne) van die konsulent word deur die kerkraad van die vakante gemeente gedra.
9.3 Vir meer besonderhede oor konsulent sien punt 8 van die *Reglement vir die ring* van die sinode van Wes-Kaap asook die *Reglement vir konsulent* van die sinode van Wes-Kaap.

Bylaag D

# REGLEMENT VIR DIE NAGMAAL

**1. Toelating tot die nagmaal**
Tot die nagmaal word toegelaat:
1.1 <u>van die plaaslike gemeente</u>:
1.1.1 gedoopte kinders
1.1.1.1 wat in Jesus Christus glo,
1.1.1.2 aan die vereistes van 1 Korintiërs 11 voldoen
1.1.1.3 en die begeerte het om die nagmaal te gebruik;
1.1.2 belydende lidmate;
1.2 <u>van ander NG-gemeentes</u>:
1.2.1 diegene wat toegang en vrymoedigheid daartoe het in hulle eie gemeentes;
1.3 <u>van ander gemeentes van die kerkverband en erkende protestantse kerke</u>:
1.3.1 lidmate en gedoopte kinders
1.3.1.1 wat in Jesus Christus glo,
1.3.1.2 wat die reg het om nagmaal te gebruik
1.3.1.3 en hulle by die kerkraad aangemeld het
1.3.1.4 of deur die kerkraad daartoe uitgenooi is,
1.3.2 asook besoekers uit ander kerke mits hulle toegang en vrymoedigheid daartoe het in hulle eie gemeentes.

**2. Bediening van die nagmaal**
2.1 Die kerkraad sien toe dat die nagmaal:
2.1.1 ordelik geskied,
2.1.2 in ooreenstemming met die Bybel geskied,
2.1.3 in die erediens bedien word,
2.1.4 met toestemming van die kerkraad geskied, indien dit buite die erediens plaasvind.
2.2 Wanneer die nagmaal buite die erediens bedien word, geld die volgende riglyne:
2.2.1 die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek;
2.2.2 die Woord moet bedien word;
2.2.3 die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik, verkieslik deur die formulier;
2.2.4 minstens een ampsdraer, verkieslik 'n ouderling, woon die nagmaalbediening by;
2.2.5 waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon, sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly.

**3. Nagmaal in kleingroepe**
3.1 Daar is geen beswaar teen nagmaalviering in kleiner groepe nie. Die nagmaal mag dus ook in kleingroepe bedien word, onder dieselfde voorwaardes as wat in die gemeente as geheel geld.

**4. Nagmaalgebruik by 'n ander gemeente**
4.1 Lidmate van 'n NG-gemeente kan op besoek in 'n ander gemeente nagmaal gebruik, indien daardie gemeente dit toelaat.

**5. Gereelde viering van die nagmaal**
5.1 Die nagmaal word minstens vier maal per jaar in elke gemeente gevier.
5.2 Die volledige Christelike erediens sluit beide Woordbediening en nagmaalviering in. Gemeentes moet dus strewe na gereelde viering van die nagmaal.

**6. Nagmaalbediening in 'n gevangenis**
6.1 By die bediening van nagmaal in 'n gevangenis geld die volgende:
6.1.1 'n predikant van die gemeente waarvan 'n gevangene lidmaat is, bedien die nagmaal;
6.1.2 indien 'n gemeentepredikant nie beskikbaar is nie, word die nagmaal bedien deur 'n ander predikant wat deur die kerkraad daartoe versoek is;
6.1.3 dit vind plaas in 'n erediens wat deur die kerkraad, met verlof van die gevangenisowerhede, in die betrokke gevangenis gehou word;
6.1.4 die gemeente en kerkraad word deur minstens een ouderling en een diaken verteenwoordig;
6.1.5 die bediening van die sakrament gaan gepaard met Woordverkondiging en die gebruik van die toepaslike formulier;
6.1.6 die kerkraad bepaal die aantal kere wat die nagmaal aan 'n gevangene bedien word.

**Bylaag E**

# REGLEMENT VIR DIE DOOP

**1. Die doop:**

1.1 van verbondskinders moet so gou as moontlik aangevra en bedien word;

1.2 word bedien aan kinders van belydende lidmate van die gemeente;

1.3 word bedien aan kinders van belydende lidmate van ander NG-gemeentes, mits skriftelike/elektroniese toestemming van die leraar of 'n ouderling van daardie gemeente verkry is waarin onder andere bevestig word dat 'n dooponderhoud gevoer is;

1.4 mag bedien word aan die kinders van lidmate van erkende protestantse kerke, mits skriftelike/elektroniese toestemming ontvang is van die leraar of verantwoordelike verteenwoordiger van hul eie gemeente;

1.5 mag alleen aan aangenome kinders bedien word wanneer hul opvoeding waargeneem word deur belydende lidmate wat in staat is om die doopbelofte na te kom;

1.6 word bedien aan ongedooptes ouer as sestien jaar nadat hulle openbare belydenis van geloof afgelê het;

1.7 mag nie bedien word aan ongedoopte kinders wat aangeneem word voordat die aanneming wetlik afgehandel is nie;

1.8 mag nie geweier word aan ongesensureerde lidmate se kinders nie;

1.9 word deur 'n predikant bedien;

1.10 word in die openbare erediens bedien, behalwe by hoë uitsondering;

1.11 word met die gebruikmaking van 'n goedgekeurde liturgiese formulier bedien.

**2. Aansoek om te doop**

2.1 Ouers wat wil laat doop moet volgens hulle eie gemeente se reëlings aanmeld.

2.2 'n Predikant van die gemeente moet met voornemende doopouers 'n gesprek voer oor die betekenis van die doop asook die voorregte en verantwoordelikhede wat dit meebring.

2.3 Waar ouers hul kind in 'n ander gemeente wil laat doop, moet skriftelike/elektroniese toestemming van 'n eie gemeentepredikant, of by sy/haar afwesigheid, van 'n ouderling van die gemeente verkry word.

2.4 Skriftelike/elektroniese toestemming om in 'n ander gemeente te doop kan alleen verleen word nadat die doopgesprek met ouers deur 'n eie gemeentepredikant gevoer is.

2.5 Hierdie toestemming moet vermeld dat die onderhoud met die doopouers gevoer is.

2.6 Hierdie toestemming kan slegs gegee word ten opsigte van ander gemeentes van die NG Kerk of erkende protestantse kerke.

2.7 Waar die predikant of ouderling toestemming weier dat die kind elders gedoop kan word, mag die ouers hulle tot die kerkraad wend.

2.8 Waar die predikant of 'n ouderling toestemming tot die doop in 'n ander gemeente verleen, moet daarvan aan die kerkraad verslag gedoen word.

2.9 Let op die volgende:

2.9.1 lidmate wat na herhaalde vermanings versuim om hul kinders te laat doop, stel hulle bloot aan die tug;

2.9.2 alhoewel lidmate aangemoedig word om hul huwelik nie alleen burgerlik te laat bevestig nie maar ook met kerklike inseëning, is 'n huwelik wat nie kerklik ingeseën is nie geen beletsel vir die bediening van die doop aan kinders nie;

2.9.3 aannemende ouers is verplig om die doopbelofte na te kom wanneer kinders wat reeds gedoop is, aangeneem word.

**3. Doop van kinders ouer as sewe jaar**

3.1 In die geval van doop aan 'n kind ouer as sewe jaar (voor beleidenisaflegging):

3.1.1 moet die kerkraad daarvan oortuig wees dat die ouers/doopgetuies se gesindheid en meelewing na wense is;

3.1.2 moet die kind wat gedoop word in staat wees om, na gelang van bevatlikheid, 'n eenvoudige belydenis af te lê;

3.1.3 die eenvoudige belydenis wat deur die kind by die dooponderhoud afgelê word, kan geskied deur slegs "ja" te antwoord op die volgende vrae –

- Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?
- Glo jy dat God, die Vader, die Skepper van hemel en aarde is?
- Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en dat hy uit die dood opgestaan het, en het jy Hom lief?
- Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak?

3.2 Hierdie doopbediening geskied in die erediens en die ouers antwoord op die doopvrae.

3.3 Wanneer 'n predikant beswaar mag hê om die doop te bedien, moet dit aan die doopouers meegedeel word en moet die kerkraad so spoedig moontlik hieroor 'n besluit neem.

3.4 Die kerkraad doen verslag aan die ring van hierdie doopbediening(s) met opgaaf van redes.

**4. Doop by belydenisaflegging deur ongedooptes ouer as sestien jaar**

4.1 Die ongedoopte word by dieselfde erediens waar belydenisaflegging plaasvind gedoop. Die doop vind plaas na belydenisaflegging.

4.2 Sien punt 5 van *Reglement vir kerklike lidmaatskap* van die sinode van Wes-Kaap vir reëlings in verband met belydenisaflegging en doop van ongedooptes ouer as sestien jaar.

**5. Doop van kinders in pleegsorg**

5.1 Kinders in pleegsorg kan gedoop word mits:

5.1.1 die pleegouers en die pleegsorginstansie hulleself daarvan vergewis het dat die plasing na alle waarskynlikheid langdurig is;

5.1.2 die betrokke kerkraad daartoe toestemming verleen.

5.2 Pleegouers wat die kind ten doop bring, word as pleegouers in die doopregister aangedui.

**6. Doop van kinderhuiskinders**

6.1 'n Kinderhuiskind van sewe jaar en ouer, wie se plasing in die kinderhuis na alle waarskynlikheid permanent sal wees, kan gedoop word.

6.2 'n Kerkraad kan toestemming tot die doop verleen nadat:

6.2.1 die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is;

6.2.2lidmate hulleself bereid verklaar het om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding en as doopgetuies of geestelike voogde op die formuliere antwoord by die bediening van die doop.

6.3 Vir doeleindes van die doopgelofte kan 'n kinderhuis of 'n gemeente nie verantwoordelikheid aanvaar nie.

**7. Doop van kinders uit buiteland**

7.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon hul kind in 'n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike/elektroniese toestemming van hul tuisgemeente verkry.

7.2 As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by 'n gemeente inskakel hul kind in Suid-Afrika wil laat doop, is die prosedure soos volg:

7.2.1 die buitelandse gemeente moet met hulle 'n doopgesprek voer;

7.2.2 hulle moet skriftelike/elektroniese toestemming van hul gemeente in die buiteland verkry.

7.3 As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by 'n gemeente kan inskakel nie, maar in Suid-Afrika wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:

7.3.1 die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle bewys van lidmaatskap aan van die gemeente waar hulle lidmate was totdat hulle geëmigreer het;

7.3.2 die doopgesprek word met hulle gevoer deur die gemeente wat die doop gaan bedien;

7.3.3 tydens die gesprek word hulle gevra na die redes waarom hulle nie by 'n gemeente inskakel nie en word hulle aangespoor om wel by 'n gemeente in die buiteland in te skakel.

**8. Doop van kinders van lidmate van ander kerke**

8.1 Vir reëlings in verband met die bediening van die doop van kinders van lidmate van ander kerke, sien punt 2 en 4 van *Reglement vir ekumene en samewerking met ander Christelike kerke en groepe* van die sinode van Wes-Kaap.

**9. Bystaan van lidmate van ander kerke by doopbediening**

9.1 Lidmate van ander kerke met 'n gereformeerde belydenis kan saam met hulle eggenote (wat lidmate van 'n gemeente van die NG Kerk is) staan en op die vrae antwoord wanneer hulle kinders gedoop word, mits:

9.1.1 hulle skriftelike/elektroniese toestemming van hulle eie kerkraad het;

9.1.2 hulle eie kerkraad die dooponderhoud gedoen het

9.1.3 of die NG-gemeente die dooponderhoud gedoen het.

9.2 Lidmate van ander Christelike kerke en sektes, asook mense wat Christus bely maar nie formeel aan 'n kerk behoort nie, kan saam met hulle eggenote wat lidmate van 'n gemeente van die NG Kerk is, staan wanneer hulle kinders gedoop word, mits:

9.2.1 die NG-gemeente die dooponderhoud gedoen het;

9.2.2 hulle nie op die vrae antwoord nie.

9.3 Wanneer geeneen van die ouers geregtig is om op die doopvrae te antwoord nie, kan die kerkraad in oorleg met die ouers 'n doopgetuie(s) vind wat genoegsame waarborg kan bied vir die Christelike opvoeding van die dopeling.

**10. Erkenning/aanvaarding van ander kerke se doop deur die NG Kerk**

<u>Beginsel</u>

10.1 Die doop van persone uit ander kerke word erken/aanvaar mits:

10.1.1 dit geskied het in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees;

10.1.2 die doop met water bedien is;

10.1.3 die doop bedien is deur 'n persoon wat deur die betrokke kerk afgesonder is vir die bediening van die Woord en die sakramente.

<u>Doop van die Apostelkerke</u>

10.2 Die doop van persone wat in een van die Apostelkerke gedoop is, word nie aanvaar nie.

10.2.1 Apostelkerke wie se doop nie aanvaar

word nie is onder andere:
10.2.1.1 Ou Apostel Kerk;
10.2.1.2 Nuwe Apostel kerk;
10.2.1.3 Apostel Eenheid;
10.2.1.4 Twaalf Apostels.
10.2.2 Hierdie reëling geld onder meer vanweë die volgende redes:
10.2.2.1 By die apostelgroepe word God nie erken as die Drie-enige God van die Bybel nie. Die persoon en werk van God Drie-enig is van kardinale belang by die inhoud van die doop.
10.2.2.2 Die doop as teken en seël van die verlossing in Christus en van die nuwe verbond, word misken omdat Christus se verlossing verdring word deur 'n leer en praktyk van selfverlossing.
10.2.2.3 Die posisie van Christus as Here en hoof van sy kerk word verdring deur die sogenaamde apostelamp.
10.2.2.4 Die Bybel as die Woord van God, die enigste grond van ons geloof, word ondergeskik gestel aan die lewende woord van die sogenaamde apostelamp.

## 11. Oordoop/herdoop

Beginsel

11.1 Die NG Kerk bely die doop as 'n eenmalige gebeurtenis wat:
11.1.1 in die vorm van die kinderdoop, kinders van gelowige ouers in die genadeverbond inlyf;
11.1.2 in die vorm van die doop aan mense wat van buite die kerk tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf.

Standpunt

11.2 Die NG Kerk is oortuig dat die herdoop van lidmate die eenmalige betekenis van die doop geweld aandoen. In beginsel moet herdoop as 'n dwaling gesien word.

Hantering

11.3 Oorgedoopte lidmate moet in beginsel, soos alle ander lidmate wat probleme het met een of ander aspek van die leer of praktyk van die kerk, pastoraal hanteer word.
11.4 Enersyds moet oorgedoopte lidmate met hartlikhied behandel word as mense wat deel is van die gemeente en moet daar aandag gegee word aan elke oorgedoopte se spesifieke omstandighede. Stereotipering en voorafuitgewerkte antwoorde wat nie regtig die probleme van die spesifieke lidmaat hanteer nie, moet vermy word.
11.5 Andersyds moet lidmate wat hulle laat oordoop het, onder die besef gebring word dat die kerk nie hulle optrede goedkeur nie en haar bes sal doen om hulle tot insigte te bring wat in lyn is met die gereformeerde verstaan van die doop.
11.6 In die persoonlike pastoraat aan oorgedooptes moet in gedagte gehou word dat hulle meesal hul oordoop as 'n postiewe ervaring beleef het en dit gewoonlik direk met die wil van God, veral met die leiding van die Heilige Gees, in verband bring. In sulke gevalle sal dit nie pas om hulle binne 'n kwessie van weke of selfs maande tot ander insigte te probeer bring nie. Dit sou eerder gepas wees om oor 'n langer tydperk vertroue te probeer behou of terug te wen, sodat hulle geleidelik gelei kan word tot 'n beter insig in die verbond en die doop – wat heel waarskynlik ook 'n beter insig in die evangelie as sodanig beteken. Intussen moet kerkrade onthou dat baie ander lidmate ook 'n behoefte het aan 'n beter insig in die evangelie as geheel.
11.7 Wanneer dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantas, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop. Dit beteken dat persone wat hulle laat oordoop, soos enige ander lidmaat, wel aan verdere kerklike tug onderworpe is, alhoewel nie sondermeer omdat hulle hulle laat oordoop het nie.
11.8 Teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, moet strenger opgetree word as teenoor gemeentelede. Ampsdraers moet voorlopig in die amp gestuit word totdat die saak ondersoek is.

Bylaag F

# REGLEMENT VIR EKUMENE EN SAMEWERKING MET ANDER CHRISTELIKE KERKE EN GROEPE

**Vir die amptelike en volledige standpunt van die NG Kerk insake ekumeniese betrekkinge, sien artikel 70 van Die Kerkorde asook *Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike kerke en groepe* (reglement 18) van die Algemene Sinode**

## 1. Ekumene

1.1 Die Algemene Sinode bepaal die beleid oor ekumeniese verhoudinge en lê die beginsels neer vir samewerking met ander Christelike kerke en groepe.

1.2 Die NG Kerk sal alles in sy vermoë doen om op 'n verantwoordelike wyse, sonder prysgawe van die eie standpunt, met ander Christelike kerke saam te werk en saam te stry vir die uitbreiding van die koninkryk van God, die verkondiging van die evangelie, 'n Christelike lewenswandel en die behoud van die Christelike lewensbeginsels.

1.3 Die graad en wyse van samewerking sal in elke geval bepaal word deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk.

## 2. Groeperinge van die Christendom

Om te bepaal watter kerklike voorregte aan lidmate van ander kerke en Christelike groeperinge verleen kan word, moet die volgende onderskeid van hierdie kerke en groeperinge in ag geneem word:

2.1 Gereformeerde kerke
2.1.1 NG Kerkfamilie
2.1.2 Gereformeerde kerke in Suid-Afrika
2.1.3 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
2.1.4 Afrikaanse Protestantse Kerk
2.1.5 Presbiteriaanse kerke
2.1.6 Church of England in Southern Africa
2.1.7 Congregational Church
2.2 Ander protestantse kerke
2.2.1 Lutherse kerke
2.2.2 Church of the Province of South Africa (die Anglikaanse Kerk)
2.2.3 Methodist Church
2.2.4 Baptiste Kerke (wat die Hatfield Christian Church/Centre uitsluit)
2.2.5 Evangelies Gereformeerde Kerk
2.3 Pinkster en charismatiese kerke
2.3.1 Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika
2.3.2 Volle Evangelie Kerk
2.3.3 Pinkster Protestantse Kerk
2.3.4 Assemblies of God
2.3.5 Charismatiese groepe, byvoorbeeld
2.3.5.1 Hatfield Christian Church/Centre
2.3.5.2 Rhema
2.3.6 Ander
2.3.6.1 Kerk van die Nasarener
2.3.6.2 Sewende Dag Adventiste
2.4 Nie-reformatoriese kerke
2.4.1 Rooms Katolieke Kerk
2.4.2 Oosters Ortodokse Kerke
2.5 Afrika Onafhanklike Kerke
2.6 Ander groepe
2.6.1 Jehovasgetuies
2.6.2 Christian Science
2.6.3 Church of Jesus Christ of the Latter Day Saints (Mormone)
2.6.4 Apostelkerke
2.6.4.1 Ou Apostel Kerk
2.6.4.2 Nuwe Apostel Kerk
2.6.4.3 Apostel Eenheid
2.6.4.4 Twaalf Apostels, ensovoorts

## 3. Erkenning/aanvaarding van ander kerke se doop deur die NG Kerk

3.1 Die doop van persone uit ander kerke word erken/aanvaar mits:
3.1.1 dit geskied het in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees;
3.1.2 die doop met water bedien is;
3.1.3 die doop bedien is deur 'n persoon wat deur die betrokke kerk afgesonder is vir die bediening van die Woord en die sakramente.

3.2 Die doop van persone wat in een van die Apostelkerke (waaronder die ou Apostel Kerk, die Nuwe Apostel Kerk, die Apostel Eenheid en die Twaalf Apostels) gedoop is, word nie aanvaar nie.

## 4. Doop van kinders van lidmate van ander kerke

4.1 Die doop kan aan kinders van lidmate van ander kerke bedien word mits hulle:
4.1.1 onder die eerste vier groeperinge sorteer; (Sien punt 2 van hierdie reglement.)
4.1.2 nie die verbondsdoop verwerp nie;
4.1.3 skriftelike verlof daarvoor het van die betrokke kerk waaraan hulle behoort.

4.2 Lidmate van ander kerke word toegelaat om by te staan by die bediening van die doop en wel op die vrae te antwoord, mits hulle:
4.2.1 saam met hul eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die NG Kerk is, die kind ten doop bring;
4.2.2 onder die eerste vier groeperinge sorteer; (Sien punt 2 van hierdie reglement.)
4.2.3 nie die verbondsdoop verwerp nie;
4.2.4 toestemming van hulle eie kerkraad het;
4.2.5 die dooponderhoud gehad het.

4.3 Lidmate van ander kerke wat toegelaat word om by te staan by die bediening van die doop maar nie op die vrae te antwoord nie, is lidmate:
4.3.1 wat die verbondsdoop verwerp;
4.3.2 onder groepering 5 en 6 sorteer; (Sien punt 2.5 en 2.6 van hierdie reglement.)
4.3.3 maar wel die dooponderhoud gehad het.
4.4 Mense wat Christus bely, maar nie formeel aan 'n kerk behoort nie, kan na die dooponderhoud toegelaat word om by te staan by die bediening van die doop maar nie op die vrae te antwoord nie.
4.5 Die kerkraad van 'n NG-gemeente kan aan lidmate toestemming verleen om hulle kinders in 'n gemeente van 'n kerk uit die eerste twee groeperinge te laat doop. (Sien punt 2.1 en 2.2 van hierdie reglement.)

## 5. Lidmaatskap en ander Christelike kerke en groepe

5.1 Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n NG-gemeente te behoort.
5.2 Lidmaatskap van alle NG-gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar.
5.1 Lidmate van ander kerke kan dus by 'n gemeente van die NG Kerk inskakel indien:
5.1.1 die Woord van God as die primêre basis van die geloof bely word;
5.1.2 die belydenisgrondslag van die NG Kerk onderskryf word, naamlik die:
5.1.2.1 drie ekumeniese belydenisse –
5.1.2.1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis,
5.1.2.1.2 die Geloofsbelydenis van Nicea,
5.1.2.1.3 die Geloofsbelydenis van Athanasius;
5.1.2.2 drie Formuliere van Eenheid –
5.1.2.2.1 die Nederlandse Geloofsbelydenis,
5.1.2.2.2 die Heidelbergse Kategismus,
5.1.2.2.3 die Dortse Leerreëls.

## 6. Oorkoms van lidmate uit ander kerke na 'n NG-gemeente

6.1 Die opneem van lidmate uit ander kerke is in beginsel en praktyk 'n gemeentelike aangeleentheid en geskied onder toesig van die kerkraad, in ooreenstemming met die amptelike ordereëlings en op grond van die beginsels van lidmaatskap. (Sien punt 5 van hierdie reglement.)
6.2 Elke aansoek om oordrag van lidmaatskap vanaf ander kerke word deur die kerkraad in behandeling geneem.
6.3 By oorweging van die aansoek geld die volgende punte vir oorweging:
6.3.1 die beweegrede vir die oorkoms as lidmaat;
6.3.2 die onderskrywing en getrouheid aan die leer en die belydenis van die NG Kerk;
6.3.3 die lewe en kerklike meelewing van die aansoeker;
6.3.4 die bedieningsbehoeftes van die aansoeker.
6.4 In geval waar iemand uit kerke uit die eerste twee groeperinge (sien punt 2.1 en 2.2 van hierdie reglement) na 'n NG-gemeente wil terugkom/oorkom, moet 'n pastorale gesprek gevoer word waar gelet word op die verskille in lewe en leer en moet seker gemaak word dat die aansoeker die leer van die NG Kerk heelhartig onderskryf.
6.5 In geval waar iemand uit kerke uit groepering drie en vier (sien punt 2.3 en 2.4 van hierdie reglement) na 'n NG-gemeente wil terugkom/oorkom, moet 'n pastorale gesprek gevoer word asook volledige of gedeeltelike onderrig met die oog op belydenisaflegging voor die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad.
6.6 In geval waar iemand uit kerke uit groepering vyf en ses (sien punt 2.5 en 2.6 van hierdie reglement) na 'n NG-gemeente wil terugkom/oorkom, moet deeglike kategetiese onderrig plaasvind met die oog op belydenisaflegging voor die gemeente.
6.7 Persone wat hulle van die NG Kerk afgeskei en by sektes of nie-erkende kerkgenootskappe , onder andere by kerke uit groepering vyf en ses (sien 2.5 en 2.6 van hierdie reglement), aangesluit het, mag weer as lidmate van die gemeente opgeneem word mits hulle:
6.7.1 bewys van berou oor hulle afdwaling toon;
6.7.2 hulle weer bevestigend antwoord op die vrae in die formulier voor die kerkraad of voor 'n kommissie van die kerkraad.

**Bylaag G**

# REGLEMENT VIR OUDERLINGE EN DIAKENS WAT NIE LEDE VAN DIE KERKRAAD IS NIE

**Inleiding**

- **Hierdie reglement moet in samehang met artikels 26-28 van Die Kerkorde gelees word.**
- **Volgens artikel 26.2 van Die Kerkorde mag daar leraars, ouderlinge en diakens wees wat nie op 'n kerkraad dien nie.**

## 1. Verkiesing van ouderlinge en diakens

1.1 Ouderlinge en diakens kan ook as wyksouderlinge en -diakens of in ander diensrolle in 'n gemeente verkies word.

1.2 Ouderlinge en diakens word verkies uit kundige lidmate wat voldoen aan die Bybelse eise vir gemeeteleiers soos o.a. in 1 Tim 3:1-13 beskryf.

1.3 'n Kerkraad het die reg om by die verkiesing van ampsdraers 'n kommissie van pre-advies te benoem. Die kommissie moet uit minstens vyf lede saamgestel word, waarvan drie lede ouderlinge en diakens is. Lidmate kan ook op die kommissie dien. (Sien punt 7.3.3 van *Reglement van orde* van die sinode van Wes-Kaap.)

1.4 Ouderlinge en diakens word op 'n kerkraadsvergadering of 'n wykskerkraadsvergadering verkies.

1.5 Verkose ouderlinge en diakens word so spoedig moontlik skriftelik/elektronies van hulle verkiesing in kennis gestel.

1.6 Verkose ouderlinge en diakens se name word op die twee agtereenvolgende Sondae na die verkiesing aan die gemeente vir approbasie bekend gemaak.

1.7 Indien 'n beswaar teen einge verkose ouderling of diaken ontvang word, belê die voorsitter sonder versuim 'n kerkraadsvergadering (nie wykskerkraadsvergadering nie) om die beswaar te oorweeg.

1.7.1 Tydens die oorweging kan die beswaarmaker en die persoon oor wie die beswaar gaan, aangehoor word.

1.7.2 Indien nodig word 'n tugondersoek in terme van Die Kerkorde artikel 59-66 gedoen.

1.7.3 Indien 'n beswaar grondig bevind word, word die verkiesing nietig en word 'n ander persoon as ouderling of diaken verkies.

1.8 Die bevestiging van verkose ouderlinge en diakens aan wie approbasie verleen is, vind so spoedig moontlik plaas. Die bevestiging word waargeneem deur enige van:

1.8.1 'n gemeentepredikant;

1.8.2 die konsulent;

1.8.3 'n ander predikant op versoek van die kerkraad.

1.9 Ouderlinge of diakens kan nie in die amp bevestig word alvorens hulle bewys van lidmaatskap nie ontvang en in die lidmaatregister aangeteken is nie.

## 2. Die taak van ouderlinge en diakens

2.1 Die taak van ouderlinge en diakens het 'n geestelike karakter en word deur elke kerkraad omskryf.

## 3. Dienstermyn van ouderlinge en diakens

3.1 'n Kerkraad bepaal die dienstermyn van ouderlinge en diakens.

# B18: VOORLEGGING VAN DIE BYBEL-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

**(Opgestel deur die Organiserende Sekretaris, Wes-Kaap Streek oor die jare 2008 tot 2010)**

## 1. INLEIDING

Die taak van die Bybelgenootskap is om die kerk met die vertaling, produksie en verspreiding van die Bybel ten dienste te wees. Die oogmerk is om die Bybel in die tale en formate wat die mense nodig het, teen bekostigbare pryse te verskaf.

Met groot dank kan gestel word dat daar in die verslagtydperk baie onmisbare medewerkers soos kerke, kerklike en ander organisasies, individue en gespesialiseerde persone en dienste, betrokke was.

## 2. IN DIE VERSLAGJAAR TER SPRAKE HET DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

- 846 299 volledige Bybels versprei. Van die volledige Bybels wat in Suid-Afrika versprei is, was 73% Standaard Bybels. Danksy die bydraes van duisende donateurs was dit vir die Bybelgenootskap die afgelope jaar moontlik om 11% (97 196 Bybels) van die totale verspreiding van volledige Bybels, gratis beskikbaar te stel. 'n Totaal van 349 651 Bybels en Bybelgedeeltes is vanjaar versprei.
- feesgevier saam met Xhosasprekendes om 150 jaar van die Bybel in hulle eie taal te herdenk. 'n Nuwe reeks uitreikbybels in Xhosa is teen R20 per eksemplaar beskikbaar.
- Nuweleser-Bybelgedeeltes bekendgestel in !Xuhn, 'n eerste publikasie vir hierdie spesifieke Santaalgroep.
- begin met die vertaling van die Ou Testament in hedendaagse Zulu. Die Nuwe Testament in hierdie vertaling het reeds in 1986 verskyn.
- meegewerk om die Geloof-kom-deur-gehoor-program verder uit te bou. 1 623 Nuwe luistergroepe in 11 verskillende tale is vanjaar regoor die land begin.
- die meeste Bybels ooit (64 313 eksemplare) in een jaar aan gevangenes geskenk.
- 12 883 Bybels gratis versprei aan die diegene wat dit nie kan bekostig nie.
- besluit dat mense Bybels gratis op hulle selfone kan aflaai. (m.bibles.co.za)
- deur navorsing wat deur Ipsos–Markinor onderneem is, verneem dat die mense van Suid-Afrika nog die Bybel wil hê.
- se oorgang van 'n statutêre organisasie na 'n artikel 21-maatskappy, glad verloop.

## 3. VERSPREIDING

Die volgende hoeveelheid Bybels en Bybelgedeeltes is versprei:

| | 2007/2008 | 2008/2009 | 2009/2010 |
|---|---|---|---|
| Bybels | 692 966 | 637 445 | 657 912 |
| Testamente | 55 142 | 38 306 | 16 426 |
| Bybelgedeeltes & Seleksies | 102 428 | 69 625 | 14 061 |
| Totaal | **850 536** | **745 376** | **688 399** |

Van die volledige Bybels wat in 2009/2010 versprei is, was 73% teen die bekostigbare eenheidsprys van R46.00 aan die handel en kerke gelewer.

## 4. BYDRAES

In die Wes-Kaap Streek van die Bybelgenootskap was die gemiddelde bydrae per lidmaat vir Bybelverspreiding soos volg:

| Ringsjaar | Lidmaattal | Totale kollektes en Bydraes | Bydrae per lidmaat |
|---|---|---|---|
| 2007/2008 | 222 728 | 3 393 165.57 | 15.23 |
| 2008/2009 | 221 887 | 3 187 215.82 | 14.36 |
| 2009/2010 | 220 666 | 3 395 266.11 | 15.39 |

## 5. AANBEVELINGS

- Die sinode neem kennis van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die Bybelgenootskap word verseker van die kerk se onverdeelde ondersteuning en medewerking.
- Die Bybelgenootskap betuig sy opregte dank teenoor gemeentes, gemeentelike instansies en individue wat Bybelverspreiding ondersteun.
- Die sinode herbevestig die besluit dat gemeentes versoek word om dit as mikpunt te stel dat elke gemeente jaarliks per lidmaat die tekort op 'n Bybel probeer aanvul. Die bedrag beloop tans R33.00.
- Die sinode herbevestig die oproep aan kerkrade om by ontvangs van bydraes vir Bybelverspreiding, *dit dadelik direk aan die Bybelgenootskap oor te betaal sodat die produksie van Bybels sonder vertraging kan voortgaan.*
- Die sinode herbevestig sy vorige besluit ten opsigte van verteenwoordiging en dra dit aan die betrokke kommissie op om soos in die verlede – in terme van die Reëls en Regulasies van die Bybelgenootskap – amptelike verteenwoordigers op die Wes-Kaap Streek van die Bybelgenootskap te benoem.
- Die sinode versoek elke ring om 'n verteenwoordiger te benoem wat verslag namens die Bybelgenootskap by ringsvergaderings kan doen.

Ds Gawie Gouws
**ORGANISERENDE SEKRETARIS**
GJFG/mh

# C. BESKYWINGSPUNTE

# C1: BESKRYWINGSPUNT: DURBANVILLE-BERGSIG

*Sy ligdraers*
NG Kerk Durbanville-Bergsig

Verwysing: OD/2/7

28 September 2010

Die Skriba van die Sinode
NGK Wes – en Suid-Kaapland

Beste Ds van Rensburg

**BESKRYWINGSPUNT : SINODE WES – EN SUID-KAAPLAND**

Baie dankie vir jou verduidelikende epos van 14 Augustus 2010. Ek voldoen graag aan jou versoek.

Aangeheg is 'n besluit wat tydens 'n kerkraadsvergadering van 2 Augustus 2010 geneem is met die versoek dat dit as beskrywingspunt dien voor die Sinode van Wes – en Suid-Kaapland tydens die Sinode se sitting in Mei 2011.

Vriendelike groete

**SYDNEY SAAYMAN**
**GEMEENTEBESTUURDER**

**BESKRYWINGSPUNT : SINODE NGK WES- EN SUID-KAAPLAND**

Die Kerkrade van die VG Gemeente Durbanville en die NG Gemeente Durbanville-Bergsig spreek hul diepe teleurstelling uit in die onvermoë van die leierskap van die twee kerke om dit vir gemeentes van die twee kerkverbande op plaaslike vlak moontlik te maak om een gemeente te wees.

Ons versoek die twee Algemene Sinodes om besluite te neem wat in ooreenstemming is met die Skrif en om die bestaande kerkordes te wysig of te herskryf om dit vir gemeentes moontlik te maak om as een gemeente te funksioneer.

Kerksentrum: H/v Boland- en Proteaweg • Posbus 479, Durbanville 7551
TEL: 021 976 4106 • FAKS: 021 976 9606 • E-POS: bergsig@isales.co.za **www.bergsigdv.org.za**

# C2: BESKRYWINGSPUNT: GOUDINI

## Voorstel

Die Kerkraad van Goudini versoek die sinodes om ruimte te gee vir gemeentes, veral hulle in uitsonderlike omstandighede( punt 7), om die bediening van die sakrament van die doop uit te bou deur:

1. Bekeerlinge, kinders van gelowiges, maar ook reeds gedooptes die geleentheid te gee om hulle as belydende gelowiges te laat doop;

2. Gelowige ouers die keuse te gee om hulle kinders in te seën of te doop;

## Motivering

### *1. Die eenheid van die kerk is belangrik*

Waar die een doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees veronderstel is om eenheid te bring, verdeel dit tans die Christelike wêreld in twee.

Sommige kerke glo dat geloof van die dopeling altyd die doop voorafgaan (belydenisdoop). Omdat babas nie kan glo nie, is hulle oortuig dat babas nie gedoop mag word nie.

Ons tradisie glo aan die belydenisdoop, maar ook dat kinders (babas) van gedooptes hierdie sakrament as deel van God se genadeverbond mag ontvang (verbondsdoop). Ons is oortuig dat soos wat God 'n verbond met Abraham en sy nageslag gesluit het, hy dit nog steeds vandag met gelowiges en hulle kinders doen.

Beide oortuigings beroep hulle op die Skrif en die leiding van die Heilige Gees. Beide bedoel dit tot eer van God en getuig oor die seën wat dit vir hulle inhou. Beide kan hulle oortuigings goed motiveer, maar nie bewys nie. Beide kan mekaar nie oortuig nie omdat dit 'n geloofs- of teologiese keuse is[1].

Volgens die Skrif (Veral Romeine 14) behoort gelowiges mekaar nie te veroordeel oor

verskillende praktyke wat in die geloof gedoen en waardeur God geëer word nie. Ten spyte van verskille, moet ons juis streef na dinge wat die onderlinge vrede en eenheid dien.

**Eenheid in die liggaam van Christus is vir ons belangriker as ons subjektiewe siening oor 'n spesifieke dooppraktyk. Deur ruimte te gee vir verskillende dooppraktyke wys ons daardeur dat eenheid vir ons prioriteit is.**

### *2. Lidmate wat hulle laat doop, is ook toegewyde mense wat dit opreg met God bedoel*

Dit gebeur algemeen dat lidmate hulleself laat doop. Meestal is dit toegewyde mense wat dit ernstig met God bedoel.

Gewoonlik wil hulle nie daardeur God se genadeverbond verwerp of hulle rug toekeer op ons kerk en sy belydenisse nie. Gedooptes getuig dikwels dat dit die gevolg is van 'n diepe soeke, inkeer of geestelike verdieping.

Die doop is vir hulle 'n antwoord op God se genadige betrokkenheid by hulle, maar ook 'n getuienis en teken van hertoewyding. Hulle bedoeling is om God hierdeur te verheerlik omdat hulle oortuig is dat God en sy Woord hulle hiertoe lei. Omdat hulle dit goed bedoel, kan hulle getuig van die seën wat hierdie sakrament vir hulle inhou.

**Wanneer ons vir mense die ruimte gee om hulle te laat doop, wys ons daardeur dat**

[1] Sedert die reformasie ongeveer 500 jaar gelede bly dit al 'n twispunt waar ons mekaar nie kan oortuig nie.

**ons as kerk dit ernstig bedoel met mense wat erns maak met God.**

## *3. Lidmate wat hulle laat doop het, ervaar die afwysende houding van die kerk liefdeloos en traumaties*

Vir gedooptes is dit 'n wrede ontnugtering om te hoor dat hulle besig is met 'n dwaling binne die Christendom. Juis in 'n tyd dat hulle voel dat die kerk saam met hulle dankbaar moet wees oor God se genade vir hulle en hulle hertoewyding aan Hom, word hulle gekritiseer.

Baie gedooptes vertel van pynlike herinneringe oor die vermaning van leraars en kerkrade oor hulle "dwaling binne die Christendom" terwyl ergerlike sondes dikwels oor die hoof gesien word. Wat hierdie ontnugtering vererger, is dat gedooptes soms voorheen afvallig was en nooit hieroor vermaan is nie, maar noudat hulle terugkeer na God en sy kerk hulle oor die doop gekritiseer word[2]. Binne hierdie konteks kan 'n mens verstaan dat die kerk vir hulle ongeloofwaardig word, selfs belaglik[3].

Toegewyde lidmate word weggestoot en vind uiteindelik 'n tuiste by ander kerke wat hulle met ope arms verwelkom. Gewoonlik is dit lidmate wat geslagte lank reeds deel van die N.G. Kerk is.

Ons hoor ook deesdae gereeld van leraars wat tot 'n ander oortuiging oor die doop gekom het en dan in hulle amp gestuit word. Gewoonlik lei dit tot skeuring in gemeentes.

**Dit kan nie God se wil wees dat ware gelowiges mekaar oor 'n leerstellige kwessie soveel pyn berokken nie. Deur ruimte te gee vir verskillende sieninge oor die doop, kan ons baie hartseer binne die liggaam van Christus spaar.**

## *4. Die kinderdoop is nie die enigste manier om God se verbondsgenade te bevestig nie*

As Gereformeerde gelowiges is ons daarvan oortuig dat die Bybel God as 'n wonderlike genadige Verbondsgod beskryf. God neem die inisiatief in ons redding. Hy red ons op grond van sy genade, liefde en soenverdienste aan die kruis – nie ons keuses nie. Ons eien hierdie genade vir onsself toe deur dit in die geloof te aanvaar. Geloof besit nie verdienste op sigself nie, maar is die leë hand waarmee God en sy beloftes aanvaar word.

Daar heers 'n persepsie onder leraars dat wanneer ons ook ruimte gee vir ander sieninge van die doop ons die hart van dié genadeleer aantas.

Omdat die genadeleer die kern van die evangelie is, sal die toepassing van die doop dit nie kan ondermyn nie. Die genadeleer is baie groter as 'n sekere dooppraktyk.

Dit blyk dat hierdie Bybelse waarheid deur die meeste evangeliese kerke wêreldwyd erken en verkondig word, selfs al glo hulle aan die belydenisdoop alleen. Dit is opvallend dat 'n gerekende teoloog soos Karl Barth wat in sy teologie soveel klem laat val het op die genadeverbond van God later self 'n voorstander van die belydenisdoop was.

Alhoewel die toepassing van die verbondsdoop God se genade beklemtoon, is dit nie die enigste manier nie. Ook die toepassing van die belydenisdoop sou hierdie waarheid kon bevestig.

In gevalle waar lidmate die behoefte uitspreek om gedoop te word, sou in gesprekke met die doopkandidaat daarop gewys kon word dat die doop nie 'n streep trek deur God se verbondsgenade nie, maar dat dit bevestig dat God se genade in dankbaarheid ontvang word. Sodoende word die belydenisdoop die viering van God se genade[4]. Op hierdie manier word die genade nie verskraal nie, maar verruim.

Ons is op hierdie punt oortuig dat die verskillende tradisies teologies nie so ver van mekaar verwyderd is nie. In die belydenisdoop-alleen kerke wys hulle in die praktyk dat babas ook deel van God se genadeverbond is deur hulle te laat inseën. Wanneer hierdie babas groot word, het hulle die voorreg om op God se genadeverbond te

---

[2] Hierdie houding herinner sterk aan Jesus wat die blinde op die Sabbat genees het. Die Joodse geleerdes is nie dankbaar oor die genesing nie, maar beswaard omdat dit op die Sabbat gedoen is (Joh 9:13-23).

[3] Dis die woord wat ons telkemale by gedooptes en hulle vriende moes hoor.

[4] In ons gesprekke het dit duidelik geword dat voorstanders van die Belydenisdoop-alleen nie tevrede gestel kan word met 'n "doopviering" nie. Hoekom wil ons in elk geval die doop vier? Ons vier eerder God se genadeverbond met ons.

antwoord deur hulle te laat doop. In ons tradisie word die doop aan kinders bedien, maar later tog die geleentheid gegee om op God se genade te antwoord deur belydenis van geloof af te lê. Die verskil lê dus in die eerste plek nie in die teologie nie, maar in die toepassing daarvan.

**Wanneer die belydenisdoop buite ons kerk deur splintergroepe en nie-amptelik sonder toesig binne ons kerk[5] bedien word, is die gevaar groter dat God se verbondsgenade afgeskeep en die doop as verdienste beklemtoon word.**

## *5. Mense wat hulle laat doop, verwerp nie vanselfsprekend hulle verbondsdoop nie*

Die persepsie bestaan dat wanneer lidmate hulleself as gelowiges laat doop hulle daardeur hulle verbondsdoop verwerp. Dit klink logies dat wanneer jy iets oordoen jy daardeur erken dat dit die eerste keer nie reg gedoen is nie.

Hierdie persepsie word versterk deur die taal wat ons gebruik. In die geskiedenis word verwys na die anabaptiste, wederdopers of herdopers. Omdat ons die klem op die wéér doop laat val, is dit moeilik om objektief te luister na die werklike bedoeling en gesindheid van gelowiges wat hulle laat doop.

In gesprekke met gedooptes is dit meestal duidelik dat hulle bedoeling was om hulle te doop en nie te laat herdoop nie. Dikwels is hulle verbaas wanneer na herdoop verwys word.

Tog sou daar ook nie met hulle gesindheid en praktyk iets verkeerd wees as hulle hul doop as 'n hertoewyding beskou nie, al word hulle vir die tweede keer gedoop. Dit is deesdae in sommige kringe praktyk dat huwelikspaartjies by spesiale seremonies hulleself aan mekaar hertoewy deur gebruik te maak van die huweliksformulier. In hulle geval sou ons hulle nie daarvan kan beskuldig dat hulle hulle oorspronlike huwelikbevestiging wil oordoen of misken nie.

Die meeste gelowiges wat hulle laat doop wil nie daardeur hulle verbondsdoop verwerp nie.

[5] Ons is daarvan oortuig dat die voorkoms van hierdie praktyk veel groter is as wat die meeste van ons leraars sou wou erken.

Ons waarneming is dat hulle God, die kerk en hulle ouers se aandeel in hulle verlossing eer. Tog sal hulle byvoeg dat hulle behoefte daaraan het om hulle te doop omdat Christus nou vir hulle 'n lewende werklikheid geword het. Sodoende is dit ook 'n viering van God se genadeverbond met hulle. Dit is 'n belydenisdoop.

In die lig van bogenoemde sou dit hartseer wees as ons geen ruimte vir hierdie vorm van doop wil gee nie. Nêrens in die Skrif word hierdie praktyk aangemoedig of verdoem nie[6]. Tog is dit in lyn met die bedoeling van die volle evangelie dat gelowiges die geleentheid mag hê om God op verskillende maniere te eer deur in dankbaarheid sy genade te vier en hulleself aan Hom her toe te wy. Net solank ons nie daarvan 'n wettiese vereiste maak nie.

## *6. Die manier van doop is nie die skopus van die evangelie nie*

Alhoewel daar deurgaans in die Bybel 'n hoë premie geplaas word op die betekenis van die doop, bly dit 'n bysaak (Vgl 1 Kor 1:10-17). Die hoofsaak is 'n lewe in verbondenheid met Christus. Ons identiteit lê in Christus, nie in ons dooppraktyk nie.

Ons wonder dikwels hoekom lidmate soveel moeite doen om hulleself uiteindelik te laat doop. Hoekom sou dit vir hulle so belangrik wees? Daarom beskuldig ons maklik lidmate wat hulle laat doop daarvan dat hulle van 'n bysaak 'n hoofsaak maak.

Soms word ook verwys na die sogenaamde sektariese plus. Die evangelie is nie genoeg nie. Jy moet jouself ook nog laat doop om gered te kan word. Alhoewel ons hierdie

[6] Paulus illustreer in 1 Korintiërs 15 die waarheid oor die opstanding, deur gelowiges daarop te wys dat hulle hulself vir die dooies laat (her-) doop. Alhoewel baie vreemd, is dit duidelik dat Paulus nie hierdeur hierdie praktyk veroordeel nie.
In die oorgangstyd in die Nuwe Testament is baie wat reeds die besnydenis as teken van die verbond ontvang het, gedoop en ook baie wat die doop van Johannes (bekeringsdoop) ontvang het, weer gedoop. Volgens die Skrif is daar geen rede om dogmaties vas te steek by een doop nie. Ons sou selfs in ons konteks, onderskei deur te verwys na verbondsdoop en die belydenisdoop. Tog gaan dit in alle gevalle oor één doop – die doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.

dwaling by hierdie mense nie kan uitsluit nie[7], kom dit ons insiens by min voor.

Binne hierdie konteks moet ons te alle tye konsekwent wees. Is ons nie besig om in ons radikale afwysing van die herdoop van 'n bysaak 'n hoofsaak te maak nie? Hoekom sou lidmate vermaan moet word wat hulle laat doop? Hoekom sou predikante van hulle amp onthef word wanneer hulle lidmate doop? Hoekom is hierdie optrede vir die kerk so belangrik?

**Deur ruimte te gee vir beide sieninge oor die doop illustreer ons daardeur dat ons nie in die slaggat wil trap om van 'n bysaak 'n hoofsaak te maak nie.**

## *7. Gemeentes in uitsonderlike omstandighede*

Die meeste gemeentes funksioneer in omgewings waar gelowiges die geleentheid het om aan te sluit by 'n kerk van hulle keuse. Tog is dit nie altyd die geval nie. Op baie plattelandse dorpies is die N.G. Kerk die enigste kerk[8]. Gelowiges met 'n ander siening oor die doop het nie 'n ander heenkome nie. Om hulle aan te moedig om 'n ander kerk te stig, sou nie die Christelike weg wees nie, veral nie waar die gemeenskap tradisioneel op alle ander vlakke as 'n eenheid funksioneer nie. Om binne een gemeente ruimte te gee vir verskillende sieninge oor die doop sou die mees liefdevolle en Christelike weg wees.

Daar is ook ander voorbeelde. In unieke bedienings waar nuwe gemeentes ontwikkel word, stuit gemeenskapskerke dikwels by die dilemma dat gelowiges vanweë vorige blootstelling aan ander tradisies eerder oortuig is van die belydenisdoop. Ook in bedieninge onder homogene groepe soos byvoorbeeld die dowes en die blindes smag kerkrade na meer vryheid rondom dooppraktyke omdat hulle verplig word om mense van verskillende tradisies te bedien.

## *8. Die beste van twee wêrelde*

As voorstanders van die verbondsdoop voel ons dikwels dat gelowiges wat aan die belydenisdoop alleen glo, God se genade beperk en verskraal. Hulle is weer oortuig dat ons God se genade goedkoop maak.

Deur ruimte vir altwee te gee, kry ons die voordeel van twee wêrelde. Binne ons tradisie stoei ons dikwels teen tradisionalisme, louheid of selfs geestelike laksheid. Ons is ook bekommerd oor jongmense wat nie uit innerlike oortuiging nie, maar vanweë druk van ouers, vriende en tradisie dikwels belydenis van hulle geloof aflê. Miskien gee die belydenisdoop 'n ander opsie wat ons kerk eerder sal dien as benadeel.

## *9. Word die verbondsdoop nie bedreig nie?*

As Gereformeerdes kan ons nie anders as om te wonder of 'n groter openheid vir die belydenisdoop gaan maak dat die verbondsdoop heeltemal gaan verdwyn nie – dat ons in ons strewe om diversiteit te akkommodeer, ons ons unieke identiteit sal verloor. Indien ons oortuig is van die waarde en betekenis van hierdie wonderlike sakrament hoef ons nie daaroor te twyfel nie.

Die voordeel is nou dat ons in vryheid kan getuig oor die wonderlike pad wat God met ons en ons kinders loop sonder dat ons dit teenoor ander hoef te stel.

Die verdere voordeel is dat ons nou saam met ander dankbaar kan wees oor die spesiale pad wat God met hulle loop. Omdat hulle God hiervoor eer en deur God geseën word, kan ons ook vir God hiervoor verheerlik.

**Ons is oortuig daarvan dat ons identiteit in Christus en sy genadeverbond lê, nie in die toepassing van die doop nie.**

[7] Dwalings sluip ook by die verbondsdoop in. Ten spyte van leraars se beste doopkategese en prediking vind ons by lidmate uiteenlopende beskouings oor die doop. Wat vir ouers dikwels uitstaan, is nie die genade nie, maar die belofte wat hulle voor God gemaak het.

[8] Dit geld van ons dorp, Rawsonville.

# C3: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN KNYSNA

Geagte Skriba

Tydens die vergadering van die Ring van Knysna, gehou op **7 & 8 September 2008**, besluit die vergadering as volg:

**Punt 6: "Die vergadering neem kennis dat hierdie opdrag van die ringsvergadering van 2006 nie plaasgevind het nie, en gee opdrag dat die nuwe ringskommissie die beskrywingspunt deurgee vir behandeling by die volgende sinodesitting"**

Die ter sake besluit vir voorlegging aan die sinode is dus reeds geneem tydens die vergadering van die Ring van Knysna, gehou op **4 September 2006**, en lees soos volg:


**Punt 8.2: "Dat die moontlikheid van die stigting van 'n Suid-Kaapsinode ondersoek word, met in agneming van die proses van kerkhereniging"**

By voorbaat dank vir u aandag aan die hantering van hierdie saak.


Ring van Knysna

# D. INLIGTING

## D1: ROETEKAART



# D2: GOUDINI OORDPLAN



# D3: ERKENNINGSLYS VAN DONATEURS

Die volgende instansies het reeds donasies gemaak vir die Sinode-sitting:

- Abax
- ABSA Konsultante & Aktuarisse
- Alexander Forbes Finansiële Dienste
- Novare
- Protektum
- Bybelmedia = 900 Sinode-sakke

Die Sinode neem met dank kennis van die bydraes en waardeer die vennootskap wat tussen die NG Kerk in SA en die onderskeie instansies bestaan.

**L.W. Dit was die lys van donateurs wat met druktyd van die agenda beskikbaar was. 'n Finale lys sal met die handelinge gepubliseer word.**